# Kreatiwiteit by volwassenes as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare – ‘n pastorale verkenning

MAGRIETA ELISABETH PIETERSE

(M.A. PASTORAAL)

Proefskrif voorgelê vir die graad

***Philosophiae* Doctor in Pastoraal**

aan die

**Noordwes-Universiteit**

Promotor: Prof. F.W. de Wet

Potchefstroom

2010

Hierdie studie word opgedra aan my vier kleinkinders Lianie, SP, Francois en Esmeralda.  Mag julle deur my geïnspireer word om nooit in julle senior jare op julle louere te rus en onproduktief te wees nie!  Mag die ouderdom nooit julle werksywer beperk, julle van prestasies ontneem en drome onbereikbaar maak nie.  Bly met God se hulp arbeidsaam, hoopvol en geÏnspireerd – alles tot sy eer en verheerliking

**HE TOUCHED ME**

(W. Gaither, Gaither Music Company)

*“Shackled by a heavy burden*
*‘neath a load of guilt and shame.*
*Then the hand of Jesus touched me*
*and now I am no longer the same.*

***He touched me, oh He touched me***
***and oh the joy that floods my soul.***
***Something happened and now I know,***
***He touched me and made me whole.***

*Since I met this blessed Saviour,*
*since He cleansed and made me whole,*
*I will never cease to praise Him*
*and I’ll shout it while eternity rolls.”*

(Woorde uit Danie Botha en Piet Smit se CD. 2004. Go light your world. Pretoria: Maranatha Platemaatskappy)

My begeerte vir elke kreatiewe indiwidu wat ouerverwerping in die kinderjare beleef het, is dat julle die genesing van Jesus Christus sal ervaar sodat julle uiteindelik spontaan die woorde van bogenoemde lied sal kan sing.

## VOORWOORD

My opregte dank aan:

My Hemelse Vader voor wie ek in dankbaarheid kniel omdat Hy my hierdie vier jaar gedra en gehelp het. Veral teen die einde het Hy ná vier weke se siekte genees en my liggaamskragte terugegee. Hy was en is voorwaar my rots, my krag, skuilplek en veilige vesting (Ps. 144:1-2).

My dierbare man, Frans, wat my dikwels bemoedig én aangemoedig het wanneer ek moedeloos was; my by die biblioteke af- en opgelaai het; en fotostatering gedoen het. Sonder sy opofferings, hulp, bystand en geduld sou hierdie proefskrif onmoontlik gewees het.

My sonskyn-dogter, Mariëtte, wat in die eerste twee jaar die tikwerk gedoen het; daarna met groot geduld my rekenaarvaardig gemaak het; telkens my foute reggestel het; en die fynere detail aangebring het. Haar hulp, aanmoediging en bystand was absoluut onmisbaar..

My grootste waardering aan my promotor, Prof. Fritz de Wet, vir sy flinke terugvoer, geduld, aanmoediging, wyse kommentaar, positiewe en onontbeerlike hulp, verál teen die end. My taak is baie vergemaklik deur sy vriendelikheid en volledige insette.

My taalversorger, Marie De Kock, vir haar spoedige en flinke diens.

Gerda Van Rooyen van Teologiese Biblioteek se bereidwilligheid en hulp om soektogte op tou te sit, asook artikels te epos, was die afgelope vier jaar onontbeerlik.

Marita Buys by die interbiblioteek leendiens afdeling van Ferdinand Postma Biblioteek se flinke reaksie op my aanvrae vir boeke word waardeer.

Peter en Antoinette Petzer vir al die raad oor en hulp met die fyner kunsies van ‘n rekenaar.

My dierbare vriendin, Cheryl Hoffman, wat tenspyte van haar beenmurgkanker my getroue voorbidder was en nog is. Haar belangstelling in my vordering het vir my as aansporing gedien en haar moed het my telkens geïnspireer.

My vriendin en mede-stryder, Henrietta Klaasing, se gebede, raad en aanmoediging waardeer ek opreg. Ek het altyd geweet dat sy met my kan identifiseer omdat sy ook met ‘n proefskrif geworstel het!

Oom Jannie en Tannie Anna Swamers se volgehoue gebede, belangstelling en omgee het my deur die jare onderskraag in afwesigheid van my afgestorwe ouers. Hulle blymoedigheid en jonkheid van gees ten spyte van hulle hoë ouderdom, is altyd inspirerend.

‘n Groot woord van dank aan die drie respondente wat bereid was om hulle harte vir my oop te te maak en hulle seer met my te deel. Dit was ‘n vooreg om met hulle te werk en hulle te leer ken. Ek hoop dat ek ook ‘n klein inset in hulle lewens gelewer het.

**4 Desember 2010**

**Hiermee bevestig ek, M.M. de Kock, dat ek die volgende Proefskrif taalkundig versorg het:**

**Student: M.E. Pieterse**

**Studenteno: 13143786**

**Titel: Kreatiwiteit in die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare – 'n pastorale verkenning.**

**M.M. de Kock**

**082 776 3459**

**(018) 683 0171**

## Besonderhede van Taalversorger

**Naam:**

**Maria M. de Kock (nee Coetzee)**

**ID. No: 590209 0025 083**

**Lidmaat van Gereformeerde Kerk Sannieshof**

**<u>Adres</u>:**

**Posbus 93, Sannieshof. 2760**

**<u>Kontaknommers</u>:**

**082 776 3459 / 018 683 0171 / 082 221 2192**

**<u>Beroep</u>:**

**Onderwyseres.**

**Werkgewer: Noordwes Onderwysdepartement.**

**<u>Werkadres</u>:**

**Hoërskool Sannieshof.**

**Tel no werk: (018) 683 0011**

**<u>Kwalifikasies</u>:**

**#B.A.- graad (P.U. vir C.H.O – 1979)**

**Hoofvakke: Afr-Ndl 3**

**Bybelkunde 2**

**Geskiedenis 3**

**Kriminologie 1**

**#H.O.D (P.U. vir C.H.O – 1980)**

**#VDO (OKVO, Unisa – Wiskunde – 1985)**

**#VDO (OKVO, Unisa – Rekenaarwetenskap – 1988)**

**INHOUDSOPGAWE**


**HOOFSTUK 1: INLEIDING**

1.1 INLEIDING ........................................ 1

1.2 TITEL ........................................ 1

1.3 ORIËNTERING ........................................ 1

1.4 PROBLEEMSTELLING ........................................ 2

1.4.1 Algemene inligting uit die literatuur ........................................ 2

1.4.2 Stand van navorsing op die terrein van die menswetenskappe ........................................ 6

1.4.3 Onbeantwoorde vrae ........................................ 7

1.4.4 Aktualiteit van die onderwerp en bydrae van hierdie studie ........................................ 8

1.5 NAVORSINGSVRAAG ........................................ 9

1.6 DOELSTELLING EN DOELWITTE ........................................ 9

1.6.1 Doelstelling ........................................ 9

1.6.2 Doelwitte ........................................ 9

1.7 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT ........................................ 10

1.8 METODE VAN ONDERSOEK ........................................ 10

1.9 HOOFSTUKINDELING ........................................ 13

1.10 SKEMATIESE VOORSTELLING OM KORRELASIE AAN TE DUI ........................................ 15

**HOOFSTUK 2: VERSTAAN OP DIE BASISTEORETIESE VLAK DEUR MIDDEL VAN 'N ONDERSOEK VAN SKRIFPERSPEKTIEWE OOR KREATIWITEIT BY VOLWASSENES AS VERWERKING VAN OUERVERWERPING IN DIE KINDERJARE**

2.1 INLEIDING ........................................ 17

2.1.1 Hermeneutiese model van Ricoeur en die implikasie daarvan vir prakties-teologiese wetenskapsbeoefening ........................................ 17

2.1.2 Wat is basisteorie? ........................................ 17

2.1.3 Die plek van die Woord in die formulering van 'n basisteorie .................................... 18
2.1.4 Doelstelling van die hoofstuk .................................................................................... 20
2.2 GOD, DIE SKEPPER BRON VAN KREATIWITEIT ................................................ 21
2.3 DIE MENS AS BEELD VAN GOD .......................................................................... 24
2.3.1 Priesterlike amp ......................................................................................................... 28
2.3.2 Profetiese amp ........................................................................................................... 28
2.3.3 Koninklike amp ........................................................................................................... 29
2.4 KUNS AS UITDRUKKING VAN KREATIWITEIT .................................................. 29
2.5 VERDORWENHEID VAN KUNSBEOEFENING .................................................... 33
2.6 CHRISTELIKE KUNS AS UITING VAN GODVERHEERLIKENDE KREATIWITEIT ........................................................................................................ 43
2.7 CHRISTELIKE KUNSTENAAR WAT GODGERIG KREATIWITEIT BEOEFEN .... 49
2.8 DIE BELANGRIKHEID VAN GODGERIGTE KREATIWITEIT ............................... 59
2.9 MOTIEWE VAN KREATIWITEIT ............................................................................ 65
2.9.1 Uitdrukking / uitstorting van emosies ......................................................................... 65
2.9.2 Simboliese bevrediging .............................................................................................. 67
2.9.3 Beskerming teen die verlies aan selfwaarde ............................................................. 69
2.9.4 Selfontdekking, selfbegrip en selfkennis .................................................................... 71
2.9.5 Die skepping van dubbelgangers in kunswerke as gevolg van splitsing van die self ............................................................................................................................ 73
2.9.6 Kuns as 'n verdedigingstyl .......................................................................................... 76
2.9.6.1 Fantasie ..................................................................................................................... 76
2.9.6.2 Psigiese pynstiller ....................................................................................................... 77
2.10 TERAPEUTIESE BETEKENIS EN WAARDE VAN KUNS ..................................... 78
2.11 TERAPEUTIESE, GODGERIGTE KREATIWITEITSBEOEFENING ...................... 84

2.11.1 Katie Agresta ........ 84
2.11.2 Sharon Thompson ........ 85
2.11.3 Myra Keen ........ 85
2.11.4 Lydia Garcia ........ 86
2.11.5 Barry Johnstone ........ 87
2.11.6 Mario Sprouse ........ 87
2.11.7 William Cowper ........ 87
2.12 EVALUERENDE GEVOLGTREKKING ........ 88
2.13 SLOT ........ 93

**HOOFSTUK 3: VERSTAAN OP DIE METATEORETIESE VLAK MET BEHULP VAN PERSPEKTIEWE WAT DEUR LITERATUURSTUDIE BEKOM IS**

3.1 INLEIDING ........ 95
3.2 METATEORIE ........ 96
3.2.1 Inleiding ........ 96
3.2.2 Die term metateorie ........ 96
3.2.3 Samevatting ........ 99
3.3 Agtergrond studie rakende aspekte van kreatiwiteit ........ 99
3.3.1 Kreatiwiteit en psigopatologie ........ 99
3.3.1.1 Samevatting ........ 104
3.3.2 Die voorkoms van depressie by kreatiewe indiwidue ........ 105
3.3.2.1 Samevatting ........ 108
3.3.3 Die geneigdheid tot selfmoord onder kreatiewe indiwidue ........ 109
3.3.3.1 Samevatting ........ 112
3.3.4 Vroeë verbondenheidsverhoudings ........ 112
3.3.4.1 Samevatting ........ 116

3.3.5 Die latere rol van die moeder en vader in die kind se lewe ..................................... 117
3.3.5.1 Die rol van die moeder in die kind se lewe ............................................................. 117
3.3.5.1.1 Die moeder-dogter verhouding ....................................................................... 117
3.3.5.1.2 Die moeder-seun verhouding ......................................................................... 118
3.3.5.1.3 Samevatting ................................................................................................. 118
3.3.5.2 Die rol van die vader in die kind se lewe ............................................................... 119
3.3.5.2.1 Die vader-seun verhouding ............................................................................ 119
3.3.5.2.2 Die vader-dogter verhouding ......................................................................... 121
3.3.5.2.3 Samevatting ................................................................................................. 123
3.3.6 Rou in die kreatiewe proses ...........................................................................124
3.3.6.1 Samevatting ................................................................................................. 128
3.4. DIE KREATIEWE INDIWIDUE ...................................................................... 129
3.4.1 Vrouedigters / skrywers .................................................................................. 129
3.4.1.1 Ingrid Jonker ................................................................................................ 129
3.4.1.1.1 Slotsom ........................................................................................................ 136
3.4.1.2 Sylvia Plath .................................................................................................. 137
3.4.1.2.1 Slotsom ........................................................................................................ 148
3.4.1.3 Katherine Mansfield ....................................................................................... 150
3.4.1.3.1 Slotsom ........................................................................................................ 157
3.4.1.4 Anne Sexton ................................................................................................. 158
3.4.1.4.1 Slotsom ........................................................................................................ 168
3.4.1.5 Evaluerende vergelyking tussen die vroue kreatiewe indiwidue .............................. 169
3.4.2 Manlike digters / skrywers .............................................................................. 171
3.4.2.1 Eugéne Marais ............................................................................................. 171
3.4.2.1.1 Slotsom ........................................................................................................ 177
3.4.2.2 D.H.Lawrence .............................................................................................. 178

3.4.2.2.1 Slotsom ..... 185

3.4.2.3 Ian Fleming ..... 187

3.4.2.3.1 Slotsom ..... 189

3.4.2.4 Robert Lowell ..... 189

3.4.2.4.1 Slotsom ..... 199

3.4.3 Visuele kunstenaars ..... 200

3.4.3.1 Vincent Van Gogh ..... 200

3.4.3.1.1 Slotsom ..... 213

3.4.3.2 Pablo Picasso ..... 214

3.4.3.2.1. Slotsom ..... 230

3.4.3.3 Vergelykende evaluering tussen die visuele kunstenaars ..... 231

3.4.4 Evaluerende vergelyking tussen die manlike kreatiewe indiwidue ..... 231

3.4.5 Evaluering van ooreenkomste tussen al die kreatiewe indiwidue ..... 232

3.5 EVALUERENDE GEVOLGTREKKING OMTRENT AL DIE KREATIEWE INDIWIDUE ..... 233

3.6 SLOT ..... 235

**HOOFSTUK 4: VERKLARING OF VERDUIDELIKING VAN DIE MISLUKKING VAN KREATIWITEITSBEOEFENING BY VOLWASSENES AS VERWERKING VAN OUERVERWERPING IN DIE KINDERJARE DEUR MIDDEL VAN 'N EMPIRIESE STUDIE**

4.1 INLEIDING ..... 236

4.2 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK ..... 236

4.2.1 Doel van die empiriese ondersoek ..... 238

4.3 KWALITATIEWE NAVORSING ..... 239

4.3.1 Sleuteleinskappe van kwalitatiewe studie ..... 241

4.3.1.1 Menslike benadering ..... 241

4.3.1.2 Natuurlike benadering ..... 242

4.3.1.3 Kontekstuele / holistiese benadering .... 242

4.3.1.4 Induktiewe benadering .... 243

4.3.1.5 Die navorser - hoofinstrument van die kwalitatiewe navorsing .... 243

4.3.2 Waarde van kwalitatiewe navorsing .... 243

4.4 GEVALSTUDIE .... 244

4.4.1 Nadele van die gevalstudie .... 245

4.4.2 Waarde van die gevalstudie .... 245

4.5 ONDERHOUD .... 246

4.6 INRIGTING VAN DIE KWALITATIEWE STUDIE .... 249

4.6.1 Hoeveelheid respondente .... 249

4.6.2 Kriteria vir die seleksie van respondente .... 249

4.6.3 Eties-verantwoordbaarheid van die kwalitatiewe studie .... 249

4.6.4 Teologiese invalshoek .... 250

4.6.5 Afbakening van die kwalitatiwe navorsing .... 251

4.6.6 Wyse van data-versameling en data-analiseringsproses .... 251

4.7 MEDEDELINGE VAN RESPONDENTE EN DIE PRAKTIES-TEOLOGIESE INTERPRETERING VAN HIERDIE MEDEDELINGE .... 253

4.7.1 Respondent A .... 254

4.7.1.1 Agtergrond van die respondent .... 255

4.7.1.1.1 Tipe ouerhuis .... 255

4.7.1.1.2 Optrede van die ouer(s) teenoor die kind .... 255

4.7.1.1.3 Uitwerking van die ouerverwerping op die respondent in die verlede en hede .... 255

4.7.1.1.4 Hantering van die ouerverwerping deur die respondent in die verlede en hede .... 259

4.7.1.2 Die kreatiwiteitsbeoefening van die respondent in die verlede en hede .... 260

4.7.1.2.1 Eerste aanduiding / beoefening van die respondent se kreatiwiteit .... 260

4.7.1.2.2 Herhaaldelike gebruik van sekere temas in die kreatiwiteitsbeoefening .... 260

4.7.1.2.3 Kunsmedium .... 262

4.7.1.2.4 Motief / motiewe vir die beoefening van kreatiwiteit in die verlede en hede ............ 262
4.7.1.2.5 Gerigtheid van die kreatiwiteitsbeoefening in die verlede en hede .......................... 263
4.7.1.2.6 Huidige stand van die respondent ten opsigte van kunsbeoefening ........................ 264
4.7.1.2.7 Voornemens vir en verwagtinge van toekomstige kreatiwiteitsbeoefening .............. 264
4.7.2 Respondent B ........................................................................................................ 265
4.7.2.1 Agtergrond van die respondent ................................................................................ 265
4.7.2.1.1 Tipe ouerhuis ........................................................................................................ 265
4.7.2.1.2 Optrede van die ouer(s) teenoor die kind ................................................................ 265
4.7.2.1.3 Uitwerking van die ouerverwerping op die respondent ........................................... 267
4.7.2.1.4 Hantering van die ouerverwerping deur die respondent in die verlede en hede ...... 271
4.7.2.2 Lewensverandering ................................................................................................ 272
4.7.2.3 Die beoefening van kreatiwiteit deur die respondent in die verlede en hede ........... 272
4.7.2.3.1 Eerste aanduiding / beoefening van kreatiwiteit ...................................................... 272
4.7.2.3.2 Herhaaldelike gebruik van sekere temas in die kreatiwiteitsbeoefening ................. 273
4.7.2.3.3 Kunsmedium .......................................................................................................... 273
4.7.2.3.4 Motief / motiewe vir die beoefening van kreatiwiteit in die verlede en hede ........... 274
4.7.2.3.5 Gerigtheid van die kreatiwiteitsbeoefening in die verlede en hede ......................... 275
4.7.2.3.6 Huidige stand van die respondent ten opsigte van kunsbeoefening ....................... 276
4.7.2.3.7 Voornemens vir en verwagtinge van toekomstige kreatiwiteitsbeoefening .............. 276
4.7.3 Respondent C ........................................................................................................ 276
4.7.3.1 Agtergrond van die respondent ................................................................................ 276
4.7.3.1.1 Tipe ouerhuis ........................................................................................................ 276
4.7.3.1.2 Optrede van die ouer(s) teenoor die kind ................................................................ 277
4.7.3.1.3 Uitwerking van die ouerverwerping op die respondent ........................................... 278
4.7.3.1.4 Hantering van die ouerverwerping deur die respondent in die verlede en hede ...... 281
4.7.3.2 Die beoefening van kreatiwiteit deur die respondent in die verlede en hede ........... 282

4.7.3.2.1 Eerste aanduiding / beoefening van kreatiwiteit ....................................................... 282
4.7.3.2.2 Herhaaldelike gebruik van sekere temas in die kreatiwiteitsbeoefening .................. 282
4.7.3.2.3 Kunsmedium ............................................................................................................ 286
4.7.3.2.4 Motief / motiewe vir die beoefening van kreatiwiteit in die verlede en hede ............. 286
4.7.3.2.5 Gerigtheid van die kreatiwiteit in die verlede en hede .............................................. 287
4.7.3.2.6 Huidige stand van die respondent ten opsigte van kunsbeoefening ........................ 289
4.7.3.2.7 Voornemens van en verwagtinge van toekomstige kreatiwiteit ................................ 289
4.8 EVALUERENDE GEVOLGTREKKING .................................................................. 289
4.9 SLOT ........................................................................................................................ 294

**HOOFSTUK 5: INLEIDING TOT DIE PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE**

5.1 WAT VERANDERING BEHELS .............................................................................. 297
5.2 DIE BEGRIPPE GESONDHEID, HELING EN HEELHEID ..................................... 299
5.2.1 Gesondheid ............................................................................................................ 299
5.2.2 Heling / genesing .................................................................................................... 301
5.2.3 Heelheid .................................................................................................................. 302
5.3 DIE PLAN VIR DIE VERANDERINGSRIGLYNE .................................................... 305
5.3.1 Definisie van die probleem ..................................................................................... 305
5.3.2 Diagnosering van die probleem .............................................................................. 305
5.3.3 Doelwit van die verandering ................................................................................... 306
5.3.4 Metode ter bereiking van die doelwit ...................................................................... 306
5.3.5 Strategieë in die geïnisieerde veranderingsproses .................................................. 307
5.4 DIE TERAPEUTIESE POTENSIAAL VAN VISUELE EN LITERÊRE KUNSMEDIUM ..................................................................................................... 307
5.4.1 Visuele kuns ............................................................................................................ 308
5.4.2 Literêre kuns ............................................................................................................ 310
5.4.2.1 Skryf ...................................................................................................................... 310

5.4.2.2 Poësie ........ 310

5.5 SLOT ........ 312

**HOOFSTUK 6: VERANDERING DEUR MIDDEL VAN PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE**

6.1 INLEIDING ........ 313

6.2 UITEENSETTING VAN DIE PLAN VIR VERANDERING TOEGEPAS OP DIE PASTORALE SITUASIE VAN VERWERKING VAN OUERVERWERPING ........ 314

6.3 INLEIDING VAN VERANDERING IN DIE PASTORALE SITUASIE VAN OUERVERWERPING ........ 315

6.3.1 Identifiseer ter wille van verstaan ........ 315

6.3.1.1 Konatiewe / wilsvlak ........ 315

6.3.1.2 Affektiewe / gevoelsvlak ........ 316

6.3.1.2.1 Identifisering van negatiewe gebeure en / of belewenisse in die kinderjare en die emosies verbonde daaraan ........ 317

6.3.1.2.2 Identifisering van die pyn van die verlede ........ 318

6.3.1.2.3 Identifiseer die verliese van die kinderjare en voel verdriet daaroor ........ 319

6.3.1.2.4 Identifiseer negatiewe gevoelens oor die self as gevolg van onbevredigde behoeftes ........ 320

6.3.1.2.5 Identifiseer vals geloofsvoorstellings, negatiewe emosies en selfverydelende gedrag ........ 322

6.3.1.3 Kognitiewe / denkvlak ........ 322

6.3.1.3.1 Identifiseer negatiewe of verwronge persepsies van God ........ 322

6.3.1.3.2 Identifiseer negatiewe denke oor die self en negatiewe selfspraak ........ 324

6.3.1.4 Gedragsvlak ........ 325

6.3.1.4.1 Identifiseer gewoontepatrone in verhoudings ........ 325

6.3.1.4.2 Identifiseer gedragstrategieë om ouerverwerping te hanteer ........ 326

6.3.1.4.3 Identifiseer die herhaaldelike gebruik van sekere temas in die beoefening van die kreatiwiteit ........ 329

6.3.2 Interpreteer ter wille van verklaar en verduideliking .................................................. 330

6.3.2.1 Konatiewe / wilsvlak .................................................................................... 330

6.3.2.2 Affektiewe / gevoelsvlak .............................................................................. 331

6.3.2.2.1 Interpreteer die negatiewe gebeure en emosies verbonde daaraan ....................... 331

6.3.2.2.2 Interpreteer en verklaar die pyn van die verlede wat herroep is .............................. 332

6.3.2.2.3 Interpreteer en verklaar die verliese van die verlede ............................................... 332

6.3.2.2.4 Interpreteer die gevoelens omtrent die self na aanleiding van die onbevredigde behoeftes ........................................................................................................ 333

6.3.2.2.5 Interpreteer / verklaar die vals geloofsvoorstellings, negatiewe emosies en selfverydelende gedrag ............................................................................... 334

6.3.2.3 Kognitiewe / denkvlak ................................................................................. 334

6.3.2.3.1 Interpreteer die negatiewe / verwronge persepsies van God .................................. 334

6.3.2.3.2 Interpreteer / verklaar die negatiewe denke oor die self en negatiewe selfspraak ... 335

6.3.2.4 Gedragsvlak ................................................................................................ 336

6.3.2.4.1 Interpreteer gewoontepatrone in verhoudings ........................................................ 336

6.3.2.4.2 Interpreteer gedragstrategieë as verwerking van ouerverwerping ............................ 336

6.3.2.4.3 Interpreteer die herhaaldelike gebruik van sekere temas in die kreatiwiteitsbeoefening ................................................................................. 337

6.3.3 Inkeer en opgee ter wille van verandering ............................................................... 339

6.3.3.1 Konatiewe / wilsvlak .................................................................................... 340

6.3.3.2 Affektiewe / gevoelsvlak .............................................................................. 340

6.3.3.2.1 Inkeer en opgee van negatiewe gebeure en die emosies verbonde daaraan .......... 340

6.3.3.2.2 Inkeer en opgee van die pyn van die verlede .......................................................... 342

6.3.3.2.3 Inkeer en opgee van die verliese van die verlede, dan ervaring van verdriet en rou daaroor ........................................................................................................ 342

6.3.3.2.4 Inkeer en opgee van die negatiewe gevoelens oor die self na aanleiding van onbevredigde behoeftes ............................................................................... 345

6.3.3.2.5 Inkeer en opgee van vals geloofvoorstellings, negatiewe emosies en selfverydelende gedrag ............................................................................... 349

6.3.3.3 Kognitiewe / denkvlak ........................................................................................ 350

6.3.3.3.1 Inkeer en opgee van die verwronge / verkeerde persepsies van God ..................... 350

6.3.3.3.2 Inkeer en opgee van die negatiewe denke oor die self en negatiewe selfspraak .... 353

6.3.3.4 Gedragsvlak ........................................................................................ 355

6.3.3.4.1 Inkeer en opgee van verkeerde gedragspatrone in verhoudings ............................ 355

6.3.3.4.2 Inkeer en opgee van verkeerde gedragstrategieë ter hantering van ouerverwerping ........................................................................................ 359

6.3.3.4.3 Inkeer en opgee van herhaaldelike gebruik van sekere temas in die beoefening van kreatiwiteit ........................................................................................ 363

6.4 INTEGRERING ........................................................................................ 365

6.5 DIE BELOFTE VAN 'N TOEKOMSVERWAGTING .............................................. 366

6.6. SLOT ........................................................................................ 367

**HOOFSTUK 7: SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS**

7.1 INLEIDING ........................................................................................ 369

7.2 HOOFSTUK 2: VERSTAAN OP DIE BASISTEORETIESE VLAK DEUR 'N ONDERSOEK VAN SKRIF EN TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE ........................ 370

7.3 HOOFSTUK 3: VERSTAAN OP DIE METATEORIESE VLAK MET BEHULP VAN PERSPEKTIEWE WAT DEUR LITERATUURSTUDIE BEKOM IS ....................... 372

7.4 HOOFSTUK 4: VERKLARING OF VERDUIDELIKING VAN DIE MISLUKKING VAN KREATIWITEITSBEOEFENING BY VOLWASSENES AS VERWERKING VAN OUERVERWERPING IN DIE KINDERJARE DEUR MIDDEL VAN 'N EMPIRIESE STUDIE ........................................................................................ 374

7.5 HOOFSTUK 5: INLEIDING TOT DIE PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VIR VERANDERING ........................................................................................ 376

7.6 HOOFSTUK 6: VERANDERING DEUR MIDDEL VAN PRAKTIES-TEORETIESE RIGLYNE ........................................................................................ 377

7.7 FINALE BEVINDING ........................................................................................ 378

7.8 SLOT ........................................................................................ 378

7.9 MOONTLIKE VERDERE NAVORSINGSTEMAS ................................................ 380

**OPSOMMING** ........ 381
**ABSTRACT** ........ 383
**BYLAAG A** ........ 385
**BYLAAG B** ........ 396
**BYLAAG C** ........ 399
**BYLAAG D** ........ 402
**BYLAAG E** ........ 406
**BYLAAG F** ........ 409
**BYLAAG G** ........ 412
**BYLAAG H** ........ 414
**BYLAAG I** ........ 418
**BYLAAG J** ........ 420
**BIBLIOGRAFIE** ........ 421
**ADDENDUM** ........ 449
**NOTAS** ........ 466

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 INLEIDING

In Hoofstuk 1 sal die volgende aspekte uitgelig word: die navorsingstitel; oriëntering tot die studie; die probleemstelling van die navorsing; die navorsingsvraag; doelstelling en doelwitte van die navorsing; ‘n sentraal teoretiese argument; metode van die navorsing; hoofstukindeling; en om die korrelasie tussen die navorsingsvraag, doel en metode van ondersoek skematies voor te stel.

## 1.2 TITEL

Kreatiwiteit by volwassenes as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare – ‘n pastorale verkenning.

**Sleutelterme:**

Kreatiwiteit (vir die doel van hierdie studie word spesifiek artistieke kreatiwiteit bedoel); in hierdie studie word mensgerigte kreatiwiteit teenoor Godgerigte kreatiwiteit gestel;. ouerverwerping (vir die doel van hierdie studie word verwerping van die kind deur die ouer / s bedoel); die pastorale verkenning vind in die studie in die konteks van heling en heelheid plaas.

## 1.3 ORIËNTERING

In die navorser se M-verhandeling (Pieterse, 2006:172) het een van die navorsingsvrae gewentel rondom maniere waarop ‘n persoon wat ouerverwerping tydens sy / haar kinderjare beleef het, bo die vernietigende gevolge van die verwerping kan uitstyg. Hierdie navorsingsvraag was ‘n prikkel om verder ondersoek in te stel oor die mate waarin uitlewing van kreatiwiteit ‘n indiwidu in staat kan stel om bokant die destruktiewe uitwerking van ouerverwerping uit te styg en gesonde inter-menslike verhoudings te ontwikkel.

In ‘n aanvanklike verkenning van die terrein, het die navorser gekonsentreer op verskynsels in die lewe van prominente skrywers, skilders en digters waarin ‘n moontlike verband tussen uitlewing van kreatiwiteit en die uitstyg bo die gevolge van ouerverwerping getrek kon word.

‘n Interessante gemeenskaplike eienskap het uit die lewens van hierdie kreatiewe indiwidue na vore gekom, naamlik dat hulle oënskynlik deur middel van hulle kuns die seer verwerk het, bo hulle omstandighede uitgestyg en bekend geword het, maar onsuksesvolle inter-menslike verhoudings gehad het.

Die navorser kan vanuit ‘n Christelike / Bybelse vertrekpunt ten opsigte van die ondersoekveld, haar glad nie vereenselwig met die standpunt van drie outeurs omtrent die sogenaamde ”nimmereindigende soeke” van ‘n tipies kreatiewe persoon. Die kreatiewe indiwidu bly voortdurend soek na selfontdekking, selfkennis, heling en innerlike harmonie (Weiner, 1975:88; Rose, 1987:18; Storr, 1993:308). Volgens hierdie outeurs bly soeke die belangrikste element van kuns en vind is ‘n onverwagte beloning. Vir die navorser is dit ondenkbaar dat die kreatiewe persoon aanhoudend moet soek na die bevrediging van ‘n standhoudende stroom van lewensvolheid wat slegs in **Jesus Christus** gevind kan word (volgens Matt. 7:7-8). As berader van beroep het die navorser telkens in die lewe van volwassenes wat ouerverwerping in die kinderjare ervaar het, waargeneem dat ‘n stadige, diep heelwordingsproses nodig is in die krag van Jesus Christus, die grootste geneesheer. Die verwerpte persoon is ‘n gevangene en benodig bevryding van God alleen (Pieterse, 2006:166). Die gekruisigde Jesus se uitgestrekte arms illustreer die eerste stap in die helingsproses – ‘n Verlosser wat Homself vir pyn oopgestel het (Seamands, 2003:113). Godgeïnspireerde, Godgerigte kreatiwiteit kan vir die kreatiewe indiwidu Goddelike bevrediging verskaf, God bowenal verheerlik én die wêreld werklik verryk.

## 1.4 PROBLEEMSTELLING

Die volgende aspekte met betrekking tot probleemstelling word bespreek:

- Algemene inligting uit die literatuur;
- Stand van navorsing op die terrein van die menswetenskappe;
- Onbeantwoorde vrae;
- Aktualiteit van die onderwerp en bydrae van hierdie studie.

### 1.4.1 ALGEMENE INLIGTING UIT DIE LITERATUUR

Uiteenlopende definisies oor kreatiwiteit het met die verloop van tyd ontstaan. Dit lyk asof die psigoloë met die aanvang van werklike navorsing oor kreatiwiteit in 1950, duidelik probleme met

‘n definisie gehad het (Botha, 1994:161; Sawyer, 2006:35). Individueel-gestelde maatstawwe van elke kunsvorm bemoeilik die definisie verder (Pauw, 1994:145). Nog ‘n probleem is dat die woordbetekenis deur die eeue verander het (Wilson, 1981:2). Die hedendaagse gebruik van die term is nie ‘n kultureel-, histories-spesifieke idee nie (Sawyer, 2006:35). Daar kan dus verwag word dat konsepte oor kreatiwiteit sal verskil van een land en een eeu na die ander. Ambrose, Cohen & Tannenbaum (2003:147) kom tot die slotsom dat kreatiwiteit een van daardie entiteite is wat almal vanselfsprekend verstaan, maar wat moeilik tot bevrediging van almal in ‘n definisie vasgevat kan word.

Onbevredigende definisies vir psigiese mishandeling was ook ’n tyd lank ’n struikelblok in die vooruitgang van en intervensie met betrekking tot ouerverwerping. Uiteindelik kan dit opgesom word as ’n liefdesontkenning wat afkeur en nie-aanvaarding beteken (Pieterse, 2006:3-4).

In 1990 noem Smith & Van der Meer kreatiwiteit ‘n “hoëvlak verdediging- of hanteringstrategie”, veral in die geval van ouerverwerping in die kinderjare (Shaw & Runco, 1994:118). Vir Smith en Van der Meer is kreatiwiteit die enigste bruikbare verdediging en strategie waardeur daar bo probleme uitgestyg kan word en oorspronklike oplossings gevind kan word. Die gevolge van hoë artistieke kreatiwiteit in verbeterde menslike verhoudings is egter uiters skaars, soos te sien is in die biografieë van beroemde kunstenaars. Die selfmoord van etlike voortreflike kreatiewe indiwidue weerspreek ook die sogenaamde “herstellende en vernuwende” funksies van hulle kuns.

‘n Populêre geloof omtrent kuns is dat dit terapeuties is. Weiner (1975:57) en Diffey (1985:14) meen dat ‘n kunstenaar in ‘n kunswerk aan sy / haar gevoelslas uiting kan gee en in die proses bevryding van innerlike benoudhede / belemmeringe, spanninge en begeertes kan vind. As dit dan onbepaald waar is dat kuns terapeuties is, sou dit nie rym met die ontstellende verskynsel dat talle voortreflike kreatiewe individue juis geneig is tot selfmishandeling, selfvernietiging en selfmoord (Piirto, 1992:166; Shaw & Runco, 1994:95). Kunstenaars kan hulle lewenskrag en -betekenis deur hul kreatiewe werk en die kreatiewe proses uitdruk, maar Kavaler-Adler (1996:3) en Gedo (1996:96, 224) waarsku dat emosionele heling deur kreatiwiteit op die psigiese vlak patologies kan word.

Kreatiwiteit as menslike denkproses kan deur ‘n kind gebruik word as verweer teen onaangenaamhede in die kinderjare (Rose, 1987:125; Piirto, 1992:121-122; Sawyer, 2006:48). Veral Brink (2002:1-3) beskou angs, opgewerk deur die ontwikkelingsproses en versterk deur ‘n

traumatiese verhouding met die ouer(s), as bron van kreatiwiteit. Rohner (1986:128-129) noem dat etlike bekende individue deur hul kreatiwiteit bó ouerverwerping uitgestyg het. Hy het egter nie hulle menseverhoudinge nagevors nie. Dalk was almal of sommige maar die "instrumentele baasrakers" wat taakgerig, maar emosioneel vermink was. Etlike outeurs verwys na bekende kunstenaars wat hulle kuns gebruik het as ontsnapping van / verdediging teen die seer in die kinderjare (Gedo, 1983:107-113, 124-155; Gedo, 1996:84-85; Rose, 1987:22-42, 114, 117; Rothenberg, 1990:70-73; Storr, 1993:24-29, 75-77, 117; Kavaler-Adler, 1996:149-239; Brink, 2000:167-173, 179, 187-88). Hierdie kreatiewe indiwidue het egter nie God se genade in die kreatiewe proses betrek nie en genesing het verál in inter-menslike verhoudings agterweë gebly. Daarenteen was Linda Leonard se draaipunt op haar knieë voor God in erkenning van haar eie hulpeloosheid oor die seer van ouerverwerping, asook 'n aflegging van haar egoïstiese begeertes na mag en beheer(Leonard, 1989:5).

Selfs die kunsterapeut McNiff (2004:32) erken dat kunstenaars nié altyd geneesde mense is nie. Brink (2000:179, 196) sou graag wou glo dat die skepping van skoonheid, wat as selfuitdrukking dien, alle vrees en hartseer genees. Hy meen egter dat die kuns dalk net as versagting / kompensasie dien; 'n vertroostende illusie van die oortreffing van menslike rampe.

Die kreatiewe persoon toon dikwels probleme met identiteit en integrering van botsende innerlike teenoorgesteldes / verdeeldhede. (Storr, 1993:310; Kavaler-Adler,1996:6; O'Hamilon, 2006:41-42). Hierdie lewe van splitsing en integrasie is juis, volgens Rose (1987:110) 'n oorwegende kenmerk van baie kunstenaars. Gevolglik lei hulle dikwels rustelose, byna verontrustende lewenstyle.

Israel (1984:35) se toepaslike opmerking is dat 'n gebroke persoon, ter vermyding van opeenvolgende probleme, 'n graad van *heelheid* moet bereik wat verskil van genesing van siekte / gestremdheid. Die navorser is ook daarvan oortuig dat die neerlegging van seer by die kruis van Christus die enigste manier is waarop kreatiwiteit genesend kan ontplooi. Teilhard de Chardin sê treffend dat daar nie in die skaduwee van die kruis gelewe moet word nie, maar in die "gloed van die skeppende daad" daarvan (Huey-Heck & Kalnin, 2006:120).

Teoloë het ook oor die waarde van uitleef van kuns en kreatiwiteit in die genesingsproses besin. Vir die vroeë skrywer Wielenga (1939:7, 56) is die **Bybel** die sentrum van die woord en die **kuns** die sentrum van die daad – 'n samevoeging van Goddelike en menslike taal. Volgens Wielenga kan die kreatiewe persoon deur die Bybel geheilig en tot die hoogste vrugbaarheid

gelei word. Seerveld (1980:22) konstateer dat God se Woord die kreatiewe indiwidu se waarneming sal hervorm en wederbaar om in verwondering na die skepping te kyk sodat sy kuns 'n lofsang tot die Almagtige God van Hemel en aarde word. Kreatiewe reaksies op álles in die natuur help met begripsverdieping van die mag en skoonheid van God se skepping (Huey-Heck & Kalmin, 2006:99-121, 163-164). Daarom bepleit die outeurs juis die uitbeelding van die seisoene as eerbewys aan die Skepper, maar ook as bevestiging van die kreatiewe indiwidu se plek in 'n diverse skepping van lig en donker, groei en verval, kleur en vaalheid, lewe en dood – sinoniem met sy / haar eie lewensseisoene.

Die kunstenaar se blootstelling aan kuns kan deur **Goddelike** insig tot 'n beter begrip van sy / haar verdraaide hoop, vrese, begeertes, welluste, liefde, haat, seer en hebsug lei (Wilson, 1981:9, 11). God kan die hart en verstand oopbreek deur die beoefening van kreatiwiteit sodat dit tot eerlike selfondersoek, nuwe **Goddelike** denkwyses én gedragspatrone kan lei.

Botha (1994:175) wys daarop dat gebrokenheid gebruik, verwerk en tot nuwe vorme in kuns omvorm kan word. Hierdie kreatiwiteit kan die indiwidu se algehele afhanklikheid van God se genade weerspieël. O'Hamilon (2006:14, 18) noem veral dat kreatiwiteit die indiwidu verbind met iets groters as hom- of haarself, naamlik met God, die grootste Skepper.

Bartholomew (1994:54) meen dat hoop en betekenis áltyd in Godgerigte kreatiwiteit sal triomfeer ten spyte van worsteling met wanhoop / gebrokenheid. Hiervan is Kierkegaard 'n sprekende voorbeeld. Hy sê dat sy hart wél versteur is deur geheime vorme van lyding, maar dat die ontsnappende sugte en krete in sy gedigte soos pragtige musiek klink (Sandblom, 1982:123). Daarenteen verklaar Ingrid Jonker dat sy as digteres op haar seer teer (Joubert, 2007:76). Jonker het in haar werk asook in haar verhoudingslewe bly soek, maar oral waar sy gegaan het "in haar leed getrap" (vgl.) die bekende gedig "Bitterbessie dagbreek" (Metelerkamp, 2003:32). Kierkegaard het in sy kreatiwiteit homself bewustelik onder leiding van die Gees van God gestel en deur **God** se genade deurbrake bewerkstellig (teonome kreatiwiteit). Sý kreatiwiteit loop uit op 'n oorwinnende getuienis. Jonker wou deur kreatiwiteit in **eie** krag en vaardighede deurbrake bewerk (antroponome kreatiwiteit). Háár kreatiwiteit vind uitdrukking in voortdurende hartseer in plaas van troos en vrede.

Losgemaak van die innerlike worsteling, en met die oog op God gerig, kan die kreatiewe indiwidu die Skepper én die naaste dien. Bartholomew (1994:49) sê Godsgevulde kuns kan deur Hom gebruik word om ander mense na Christus te trek. Anne Brink, 'n skilderes, sê dan

ook dat die vernaamste doel van haar kuns is om God se hoop, heling, vrede en vreugde na mense te bring (Huey-Heck & Kalnin, 2006:120).

As die wêreld van ongelowiges, volgens Bartholomew (1994:51), in alle kunsvorms uitgelate is, het die verloste Christen kunstenaar nog méér rede vir vreugdevolle feesviering tot eer van God. Uiteindelik word dit vir ‘n kreatiewe Christen-indiwidu ‘n uitdagende geleentheid om in sy / haar kuns die hoop en vervulling aan te dui wat hulle sélf gevind het. Só kan die kunste lewensverrykend, veredelend en verfrissend wees (Wilson, 1981:48).

### 1.4.2 STAND VAN NAVORSING OP DIE TERREIN VAN DIE MENSWETENSKAPPE

Die konsep van kreatiwiteit as belangrike uitdrukkingswyse van menswees, het op ‘n relatiewe laat stadium in wetenskaplike navorsing aandag begin kry (Sawyer, 2008:3). Ribbot beweer dat die studie van kreatiwiteit byna heeltemal verwaarloos is (Kaufmann & Sternberg, 2006:12). Teen die 20ste eeu was daar egter in die Engelssprekende wêreld vroeë tekens van psigologiese belangstelling in kreatiwiteit.

Die sistematiese studie van kreatiwiteit en psigopatologie het in die laat 19de eeu begin (Shaw & Rumco, 1994:97). Al meen die outeurs dat hierdie en latere studies nie heeltemal doeltreffend was nie, het alle studies verhoogde grade van psigopatologie in voortreflike skeppers getoon, soms tot 80%. Die data was die volledigste vir artistieke kreatiwiteit met gemoedsversteurings die prominentste in navorsingstudies vanaf 1987 – 1991. Baie van hierdie “versteurde skeppers” het vroeë ouerverwerping ervaar.

In die 19de en vroeë 20ste eeu is kreatiwiteit die studie van die genie genoem (Piirto, 1992:7). Psigoloë het kreatiwiteit aan intelligensie gekoppel en eerder laasgenoemde bestudeer (Sawyer, 2006:43). Volgens die outeur is die teendeel egter teen 1960 bewys.

Die Freudiaanse psigo-analitiese benadering was in 1950 nog baie prominent in die Amerikaanse psigologie (Sawyer, 2006:39-40, 57). Volgens die Freudiane was verwerking van psigologiese prosesse, deur middel van artistieke uitdrukking, gebaseer op ‘n fantasiewêreld soortgelyk aan neurose. Sedert die 2de Wêreldoorlog het psigoloë egter begin wegdraai van die negatiewe fokus op siekte en neurose na maniere waarop verstandsgesondheid ontwikkel kan word (Weiner, 2000:209). Dít het bygedra tot die intellektuele belangstelling in kreatiwiteit in die middel van die 20ste eeu.

Tot 1950 het die Behaviouriste nog net sigbare gedragspatrone bestudeer en niks in die brein nie. (Sawyer, 2006:9-40). Die navorsing van kreatiwiteit het egter in 1950 op dreef gekom met Joy Guilford se oproep tot fokus op navorsing van kreatiwiteit (Kaufman & Sternberg, 2006:13). Daarná het belangstelling in kreatiwiteit aansienlik toegeneem, ook onder Duitse psigoloë teen die einde van 1960. Met die aanvang van die kognitiewe studie van kreatiwiteit in die 1970's, is verstandsprosesse geanaliseer in plaas van eienskappe en persoonlikheidsverskille. (Sawyer, 2006:57).

Rohner het die betekenis van ouerverwerping wêreldwyd transkultureel bestudeer en bevind dat die warmte-dimensie van ouerskap, kinders en volwassenes oral konsekwent beïnvloed het (Pieterse, 2006:3, 6). Kavaler-Adler (1996:7) het etlike vroulike kreatiewe indiwidue wat ouerverwerping in die kinderjare ervaar het, nagevors. Sy het bevind dat hierdie vrouens 'n "demoniese minnaar" in hulle skrywe geskep het om die leegheid in die self te vul.

Etlike navorsers het die invloed van die ouerhuis as dryfkrag vir kreatiwiteit bestudeer. In die tagtigerjare verwys Howe, Runyou en Czikszentmihalyi na ervarings en gebeure in die kinderjare wat later as vormend in die ontwikkeling van kreatiewe werk gesien word (Wallace & Gruber, 1989:37; Shaw & Runco, 1994:105-106). In 1989 bevestig Le Doux dat die emosionele stelsel onafhanklik van die kognitiewe stelsel funksioneer en dat emosionele herinneringe wél bestaan (Russ, 1993:81). Shaw en Runco (1994:105-106) verwys ook na Mackinnon wat in 1983 genoem het dat sommige hoogs kreatiewe proefpersone in sy studies die ergste onmenslike behandeling van sadistiese ouers verduur het. Die outeurs noem ook dat resultate van Krystal & Krystal se studie in 1988, verwerping en mislukking as kritieke komponente van die kreatiewe proses identifiseer. Albert bevestig ook in 1991 dat die voorgenome kreatiewe persoon vanuit 'n onharmonieuse familie kom. Al hierdie studies bevestig Gertzel en Gertzel se vroeëre bevindings in 1962 dat slegs 14 % van die 400 bestudeerde voortreflike kreatiewe individue, uit warm, ondersteunende, onversteurde ouerhuise gekom het.

### 1.4.3 ONBEANTWOORDE VRAE

Geen finale uitsluitsel is nog verkry oor die terapeutiese waarde van kreatiwiteit nie. Mortensen (1997:9) sê dat sommige filosowe soos Ricoeur, Carr en Novitz die rol van persoonlike narratiewe in die vorming van selfbegrip beklemtoon. Swede (1993:86) reken dit is 'n voortydige gevolgtrekking om spesiale genesingskragte aan die kunste toe te skryf. Dit moet

nog bewys word dat die artistieke aktiwiteit(e) self die verandering veroorsaak en of verbeteringe te wyte is aan ánder aspekte van die terapeutiese proses. Brink (2000:29) waarsku dat ‘n mens met betrekking tot ingewikkelde emosies, versigtig moet wees met die bewering van ‘n inherente genesingsvermoë van die kunste.

Wilson (1981:32, 56) beklemtoon dat God se kreatiewe gawes weer onder Christus se heerskappy moet kom sodat die heling van die kruis na die “gekneusde liggaam van die kunste” gebring word. Dán is die kunsdaad nie ter wille van selfverbetering nie, maar om God te behaag (Seerveld, 1980:32).

### 1.4.4 AKTUALITEIT VAN DIE ONDERWERP EN BYDRAE VAN HIERDIE STUDIE

Almal word oral beïnvloed deur die hedendaagse kunsvorms, selfs in aanbiddingsplekke (Wilson, 1981:17, 21, 56). Al word die Skepper dikwels in kuns ontken en die skepsel as aanbiddingswaardig aangebied, bly kuns deel van die betekenis van menswees én die lewe.

Die terapeutiese waarde van kreatiwiteit kan beslis nié ontken word nie, veral met betrekking tot trauma-ontlading, verwerking van siekte-toestande en in kinderberading. Dit is egter noodsaaklik dat hiérdie tipe berading Christus-gesentreerd sal wees. Om die oorspronklike woordbetekenis van psigoterapie, naamlik sielsheling, gestand te doen, moet spiritualiteit wéér in terapie erken word (O’Hanlon, 2006:3). **God se Woord** behoort ook die lig en gids op die pad van die kunste te wees (Wilson, 1981:viii).

Wilson (1981:28) bepleit weer **God** se betrokkenheid by mense se probleme en seer sodat hulle pogings tot selfheling, onder andere deur kreatiwiteit, kan ophou. Wielenga (1939:9) het vroeër al beklemtoon dat die Bybel vir die kuns liggewend en lewewekkend is.

Die navorser kon geen studie vind wat bepaald infokus op die *gerigtheid* van die kreatiwiteit in die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare óf op die onderskeid tussen antroponome en teonome kreatiwiteit nie. Geen pastorale riglyne is ook gevind vir die toerusting van kreatiewe indiwidue wat deur middel van mensgerigte kreatiwiteit eerder as Godgerigte kreatiwiteit, ouerverwerping in die kinderjare probeer verwerk het. Die riglyne sal dan veral gerig wees op die impak wat hierdie teonome vervulling kan maak op die kwaliteit van inter-menslike verhoudings. In hierdie opsigte kan ‘n nuwe bydrae gemaak word.

## 1.5 NAVORSINGSVRAAG

Watter uitwerking het die beoefening van kreatiwiteit as verwerking van ouer-verwerping in die kinderjare, op die kreatiewe volwassene?

Vrae wat hieruit spruit is:

1.5.1 Watter perspektiewe bied ‘n literêre studie op **basisteoretiese vlak** oor die aspekte van kreatiwiteit as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare. Watter lig kan die bestudering van die Skrif en teologie werp op die verskil tussen mensgerigte (antroponome) kreatiwiteit en Godgerigte (teonome) kreatiwiteit, asook die verwerkingspotensiaal en verhoudingskeppende krag wat in hierdie verskillende benaderings tot kreatiwiteit geleë is?

1.5.2 Watter verklarings of perspektiewe kan ‘n literatuurstudie van die lewens van bekende kunstenaars, wat ouerverwerping in die kinderjare ervaar het, op **metateoretiese vlak** bied oor kreatiwiteit as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare?

1.5.3 Watter insigte oor kreatiwiteit in die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare, kan deur ‘n **empiriese ondersoek** na vore kom?

1.5.4 Watter praktykteoretiese riglyne kan formuleer word vir pastorale bediening aan die kreatiewe man / vrou wat mensgerigte kreatiwiteit as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare gebruik het, maar emosioneel ongenees en stukkend gebly het?

## 1.6 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 1.6.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om die uitwerking van kreatiwiteit as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare by die volwasse aan te toon, asook om riglyne vir pastorale berading te bied vir die kreatiewe man / vrou wat ouerverwerping in die kinderjare verwerk het deur middel van mensgerigte kreatiwiteit.

### 1.6.2 Doelwitte

Om die doelstelling van die studie te kan bereik, word die volgende doelwitte gestel:

- om vas te stel watter perspektiewe die **Skrif** en **teologie** bied oor kreatiwiteit in die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare;
- om te bepaal of 'n **literatuurstudie** van bekende kreatiewe individue, wat ouerverwerping in die kinderjare ervaar het, vernuwende perspektiewe bied oor kreatiwiteit as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare;
- om deur 'n **empiriese ondersoek** vas te stel of enige vernuwende insigte na vore kom betreffende hierdie aangeleentheid;
- om **praktykteoretiese riglyne** te formuleer vir die pastorale bediening van die kreatiewe man / vrou wat ouerverwerping in die kinderjare verwerk het deur middel van mensgerigte kreatiwiteit.


## 1.7 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentraal teoretiese argument van hierdie studie is dat kreatiwiteit as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare 'n uitwerking het op die kreatiewe volwassene, en dat pastorale riglyne geformuleer kan word vir die bediening van die kreatiewe man / vrou met sodanige agtergrond, om tot ware heling en heelheid in Christus te kom.

## 1.8 METODE VAN ONDERSOEK

Die studie word gedoen vanuit die teologies-pastorale perspektief met die model van Ricoeur soos dit deur Heitink (1999:163-165) vir Praktiese Teologie verwerk is, as riglyn, naamlik:

- verstaan – probeer om uit die Skrif en literatuur te begryp wat kreatiwiteit en die potensiaal daarvan om verhoudings te vernuwe, behels;
- verklaar – probeer verklaar waarom kreatiwiteit in mensgerigte vorm skynbaar nie tot herstel van verhoudings lei nie.
- verander – toon die noodsaak van pastorale riglyne om die inspirasiebron vir kreatiwiteit te verander na teonome gerigtheid.




Figuur1: Die drie-fase model van Ricoeur (Heitink, 1999:165)

Die navorser is begaan oor die eksplorering van mense se lewensgeskiedenisse of alledaagse gedrag en daarom is die **kwalitatiewe** navorsingstyl begunstig. Kwalitatiewe navorsing is meer as net 'n stel data-versamelingstegnieke, maar 'n manier om die **empiriese** wêreld te benader (Taylor & Bogdan, 1984:1). As 'n data-versterker word sleutelaspekte van gevalle ook duideliker gesien (Neuman, 1997:15).

1.8.1. Vir die nagaan van **Skrifperspektiewe** wat kan bydra tot die tema, word beoog om gebruik te maak van Ou en Nuwe Testamentiese Bybelkommentare wat uitgaan vanuit die grammaties-historiese eksegetiese metode van Skrifondersoek (De Klerk & Van Rensburg, 2005:3ev). Toepaslike temas soos die skepping, kreatiwiteit, ware heling en heelheid sal geïdentifiseer word. Uit die Ou Testament sal verwys word na Genesis, Eksodus, 1 Konings, 1 Kronieke en Psalms. Uit die Nuwe Testament sal gedeeltes uit die vier Evangelies gebruik word, asook etlike van Paulus se sendbriewe. Relevante teologiese gesigspunte sal deurgaans geïntegreer word.

1.8.2 Verder sal literatuur gevind en geanaliseer word deur rak- en rekenaarsoektogte vir die ondersoek van verklarings en / of resultate van die **metateoretiese perspektiewe**. Laasgenoemde sal gedoen word met betrekking tot die agtergrond-aspekte van kreatiwiteit, asook die lewens van bekende kreatiewe indiwidue en die gerigtheid van hulle kreatiwiteit in die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare.

1.8.3 Die gevalstudie sal as metode gebruik word in die **empiriese studie**. As 'n navorsingstrategie beslaan dit 'n alles-omvattende metode wat die ontwerp-logika, data-versamelingstegnieke en spesifieke benaderings tot data-analise dek (Yin, 2003:14). Die outeur voeg by dat die gevalstudie in hierdie sin nie net 'n data-versamelingstegniek of alleenlik 'n ontwerpkenmerk is nie, maar 'n omvangryke navorsingstrategie.

Die doelwit van die gevalstudie sal verduidelikend wees omdat die navorser ten doel het om die "waarom" vraag te beantwoord. Neuman (1997:20-21, 331) sê hierdie doelwit bou op eksplorerende, asook beskrywende navorsing. Dit soek dus oorsake en redes. Die outeur noem ook dat hierdie navorsingstrategie voordelig is vir die navorser. Hy / sy kan deur een of twee gevalle 'n groot aantal inligting versamel; in groter diepte daarop ingaan; en meer besonderhede verkry oor die gevalle.

Die navorser sal met betrekking tot die gevalstudies as navorsingsinstrument, van die direkte, ongestruktureerde, van-aangesig-tot-aangesig **onderhoudvoering** gebruik maak. Gegewe die kwalitatiewe aard, is laasgenoemde, volgens Taylor (1984:77) vrugbaar en dinamies. Hierdie navorsingsinstrument besit ook etlike voordelige kenmerke, onder andere die voorsiening van groter breedte en wyer teoretiese weergawe as gevolg van die buigbaarheid van die navorsing (Silverman, 1993:27).

Daar sal gevra word na die betekenis wat die persone, betrokke by gevalstudies, in hulle daaglikse lewe aan bepaalde geloofsoordele of -opinies en geloofsdade (aksies) toeken. In hierdie studie is hulle instelling teenoor en gerigtheid op God, veral ten opsigte van hulle kreatiwiteit, belangrik. Hermeneutiese (Skrifverklarende) betekenis sal as kriterium aangelê word om hulle ervaring van die werklikheid in die hede én verlede te interpreteer. Lemmer (1991:11) beklemtoon dat die Woord en werklikheid in 'n ”hermeneutiese verstaanspiraal” verenig moet word om God en sy Woord in die menswees van die respondente te verstaan.

1.8.4 Om **praktykteoretiese riglyne** te formuleer wat as riglyn kan dien vir die pastorale bediening van die kreatiewe man / vrou wat ouerverwerping in die kinderjare deur middel van mensgerigte kreatiwiteit probeer verwerk het, sal van die basiese patroon in die regulerende siklus gebruik gemaak word: definisie van probleem, diagnose, plan of metode, intervensie (tussenkoms) en evaluasie. ‘n Hermeneutiese wisselwerking sal plaasvind tussen basis- en metateoretiese riglyne.

**1.9 HOOFSTUKINDELING**

1.9.1 Hoofstuk 1: Inleiding

1.9.2 Hoofstuk 2: Verstaan op die basisteoretiese vlak deur middel van ‘n ondersoek van Skrifperspektiewe oor kreatiwiteit by volwassenes as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare.

1.9.3 Hoofstuk 3: Verstaan op die metateoretiese perspektiewe wat deur literatuurstudie bekom is.

1.9.4 Hoofstuk 4: Verklaring / verduideliking van die mislukking van kreatiwiteitsbeoefening as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare deur middel van ‘n empiriese studie.

1.9.5. Hoofstuk 5: Inleiding tot die Praktykteoretiese riglyne

1.9.6 Hoofstuk 6: Verandering deur middel van praktykteoretiese riglyne

1.9.7 Hoofstuk 7: Samevattende gevolgtrekkings oor kreatiwiteit by volwassenes as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare

## 1.10 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE KORRELASIE TUSSEN PUNTE 1.5, 1.6, EN 1.8

| 1.5 Probleemstelling | 1.6 Doelstelling en doelwitte | 1.8 Metode |
|---|---|---|
| Watter perspektiewe bied die Skrif en teologie om tot nuwe insigte te kom betreffende die verband tussen die gerigtheid van kreatiwiteit as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare en die vermoë om gesonde inter-menslike verhoudings te kweek? | Die doelwit is om vas te stel watter perspektiewe die Skrif en teologie bied om tot nuwe insigte te kom betreffende die aangeleentheid. | Daar word beoog om Skrifperspektiewe, wat bydra tot die tema, na te gaan. Skrifgedeeltes sal geïdentifiseer word en eksegese volgens die grammaties-historiese metode sal gebruik word. Relevante teologiese gesigspunte sal deurgaans geïnterpreteer word. |
| Watter verklarings of perspektiewe bied die volgende: ‘n literêre studie oor die aspekte van kreatiwiteit, oor die lewens van bekende kreatiewe individue wat ouerverwerping ervaar het, vir die bepaling van die verband tussen die gerigtheid van kreatiwiteit as verwerking van ouer-verwerping in die kinderjare en die vermoë om gesonde inter-menslike verhoudings te kweek? | Daar word beoog om te bepaal watter perspektiewe ‘n literêre studie oor die aspekte van kreatiwiteit én die lewens van bekende kreatiewe individue bied vir die verband tussen die gerigtheid van kreatiwiteit as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare en die vermoë om gesonde inter-menslike verhoudings te kweek. | ‘n Literatuurstudie sal gedoen word oor die aspekte van kreatiwiteit en die lewens van bekende kreatiewe individue wat ouerverwerping in die kinderjare ervaar het. In die proses sal eklekties met die inligting omgegaan word. |

| | | |
|---|---|---|
| Watter insigte, betreffende die verband tussen die gerigtheid van kreatiwiteit as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare en die vermoë om gesonde inter-menslike verhoudings te kweek, kan deur ‘n empiriese ondersoek na vore kom? | Die doelwit hier is om vas te stel of daar enige vernuwende insigte betreffende die aangeleentheid is wat deur ‘n empiriese ondersoek na vore sal kom. | Daar sal gepoog word om vas te stel of enige vernuwende insigte betreffende hierdie tema deur ‘n empiriese ondersoek na vore sal kom. Die inligting sal deur middel van ‘n kwalitatiewe ondersoek deur onderhoude en vraelyste bekom word. |
| Watter Praktykteoretiese riglyne kan geformuleer word vir die pastorale bediening van kreatiewe volwassenes wat deur mensgerigte kreatiwiteit ouerverwerping in die kinderjare verwerk het? | Die doelwit is om Praktykteoretiese riglyne te formuleer vir die pastorale bediening van volwassenes wat deur mensgerigte kreatiwiteit ouerverwerping in die kinderjare verwerk het. | ‘n Hermeneutiese wissel-werking tussen basis- en metateoretiese riglyne en die huidige stand van sake, sal plaasvind ten einde nuwe beradingsriglyne daar te stel. |

# HOOFSTUK 2

## VERSTAAN OP DIE BASISTEORETIESE VLAK DEUR MIDDEL VAN ’N ONDERSOEK VAN SKRIFPERSPEKTIEWE OOR KREATIWITEIT BY VOLWASSENES AS VERWERKING VAN OUERVERWERPING IN DIE KINDERJARE.

### 2.1 INLEIDING

As inleiding tot hierdie hoofstuk word die volgende kortliks bespreek: die eerste fase in Ricoeur se model soos verwerk deur Heitink, wat die hermeneutiese proses deur die siklus van verstaan-verduidelik-verander stuur – naamlik die hermeneutiese perspektief van verstaan; ’n kort beskrywing van basisteorie; die plek van die Woord in die formulering van basisteorie; en die doelstelling van die hoofstuk.

#### 2.1.1 Die hermeneutiese model van Ricoeur en die implikasie daarvan vir prakties-teologiese wetenskapsbeoefening

Die eerste fase in Ricoeur se model is die hermeneutiese perspektief, naamlik die verstaan van die spesifieke situasie en breër kontekste van die wêreld in lig van die Christelike tradisie (Pieterse, 1993:22). In hierdie hoofstuk sal die verstaan geskied op basisteoretiese vlak. Voordat 'n optrede of daad geïnterpreteer kan word, moet begrip ontstaan vir mense se motivering – die bedoeling of rede vir die manier van optrede. Om die struktuur van 'n daad en die implikasies daarvan as sosiale verskynsel te openbaar, is die sentrale vraag wie die dader en wat die daad is. Volgens Heitink (1999:179) lei hierdie vraag tot drie verdere aspekte: die konteks of situasie-aspek (waar, wanneer en onder watter omstandighede die daad gedoen is); die bedoelingsaspek (die rede of motivering vir die optrede) en die instrumentele aspek (die soort aksie gekies vir die situasie). Daarna lei die rekonstruksie van 'n daadstruktuur tot formulering van aannames as beweging van raai na toetsing – die empiriese (Heitink, 1999:159-161, 163, 166).

#### 2.1.2 Wat is basisteorie?

Volgens Van den Berg en Dreyer (1995:214) is die basisteorie die teorie waarmee die teologiese begrip vanuit 'n sekere oogpunt van die vak teoreties verwerk en uitgedruk word. In die interpretasie van dié begrip oor die saak wat ondersoek word, word die normatiewe Skrifaspekte breedvoerig bespreek (Pieterse, 1994:98).

Basisteorie gee vertrekpunte aan die Praktiese Teologie met betrekking tot die hele vak óf spesifieke vakareas of handelingsvelde van die vak (Pieterse, 1993:51). Hierdie teologiese vertrekpunte word primêr vanuit die Skrif vir bepaalde areas verreken (Venter, 1993:247). Die Skrif word in sommige gevalle deur teoloë selektief gelees juis vanuit die perspektief van sy veranderingspotensiaal.

Op metavlak word die basisteorie gevorm deur die keuse van die Skrif as normatief van die wetenskaplike proses (Van den Berg & Dreyer, 1995:218). Die basisteorie lê in lyn met en werk binne die metateoretiese perspektief (Pieterse, 1993:51).

Uiteindelik word die basisteoretiese vertrekpunte beïnvloed én gekontroleer, om dan in die praktyk neerslag te vind (Lemmer, 1991:14; Van den Berg, 1995:214).

### 2.1.3 Die plek van die Woord in die formulering van ’n basisteorie

Deur die Woord: tree God met die mens in verbinding; stel God Homself aan die mens bekend en koppel die mens aan God; kom kennis van God (Schulze, 1980:31; Floor, 1990:2-3).

**Die Woord:**

- getuig van God deur sy verhouding met sy mense, asook van sy kenmerke en wysheid;
- is 'n aanwyser tot die lewende werklikheid van God se boodskap en sy krag om te verlig, oortuig en omvorm;
- is 'n uitnodiging tot ontvangs van die Goddelike getuienis van wat in die menslike situasie waar en eg is, asook om die Gees te onderskei en die Woord te hoor (Forrester, 1990:22, 29).

Die hart van dit wat in die Woord geopenbaar word het te doen met God se versoenende handeling in Jesus Christus (vgl. Joh.3:16). Hierdie versoenende handeling van God loop daarop uit dat mense wat in `n nuwe, lewende verhouding met Hom herstel word, bedienaars van die versoening word (2 Kor.5:18). Die basis (vertrekpunt / kriterium) vir die handelinge wat in prakties-teologiese, wetenskapsbeoefening ondersoek word, het te doen met die vraag in hoe `n mate menslike handelinge wat ondersoek word, verteenwoordigend is van `n sigbaarmaking van die God wat Hom versoenend in sy Woord aan ons openbaar.

Firet (1977:126) sê dat die mens se situasie en probleme in die lig van die Woord vertolk moet word. Die eerste fase van Ricoeur se model is dan ook die verstaan van die Evangelie in die mens se lewenskonteks, met ander woorde die begrip van die spesifieke saak wat ondersoek word, asook wyer met betrekking tot die omringende wêreld (Pieterse, 1993:22).

Volgens Schulze (1980:27) het Calvyn 'n diep ontsag vir die Skrif gekoester. Vir Calvyn was gehoorsaamheid aan die Skrif belangrik en geringskatting van die Skrif 'n ontering en smaad van God. Straus (1979:38-39) verwys na die beskouing dat die gesag van die Bybel alléénlik volhoubaar is as dit direkte opinies / oordele bevat oor élke moontlike Christelike aktiwiteit. Die outeur sê dat die Skrif egter die mens se hart deurlig en belig deur die appél van God se Woord. Laasgenoemde as rigtinggewende dryfkrag, ontdooi die mens se lewe tot eer van God. Uit gehoorsaamheid aan God se wil, dien die persoon Hom dan heelhartiglik. Straus wys daarop dat die Bybel 'n Godgerigte ingesteldheid aan die wetenskaplike denke verskaf. Dog, dit is nie 'n oplossing van enige wesenlike wetenskaplike probleem nie. Die sentrale appél van die Bybel open egter verskeie perspektiewe, onder andere die insig dat die menslike wetenskap óók die gegewe skeppingseise moet gehoorsaam.

Alhoewel die teologie, soos ander wetenskappe, vooraf van geloofs-hipoteses afhanklik is, en na die Skrif luister, is dit besonders omdat dit óók die Skrif ondersoek (Van der Walt, 1979:52). Daarom is God se waarheid, vir Jonker (1983:85-87), die beginpunt van die Praktiese Teologie. Laasgenoemde hou hom besig met Woordaktualisering as waarheid vir die bestaan, denke en optredes van die mens, asook in menslike verhoudings.

Zerfass en ander teoloë beskou die Skrif as kernbron en norm (Burger, 1991:60). Die Skrif is ook vir Schulze (1980:28) en Van der Walt (1982:46) die énigste bron van God se waarheid.

Die Bybel onthul die egte besonderhede van die vakwetenskaplike kennis want dit ontsluit uitsluitlike kennis oor fundamentele feite met betrekking tot die skepping, sondeval, versoening en wedergeboorte (Van der Walt, 1982:48-49). Om tot volle vakkennis te kom, kán God en sy Woord nié misken word nie. Van der Walt se slotsom is dat volledige inskakeling van die Bybel in die vakwetenskap, mense nie net tot kennis van die mens en sy omgewing bring nie, maar ook tot kennis van God.

Die posisie van die Skrif in die teologie is merkwaardig en vervul 'n wesenlike rol: die teologie verkry inhoud uit die Skrif; gaan daarmee om; word daardeur ontsluit en ondersoek die

waarheid met betrekking tot God en sy verhouding met die wêreld (Heyns & Jonker, 1974:164). Christus is die vernaamste inhoud van die Skrif want dit is 'n aanduiding van die weg na verlossing deur Jesus Christus én God, as Skepper van die wêreld (Heyns & Jonker, 1974:171; Schulze, 1980:32; Van Wyk, 1998:175).

Die Skrif het hoofsaaklik in die Praktiese Teologie 'n taak. Janse van Rensburg (2004:2, 9-10) dui aan dat dit bepalend vir die vakgebied is – direk en deduktief óf induktief en veredelend. Die outeur voeg by dat die Skrif ook die beginpunt is waaruit die basisteoretiese grondslae vir die vak afgelei word. Van den Berg en Dreyer (1995:214, 221) noem dat 'n reeds-afgeleide metateoretiese oogpunt vanuit die Skrif gekorrigeer kan word. Die sentrale posisie van die Skrif dwing die navorser daarheen terug sodat invloed op metavlak altyd bewustelik verbeterbaar is vanuit die Skrif. Die uiteindelike praktiese toepassing moet óók deur Skrifgrondslae gekorrigeer word (Janse van Rensburg, 2004:5).

### 2.1.4 Doelstelling van die hoofstuk

Die doelstelling van die hoofstuk is om Skrifperspektiewe (basisteoretiesemerkers) te formuleer aangaande die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare deur kreatiwiteit by volwassenes. Daardeur wil die navorser tot `n verstaan kom van hierdie verskynsel in die diskrepans wat dit toon met dít wat in die Woord van God geopenbaar word oor die funksie van kreatiwiteit en manier waarop dit tot gesonde verwerking van lewenskrisisse soos ouerverwerping behoort te kan lei.

Omdat die mens en sy / haar omgewing nie sonder kennis van God verstaan kan word nie , wil die navorser kreatiwiteit en die beoefening daarvan, vanuit ’n Bybelse perspektief verstaan sodat die situasie en optrede van kreatiewe indiwidue in die lig van God en sy Woord beoordeel kan word. Om uiteindelik praktiese riglyne, geskoei op Bybelse beginsels, neer te lê, moet begrip verkry word vir wat Gód in die beoefening van kreatiwiteit vereis.

Aandag sal gegee word aan wat die Skrif oor die volgende openbaar:

- God, die Skepper, Bron van kreatiwiteit
- Die mens as beeld van God
- Kuns as uitdrukking van kreatiwiteit
- Verdorwenheid van kunsbeoefening

- Christelike kuns as uitdrukking van God-verheerlikende kreatiwiteit
- Die Christelike kunstenaar wat Godsgerig kreatiwiteit beoefen
- Die belangrikheid van Godgerigte kreatiwiteit
- Motiewe vir kreatiwiteit
- Terapeutiese betekenis en waarde van kuns
- Terapeutiese, Godsgerigte kreatiwiteitsbeoefening

## 2.2 GOD, DIE SKEPPER, BRON VAN KREATIWITEIT

In Genesis 1:2 word die aarde vóór die skepping as onbewoonbaar en donker beskryf. Vosloo en van Rensburg (1999:5) omskryf dit verder as woes en leeg / woestynverlate en leeg. Dan begin God een na die ander ding skep en 'n veelkleurige, veelsoortige wêreld vol verskeidenheid, vol dag- en nagklanke, vol geure, smake en teksture, kom tot stand – die grootste kunswerk wat nooit nageboots kán word nie. Die variasie in die skepping getuig nie net van God se Almag nie, maar ook van sy begeerte om 'n interessante wêreld aan sy geliefde beelddraers op aarde te gee. Toe God geskep het, het Hy ná elke skeppingsfase gesien dat dit goed is (vergelyk Gen.1:4, 10, 12, 18, 21, 25, 31). Dit dui beslis op die volmaaktheid waarmee God alles geskep het, maar toon sekerlik ook dat God met vreugdevolle genot geskep het. Vosloo en Van Rensburg (1993:6) sê God was nie gedwing om die wêreld te skep nie, maar het verlang om dit as 'n liefdesuiting te doen. Hy wou deur die skepping iets van sy heerlikheid reflekteer. Diep, innige liefde gee altyd die beste, daarom het God, die bron van liefde, sy héél beste gegee. Van der Leeuw (1955:309) stem saam dat God nie by wyse van ‘n willekeurige daad geskep het nie, maar uit liefde, wat in Jesus Christus, die skeppingsmiddelaar, bevestig en geopenbaar is.

Dawid juig in Psalm 8 oor die grote Skepper-God en besef die geringheid van die mens voor God se almag. Psalm 89, 95, 104 en 148 besing die grootheid van God se skepping, erken dat Hy alles gemaak het en jubel oor sy majesteit. In Job 38-41 toon God sélf aan Job sy onvergelyklike grootheid as Skepper en ook sy Almag. Job is stomgeslaan, besef sy nietigheid en erken: “Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: U wonderwerke was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie” (Job 42:3).

Calvyn noem God die oorsprong en gewer van kuns, en Jesus die meester van lofsange (Wielenga, 1939:12). Wielenga sê Abraham Kuyper beskou Jesus Christus as die middelpunt van skoonheid en draer van lewe, en daarom die besieler van alle kuns en majesteit (274).

Best (2003:21; 23) praat van God as die unieke, voortdurende "Uitstorter" wat Homself gee, openbaar en na buite uitgiet, ook in die kuns vanuit die mens wat na sy beeld geskape is. Preus (1977:61) voeg by dat die skepping God se liefde en soewereiniteit, asook sy verbeeldingrykheid, openbaar. God, die Gewer van die kunste, is dié Een wat die kunstenaar bekwaam en met sy gees toerus om bedrewe sy / haar kuns te beoefen (Wielenga, 1939:41). Sodoende word kuns 'n lewensuiting wat die Goddelike oorsprong en doel deurlig – 'n gawe en liefdesplig.

Seerveld (1980:8) stel dit treffend: "God, the source, made rainbows for a fallen world." Vir Seerveld is skilderye, novelles, asook musiek, ietwat soos reënboë. Dit is vir Seerveld belangrik dat kuns ook hierdie heilige "reënboog karakter" sal behou, eerder as om 'n lugspieëling te word.

Dit is baie belangrik om tussen die Skepper en die skepsel te onderskei. Barnes (1991:37-38) wys daarop dat die heilige en kragtige woorde: "Laat daar....wees " (Gen. 1:3, 6, 9, 11, 14, 20, en 24), net deur Gód, die Sképper geuiter kan word. Voorts noem die outeur dat die term *bara* in die Hebreeuse teks nooit in die Skrif gebruik word om na ménse se kreatiwiteit te verwys nie. Die totstandkoming van lewe en orde was God se unieke aktiwiteit. Barnes sê die Nuwe Testament behou ook die onderskeid tussen die Skepper en die Skepsel want dit is in Jesus Christus*,* die Woord van God, wat die mens 'n nuwe skepsel word (2 Kor. 5:17). Dieselfde Gees van God wat eenmaal oor die water beweeg het, en lig en orde na die donkerte en chaos gebring het (Gen. 1:2), beweeg ook oor die dag wanneer Jesus Christus terugkom (Fil. 1:6). Die mens kan níe sy eie lewe regmaak nie – nie eers deur kreatiwiteit nie. Nét die genade van Jesus Christus kan dit bewerkstellig (Ef. 2:8-9).

Van der Leeuw (1955:352) wys daarop dat die skepping na God se beeld, níe beteken dat die mens aan Hom gelyk is nie. Alhoewel die mens oor die aarde heers, is dit geen rede tot selfverheffing nie. Barnes(1991:41) waarsku ook dat mense dikwels die Skepper wil wees omdat hulle glo dat hulle iets méér moet wees as net 'n deel van die Skepping. Indien hulle egter glo dat die lewe 'n gawe is en té kort is om tyd te mors deur sélf God te wees, sal hulle dit meer geniet. Dan sal meer energie ingesit word in wéés as om iets te wórd (46). Mense probeer ook die wêreld hérskep en word gemanipuleer om te wees wat húlle begeer, asook om aan húlle verwagtinge te voldoen (47). Die outeur konstateer dat die mens níe gemaak is om skeppers van die wêreld te wees nie, en daarom altyd 'n gemors maak wanneer dit wél probeer

word. Níks wat mense op aarde oprig is sterk genoeg om genoegsame doel en betekenis vir hulle lewens te voorsien nie (53).

Die mens kan God se skepping in die natuur sien – sy werke, spore, weggesteekte teenwoordigheid en weerkaatsende skoonheid (Monti, 2003:35-36). Calvyn sê God se skepping, sy onderhouding en heerskappy van die hele wêreld, laat die mens die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, duidelik sien (Anon, 2001:5). Calvyn reken dat die openbaring van God en sy skoonheid in die natuur, die mens geen verskoning vir onkunde gee nie (Calvyn, 1984 [1559] Inst. Lix,I:130). Die kerkvader sê hierdie soeke na God behoort die mens se verstand só deur verwondering in besit te neem dat hy / sy 'n kragtige ervaring van God se mag sal ervaar. Kennis van God sal dan tot aanbidding van Hom aanspoor, asook 'n eskatologiese hoop opwek (141). Dit is Calvyn wat oorspronklik gesê het dat die helder lig van God se uitstralende voortreflikheid in die skepping vir die mens verborge is sónder ‘n innerlike geloofopenbaring (147). Die ongelowige kunstenaar en ware Christen kunstenaar kan albei God se heerlikheid in die natuur uitbeeld, maar nét die Christen kunstenaar kan dit met geloofsoë waarneem (De Grunchy, 2001:71). Godsdienstige kuns ontstaan vir Van der Leeuw (1955:316-317) wél wanneer die vorm van Gód se skepping in die vorm van die méns se skeppigskuns herken word.

Volgens Roper (1979:6, 16-17) het God as Skepper die reg tot erkenning én heerskappy oor énige lewensarea – die mens se lewe, gedagtes en optrede (6). Géén kulturele aktiwiteit behoort buite die sirkel van die mens se Godgegewe taak van heerskappy te lê nie. Só 'n kunsbeoefening is afgodery want dit word iets opsigself, afgesny van God se soewereine heerskappy oor sy skepping. Roper beklemtoon dat die kultuurtaak van God se mense is dat Hy in álles erken moet word en dat hartsonderdanigheid aan Christus hervorm moet word (16-17).

Roper konstateer verder dat God, as Skepper, Homself aan die mens openbaar het, asook sy of haar bestaansbetekenis onthul het (7). Die artistieke armoede is volgens Roper net één kenmerk van 'n algemene kulturele armoede as gevolg van die beperking van die heerskappy van Jesus Christus en 'n geestelike blindheid (2). Seerveld (1995:8) praat ook van die belangrikheid van artistieke aktiwiteit wat aanhoudend in kinderlike gehoorsaamheid voor God se Woord moet buig sodat dit die Heilige Gees se krag, lig en nuutheid kan uitstraal, maar dit sal egter slegs geskied as die kunstenaar persoonlik deur die Heilige Gees aangegryp, geroer en saamgebind word.

Wielenga (1939:41) voer aan dat God, die Skepper, aan kuns 'n eie dimensie in sy skeppingsorde gegee het. Stoker (19cf:2-7) verwys na Dooyeweerd wat die hele kosmos sien as 'n gebou van modaliteit of wetskringe. 'n Wetskring is 'n besondere groep verskynsels saamgebind deur dieselfde soort grondwet wat die karakter van 'n bepaalde wetskring openbaar. Estetiese verskynsels is dan een van hierdie wetskringe. Stoker sê elke wetskring het 'n eie aard en eiesoortige kwaliteit en is onselfgenoegsaam teenoor God en die ander wetskringe. In elke wetskring is ook heenwysings na al die ander kringe, waardeur elke kring al die ander veronderstel. God is soewerein oor die hele kosmos en dus oor al die wetskringe. Volgens Stoker kan daar gepraat word van soewereiniteit in eie kring, vanweë die uniekheid van elke kring (22). Goudzwaard (1977:2) praat van die eie karaktertrekke wat elke lewenskring het, elkeen met 'n eiesoortige gesag. Tog is daar volgens Goudzwaard geen enkele samelewingsverband wat die mens se totaliteit omvat nie, en sodoende sluit hulle bymekaar aan. Stoker sê dat die onselfgenoegsaamheid van die wetskringe juis meebring dat daar oorvleueling sal wees. Die navorser meen dat hierdie oorvleueling nie as "integrasie" gesien moet word nie, maar wél as samewerking waar dit van toepassing is. Die oorsprong van Dooyeweerd se idee is: niks in die mens se ervaring in die kosmos is selfstandig nie; alles wys weg van die self na ander aspekte of modaliteite, maar belangriker na die Goddelike Bron en Handhawer wat betekenis gee; nét hierdie Goddelike Bron is selfstandig (Basden, 1998:2).

## 2.3 DIE MENS AS BEELD VAN GOD

Op die sesde dag kom die hoogtepunt wanneer God die mens skep as sy verteenwoordiger en as beeld van God (Gen. 1:27). Die mens se waardevolheid word getoon in Psalm 8:6 wanneer Dawid sê dat God die mens net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak het en hom met aansien en eer gekroon het.

As beeld van die Skepper-God het die mens die vermoë en begeerte om te skep, alhoewel God aan sekere mense die spesifieke gawe van artistieke kreatiwiteit gee. God het bedoel dat sy beelddraers altyd kreatief besig sou wees. Die eerste noem van artistieke kreatiwiteit word al in Genesis 4:21 aangetref: ".... die stamvader van dié wat op die lier en fluit speel." God het Besaleël en Oholiab met sy Gees toegerus sodat hulle met vaardigheid, insig en verstand enige kunswerke kon doen vir die tent van ontmoeting (Eks. 31:1-11). In 2 Kronieke 2:13-14 stuur Koning Hiram van Tirus sy meestervakman, Hiram, na Salomo om kunswerke vir die tempel te maak. Dawid speel die lier wat Koning Saul bekoor, asook kalmeer het (1 Sam. 16:23) en skryf gedigte wat tydloos sal bly.

Die mens, geskape na God se beeld, is kreatiewe wesens soos God. Teilhard de Chardin meen God het gewaag om uit liefde mense te skep wat in staat is om hulleself te eksternaliseer in aktiwiteite wat sy werk ten goede of ten kwade kan vorm (Carrick, 1993:3). Die mens se verstands- en handewerk is betekenisvol vír die skepping en tot God se verheerliking. Mense, as Godsgeskapenes, kan genotvol skep én simboliseer – oorgeërf van **God**, die meester-Kunstenaar (Irvine & Dawtry, 2002:3). Daarom is kuns 'n natuurlike deel van die lewe en 'n effektiewe manier om God se werk te verhoog. Wielenga (1939:282) glo dat die mens se taak is om juis deur kunsskepping hom- of haarself as beeld van God, te vervolmaak. Dekas (2007:15) meen kreatiwiteit is 'n verpersoonliking van God ín die mens: dit openbaar nie net wie Christus is nie, maar laat die mens toe om te identifiseer met sy / haar geskepte identiteit soos in Jesus Christus geopenbaar. Kreatief wees in kuns is om God se beeld in die uitdrukking van die self te beoefen; 'n uitdrukking van menslike gelykenis aan die kreatiwiteit van die skeppende God (Ryken, 1981:59). Die "skepping" van die kunstenaar is egter geensins 'n parallel van die skeppende Gód nie, maar net 'n flou afskynsel daarvan (Van der Leeuw, 1955:370).

Vir Calvyn is kuns 'n Godgegewe genadegawe, gegee vir sý glorie en veredeling van die mens se gemoedslewe; dit moes soos die Skrif ordelik en ordentlik wees en nie die lig van die godsdiens verdring / oorheers nie (Buffinga, 1930:66-68; Wilson, 1981:8; de Grunchy, 2001:40). Karl Barth het geglo dat artistieke kreatiwiteit 'n reaksie van die mens is op God se vrye gawe wat Hom verteenwoordig, asook 'n getuie van die openbaring van God in Jesus Christus (de Grunchy, 2001:120; Irvine & Dawtry, 2002:12). Die heiligheid van die bestaan word volgens Von Balthasar (1964:129), nie deur die genialiteit van die geïnspireerde kunstenaar uitgelok óf aan hom ontleen nie, maar is iets oorspronkliks as 'n gawe van Bo wat aan ander mense as iets lewendigs oorhandig moet word.

Omdat kuns juis 'n Gódgegewe talent is, glo Myburgh (1982:21) dat dit die kunstenaar nederig moet hou, erkentlik moet maak teenoor die Gewer en met die gesindheid vervul om Hom in sy of haar kuns te verheerlik. Calvyn noem die kunstenaar 'n nederige nabootser van God se kreatiewe aktiwiteit (Du Bose, 1965:115). Hiermee stem Pattison (1998:28) nie heeltemal saam nie want hý reken dat artistieke kreatiwiteit Gód se skeppingswerk voortsit en níe bloot naboots óf 'n kopie daarvan maak nie. Die navorser vind meer aanklank by Pattison se standpunt want God **is** die enigste perfekte kunstenaar en niemand kán Hom ooit naboots nie. Dít het Job beslis besef terwyl hy na die uitwysing van God se almag geluister het (Job 38-41). God het die wêreld uit níks geskep, terwyl die natuur, die mens en die omringende omgewing van

kunstenaars, alrééds vir hulle die stof gee wat realisties op doek weergegee kan word, oorspronklik in gedig en prosa beskryf kan word of treffend in klip / hout uitgebeitel kan word. Kunstenaars het egter die vermoë om hulle siening en waarneming daaraan te heg. As hulle God ken, sal die kunswerk verheffend, veredelend of besielend wees.

Normaalweg kan 'n mens nie die persoon van wie geërf is, beloon nie. Net sy / haar nagedagtenis kan geëer word deur die goeie benutting van die erfenis. Die produk van kreatiwiteit kan egter uit dankbaarheid en liefde aan die Gewer toegewy word sodat Hý in die hede, in die wêreld, verheerlik word. Volgens Best (2003:159) is die omskepping van élke kunsvorm 'n eie lofvorm aan God en 'n terugwysing na Hom, die bron van alle dinge, verál die kunstalent. Omdat kuns van God kom, moet die motivering inherent uit liefde vir God en diens aan die naaste wees; ‘n aanbiddingsoffer van die beste gawe aan God.

Die mens as skepsel van God, is afhanklik van die Onderhoudende Skepper en geen gawe wat hy / sy ontvang, is uit die persoon self nie. Dooyeweerd beklemtoon hierdie afhanklikheid van álles op God – die enigste selfstandige wese (Basden, 1998:6). Barnes (1991:55-57) wys daarop dat afhanklikheid van God se genade onuitwisbaar op die mens se siel gestempel is – die *imagio dei* – die beeld van God. Hierdie beeld getuig nie van die mens se superioriteit oor die res van die skepping nie, maar van die gróót afhanklikheid van God – 'n merkteken van behoefte. Van der Leeuw (1955:370) beaam dat die diepste godsdienstige kuns nie voor die heilige God se aangesig kan bestaan nie, maar slegs uit sý hand die lewe en heerlikheid ontvang.

Voorts sê Barnes dat mense na betekenis probeer soek in prestasies, ervarings, verhoudings en werk, maar onbevredig bly – ware lewensbetekenis is nét in die ewige God te vinde. Die navorser meen dat niks wat die mens beheer of in sy / haar lewe insluit, ewig kan wees nie want dit kan nie die honger na God bevredig nie. Baie kunstenaars soek met die hoop om eendag Iemand te ontmoet wat ál sy / haar lewensdele in een harmonieuse geheel kan integreer. Ander kunstenaars soek naarstiglik na iets wat ál hulle innerlike behoeftes sal vervul, maar hulle eindig ontnugterd omdat die desperate najaag van bevrediging niks oplewer nie. In hierdie proses maak hulle hulself seerder as wat ander kan doen. Eintlik dors hulle, soos die Samaritaanse vrou by die put in Johannes 4, na 'n redder – Jesus Christus, die Seun van God.

Volgens Barnes (1991:18) is die mens geskep om omgang met God, die enigste heel en volledige Een, te geniet. Daarom wil God Homself gee – en dit is méér as genoeg. Barnes

meen dat God die mens níe geskep het om deur die lewe te wandel in navolging van geluk nie. Nuwe lewensbetekenis en -visie word in Christelike dissipelskap gevind wat 'n belydenis is van onvermoë om die lewe " reg te kry", asook 'n erkenning dat daar géén hoop bestaan om 'n betekenisvolle lewe te lei, sónder God se genade in Jesus Christus nie (62). Vervreemding van Gód vervreem die mens van hom- of haarsélf en die wêreld, sodat hy / sy ankerloos en rigtingloos is; losgemaak van die werklikheid (Murphee, 1976:23).

Genesis 1:28 toon dat God die mens ook geskep het met 'n **kultuurmandaat.** Psalm 8:6-9 dui aan dat God die mens toelaat om oor sy handewerk te heers, en alles op aarde, in die see en selfs die voëls in die lug, aan hom te onderwerp. Die mens moet die arbeid van die skepping voortsit, verantwoordelik daaroor heers en die aarde kultiveer. Roper (1979:3) dui aan dat die mens in die ontvouing van die skepping 'n medewerker is. Seerveld (1980:25, 30, 35) beskou kuns as werk; 'n kulturele aktiwiteit eerder as skepping. Die outeur waarsku dat die kultiveringstaak nié ontken / begrawe mag word nie, en met profetiese erns opgeneem moet word as 'n lofprysende reaksie op God.

Taljaard (1976:74, 91,132,198) voer aan dat mense in die uitvoering van hulle kultuurtaak na die lewe kyk deur die bril van die hárt en die kleur van die lense bepaal hoe hulle na die lewe én hulle handelinge sal kyk. Daarom moet mense God se soewereiniteit in alle aktiwiteite erken en die lense van die hart só kleur dat hulle alles in lig van die Skrif kan sien en op 'n radikaal Bybelse manier optree. Colson (2004:64) beweer dat die kultuuropdrag onafskeidbaar verbonde is aan die sendingopdrag. As sy verteenwoordigers op aarde het God die mens aangestel om met sy werk op aarde voort te gaan (vergelyk 1 Kor.5:18). Taljaard voeg by dat God die mens vir hierdie taak volledig toegerus het deur hom / haar na sy beeld te skape (132-133). God het ook sy Gees aan die mens gegee om bystand te verleen in hierdie roeping. Die uitvoering van die kultuuropdrag is dan ook deel van die mens se aanbidding van God. Colson (2004:64) sê die geredde mens is vrygemaak van die sonde en in ere herstel om dit te doen waarvoor God hom / haar geskape het, naamlik uitvoering van die kultuurtaak.

Alhoewel die mens die kultuuropdrag gekry het om die wêreld te bewerk en te bewaak, reken Barnes (1991:37, 82) dat daar 'n groot verskil is tussen selfverbetering en herskepping. Eersgenoemde is die nederige perspektief van goeie rentmeesters. Laasgenoemde is 'n desperate poging om menslike beperkings te oortref. Barnes voer aan dat rentmeesterskap juis die lewensgeleenthede en –beperkings omskryf. Die basis van goeie rentmeesterskap is egter

die bewustheid dat die wêreld waarin hulle lewe, níe aan hulle behoort om te herskep nie – al ís hulle ontevrede daarmee.

Wielenga (1939:41) is daarvan oortuig dat 'n drievoudige amp ook aan die kunstenaar gegee is, naamlik die priesterlike, profetiese en koninklike amp.

### 2.3.1 Priesterlike amp

Seerveld (1980:28) sê kuns is nie namaaksels (imitasie van die oorspronklike) nie, maar het in wese met priesterlike diens te doen. Laasgenoemde word verskaf wanneer dit waarlik die mens se greep op die rykdom van die skepping kan verdiep, en hy / sy die aarde op 'n verbeeldingryke manier bewerk. Die mens is 'n dienskneg van heilige dinge; 'n toegewyde dienaar wat aan God, die Gewer, teruggee en 'n belewer van skoonheid wat God daarmee dien (Wielenga, 1939:352).

### 2.3.2 Profetiese amp

God se perfekte skoonheid deur die natuur en kuns beïnvloed menseharte (Begbie, 1991:99-100). Dit verleen 'n profetiese karakter aan geskepte (geskape) skoonheid en lig die mens momenteel bokant lewenskonflikte uit en reik uit na die onbedekte. Aardse skoonheid is 'n profesie en belofte dat hierdie wêreld nié vir vernietiging bestem is nie, maar vir roem; vir 'n toekoms waarin die goeie oor die kwade sal seëvier en genade oor alle ongeregtigheid.

Soms sal die kunstenaar die volgende beklemtoon – verlossing en sonde, vrede en onrus, sekerheid en twyfel. Ander tye sal hy / sy deur middel van die stof 'n profetiese funksie vervul deur die leser, kyker of hoorder te ontstig, te ontbloot, te veroordeel en wakker te laat skrik (Bennett, 1981:283). Dit is Turner (2001:73) se oortuiging dat 'n gehoor, leser of kyker soms met hulle leë gelowe gekonfronteer móét word. 'n Christen kunstenaar kan ook die doelloosheid van die wêreld met 'n oënskynlik dooie God openbaar of selfs satire gebruik vir die blootstelling van die intellektuele swakheid van sekularisme. Die kunstenaar is profeet in dié sin dat hy / sy die leser, hoorder of kyker die geheime van hul eie harte vertel en nie juis dinge voorspel nie (17). Die profeet, Natan se verhaal in 2 Sam. 12 het Dawid se duistere hartsgeheim ontbloot en hom tot berou gelei.

Die kunstenaar is dus in staat om op 'n nuwe manier na dinge, asook die natuur, te kyk en 'n nuwe werklikheid te skep. Soms kan hy / sy selfs skep wat nog nóóit gesien is nie. In hiérdie

opsig versterk die kunstenaar die bekende en ontdek die onbekende, met ander woorde is hy priester én profeet. Van der Walt (19cf:26) glo dat die mens kunstenaar, priester en profeet is want die **oogmerk** van die kunstenaar is goddelik. As priester en profeet is hy / sy rigtinggewend en beskou die Bybel as die grondslag van die kunsskepping. Godsdienstig-sedelike, asook menslike norme, geld vir hierdie kunstenaar.

### 2.3.3 Koninklike amp

Die mens heers oor die aarde en volgens Psalm 8:6-9 is alles onder die mens se outoriteit. Van der Walt (19cf:11) maan dat 'n verantwoordelike heerser die skepping sal voortsit, maar nié op 'n eiewettige en alvermoënde manier nie. Kunstenaars / mense wat hulleself wy aan hulle Godgeskape lewe, is priesters; die ondersoekende mens / kunstenaar is profeet. Heerskappy word verkry wanneer hy / sy waarlik priester én profeet is (Wielenga, 1939:210, 214). Hoe getrouer en waardiger die kunstenaar in sy / haar drie ampte vertoon, hoe groter sal die kunskwaliteit wees.

Ten slotte waarsku Wielenga (1939:262) dat die kunstenaar wat van God verwyderd geraak het, die mooiste kunsvoorbeeld en -ideaal verloor het. 'n Kunstenaar lós van God en sy Woord, kan nie God se doel nakom nie – alles is ydel, vrugteloos en sonder oorwinning. Ongehoorsaamheid sny die kunstenaar van sy / haar allerheiligste werkplek af; beroof hom of haar van werkmiddele; en sluit die toegang tot die lewensboom wat aan sy / haar kuns lewe gee (267). Wielenga betreur dit dat die kunstenaar dan sy / haar drievoudige amp versaak het – vir die ontroue priester wat sy rug op God gekeer het, is diens in die ”tempel” waar visie van God verkry is, verbode; die bevreesde profeet het nie meer 'n boodskap nie; die onttroonde, wegkruipende koning hoort nie meer in die “paleis” nie.

## 2.4 KUNS AS UITDRUKKING VAN KREATIWITEIT

Kuns, in die sin van kreatiwiteit, het geen formele, omvangryke **definisie** waarin die elemente van kreatiwiteit vasgevat kan word nie en manifesteer nét in die uitdrukking van kuns self, asook deur die vrug daarvan – die kunsproduk (Andrejec, 2004:57). Volgens Weiner(2001:1,55) het die woord kreatiwiteit nie voor 1870 bestaan nie en is eers in 1950 algemeen gebruik. Weiner voeg egter by dat George Ruttenham alreeds in 1589 die woord “create” (skep) in Engels gebruik het vir die aanduiding van menslike aktiwiteite in ooreenstemming met God wat ‘n skeppende God is. Weiman, ‘n Amerikaanse teoloog, het kreatiwiteit óók aan die goddelike

verbind (Piirto, 1992:8). Volgens Piirto was dit ‘n ou idee want die Grieke het poësie goddelike “malligheid” genoem. Die verbintenis van kreatiwiteit aan goddelikheid het die term meer uitgebrei. Die navorser reken dat God in baie van die latere definisies van kreatiwiteit egter buite rekening gelaat is.

Seerveld (2000:8) definieer kreatiwiteit verder as ‘n voorwerp of gebeure wat vir waarneming deur die sintuie bedink, ontwerp en gestruktureer is. Dit word gekenmerk deur vindingryke afwerking wat ‘n eie, onafhanklike identiteit oplewer. Vir Turner (2001:38) is kuns iets wonderliks, al kán dit ‘n afgod word as dit God vervang en in die sekulêre gemeenskap ‘n onderwerp van ‘n godsdienstipe word. Wilson (1981:6) reken kuns kan in baie opsigte ‘n goeie óf slegte invloed op die lewe of gemeenskap hê, maar boweal is dit bedoel om ‘n Godgegewe gawe aan die mens in die wêreld te wees wat slégs moontlik is deur Hom, die Skepper.

Wielenga (1939:7) en Kilby (1981:46) beskou kuns as ‘n skeppende handeling van die mens wat skoonheid vertoon en ‘n innerlike belewenis van pyn en / vreugde vergestalt. Huizenga (1981:75) meen kuns is die mens se lewenslange soeke na doel en betekenis; ‘n poging om deur simbool / metafoor eenheid aan sy versplinterde bestaan te bring, asook om sy psigologiese en geestelike lewensareas te verstaan, te beheer en te veredel. In Huey-Heck en Kalnin (2006:65) se boek sê Madeleine L’Engle dat die mens skryf, musiekmaak en prente teken omdat elkeen vir betekenis luister en heling soek.

Wielenga sê die kunste kan groot dinge vermag wanneer dit deur ‘n **Goddelike** geloofsontroering gestu en gevoed word (365). Hierdie outeur beklemtoon dus dat daar `n onlosmaaklike verband tussen kuns as uitdrukking van kreatiwiteit is en die Godgegewenheid daarvan uit die hand van die Skepper, as die Bron van ware kreatiwiteit

Kuns speel ook ‘n **verskeidenheid rolle** in die menslike lewe – die opwekking van emosie en uitdrukking van hartseer, lof en verheerliking, maar dit vergestalt ook die mooie in die alledaagse ervaring (Begbie, 1991:207). Die innerlike word deur kuns bekendgemaak vir kennisname van ander en die self, en toon ook die menslike behoefte om die uiterlike wêreld van sy vreemdheid te stroop (Begbie, 1991:19; de Grunchy, 2001:60). As uitdrukking van die waarheid kan kuns nie die wanorde van die skepping miskyk / ontduik nie. Volgens Begbie sou dít selfbedrog en onverskilligheid toon (213-214). Die tragiese, lelike lewenstotaliteit kan holisties volledig, en soms selfs mooi, uitgebeeld word (Martin, 1990:61; de Grunchy, 2001:57).

Seerveld (1963:37) verwerp die "**inspirasie"** van die kuns of "muse" volgens Plato, as 'n mite. Die outeur is bang dat dít die uniekheid van God se kreatiwiteit sal bedreig en dat menslike kreatiwiteit vergoddelik sal word. Behalwe vir die geïnspireerde Skrif (2 Tim. 3:16) is letterkunde en die ander kunste *menslik* en nié goddelik nie. In hierdie "inspirasie of goddelike oorname" van Plato, is die kunstenaar 'n passiewe werktuig in die hande van 'n onweerstaanbare mag. Dít sou ook volgens Begbie (1991:227-228) die kunstenaar se vryheid beëindig omdat hy / sy dan sou moes werk soos die "inspirasie" voorskryf. Geesvervulde kuns verwesenlik eintlik vryheid (2 Kor. 3:17 – ".... waar die Gees van die Here is, is daar vryheid."). Daarom praat Begbie eerder van **"Gees-inisiëring"** wat 'n proses van *interaksie* bemagtig en onderhou – die interaksie impliseer die kunstenaar se betrokkenheid by die onderwerp, artistieke medium, mede-kunstenaars én die gemeenskap. Hierby voeg Von Balthasar (1964:163) dat die gebed van die kunstenaar vir die régte gees en die régte soort inspirasie, nog altyd effektief was. Groot genialiteit kan nie tot die hart van skoonheid deurdring sónder die ontvanklikheid en hulp van die Heilige Gees wat die mag van liefde het om te skep. Von Balthasar meen dat die afwesigheid van liefde die "koudheid" van kuns verklaar. Dit kan slégs van 'n kunstenaar wie se hart ingestem is tot die kuns van God, verwag word om orde en verskuldigde eweredigheid in die verwarring en chaos van die teenswoordige te vestig.

Die mens is volgens Carrick (1993:25) geskep met die **vryheid** om dinge selfstandig en onafhanklik van God te doen. Omdat die mens egter na God se beeld geskape is, moet Hý verheerlik word deur die ontdekking en openbaring van roem in die wêreld. Dít sal 'n onselfsugtige fokus gee om kreatiwiteit én verhoudinge op seënryke kanale te rig. Begbie (1991:178-179) konstateer dat die verkryging van vryheid deur outonome sélfgerigtheid, selfverydelend is. Die Heilige Gees bevry die mens van selfbehepte eiewil en ontduiking van die waarheid sodat die persoon op die Vader se liefde en wil kan reageer.

Enige vryheid behels ook **beperkings en verantwoordelikhede**. Paulus rig in Galasiërs 5:13 'n ernstige waarskuwing aan gelowiges: " . . . julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik om sonde te doen nie . . ." Kuns wat toegewy is aan die Skepper- God, kompliseer die kunstenaar se taak as gevolg van die groter verantwoordelikheid wat daarmee gepaard gaan. Buffinga (1930:95) meen 'n groot gawe, verhoog die verantwoordelikheid ten opsigte van die goeie gebruik daarvan. Daarom gee artistieke vryheid glad nie 'n "artistieke lisensie" vir bandeloosheid / losbandigheid nie. Die kunstenaar sal eendag voor Jesus Christus verantwoording moet doen vir elke artistieke daad (Best, 2003:113; Seerveld, 1995:23). Dieselfde ideë word deur Goudzwaard (1977:2) gehuldig; die mens staan "coram deo" – voor

die aangesig van God, wáár hy / sy ookal in die lewe staan. Elke kunstenaar is dus voor God verantwoordelik vir elke kunsproduk. Soos die drie slawe in Matteus 25:14-30 wat elkeen een of meer goue muntstukke ontvang het, sal die Hemelse Meester ook eendag openbaar hoe gegewe talente gebruik en benut is. Prediker 11:9 het al gewaarsku dat God rekenskap sal eis oor alles. Daarna het Jesus Christus in Matteus 12:36 gepraat oor elke ligsinnige woord waarvan in die oordeelsdag rekenskap gegee sal word. Of hierdie woorde geskrewe is of selfs as 'n boodskap in visuele kuns uitgedruk is, gaan geen verskil maak nie. Paulus sê onomwonde dat elkeen oor homself aan God rekenskap sal moet gee (Rom. 14:12).

Buffinga (1930:99) sê dat kuns die uitvloeisel is van God se algemene grasie / genade. Hiermee stem Myburgh (1982:3, 33) saam, maar noem dat 'n kunstenaar selfs dié geïnspireerde werking van die Heilige Gees kan ontken. By die gelowige kunstenaar werk die besondere / soteriologiese genade van die Heilige Gees saligmakend, in aansluiting met die algemene werking. Myburgh voer aan dat die kuns van die gelowige en ongelowige sal verskil ten opsigte van die *dryfveer* / motief agter die kunsskepping. Daarom suggereer kuns as uitdrukking van kreatiwiteit altyd 'n **verbintenis**. Seerveld (2000:14-15) konstateer dat die aandrywende krag van die kunstenaar tussen die lyne van die kunswerk bespeur kan word. Die outeur meen dat elke kunswerk en artistieke daad van mense 'n gees van verbintenis toon aan die ware God, geopenbaar in Jesus Christus óf 'n onderdanigheid aan 'n afgod; 'n verbintenis aan die waarheid óf die leuen van ydelheid. Die besondere genade van die Heilige Gees in 'n geredde mens se lewe sal openbaar word in positiewe uiting om **God** te behaag.

Kuns kan in Wilson (1981:51-52) se opinie nooit **neutraal** wees nie want dit is altyd 'n bevestiging van iets en nooit nét ter wille van kuns nie. Wilson sê voorts dat géén menslike aktiwiteit op énige gebied as geïsoleerd óf opsigself bestaan nie – alle dade bring reaksies en 'n ware kunswerk sal op een of ander manier kommunikeer. Elke kunstenaar maak 'n verklaring deur middel van die kunswerk en neem 'n bepaalde standpunt in, óók met betrekking tot die werklikheid. Seerveld (1963:28) beaam dat die kunstenaar simbolies uiting gee aan sy / haar hartsinhoud, visie, wêreldbeskouing en manier van liefhê. Daarom kon T.S. Eliot die moontlikheid van verlossing van karakters in sy werke erken as gevolg van sy Christelike verbintenis – 'n ware geloofsbelydenis deur sy lewe én werk.

Belangrike **kunsnorme** bestaan waardeur die suiwerheid en mooiheid van hierdie artistieke gebied bewaar kan word. Die vereistes vir kuns is om:

- waardes te skep en nie te vernietig nie;
- mooi, waar en positief te wees;
- na eenvoud in ‘n gekompliseerde wêreld terug te keer;
- oplossings te vind om ingewikkelde probleme te verminder in plaas van die skepping van nuwes.

(De Crunchy, 2001 :74-75)

## 2.5 VERDORWENHEID VAN KUNSBEOEFENING

Wanneer kuns as uitdrukking van kreatiwiteit deur sondige motiewe gedryf word, raak dit verdorwe. God het kreatiwiteit aan die mens gegee as ‘n gawe, soos in 2.2 aangedui is. Omdat die mens as Godsgeskapene met sy skeppingsvermoë beklee is, behoort hy / sy die wonderlikste kuns voort te bring. Calvyn wys daarop dat 'n tekortkoming van die mensdom is om die kennis van God, verkry deur middel van die wonderlike werking van die natuur, te vernietig sodat dit níe goeie en egte vrugte kan dra nie (Calvyn, 1984 [1559] Inst. Lix:148). Seerveld (2000:28) beaam dat kuns verdorwe kan wees deur ydelhede, trots en hoogs gesofistikeerde afgodery in plaas daarvan om die naaste op te beur en God te loof. Met die sondeval het die mens téén God gekies en die mooiste gawe ook besoedel.

Die kreatiewe hart kan só gebonde wees aan die verlede dat dit nie meer lofprysend uiting gee aan hulde tot God nie want die visie is afgestomp. Kunstenaars wat vroeë ouerverwerping ervaar het, raak verstrik in gevoelens van verwerping en twyfel oor hul menswaardigheid, asook in agterdog en ontnugtering. Deur die sondeval het mooi dinge soos kreatiwiteit verlore en verduister geraak en is verhoudings verniel en belemmer: die mens-God verhouding, asook die mens-mens verhouding. Die beskadigde ouer-kind verhouding, as gevolg van ouerverwerping, is ‘n voorbeeld van laasgenoemde.

Die sonde versteur die kultiverende taak van die mens. Met die Sondeval het die mens weggedraai van God na vals gode / godsdienste. Daarom sê Seerveld (1980:28) het die sonde nog altyd sy skaduwee oor die kuns en alle kulture gegooi. Dit verdraai die mens se aangebore kulturele funksionering tot die vloek van verwaandheid. Die bou van die toring van Babel in Genesis 11:1-4 is 'n goeie voorbeeld van hierdie arrogansie en verwringing van God se goeie gawes. Die navorser is van mening dat die implikasies van die sondeval wesenlik daarmee te

doen het dat mense, ook kunstenaars, nooit besef het dat hulle in hul eiegeregtigheid en verdraaide perspektiewe, God, die Skepper en bron van hulle kuns, vervloek en ignoreer nie.

Turner (2001:68) beaam dat sonde kunstenaars se waarnemings kan verdraai en dat trots, selfsug en onkunde sy / haar visie kan verontreinig. Die outeur wys egter daarop dat die sondeval nié kreatiwiteit in die wêreld vernietig het nie. Die sondige natuur van die mens veroorsaak wél dat 'n kunstenaar sy / haar kuns téén God kan gebruik – deur ontkenning van sy bestaan en bespotting van die Christelike Kerk. Myburgh (1982:23) sê hierdie behoue kunsvermoë is deel van God se algemene / kosmologiese genade. Myburgh beaam dat kuns 'n instrument van die sonde geword het, en dat die mens se houding teenoor God verander het. Fitzpatrick (2001:130-134) beklemtoon dat mense, ook kunstenaars, as gevolg van die sondeval, sélfgesentreerd in plaas van Gódgesentreerd geword het. Mense:

- lewe vir hulle eie eer in plaas van God s'n;
- soek geluk in eie oordenking;
- maak staat op hulle eie begrip en insig in plaas van onderwerping aan God se Woord;
- se begeerte om te heers het wreed, eisend en selfgefokus geword;
- hunker na ander se respek eerder as God s'n;
- werk vir eie genot ter wille van gemak, sekuriteit, goedkeuring, aanvaarding of belangrikheid, in plaas van uit liefde vir God;
- se verhoudings is selfsugtig ter wille van eie eer en bevrediging in plaas van om die naaste te dien en lief te hê.

Barnes (1991:69) stem saam dat mense in die angstigheid om die lewenseise baas te raak, hulle eie behoeftes vooropstel. Die navorser is daarvan oortuig dat die verwonde kunstenaar die duiwel se leuens glo dat sukses, kreatiewe produksie, asook mense se goedkeuring en aanvaarding deur middel van kuns, die sieleleemtes sal vervul en die behoefte na waarde, sekuriteit en liefde sal bevredig. Só poog mense, asook kunstenaars, in sonde om hulle behoeftes sélf te vervul asof hulle gode is. Barnes waarsku dat “god speel” in alle lewensareas behalwe godsdiens, erkenning van God al moeiliker maak (104). Sonde vernietig die intimiteit met God, soos met Adam en Eva gebeur het; die mens raak die pad na God byster en kan net deur God se genade gered word (89). Daarom voeg Barnes by dat sonde ook substituut gode aanbid wat meer verstaanbaar en hanteerbaar, asook minder misterieus as God is. Hierdie gode, soos werk, sukses, mense se aanvaarding en goedkeuring bevredig egter nie omdat die mens geskape is met ‘n hunkering na die Heilige God (106). Uiteindelik ontdek mense, asook

kunstenaars, dat substituut gode té veel van hulle verg, hulle dreineer en versmoor. Murphee (1976:21) het in die sewentiger jare beklemtoon dat klein afgodjies faal en die mens terugdryf in desperaatheid na die betekenisloosheid, leegheid en ontoereikendheid van lewens sonder God.

Kunstenaars wat sónder God lewe bring dan hierdie verkeerde houdings in hulle kuns in en besoedel só hulle kunsproduk. Myburgh (1982:32) erken dat 'n tweeledigheid in kuns bestaan – dit ís 'n produk van die gevalle wêreld, maar met 'n skeppingsheerlikheid daarin. Laasgenoemde kom deur die heiligende werk van die Heilige Gees.

Van Speybroeck (1991:7) dui aan dat kunstemas en – motiewe in die **vroeër tyd** aan godsdiens ontleen was, maar in die moderne tyd het kuns selfstandig geword en is godsdiens minder belangrik. Van der Leeuw (1955:11) meen dat kuns en godsdiens eens op ‘n tyd naby aan mekaar was, soos dit nou nog by die primitiewe volke is: ‘n lied was ‘n gebed, drama was ‘n godespel en dans ‘n erediens / verering. Gaandeweg het ‘n skeiding egter tussen godsdiens en kuns plaasgevind. Pattison (1998:7) stem saam dat die modernistiese najaag van outonomie soortgelyk is aan die ou hardnekkige selfliefde wat vanaf die Sondeval die menslike geskiedenis vasgehou het. Die moderne kuns wys die vrugte van die tydgees – ‘n wêreldbeskouing sonder God en norme. Picasso is die belangrikste voorbeeld van die gees van nihilisme – selfs sy godsdienstige onderwerpmateriaal was vervloekings van God eerder as uitdrukking van geloof. Murphee (1976:31) voeg by dat Nietzche ook by ‘n posisie van nihilisme uitgekom het nadat hy God verwerp het. Die mens is geskep vir God, maar geïsoleer van Hom, bevind só ‘n persoon hom / haar in ‘n waardelose niks.

Die benadering tot kuns het deur die eeue verander. Gedurende die Renaissance is die mens se *selfgesentreerdheid* vooropgestel en is God as die sentrale verwysingsraamwerk vir die beoefening van kuns vervang (Hoffman, 1996:25). Die verband met die godsdiens het volgens Van der Leeuw (1955:295-296), ná die Renaissance meer uiterlik geword. Alhoewel ‘n kunsmatige verband met die godsdiens deur die keuse van religieuse stof óf ‘n gewyde onderwerp gesoek is, reken Van der Leeuw nie dat die uidrukking van die heilige in die kuns ooit daardeur bereik kan word nie. In die **laat 18de en vroeë 19de eeue** word verheffing van die indiwiduele self volgens Weiner (2000:78) in twee benaderings teenoor kreatiwiteit gereflekteer. Aan die eenkant is die **Romantiese** poësie en kuns met die fokus op *inspirasie*, *verbeelding* en *selfuitdrukking* van die kreatiewe genie. Leonard (1989:49) meen dat Romantisme voldoen het aan die behoeftes van dié wat aan ‘n lewensverarming of –uitputting gely het, en rus, stilte, asook selfverlossing in kuns en kennis gesoek het. Vir Kierkegaard was

die sekulêre alternatief tot die Christendom, naamlik Romantiese kuns, ‘n onaanvaarbare oplossing vir die raaiselagtige menslike bestaan (Pattison, 1998:22-24). Die Romantici soos Schlegel het **God** vervang met die oneindige kreatiewe menslike verstand – ‘n selfhandhawing van die ménslike wil teenoor God s'n. Die kunswerke van die Romantici toon ‘n lewensleegheid, gebaseer op die estetiese verbeelding. Pattison meen die Romantici het ook die gaping tussen die ideaal en werklikheid wat kuns openbaar, misgekyk. Hy wys daarop dat kuns nié die mens met die werklikheid waarin hy lewe, kán verenig nie.

Aan die anderkant, het die tweede benadering ‘n groter rol gespeel, naamlik die **Verligting** (Weiner, 2000:78). Hier was die fokus op vindingrykheid, uitvinding en probleemoplossing. Weiner sê die kreatiewe individu – die *selfgemaakte mens* met sy / haar selfuitgewerkte bestemming – is in áltwee benaderings.

Irvine en Dawtry (2002:11) toon dat die **Industriële Revolusie** van die 18de en 19de eeue kuns grootliks van godsdiens afgeskei het – die mens het in eie reg skepper geword eerder as mede-skepper saam met God, soos kunstenaars dit gedurende die Hervorming begryp het. Die kunsbedoeling verskuif van verheerliking van Gód na ménslike genot en ontspanning. Die outeurs betreur dit dat die kuns van die 20ste eeu toenemend indiwidualisties en outobiografies geword het sonder gemeentelike óf liturgiese imperatief vir die gebruik van die Bybel as ‘n vertrekpunt vir inspirasie. Die navorser beaam dat dit ‘n tragedie is dat God, die bron van kuns, vergeet is. Dit is dan te verstane dat die mens in die kunste tevergeefs soek na geestelike betekenis.

Wanneer kuns, ontdaan van die openbaring van Christus, beoefen word, kan die effek op die gevalle mens gesien word: sonde word maklik geregverdig vanuit die perspektief van vermaaklikheidswaarde; grense van reg en verkeerd vervaag onvermydelik waar misplaasde identiteit deurdring (Dekas, 2000:15). Uiteindelik vorm misleide identiteite misleide lewens, waarin sonde naderhand opgehemel en selfs nagevolg word – sondige kuns vir sondige mense. Jare tevore het Wielenga (1939:282) beweer dat kunsprodukte wat nié aan die innerlike opbou van die mens beantwoord nie, onsinnig, waardeloos en verderflik is. Wielenga het bygevoeg dat kuns opheffend moet wees in plaas van afbrekend, anders sal die werk besmetlik in plaas van suiwerend wees (356).

Ophemeling van sonde of slegtigheid deur kunswerk is volgens Van der Walt (19cf:21-22) nié ‘n kunswerk nie – boosheid moet omvorm word en nie deur die vormgewing van die kuns verérger

word nie. Die outeur sê voorts dat kuns nóóit tot oneer van God en skadelik vir die mens as sy beelddraer mag wees nie, maar altyd diensbaar aan God (24). Daarom moet kuns te alle tye oop bly, boweal vir die geloof, reinheid en vir God (Pattison, 1998:41).

Wilson (1981:27-29) noem die **20ste eeu** ‘n eeu van verlore drome met ‘n groot meerderheid mense wat sinlose, eentonige, oninteressante lewens ly in ‘n wêreld van massaproduksie. Dit geld sekerlik ook vir die 21ste eeu. Wilson is spyt dat die gesiglose massamens van die massa-eeu gekom het in die plek van die unieke indiwidu, geskape na God se beeld. Die mens word nie meer gesien as sterk, edel en waardig soos in vroeëre kunstenaars se visie nie. In ‘n kultuur wat mense depersonaliseer, vra mense wanhopig na hulle identiteit, ontstaan en agtergrond, hulle lewensbetekenis, asook lewensrigting en –bestemming (Roper, 1979:2). Die “versplinterde spieël” van die huidige kultuur openbaar volgens Wilson (1981:27) die verdraaidheid en fragmentasie van mense sonder bestemming. Laasgenoemde outeur meen dat die mens se isolasie, eensaamheid, vervreemding en disintegrasie in hulle kúns gesien kan word. Die oorheersing van die erotiese en groeiende bekoring van geweld, toon iets van die mens se strewe om sy essensiële mensheid te bevestig. Toneelskrywers wys die menslike dilemma, maar het sélf geen antwoord nie; skilders en ander kunstenaars openbaar die afskuwelikheid en pyn van die moderne wêreld sonder die aanduiding van oplossings. Die moderne leeftyd is een van innerlike disintegrasie, pogings tot integrasie en ‘n eksperimentering met die primêre temas van die menslike bestaan (Jacobs, 1988:110). Volgens Schmidt (1989:346) is mense nie sondig as gevolg van hulle aardse beperktheid nie, maar omdat hulle hierdie beperktheid hanteer deur liefde vir die donkerte en verwerping van die lig (Joh. 3:19).

Die pogings om betekenis in ander dinge te probeer vind, het ‘n naarstiglike soektog aan die gang gesit. Mense erken nie hulle Goddelike oorsprong en hulle ontologiese afhanklikheid van God nie en kan nie die volheid van selfwees soos kinders van God uitlewe nie (Joh. 1:9-11). Die outonome of selfregerende self omskryf eerder hom / haar deur die sélf – ‘n mensgerigte in plaas van ‘n Godgerigte bestaan. Calvyn het eeue gelede beklemtoon dat God agterweë gelaat word en drome, asook illusies of skimme, in sy plek gestel word (Calvyn,1984 [1559] Inst. I.ix:148). Gevolglik dra die mens die lofuitinge tot regverdigheid, wysheid, guns en mag vanuit die Goddelike bron daarvan, op iets anders oor.

Seerveld (1963:12-13) beklemtoon dat die neo-heidense gees waarin God en die kerk verdwyn het, ‘n allesomvattende verlies aan orde, sekerheid en sekuriteit in die wêreld laat ontstaan het. Ashbrook (1996:177) voeg by dat die mens altyd koppeling aan ‘n voorwerp soek en probeer sin

maak uit onverstaanbare probleme.  Ashbrook noem dat Augustinus al opgemerk het dat die mens altyd hom-of haarself konfronteer om gevoel en betekenis aan ‘n gebeure / ervaring te heg. Vir Wilson (1981:41) lei dié soeke na “iets anders” óf ‘n dieper, hoër werklikheid; ‘n mistisisme in veral seks en godsdiens:

**Ten opsigte van mistisisme in die uitbeelding van seks:**

Die mens sonder God maak staat op *menslike* liefde vir inspirasie en vertroosting omdat geluk nie meer in die aanbidding van God gevind word nie (Wilson, 1981:42).  Seks word in skilderye uitgebeeld, wemel in letterkunde en selfs beeldhouwerk is dikwels eksplisiet suggestief.

**Ten opsigte van mistisisme in godsdiens:**

Volgens Wilson (43) probeer die verslae moderne mens terugkeer na die Christelike sekerhede van die 18de eeuse Christen sonder dat hy / sy énige kennis van God het.  Seerveld (1995:6, 8) kritiseer die voorstel van sommige mense vir die kombinasie óf samevoeging van materiaal uit die Christendom en elders.  Daarenteen het Augustinus gereken dat waarheid en skoonheid van die ongelowiges oorgeneem en wél tot God se lof omskep kan word.  Seerveld keur hierdie siening af want hy reken dat die “gemors” dan sáám met die “geestelike” goed oorgeneem word.  Kuyper en ander filosowe van die Hervorming het ook geprotesteer dat hierdie “halfgebakte brood” die Christen se visie verblind, asook die najaag van kuns met 'n Bybels-Christelike beginpunt, belemmer.  Kuns sal nie deur die inname van sosiale en geestelike geloofsillusies bevry word nie (Pattison, 1998:8).  Net één geloofwaardige uitweg bestaan in hierdie situasie – 'n konsekwente, konserwatiewe teologie wat die realiteit van 'n bonatuurlike God en die geloofskontinuïteit beklemtoon.

Wilson (44, 46) veroordeel kunstenaars se gebruik van Christelike simbole ter wille van die skyn van Christelike kuns – 'n onbybelse geloof as gevolg van 'n behoefte aan “iets daar.”  Die outeur verwys na Salvadore Dali wat in sy skildery die *Laaste Avondmaal*, sy **eie** werklikheid skep – 'n spookagtige, mistiese Christus in wie hý eintlik géénsins belangstel nie (sien figuur 2).  In teenstelling toon Rembrandt se *Laaste Avondmaal* sý siening van 'n betrokke Christus wat deel van die mens se wêreld is (sien figuur 3).



Figuur 2 - *The Sacrament of the Last Supper*



Figuur 3 - *The Last Supper*

Jesus het in Matteus 12:33-34 daarop gewys dat 'n boom aan sy vrugte geken word. Die vrugte is die kunswerk / produk wat die kunstenaar se innerlike openbaar of blootlê. Jesus sê in vers 35 dat die *goeie* mens die goeie te voorskyn sal bring uit die oorvloed goeie dinge in sy hart, én andersom.

Buffinga (1930:18-19) het jare gelede al gesê dat kuns met 'n mooi uiterlike, maar leë, onsedelike inhoud, teenstrydig is, want inhoud en vorm moet mekaar dek. Veel later bevestig Seerveld (2000:167-168) dat 'n **uiterlike** in plaas van **innerlike** Christelike verbintenis, onegte, vals dade sal produseer. Wanneer oppervlakkige verskynsels die aandag kry, in plaas van die wesenlike aspekte, sal die "Christelike" kunsaspek 'n versiering / bygevoegde formule wees. Dit herinner aan Jesus se verwysing na Jesaja 29:13 - "Hierdie volk eer My met hulle *mond* maar hulle *hart* is ver van My af ...." (Markus 7: 6,7 ). Jesus was self uitgesproke oor 'n skynheilige uiterlike. In Matteus 23:26-28 word die Fariseërs skerp aangespreek: "... maak eers die *binnekant* van die beker skoon, dan sal die buitekant skoon wees (vers 26); "... julle is soos witgeverfte grafte wat van *buite* mooi lyk, maar daarbinne vol doodsbene en allerhande onsuiwerheid is" (vers 27); "So is julle ook – van *buite* lyk julle vir mense vroom, maar van *binne* is julle vol huigelary en minagting van die wet" (vers 28). As 'n kunswerk nie aan die Evangelie ondergeskik gestel word nie, word onwaarheid deur mooiheid verdoesel.

Pattison (1998:6-7) verklaar dat die 1983 uitstalling "Prophecy Vision" misluk het om `n nuwe rigting in die bestaan van godsdienstige kuns te vestig. Veral Anthony Green se selfportret van 'n gekruisigde Christus weerspieël die kenmerke, krisisse en versplintering van waardes in die Laat Modernistiese wêreld. Volgens Pattison, meen Suzi Gablik dat die kontemporêre skilder, Julian Schnabel se *Portret van God* 'n meer verontrustende rigting aandui, naamlik dat God net 'n ander manipuleerbare beeld is. Ál hierdie kunstenaars is voorbeelde van sekularisme wat afgesny is van die geloof in 'n verhewe God. Die Bybel is uitgesproke oor valsheid en voorgee. 1 Kronieke 28:9 en Jeremia 17:10 praat van die Here wat die hart en verstand toets, deurgrond en ken. God kán nie bedrieg word deur 'n sogenaamde Christelike tema, waarvan die bedoeling nié is om Hom te eer nie. Op twee plekke veroordeel Hosea 'n vals uitroep ná en sondebelydenis tót God – sónder dat dit hartgrondig was (Hos. 7:14 en 10:2). In Jeremia 12:2 word die goddelose, ontroue mense aangespreek omdat hulle die Here se naam op hulle lippe geneem het sónder dat Hy in hulle harte was.

Dit lyk asof alle bewegings, wat gespruit het uit menslike leegheid, 'n soeke was na die uiteindelike werklikheid – die waarheid wat uiteindelik in Jesus Christus te vinde is. Indien oplossings, antwoorde en heling in die beoefening van kreatiwiteit gesoek word, sal kunstenaars misluk en verydeling ervaar want op baie plekke in die Bybel word die mens aangeraai / aangesê om **God** se hulp te soek, soos in Psalm 69:33 - "... dié wat by God hulp soek, sal moed skep, . . . " Die belangrikste woorde kom uit Jesus Christus se mond in Matteus 7:7-8 en Lukas 11:9 – "Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop ..... elkeen

wat soek, kry ....”  Murphee (1976:35) reken dat die mens in verhouding met God níe meer sal soek nie en níe meer ‘n identiteitskrisis sal beleef nie, maar sy / haar bestaansdoel sal verstaan, asook die sekuriteit van belangrikheid, rigting en bestemming sal beleef.

Vir Wilson (1981:40) lyk dit asof die doel en betekenis van kuns verlore gegaan het omdat dit verklein is tot 'n vermaaklikheidsmiddel en 'n afleiding van die sinlose lewe.  God se kunsgawe is gegee ter wille van die vreugde van menseharte;  stimulering van denke, asook verbeelding; verryking van lewe en ervaring;  en verruiming van visie.  Wilson (1981:92, 96) veroordeel **banale en inskiklike** kuns wat nie ontstig, uitdaag óf die mens se lewe verdiep nie.  Vir Wilson is dit ‘n ontkenning daarvan dat die geloof toepaslik is op élke lewensaspek.   In die Bybel word ontstellende lewensrealiteite nie verswyg of versuiker nie.  ‘n Mens dink aan Job se ellende en Hiskia se siektes;  Dawid se sonde en Jakob se bedrieëry;  Sarai, Ragel en Hannah se kinderloosheid;  Naomi en Dawid se hartseer oor die verlies van hul kinders.

Wilson veroordeel ook **oneerlike** kuns wat met sy valsheid / huigelagtigheid ‘n swak getuienis is vir ‘n verlore wêreld.  Mense in die Bybel was altyd eerlik in hulle kuns.  Daarom is hulle poësie / skrywe tydloos en nóg toepaslik vir elke situasie / gebeure.  Job was blatant eerlik in sy opstand teen God – “Ek roep na U om hulp, maar U antwoord my nie.  Hier staan ek, maar U steur U nie aan my nie” (Job 30:20).  Dawid het hierdie selfde wroeging gehad oor God se swye:  Psalm 10:1 – “Waarom staan U so ver weg, Here?  Waarom trek U U terug in tye van nood?”  Hierdie wanhopige vrae word in die Psalms (13:2; 22:2-3) herhaal.  Na ál die eeue kan elke mens wat wroeg oor God se swye en oënskynlike afwesigheid, bemoedig word deur Job 42:1-2, 5 en Dawid se geloofsekerheid oor God se hulp aan die einde van sy Psalms.  Dawid is eerlik met betrekking tot sy emosies, asook sy hartgrondige berou in Psalm 39:3,4 en Psalm 51 onderskeidelik.  Jeremia betreur sy geboorte in Jeremia 15:10 en verwyt God openlik in vers 18: “Ek kan nie op U reken nie, net so min as op ‘n stroom wat nie standhoudend is nie.”  Die Here se kalm antwoord wat nie uitkryt / verwyt nie, maar sy taak teruggee (vers 19), gee elkeen die vrymoedigheid om met God te stoei, selfs oor die onverstaanbaarheid van ouerverwerping, en te weet dat begrip sal volg.  Daarom kan ‘n kunstenaar ook eerlik wees met betrekking tot sy of haar diepste emosies – óók omtrent die seer van ouerverwerping in die kinderjare.

Turner (2001:40-41) dui aan dat **onrealistiese** Christelike fiksie dikwels beskrywings van onreinheid, onkuisheid en aaklikheid sal uitsluit om 'n nie-intimiderende wêreld te probeer skep. Dit doen die Bybel egter glad nie omdat gebeure daarin nie verswyg word nie.  Die Bybel vertel van verraad:  die volle, ontstellende werklikheid van Absalom se verraad teenoor sy vader, van

Dawid en Judas se verraad, maar ook van getrouheid en lojaliteit: Jonathan se lojaliteit teenoor Dawid en Rut s'n teenoor Naomi; Petrus se verloëning van Jesus, maar ook sy bittere berou en latere bevestiging van liefde vir sy meester; Josef se broers se hardheid, maar ook hulle latere hartsverandering. Taylor meen dat nadenke oor die lewe ook onvermydelik met die onvolmaaktheid daarvan te doen sal hê. Die negatiewe en bose móét ook met die edele en positiewe gekontrasteer word sodat Christenwaardes kan triomfeer – soos die noem van die *opstanding* wat alle verwrongenheid omvorm (Begbie, 1991:19).

Wielenga 1939:282, 284) het lank tevore gewaarsku dat God se gawe van kuns toenemend in die stryd téén Hom en die wêreld gebruik sal word. Sodoende sal die wêreld verder verdorwe raak. Calvyn het ook gemaan dat die mens God se werke verduister of verdraai deur verkeerde agting daarvan. Sodoende word luister van sy werke en die verpligte eerbetoon daarvoor, van die Skepper weggeneem (Calvyn, 1984 [1559] Inst.Lix:148). Die gebruik van kuns vir selfverbetering, genesing ná vroeë ouerverwerping óf die ontlading van aggressie en woede teenoor die verwerpende ouer, toon 'n verkeerde waardering van kuns. Wielenga beklemtoon dat die kunste sónder God sal kwyn en sterf. Herstel van die kuns is afhanklik van die **vernuwing** van die mens se gees, hart en siel. In Esegiël 18:31 word mense opgeroep tot 'n hartsverandering en -vernuwing en in Esegiël 36:26 belowe die Here: "Ek sal julle 'n nuwe hart en nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggame uithaal en julle 'n hart van vlees gee." Paulus juig in 2 Korintiërs 5:17-18 oor die vernuwing in Jesus Christus: "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom ..." .

Turner (2001:20) meen dat dit noodsaaklik is dat Christen kunstenaars God wéér op die wêreldagenda sal terugplaas sodat mense weer aandag aan Hóm sal moet gee. Seerveld (1963:29) bepleit opstand van die Christene teen die ongelowige wêreld wat God in kuns vervloek. Christen kunstenaars moet wys dat Jesus Christus in hulle kuns **lewe** en dat Hý hulle genees en bevry het van die seer van ouerverwerping in die kinderjare. Turner reken dat die kuns 'n behoefte het aan: die wysheid en raad van Spreuke; die inhoud van Hooglied wat die huwelik as interessant uitbeeld; die boek van Job wat verlossing en God se toelating van pyn en lyding in sy algemene verlossingsplan aandui; die eerlikheid van die Psalms wat vrae stel én antwoorde verskaf, sowel as tye openbaar wanneer God afwesig lyk óf wanneer sy teenwoordigheid oorweldigend is (73-74).

Kuns moet weer 'n manier word van: reaksie op God se bevel om oor die aarde te heers; lof aan sy Naam en volbringing van sy wil in kuns (Seerveld, 1980:25). Dit word betreur dat die

mens die Godgegewe mond, oë en hande verkeerd gebruik: met die oë word wellustig gekyk en soms op doek weergegee; monde (en woorde op skrif) vervloek, vernietig, verwoes en belaster in plaas daarvan om God te loof; hande word nie gebruik om God se naam te dien, te werk en te help nie, maar vir die skep van lelike dinge (Boberstein, 1975:68, 75).

Seerveld (1995:22) raai die Christen kunstenaars aan om kunswerke te produseer wat hulle liefde vir God toon. Dít sal in teenstelling wees met die ongelowiges wat húlle vals gode vereer met uitspattige kleur en verdowende klanke, asook God dikwels in kuns vervloek. Von Balthasar (1964:142) meen dat die huidige tyd juis een is waar liefde afwesig is; waar dinge ontneem is van die weerkaatsende grootsheid / majesteit van die ewigheid. Daarom waarsku Von Balthasar dat dit selfs vir die Christen kunstenaar moeilik is om hierdie besmetlike invloed te vermy. Daarom sê Wilson(1981:92) word 'n sterk kuns benodig wat die Christelike beskouing van die mens se plek en verantwoordelikheid in die wêreld bevestig. Calvyn (1884 [1559] Inst. Lix:114) meen dat die jammerlike verval waarin die afvalligheid van die eerste mens die hele mensdom gewerp het, die mens moet dwing om oë weer hemelwaarts te verhef – om sy / haar onbeholpenheid te besef in vergelyking met die grensloosheid van God se gawes.

Seerveld (2000:37) konstateer dat die kunste weer Christelik sal word wanneer God in Jesus Christus as Here van die hele skepping bely word én as die kunste aan God, asook ook aan die naaste toegewy word. Die outeur vergelyk God se kunsgawe met “duur parfuum” wat uitgestort moet word – 'n kruik van troos en vreugde, verlossing en heling vir die liggaam van Christus. Die mate wat die kunstenaar aan God verbind is, bepaal watter **invloed** die kuns sal hê en die **rigting** waarheen dit sal gaan. Kreatiwiteit wat God se oogmerk soek moet herstel word tot God se oorspronklike plan daarmee – die mededeling van God en sy Seun aan die mens.

### 2.6 CHRISTELIKE KUNS AS UITING VAN GOD-VERHEERLIKENDE KREATIWITEIT

Etlike outeurs beklemtoon dat ‘n Bybelse onderwerp / tema beslis nie per se as Christelike kuns definieer kan word nie. Rookmaker (1985:1) wys daarop dat ‘n paar Bybelse temas al in ‘n humanistiese gees behandel is en byna alle dwaalleringe in een of ander vorm deur kuns uitgedruk is. Vir Rookmaker is Picasso se kruistonele eerder vervloekings as geloofsuitinge want dit was die manier waarop hy sy woede teenoor God losgelaat het. Daarenteen het Rembrandt nié altyd Bybelse stof gebruik nie, maar volgens Wielenga (1939:58-59), het hy die **Woord** beleef en gemeenskap met God, die eerste outeur van kuns, gehad. Sodoende is eenheid tussen kuns en die Bybel getoon. In Jeremia 8:9 word ‘n stelling gemaak en ‘n vraag

gevra wat ook die kunstenaar tot nadenke kan stem: “. . . Hulle het die woord van die Here verwerp, en wat baat hulle wysheid hulle nou?”

Tillich (Dillenberger,ed.,1987:191, 232; Palmer,ed.,1990:273) reken egter dat God in die sekulêre sowél as in die heilige teenwoordig is. Daarom kan die oënskynlik “ongodsdienstige” kunswerk van Picasso, naamlik Guernica, wat die bombardering van ‘n Spaanse dorpie uitbeeld, tóg magtig godsdienstig wees (sien figuur 4). Vir Tillich het Picasso in hierdie skildery deur ‘n eerlike opstand teen wreedheid en haat, angstig na die fundamentele betekenis gesoek en die menslike situasie sonder masker uitgebeeld. Die leegheid, sinloosheid, twyfel en verbrokkeling van baie Amerikaanse siele, asook die disintegrasie van die wêreld én die werklikheid, is ook ontbloot.



Figuur 4: Guernica (http:www.abcgallery.com/P/picasso)

Wilson (1981:55-56) stem saam dat kunstenaars dikwels Bybelse / godsdienstige beelde gebruik wat ‘n twyfelagtige Christelike beskouing toon. Turner waarsku ook dat Christelike kunstenaars *integriteit* verloor indien hulle poog om ‘n Christelike perspektief in die kunswerk te weerspieël terwyl Christelike gehoorsaamheid verontagsaam word. Hulle *getuienis* sal ook uiteindelik vanuit hulle werk verdwyn. Wielenga (1939:350) stem grotendeels met Turner saam wanneer hy sê dat die kunstenaar die waarheid deur kuns kan profeteer, en selfs mooi dinge

van die skepping kan sien én sê, sonder ware kennis van die Skepper. Dán word insigte en vergesigte bereik wat nie verder as ‘n eng, menslike horison strek nie.

Buffinga (1930:10-11) gee ook toe dat ‘n kunstenaar wat nié God se genadige weldade ken nie, tóg kuns kan produseer wat nie noodwendig on-Christelik, onwaar of vals is nie. God se versoenende vrede sal egter nooit oor só ‘n persoon se werk uitgegiet word nie. Myburgh (1982:24) glo dat súlke kunswerke God se wil opponeer wanneer die Godgegewe gawe deur die kunstenaar uit ondankbaarheid en nié tot sy eer aangewend word nie. Dikwels is die **bedoeling** ook verkeerd – selfgerig ter wille van eer, aanvaarding en goedkeuring van mense, óf innerlike bevrediging en vervulling, in plaas van **Godgerig** en tot sý lof. ‘n Nie-Christelike kunstenaar kan selfs volgens ‘n Christelike wêreldbeskouing produseer, maar Christelike kunstenaars se kunswerke word egter in terme van die Skrif gesien want híerdie kunstenaars besef hul gebondenheid aan **God** se oordeel (Schaeffer, 1981:88-89).

Christelike kuns word nie geproduseer nét omdat **Christene** dit doen en soms vir die kerk verrig nie, óf omdat die produksie idealisties en onskadelik is nie (Seerveld, 1995:49). Christelike kuns word vir Buffinga (1930:89) bepaal deur die **beoefenaar** en **gees** wat daaruit voortkom. Volgens Seerveld (2000:17, 30, 37) is dit ‘n heilige gees wat:

- Jesus se gesag vereer (17);
- deurdrenk is met God se genade (30);
- die werking van die Heilige Gees in die kunswerk vasvang (30);
- God in Jesus Christus as Here van die hele skepping bely en aan God, asook die naaste toegewy word (37).

Bartholomeu (2000:341, 385) voeg by dat Christelike kuns die nodigheid van versoening met God deur Jesus Christus moet aandui, asook die deurskemering van die kunstenaar se heilige lewe van sensitiwiteit, kennis en verbintenis aan God moet toon. Rookmaker (1985:1) ag dit belangrik dat die kunswerk ook die lewensvernuwing, wat die kunstenaar deur God ervaar het, moet uitwys. In sy / haar soeke na heling van die seer van vroeë ouerverwerping deur Godgerigte kuns, kan die kunstenaar 'n hartsverandering ondergaan, asook 'n innerlike restourasie en nuutmaking onder leiding van die Heilige Gees, beleef. Só 'n kunstenaar se kreatiewe werke sal dan spruit uit ‘n artistieke, begaafde, sensitief-bewuste en geheiligde verbeelding (Wilson, 1981:57). Vir Wilson is die belangrikste dat Christelike kuns ‘n artistieke

uitdrukking is van ‘n Christelike wêreldbeskouing, gewortel in God se openbaring vanuit die Skrif.

Roper (1979:18) voer aan dat Christelike kuns afhanklik is van die gees, wysheid en begrip van die werklikheid wat simbolies in die onderwerp geobjektiveer word. 'n Gelowige kunstenaar sal selfs die wrede werklikheid van die seer van die verlede saam met God bekyk, in kunsvorm omskep, die innerlike en uiterlike balanseer en daaruit sin maak. Hierby voeg Begbie (1991:138) veral die werklikheid van die sónde wat ontmasker moet word, asook die boosheid en ellende van die wêreld. Terselfdertyd moet God se genade geopenbaar word.

Ware Christelike kuns / verlossingskuns is ‘n kuns van genade. Sherry (2003:4-5) noem dat John Dixon begin het om na **verlossingskuns** te verwys as ‘n tipe Christelike kuns wat geokkupeer is met die verlossingsdaad en die soort wêreld wat voortvloei vanuit die skepping – in ‘n nuwe, betekenisvolle verlossingslewe. Dixon sê die kunstenaar sien en betreur die gebrokenheid van die sondeval, maar lewe in die heling daarvan en skep verlossingskuns. In laasgenoemde sal die heiligheid van Christus die kunsstof binnedring en toon dat die omvorming van die aarde deur Jesus Christus se genadewerking die belangrikste is – ten spyte van die lelikheid en wanorde. Die navorser is daarvan oortuig dat geen persoon dit beter sal kan doen as 'n kunstenaar wat uit 'n onstabiele, verwerpende ouerhuis kom, maar deur God se reddende genade emosionele genesing ontvang het. Vir Roper (1979:19-20) is dit juis belangrik dat die beproewings, tevredenheid en vreugde in Christus, asook die kenmerkende Christelike medelye, ingeweef moet word. Roper voeg by dat Christenkuns met nederige Ou Testamentiese menslikheid die regverdige barmhartighede van God op hierdie pragtige, dog gebroke wêreld, moet opteken. Die manier waarop 'n kunstenaar na aanleiding van sy / haar eie seer, beproewings en goeie moed met mekaar in verband kan bring en samehangend verweef, sal die vrede en rustigheid in Christus tydens lewenskonflikte uitbeeld.

Nét God is die **Verlosser** en alleenlik Christelike kuns kan die verlossingservaring meedeel (Sherry, 2003:9-10). Alhoewel kuns en letterkunde kanale van genade kan wees en ‘n verlossingsfunksie kan hê, kan dit egter nie sélf mense van sonde óf ‘n negatiewe verlede verlos nie. Die verwysingspunt van verlossingskuns is vir Begbie (1991:215) die opstanding van Jesus Christus, die Seun van God. Hierdie kuns weergalm ‘n innerlike vreugde alhoewel dit deur die kruisdaad behaal is. Daarom beklemtoon die navorser dat die kunstenaar wat self verlos is en opgestaan het uit die puin van die gevolge van ouerverwerping, in sy / haar kunswerk van innerlike blydskap sal getuig.

Ten slotte vergelyk Seerveld (2000:112) Christelike kuns met ‘n vars olyfblaar wat die duif in Genesis 8:6-12 na Noag teruggebring het – ‘n teken van God se nuwe lewe op aarde, ná die oordeel op die sondige wêreld. Kunsvaardigheid is dan verlossend in dié sin dat dit ‘n **belofte** van lewe en hoop gee, maar onder die genadige heerskappy van Jesus Christus op aarde staan. Dit is juis waarvandaan kunstenaars wat deur Godsgerigte kuns van die verlede bevry is, heling verkry het en die versekering van nuwe lewe en hoop ervaar het. Seerveld (1995:60) dui aan dat kuns Bybels-Christelik is wanneer die duiwel die blootstelling van sonde as **sonde** en die vuil, verwoestende ellende daarvan nie kan verdra nie omdat dit hom ontmasker. Dog toon verlossingskuns die vreugde en oorwinning wat Jesus Christus bewerkstellig – óók oor die sielepyn van vroeë ouerverwerping. Roper (1979:20-21) beklemtoon dat die teenstelling tussen Christus en Satan, goed en kwaad, waarheid en valsheid, regverdigheid en onregverdigheid baie duidelik in Christelike kuns getoon moet word. 'n Kunstenaar kán dan die negatiewe elemente van ouerverwerping uitbeeld of uitdruk, maar met beklemtoning van die positiewe teenoorgesteldes.

Die kunswerk van ‘n Christen-kunstenaar is volgens Seerveld (1995:58) in die greep van ‘n Bybelsgerigte Hervormingsgeloof en die kunstenaar bring lig na klein dingetjies. De Grunchy (2001:45-46) noem dat Rembrandt – ‘n produk van die Hollandse Hervorming – ‘n dieper kunsbegrip bevorder het, naamlik dat dit ‘n geloofsuitdrukking is. Rembrandt is in skerp teenstelling met Picasso se verdraaide, verdorwe, godslasterlike kuns (Seerveld, 1995:60). In Rembrandt se artistieke gawes was 'n onderliggende geloofswaarneming – 'n hartskennis van God se nabyheid aan die gebrokenes in die wêreld (63). Hierdie wete kon Picasso nie bekom nie, omdat hy in sy woede van God wéggedraai het (vergelyk 3.4.3.1.2). Vir Turner (2001:59) lê die verskil in Christelike kuns daarin dat die lelikheid en boosheid as *sleg* uitgebeeld word, die bedorwenheid as *abnormaa*l en brutaliteit as *onnatuurlik.* Die kunstenaar in wie se lewe hierdie negatiewe dinge voorgekom het, kan dit met God se genade, juis uitwys op die manier wat Turner voorstel.

Christelike kuns is 'n getuienis en proklamasie. Wilson (1981:92) sê dit onthul die **waarheid** dat lewensvreugde en -ekstase, asóók sonde, skuld en oordeel bestaan én dat daar 'n God agter en bó alle dinge is – 'n God wat die wêreld liefhet en sy Seun daarvoor gestuur het (109). Die navorser glo ook dat God bó die hartseer van ouerverwerping troon want aan die kruis het sy Seun die wêreld se verwerping op Hom geneem, is Hy gebreek en verguis, máár het Hy die oorwinning behaal oor die bose magte. Daarom kan kunstenaars óók oorwinning oor die verlede behaal.

As 'n kunswerk 'n getuienis is van God se helende krag, preek dit “indirek”. Strong (2001:52-53) beaam dat die Heilige Gees die werk van 'n toegewyde Christen kunstenaar op verskillende maniere sal gebruik.  Geheelde kunstenaars sal 'n oortuigende boodskap van God se reddende genade deur hul kunswerke kan lewer in verband met die verlossing van alles wat ouerverwerping meegebring het – minderwaardigheid, woede, haat, gekrenktheid, hartseer, 'n verdeelde self, skuld en depressie (vergelyk 2 Kor.5:17-18 in verband met God se versoening en die versoeningsboodskap in 2.7).

Bartholomeu (2000:384) meen dat die heerskappy van Christus op aarde op verskillende maniere verkondig word – mismoediges word deur kleure, woorde óf melodieë verhef en sodoende word gewys hoe die reddende Here lyk.  Die roeping as dissipel van Jesus Christus kan dus op etlike maniere uitgeleef word.  As die skrywer, C.S. Lewis, deur sy geloof in God, Hom in alles kon sien, kan énige kunsvorm God se lig weergee (Turner, 2001:59).  Later voeg Turner by dat die beste kuns nié vir 'n mens vertel wát om te glo nie, maar die persoon momenteel in staat stel om dinge ánders te sien, en die wêreld waar te neem deur oë wat deur Jesus Christus aangeraak is.

Buffinga (1930:7) beweer dat mense deur die eeue verskillend oor die verhouding tussen kuns en godsdiens gedink het.  Albei is ‘n bron van die suiwerste en rykste seën, maar kuns kan ook ‘n bron wees van die ingrypendste verderf.  Laasgenoemde gaan afhang van die kunstenaar se strewe – of dit God- of mensgerigte kuns is.   Die wyse waarop die ideaal benader word, bepaal of albei 'n bron van seën of verderf gaan wees.  Andrejec (2004:54) toon dat godsdiens en kuns nou verbonde is, en mekaar deurdring want godsdiens ontstaan uit die lewensvraag:  kuns is 'n manier om die lewensvraag te beantwoord;  vraag en antwoord is eintlik maar ineengestrengel.

Kuns op sigsélf kan egter nooit antwoorde en oplossings verskaf nie, want dít is net in Jesus Christus te vinde.  Wanneer 'n kunstenaar egter sáám met Jesus Christus die ouerverwerping in die kinderjare hanteer, sál hy / sy antwoorde en oplossings vind.

Steinkraus (1974:191,195) reken dat die grootste skoonheid in alle kunsvorms deur godsdiens aangespoor word omdat godsdienstige ervarings aan artistieke ervaring verwant is – 'n eerbiedige staan voor die bron van alles in ontsag en verwondering.  Mooiheid en skoonheid is egter die vrug van die gees wat innerlik suiwer en heilig is.  Paulus se woorde in Filippense 4:8 moet beslis ook vir kuns geld:  waar, edel, reg, rein, mooi en prysenswaardig.  Paulus sê in

Romeine 11:36 dat alle dinge uit, deur en tot Hom is, en daarom kan kuns nié onafhanklik van **God** bestaan nie en dus nooit uit selfsugtige motiewe aangewend word nie.

Lealry (1994:24, 55) noem dat Von Balthasar hedendaags as die "teoloog van skoonheid" bekend staan as gevolg van sy teologiese estetika. Von Balthasar het die diepe oortuiging gehad dat die inspirasie van die teologiese Drie-eenheids skoonheid kom en dat dít vanuit die opgestane, gekruisigde en verlate Christus, uitstraal. Hierdie "skoonheidsteoloog" was daarvan oortuig dat skoonheid slegs na die wêreld sal terugkeer as die mag van die Christenhart baie sterk intree tussen die ander wêreld verlossing van teologie en die huidige wêreld wat in positivisme verlore is (Von Balthasar, 1964:141). Dán sal die wêreld as die openbaring van 'n oneindigheid van genade en liefde, **ervaar** in plaas van net geglo word.

Volgens De Crunchy (2001:239) het etlike kunstenaars getuig van die bevrugtende invloed van godsdiens in hulle lewens: Paul Cezanne het konstateer dat hy nie sonder geloof kon skilder nie; Ruskin het besef dat dinge wat vreugdevol en reg gedoen is, altyd met behulp van die Gees van God gedoen word; Sara Maitland het gesê dat die mens in die lig van God se kreatiewe mag skep om 'n honger na geregtigheid en skoonheid te verwek.

## 2.7 DIE CHRISTELIKE KUNSTENAAR WAT GODGERIG KREATIWITEIT BEOEFEN

Schaeffer (1981:89) benoem die Christen as 'n persoon wat Jesus Christus as Verlosser aangeneem het en oorgegaan het van die dood na die lewe en van die koninkryk van donkerte na die Koninkryk van God. Leitch (1981:194) sê dat die kunstenaar die siende oog en begrypende hart het asook die talent om die leser of kyker te laat "sien" wat die kunstenaar waarneem. 'n Kunstenaar wat die Here ken, en deur Hom van die wroeging van vroeë ouerverwerping genees is, sál die waarheid, lig en veral hoop vir ander duidelik kan maak. Die kulturele posisie van die Christen kunstenaar word gekenmerk deur geloof en hoop, asook 'n lewe in die lig van die omvattende, deurdringende aard van God se verlossingsplan vir die skepping (Huizenga, 1981:79). God het volgens Best (2003:125) sekere mense gemaak met spesifieke vermoëns om die dinge óm hulle in kunswerke van opmerklike estetiese betekenis te omvorm. Best voeg by dat hierdie vermoëns aan Gód toegewy moet wees vir sý bekwaammaking (216). Erkenning van die bron van 'n kunsgawe, asook die opdra van die kuns aan God, en onder sý seggenskap, is ook vir Myburgh (1982:9) essensieel.

Die kwaliteit van die Christelike kunstenaar se **geestelike lewe** is in Turner (2001:124) se opinie baie belangrik sodat hy / sy selfs met die bekendste sekulêre kunstenaars in die wêreld kan meeding. Die gelowige kunstenaar se intieme kennis van en nabyheid aan God, sal die heerlikheid van sy teenwoordigheid en goedheid onbevange uit die kunswerk laat uitstraal. Die Christelike kunstenaar moet ooreenkomstig ‘n waardestelsel lewe en nié deur sy / haar ou, vleeslike natuur voorgeskryf word nie. Hierdie ou, vleeslike natuur waaraan gevoelens soos haat, bitterheid en woede kleef (Gal. 5:19-21 en Kol. 3:8), mag nie seëvier nie. Omdat baie kuns instinktief is en ‘n uiting van iets binne-in, is die kwaliteit van die innerlike lewe van belang. Die navorser besef dat 'n kunstenaar se innerlike dikwels vol van ál die negatiewe of aaklige ervaringe van die kinderjare is, asook van die gepaardgaande sondige denke en gevoelens. Laasgenoemde kán geopenbaar word, maar God sal die kunstenaar se pen of kwas of beitel moet aanraak sodat boosheid of lelikheid volgens sý wil uitgebeeld word, en die leser of kyker ook positief beïnvloed word. ‘n Regverdige lewe met God se wette voorop, sal in die hartsverbeelding weerspieël word, en aanhoudende lering uit die Skrif, sal die bewuste wil asook drome suiwer. Howard (1981:114) beaam dat egte kuns vanuit ‘n *edele verbeelding* verrys. Die navorser wil egter beklemtoon dat dit die liefde van Jesus Christus in die hart van die kunstenaar is, wat suiwerend en heiligend op die kuns inwerk. Die allesomvattende liefde van Jesus wat in die liefdes-honger hart van 'n kunstenaar invloei, sal dit innerlike omvorm (1 Joh. 4:10, 16).

Turner glo dat T.S. Eliot se hoop van ‘n onbewustelik-Christelike kuns, eers vervul sal word wanneer die kunstenaar se **gedagtes** en **gedrag** in lyn met God se wil gebring word. Paulus raai Christene in Filippense 2:15 aan om ligdraers in die wêreld te wees, bo verdenking en opreg, onberispelik kinders van God, te midde van ontaarde en korrupte mense. In 1 Tessalonisense 4:3 wys Paulus op ‘n heilige en sedelike lewe. In Kolossense 3:9 word Christene opgeroep om met die ou, sondige mens en sy gewoontes te breek. Kunstenaars wat vroeë ouerverwerping ervaar het, is dikwels nog vasgevang in woede, haat, bitterheid en nyd en laasgenoemde gevoelens lei tot sondige gewoontes en optrede teenoor die self, asóók ander. Daarom is hernuwing van die gedagtes essensieel om ‘n suiwer uitvloei van kuns te verseker.

‘n Kunstenaar se **sienswyses van God** of gebrek daaraan, bepaal die opvatting van die werklikheid, asook die kunsskepping (Van der Walt, 19cf:8). Sonder God sal die realiteit onaanvaarbaar en donker lyk: 'n leë innerlike wat na liefde hunker; 'n minderwaardigheid wat vermoëns én menseverhoudinge beïnvloed; opgekropte, giftige gevoelens, en selfs depressie. Dán word die kunsskepping beskou as 'n kompenseerder, ontlonter, vervuller en onderhouer.

Van der Walt noem juis dat die Humanis en Calvinis se waardebepaling met betrekking tot ‘n tema verskil,  want vir eersgenoemde geld godsdiens en sedelikheid nie.

Myburgh (1982:32) sê dat ‘n kunstenaar dikwels die sondigheid van die wêreld uitdruk, maar éénwording daarmee is verbode want hy / sy moet ‘n afgesonderde, Goddelike lewensstyl handhaaf.  Die navorser wil daarop wys dat 'n kunstenaar dikwels liederlike sondighede vanuit sy / haar ouerverwerpende verlede sal uitbeeld of uitwys.  Vir die Christelike kunstenaar sal die wyse van uitbeelding, soos tevore genoem, volgens God se wil wees – nie afstootlik of kru nie, want dán sal dit lyk asof hy / sy met die boosheid vereenselwig.  Howard (1981:116) en Turner (2001:69) beskou ook ‘n skrywer se afstandhouding van die kwade of bedorwenheid as essensieel ter voorkoming van die werk as boos en die kunstenaar as deelnemer daarvan.

Die navorser glo dat ‘n emosioneel-bevryde kunstenaar in **vryheid** en **liefde** sal kan optree op grond van die verlossing deur Jesus Christus.  ‘n Kunstenaar moet liefde voel vir die mense vir wie die werk bedoel is, vir die gekose onderwerp én die waarheid wat uitgedruk word, maar verál vir die Here vir wie dit gedoen word.  1 Johannes 4:7-8 en 16 toon dat liefde 'n essensiële element is van die aard van God.  Dié wat deur wedergeboorte 'n kind van God geword het, sal déél hê aan hierdie eienskap van God.  Liefdeloosheid verraai 'n gebrek aan gemeenskap met God (vers 8).  Paulus dui in 1 Korintiërs 13 die onmisbaarheid van die liefde aan.  Enige daad of taak waarby liefde ontbreek, selfs genadegawes (1 Kor. 13:1-2), het geen waarde of betekenis nie.  Kunswerke wat geskep is met ‘n selfgerigte bedoeling, is ontdaan van liefde, verál as dit dikwels gal braak oor die verlede en die verwerpende ouers óf gedurig negatiewe emosies uitstort.  Daar moet ook vryheid wees van ál die seer van die verlede sodat op nuwe maniere in die hede geskep kan word ter bereiking van toekomstige doelwitte.  Verwesenliking van hierdie dinge is afhanklik van God se hulp met betrekking tot die kunsskepping.  Die kunstenaar benodig ook inspirasie deur die Heilige Gees, asóók die lewensvernuwing in Jesus Christus, verál met betrekking tot die herstel van die emosionele verwonding van vroeë ouerverwerping.

Vir Wielenga (1939:266-267) is dit belangrik dat die kunstenaar se werk hoër, edeler, meer verwant aan Gód se werk behoort te wees en dus afhanklik van sy inspirasie.  Die outeur waarsku dat die skeppende kunstenaar meer pervers kan wees as ‘n tegniese arbeider, want hy of sy skep dikwels uit ‘n chaotiese binneste.  Sodoende veroordeel kunstenaars eerstens hulleself, daarná en daardéúr, die mensdom.  Die pynlikhede van ouerverwerping in die kinderjare veroorsaak verwarring, verskeurdheid en ‘n warboel in die persoon se innerlike.  Die venyn en lelikheid wat dalk kan uitkom is eerstens selfvernietigend en daarná skadelik vir die

medemens.  Dít herinner aan Jesus se vermaning dat Christene as ligdraers in die wêreld moet optree (Matt. 5:14, 16) – donkerte moet verdrýf en nie veróórsaak word nie.   Vosloo en Van Rensburg (1999:1383) verduidelik dat om vir Christus te lewe soos 'n lig is wat Hom aan ander sal vertoon.  Die outeurs verwys na Jesus se woorde in Matt. 6:23:  "Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam donker wees.  As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie!"  Dit beteken dat die mens sonder geestelike insig nié duidelik God se oogmerk met sy / haar lewe kan sien nie (1388).  Met die geestelike oog gevestig op Jesus en in oorgawe aan Hóm, sal die kunstenaar vanuit 'n geheiligde en gesuiwerde innerlike ook goeie kunswerke kan produseer.

Rookmaker (1985:16) konstateer dat die kunstenaar met sy / haar spesiale gawes 'n spesiale **taak** en 'n wonderlike **roeping** het om die wêreld te verbeter en die moeite werd te maak.  Dít doen die Christelike kunstenaar deur die skepping van klanke, vorms, atmosfeer en versiering wat betekenisvol, pragtig en vreugdevol is.  Dawid het vrees, wanhoop, skuld, vertwyfeling, selfs woede teenoor sy vervolgers in sy poësie geuiter.  Deur gerigtheid op God, het hy egter getriomfeer en geslagte daarna geïnspireer en bemoedig.  Só kan 'n gelowige kunstenaar se gebrokenheid as gevolg van ouerverwerping in die kinderjare, asook negatiewe gevoelens teenoor die verwerpende ouer(s), oorkom word.  Die verwerking en genesing wat saam met God bereik is, en die oorwinning wat dit oor die ou wonde gebring het, moet vreugdevol weergegee word.  Op hierdie manier kan die kunswerk as hoop en aansporing vir soortgelyke verwonde volwassenes dien.

As deel van hulle kreatiwiteitstaak, het ware Christelike kunstenaars sekere **verpligtinge**. Vir Ryken (1981:66) is dit:

- 'n uitdrukking van waarheid in plaas van valsheid;
- die maak van 'n bydrae tot die skoonheid en vreugde van die wêreld in plaas van die lelikheid en wanhoop;
- die vermyding van die verwaandheid om te aanvaar dat die openbaring van sy / haar kreatiwiteit outomaties betroubaar en moreel is.

Christelike kunstenaars moet in hulle werk die diepte van die menslike emosie en sensitiwiteit openbaar.  Daarom kán kunstenaars hul naakte emosies, asook hul worsteling met vroeë ouer-verwerping blootlê, sodat ander seergemaakte volwassenes daarmee sal kan identifiseer.  Die gelowige kunstenaar sal egter moet aandui dat heling deur God se hulp en genade gekom het.

Die grootste verpligting van die Christen is om die **Bybel** as maatstaf te gebruik, verál waar die kuns so dikwels in duisternis verkeer. Die invloed van die Skrif op kuns is die grootste enkele invloed want dit koppel skoonheid en goedkeuring van die mooie aan God (Gaebelein, 1981:48-49). Die outeur meen dat álle waarheid van Gód kom en aan die Skríf verwant is.

Vir Wielenga (1939:26) is die **plek van die Bybel** in kuns uiters belangrik want Woord-belewenis sal die kunstenaar persoonlik én in sy werk, laat lewe. Wielenga sê die Bybel:

- heilig en ontwikkel kuns tot die hoogste vrugbaarheid (65);
- bewaar teen moedeloosheid en vermetelheid, genees van wanhoop en trots, bewaar teen 'n minderwaardigheidskompleks en skyn (65);
- leer realisme sonder vieslikheid, perversiteit of pessimisme (65);
- leer ook die kunstenaar wie die Skepper van die natuur is en sodoende verkry hy / sy insig in die wese van kuns (73).

Wielenga verwys veral na Rembrandt wat die lamp van die Woord gebrand het deurdat hy wáárheid in plaas van skóónheid gesoek het, en uit die Bybel heilige realisme geleer het sónder die afstootlikheid van die naturalisme. Omdat Rembrandt **lig in God se lig** gesoek het, kon sy palet selfs die lelike diensbaar maak aan skoonheid en die waarheid uitstraal (77).

Christene, sowel as die Christelike kunstenaar, het 'n **roeping**, naamlik:

- die uitspreek van God se eer, uitdrukking van lof op nuwe maniere en die wees van priesters van die skepping (Begbie, 1991:177);
- om te werk om alle dinge onder Christus se beheer te bring totdat Hy kom, asook alle dinge te hernu én te herstel (Wilson, 1981:72);
- om Hom te dien met sy / haar gegewe gawes, met insluiting van die verbeelding, handewerk, alle artistieke gereedskap, sowel as intuïsie, en sodoende getuies in die wêreld te wees (Wilson, 1981:72-73);
- om sout vir die wêreld te wees, en dit is juis die Christen wat werk en wys wát die Evangelie vir die kunste kan beteken (Wilson, 1981:72; Rookmaker, 1985:18);
- die verkondiging en uitlewing van die belydenis dat Jesus Christus die weg, waarheid en lewe is, asook dat álle gesag, ook oor die kunste, in hemel en op aarde in sy hande lê (Wilson, 1981:73);

- om iets te toon van die mag van Christus se helende en vernuwende werk in die innerlike (Rookmaker, 1985:18).

Omdat elke kunstenaar ook eendag met die wederkoms voor God verantwoording sal moet doen vir elke gedagte, daad en gesproke / geskrewe woord, is die manier waarop kuns aangewend of gebruik word ter sprake. Daarom het elke Christelike kunstenaar 'n **verantwoordelikheid** teenoor God om:

- Hom as gewer van die talent te ken;
- bewus te wees van die misbruik waartoe kuns kán neig omdat dit nié uitgesluit is van die gevolge van die sondeval nie en wél as 'n middel van die leuen kan dien;
- nederig te bly sonder afwyking van die prioriteit om God in alles te verheerlik;
- in integriteit en getroue rentmeesterskap te skep sodat dit iets van God se eie skoonheid en heerlikheid reflekteer

(Gaebelein, 1981:106-107, 109).

Christelike kunstenaars besef dat hulle **taak** as beoefenaars van kuns, nié buite die sirkel van die mens se Godgerigte en Godopgelegte taak van heerskappy oor die skepping moet wees nie. Anders is hul kuns afgodery en word dit iets opsigself, afgesny van God se soewereine heerskappy oor sy skepping (Roper, 1979:17). Daarom reken Bartholomeu (2000)311) dat Christelike kunstenaars hulle kuns as 'n heilige saak moet beskou – 'n vreugdevolle bediening waardeur hulle liefde vir God getoon word en hulle hul verlustig in God se koningskap op aarde. Christelike kunstenaars weet ook dat hulle 'n religieuse aanduiding en oortuiging benodig om ware, duursame kuns te produseer en om ook 'n instrument van God te wees wat sy heerlikheid uitstort (367). Wanneer die kunstenaar 'n beeld maak, skilder, skryf / dig, is dit 'n skeppingsdaad wat van God se liefde spreek. Daarsonder is 'n kunstenaar magteloos en sy kuns belaglik (Wielenga, 1939:239, 251). Die navorser wil beklemtoon dat die kunstenaar uit híérdie liefde vir God, moet strewe om 'n voortreflike kunswerk te lewer in navolging van die Kunstenaar-God – al ís die kuns dan ‘n saamloop met God om tot heling te kom ná die pyn van vroeë ouerverwerping. Christelike kunstenaars weet dat hulle werk aksie is vóór en tót God, in sy diens en onder sy beskerming (Best, 2003:115). Hulle verootmoedig hulleself in kinderlike gehoorsaamheid en afhanklikheid voor God se Woord sodat die artistieke kreatiwiteit die mag, lig en nuwigheid van die Heilige Gees kan uitadem (Seerveld, 1995:18).

Die **houding** van 'n Godgerigte kunstenaar sal ooreenkom met sy taak en roeping. Best (2003:129) reken dat die Christelike kunstenaar soos Gód moet werk en sy / haar werk moet liefhê met God se getroue en toegewyde liefde. Omdat God hulle as kinders aangeneem het, geniet hierdie kunstenaars God se wêreld en is bly om hierdie genot in kuns uit te druk (Bartholomeu, 2000:311). Die kunstenaar groei in ootmoedige dankbaarheid teenoor die Gewer van die gawe en skep behae in die kunstenaarskap sónder om selfgesentreerd te raak (Wielenga, 1939:124). Paulus het sy taak met volle oorgawe aangepak (Fil. 3:8); met ywer (Titus 2:14) en volharding (2 Tim. 4:7); vol inspanning (Fil. 3:14), asook met lus soos vir die Here en nie vir mense nie (Ef. 6:7). 'n Kunstenaar wat oorgegee is aan Jesus Christus, sal óók werk soos Paulus en sy / haar kunswerk benader sodat dit werklik 'n boodskap en getuienis het – verál aangaande die Goddelike genesings- en hernuwingswerk ná die invloed van ouerverwerping in die kinderjare.

Die kuns van 'n Godgerigte kunstenaar is 'n uitdrukking van die oorwinning van Christus, asook 'n bevestiging van die **hoop** vir 'n omvormende wêreld (De Grunchy, 2001:246). Hierdie kunstenaar bied die héle prentjie – van die mens se verlorenheid en vervreemding, tót by verlossing deur Jesus Christus (Gaebelein, 1981:102). Sy / haar eie ou lewe, bevry deur Jesus Christus, kan kragtig tot die leser of kyker spreek. Daarom kan die Christelike kunstenaar die ware triomflied van die lewe, asook hoop, lof, danksegging en jubeling oor God se ryke gawes uitdruk (Wilson, 1981:108). Alhoewel die Godgerigte kunstenaar die ware gebrokenheid van die sondeval betreur, noem Sherry (2003:4) dat hy / sy in die heling van verlossing lewe. Niemand kan dít beter aantoon as juis 'n kunstenaar wat deur Jesus Christus van die knelling van vroeë ouerverwerping, bevry is nie. Al word die invloed van die hartseer van sonde op die wêreld wél getoon, jubel die kunstenaar oor die teenwoordigheid van die Trooster.

Louw (2001:330, 333) praat van die estetiese dimensie van ‘n “kreatiewe hoop” - God wat betekenis in lyding openbaar deur middel van verbeelding, metafore en simbole in kuns. “Artistieke / estetiese rede” behoort betrokke te wees in ‘n proses van verbeelding en kreatiewe hoop wat mense genees in terme van die ervaring van God as ‘n “lewensvennoot” eerder as ‘n onderwerp van bespreking (339-340). ‘n Lewensvennoot kan nie verstaan word sonder om aandag aan ‘n gekruisigde, lydende God te gee nie. Dit maak egter weë oop vir kreatiewe maniere van hoop as ‘n persoon die teologie van die opstanding verstaan. God, as Lewensvennoot-metafoor, daag volgens Louw, mense uit om ‘n voorbeeld te gee van die betekenis van die Christelike geloof deur middel van poëtiese spraak en artistieke aanbiedings binne alle lewensverhoudings.

Ricoeur (1995:206) reken dat die “absurde logika van hoop”, eerder as die logika van herhaling, benodig word. Vir Ricoeur beteken hoop die “super-oorvloed” van betekenis in teenstelling met die oorvloed van sinloosheid, mislukking en vernietiging.

Bartholomeu (2000:3, 5) wys daarop dat die Christelike kunstenaar die volgende in sy / haar kuns insluit: hoop in hartseer; die mededeling dat die stryd in die wêreld vir gelowiges op 'n prys uitloop in plaas van op 'n doodloopstraat; én 'n boodskap dat die eer van God alrééds in Jesus Christus almal se deel is. Die navorser glo dat, indien kunstenaars in hulle soeke na gemoedsrus en heling, híérdie Christelike hoop kan ontdek en vasgryp, die wroeging, verydeling en tragiese doodloopstrate waarin so baie beland het en nog sál beland, voorkóm sal word. Hierdie hoop behoort dan ook vanuit die kunswerk te straal om ánder te bemoedig.

Vir die Christelike kunstenaar wat dikwels onder die oë van die wêreld is, is ál die **vereistes** van Kolossense 2:6-7 van die uiterste belang - “Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul.” Jesus se opdrag in Johannes 15:4-5 is baie duidelik: “Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra nie as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie”; “... sonder My kan julle niks doen nie.” 'n Kunstenaar wat só nou aan Jesus Christus verbonde is, besef sy / haar afhanklikheid van Hom om die gebrokenheid van die verlede kreatief uit te beeld, dit te verwerk en daarná van God se helingskrag te getuig. Met sý hulp en onder sý leiding sal die beste kuns gelewer word.

'n Kunstenaar (en elke mens) wat omvorm is deur Jesus Christus, is – in vergelyking met die onbekeerde – 'n nuwe mens wat volkome herskep is deur Christus (2 Kor. 5:17). Om **“in Christus”** te wees, is volgens Danker (1989:81) om onder sy beheer te wees en om die hele mens onvoorwaardelik oor te gee aan Christus in gedagte, gevoel en wil (Fisher, 1975:343).

Hierdie mens **“in Christus”** is 'n **nuwe skepsel** (ou vertaling, 1955 Afrikaanse vertaling) of mens (nuwe vertaling, 1982 Afrikaanse vertaling). Matera (2003:136-137) sê Paulus se woordgebruik – nuwe skepping – (ook in Gal. 6:15) is moontlik te danke aan die boek Jesaja, veral Jesaja 65:17 (ook aangehaal in 2 Pet. 3:13). Matera wys egter daarop dat Jesaja wys op 'n **kosmiese** hernuwing terwyl Paulus hierdie nuwe skepping met die **gelowige** in Christus, identifiseer.

Barrett (1973:343) reken die wêreld van verhoudings, gekenmerk deur kennis volgens die **vlees**, weg is. Die omgewing word op 'n nuwe manier waargeneem omdat dit aan God verbind is deur regverdigmaking. Vir Barrett is dit nuwe verhóúdings en 'n nuwe léwe in 'n nuwe wêreld. Albei is juis vir die kunstenaar wat vroeë ouerverwerping ervaar het, belangrik. Scott (1998:136) wys daarop dat Paulus se onderskeid tussen die woorde **oue** *archaia* en die **nuwe** *kainē*, sy oorsprong in Jesaja 43:18-19 het. Volgens Fisher (1975:343) beteken *kainē* 'n nuwe soort; van 'n ander orde. Daarom is die ánder Griekse woord vir nuwe, *neos,* nie hier gebruik nie, want dit beteken nuut in tyd, sónder die implikasie van 'n nuwe bestaanskwaliteit.

Die **"ou dinge"** (ou vertaling, 1953 Afrikaanse vertaling) of "oue" (nuwe vertaling, 1982 Afrikaanse vertaling) as geheel is weg en die persoon is nie langer gemoeid daarmee nie omdat sy / haar verhouding met God op 'n ander basis staan (Barrett, 1973:343). Paulus se opgewondenheid oor hierdie nuwe skepsel word getoon deur die woord "kyk" (in die ou vertaling) of *idou*, wat gewoonlik gebruik is vir die aankondiging van 'n ongewone oomblik of daad (Danker, 1989:81).

Scott (1998:136) noem dat Paulus die **nuutwording** identifiseer met die verlossende bloed van Christus wat, volgens 2 Korintiërs 5:18, God in Christus die wêreld met Homself versoen. Fisher (1975:344) beklemtoon dat hierdie nuutwording die Christen verander in die middelpunt van sy wese want sy houdings, hoop en aspirasies het nuut geword. Hierdie nuwe mens is vrý van die vorige sedelike, emosionele en geestelike toestand. In Galasiërs 5:19-21 noem Paulus ál die praktyke van die ou sondige natuur, onder andere woede, haat, nyd, naywer, afguns en bitterheid (vergelyk ook Ef. 4:25-31 en Kol. 3:8-9). Hierdie gevoelens en gevolglike sondige handelinge is juis kenmerkend van volwassenes wat in hul kinderjare ouerverwerping ervaar het. Paulus beklemtoon in Kolossense 3:9-10 dat daar met die **ou sondige mens** en sy gewoontes gebreek moet word, en dat die **nuwe** lewe gelewe moet word.

Hierdie nuwe bestaan vind sy oorsprong in God want Hy het elkeen deur Christus met Homself versoen (2 Kor. 5:18). "Alles is uit God" beteken vir Danker (1989:81) dat God die bron en krag agter alles is en die inisiatief geneem het om die mens te soek. Die **mens** se pogings om met God te versoen, het – as gevolg van sonde – tot verdere vervreemding gelei (Rom. 5:20-21). **God** het dit deur Jesus Christus gedoen.

Matera (2003:137) en Scott (1998) dui die onderskeid aan tussen die twee parallelle: die selfstandige naamwoord *katallagē* – die versoeningsdaad – en die werkwoord *kallossō* –

versoen, met die betekenis van vrede maak tussen twee vyande (vergelyk Rom. 5:10-11 en 1 Kor. 7:11).

Om die mens weer in harmonie met God te herstel, is 'n prys betaal deur God wat sy Seun met sonde besmet het (Rom.5:8). In Titus 3:5 verduidelik Paulus dat God die mens verlos het as gevolg van sý medelye en jammerhartigheid en nie op grond van iets wat die méns vir verontskuldiging gedoen het nie (vergelyk ook Rom. 3:24 en Ef. 2: 8-9). Sodoende is die mens ná die vervreemding van God weer met Hom verenig deur die reinigende bloed van Jesus Christus wat die nabyheid met God herstel (Rom. 5:10 en Ef. 2:13). Barrett (1973:175) reken dat God se versoeningsweg in die daad van sy Seun lê – God se manier waardeur Hy sy liefde vir die sondaar en toorn teen sonde, kon akkommodeer. Só kan die sondaar wat deur geloof op Jesus Christus staatmaak, regverdig word. Vergifnis en vryspraak kom deur die **versoeningsdaad** (Rom. 3:24; 1 Kor. 6:11; Gal. 2:16 en Titus 3:7).

In Efesiërs 2:10 en Titus 2:14 wys Paulus daarop dat die mens van sonde gereinig is om die goeie werke waarvoor hy / sy bestem is, te doen. Die amp van die gelowige is dan om ánder mense met God se **versoeningsboodskap** te bedien (2 Kor. 5:19). Daarom moet gelowige kunstenaars deur hulle literêre werke, skilderstukke en beeldhouwerk probeer om ander mense ook in harmonie met God te bring. Die kunstenaar wat 'n nuwe mens in Christus geword het, het die verlede afgelê – die pyn en verwonding van ouerverwerping, asook die voortspruitende sondige gedagtes, gevoelens, reaksies en gedrag. Die reinigende bloed van Jesus Christus het die wonde geheel en die persoon van ál die seer van die kinderjare bevry. Dit is hierdie getuienis of boodskap van God se volle genadewerking in die lewe van 'n gebroke kunstenaar wat in die vroeë kinderjare ouerverwerping ervaar het, wat deur kreatiwiteit afgelewer moet word. Deel van hierdie versoeningsboodskap sal sekerlik ook vergifnis teenoor die verwerpende ouer(s) insluit, asook versoening – indien die ouer(s) nog lewe.

Die kunstenaar moet ook wégwys van hom- of haarself na Jesus Christus. Max Lucado (2003:71) maak 'n aangrypende stelling, naamlik dat die mens se boodskap, redding, liggaam, probleme, werk en sukses oor **God** gaan; níks gaan oor die mens nie, maar álles oor Hom. Die kruks van dié woorde lê in Johannes 3:30: "Hy moet meer word en ek minder".

## 2.8 DIE BELANGRIKHEID VAN GODGERIGTE KREATIWITEIT

Die fokus / instelling van die kunstenaar met betrekking tot sy kreatiwiteit, kan Godgerig of mensgerig wees.

As kreatiwiteit in eie krag en vaardigheid deurbrake wil bewerkstellig, is dit **mensgerigte** of antroponome kreatiwiteit. Dít is in teenstelling met Filippense 4:13 en Romeine 8:37 wat vermoë en oorwinning aan Jesus Christus se krag toeskryf. Spreuke 16:3 het in die Ou Testament al gemaan dat alles wat die mens doen, aan God opgedra moet word. In teonome of **Godgerigte** kreatiwiteit stel die persoon hom / haarself bewustelik onder die leiding van die Gees van God. Enige deurbrake in die lewe, soos heling van ouerverwerping in die kinderjare, word dan beskou as die werking van die verstommende genade van God. Hy open lewensmoontlikhede vér bo dít wat die mens ooit sou kon verwag. Paulus beklemtoon in Efesiërs 3:20 dat God oneindig meer kan doen as wat die mens kan bid of dink.

Seerveld (1995:16) stel dit duidelik dat kuns en letterkunde as menslike aktiwiteit nié ‘n skadelose emosie, ‘n beskaafde reaksie óf uitsypeling van onbewuste dryfvere van die kunstenaar is nie, maar ‘n aktiwiteit wat in Gód se teenwoordigheid gedoen word – godsdiens in aksie. Die gelowe en doelwitte van die kunstenaar, asook die uitdrukking van ‘n wêreldbeskouing, sal godsdiens weerkaats aldan nie (De Grunchy, 2001:237). Daarom is kuns volgens Seerveld (1963:28) altyd ‘n gewyde offerande en ‘n poging om mag, eer en verheerliking aan iets of iemand te bring. Laasgenoemde outeur wys daarop dat hierdie aanbiddingsfokus die gouste in letterkunde getoon word omdat dit meer definitief / beslis is as die ander kunsvorme. Die alomteenwoordige storieverteller bepaal ook die atmosfeer en kan selfs aanmerkings inlas (Seerveld, 1964:41). Wat die kunstenaar aandryf en verteenwoordig, skemer dan deur die geskrewe woorde. Enige kunswerk sal verraai in wie se diens die kunstenaar staan en op wie dit gerig is – op die self óf op God. Roper (1979:313) stem saam dat die **rigting** van alle menslike aspekte vanuit ‘n sentrale hartstoewyding of –verbintenis vloei. Wegdraai van die ware God na een of ander skeppingsaspek, wat as God behandel word, is afgodsdiens. Wanneer kunsbeoefening die alfa en omega van die kunstenaar se lewe word, word die kunsproduk vereer in plaas van Gód.

Best (2003:112-113) vergelyk die **artistieke aksie** met die uitstorting van “reukolie” op Jesus se voete. Wanneer kunstenaars dít besef, sal hulle:

- in hulle verbeelding, asook handewerk, verfris en bevry word;
- die beste sintuie hê;
- die meeste oop wees vir vreugde.

Vir Best beteken **artistieke bedoeling en rigting** dat élke lewensaspek vir estetiese navraag oop is met betrekking tot die sondigheid van sonde én die grootsheid van ‘n heilige lewe. Daar is vir die Christelike kunstenaar nie “verbode” onderwerpe nie, maar wél buite-perke oogmerke en rigtings. Daarom benadruk die navorser dat afkraking en uitkryting van 'n verwerpende ouer, deur middel van die karakters in 'n kunswerk, buite die limiet van 'n Christelike kunstenaar se bedoeling is. Seerveld (2000:24, 28) meen Christen kunstenaars sal gedurig dink aan wat hulle doen en die rigting waarin hulle gaan. Alhoewel kúns kan bly staan, kan dit ménse vernietig. Daarom sal kunstenaars moet toesien dat hulle benadering tot die **inhoud** óók Godwaarts gerig is want die inhoud van ‘n kunswerk weerspieël die kunstenaar se wêreldbeskouing. Dit is bekend dat 'n persoon wat vroeë ouerverwerping ervaar het, 'n negatiewe wêreldbeskouing sal hê na aanleiding van die negatiewe persoonlike ervaringe (Pieterse, 2006:66). Deur die oë van Jesus Christus sal die siening of betragting van die wêreld egter verander van pessimisties na optimisties. Die Christen se wêreldbeskouing moet in terme van die **Skrif** gesien word en is nie vry van die oordeel van God se Woord nie (Schaeffer, 1981:88).

Gaebelein (1981:106) waarsku dat ‘n kunstenaar selfs iets moois en esteties-korrek kan skep, maar ‘n leuen vertel. Die outeur verwys na Genet wat pragtige prosa geskryf het, maar dit misbruik het om daardeur 'n leuen te vertel; Picasso het mooi, erotiese tekeninge geskilder, maar dit was korrup. Vir Seerveld (1995:60) was Picasso se kuns verdraaid, verdorwe en godslasterlik – ‘n verdoemende aanbidding. Picasso het voortdurend sy innerlike woede teenoor God en sy moeder losgelaat. Sy uitbeeldings van vrouens het progressief al meer vulgêr geraak. Daarteenoor verraai Rembrandt se manier van kyk sy innerlike houding: sy diep religieuse besef en geloof deurtrek sy werk en lê in sy sienende oog en skilderende hand (Van der Stap, 1991:91). Uiteindelik voeg Gaebelein (1981:105) by dat Rembrandt **waarheid**, ooreenkomstig die werklikheid, in vorm en kleur getoon het. Jesus se woorde in Matteus 7:17 skiet die navorser te binne: “Elke goeie boom dra tog goeie vrugte, maar ‘n slegte boom dra slegte vrugte” en Lukas 6:44 : “Elke boom word aan sy eie vrugte geken.”

'n Kunstenaar kán verwys na die negatiewe ondervindings in verband met vroeë ouerverwerping. Leitch (1981:194) beklemtoon egter dat selfs die hantering van die werklikheid – sondigheid, die gevalle mens, gemeenheid, brutaliteit, onsedelikheid, asook lelikheid –

ordentlik moet klink. Die outeur wens juis dat ‘n kunstenaar wat die Here ken, die waarheid, lig en verál hoop vir ander duidelik kan maak – soos nét ‘n kunstenaar dit kan doen. Boweal moet God se genade en herskeppingskrag in die kunswerk van die verwonde kunstenaar openbaar word.

Steyn (1973:1) en Best (2003:114) beskou kuns as **vry** om élke lewensaspek te hanteer en aan te spreek – lig of donker, goed of sleg. Vir die navorser sluit dit ook die verkeerdheid en skadelikheid van ouerverwerping in. Best beklemtoon egter *vertroue op Christus* as 'n noodsaaklikheid. Wielenga (1939:288, 364) het ook 'n voorbehoud, naamlik dat die kunswerk aan die Evangelie ondergeskik gestel moet word. Anders word onwaarheid in mooiheid verdoesel en ook verheerlik, en die duiwel as “engel van lig” kan orals insypel. Naderhand sal dit wat sleg is opgehemel word asof dit normaal en goed is, en kuns sal 'n demobiliserende in plaas van 'n beteulende krag hê. Turner (2001:41) beaam dat *Christen waardes* moet triomfeer en dat die negatiewe en bose nóóit die kuns algeheel mag inspireer nie.

**Godgerigte kuns** beteken glad nie dat dit valslik in elke gebaar, kleur en tekstuur *vergeestelik word* óf dat dit *gewyd* gemaak word deurdat elke gedagte Godbehep is nie (Best, 2003:116-117). Die outeur meen dít sou artistiek rampspoedig wees, sowel as teologies misplaas. Insluiting van die Bybel in 'n kunswerk is volgens Seerveld (1963:17 en 1995:8) in elk geval sonder nut, plan óf betekenis, en dus tevergeefs, tensý die persoon:

- deur die Heilige Gees vasgegryp en ontroerd is;
- in Jesus Christus saamgebind is en totáál van God afhanklik is vir alles wat hy / sy is en het.

Turner (2001:58) stem saam dat verwysing na God in álles wat geskep word, onnodig is. Die Christelike kunstenaar benodig wysheid om te wéét wanneer vermelding van God of Jesus Christus gepas is. Die noem van God op die régte tyd en plek het groter impak as wanneer sy Naam in byna alle skeppings verskyn. Al word God se naam glád nie direk genoem nie, glo Wilson (1981:68) dat die inhoud vanuit 'n hart kan kom wat verstaan en glo dat die Skepper van alle goeie en volmaakte gawes, agter alle geskape dinge bestaan. Avis (1999:84) sê die mens het selfs die vryheid om God te herdoop in die ontelbare, uiteenlopende metafore wat in die moderne godsdienslewe verwek word. In 'n lied is Jesus onder andere Newton se “Vriend”. Die kunstenaar kan ook verwys na die “Meester se hand”.

Met die vryheid in Christus onder leiding van die Heilige Gees, hoef die Christelike kunstenaar ook nie op godsdienstige onderwerpe te konsentreer nie (Schaeffer, 1979:61; Schaeffer, 1981:95). Die kunstenaar kan skryf, skilder óf dig oor die wonde, gevoelens of negatiewe ervaringe in verband met ouerverwerping in die kinderjare. Wilson (1981:71) en Avis (1999:83) waarsku egter dat álle onderwerpe en temas deur 'n geheiligde verbeelding, gloeiend met God se liefde, verken moet word. Die kunstenaar moet deur sy / haar kunsskepping **God** se eer soek en Hóm die heerskappy gee, verál vir sy genesing van die seer van vroeë ouerverwerping.


Best (2003:219) betreur die feit dat met verkeerdelike aanbidding die "reukolie", bedoel vir **Jesus**, oor ménse se voete uitgegooi sal word omdat kunstenaars deur hulle kuns, mense wil behaag en bevredig. Dít maak die mens se roeping kragteloos sodat net **water** vir Jesus se voete oorbly omdat die aanbidding verkeerd gerig was. Nét Godgerigte kuns sal volgens Best (2003:115) God se toets weerstaan en op `n magtige manier spreek. Dit lei ook tot die moment waar kuns opgehef word na die Voleinder, Alfa, Omega, Sondedraer, Verlosser en Here (124). Geloofgerigte kuns was in Augustinus se opinie vir **God** se Koninkryk terwyl 'n selfgesentreerde kultuur die koninkryk van die wêreld dien (Ryken, 1981:75). Volgens Dickens (2003:46) was Jesus Christus vir Von Balthasar die verwysingspunt waardeur Christene hulleself én hulle wêreld, ook in die kuns, moet evalueer.

Best (2003:61) is ook daarvan oortuig dat alles sal omdraai as Gód die mens se aanbidding is – die mens se taak in die regte rigting; alle ondernemings na die geloofsgedrewe aanbiddingsdaad; afhanklikheid van die uiterlike na vertroue in God en staatmaak op die *Gewer* in plaas van die gawes. Dán word die kunstenaar se wil op God gerig in plaas van op sonde; **God** is die einddoel; en hy / sy werk om die **Meester** te loof en te prys (Buffinga, 1930:96). Met hierdie nuwe ingesteldheid kán daar vir die seergemaakte kunstenaar herstel kom en kán kuns 'n terapeutiese rol speel in die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare. Die begeerde byvoeging van selfwaarde, goedkeuring, bewondering en aanvaarding om die innerlike leegheid te vul, sal wegval. Omdat die kunstenaar én sy wil op God gerig is en hy / sy die kunswerk aan God toewy, sal die vervulling van werksvoltooiing en -prestasie immerteenwoordig wees. God word die bron van eiewaarde, asook innerlike vrede en daarom is voortdurende werk ter wille van selftevredenheid en –waarde, onnodig. Jacobs (1988:134) konstateer dat álle ander dinge soos godsdienstige monderings of -toebehoorsels, in hulle regte plek sal terugval wanneer God eenmaal duidelik en helder voor die mens verskyn – in sy diepte, liefde en onverbiddelike waarheid. Dan sal die godsdienskonsep tot 'n einde kom. Dit herinner die navorser aan die refrein van 'n lied: "Hou jou oë op Jesus, kyk op in sy vriend'lik

gesig, en **die aardse dinge word nietig en klein** by sy heerlikheid, liefde en lig." Geloofsgerigtheid op Jesus Christus moet die fokus word van alle godsdienstige uitdrukking, ook van kuns as uitdrukking van kreatiwiteit.

'n Gelowige kunstenaar kan wél, soos Dawid, deur middel van sy / haar kreatiwiteit gevoelens uitdruk, dinge bevraagteken en met God worstel – ook oor die onregverdighede en pyn van die verlede. Die **bedoeling** moet egter nie wees dat die kreatiewe aksie / proses genesing moet teweegbring nie. Die oogmerk moet wees om God toe te laat om die pen / kwas / beitel as 'n geneesmiddel te gebruik.

Lené Pienaar, die Suid-Afrikaanse skilderes, sê uit eie ervaring dat God mense se gees déúr hulle kunswerk wil bereik. In 'n skildery omskep die visuele beeld vir haar die boodskap van abstrak na tasbaar (Georgiou, 2007:45). Lené, wat Godgerig skilder, noem dat haar skilderye soms 'n uitbeelding is van wat God haar leer; ander tye is dit boodskappe wat Hy op haar hart lê (sien Figuur 5 - *Redemption* en *Creation*). As God deur middel van skilderwerk met die kunstenaar kommunikeer, kan Hy ook deur woorde en beeldhouwerk deurgee wat Hy wil meedeel. In die geval van 'n kunstenaar wat heling van vroeë ouerverwerping soek, en Godgerig skep, kan Hy sekerlik verwerking, troos en genesing bring terwýl die kunswerk geskep word.




Figuur 5 - Skilderye van Lené Pienaar (Georgiou, 2007:44,45)

## 2.9 MOTIEWE VIR KREATIWITEIT

God het beoog dat kuns as seëning en vreugde vir die kunstenaar én die mensdom moes dien. Wanneer dit, sonder énige gerigtheid op God, uit selfsugtige, selfhelende motiewe gebruik word, verydel dit God se bedoeling. Kunstenaars ontbeer ook die geluksaligheid wat hulle Godgegewe gawe sou gebring het.

### 2.9.1 Uitdrukking of uitstorting van emosies

Baie kunstenaars word volgens Wuthnow (2001:2), na artistieke loopbane getrek deur persoonlike trauma of uiterste ontwrigtings in hulle families. Wanneer gesproke taal ontbreek, het die mens 'n behoefte om sy emosies op 'n ander manier tot uitdrukking te bring. Shaw en Runco (1994:37) wys daarop dat verwerping as 'n vorm van mislukking ervaar word, en negatiewe gevoelens soos woede, vrees, waardeloosheid, depressie, asook skaamte produseer. Uitdrukking word dan deur kreatiwiteit gegee aan aggressiewe impulse as gevolg van opstand oor die verlede en alles wat dit verteenwoordig. Mc Gee (1998:60) en Twombley (1999:42) beskou woede as die algemeenste reaksie op verwerping. Dit ontstaan as gevolg van die onuitgesproke pyn wat dan dikwels op onskuldiges uitgehaal word.

Pennebaker sê dat hy en sy kollegas al in 1980 ontdek het dat mense hulle fisiese gesondheid verbeter wanneer hulle oor hul traumatiese ervaringe skryf (Ramirez-Esparza & Pannebaker, J.W., 2006:212). Die aanname is dan dat skrywers méér verstandstabiel moet wees as nie-skrywers. Navorsing bevind egter die teendeel. Etta Hillesum, die skryfster, is 'n voorbeeld hiervan. Sy skryf in haar dagboek dat sy alle teerheid en emosies wou uitstort, maar andersyds haarself in drank wou verloor óf in 'n bodemlose put wou werp (Piirto, 1992:165).

Dit is Fritz (1994:120-121) se mening dat die kunstenaar gló dat daar vooruitgang is wanneer die onderdrukte gevoelens van die verlede uitgedruk word. *Nuwe gebeure* veroorsaak egter telkens *nuwe konflikte*, en *nuwe werk* word voortdurend aan die self benodig om verdere onwelkome emosies uit te druk. Die patroon van emosie-ontlading wat op die innerlike fokus, intensifiseer. Die uiteinde is dat verligting van emosie **verslawend** word. Die skryfster Linda Leonard (1989:13-14) se persoonlike ervaring is dat verslawing 'n oorgee-daad is van baasskap aan 'n substans, voorwerp, persoon óf aktiwiteit. Die persoon se hele wese en betekenis word in besit geneem deur iets van buite sodat vryheid en persoonlike integriteit, asook die siel, verlore gaan. Ochs (1994:88-89) toon dat mense verslaaf kan wees sónder bewustelike

erkenning óf benoeming van die “slawedrywer”. Kavaler-Adler (1996:4, 11, 14) praat van die dwang of kompulsie om te skep, soos in die geval van etlike vroue-kunstenaars wat sy bestudeer het – Sylvia Plath, Anne Sexton, Edith Sitwell, Virginia Woolf en Katherine Mansfield (vergelyk Plath, Mansfield en Sexton in 3.4.1.2 -- 3.4.1.4).

Powlison (2003:35) reken dat hierdie gedrag valse toevlugte is wat **God** vervang sodat die persoon ‘n “oerwoud” van verwrongenheid betree. Die optrede is egter net die simptome van die ware probleem. Volgens Savard (2005:180) is die probleem die vasgevange siel wat glo dat die verslawende gewoonte sy / haar pyn moet regmaak, behoeftes moet bevredig en onopgeloste kwessies op énige moontlike manier moet beantwoord – al is dit naderhand selfdestruktief of selfverydelend. Die Bybel is baie uitgesproke oor enige verslawing, veral in 2 Petrus 2:19 – “... as iets jou in sy mag het, is jy sy slaaf.” Die dringende dwang om gedurig te skryf, vang die kunstenaar vas in ‘n selfverydelende maalkolk. Daarenteen sê Paulus in Romeine 6:18 dat die mens eerder ‘n slaaf van God moet word wat sý wil doen.

Anderson (1989:75) waarsku dat uiting van emosies ter wille van die vrylating daarvan, nutteloos is. Dit lyk dan asof die persoon níks aan die innerlike magte kan doen nie, behalwe dat dit somtyds losgelaat kan word. Laasgenoemde bewerkstellig nie genesing nie, maar skep eerder 'n nadelige gedragspatroon van aanhoudende woede of angs. Borquez (2008:19) konstateer dat die wys of vrylating van emosies wél bevrydend is, maar God moet toegelaat word om te help om die gevaarlike, negatiewe emosies onder die heerskappy van Jesus Christus te bring.

Huizenga (1981:71) meen dat 'n kunstenaar nie nét kan skep ter wille van selfuitdrukking en “psigologiese suiwering” nie – kreatiewe gawes moet met ander gedeel word en verál tot eer van God beoefen word. Ann Briddle het gesê haar kuns is betekenisvol wanneer dit **ander** inspireer en ophef – nie net wanneer dit 'n persoonlike trauma of gevoelens uitdruk nie. Sonder haar konsekwente geestelikheid ervaar sy 'n leemte en haar lewe voel soos 'n hel, maar sáám met God het sy meer selfvertroue, hoop en vreugde (Wuthnow, 2001:128-129, 136).

Claridge, 'n psigoloog, se gevalstudies het etlike kunstenaars betrek. Hy bevestig die stellings dat selfuitdrukking opsigself nie heel nie. Sy gevalstudies was álmal intens-verbeeldingryk, met 'n vasberadenheid om die angstige verbondenheid en seer van die vormende jare kreatief uit te druk en te verwerk. Die gevolge was egter tragies met weinige bewys van genesing, indien

enige (Brink, 2000:166). As die pyn vir God oopgemaak was, sou hy / sy kon wegstap met 'n "Goddelike skikking" vol van sy mag, genade en liefde (Savard, 2005:11).

Die kunstenaar kom nooit regtig sónder God met sy / haar gevoelens in aanraking nie en skakel nie met ervarings van die kinderjare nie. Holm-Hadulla (1996:360) beklemtoon juis dat die estetiese vorming van gebeure 'n helende uitwerking kán hê ás ervarings in die loop van die proses geïntegreer word. Savard (2005:3, 40) is daarvan oortuig dat *nuwe denkwyses* deur die reiniging van die Woord kom wanneer die verstand aan Jesus Christus verbind en *nuwe emosies* deur die helende balans van die Heilige Gees opgewek word. Gód moet dus nuwe betekenis gee aan die gevoel van mislukking of minderwaardigheid as gevolg van verwerping, sodat die gebeure verwerk en geïntegreer kan word. Dán kan die kunstenaar deur die gevoelens werk op 'n manier waar die emosionele reaksie beheer kan word.

### 2.9.2 Simboliese bevrediging

In die kinderjare bou baie frustrasies, ontevredenheid en woede op as gevolg van die teleurstelling in een of albei verwerpende ouer(s). Wright en Renetzky (2007:128) beskryf die kind, en later volwassene, se woede as 'n gevoel van misnoeë of ontevredenheid teenoor die ouer(s). Die woede wat opgewek word deur verwerping, ook in die kinderjare, kan volgens Gardner (2005:106), selfs tot moord lei soos te sien is in die geval van Kain en Abel (Gen.4:1-8), Josef en sy broers (Gen. 37:4, 19-20), Esau en Jakob (Gen.27:34-41), asook Saul se haat teenoor Dawid (1 Sam.19:1; 20:31). Evans en Billington (1994:191-192) verwys ook na woede wat ouerverwerping by 'n kind opwek en tot in volwassenheid kan voortduur. Kate Twombley (1999:42) sê uit eie ervaring dat sy uit woede haar pyn na onskuldiges verplaas het.

Storr (1993:50) bevestig dat kunstenaars in volwassenheid verder gedryf word om te skep as gevolg van die mislukking of afwesigheid van liefdevolle verhoudings met ouers in die kinderjare. Die outeur wys daarop dat die oorbrugging van die geweldige gaping tussen die innerlike en uiterlike wêreld, nodig is om 'n nuwe balans te verkry. Ál die innerlike frustrasies en gevolglike ontevredenheid, soek simboliese bevrediging óf objektivering van die ervarings. Dít is 'n manier vir bemeestering van die buitewêreld, asook 'n harmonieuse integrering van die innerlike wêreld (224). Rose (1987:127) konstateer dat 'n kind kreatiewe talente gebruik om afbeeldings te skep as verdediging teen eensaamheid, verliese en onvergenoegdheid. Die gebruik van die kreatiewe talente gee 'n gevoel van bekwaamheid wat beter beheer oor die omgewing gee (Piirto, 1992:121). Dit is onvermydelik dat lof, aanvaarding en erkenning sal

volg.  Die probleem is dat die “belonings” of kompensasies uit kreatiwiteit dan noodwendig in volwassenheid óók defensief gebruik word om nog altyd die buitewêreld baas te raak.

'n Fyn balans is egter nodig vir die herintegrasie van die innerlike wêreld.  Daarom waarsku Rose (1987:135) dat 'n té sterk verbondenheid aan kuns wél naderhand die kunstenaar se persoonlike verhoudings beïnvloed.  Stanley (2006:395) het waargeneem dat digters met selfmoordneigings méér woorde gebruik wat juis hulle afsondering van ander mense, asook hulle selfbeheptheid, aandui.  Beheer oor die werk laat die kunstenaar waarskynlik voel asof die verlore volmaaktheid herskep word.  Kavaler-Adler (1996:9) sê dat die absorbering met werk veroorsaak dat verál vroue kreatiewe volwassenes van mense onttrek.  Kavaler-Adler (1993:5, 8) noem in haar vorige boek dat kunstenaars se lewe en werk in gevaar gestel kan word deur geloof in die opvatting dat wysheid deur ‘n beheptheid met kreatiewe selfuitdrukking, ontdek gaan word.  Die outeur meen kreatiwiteit kán vir sekere periodes gedy, terwyl die alledaagse interpersoonlike lewe in die wêreld verkwis word.  Hierdie oënskynlike “sukses” het dalk die mite van ‘n alomteenwoordige kreatiewe geneesmiddel laat ontstaan.  Volgens Kavaler-Adler het Gedo selfs gesê dat ‘n persoon kan funksioneer en vervul word sónder liefde solank hy / sy kreatiewe werk het.  Die skryfster verwys hierna as ‘n fantasie van selfgenoegsaamheid wat tragiese gevolge het vir kunstenaars wat wetend of onwetend hierdie geloof aanhang, en vasklou aan hulle kreatiewe werk met die uitsluiting van interpersoonlike verhoudings.

Die navorser beskou Gedo se opmerking as ‘n wanbegrip van wat liefde, die mens en kreatiwiteit is.  I Korintiërs 13 dui aan dat die liefde nooit uitgesluit kan word nie.  God wat die mens na sy beeld geskape het, is ‘n God van liefde.  Geen mens kan sonder liefde, in een of ander vorm, klaarkom nie.  Kreatiwiteit wat nie uit liefde geskied nie, is eintlik ‘n hulpkreet.

Boa (2001:28) beklemtoon ook dat die mens geskape is vir gemeenskap en intimiteit met God en die medemens.  Die outeur wys daarop dat die groot gebooie om God lief te hê en sy liefde uit te druk in naasteliefde, toon dat Hy ‘n God is van verhoudings.  Omdat die mens na God se beeld geskape is, is elkeen ook ‘n verhoudingswese.

Anderson glo (1989:93) dat die ervaring van gebrokenheid en die kreatiewe krag van die Heilige Gees, plaasvind bínne die lewe van die liggaam van Christus én die besorgdheid van lede vir mekaar (1 Kor. 12:12, 26).  Die outeur vergelyk dit met 'n oortapping – lewe vloei uit en in, gefiltreer deur die versorgingstruktuur.

Vir Ashbrook (1996:35-36) is dit noodsaaklik om die uiterlike wêreld **met ander** te déél ter bevestiging van die mens se eie werklikheid. Die passing tussen die mens se individuele behoeftes word bekragtig en ánder se hulpmiddels of vindingrykheid gee aanpassingsgroei en bemagtiging. Die skryfster Pat Allen (1995:137-138) het mettertyd agterkom dat haar kunswerk **mense** se plek begin inneem. In klei beeldhouwerk het sy haar eie kwesbaarheid gesien en stadigaan besef dat sy ander nodig het en hulle in die seer ervarings van die verlede moet insluit sodat verhoudings kan plaasvind. Seerveld (1963:23) meen ook dat die mens, die kroon van God se skepping, net vol betekenis is wanneer hy / sy in die verbondsgemeenskap van dienende gelowiges werk. Dít sal wees vir die verwesenliking van God se plan, herskepping en versoening van almal met Hom deur Jesus Christus.

Fitzpatrick (2001:25) beklemtoon dat die primêre liefde in die hart op God gefokus moet wees en dat die werk self nóóit belangriker mag wees nie. Paulus het in 1 Korintiërs 10:31 en Kolossense 3:17 gemaan dat álles tot eer van God gedoen moet word. Werk word vir die kunstenaar die simbool van bevrediging en vervulling van sy leë innerlike en die gevoel van hopeloosheid en hulpeloosheid met betrekking tot die buitewêreld. Borquez (2008:82) meen die tydelik vervulling wat ontvang is word verkeerdelik as sielsbevrediging geïnterpreteer. Powlison (2003:137) noem dit “vals gode” wat “goeie dinge” belowe en die werkende doelwitte van die kunstenaar word.

Versoening van die selfheid kan dalk uiterlik bemiddel word in die sin dat die omgewing nuwe moontlikhede van gedrag en identifikasie patrone kan bied wat volgens Schmidt (1989:349) “identiteit” vorm. Die outeur beklemtoon dat ‘n self wat nét georiënteer is tot uiterlike bronne van bekragtiging, nóóit innerlike vrede sal belewe nie omdat die persoon altyd **buite** die self na hom- of haarself soek. Die aanspraak van die Nuwe Testament is dat die finale vervreemding in Jesus Christus voorkóm word. Hy tree op as samevoegende realiteit binne die self wat laasgenoemde transformeer en vernuwe deurdat Hy sélf uit liefde vir die wêreld gebreek is (2 Kor. 5:14-17).

### 2.9.3 Beskerming teen die verlies aan selfwaarde

Kinders wat in die kinderjare verwerping ervaar het, verloor dikwels hulle identiteit as gevolg van ál die negatiewe boodskappe omtrent hulleself.

Pieterse (2006:41) noem dat selfwaarde die mens se totale selfpersepsie is en gewoonlik evalueer ‘n persoon sy / haar selfwaarde gebaseer op verskillende aspekte van die self. Die grondslag van 'n mens se lewe bestaan metafories uit die emosionele fondasie wat ander voorsien het (Ashbrook, 1996:3). Hoe die persoon met ander saamlewe en omgaan, is afhanklik van hoe belangrik ander hom / haar fisies hanteer en vasgehou het; vertroetel en getugtig het; bekyk en fronsend begluur het. Pieterse voeg by dat individue se beoordeling van hulle vermoëns, bekwaamheid, persoonlikheid en selfaanvaarding, gegrond is op herinneringe van ervarings in die verlede. ‘n Emosioneel-seergemaakte kunstenaar sal dan in kuns hoogagting, selfgelding, bekendheid en beroemdheid, asook erkenning, aanvaarding en goedkeuring soek.

Storr (1993:107, 110) en Gedo (1996:39-40) beweer dat 'n kunstenaar se kunswerk meesal 'n plaasvervanger is vir die **self** en 'n poging om die **selfwaarde** te reguleer. Selfwaarde is verwant aan waargenome aanvaarding en verwerping, ook met betrekking tot sosiale in- en uitsluiting (Pieterse, 2006:42). Dit mag die verklaring wees vir kunstenaars se kwesbaarheid vir kritiek. Gedo sê die kunstenaar sal woedend probeer om enige ongunstige oordele omtrent sy of haar taakverrigting te weerlê deur hernude kreatiewe pogings. Hierdie woedende reaksies kan, volgens Pieterse, toegeskryf word aan die verdere verlies aan selfwaarde wat voorkom wanneer die persoon met verswarende omstandighede gekonfronteer word (42). Waar min positiewe selfaspekte in die ouerhuis gevestig is, sal 'n selfkonsep wat nét op 'n indiwidu se kreatiwiteit gebaseer is, wél negatief beïnvloed word tydens mislukkings, ontwrigtings of onderbrekings van die kunsproduk. Die ou gevoel van verwerping, magteloosheid, asook waardeloosheid word wéér ervaar; die persoon is van die *buite-wêreld* afhanklik vir **innerlike krag**; en 'n onreëlmatige lewe volg.

Die regulering van die selfwaarde fluktueer, volgens Gedo, tussen uiterstes van selfminagting en selfliefde. Soos die voorraad goedkeuring van buite invloei of afneem, só daal of styg die kunstenaar se selfwaarde want hy / sy het heeltemal met die kunsproduk geïdentifiseer. Storr se slotsom is dat sukses wél selfwaarde en gerusstelling bring, maar dat die verbetering ongelukkig gewoonlik kortstondig en nie blywend is nie. Kavaler-Adler (1993) waarsku dat die wêreld se bewondering nie vir die kunstenaar kan teruggee wat in die belangrike stadiums van selfvorming misgeloop is nie – aanvaarding van basiese gevoelens en vervulling van die basiese behoeftes soos sekuriteit, liefde en waarde. Storr (1993:82, 104) noem dat kreatiewe aktiwiteit ongetwyfeld dien as 'n verdediging en beskerming teen die gevaar van die verlies aan selfwaarde. Laasgenoemde is juis afhanklik van 'n goeie verhouding met ander. Daarom is die

vrees vir die onttrekking van mense se liefde en goedkeuring, immer teenwoordig en word die kreatiewe aktiwiteit dikwels 'n alternatief vir sosiale omgang. Die skeppingsvermoë en gevolglike kunsprodukte, het gewoonlik waarde en betekenis by die gemeenskap, en is dus meer betroubaar as *mense*.

Anderson (1989:93, 235) glo dat egte selfwaarde verrys uit **verhoudings** waarin die self vir eie onthalwe waardeer word. Die self is 'n sosiale realiteit waarvan indiwidualiteit in verhouding met ánder afgelei word. Selfgroei geskied dus nié alleen en in afsondering nie (Ef. 4:15-16). In sommige gevalle identifiseer die kunstenaar só met 'n sekere kunswerk dat voltooiing daarvan bedreigend is (Storr, 1993:110).

Die verwonde kunstenaar het twee afgode: eerstens die kreatiewe taak wat moet kompenseer vir die gebrek aan selfwaarde en tweedens mense en hulle opinie wat belangriker as God is. Fitzpatrick (2001:23) dink nie afgode is nét klipbeelde nie. Dit is wél die gedagtes, begeertes, verlangens en verwagtinge wat mense aanbid in plaas van die ware God wat hulle ignoreer in die soeke na wat hulle dínk nodig is. Powlison (2003:140) voeg by dat die plekke waar mense identiteit soek, dikwels "droë putte" is soos in die geval van die Samaritaanse vrou in Johannes 4:1-26.

### 2.9.4 Selfontdekking, selfbegrip en selfkennis

Baie kunstenaars het kuns gekies ter wille van selfontdekking en selfkennis. Verwerping in die kinderjare veroorsaak dat die volwassene dikwels min van hulleself dink óf 'n soeke het om die ware self te vind. "Wie is ek? Wat maak ek hier? Waarheen is ek op pad?" is vrae wat in die innerlike spook. Die afwesigheid van 'n verbintenis tussen moeder en baba, en die ervaring van verlies as gevolg daarvan, het 'n geweldige impak op die kind en later volwassene (Pieterse, 2006:23, 40). Verder noem Pieterse dat kinders 'n verdraaide prentjie van hulleself kan ontwikkel as gevolg van geliefdes se reaksies teenoor hulle. Mettertyd, gebaseer op die gelowe, houdings en aksies van ander, bekyk kinders en latere volwassenes hulleself. Die positiewe of negatiewe gevolgtrekkings oor die self word dikwels blywende verteenwoordigers van die self. Baker (2007:7) voer aan dat karaktergebreke maklik deur só 'n persoon met identiteit verwar word. Hierdie volwassene wonder dan gedurig oor sy / haar identiteit en waarde. Dit verklaar baie kunstenaars se soeke na selfontdekking en -begrip.

Die self word juis geïsoleer by gebrek aan die eerste liefdeservarings wat die kind en latere volwassene aan hom / haarself toeskryf (Anderson, 1989:78). Gevolglik misluk pogings tot effektiewe en blywende verhoudings met ander aanhoudend. Dikwels kom volwasse verdedigingsstyle in werking as beheer, vermomming en beskerming teen angs en nood (Pieterse, 2006:50). Ongelukkig voorkóm hierdie meganismes die openheid met ander en inhibeer die persoon se heldere selfbegrip (Ashbrook, 1996:22). Laasgenoemde outeur meen dat dit ook die ware wêreld van Gód se moontlikhede afsny. Die noodsaaklike omgang met mense en deel wees van die uiterlike wêreld, is juis 'n voorwaarde vir die bevestiging van die mens se eie werklikheid (35).

Soms raak kunstenaars ook verstrengel en verdiep in die uitbeelding van die wroeginge, seer en pyn van hulle fiktiewe karakters, sonder die besef dat hulle éie gevoelens en selfsoeke na die karakters verplaas is. Die skryfster Pat Allen (1995:9) weet uit eie ervaring dat die mag van beelde uit die kinderjare nie verdwyn nie want dit kom tot uiting in verkeerde gevoelens en optrede, asook in kuns. Anderson (1989:56) glo dat die kunstenaar ter wille van selfontdekking met sy / haar emosies sal móét begin omgaan want gevoelens is die self as 'n lewende, ervarende wese. Die self sal egter teenwoordig blý, al word gevoelens ontken, onderdruk of glád nie uitgedruk nie, omdat konfrontering té pynlik is. Anderson konstateer dat gevoelens dikwels verwronge is as gevolg van foutiewe interpretasies van ervarings (64). Daarom sal kunstenaars hulle eie gevoelens in dié van hulle geskepte karakters, moet erken en herken. Blootlegging en konfrontering van gevoelens lei dan tot selfherstel sodat transformasie kan plaasvind. Indien die negatiewe emosies aan Gód oorgegee word, en tyd bestee word aan die regte eksplorering en hantering daarvan, kán die lewe volgens Borquez (2008:17) ryker en meer betekenisvol word.

Augustinus het die **gevoelsinhoud** as die voete beskou wat die mens náder na God of vérder van Hom voer en waarsonder die pad glad nie afgelê kan word nie (Anderson, 1989:56). Die navorser wil graag daarop wys dat God nuwe en gesonde emosies in die self kán teweegbring indien Hy toegelaat word om die kunstenaar se **denke** te vernuwe (Rom. 12:2; Ef. 4:23). Savard (2005:3, 40) praat van 'n verstandsverbinding aan Christus om nuwe denkwyses te weeg te bring. Sodoende kom nuwe **gevoelens** deur die helende balans van die Heilige Gees. Calvyn was daarvan oortuig dat **selfkennis** afhanklik is van **Godskennis** – 'n gawe van sy genade ná die sondeval wat die mens van hom- of haarself vervreem het (Roper, 1979:3).

Verder sê hierdie hervormer-kerkvader dat God se Gees en Woord die mens laat besef dat hy of sy **God** se skepsel is en verlossing benodig. Volgens Calvyn kan die mens nie hom- of haarself bekyk en tot selfkennis kom nie, tensy **God se aangesig** eers waargeneem is (Simpson, 1984:113,114). Eers daarná volg selfondersoek. As kunstenaars nie hulleself deur **God** leer ken nie, gaan hulle volgens Storr (1989:308) met elke nuwe werk net 'n *gedeeltelike antwoord* ontvang op die “wie is ek”-vraag. Gevolglik gaan die soektog maar aan en aan (vergelyk Hoofstuk 1). Hughes (1989:51) beklemtoon dat selfkennis in 'n ek-U-verhouding met God die Skepper verkry word want 'n obsessiewe selffokus is nie selfvervullend nie.

Die skryfster Ochs (1994:2, 5) reken ook dat selfsoeke 'n persoon altyd geestelik en psigologies na sy / haar oorsprong terugbring. Met 'n twéédé blik op oorspronge is die mens minder begaan oor die onopgeloste sake van blaam of oordeel in die familiedrama en méér begaan oor sélfbegrip. Volgens die skryfster is dit belangrik dat élke mens moet besef dat hy / sy méér is as die produk van ouers omdat elkeen deel is van die **groter** skepping. Elkeen word dan mede-skepper in die vorming en ómvorming van die self. Die skryfster het haarself in die narratiewe van die Ou Testament ontdek en agter elke narratief 'n immer-geduldige God na haar ware wese hoor roep.

Uiteindelik behels die “wie is ek”-vraag vir Ashbrook (1996:18) onvermydelik 'n soeke na herverbintenis met die afwesige moeder, asook ander belangrike mense in die vroeë kinderjare. Ochs (1994:88-89) glo egter dat selfkennis verkry sal word in 'n toetrede tot intimiteit met en vertroue in God tydens 'n “woestynervaring” met Hom. In hierdie afsonderingservaring kan alle vrese, gevoelens en verwagtinge geopenbaar en gekonfronteer word. Dán word Calvyn se uitspraak bewaarheid dat die mens Gód moet leer ken om hom-of haarsélf te ken. Wanneer 'n persoon, ook 'n kunstenaar, God se liefde leer ken en in sy lewe toelaat, glo Meyer (2006:11) dat daardie liefde énige lewensomstandigheid sal beïnvloed en kontroleer – ook verwerping. Die skryfster is daarvan oortuig dat dié wat **God** sien, ook oorsaak en gevolg kan peil (84).

### 2.9.5 Die skepping van dubbelgangers in kunswerke as gevolg van 'n splitsing van die self

By sommige verwerpte kinders ontstaan 'n **verdeelde self** omdat sekere aspekte van die kind se geaardheid vir die ouer/s onaanvaarbaar of skandelik is. O'Hanlon (2006:41-42) noem hierdie afgesplitste gevoelens “verlore dele” van die self wat deur die persoon ontken word. Die outeur sê dit is moontlik dat die kind ook herinnerings en gevoelens van hartseer heeltemal uit

die geheue verban as onaanvaarbare ervarings. O'Hanlon beklemtoon dat die persoon hom-of haarself nie net van die ervaring / s afskei nie, maar dit óók uit die identiteit uitskuif as 'n slegte, skandelike of ongeldige aspek. Kavaler-Adler (1993:4) voeg by dat hierdie afsplitsing van die ervaring ook die bewustheid van die traumatiese verbintenisse met die "slegte" voorwerpe – die ouer(s) – vermy. Sodoende vind géén integrasie daarvan in die self plaas nie (vergelyk ook 3.3.4).

Ashbrook (1996:177) bevestig dat psigoloë hierdie verskynsel as 'n "fragmentasie self" identifiseer – die persoon kan nie tussen die teenstrydige of chaotiese magte van die ervaringsaspek onderskei en besluit nie. Volgens Anderson (1989:87) word gevoel en intellek van mekaar afgeskei sodat 'n **skeuring** in die self plaasvind as gevolg van 'n wegval van die eenheid van die selfervaring.

Schmidt (1989:343-344) sê die self is 'n drieledigheid – 'n proses van kom tot die self, deur die andersheid van die voorwerp ( die omgewing en die wêreld), en die gevolglike ontoereikendheid wat in die self ontdek word. Die outeur sê 'n persoon se oriëntering kan verdeel wees met betrekking tot die wêreld en sy / haar plek daarin. Verdeling van die self vind dan plaas gebaseer op die negatiewe verhouding met die selfwees.

'n Uitdrukkingsvorm van só 'n splitsing is volgens Rose (1987:21), die skepping van 'n dubbelganger in letterkunde. Dit is 'n onbewustelike of bewustelike verplasing van verskeie geïdealiseerde of veragtelike selfaspekte na die uiterlike wêreld; 'n geheimsinnige mengsel van bekendheid en onbekendheid. Vir die kreatiewe skrywer verteenwoordig fiktiewe of denkbeeldige karakters soos dubbelgangers, verlore aspekte van die self. Hagman beskryf dié proses as "veranderde eksternalisasie" – 'n proses waardeur die kunstenaar probeer om deur artistieke kreatiwiteit die fragmentasie af te weer óf te herstel (Ornstein, 2006:391). Hierdie transformasie is egter tydelik.

Omdat die kreatiewe persoon meer bewus is van die **verdeeldhede** in hom / haar, is kennis van die ware identiteit, asook die vereniging van die botsende teenoorgesteldes, problematies (Storr, 1993:310). Genesis 1:27 toon dat die mens perfek en na God se beeld geskape is, maar in Genesis 3 kom sonde en vervreemding van God. Allen (1991:8) sê laasgenoemde laat die mens onbeskermd en dus kwesbaar vir disintegrasie van die self én sosiale verhoudings. Laasgenoemde outeur voeg by dat **Jesus se kruisdood** versoening en genesing teweegbring.

Kierkegaard beskou estetiese kreatiwiteit opsigself as onbevoeg vir die genesing en oorkoming van die diep vervreemding van die verdeelde self (De Grunchy, 2001:81-82). Hierdie ontoereikende genesing is volgens Kierkegaard as gevolg van die gaping tussen estetiese ervaring en die werklikheid. De Grunchy voeg by dat die **belofte van versoening** deur kuns dus bedrieglik is en onvervuld bly. Pattison (1998:24) beaam dat kuns nié die ware hereniging van die verdeelde self kan bewerkstellig nie, want dit versoen nié die mens met die realiteit waarin hy / sy lewe nie. Die mens moet aan God as 'n **integrerende** mag en betekenis dink – Hy vorm lewe en fatsoeneer die emosionele impak van gebeure (Ashbrook, 1996:18).

Net in 'n geloofsprong word vervreemding oorkom – dié reaksie op die evangelie sal die dilemma van die kunstenaar oplos (De Grunchy, 2001:86). Vir Ochs (1994:14) is die terugkoppeling met die **Goddelike bron** die manier om die opponerende magte in die persoon se self én in die buitewêreld by te lê. Verder sê die outeur dat die vreugdevolle én pynlike herinnerings van die verlede, teruggekry moet word sonder om die persoon te "verlam". Ochs reken dat die persoon op die vroeëre vorm van die self én die verlede moet aanspraak maak vir toetrede tot die toekoms.

Omdat God vir Dawid, en elke mens, volgens Rozenberg en Zlotovitz (1999:885) saamgevleg het soos 'n kleed of mandjie, **ken** Hy elkeen in diepte (Ps. 139:15). Bratcher en Reyburn (1991:1127) noem dat die werkwoord "versigtig saamgestel" in vers 15 (ou vertaling, 1955 Afrikaanse vertaling) net agt ander kere in Eksodus gebruik word en wel in verband met die versierde borduurwerk in die tent van die Here. God, wat die mens só sorgsaam geskep het en intiem ken, is uiteindelik die enigste Een wat kennis omtrent die self kan gee.

Jesus Christus as die tweede Adam, het volgens Schmidt (1989:349-352) die nuwe beeld van die self geword. Hy:

- versoen alle vervreemde dele van die werklikheid, asook die verdeeldhede in die self;
- wis die grens uit tussen die bewuste en onbewuste, tussen die ek en nie-ek sodat die volle omvang van andersheid binne selfheid bekend kan word;
- openbaar alle andersheid aan die self met só 'n radikale aanvaarding dat geen verdere verplasing óf ontkenning moontlik is nie;
- is die nuwe interne regter wat die afgesplete deel van selfheid in Homself intrek vir die gevolglike heropbou van die innerlike en uiterlike wêreld.

### 2.9.6 Kuns as 'n verdedigingstyl

Kunstenaars maak dikwels gebruik van verdedigingstyle. Pieterse (2006:50) sê navorsers koppel verdedigingstyle aan die kwaliteit van die vroeë gesinsomgewing. Wanneer plekke, situasies of verhoudings, gekenmerk word deur groter stres en minder persoonlike bedrewenheid, word onvolwasse verdedigings ontplooi om die angs en nood te beheer en te vermom; snellers wat onaangename herinnerings of emosies mag opwek, word uit die bewussyn uitgesluit; die persoon "ontsnap" uit die situasie deur middel van fantasie óf 'n psigiese pynstiller. Ontvlugting van pyn bring egter nie genesing of herstel van verhoudings nie. God se oplossing is om verborge gevoelens openlik te bely en Johannes 8:3 bevestig dat die waarheid sal vrymaak.

#### 2.9.6.1 Fantasie

Kunstenaars skep dikwels 'n karakter of karakters as 'n wens-vervullende fantasie van wat hy of sy wóú gewees het. Storr (1993:24) verwys veral na Ian Fleming, die skepper van die suksesvolle James Bond-reeks. Hy het weggedraai van die werklikheid en deur fantasie probeer kompenseer vir al die teleurstellings en seer in sy verlede. Die outeur noem dat baie mense met onvervulde wense, tog nié die begeerte het om dit te beskrywe óf aan ander te kommunikeer nie (41). Die besit van 'n talent vir selfuitdrukking sal bepaal of 'n persoon **kuns** sal gebruik vir die uitdrukking van fantasieë.

Pieterse (2006:51) verduidelik verder dat die innerlik-beheerde wêreld die ontsnappingsroete is uit die harde werklikheid. Hierdie ontsnapping deur middel van fantasie, verlig pyn en angs, gee pseudo-afhanklikheid en selfgenoegsaamheid. Die vermyding van die werklikheid vernietig egter nuwe verhoudings; verminder medelye vir ander; en die wegvlug van gevoelens dra by tot selfhaat en isolasie. Daarom kan sommige kunstenaars nie ware vriende maak nie want verwerping in die ouerhuis benadeel houdings en sosiale aanpassing (52-53). Omdat geïsoleerde mense nie die werklikheid ervaar nie, ontsnap hulle na die ideale situasie en skep denkbeeldige vriende (Cloud, 1992:76). Dit lyk vir só 'n kunstenaar na 'n veiliger verhouding, maar volgens die outeur is dit níe vervullend nie want idealisme *bevorder* die isolasie in plaas daarvan om **heling** te bewerkstellig.

Wright en Renetzky (2007:60) sê enige ontsnapping, soos deur middel van fantasie, is ironies wanneer dit deur die sélf beheer word. Dit skep vals paaie na "vryheid" en lok die persoon na

duiwelse valstrikke en uiteindelik **gebondenheid**. Kunstenaars begeer vryheid van seer en probleme, maar soek dit deur ontvlugting van die werklikheid in plaas van by Jesus Christus wat ware vryheid kan verseker (Gal. 5:1). Tóg verkies hulle eerder die nagemaakte ontsnappingsroetes – dikwels met tragiese gevolge.

#### 2.9.6.2 Psigiese pynstiller

Soos alkohol, dwelms, seks en prestasie 'n ontsnapping bied uit die probleme en seer, kan kuns 'n uitweg wees. Twee fundamentele toestande van **verstandsnood** bestaan waarteen die "lyer" hom / haarself moet verdedig – die depressiewe en gesplete of skisoïede gesteldheid (Storr, 1993:63-64). Volgens die outeur is albei gesteldhede te wyte aan vroeë verliese en teëspoed in die kinderjare, veral met betrekking die moeder. Die navorser meen dat hierdie stelling dalk té simplisties gestel is aangesien ‘n magdom ander moontlikhede ook ‘n rol kan speel. Depressie word gekenmerk deur gevoelens van hopeloosheid en ellende; die gesplete ongesteldheid deur nutteloosheid en sinloosheid. Storr voer aan dat kreatiewe vermoëns dikwels gebruik word as verdediging én vermyding van insinking, al ís die kreatiewe werk moeilik en veeleisend. Brink (2000:192) bevestig dat insinkings van emosionele versteuring dikwels by digters en skrywers bestaan, maar hulle kuns bring geen volledige en blywende genesings nie.

Vroeë en latere studies het bevind dat baie depressiewe literêre skeppers uit huise kom wat deur ouerlike verwerping en inperkings gekenmerk is (vergelyk ook 3.3.2 ). In volwassenheid word ervarings van die verwerping herroep en negatiewe selfevaluasies, 'n begaandheid oor eie toereikendheid en fluktuerende buie kom voor (Walker, Koestner & Hum, 1995:84-85). Pretti en Miotti (1999:300) beaam dat indiwidue met 'n geneigdheid tot depressie en angs, artistieke loopbane kies omdat dit 'n geleentheid bied vir die oplossing van innerlike konflik op 'n kreatiewe wyse.

Graham Green het volgens Brink (200:179) deur sy skryfwerk van swaarmoedigheid, melancholie en paniek probeer ontsnap. As 'n verdediging teen verdere seer het hy **"weghardloop"** deur skryf gekies, in plaas van **konfrontering** van sy gevoelens. Sodoende kon harmonie en aanpassende hantering tussen die innerlike en uiterlike werklikheid, nooit plaasvind nie. Wallace en Gruber (1989:213, 215) sê die skryfster, Anaïs Nin, het deur kuns ontsnap om sodoende beheer oor haar eie ervaring te verkry. Dit was vir haar soos 'n reddingstou wat die ondraaglike draaglik moes maak. Die navorser betreur dit dat Nin in haar

hartseer nie gegryp het na Jesus Christus, wat deur God die Vader gestuur is as 'n redding vir die wêreld nie. Hy rig ‘n tere uitnodiging in Matteus 11:28 - “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.”

Pattison (1998:22) stem saam dat kuns die pyn probeer genees deur ontsnapping en vergetelheid te bring in oomblikke van intense estetiese ervaring. Die outeur benadruk egter dat die **Christendom** verklaar dat wáre genesing nét kan plaasvind wanneer die vólle las van sy / haar wisselvallighede en pyn opgeneem word en eie nietigheid voor God erken word. Die skryfster, Linda Leonard, het geweet dat sy 'n gyselaar was van die angswekkende figure uit haar kinderjare wat haar siel gevange gehou het. Aanhoudende skryf en naderhand alkohol, het nié die gevoelens van verskrikking, angs en wanhopigheid gekeer óf verminder nie. Later, in die rehabilitasiesentrum het sy in haar hopeloosheid en vernedering, totaal aan God oorgegee en stadigaan haar geloof herwin in God, die groter liefdesmag (Leonard, 1989:13, 15).

Ten slotte wys Borquez (2008:35) daarop dat God ‘n pragtige “ simfonie” deur mense wil speel sodat hulle “melodieë” na ander om hulle kan uitgaan. Borquez betreur die feit dat die “musiek” wat uitkom nie altyd aangenaam is om te hoor, te sien of te lees nie as gevolg van al die seer en wonde waaraan baie mense, asook kunstenaars vashou. Watter magtige impak kan die kunswerk van kunstenaars wat deur die reinigende bloed van Jesus Christus van die seer van vroeë ouerverwerping bevry is, nie op die mense om hulle maak nie: balsem vir sommige harte, bemoediging vir andere; en vreugdevolle opheffing vir wanhopiges

## 2.10 TERAPEUTIESE BETEKENIS EN WAARDE VAN KUNS

Net soos uitvindings en ander mens-geskepte dinge ten goede of ten kwade gebruik kan word, geld dit ook vir enige kunsvorm. Wielenga (1939:365) is daarvan oortuig dat die kunste gróót dinge kan doen tot lewensverheerliking en -verwerkliking, ás die kunstenaar deur ‘n Goddelike geloofsontroering voortgedryf en gevoed word. Die vindingryke hantering van lyding en tragedie verhef, volgens Steinkraus (1974:195), die verslae gees – deur lied, poësie, drama, argitektuur óf die grootsheid en prag van skilderye. Wielenga sê kuns begelei die mens dikwels uit diepe angs en vertwyfeling na die hoogtes van geluk en blydskap. Dit kan ook geld vir die kunstenaar wat ouerverwerping ervaar het. Die bemoediging wat uit só baie van Dawid se psalms straal, is sielsopheffend: Psalm 46:2 – “God is vir ons ‘n toevlug en ‘n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood. Daarom is ons nie bang nie ...”. Die troos en

geloofsvertroue van ander Bybelse skrywers wat in persoonlike krisisse verkeer het, is vir die hulpsoekende mens ‘n anker: Klaagliedere 3:22-26 – “Deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie...“ (vers 22), “... daarom hoop ek op Hom ...” (vers 24); Jesaja 43:1-3, 5 – “Moenie bang wees nie ...” (vers 1), “... Ek is by jou “(vers 5); Jeremia 31:25 – “Ek gee nuwe krag aan dié wat moeg is ...”. God kan 'n kunstenaar, wat deur sy genade genees en bevry is van die seer, woede en haat vanuit die kinderjare, beslis gebruik om ander indiwidue met soortgelyke ervarings, te bemoedig en te verhef.

Louw (2001:340) definieer kunsterapie as die gebruik van verbeedingryke uitdrukking om begrip en selfintegrasie te bevorder, asook om verstandelike gesondheid te verbeter. Hy bepleit egter artistieke rede in vennootskap met God (vergelyk 2.7 - bladsy 55).

Wanneer die mens oopmaak vir die wesenlike waarde van kuns, glo Huey-Heck en Kalnin (2006:14) dat hy / sy oopmaak vir ‘n ontmoeting met God wat op onverwagte maniere praat. Irvine en Dawtry (2002:67) stem saam dat kuns soms voldoen aan die woordelose verlange na ‘n Godsontmoeting want dit skep ‘n geleentheid tot selfopenbaring teenoor God. Dawid het herhaaldelik sy hart voor God ontbloot, selfs ten opsigte van sy skuld (Ps. 51). Paul Kim, die pianis, sê sy oopmaak teenoor God en die interaksie met Hom deur Bybellees en gebed, asook die erkenning van sy eie beperkings, het hom gehelp om op Gód te fokus en sodoende sý wil te leer ken en te gehoorsaam. Hierdie hartsopenheid het sy lewe en musiek besiel sodat sy vertonings in Gód se diens was, eerder as ter wille van die vermaak of die lof van gehore (Wuthnow, 2001:122-123). Enige kunstenaar, verwond deur vroeë ouerverwerping, kan met 'n diep, innige verlange na genesing en heelheid, ook só sy / haar hart deur kreatiwiteit aan God blootlê deur middel van skryf- of digvorm, op doek, in klei of klip. Sodoende sal sy / haar kreatiwiteit ook aan God toegewy wees, soos Kim s'n. Borquez (2008:25) se oortuiging is dat God begeer dat elke mens in vrede, vreugde en oorwinning moet lewe. Hy wíl mense vrymaak van emosionele gebondenheid, veral van die pyn van ouerverwerping in die kinderjare wat vernietig wat Hy in en deur hulle opbou. Kuns kán terapeuties werk, maar die volgende vereistes geld: die beherende emosies moet volkome aan God oorgegee word; en die waarhede in die Woord is die sleutels tot die ontsluiting van die begeerde vryheid (vergelyk 2.11 – kuns terapeuties, Godsgerig beoefen). Verwerking van emosies bring oorwinning in plaas van verwoesting en sondige gedrag. God kán deur kuns in die lewenschaos gevind word (Huey-Heck & Kalnin, 2006:67).

De Grunchy (2001:102) gee toe dat kuns insig voorsien met díe voorbehoud dat kuns soos alle ander dinge, nét ware betekenis kan vind wanneer dit om die Christelike geloof wentel en aan Jesus Christus onderwerp is.  Wuthnow (2001:264-271) meen dat kuns wél nuwe insigte omtrent probleme kán bring, maar dit is meer dikwels ‘n aanmoediging vir verdere soeke.  Die outeur sê dat baie kunstenaars dan ook aandag aan verlossingsbeelde gee wat lewenssinvolheid ontwikkel óf behou.

Kuns in verhouding met spiritualiteit, kan kreatiewe dade heilig en het die vermoë om indiwidue tot heling en selfintegrasie te bring (Huey-Heck & Kalnin, 2006:72).  Michelle Zachheim het geskilder en uitdrukking aan haar gedagtes en gevoelens gegee.  Uiteindelik het sy sáám met **God** haarself gevind en sin gemaak uit die teenstrydighede van haar lewe (Wuthnow, 2001:76).

Die Christelike geloof was nog altyd, volgens Hoffman (1996:20), ‘n belangrike faktor in die soeke na selfbetekenis in kuns.  Volgens Vosloo en Van Rensburg (1993:1974), kom die belewenis van en gemeenskap met God tot uiting in liefde;  deur liefde kom kennis van God want Hy is liefde (1 Joh. 4:8).  Dit herinner aan Calvyn se oortuiging in verband met Godskennis wat selfkennis bring.  Goens (1999:13) glo dat die emosionele aanraking van aanbiddingskuns tot selfverandering motiveer.  Wielenga (1939:124) noem kunsskepping ‘n selfspieël waarin die kunstenaar hom-of haarself sien en tot ontwaking van die selfbewussyn kom.  Die navorser verskil van Wielenga want baie kunstenaars ontken en vlug weg van die self soos Green en Fleming, eerder as om Gód toe te laat om deur hulle kuns waarhede omtrent die self oop te breek (vergelyk 2.9.6.2 – die gebruik van kreatiwiteit as ‘n psigiese pynstiller).  Hulle projekteer negatiewe gevoelens en ervarings, gekoppel aan ouerverwerping, op hulle karakters óf in die beelde van 'n skildery, sónder toepassing op hulleself.  Wanneer die kunstenaar egter hom- of haarself in **God se Woord** spieël, sal die waarheid omtrent die self openbaar word.

Wuthnow (2001:105) wys daarop dat kunstenaars uit families met min sekuriteit, juis moeiliker ‘n duidelike, konsekwente selfbewussyn ontwikkel.  'n Kind wat grootword in 'n verwerpende ouerhuis, ontbreek positiewe selfaspekte wat dan negatiewe selfwaarde vestig.  Tóg toon die “geestelike reise” van kunstenaars die moontlikhede om persoonlike samehang te bereik, te midde van negatiewe persoonlike en sosiale toestande of situasies.  Narratiewe van herstel, terugkeer, bekering en herdefiniëring van die verlede, wat deur ouerverwerping verdonker is, en uitstippeling van die toekomsroete, bestaan.  Dit bevestig Brink (2000:42) se woorde dat die kunste nie spesifiek *genees* nie, maar die kunstenaar ten minste help om sy / haar gevoelens te kommunikeer.  Vroeër is al daarop gewys dat die mededeling van gevoelens egter vrugteloos is

sonder insig daarin en interpretasie daarvan (vergelyk 2.9.1). Brink voeg by dat die estetiese ervaring tóg kan openbaar wat benodig word vir die genesing om sodoende die *strewe* te verbeter wanneer die moontlikheid van harmonie uitgewys word (179).

Wuthnow wys daarop dat die nuwe narratiewe ‘n struktuur voorsien waarmee ‘n nuwe identiteit opgebou kan word (76). Daarna kan dié identiteit met ‘n **Godsbegrip** verbind word. Cynthia West, die skilderes, se werk met klei het haar die ervaring van omvorming van haarself en haar seer gegee (80). In ‘n herverbintenis met **God** en haar liefde vir Hom, het sy in die hede begin lewe, van die verlede afskeid geneem en sodoende tot samehang gekom (82). Warren Cooper, ‘n kunstenaar, het sy selfbegrip met betrekking tot sy eie opstand geïntegreer deur die Bybelse verhaal van die tuiskoms van die verlore seun. Sy persoonlike, morele en geestelike oorwinning is deur ware geloof in **God** bereik, wat daarna in sy kuns weerspieël is (82-84).

Kuns is baie suksesvol terapeuties gebruik met kankerpasiënte ná chirurgie. Hulle kreatiewe response deur middel van skilder en skryf, het die aangebore kreatiewe drang na heelheid en gesondwees, na vore gebring (Brink, 2000:192). Kunsterapie word ook suksesvol gebruik by die konfrontering van traumas wanneer die indiwidue die trauma konfronteer sodat die gebeure herorganiseer en geassimileer kan word (194). Pennebaker, Zech en Rimé (2001:537) noem ook dat psigologiese en fisiologiese gesondheid kan verbeter indien weekliks vir ‘n maand lank oor ‘n traumatiese gebeure óf die afsterwe van ‘n geliefde, geskryf word. Hierdie mense het egter nie diepliggende emosionele probleme soos baie kunstenaars gehad nie. Die sogenaamde skriptoterapie het by etlike vrouekunstenaars, wat almal vroeë ouerverwerping ervaar het, misluk. Onder diegene was Sylthia Plath, Adelheid Duvanel en Anne Sexton (vergelyk 3.4.1.2 en 3.4.1.4). Die psigiaters het gereken dat dit vir hulle helend sou wees, maar al drie vrouens het selfmoord gepleeg (Ornstein, 2006:389; Stanley, 2006:395-396). Die skryfterapie het ook by Lowell gefaal (vergelyk 3.4.2.4). Daarom waarsku Brink (2001:192) dat die soeke na volledige en blywende genesings van emosionele versteurings onder digters en skrywers deur middel van sogenaamde skriptoterapie, onrealisties is. Net voorbeelde van verligting en uitstel van terugslag bestaan. Crabb (2005:115) meen dat die mislukking van baie psigiaters en sielkundiges se kunsterapie dalk geleë is in té veel inspanning of té veel fokus op probleemoplossing in plaas van om **God**, die hoër prioriteit, te mídde van probleme te vind.

Ten spyte van die waarde wat kuns wél het, het dit sónder God beperkte genesingswaarde, soos te siene in die lewens van etlike kunstenaars. Brink (2000:179) bevestig dat die estetiese ervaring net *tydelike verwagtinge* oor herstel van goeie verbondenheid kan skep. Kuns kan 'n

*belofte* van beter moontlikhede van 'n beter komende lewe gee, maar kan nié opsigself genees nie. Selfs hierdie verwagtinge en beloftes het nie die selfmoord van talle kunstenaars voorkom nie. In Ps. 147:3 belowe die Here egter: “Ek genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde”.

Kuns kan volgens Begbie (1991:100) nie **trane** tydens lewenshartsere afdroog nie. Brink (2000:179) gee toe dat kuns dalk die hartseer sal *versag* óf daarvoor *kompenseer*, maar beslis nié genees nie. Seerveld (1995:78) sê sommige het selfs die fantasiewêreld van skilder en skryf as 'n ware *balsem* beskou; ander het bespiegel dat hierdie verbeeldingryke wêreld 'n *versagting* vir psigose is. Brink (2000:179, 192) verwys na Graham Green, die romanskrywer, wat deur kuns psigopatie probeer ontsnap het, sowel as na Christopher Smart en Samuel Johnson wat depressie deur kuns afgeweer het. Nie een van hierdie kreatiewe indiwidue het egter 'n vervulde, gelukkige lewe gelei nie.

Dawid het telkens sý troos in God gevind – Psalm 119:50 - “Dit is my troos in my ellende: dat u belofte my in die lewe hou.” Jesaja 5:12 (ou vertaling. 1955-vertaling) praat van die Here as die Een wat troos bring en Jesaja 61:2 sê dat God almal wat treur, vertroos. In Filippense 2:1 bevestig Paulus die troos wat in Christus ondervind word, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing.

Pattison (1998:24) en De Grunchy (2001:86) wys daarop dat kuns genesing probeer bewerkstellig deur **vergetelheid** te bring in oomblikke van estetiese ervaring. Wegvlug van die hartseer van ouerverwerping na die valse tydloosheid van 'n estetiese oomblik, is geensins 'n oplossing nie. Inteendeel, elke herkonfrontering van die werklikheid gaan nuwe ontnugtering en pyn bring. Daar lê eerder troos in die besef dat God bewús is van die mens se ellende en op élkeen se trane ag gee (Ps. 56:9). Dawid het in Psalm 30:12 getuig dat hy in rou was, maar dat Gód dit in dansende vreugde verander het. Die rouproses wat die kunstenaar ná 'n kinderjare van ouerverwerping moet deurloop, sal sáám met God in jubelende blydskap verander.

**Diepliggende angstighede** van kunstenaars word slegs deur kuns *bereik*, maar *verlig* selde permanent, en interpersoonlike funksies waarin die angste verrys het, verbeter ook nie (Brink, 2000:179). God moet die angste wat ouerverwerping meebring ontbloot; krag gee tot konfrontering daarvan, asook begrip daarvoor; en daarná sal Hy deur die bloed van Jesus Christus sy genesing en bevryding daaroor laat vloei. Dawid het in Psalm 25:17 die grootheid van sy angs erken en voor God neergelê, en in die laaste reël spreek hy sy vertroue in God uit.

Kuns kan 'n **lewensvriend** wees, maar nooit 'n lewensgids nie (De Grunchy, 2001:74). Daarenteen praat Dawid in Psalm 119:105 van God se Wóórd as 'n lamp vir sy voet en 'n lig vir sy pad. Volgens Seerveld (1995:78) het Susanne Langer in 1957 geskryf dat die direkte *lewensin* uiteindelik in artistieke terme lê. Sy meen selfkennis, verstands- en lewensinsig spruit uit artistieke verbeelding. Seerveld glo egter dat hierdie heidense verheerliking van en vertroue op verbeelding, ontnugterend en gevaarlik is. Vos (1988:15, 59) beklemtoon dat 'n leë, sinlose lewe eers sinvol word as **God** die sentrum van die mens se lewe is. Enige arbeid sal eers 'n sinvolle middel tot selfverwesenliking word wanneer vanuit die **geloof** gelewe word as vrygespreekte kind van God.

Buffinga (1930:35-38) noem dat sommige kunstenaars beweer het dat **kuns** die plaasvervanger van die godsdiens is. Volgens hulle kan die **godsdiens** nié die diepste sielsbehoeftes van die mens bevredig en vrede verseker nie. Tóg het aanhangers van hierdie standpunt in hulle ouderdom óf op hulle sterfbed die saligmakende genade van die kuns teëgespreek. Dít bevestig Augustinus se woorde dat die menslike hart innerlik onrustig bly totdat rus in **God** deur Jesus Christus gevind is. Buffinga voeg by dat stemme naderhand opgegaan het wat erken het dat kuns slegs 'n **skynversoening** waarborg en die menslike hart net *oppervlakkig* kan kalmeer (63). De Grunchy (2001:82) dink dat die belofte van versoening uit kuns bedrieglik is en die persoon onvervuld laat bly. Pattison (1998:24) beaam hierdie standpunt, naamlik dat die estetiese ervaring mense bluf – hulle dink dat die oplossing bereik is, terwyl hy / sy nog vér het om te gaan. Die beelde van harmonie en vreugdevolle versoening met die realiteit waarin hy of sy lewe, is dus denkbeeldig. Die pad na ware versoening is deur God, wat die mens deur Jesus Christus, met Homself versoen het (2 Kor. 5:18 en Kol. 1:22).

Kuns kan nooit verlossing verdien nie, sonde versoen óf van bevlekking reinig nie (Begbie, 1991:100), maar kan net help met die droom of visie van verlossing (Sherry, 2003:9). Nét die bloed van Christus reinig van alle sonde (1 Joh. 1:7) en wis die skuld uit (Kol. 2:14).

Jesus Christus is die enigste Verlosser van die wêreld (Joh. 4:42, Hand. 4:12, 1 Pet. 2:24, 2 Pet. 1:11). Buffinga (1930:84) sê met oortuiging dat die **godsdiens** moet dien om die sondaar se verlore Godsbeeld terug te gee, terwyl **kuns** slegs glans tot hierdie herowerde beeld kan byvoeg.

Dit is duidelik uit die werk van sommige kreatiewe indiwidue dat **godsdiens** wél 'n uitkoms mag voorsien. Saunders en Mcnaughton (2005:7) beweer dat dit 'n manier bied om ervaring te

struktureer, asook ’n meer optimistiese perspektief bied waarin God se genade beskikbaar is vir die “verworpeling”. Yarhouse en Turcic (2003:353-354) se navorsing toon dat die kreatiewe indiwidue wat God geken het, se godsdienservaring as ’n hulpbron gedien het in die baasraak van depressie of bipolêre versteuring. Hierdie kreatiewes het berig dat God balans, stabilisering en beheer gegee het, ten spyte van hulle gevoel van skuld oor hulle siektetoestand. Vertroue in God se bedoeling, sy liefde, teenwoordigheid en onveranderlikheid, asook die ondersteuning van die gemeentelede, het hulle gehelp om hulle sietetoestand te hanteer. Els (2008:202) voer aan dat ’n persoon se denkvermoë en Skrifkennis benut kan word met die herskommeling van gevoelens, asook in die volhouding van die herstel en genesing van depressie. Die geloof in die liefdevolle teenwoordigheid van ’n Opperwese laat die persoon vashou aan Hom as ’n lewensgids.

## 2.11 TERAPEUTIESE, GODGERIGTE KREATIWITEITSBEOEFENING

Vervolgens word ’n paar kreatiewe indiwidue, wat terapeuties en Godsgerig hulle kreatiwiteit beoefen het, kortliks bespreek.

### 2.11.1 Katie Agresta

Katie Agresta is ’n sangeres, komponis, skrywer en dosent. Kuns en spiritualiteit is in haar lewe byna verweef en daarmee het haar loopbaan ’n dryfkrag gekry (Wuthnow, 2001:49-53).

Wuthnow vertel dat Katie se ouers musikaal was, maar dat sy nooit ’n goeie verhouding met hulle gehad het nie. Haar vader was soms gewelddadig en het hulle baie geslaan. Haar oupa se dood toe sy drie jaar oud was, het ’n groot “gat” in haar gelaat omdat sy nader aan hom was as aan haar ouers. Sy het die gat probeer vul deur navolging van musiekbelangstellings. Verder het ’n famieliekrisis altyd voorgekom en musiek was vir haar ’n toevlug.

Volgens Wuthnow het Katie op vyf jaar met klavierlesse begin, maar na vokale lesse oorgeskakel. ’n Sangonderwyser het haar talent herken en op vyftien jarige ouderdom het sy by troues gesing en het later in musiek gegradueer. Daarna het sy met etlike godsdienste geëksperimenteer. Eers toe sy deur middel van terapie met haar seergemaakte binnekind verbind het, kon sy weer die oorspronklike liefde wat sy in haar kinderjare vir Jesus Christus gehad het, vind.

Katie het vir baie jare God as haar vyand beskou. Wuthnow wys daarop dat sy sterk, asook hardkoppig was en teen God baklei het. Daarom was die pad "huis toe" – na God toe – lank en moeilik. Fisiese siekte en emosionele trauma het haar egter verder tot oorgawe gedwing. Sy kon haarself aanvaar en haar kreatiwiteit wat toe Godgerig beoefen is, het verdere genesing gebring.

### 2.11.2 Sharon Thompson

Sharon Thompson is 'n talentvolle skrywer-digter. Haar ouerhuis was chaoties en gevul met baie drank, asook ander onaangenaamhede (Wuthnow, 2001:86-89). Sharon se belangstelling in en beoefening van poësie het uit die ervaringe van die kinderjare gegroei, maar aanvanklik het dit geen genesing gebring nie. Sy het kollege gestaak, getrou en 'n gesin begin, maar is 'n paar jaar later geskei en moes baklei vir toesig oor haar dogter.

Wuthnow noem dat sy op veertig jaar 'n produktiewe kunstenaar was toe 'n diagnose van borskanker haar tot stilstand geroep het. Ná haar operasie en bestraling, het sy waarlik besef dat iets groter as sy bestaan. Sy het 'n nuwe bewussyn van God se liefde ontvang, besef dat sy nog nie haar aardse taak as digter voltooi het nie en geweet dat sy iets tot God se wêreld moet bydra. Skielik kon Sharon glo dat Gód dinge in haar kuns laat gebeur, en dat sy wel die wérk doen, maar eintlik net 'n geleier van die Heilige Gees is. Soos ander kunstenaars alreeds die narratiewe van hulle bekering deur 'n gedig, skildery of lied uitgedruk het, het sy dit óók gedoen.

Sharon sê dat God naby is in alles in die lewe en dat die natuur een van die belangrikste punte is waar Hy aangeraak kan word – indien die mens gewillig is om te vinde te wees vir wat Goddelik teenwoordig is (Wuthnow, 2001:222).

### 2.11.3 Myra Keen

Myra Keen is 'n choreograaf, danseres en sanger. Wuthnow (2001:151-155,161,166) beweer dat sy baie onsekerhede as kind en in haar loopbaan ervaar het. Terwyl sy grootgeword het, het sy en haar ouers twintig keer getrek; sy het nooit in dieselfde skool gebly nie; nooit 'n vader se teenwoordigheid ervaar nie; en sy was vir 'n lang tyd baie arm.

Volgens Wuthnow het die skielik dood van haar vriendin, asook die beëindiging van 'n romantese verhouding, vrae omtrent haar eie identiteit en lewensbetekenis laat ontstaan. Sy het begin bid en met God gepraat, maar ook probeer om stil te bly en in sy teenwoordigheid na

Hom geluister. Myra het ernstig aandag gegee aan haar eie begeerte om God se nabyheid aan te voel. In ’n verhouding met Hom op ’n persoonlike vlak, en nie net in rasionele terme nie, het sy al hoe meer haar kreatiwiteit Godgerig beoefen.

Myra glo dat sy deur sommige van haar verdriet gewerk het en in die proses gegroei het. Wuthnow voeg by dat sy oortuig bly van die realiteit van God en het ’n verbinding met Hom herwin. Die outeur noem dat Myra daarvan oortuig is dat ware geloof nie verwyder kan word van die trauma en pyn wat kenmerke is van elkeen se lewe nie. Sy het heling ontvang en kon die seer laat gaan.

Wuthnow vertel dat élke optrede of handeling in Myra se lewe, élke beweging wat sy maak en klank wat sy voortbring, ’n soort handeling tót God is - soos ’n aanbidding. Mense wat die gewydheid van haar choreografie aanvoel, gee te kenne dat sy iets van haarself op hierdie manier ontbloot.

Myra dink dat God bestaan in elkeen en alles wat gesien of aangeraak word óf deel is van iets, maar tóg bestaan Hy apart. Wuthnow sê haar geloof is nie net ’n stel idees nie, maar iets wat sy beoefen, kreatief bedink en probeer om aanbiddend, as ’n sentrale deel van haar lewe, in te sluit. Sy vind dat haar spiritualitiet in die proses van ’n kreatiewe aktiwiteit verryk word.

#### 2.11.4 Lydia García

Lydia García doen houtsneewerk en het baie arm, asook verstoot grootgeword. Wuthnow (2001:116-119) voer aan dat sy jonk getrou het met ’n alkoholis wat haar mishandel het. Sy is geskei en moes vir drie kinders sorg. Haar tweede man is in ’n ongeluk dood en haar derde huwelik het na vyf-en twintig jaar in ’n egskeiding geëindig.

Sy het Jesus Christus leer ken en beskou haar produkte as ’n manier van aanbidding en kommunikering van haar geloof want sy voeg handgeskrewe inskripsies agterop haar kreatiewe werk by - ‘n eenvoudige gebed of Bybelvers. Wanneer Lydia werk, verstil haar verstand; word haar emosis gedissiplineerd; fokus sy haar aandag op God; en voel dat sy Gees haar lei. Dikwels ervaar Lydia dat sý alles geproduseer het, maar dat iets núúts daaruit gekom het – die Gees van God wat oor haar werk uitgestort word. Haar godsdiens en kuns is onskeidbaar en elke kunswerk is ’n herinnering aan haar verbintenis met God. Sy beskou haar kuns as ’n instrument van God se liefde en medelye, asook ’n manier om haarself aan God terug te gee (campus.udayton.edu/mary/gallery/garcia.html).

Lydia het na **God** gedraai en Hom aangeroep om haar lewe te sentreer, balanseer, beheer en tot goedheid te verbind. Kuns is vir haar soos ’n gebed. Wanneer sy die kruis van Jesus Christus uitkerf, voel sy sy nabyheid, asook sy pyn en eensaamheid aan die kruis. Mense het al haar werk in ’n gallery of museum gesien, is daardeur aangeraak en het haar gevra om vir hulle te bid. Só het Lydia ontdek dat haar kunswerk ’n bediening geword het.

### 2.11.5 Barry Johnston

Barry Johston is ’n metaalbeeldhouer. ’n Groot gaping het volgens Wuthnow (2001:185-187) tussen hom en sy ouers bestaan en elkeen het ’n ander standpunt teenoor godsdiens verteenwoordig. Sy vader was ’n alkoholis wat selfmoord gepleeg het en sy moeder het ’n rigiede gedragskode gehad.

Wuthnow sê Barry het ’n manier gesoek om sy kreatiwiteit tot uiting te bring as uitdrukking van sy siel. Hy het ook musiek bestudeer en dít, asook kuns, het ’n manier geword om God te vind. Hy het besef en vas geglo dat Jesus Christus ook kreatiewe magte gehad het omdat Hy ’n rolmodel was van wat elke kunstenaar moet wees – ’n Kunstenaar in sy omgang met mense; ’n Skepper van metafore en meesterlike narratiewe; ’n Oorbrugger van die gaping tussen God en die realitiet deur sy taal, woorde en alles wat Hy gedoen het. Alles het vir Jesus gegaan om die koninkryk van God ’n realiteit in die wêreld te maak. Die bewussyn van die wesenlike teenwoordigheid van Jesus Christus in sy lewe, het Barry se kreatiwitiet positief beïnvloed en vir hom heling gebring.

### 2.11.6 Mario Sprouse

Mario Sprouse is ’n komponis, kitaarspeler, musiekdirekteur en orkesstreerder. Wuthnow (2001:156-157) noem dat Mario ná ’n ongelukkige kinderjare, ’n persoonlike ontmoeting met Jesus Christus gehad het. Hy beskou Jesus as sy geestelike gids; glo die Bybel is geesgeïnspireerd; gaan weekliks kerk toe; en probeer om sy geloof met sy musiek te integreer. Die onvoorwaardelike liefde van Jesus Christus is vir hom wonderlik.

### 2.11.7 William Cowper

William Cowper se storie is volgens Sykes (2005:104-105) díe van kreatiwiteit wat ’n toevlug of teenmiddel was vir geestesversteurdheid en depressie. Cowper se lewe het in ’n mate die ervaring van ’n Calvinistiese Christen vertoon – hy het lewensbetekenis hergroepeer uit sy

lewenskrisisse en voorvalle van siekte. William het dit alles trotseer op die basis van die hulpbronne van die Christelike geloof, tesame met die goedhartigheid en goeie voornemens van sy vriende.

Sykes sê dat skrywe vir Cowper ’n selftoegediende terapie was wat melancholie op ’n afstand of ten minste binne perke gehou het. Die outeur vertel dat Cowper se liedere, asook sy outobiografie *Adelphi*, die hoogtepunt van sy oortuiging verteenwoordig, naamlik dat sy lewe deur God se voorsienige versorging regeer word (109).

Cowper het die geloof aangegryp van ’n persoon wat geweet het van ’n tyd en plek toe Iemand uitgeroep het: “My God, my God, waarom het u my verlaat?” (Matt.27:46; Mark.15:34). Dawid het dit alreeds tydens sy gevoel van verlatenheid in Psalm 22:2 uitgeroep, maar hy was nie wérklik deur God verlaat soos Jesus Christus aan die kruis was nie. Vir Sykes is dit wonderlik dat hierdie geloofsoortuiging van God se nabyheid in Cowper se skrywe tot uiting gekom het en ’n getuienis, asook ’n bemoediging was vir ander kreatiewe indiwidue wat verstandsteurnisse of depressie ervaar het (118).

### 2.12 EVALUERENDE GEVOLGTREKKING

God, die grootste en volmaakste Skepper, is die oorsprong van alle kreatiwiteit. Die wonderlike talent wat aan sommiges gegee is om te skryf, dig, skilder, beeldhouwerk te doen of musiek te maak, behoort beoefen te word uit dankbaarheid en lof aan die Gewer – tot sy eer en verheerliking. Van die vroegste Bybelse tye word kreatiewe gawes al beoefen. God wat behae daaruit geput het om móói dinge te skep, vind sekerlik vreugde in mense se Godgerigte kunsprodukte. Alles wat die kunstenaar uitbeeld behoort altyd keurig te wees. Op hierdie manier sal die kunstenaar die priesterlike, profetiese en koninklike ampte uitvoer, asook bydra tot die nakoming van die kultuurmandaat.

Die mens, die toppunt van die Skepping, het ’n bevoorregte posisie in die wêreld gekry, asook ’n kultuuropdrag om die wêreld te bewerk, bewaar en daaroor te heers. Bowenal is die mens geskape na God se beeld en gelykenis, wat ’n enersheid of ooreenkoms tussen God en mens aandui. Die uitstaande eienskap van God is sy kreatiwiteit en hierdie skeppingsvermoë is na sy beelddraers oorgedra. Mense wat die besondere talent van kreatiwiteit van God ontvang het, behoort in die beoefening daarvan in ootmoedige dankbaarheid voor God te staan. Dit is ’n Goddelike gawe omdat dit déúr God gegee is, maar veral omdat hulle juis híerdie uitsonderlike

eienskap van God, naamlik om te skep, ontvang het. Daarom behoort elke kunstenaar die begeerte te hê om nét die beste en mooiste vir die Meester te produseer sodat dit Hom sal dien, sy beeld uitstraal én tot seën van die medemens sal wees. Omdat God die bron van kreatiwiteit is, asook die Skepper van elke mens, is 'n afhanklikheid in elkeen vasgelê. Al soek die mense op ánder plekke na innerlike vrede, selfwaarde en heling, sal hierdie inherente afhanklikheid hulle altyd na God laat hunker. As elke soekende kunstenaar net kan besef dat sy / haar soeke by Gód eindig en dat Hý die antwoord is vir elke onbeantwoorde behoefte van die kinderjare.

Dit is betreurenswaardig dat kunstenaars soos die eerste mensepaar in die paradys, óók teen God gekies het en sodoende hulle kuns, God se mooiste gawe, besmet het. Ná die sondeval is kuns téén God gebruik en slegs God se algemene genade het kuns behoue laat bly. In hulle verwaandheid en egoïsme het kunstenaars God vervloek, verag en verontagsaam, maar ook na vals gode gedraai om op 'n sondige, eiegeregtige manier hulle behoeftes te vervul. In hierdie proses is hulle menseverhoudinge ook versteur.

Omdat God, die Bron van kreatiwiteit, uit die kunste geskuif is, ontbreek dit geestelike sinvolheid. Innerlike verbrokkeling en aftakeling kom dikwels in kunstenaars se werk tot uiting. Sonder God bly hierdie selfgerigte kunstenaars onvervuld – soekend na identiteit, asook koers en lewensbestemming. Dawid verwys in Psalm 127: 1-2 na die vergeefsheid van dade en optrede sonder God en daarom beklemtoon Paulus dat alle dinge uit Hom en deur Hom en tot Hom is (Rom.11:36).

God se oorspronklike oogmerk met kreatiwiteit was om die mens met God in verbinding te stel; om 'n mededeling oor Christus te maak en sodoende die mens aan te moedig om op God se opdrag deur Jesus Christus te reageer. Kreatiwiteit, die verpersoonliking van God ín die mens, word 'n dialoog tussen God en mens; 'n plek waar God openbaar word en die mens verander word soos hy / sy reageer op wat God meedeel; 'n manier om God te loof en sy naam te verheerlik. Hoewel kunstenaars, verwyderd van God wél soos die eerste Adam die taak van bewerking en bewaring versaak het, het Jesus Christus hierdie mislukte taak oorgeneem. Die mensdom het as gevolg van die eerste Adam onder sonde en dood gekom (Rom.5:12). Baie het gesterf deur die oortreding van een mens, maar die genade van God en die gawe wat deur die genade van die een mens, Jesus Christus gekom het, is veel oorvloediger aan baie geskenk (Rom.5:15).

Die enigste oplossing vir die verdorwenheid van die kunste is herstelde kommunikasie met God deur sy Seun, Jesus Christus. Sonder 'n ware hartsverandering waarvan Esegiël 11:19-20 praat; 'n berouvolle verootmoediging soos in Joël 2:13; en 'n denkvernuwing soos Paulus in Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23 aanraai, sal die kunste sonder God steeds agteruitgaan. Die mens in Jesus Christus staan egter volgens Kolossense 1:22, nie meer onder die verdoemenis nie – ". . .deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel ." Dit kan sekerlik ook vir die geredde mens se kuns geld, want ná verlossing suiwer die Heilige Gees die innerlike van verkeerde motiewe, verál van die ou sondige natuur wat saam met Christus gesterf het en ook menseverhoudinge benadeel het (Kol. 2:20; Kol.3:1). Verlossing versoen en herverbind elkeen met God (2 Kor. 5:18-19). Die drie ampte kan só herstel word en die kuns van verdorwenheid bevry word. 2 Petrus 1:3 sê dat die verderf ontvlug kan word deur Hom wat geroep het, te kén. Deur die Heilige Gees skep God 'n nuwe hart en gees in 'n wedergebore mens. As ontvangers van God se genade en as nuutgemaakte mense (2 Kor. 5:17 en Ef. 4:24), kán kunstenaars aan menslike kreatiwiteit uitdrukking gee wat níe sal degenereer nie.

Christelike kuns is 'n **dankoffer** aan God. "Dank God die Vader altyd oor alles. . ." sê Paulus in Efesiërs 5:20. As sulks kan die kuns deur Hom gebruik word as 'n getuienis van sy helende krag wat weer die lewens van ánder gebrokenes kan bemoedig deur die verkondiging van hoop in Jesus Christus. Christelike kuns kan die vrug van goeie werke wees waarvan Paulus in Kolossense 1:10 praat. Jesus se woorde in Matteus 5:16 is die kruks van die Christen se optrede: "Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik". Só kan elke goeie, geheiligde kunswerk God **verheerlik** en nooit nét ter wille van selfsugtige motiewe wees nie. Paulus noem in Efesiërs 2:10 dat mense in Christus geskep is om hulle lewens te wy aan die goeie dade waarvoor Hy hulle bestem het. Dié mense wat kreatiwiteit as talent ontvang het, is sekerlik bestem om Hom daarmee te verheerlik, asook om Hom te eer waar genesing van innerlike wonde ontvang is. Op hierdie manier sál hulle kreatiwiteit ten goede gebruik word en goeie vrugte dra.

Kunstenaars se motiewe vir kunsbeoefening is dikwels selfsugtig en daarom totaal verkeerd. God het die gawe van kreatiwiteit gegee om vir die mensdom as 'n seën en vreugde te dien, maar veral dat dit tot sý eer en verheerliking sal geskied. Die mooiste gawe wat God gegee het is kreatiwiteit. Dit mag nie gebruik word ter wille van verkryging van selfbevryding, wegvlug uit omstandighede óf verheerliking van pyn nie. Kunstenaars misbruik kuns wél so en verydel God se oorspronklike bedoeling met kuns, naamlik dat dit aan Hom hulde moet bring.

Die **uitstorting van die emosies** wat vanaf die kinderjare opgebou het, is sinneloos sonder ‘n gerigtheid op God. Die ontlading van emosies bring net tydelike verligting, maar geen oplossing nie. Dawid het weliswaar nie só baie opgekropte emosies vanuit die kinderjare gehad waaraan hy uiting wou gee nie. Die les van sy poësie is egter dat hy **Godsgerig** gedig het. Sy negatiewe emosies soos woede, vrees, twyfel, moedeloosheid en soms verwyt teen God, is sáám met Hom deurgewerk. Daarom begin hy dikwels sy gedig in wanhoop en eindig met hoop (Ps. 10, 12, 17, 28). Dawid het sy pyn vir God oopgemaak soos die kunstenaar behoort te doen. Elke keer is Dawid opgehef en het hy rus, asook vrede, ervaar.

Geen **simboliese bevrediging** deur middel van kreatiewe produksies gaan die frustrasies, teleurstellings en woede as gevolg van die verwerping deur ouers in die kinderjare, uitwis nie. Nét Jesus Christus kan die gapings wat liefdelose verhoudings gelaat het vul, herstel en vernuwe. Selfs versoening met die verwerpende ouer(s) is deur die krag van God moontlik. Wanneer die kunstenaar naderhand nie meer kreatiwiteit kan aanwend as ‘n baasraker van die buitewêreld nie, bly paniek en wanhoop oor. Daarenteen bring Jesus Christus algehele rus, vervulling en harmonie, asook genesing van innerlike ontevredenheid, hopeloosheid en hulpeloosheid. Hý word die belangrikste persoon in die kunstenaar se lewe en alle kunswerk sal op God gerig wees – tot sy eer.

Die gedurige produsering van ‘n kunswerk in ‘n poging om **selfwaarde** te behou, is ‘n onbevredigende oplossing want die gevoel van waardeloosheid lê ín die self. Elke mens se waardevolheid word in God se Woord bevestig (Jes. 43:4). Die besef van identiteit in Christus verhoog die selfwaarde en géén uiterlike opheffing of aanvulling is meer nodig nie.

Wanneer die kunstenaar deur Godsgerigte kreatiwiteit God ontdek, Hom verstaan en leer ken, kom hy of sy by **selfontdekking, selfbegrip en selfkennis**. Die besef van God se intieme kennis van hom, het Dawid in Psalm 139:1-3 oorweldig – “Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes ...., U is met al my paaie goed bekend.” God is die volmaakte Skepper en die soeke na die ware self eindig by Hóm, die Skepper van elke mens.

Die enigste een wat ‘n kunstenaar kan help om die **verlore dele van die self** te herintegreer, is dié God wat hom / haar aanmekaar geweef het (Ps. 139:13), al vóór geboorte geken het (Ps. 139:16) en teenwoordig was toe hy / sy gebore is (Ps. 22:10-11; 71:6). Wanneer Jesaja 54:10 praat van God se onwankelbare liefde vir die mens (mét of sónder goeie eienskappe), is dit ook

‘n onvoorwaardelike liefde. Jesus Christus dra die versoenende Gees van God wat sal verenig wat gebreek en verdeel is (2 Kor. 5:18-19). Wat in die kind vir ouers onaanvaarbaar was, is vir **God** aanvaarbaar; seer ervarings word deur God ingeweef in sy groot plan vir die mens. Uiteindelik sal hy / sy soos Josef kan sê: “Dis nie júlle wat my hierheen gestuur het nie, maar God” (Gen. 45:8).

Die kunstenaar vind nie heling deur die ontsnappingsroete van **fantasie** nie, omdat die werklikheid onaangeraak bly. Die lewe moet eerder uitgebeeld word soos dit gelewe móét word om só daaruit sin te maak. Ontsnapping bring wél tydelike verligting, maar elke keer wanneer die wrede realiteit van die hede terugkeer, gaan hy / sy die onvervuldheid en ontoereikendheid ervaar. Die lewe in oorvloed wat Jesus Christus in Johannes 10:10 belowe, word nooit deur die kunstenaar ervaar nie. In Jesaja 43:2 belowe God om sáám met die persoon in die water en vuur te wees. Die persoon moet mét God déur die wrede werklikheid loop, déur die probleme of seer, maar nie óm die hartseer nie. Die kunstenaar moet Dawid se geloofsvertroue hê: “Met u hulp loop ek ‘n oormag storm, met my God by my is geen stadsmuur vir my te hoog nie.” (Ps. 18:30).

Dawid het nooit van depressie, angs en diepe **verstandsnood** probeer ontsnap nie, maar dit erken en openlik beskryf – soos in Psalm 143:4, 7 – “Ek het alle moed verloor, ek is verslae (vers 4), ... ek is heeltemal gedaan ....” (vers 7). **God** is egter sy toevlug en hulp – Psalm 145:14 – “Die Here help almal wat geval het. Hy ondersteun dié wat bedruk is.” Só sal God ook vir die kunstenaar ‘n diepe, blywende oplossing gee in plaas van net oorlewing. In Jakobus 4:7-8 word mense aangeraai om tot God te nader sodat Hy na hulle kan nader. Al ís die kunstenaar platgeslaan deur ouerverwerping in die kinderjare en die gevolge daarvan op sy of haar geestestoestand, het Jesus Christus die vermoë én mag om hom / haar daaruit te lig en te verhef – tot meer as wat hy / sy óóit sou of kon wees.

Luther het die waarheid vasgevat toe hy gesê het dat dít waaraan die mens se hart vasklou en waarop staatgemaak word, sy / haar god is. Indien die kunstenaar vasklou aan en staatmaak op sy / haar **kuns** om heling van die seer van verwerping in die kinderjare te bring, is dit 'n vals, dooie god na wie hy / sy opkyk en roep. Soos die Baälpriesters in 1 Konings 18:26-29 sal hierdie smekinge en verwagtinge tevergeefs en verydelend wees. Kunsgebruik as súlks is nie verlossend nie en gaan nóóit vrede bring óf verskeurde verhoudings herstel nie. Ware genesing kan alleen deur God, die Vader bewerkstellig word. Hy het die wêreld deur sy Seun se offerdood aan die kruis, versoen en daarmee deur sy groot skeppingskrag, die vervreemding

tussen God en mens, asook mense onderling, oorbrug. Al gebruik die kunstenaar kuns terapeuties, moet hy / sy eerstens die seer en pyn op **God** rig sodat Hý die kuns as 'n middel kan gebruik om heling te bewerkstellig. Dán geskied hierdie helingsproses in afhanklikheid ván en in samewerking mét God. Daarna kan die kunstenaar in ‘n herstelde verhouding met God en die medemens, as deel van die proses van heiligmaking, deur kuns uiting gee aan God se beminlikheid. Die kunswerk sal veral ‘n getuienis wees van God se verlossingskrag wat geleidelik genesing gebring het vir die verwondings van verhoudings wat lank seergemaak en gekrenk is. Die kunstenaar, gerig op Christus, gaan aan die wêreld teruggee wat hy / sy in Christus toegeëien het, en elke kunswerk uit dankbaarheid aan die Gewer, die Skepper-God, opdra.

Teenoor die **vreugde en versadiging** wat Jesus Christus gee, is kuns totaal ontoereikend. Jesus het vir die Samaritaanse vrou by die put belowe dat Hý in haar geestelike behoeftes sal voorsien sodat sy nóóit weer 'n sieledors sal ervaar nie (Joh. 4:13-14). **Vrede en verlossing** kom ook nie deur kuns nie, maar net deur die mens se worsteling met God en oorgawe aan Hom. Indien kuns soms **hoop** bring, is die hoop wat Jesus Christus bring, véél groter as net die belofte of moontlikheid van hoop wat kuns bied. Dawid sê in Ps. 39:8 dat die Here sy enigste hoop is. Vir Paulus wat dikwels in gevare, ontberings en beproewings was, is God die bron van alle standvastigheid en bemoediging, asook die bron van hoop wat met vreugde en vrede vervul (Rom. 15:5, 13).

Die kreatiewe indiwidue wat weggedraai het van die pyn van hulle kinderjare en hulle tot God gewend het, het die ware betekenis van die lewe en hulle kuns ontdek. Diegene wat hulle kreatiwiteit Godsgerig beoefen het, het heling en heelheid verkry deur die konfrontering van pyn, die soeke na maniere om daaruit te kom, aktiewe pogings om ‘n identiteit te herkonstrueer – soms deur narratiewe omtrent die selfverbinding van die identiteit met ‘n Godsbegrip en oopmaking vir die liefde van Jesus Christus. Die magtige getuienisse wat uit hulle kreatiewe werk gekom het, het die vervulling gebring van God se bedoeling met hulle kreatiwiteit, naamlik eer en verheerliking van sy Naam. Alhoewel hulle motiewe aanvánklik verkeerd was, het die ómmekeer ‘n sterker boodskap na buite laat uitstraal.

## 2.13 SLOT

In hierdie hoofstuk is die eerste fase van die prakties-teologiese inleiding van Ricoeur se model, naamlik verstaan, op basisteoretiese verken deur die neerlegging van perspektiewe oor die

Skrifuitsprake oor: God, die Skepper, bron van kreatiwiteit; die mens as beeld van God; kuns as uitdrukking van kreatiwiteit; verdorwenheid van kuns; Christelike kuns as uitdrukking van God-verheerlikende kreatiwiteit; die Christelike kunstenaar wat Godgerig kreatiwiteit beoefen; die belangrikheid van Godgerigte kreatiwiteit; motiewe vir kreatiwiteit; terapeutiese waarde en betekenis van kuns, asook kreatiwitiewe indiwidue wat hulle kuns Godgerig en terapeuties beoefen het. In die volgende hoofstuk word die eerste fase van Ricoeur se model, naamlik verstaan, op meteteoretiese vlak voortgesit deur die verkenning van sekere aspekte met betrekking tot kreatiewe indiwidue, asook die lewens van etlike bekende kreatiewe indiwidue.

# HOOFSTUK 3

## VERSTAAN OP DIE METATEORETIESE VLAK MET BEHULP VAN PERSPEKTIEWE WAT DEUR LITERATUURSTUDIE BEKOM IS

### 3.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om na te vors watter perspektiewe omtrent die onderwerp na vore kom deur die **verstaan** (onder andere met behulp van perspektiewe uit die aangrensende wetenskappe soos psigologie, literatuurkunde en selfs kunsgeskiedenis) van die optredes van etlike kreatiewe individue wat ouerverwerping in die kinderjare ervaar het.

Heitink het die idees van Ricoeur verwerk in ‘n prakties-teologiese hermeneutiese model van verstaan, verklaar en verander. Heitink (1999:155, 158, 162) glo dat **handelinge** voorbedag is, ‘n ingryping in die omringende wêreld is en gerig is op verandering – met ander woorde die optrede wil iets bereik. In hierdie opsig kan dit onderskei word van **houdings** wat dikwels onbewustelik en onopsetlik is. Daarom beklemtoon Heitink dat handelinge nie net veróórsaak word nie, maar gebaseer is op **redes**. Wanneer handelinge bekyk word in terme van *voorneming* en *motivering*, kan betekenisse daaraan gekoppel word. Omdat handelinge van binne na buite gebeur, sal verstaan van die eksterne, volgens Heintink, tot ‘n dieper waarneming van die innerlike lei (146, 182). Kelly (2004:399) voeg by dat die interpretasiemetode van verstaan (*verstehen*), eenvoudig vertaal as “empatie”, beteken dat ‘n menslike verskynsel verstaan word soos dit in die konteks geleef word. Verder meen Kelly dat die navorser op ‘n begripsvlak die kontekstuele ervaring **subjektief** deur empatie van binne bekyk, maar dat distansiëring van die ervaring, ‘n **objektiewe** bekyking van buite en dus interpretasie daarvan, teweegbring (400, 402). Interpretasie behels dan volgens Corbin en Strauss (2008:48-49), die navorser se begrip van die gebeure soos verwant aan die respondente. Betekenis, interpretasie en uiteensetting is ineengestrengel. Heitink wys daarop dat die verstaan / interpretasie van die handelinge tot voorveronderstellings lei wat daarna op empiriese wyse getoets kan word om kennis van die probleme te vergroot.

Vervolgens word ‘n omskrywing van metateorie gegee en daarna word aandag gegee aan ‘n agtergrond studie oor aspekte rakende kreatiwiteit en ‘n studie oor die lewens van kreatiewe indiwidue wat in die kinderjare ouerverwerping ervaar het.

## 3.2 METATEORIE

### 3.2.1 Inleiding

In hierdie afdeling word die term "metateorie" omskryf.

### 3.2.2 Die term metateorie

Vir Dreyer (1999:47) is die metateorie die teoretiese rekenskap of verklaring oor die opset waarbinne daar oor die "voorvrae" helderheid verkry word. Sodoende kan die navorser keuses uitoefen aangaande die oriëntering ten opsigte van die praktiese ondersoek. Dreyer voeg by dat die metateorie lei tot 'n basisteorie gevestig op 'n spesifieke praktiese teorie.

Metateorie het ook te doen met voorbeelde waarbinne gewerk word met die siening op die werklikheid (Pieterse, 1993:51). Daarom noem Lemmer (1991:14) metateorie 'n ken-teorie; 'n wetenskap wat die begrip van die werklikheid wil uitdruk. Hierdie gesigspunte op die werklikheid bepaal volgens Van den Berg en Dreyer (1995:210), die opstel van die finale basisteorie. Laasgenoemde beïnvloed dan die praktiese teorieë en speel 'n rol in die bewoording daarvan.

Metateorie is 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte, wat in die algemeen iets gelyksoortig met ander vakke in gemeen het, uiteengesit word (Pieterse, 1993:51). Hierdie teoretiese raakpunte is afhanklik van die onderwerp wat nagevors word en die gevolgtrekkings lei tot die formulering van die finale basisteorie (Van den Berg & Dreyer, 1995:218). Die ondersoek-aktiwiteite ter wille van verstaan, verklaar en uiteindelik verander, staan – volgens Dreyer (1999:54) – nie in isolasie nie. Dit is verbonde aan 'n teologiese uitgangspunt om deur middel van hermeneutiese kommunikasie **betekenis** aan die eietydse ervaring van die werklikheid toe te ken. Dingemans (1996:90) meen dat die taal van die psigologie en die meta-taal van die hermeneutiese teorieë, saamgevoeg moet word. Gray (2004:32) sê die ondersoekende studies poog om wat gebeur te ondersoek en vrae daaroor te vra, verál wanneer nie genoeg oor 'n verskynsel bekend is nie. Só 'n ondersoek kan deur 'n literatuursoeke onderneem word om meer insigvrae omtrent die onderwerp te ontwikkel en later deur 'n empiriese ondersoek opgevolg word.

Krathwohl (2004:102-103) noem etlike voordele van ‘n literatuursoektog. Dit toon watter fasette van die verskynsel belangrik is deur:

- probleemdefiniëring;
- voorstelling van die aard van die verhouding tussen die veranderlikes;
- voorsiening van die basis vir verkleining van die probleem na uitvoerbare dele wanneer die ondersoek van al die deel-geheel strategieë té veel is.

Die literatuursoektog toon ook die navorsingsgrens, naamlik hoe vér vorige navorsers gevorder het. Vasstelling van hierdie grens help die navorser om sy / haar studie in perspektief met ander se werk te plaas, met ander woorde hoe dit ‘n gaping vervul en bevorder wat rééds gedoen is.

Probleme word deur die literatuursoektog in verhouding gebring met die netwerk van bestaande teorieë, opgaaf van redes en vorige verduidelikings in die area van ondersoek. Geïsoleerde feite is onbevordelik vir begrip en latere kennis laat verplasings van bevindings na nuwe situasies toe, sowel as verbetering van die manier waarop met die wêreld omgegaan word.

Die literatuurstudie kan volgens Corbin en Strauss (2008:37):

- ‘n vergelykingsbron wees;
- sensitiwiteit verhoog;
- vrae vir iniële waarnemings en onderhoude voorsien;
- vrae gedurende die analisering stimuleer;
- bevindings bevestig óf verkeerd bewys;
- illustreer waar die literatuur verkeerd of simplisties is óf net gedeeltelik ‘n verskynsel verduidelik.

Die psigologiese insigte gaan ‘n beter begrip gee van die doel en oorsaak, asook rede vir die kreatiewe indiwidue se handelinge, houdings, gevoelens, benaderings en denkwyses, gesien teen die agtergrond van hulle kinderjare.

Van den Berg en Dreyer sê voorts dat die sentrale posisie van die Skrif in die ondersoek, die navorser altyd weer na die Skrif sal laat terugkeer. Sodoende kan die afgeleide metateoretiese gesigspunte altyd bewustelik uit die Skrif verbeter word. Die outeurs wys ook daarop dat selfs die uitslae van die empiriese ondersoek (die "verduidelik" deel in Ricoeur se handelingsmodel), die resultate van die metateoretiese invloede sal weerspieël.

In die basisteorie is gekyk na kreatiwiteit, sowel as kreatiewe indiwidue en hul handelinge in lig van die Christelike tradisie. In die metateorie sal indiwidue en hul optrede vanuit die literatuur en psigologiese gesigspunte bekyk word. Heitink (1999:159), praat van die "wie" en "wat" met betrekking tot die verstaan. Elke mens is uniek en daarom sal die kreatiewe indiwidu (die "wie") die wêreld vanuit húlle raamwerk waarneem, asook ánders optree en handel (die "wat"). By die uitwerk van die praktykteorie in hoofstuk 6 sal die begrip en kennis geïntegreer word vanuit die metateoretiese ondersoek met betrekking tot:

- die **kreatiewe indiwidu** en sy / haar **kunsvorm**, asook van die potensiaal van laasgenoemde by die gebruik van terapie;
- die **doel en rede** vir die kreatiewe indiwidu se handeling sodat **alternatiewe** optredes voorgestel en uitgevoer kan word;
- die **situasie of omstandighede** waarin die indiwidu optree sodat dit die navorser in staat sal stel om die persoon te begelei om ter wille van verandering, sy / haar situasie vanuit 'n **ander perspektief** te bekyk;
- die **oogmerk / bedoeling** van die handeling, die keuse van 'n spesifieke optrede, asook die gebruik van verskillende strategieë ter bereiking van die oogmerk, sal die navorser help op die indiwidu te begelei met betrekking tot die **wysiging** van ondoeltreffende en / skadelike optrede en strategieë.

Wanneer kreatiewe indiwidue en hulle optrede met betrekking tot ál hierdie handelingsaspekte bekyk word, sal die **geheel** in plaas van net 'n deel verstaan word. Die interpretasie en verstaan van die handelinge sal lei tot voorveronderstellings wat daarna volgens Ricoeur op empiriese wyse getoets sal word ter vergroting van kennis van die probleem (Heitink, 1999:165). Al hierdie kennis sal dan die navorser in staat stel om 'n meer doeltreffende praktykteorie uit te werk.

### 3.2.3 Samevatting

In hierdie afdeling is aangedui dat:

- metateorie ‘n wetenskaplike uitdrukking is van die begrip van die werklikheid;
- dit iets in gemeen het met ander vakgebiede wat die mens en menslike gedrag aanspreek;
- die gevolgtrekkings daarvan tot die opstel van die basisteorie lei;
- die resultate van die metateoretiese gesag, gereflekteer in die uitslae van die empiriese ondersoek, die uitwerk van ‘n doeltreffende praktykteorie bewerkstellig.

## 3.3 AGTERGRONDSTUDIE RAKENDE ASPEKTE VAN KREATIWITEIT

Die studie van die lewens van kreatiewe indiwidue en interpretasies wat na aanleiding daarvan gemaak is, het sekere faktore na vore gebring wat op metateoretiese vlak van belang kan wees vir ‘n meer omvattende begrip van problematiese elemente in die uitleef van kreatiwiteit in die verwerking van ouerverwerping. Die volgende aspekte word bespreek: psigopatologie en kreatiwiteit; depressie by kreatiewe indiwidue; die geneigdheid tot selfmoord by kreatiewe indiwidue; vroeë verbondenheids-verhoudings; die latere rol van die moeder en vader in die kind se lewe; rou in die kreatiewe proses.

### 3.3.1 Kreatiwiteit en psigopatologie

Kreatiwiteit is vir eeue geassosieer met verstandsiekte en ‘n verhouding tussen psigopatologie en artistieke kreatiwiteit is dwarsdeur die geskiedenis opgeteken. Volgens Schildkraut, Hirshfeld en Murphy (1994:482) is dit gedoen vanaf antieke Griekeland met sy spekulasies aangaande ‘n skakel tussen kreatiwiteit en malligheid, tot die Renaissance met sy sonderlinge kreatiewe persoonlikhede én die Romantiese periode met sy introspektiewe en buierige digters en skilders, om te eindig by die Moderne era. Fisher, Mohanty, Herrington, Koven, Miller en Heller (2004:25) voeg by dat biografiese berigte van beroemde musikante, filosowe, wetenskaplikes, skrywers, skilders en digters psigotiese episodes en selfmoorde beskryf.

Chávez-Eakle, Lara en Cruz-Fuentes (2006:28) beweer dat drie tipe studies in die veld van kreatiwiteit en psigopatologie onderneem is, naamlik biografiese studies, psigopatologie in lewende kreatiewe mense en navorsing op kreatiwiteit in psigiatriese pasiënte. By elke kategorie is ‘n hoë voorkoms van bipolêre of affektiewe versteurings, angs, eetversteurings en / of substansgebruik gevind. Die term **versteuring** word beskryf as ‘n kliniese manifestasie van

‘n stel gedragte en simptome met ontsteltenis of versteuring van persoonlike funksies (Lauronen, Veijola, Jones, Nieminen & Isohanni, 2004:83). ‘n **Verstandsversteuring** word dan gedefinieer as ‘n gedrags- of psigologiese sindroom wat klinies betekenisvol is en geassosieer word met ontsteltenis, gestremdheid of risiko vir lyding of verlies van vryheid. Verskeie psigologiese navorsingstudies tussen 1960 en 1990 toon ‘n hoë voorkoms van verstandsiektes onder diegene van die artistieke professies. Wanneer die navorsingsresultate van hierdie studies in oënskou geneem word, is dit merkwaardig dat dit onder die respondente juis vrouedigters is wat die hoogste persentasie van psigoses en depressie toon (Kaufman, 2001:37-38). Resultate van psigologiese navorsing ná 1990 ondersteun vorige verbindingslyne wat getrek is tussen emosionele onstabiliteit en kreatiwiteit (Walker, Koestner & Hum, 1993:84-85). Die outeurs wat in hulle navorsing ‘n samevatting gee van die ondersoeke wat ná 1990 gedoen is, sê die resultate bevestig dat kreatiewe indiwidue eienskappe besit wat verwant is aan ‘n depressiewe persoonlikheid.

Ochse (1990:119) verwys na angsverwekkende ervarings in die kinderjare wat die indiwidu mag voorbestem om kreatief en / of verstandelik versteurd te wees. Dít impliseer dat die gemeenskaplike faktor, onderliggend aan kreatiwiteit en psigopatologie in sekere families, níe geneties is nie. Verskillende omstandighede in die familielewe mag tot kreatiwiteit en psigopatologie lei. Hierdie aanname word ondersteun deur die hoë voorkoms van onveiligheid, verwerping, eensaamheid en ander faktore wat gelei het tot die gebrek aan emosionele bevrediging in die kinderjare van vooraanstaande kunstenaars (vergelyk die bespreking van kreatiewe indiwidue in 3.4.). Walker *et al*. se navorsingsresultate het getoon dat indiwidue met die depressiewe persoonlikheid meer begaan is oor hulle eie ontoereikendheid, fluktuerende buie ervaar en oor minder goeie sosiale verhoudings beskik. Toekomstige studies het die assessering van outobiografieë én biografieë gekombineer om akkurate verslae te kry, asook metodologiese foute beperk. Studies wat uit die nuwe ondersoekmetodes voortgevloei het, het óók bevestig dat kreatiewe indiwidue meer geneig is tot psigologiese nood. Fisher *et al.* (2004:25) bevestig dat resente psigologiese studies óók getoon het dat hoogs-kreatiewe indiwidue hoër tellings van psigopatologie as minder kreatiewe indiwidue het.

Volgens Kaufman (2001:39) het Post se navorsing in 1994 en 1996 getoon dat visuele kunstenaars en skrywers meer dikwels aan persoonlikheidsversteurings, depressie of patologie gely het in vergelyking met mense wat ander loopbane gevolg het. Bevindings van verdere studies is konsekwent met vorige studies met betrekking tot vroulike digters se groter kwesbaarheid vir verstandsiektes en depressie.

‘n Resente studie onderneem deur Santosa, Strong, Nowakowska. Wang, Rennicke en Ketter (2007:31-39) gee ook toe dat die bewyse van drie dekades van navorsing oor die assosiasie tussen kreatiwiteit en verskeie vorms van “malheid”, oortuigend is, indien nie definitief nie. Tóg wys díe navorsers op die verminderde betroubaarheid van vorige studies omdat diagnose gebaseer was op biografiese inligting eerder as subjektiewe onderhoude. Gestandaardiseerde diagnostiese kriteria is ook nie altyd gebruik nie. Al kón hulle eie studie, uitgevoer in die kliniek vir Bipolêre Versteurings by die Stanford Universiteit, nie die uitwerking van buigesteldhede op die verhoudings tussen bipolêre versteuring en kreatiwiteit uitwys nie, dui die bevindings wél op verhoogde kreatiwiteit by die groep met bipolêre versteurings in vergelyking met die gesonde kontrolegroep (37).

Akiskal en Akiskal (2007:1,4) sê die vraag word dikwels gevra of artistieke kreatiwiteit verwant is aan die temperamente wat met affektiewe siektes, naamlik emosionele of gemoedsversteurings, geassosieer word. Die twee outeurs maak die stelling dat affektiewe siekte, insluitende mania en geassosieerde psigotiese toestande, bestaan omdat hulle dien as die genetiese opgaardam vir die adaptiewe temperamente en die gene vir genialiteit. Daarom kan ‘n affektiewe (emosionele / gemoeds) versteuring beskou word as die prys van uitsonderlike grootheid. Kreatiwiteit en voortreflike indiwidue beklee dus, kragtens hulle uitsonderlikheid, ‘n ietwat onstabiele terrein tussen temperament en affektiewe siekte.

Poësie is kragtens die algemene persepsie wat in die Westerse samelewing bestaan, veronderstel om ‘n emosionele, terapeutiese vorm van skrywe te wees. Digters behoort dan gesonder as fiksieskrywers te wees, maar navorsing bewys die teendeel. Pennebaker, wat beweer het dat die skryfmetode gesondheid, emosies en gedrag beïnvloed, het toegegee dat nie álle mense voordele van ekspressiewe skryf vertoon nie (Ramirez-Esparza & Pannebaker, 2006:213,215). Volgens hierdie skrywers is dit dan nie die skryf van samehangende stories wat indiwidue help nie, maar net die **vertel** van ‘n storie, met ander woorde die uitdrukking van gedagtes en gevoelens (vergelyk egter 2.9.1. wat verwys na die nadele van die aanhoudende uitstorting van emosies). Ornstein (2006:387) se bewering dat die produkte van artistieke kreatiwiteit help om verstandsangs in toom te hou en moontlik te oorwin, word óók deur navorsing weerlê.

Kay Jamison en Anthony Storr, albei mediese dokters, het geskryf oor die verbinding tussen verstandsongesteldheid en artistieke temperament (Saunders & Mcnaughton, 2005:4-5). Veral Jamison, self ‘n manies-depressiewe lyer, het breedvoerige navorsing daaroor gedoen. Orstein

voeg by dat Jamison die verhouding tussen artistieke temperament en manies-depressiewe siekte onder baie van die bekendste en mees produktiefste skrywers, digters en toneelskrywers, gedokumenteer het. Sy het bevind dat die kreatiewe daad en kuns die mees destruktiewe verstandsmagte stuit. Saunders en Mcnaughton noem dat Jamison wél later haar navorsing hersien het. Sy het toe aangetoon dat manies-depressiwiteit ‘n “hoogtepunt” voorsien waarin idees en gevoelens vinnig en gereeld na vore kom, tesame met oormatige selfvertroue en ‘n energieke gedrewenheid. Die oorweldigende stuwing van kreatiewe genialiteit verander egter spoedig na mania en dan na depressie. Jamison se slotsom is dat die romantiese idee van malheid, ‘n hoë prys het indien die lyding van die indiwidu in ag geneem word. Daarom kan chaotiese en versteurde denke ‘n vyand vir groot kuns wees.

Saunders en McNaughton (2005:13) meen dat die poësie van Plath en ander, met hulle “ekstremistiese kuns”, geleë was op die brose randjie tussen verdraagsaam en onverdraagsaam. Hierdie kreatiewe indiwidue vind energie binne in hul chaotiese persoonlike lewens. Die waarskuwing is dat sulke kuns, geskryf op die randjie, gevaarlik kan wees: dit behels nie selfterapie nie, maar die ondersoek van siekte. Om kuns uit wanhoop te skep, benodig nougesette, innerlike hulpbronne. Die navorser het by die latere ondersoek van kreatiewe indiwidue (vergelyk 3.4) bevind dat sommige se innerlike hulpbronne góuer opgeraak het as ander s’n, maar uiteindelik was álmal s’n uitgeput.

Kaufman (2001:46) noem ook dat nie-fiksie skrywers nié ‘n geneigdheid tot verstandsiektes toon nie. Die navorser meen dat die verklaring dalk is dat hierdie skrywers nié deur fantasie wou ontsnap nie óf ‘n bymotief vir skryf gehad het nie, behalwe om met die **werklikheid** te deel. Hulle kan ook nie agter woorde en beelde “skuil” nie want hulle werk met **feite**.

Vir Kaufman lê die rede vir digters se groter kwesbaarheid ten opsigte van verstandsiektes, tot ‘n mate in Bandura se teorie van selfdoeltreffendheid (47) wat uit die volgende elemente bestaan:

- **Positiewe denke** is belangrik met betrekking tot vermoëns – met ander woorde geloof in positiewe aanlegte en bekwaamheid;
- **Volhardende pogings** om suksesvol te wees sonder om angstig of depressief te wees;
- **Fokus op moontlikhede** eerder as op beperkings en ontoereikendhede;
- ‘n Gevoel van **innerlike beheer** wat meer krediet gee vir suksesse en hoë selfwaarde toon;

- **Innerlike motivering -** die sleutel tot hoë eiewaarde, beter selfbeskikking en meer positiewe emosies.

Wanneer ‘n vergelykende studie gemaak word van die optredes van kreatiewe indiwidue, lyk dit of hierdie redes nie alleen geld vir literêre nie, maar ook vir ander artistieke professies (vergelyk die bespreking van vroeë verbondenheidsverhoudings en die rol van ouers in 3.3.5 en 3.3.6 om die rede vir die afwesigheid van doeltreffendheid tot ‘n groot mate te verklaar).

In ‘n latere studie het Kaufman (2005:102) etlike redes verskaf vir die geneigdheid van digters tot verstandsiektes wanneer hy konstateer dat poësie:

- ‘n groter aantrekkingskrag mag hê vir diegene met minder funksionele hanteringstrategieë;
- meer introspeksies, beeldend,, ekspressief en emosioneel is as ander kreatiewe werk;
- sterk geassosieer word met diep denke en bepeinsing oor iets wat depressie bevorder;
- nie die skryfvoordele van narratief het nie want min gedigte is verhalend;
- gouer afgehandel word as skryf wat langdurig is.

Kaufman voeg by dat vrouens meer geneig is om ‘n persoonlike tragedie dieper as manlike skrywers of digters te ervaar. Só ‘n trauma mag vir vroueskrywers of -digters ‘n stukrag gee om tradisionele rolle te trotseer, te begin skryf en ‘n onafhanklike loopbaan te volg.

Fisher *et al.* (2004:4-25) en Nettle (2006:886) noem dat navorsing wat persoonlikheidseienskappe van kreatiewe indiwidue nagevors het, die skizotipe (gesplete tipe) persoonlikheid geïdentifiseer het as ‘n potensiële bydraer tot kreatiwiteit. Volgens Fisher *et al.* bestaan hierdie persoonlikheid uit eienskappe wat lei tot ‘n verskeidenheid kognitiewe, emosionele en sosiale gedragte wat deur ander as ongewoon waargeneem word. Nettle beweer dat kreatiwiteit aanvanklik **toeneem** met die toenemende skizotipe persoonlikheid en **afneem** soos psigopatologie die tol begin eis (878). Daarom is vólle simptome van psigopatologie vir enige soort kreatiwiteit nadelig. Fisher *et al.* beaam dat die produktiewe periodes van die meeste beroemde kreatiewe indiwidue voorgekom het toe hulle simptome van verstandsiekte **minder** ernstig was. Voorts sê die outeurs dat die gesplete tipe persoonlikheid verwant is aan patrone van kognitiewe en emosionele funksionering, byvoorbeeld uiteenlopende denke en verhoogde emosie wat gemeenskaplik is aan beide kreatiwiteit én psigopatologie. Die outeurs bevestig dat uiteenlopende denke beskou word as ‘n belangrike komponent van die kreatiewe proses en kreatiewe potensiaal voorspel (26). Die skizotipe is

dus ‘n komplekse konstruksie wat skynbaar verwant is aan die wanaanpassing sowél as aanpassingsfunksionering van kreatiewe indiwidue (vergelyk 3.3 vir besonderhede oor die gesplete tipe persoonlikheid).

Glazer (2009:759) verwys na die navorser Sass wat meen dat ‘n affektiewe versteuring kreatiwiteit op die “normale vlak” bevestig. Daarenteen bemagtig skisofrenie ‘n meer superieure en innoverende vorm van kreatiwiteit. Lauronen *et al.* (2004:88,90) verskil van Glazer want hulle navorsing het bevind dat: kreatiewe mense skisofrenie kán ontwikkel, maar dat dit in die meeste gevalle met ‘n **laer** funksioneringsvermoë geassosieer word. Waar kreatiewe mense wél aan skisofrenie gely het, het dit ontstaan **na** die ontwikkeling van kreatiwiteit. Die slotsom van hierdie navorsers is dat die assosiasie tussen skisofrenie en kreatiwiteit níe so duidelik is as tussen kreatiwiteit en affektiewe versteurings nie.

Guastello, Guastello en Hanson (2004:266) meen dat ‘n negatiewe bui ‘n **positiewe** voorspeller van kreatiwiteit kán wees indien die indiwidu erken dat sy / haar bui spruit uit ‘n onopgeloste probleem. Die outeurs is daarvan oortuig dat **emosionele intelligensie** kan optree as ‘n teenwig vir die verswakkende effek wat buiversteurings op kreatiwiteit het (276). Emosionele intelligensie fasiliteer die kanalisering van die emosionele toestand in ‘n kognitiewe proses wat lei tot: produktiwiteit van idees; groter beheeruitoefening oor uiteenlopende denkepisodes; en ‘n greep op die self.

Volgens Dietrich en Shabad (1989:79) is voorwerpverlies ‘n kritiese faktor in die psigo-wordings-geskiedenis van sekere emosionele versteurings soos angs, depressie en psigosomatiese patologie (vergelyk 3.3.4 – rou in die kreatiewe proses waarin die navorser verwys na voorwerpverlies).

#### 3.3.1.1 Samevatting

In ‘n studie rakende kreatiwiteit en psigopatologie is die volgende vasgestel:

- Eeue gelede is kreatiwiteit alreeds verbind aan verstandsiektes en deur al die tydperke in die geskiedenis opgeteken;
- Alle psigologiese navorsingstudies van die laaste 40 jaar, bevind ‘n hoë persentasie van psigoses en depressie veral onder vrouedigters;
- Vreesveroorsakende belewenisse in die kinderjare mag ‘n persoon vir kreatiwiteit en / of verstandelike versteurdheid voorbestem;

- Resente studies wat betroubaarheid deur middel van nuwe ondersoekmetodes verhoog, bevestig die hoër tellings van psigopatologie onder kreatiewe indiwidue in vergelyking met minder kreatiewes;
- ‘n Verwantskap mag bestaan tussen artistieke kreatiwiteit met temperamente, asook geassosieer met gemoedsversteurings;
- Poësie impliseer terapeutiese skrywe, maar weerhou níe destruktiewe verstandsmagte nie;
- Fanatieke kuns, geskep uit persoonlike desperaatheid, benodig innerlike hulpmiddels wat níe onuitputlik is nie;
- Nie-fiksie skrywers toon nie ‘n geneigdheid tot verstandsiektes nie;
- Bandura se teorie omtrent selfeffektiwiteit mag digters se groter gevoeligheid vir verstandsiektes verklaar;
- Verskeie redes bestaan vir die tendens van digters tot verstandsiektes;
- Vroue kreatiewe indiwidue ervaar ‘n persoonlike verlies, verwonding of skok dieper as die kreatiewe mans;
- Die gesplete tipe persoonlikheid kan tot kreatiwiteit bydra want dit is gekoppel aan wanbeheer én aanpassing van kreatiewe indiwidue;
- Skisofrenie mag ‘n voortreflike en nuwe kreatiwiteitsvorm wees, maar dit verlaag kreatiewe indiwidue se produksievermoëns en ontstaan eerder ná die ontwikkeling van kreatiwiteit;
- ‘n Negatiewe bui kán kreatiwiteit positief voorspel, maar benodig dan die erkenning van die oorsaak van hierdie gemoedstemming;
- Verlies van ‘n vader / moeder as liedesobjek kan sekere emosionele steurnisse veroorsaak.

### 3.3.2 Die voorkoms van depressie by kreatiewe indiwidue

Depressie word dikwels met kreatiwiteit geassosieer. Veral literêre skeppers is volgens Walker *et al.* (1995:84-85), kwesbaar vir depressie. Die outeurs noem dat navorsing in die sestiger en sewentiger jare ‘n skakel tussen verwerping en inperkings van kinders deur ouers van kreatiewe individue in die kinderjare en die voorkoms van depressie aangedui het. Maisel (2002:4) verwys na die psigiater Arnold Ludwig wat duisende prominente 20 eeuse mense bestudeer het. Hy het bevind dat 77% digters, 54% fiksieskrywers, 50% visuele kunstenaars en 46% komponeerders aan ten minste één depressiewe episode gely het.

Depressiewe volwassenes herroep negatiewe ervarings van die verlede, het meer negatiewe selfevaluasies en het minder ouerlike verdraagsaamheid, liefdevolle gedrag, asook warmte, ervaar. Daarom glo die outeurs dat die saad van toekomstige kreatiewe prestasie en

depressiewe styl in die kinderjare geplant is. Die outeurs gee egter toe dat die gemeenskap wél ‘n invloed kan hê, óf dat kreatiewe indiwidue dalk net hipersensitiewe, selfkritiserende, buierige mense is wat die buitewêreld probeer baasraak. Indien laasgenoemde verklaring van Walker, *et al*, korrek is, meen die navorser dat die meeste kreatiewe indiwidue dan sou moes ontspoor. Dat die bron van depressie tot ‘n groot mate eerder in die kinderjare lê, waar negatiewe of traumatiese ervarings en voorwerpverlies in die hede bly spook, is ‘n meer aanvaarbare verklaringsmoontlikheid.

Lewis en Haviland-Jones (2000:85, 87) meen dat kwesbaarheid vir depressie ‘n lae eiewaarde aandui en dat ongunstige ervarings in die kinderjare die **risiko** vir depressie kan verdubbel. Die outeurs bevestig dat ouerlike weersin, wat kritiek en verwerping insluit, asook onmin tuis, verwant is aan volwasse depressie. Veral die ouer/s se verwaarlosing, emosionele onbeskikbaarheid, fisiese of seksuele misbruik, is kritiese faktore met betrekking tot depressie. Later wys die outeurs daarop dat **verlengde en onopgeloste hartseer** ‘n aktiveerder is van woede (259). Woede en depressie kom voor in die vyandigheidsdriebeen – woede, walging of afkeur, en veragting wat na vore kom wanneer ‘n woede-opwekkende situasie herroep óf in die verbeelding herleef word. Hartseer is ‘n gevaar vir die self: dit maak ‘n persoon kwesbaar en sluit beheer uit (613). Daarom sal woede en nie hartseer nie, behou word ter behoud van selfheid. Die woede of vyandigheid in depressie is selfgerig en kan in uiterse gevalle tot selfmoord lei wanneer dit met hartseer kombineer.

Klein (1987:108, 110) voer aan dat afwesigheid van die verbondenheidsfiguur in die kinderjare alreeds angs veroorsaak het. Laasgenoemde is vervang met pyn, verdriet en rou en soms wanhoop – tót in volwassenheid. Met onsuksesvolle rou bly ‘n gevoel van hulpeloosheid en kwesbaarheid oor. In die meeste vorms van depressiewe versteuring – ingesluit chroniese rou – is die hoofsaak dat die persoon tydens ‘n liefdesteleurstelling of mislukte huwelik of vriendskap só aaklig voel dat die indink in ‘n ander situasie van nuwe liefde waar hy / sy bemin en veilig sal voel, onmoontlik blyk te wees. Dietrich en Shabad (1989:181) voeg by dat die beheptheid met die verlore liefdesobjek die depressiewe persoon inderdaad bewustelik laat vashou aan die voorwerp. In **rou** bestaan die vrees dat alles verlore is en dat die self nie kan oorleef nie; in **depressie** is die onderliggende oortuiging dat alles verlore is en dat die self nie kan oorleef nie (vergelyk Jonker, Plath en Sexton in 3.4.1.1, 3.4.1.2 en 3.4.1.4, asook Van Gogh in 3.4.3.1). Klein (1987: 316) praat ook van **voorwerp-verwante depressie** wat gepaard gaan met ‘n swaarmoedige gevoel van bepeinsing, woede of soms skuld (vergelyk veral Jonker, Plath, Sexton, Van Gogh en Lowell – 3.4.1.1, 3.4.1.2 en 3.4.1.4, asook 3.4.2.4 en 3.4.3.1).

Volgens Shildkraut *et al.* (1994:486), het Csikszentmihalyi ‘n interessante siening omtrent depressie, naamlik dat die aanwesigheid van “omvormende kulturele simbole” in vroeër, meer tradisionele gemeenskappe, die kunstenaar gehelp het met die uitdrukking én verligting van bestaande pyn. Hulle het die pyn wat eie was aan hulle tragiese onderwerpmateriaal te bowe gekom, en daaruit kuns met ‘n geestelike betekenis geskep. Dít kon dalk depressie verminder het. Met die afwesigheid van hierdie simbole moet die moderne kunstenaar in sy **eie** psige ingaan om direk te deel met die “rou lyding van die menslike bestaan.” Deur die Abstrakte Ekspressionistiese kunstenaars se direkte konfrontasie met die beslissende bestaansvraag van lewe en dood, mag depressie hulle in aanraking gebring het met die onverklaarbare misterie en raaisel van die “tragiese en tydlose” kuns wat hulle begeer het om te skep. Sonder die tussenkoms van gemeentelike geloofstelsels en omvormende kulturele simbole in hierdie sekulêre eeu, mag depressie verál vir gekwelde en gekweste kunstenaars op ‘n persoonlike vlak vernietigend wees (487).

Shaddock (2006:433) wys daarop dat by afwesigheid van ouerlike spieëling, die kunstenaar dikwels op ‘n eensame, heroïese geestelike reis is. Sonder die steunende omgang van ‘n ware geïnternaliseerde “gehoor”, laat die inherente stres van die kreatiewe proses hierdie indiwidue kwesbaar vir depressie en morbiede afsondering.

Al het die skryf of bespreking van ontstellende ervarings, die potensiaal het om as ‘n stresverligter en gemoedsuiweraar te dien, ervaar professionele skrywers tóg depressie (Runco,1998:644). Die sogenaamde skriptoterapie is egter deur die onderskeie psigiaters van Plath, Sexton en Lowell vir hulle voorgeskryf, maar dit was onsuksesvol (vergelyk 3.4.1.2 en 3.4.1.4, asook 3.4.2.4). Runco meen dat nie-voortreflike persone vir wie skryf ‘n núwe geleentheid tot openbaring is, dalk verligting sal vind deur skryfterapie terwyl aangeskrewe skrywers moontlik al daaraan gewoond geraak het. Daarom is skriptoterapie minder suksesvol in hulle geval. Ingram (2005:95) vertel ook dat die skrywer James Boswell sy joernaal gebruik het vir herskepping deur belydenis, maar dat taal naderhand nie werklik die belangrike dinge kon uiter nie. Uiteindelik was die depressie teen die einde van sy lewe “onuitspreeklik aaklig” (101).

Runco opper nóg ‘n rede vir depressie by kreatiewe indiwidue, naamlik dat depressie ‘n **reaksie** is op kreatiewe werk omdat die kreatiewe daad dikwels ‘n geleidelike opdiep van onbewustelike prosesse behels (645). Angs vermeerder soos onbewuste gevoelens ontvou word. Wanneer koorsagtig geskryf word, soos so baie kreatiewe indiwidue gedoen het, kan die spanning

vererger, die depressie verhoog en idees omtrent selfmoord ontlont. Runco voeg by dat digters en skrywers dikwels depressie ervaar omdat hulle ook nie die intense stres en angs wat hulle op sekere tye ervaar, kan hanteer nie (648-649). Stres is ‘n persoonlike en subjektiewe interpretasie van die ervaring en kreatiewe indiwidue is juis geneig om deur stres oorweldig te word, dikwels as gevolg van probleme en seer in die kinderjar (vergelyk die kreatiewe indiwidue in 3.4).

Maisel (2002:19-20) voer aan dat volwassenes wat ongelukkige ervaringe in die kinderjare ervaar het, kwesbaar is vir ‘n **betekeniskrisis**. Onder hierdie groep mense tel baie kreatiewe indiwidue. Die outeur glo dat depressie ontstaan as gevolg van chroniese irritasie, ongemak, woede en hartseer oor die persoon se bestaansfeite en die skynbare gebrek aan lewensbetekenis. Interessante feite is ook verkry na aanleiding van navorsing oor die struktuurverandering van die brein as gevolg van verlating, verwaarlosing of mishandeling, veral van ‘n suigeling. Die neurone, hormoonafskeiding en biologiese samestelling kan verander sodat die benadeelde kind waarskynlik op só ‘n manier biologies verander word, dat die lewe donker word en betekeniskrisisse orals sal opdoem. Sulke volwassenes is dan kwesbaar vir oorreaksies op stresvolle situasies. Daarom meen Maisel dat depressie níe altyd geneties is nie. Skeppende indiwidue probeer deur die skeppingsdaad om betekenis te vind en ontslae te raak van die sinloosheid wat hulle ervaar. ‘n Gebrek aan skepping is ontmoedigend omdat betekenis dan ontbreek. Maisel wys daarop dat die behaling van sukses niks verander nie want gepaard daarmee kom nuwe, dieper twyfel dat enige aktiwiteit die lewe sinvol kan maak (26-29). Die soeke na betekenis kan manies word en depressie verhaas. Later sê die outeur dat ‘n kunstenaar (soos van Van Gogh of Picasso) honderd of tweehonderd skilderye kan maak en energiek voorkom, maar oorweldig kan wees deur ‘n mania wat depressie nie sal beëindig nie (80) (vergelyk al die kreatiewe indiwidue in 3.4 wat veral teen die einde van hulle lewens, meer en meer probeer produseer het).

#### 3.3.2.1 Samevatting

Die volgende het aan die lig gekom in verband met die voorkoms van depressie by kreatiewe indiwidue:

- Dit blyk dat depressie in hoër frekwensie voorkom by kreatiewe persone en veral literêre skeppers is gevoelig daarvoor;

- Negatiewe belewenisse in die verlede kan die oorsprong wees van toekomstige kreatiewe welslae en depressiewe styl;
- Lae selfwaarde is ‘n aanduiding van die gevoeligheid vir depressie en negatiewe ervarings in die kinderjare dupliseer die risiko vir depressie;
- Voortslepende en onopgeloste verdriet sal woede aanwakker wat later in sekere situasies herroep en herleef word – ‘n potensieel-gevaarlike kombinasie vir selfmoord;
- Die afwesigheid van die verbondenheidsfiguur in die kinderjare verwek bangheid, benoudheid en later droefheid, asook rou in volwassenheid;
- Onsuksesvolle treur laat ‘n gevoel van magteloosheid en gevoeligheid oorbly, veral wanneer ‘n verhouding bedreig word;
- Die aanwesigheid van kulturele sinnebeelde in vroeë samelewings het bygedra tot die uiting en versagting van pyn terwyl hedendaagse kunstenaars ná ‘n sielsondersoek direk die ellende van die lewe moet hanteer;
- Die afwesigheid van ouerlike weerkaatsing kan ‘n kreatiewe indiwidu dwing op ‘n afgesonderde, geestelike tog wat, as gevolg van die gebrek aan menslike onderskraging, die gevoeligheid vir depressie en ongesonde eensaamheid verhoog;
- Skryf kan moontlik spanning verlig en die hart reinig, maar het by etlike uitmuntende kreatiewe indiwidue misluk;
- Die kreatiewe handeling ontbloot onbewustelike emosies – wanhopige, naarstiglike skryf, skilder of dig vermeerder spanning, verhoog depressie en veroorsaak idees omtrent /rondom selfmoord;
- Kreatiewe indiwidue kan dikwels nie spanning en beangstheid verwerk nie, veral as gevolg van probleme in die kinderjare;
- Kreatiewe volwassenes kan gevoelig wees vir ‘n verlies aan lewensinvolheid wat hulle deur kreatiwiteit probeer herwin.

### 3.3.3 Die geneigdheid tot selfmoord onder kreatiewe indiwidue

In 1999 het Preti en Miotto (1999:294, 297) in hulle studie hoër gevalle van selfmoord onder digters en fiksieskrywers gevind as onder visuele kunstenaars (argitekte, skilders, beeldhouers). Goff and Torrance (1991:297-298) sê beelde is **innerlike** verteenwoordigers van ervarings. Kuns, dans en ander vorms van kreatiewe uitdrukking is **uiterlike** verteenwoordigers van beelde. Die navorser reken dat die uitdrukking in visuele kunste wat baie meer direk is en baie méér van die innerlike emosionele ervarings kan projekteer, moontlik ‘n onderliggende rede kan wees vir die bogenoemde tendens wat deur Preti en Miotto aangedui is. Farr (1990:45) noem

dat ervarings dikwels nié in woorde omgesit óf begryp word nie terwyl visuele beelde volgens die outeur, dan 'n béter manier is om ervarings emosioneel te eksploreer, asook om komplekse intens-affektiewe reaksie te verwerk. Met die **eksternalisering** van ongeuiterde gevoelens en idees in die proses van uiting in visuele vorm en kleur, word die kunstenaar se onbewuste voornemens beter bekragtig (Ornstein, 2006:387-388). Die Suid-Afrikaanse skilderes, Lené Pienaar, bevestig dat die visuele beeld in 'n skildery die boodskap vir haar van abstrak na **tasbaar** omskep (Georgiou, 2007:45). Die post-Holocaust skilder, Samuel Bak, het besef dat die **abstrakte** vorms van sy skilderye die verhaal wat hy wou vertel, onderdruk het (Ornstein, 2006:387-388). Bak het daarna sy innerlike ondersoek en toe die **subjektiewe** werklikheid geobjektiveer om sy kuns te laat kommunikeer – vir hóm en die kykers.

Volgens Preti en Miotto (1999:291) het 'n ontleding van die selfmoordpatrone onder kunstenaars aangedui dat die risiko vir **jonger** mense groter is. Die gemiddelde ouderdom van kreatiewe indiwidue wat selfmoord gepleeg het, was 45. Verder sê die skrywers dat self-destruktiewe gedrag onder kreatiewe indiwidue nié net tot selfmoord beperk was nie. Dwelms, en veral alkohol, was algemeen onder skrywers en digters, en het direk tot sommige se dood gelei.

Stillion, Mc Dowell en May (1989:112) noem gevoelens van hopeloosheid, hulpeloosheid, afwesigheid van persoonlike verhoudings en 'n geskiedenis van swak verhoudings met ouers, as faktore geassosieer met selfmoordpogings in die ouderdomsgroep 18-30. In 'n latere boek van Stillion en Mc Dowell (1996:25) voeg die skrywers ook die volgende faktore by: 'n swak selfkonsep en lae selfwaarde, swak-ontwikkelde ego-verdediging en ondoeltreffende baasraakstrategieë om lewenssituasies te hanteer.

Schneidman (1996:162-164) beweer dat selfmoord spruit uit ondraaglike psigologiese pyn komende van unieke gefrustreerde psigologiese behoeftes waaruit die persoon wil ontsnap. Die outeur is gewillig om te erken dat selfmoord by volwassenes kán voorkom as gevolg van die onmiddellike pyn van smart of verlies. Die outeur is egter méér geneig om te glo dat die worteloorsake van die onvermoë om negatiewe omstandighede te verduur, in die diepste resesse van die persoonlikheid lê; 'n persoonlikheid wat in die vroeë kinderjare gevorm is (vergelyk Jonker, Plath, Sexton in 3.4.1.1, 3.4.1.2 en 3.4.1.4). Schneidman sê sy kliënte het dikwels ongelukkigheid in hul kinderjare erken toe gepreokkupeerde, bot, onbeskikbare of verwerpende ouers die belangrike psigologiese behoeftes van die kind vertrap en gedwarsboom het.

Lewenskrywe (skriptoterapie) as terapeutiese instrument om die mediese behandeling te versterk en genoegsame insig, asook krag te ontketen om selfmoord af te weer, het in die lewe van etlike kreatiewe indiwidue gefaal. Hulle selfaftakeling as gevolg van ontoereikendhede en negatiewe denke, het nét op persoonlike mislukkings gefokus (Stanley, 2006:405, 407). Stanley meen dat die innerlike sekerheid van die **dood** as laaste pynlike oplossing vir die eise van die werklikheid, vir die ego té sterk was. Veral waar geen gesonde egostruktuur (vergelyk 3.3.4) en 'n sterk oorlewingswil by kreatiewe individue bestaan het nie, sal die waaksame ego die lyding afweer en onder die omstandighede, die beste moontlike aanpassing kies (vergelyk die laaste paragraaf van 3.3.2, asook die kreatiewe indiwidue in 3.4 wat wél selfmoord gepleeg het).

Klein (1987:165, 171) betreur die feit dat dit vir die kind in ellendige toestande dikwels draagliker is om: die ellende in terme van **eie** slegtigheid te organiseer in plaas van dié van die wêreld; frustrasies van behoeftes as **eie** skuld te ervaar; sleg, minderwaardig, ontoereikend, asook skaam te voel om só baie te verwag en 'n laspos te wees (vergelyk die Interne Saboteur – 3.3.4, asook Mansfield in 3.4.1.3). Op 'n dieper vlak kan die gevoel van skaamte oor gevoelens waaraan die ouer / ouers geen waarde heg nie, die kind waardeloos en beroof laat voel. Innerlik voel die kind leeggestroop – 'n ervaring van disintegrasie en naderende dood. Negatiewe situasies in volwassenheid sal al hierdie gevoelens aktiveer sodat depressie en / of selfmoord mag volg (vergelyk Jonker, Plath, Sexton, Van Gogh – 3.4.1.1, 3.4.1.2, 3.4.1.4 en 3.4.3.1).

Runco (1998:643) voer aan dat kreatiewe indiwidue groot psigiese beleggings in hul werk maak. Daarom kan 'n ontoereikende buigbaarheid voorkom wanneer opsies, oplossings of interpretasies met betrekking tot moeilikhede oorweeg moet word. Hierdie onbuigbaarheid kan vertoon word wanneer die persoon wat vatbaar is vir selfmoord fokus op sy / haar ondraaglike pyn en géén alternatiewe sien nie. Omdat hulle só baie het om te verloor, reageer hulle soms dramaties op stres – dit is dan verwant aan die waardevermindering van hulle werk. Depressie, asook selfmoord kan volg. Runco beskou selfmoord as irrasioneel en reken kreatiewe indiwidue het 'n eienaardige manier van interpretasie wat hulle vatbaar maak vir selfmoord (vergelyk die lewens van Jonker, Plath en Sexton in 3.4.1.1, 3.4.1.2 en 3.4.1.4).

Kavaler-Adler (1996:227-228) verwys na John Hale se studies oor selfmoord. Hy sê die sneller vir selfmoord kom soms ná 'n daad van verraad en die selfmoord is dan wraak gerig op die "oortreder". Andersins kan dit ook 'n poging wees om die "slegte" interne self te vernietig.

Kavaler-Adler noem dat Winnicott alreeds in 1960 gepraat het van ‘n “vals self” wat kan poog om laasgenoemde dood te maak om die “ware self” te red, maar skeiding tussen die twee is ‘n illusie. Daarom oorwin die dood albei. Só ‘n dwaling het Anne Sexton, asook Sylvia Plath lewenslank gekwel en kón hulle tot selfmoord aangespoor het. Al drie genoemde redes kan veral op Plath en Sexton van toepassing wees (vergelyk 3.4.1.2 en 3.4.1.4).

#### 3.3.3.1 Samevatting

Die volgende is bevind met betrekking tot die geneigdheid tot selfmoord onder kreatiewe indiwidue:

- Die voorkoms van selfmoord onder digters en skrywers is klaarblyklik hoër as onder visuele kunstenaars;
- Die risiko van selfmoord onder jonger kunstenaars is groot en ander selfvernietigende gedrag sluit dwelm- en alkoholmisbruik in;
- Sekere faktore soos magteloosheid en gebrek aan persoonlike verhoudings, asook swak ouer-kind verhoudings, word aan selfmoordpogings verbind;
- Selfmoord voorsien ‘n ontvlugting van sielepyn wat veroorsaak word deur verydelde sielsbehoeftes in die vroeë kinderjare;
- Skryfterapie as terapeutiese middel ter versterking van mediese behandeling, het in die lewens van etlike kreatiewe indiwidue misluk;
- Die dood blyk ‘n oplossing te wees vir die wrede realiteit, veral waar ‘n ongesonde egostruktuur bestaan;
- Die groot sieledeponering in die kreatiewe werk, verminder die plooibare oorweging van keuses, oplossings óf vertolking van probleme;
- Die persoon bly op die pyn ingesteld sonder waarneming van alternatiewe en reageer ook heftig op die waardevermindering van hulle werk;
- Die wraakbegeerte ná ‘n daad van troueloosheid, kan selfmoord ontlont;
- ‘n Probeerslag om die “slegte” innerlike self te vernietig ter wille van redding van die “ware” self, kan in die dood van albei eindig.

### 3.3.4 Vroeë verbondenheidsverhoudings

Vroeë ervarings met ouers het ‘n magtige invloed op persoonlikheid en karaktervorming. Appleton (1982:9) sê intense emosies verrys gedurende die formasie, behoud en ontwrigting

van verbondenheidsverhoudings tussen ouer en kind.  Behoud van hierdie verhoudings word as ‘n bron van veiligheid beleef en latere verbondenhede word beïnvloed deur die ervarings van die persoon met belangrike mense in die kinderjare.

Stern (1977:118) noem die belangrikheid van die verhouding tussen die moeder en suigeling. Die aard van hierdie vroegste verhouding beïnvloed grootliks die verloop van toekomstige verhoudings.  Stern wys daarop dat die persoon ‘n “geskiedenis” van die vroeë verhouding met die moeder na élke interaktiewe gebeure indra; ‘n omvattende geïnternaliseerde verteenwoordiging – bevredigend of onbevredigend, veilig of onveilig, liefdevol of verwerpend. Volgens Dietrich en Shabad (1989:162-165) word ‘n kind nie gebore met gedifferensieerde konsepte van die self en ander nie.  Die vroeë beginperiode daarvan in die tweede helfte van die eerste jaar, is ‘n oefenperiode en behels eintlik meer motoriese bemeestering.  Teen agtien maande is die kind meer *bewus* van onderskeid tussen hom / haar en ander, maar nie emosioneel *gereed* daarvoor nie.  Die kind het ‘n onvolledige interne verteenwoordiging van die konstante voorwerp of liefdesobjek – die moeder.  Die agttien maande oue kind het min of meer ‘n vermoë om die beeld van die neutrale voorwerp te behou.

Dietrich en Shabad verduidelik dat ‘n **interne verteenwoordiging** van die moeder as liefdesobjek in plaas van die *werklike* objek ontwikkel as troos tydens haar afwesigheid.  Die kind het ‘n innerlike beeld van die moeder, asook ‘n stel verwagtinge van haar gedrag wat teen die derde jaar betreklik goed gevestig is.  Later vorm verstandsprentjies en verwagtinge ook van die vader – die “ander-belangrike een”.

Van die begin van lewe laat **ervarings** hulle merk, alhoewel betekenisse konteks-gebonde is. Klein (1987:129-131) verklaar dat die baba ‘n tydlank ná geboorte belewenisse en geheuespore het van ervarings wat geïsoleerd en onverbonde aan mekaar is. Stadigaan word ervaringseenhede georganiseer en verbindings word gemaak;  naderhand begin hierdie eenhede saamsmelt en integreer later ná ‘n proses van uitsondering, samesmelting en afskeiding. ‘n Ervaring word dus ‘n geïnternaliseerde voorwerpverhouding met ‘n gewaarwording van die self en ander, asook van wat tussen die twee aangaan.   Klein sê verder dat voorwerpverhoudings aanhoudend verkry, geïnternaliseer, gedifferensieer, geïntegreer en geleidelik deel van die persoon word.  Verder wys Klein daarop dat voorwerpverhoudings “sleg” word as die vroeë ervaring daarvan pynlik is, as die liefdesobjek onbeskikbaar is, of wél teenwoordig is, maar te veel spanning veroorsaak (154).  Wanneer die voorwerp verwerpend is, word die self ervaar as ‘n Anti-Libidinale Ego wat die self háát omdat dit iets gevra of benodig

het (161). Klein noem dat hierdie "Interne Saboteur" 'n baasspelerige, hardvogtige, spottende stem is wat vroeëre skrywers die "sadistiese super-ego" genoem het. In lig van hierdie feite word die verband tussen Mansfield en Sexton se selfhaat en hul moeder se optrede, duidelik (vergelyk 3.4.1.3 en 3.4.1.4).

Dietrich en Shabad (1989:166) meen dat **normale** verliese in die kinderjare geabsorbeer word deur 'n innerlike voorwerpkonstantheid en veilige voorwerpverbondenheid. Die reaksie van woede en / of depressie op latere verliese in volwassenheid, is afhanklik van ou, onopgeloste simbiotiese bande of onstabiliteit van die innerlike voorwerp-verteenwoordiging wat psigologiese versteurings word (vergelyk die reaksies van Jonker, Plath, Mansfield en Sexton op verliese – 3.4.1.1 - 3.4.1.4). Wanneer die kind nie veilig beskut word deur 'n fasiliterende omgewing nie, benodig hy / sy die waaksame en defensiewe **ego-funksionering** ter vermyding van nood. Hierdie ego-funksionering wat dan té vroeg ontwikkel, lei tot die verlies van baie verrykende verbindings wat aan nog verteenwoordigings kón gekoppel het (Klein, 1989:243, 246).

Voorts wys Klein daarop dat mense wat **ego-sterkte ontbreek** sekere ervarings nie geïntegreer het nie (382-383). Elke stadium moet op só 'n manier ervaar word dat die bevrediging van die vorige stadium nog toeganklik is, en nié met pyn geassosieer is sodat die gedagte daaraan ten alle koste vermy moet word nie, óf só lekker is dat ontwikkeling na die volgende stadium problematies is en daarvan weggedeins word. Die persoon moet aan pynlike, sowél as aangename dinge kan dink. Slegte dinge kon egter gebeur het vóórdat genoegsame goed-georganiseerde selfgebiede gevestig was om bewus of onbewus daarvan te wees en dit te absorbeer; kennis van aanvaarbare en onaanvaarbare bestaansaspekte kon nie in één raamwerk gehou word nie en integrering kon nie plaasvind nie. Derhalwe word die "slegte" ervarings apart gehou of afgesplits. Klein sê dat hierdie afgesplitste herinneringspore later oorweldigende gevoelens van ellende, leegheid, traagheid en vrees kan veroorsaak. "Oorweldig" beteken letterlik dat die persoon voel asof hy / sy ophou om mens te wees en net 'n massa aaklige gevoelens is. Eintlik is die persoon volgens Klein nóg in aanraking met die herinneringe van die vroeëre ellende wat nooit geïntegreer is nie. Enigiets soos mislukking, verlies van 'n geliefde of werksgeleentheid, sal hom / haar dan vrééslik mismoedig laat voel (vergelyk 3.3.2 – selfmoord, Jonker, Plath, Mansfield, Sexton, Marais, Van Gogh – 3.4.1.1-3.4.1.4, asook 3.4.2.1 en 3.4.3.1).

Klein beklemtoon dat goeie ego-funksionering die integrasieprosesse kan versterk, want dit verstewig die bande tussen 'n gewaardeerde selfafbeelding en ander lewensaspekte (372).

Dit  stel ook die persoon instaat om vas te hou aan die kennis dat slegte dinge verbygaande is; dat hy / sy “goed” is ten spyte van ander se slegte behandeling (vergelyk die reaksies van Jonker, Plath, Van Gogh – 3.4.1.1, 3.4.1.2 en 3.4.3.1).

Bowlby, wat aanvanklik die vroeë verbondenheidsverhouding tussen moeder en kind nagevors het, bevestig die vorming van ‘n kind se eie **selfmodel** na aanleiding van die verwagtinge van die verbondenheidsfiguur (Shulman, 1995:7).  Volgens hierdie kognitiewe model beskou die kind hom / haarself as waardig of onwaardig vir sorg en liefde.  Bowlby het beklemtoon dat só ‘n model weerstandig teen verandering is en mettertyd deel van die kind se persoonlikheid word (vergelyk Plath, Mansfield en Sexton – 3.4.1.2, 3.4.1.3 en 3.4.1.4).  Klein (1987:368) praat oor die moeder as die eerste bron van selfliefde:  as die moeder die kind se self verwerp nét wanneer dit begin om tot selfbevestiging te kom óf as haar vermoë om op die kind se totale self te reageer misluk, sal die kind se self geledig word en pogings om die vreugdes van selfbevestiging te behou, laat vaar word.  Die kind moet bevestiging kry dat hy / sy die moeite werd is en dit geskied deur die moeder, asook later die vader, se erkenning en waardering.

Stern (1977:118) se slotsom met betrekking tot die vroeë moeder-kind verhouding is dat die “geskiedenis” van verhoudings ‘n dinamiese wisselwerking ontwikkel tussen die verlede en hede;  tussen gevestigde verteenwoordigers en die huidige uitruilings;  tussen die verhoudings van die hede en voortgaande interaksies.

Appleton (1982:8) wys daarop dat Bowlby nét gekyk het na die vroeë moeder-kind verhouding as die fondasie van alle verhoudings.  Later is die besef egter gevestig dat suigelinge gedurende die eerste 9 maande verbondenheidsgedrag met **albei** ouers ontwikkel.  Gunsberg (1982:72-73) bevestig dat Kotelchuck bevind het dat babas gestres was oor die vertrek of terugkeer van die moeder óf vader.  Appleton sê Lamb het óók waargeneem dat suigelinge in die eerste jaar aan **albei** ouers verbonde was.  Dietrich en Shabad (1989:338) noem dat selfs die verlies of gebrek aan die fisiese teenwoordigheid en / of die emosionele beskikbaarheid van die vader gedurende die voorgeboortelike periode óf gedurende vroeë swangerskap, dikwels geassosieer word met latere probleme vir die ontwikkelende kind.

Daarom waarsku Atkins (1992:141) dat dinge in die ontwikkeling van die onderskeid tussen die self en ander, verkeerd kán loop.  Die vader óf die moeder óf albei word as “goeie” of “slegte” voorwerpe gevestig.  Die slotsom is dat álbei ouers uiters belangrike en beskikbare deelnemers

is in die opkoms van die kind se menslike verwantskap en vermoëns om verteenwoordigings te vorm.

#### 3.3.4.1 Samevatting

Die volgende is vasgestel in verband met vroeë verbondenheidsverhoudings:

- Vroeë belewenisse met ouers beïnvloed persoonlikheid, asook karakterontwikkeling, en is die oorsprong van sekerheid, sowel as sekuriteit in latere verhoudings;
- Die moeder-suigeling verhouding is belangrik en bepaal die gang van toekomstige verhoudings;
- In die afwesigheid van die moeder as liefdesvoorwerp, ontwikkel ‘n innerlike, vertroostende plaasvervanger van haar, asook verwagtinge van haar optrede;
- Verwerping van die kind kan tot innerlike ondermyning en selfhaat lei;
- Innerlike objekbestendigheid en geborge objekverbondenheid, kan normale verlies in die kinderjare absorbeer om woede en / of depressie, asook psigologiese steurnisse ná hierdie verliese, in volwassenheid te voorkóm;
- Sonder die geborge beskerming van ‘n hulpgewende omgewing, vorm ‘n voortydige waaksame en verdedigende selfwerking, wat tot die verlies van baie vrugbare samevoegings kan lei;
- ‘n Gebrekkige egosterkte laat sekere belewenisse oningelyf, wat later tydens mislukkings in verhoudings óf werksprobleme na bowe kom;
- Goeie selfwerking versterk die integreringsprosesse;
- Die kind vorm ‘n selfafbeelding na aanleiding van die verwagtinge van die verbondenheidsfiguur;
- Die moeder se verwerping van die kind se self tydens die konsolidasiefase, ledig die self van die vreugdes van selfbekragtiging;
- Die verhaal van die moeder-kind verhoudings is ‘n kragtige interaksie tussen verlede en hede, tussen hede en toekoms;
- Die baba vorm ook ‘n vroeë verbondenheid met die vader want albei ouers is belangrik in die konsolidering van “goeie “ of “slegte” objekte.

### 3.3.5 Die latere rol van die moeder en vader in die kind se lewe

Die rol van die moeder in die kind se lewe sal bespreek word ten opsigte van die moeder-dogter en dan die moeder-seun verhouding; die vader se rol in die kind se lewe sal bespreek word ten opsigte van die vader-seun en dan die vader-dogter verhouding. Die moeder is die primêre versorger van die kind en daarom het sy in die navorser se opinie, die vermoë om die sterkste en blywendste impak op die kind te hê. Daarom het die navorser besluit om hierdie voorkeur-volgorde te gebruik in die bespreking van verhoudings.

Kinders se verhoudings met ouers behoort goed, ryk en gesond te wees. Storkey (1994:74) voel sterk oor die feit dat kinders as hulle **geboortereg** liefde en aanvaarding behoort te ontvang in plaas van verwerping. Die navorser is ook daarvan oortuig dat God bedoel het dat ouers die kinders wat Hy vir hulle gegee het, **liefdevol** sal grootmaak in navolging van sý groot liefde vir kinders (Matt. 19:13-15).

Met die ouer se dood sal die kind volgens Stern (1977:72-73) rou oor die ontwrigting van die verhouding, en as die verhouding góed was, sal ‘n voortstelling van die vader / moeder ‘n **positiewe** impak hê gedurende die oorblywende kinderjare – tót in volwassenheid. As die tééndeel egter waar is, bly die vader / moeder voortbestaan as ‘n “slegte” voorwerp, wat juis gebeur het in die lewens van die kreatiewe indiwidue wat in 3.4 bespreek word. (vergelyk ook 3.3.5 – vroeë verbondenheidsverhoudings en 3.3.6 ten opsigte van voorwerp-verlies in psigiese rou).

#### 3.3.5.1 Die rol van die moeder in die kind se lewe

‘n Joodse spreekwoord sê “God het moeders gemaak omdat Hy nie oral kon wees nie”. God se moederlike eienskappe van rus en tevredenheid (Ps. 131:2), sorg, omgee of beskerming (Jes. 66:7-13; Deut. 22:6; Deut. 32:11-12), word in die Bybel uitgebeeld. God het sekerlik verwag dat hierdie model van ‘n moeder nagevolg moet word.

##### 3.3.5.1.1 Die moeder-dogter verhouding

Die dogter se verhouding met haar moeder raak haar eie **identiteit** aan. Storkey (1994:69) gee toe dat die dogter voor God haar éie identiteit het, maar baie van die dogter se denke, refleksie en selfbegrip fokus op die moeder. Die outeur sê dat die moeder nie net moet versorg nie, maar haarself met die dogter moet deel. Van die moeder leer die dogter die belangrikheid van

kommunikasie en geleerdheid, asook oor mans en verál oor die huwelik. Die moeder is immers die dogter se identifikasie-figuur en die vermoë om later self ‘n goeie moeder te wees, gaan in omgang mét en waarneming ván die moeder opgebou word (vergelyk veral Jonker, Plath en Sexton se vermoëns as moeders – 3.4.1.1, 3.4.1.2 en 3.4.1.4).

Gedurende die eerste jaar van die baba se ontwikkeling kan die manier waarop die moeder haar baba (verál ‘n dogter) in kontak met die vader bring, die kind se affektiewe verbondenheid aan die vader kataliseer óf belemmer (Atkins, 1982:144-145). Uitgesproke afkeur of veragting vir óf slegpraat oor die vader, gaan die dogter se verwagtinge en idees omtrent ‘n toekomstige huwelik beïnvloed, asook haar verhouding met die vader besoedel. In hierdie opsig sal die seun se respek vir en identifikasie met die vader óók benadeel word deur die moeder se afkraak van die vader (vergelyk Lawrence en Lowell – 3.4.2.2 en 3.4.2.4).

#### 3.3.5.1.2 Die moeder-seun verhouding

In die verhouding met die moeder sal baie seuns met die moeder verbind as die versorger en die teer deel van ouerskap – sy is die emosionele tuiste terwyl die vader die presteerder, tugmeester en gesagsbron is (Storkey, 1994:73). Die seun móét van sy moeder wegbreek, maar wedersydse liefde en respek moet voortbestaan anders gaan sy behoue bly as ‘n minder “goeie” voorwerp. Wanneer die moeder haar huwelikstoegeneentheid en emosionele toewyding na die **seun** verplaas, sal die verhouding verwring word (vergelyk veral Lawrence in 3.4.2.2, asook Lowell in 3.4.2.4). Die seun kan dan só aan die moederverhouding vasgebind word dat dit sy eie omgang met vrouens inhibeer – die Oedipus-kompleks (vergelyk Lawrence – 3.4.2.2).

#### 3.3.5.1.3 Samevatting

Die volgende is vasgestel omtrent die latere rol van die **moeder** in die kind se lewe:

- In die **moeder-dogter** verhouding is die moeder ‘n identifikasiefiguur wat die dogter oor geleerdheid, kommunikasie, mans en die huwelik leer. Haar houding teenoor die vader beïnvloed die dogter se houding teenoor hom, asook haar toekomstige huwelik.
- In die **moeder-seun** verhouding verteenwoordig die moeder tere versorging, maar afskeiding van haar is belangrik terwille van die seun se toekomstige verhoudings met vrouens en daarom is dit nie gesond wanneer haar liefde wég van die vader af op die seun geprojekteer word nie.

#### 3.3.5.2 Die rol van die vader in die kind se lewe

Dit is duidelik uit die belangrikheid van albei ouers in die vroeë verbondenheid, dat die onbewustelik-geïntegreerde **vaderbeeld** verseker dat ook sý invloed op albei geslagte sal aanhou om tot in volwassenheid ‘n uitwerking te hê. Aangesien die vader as hoof van die huisgesin, ook vir die kind ‘n voorbeeld van God, die Vader moet wees, het hy ‘n groot invloed op die vorming van die kind se beeld van God.

Atkins (1982:140) sê dat die ryk ervarings tussen vaders en kinders vanaf geboorte en verder aan, deeglik in belangrike psigo-analitiese bydraes van baie outeurs, verwerk is. Beskadigde beelde van en pynlike ervarings met die vader, bly onbewustelik voortlewe in kinders en maak hulle kwesbaar vir nuwe seerkry (Stein, 1977:48).

Gilbert (1975:31) meen dat ‘n vader kinders help grootmaak omdat hy ‘n **nabootsingsmodel** voorsien want sy lewenswyse toon aan albei geslagte hóé hulle in die wêreld kan uitgaan en bereik wat hulle graag wil. As kinders trots is op hul vaders, sal hulle soos hy wil wees (veral seuns identifiseer met die vader). Gilbert wys daarop dat ‘n funksionerende vader sy kinders stabiliteit, krag, self-dissipline, leiding en ‘n waardestelsel gee, asook toepaslike seksuele gedrag (31). Volgens Stein (1977:174) waardeer seuns én dogters ‘n vader se versorging en medelye waardeur hulle selfhandhawing en onafhanklikheid leer, asook duidelikheid omtrent sukses en prestasie ontwikkel.

##### 3.3.5.2.1 Die vader-seun verhouding

Die vader se afwesigheid sal in seuns se lewens vroeër manifesteer as by dogters, omdat dit die seun se manlike identiteit aantas (Lynn, 1974:255). ‘n Seun het volgens Gilbert (1975:55, 60) ‘n beskikbare vader nodig om ‘n man te word en hierdie **identifikasieproses** is afhanklik van ‘n verhouding van wedersydse respek en toegeneentheid (vergelyk veral Lawrence in 3.4.2.2 wat probleme beleef het met sy manlike identifikasie).

Gunsberg (1982:80) meen dat die vaderlike eienskappe van warmte, aanmoediging en koestering belangriker is as die vader se dissiplinêre gedrag.

Vir Storkey (1994:72) is die vader se “prestasie” as vader nie so belangrik as die wérklike verhouding nie – onvoorwaardelike liefde, getrouheid en geduld. Tyson (1982:183) voeg by dat ‘n bekwame, koesterende **manlike model** ‘n seun aanmoedig en toelaat om selfgeldend en

onafhanklik te wees. Die teendeel is egter ook waar. In afwesigheid van die vader mag die seun sy manlike rolmodel verloor en na die wêreld vir een kyk, byvoorbeeld ‘n “macho-man” óf na manlike aandag en toegeneentheid smag, wat hom vir homoseksualiteit kwesbaar maak (Mc Gee, 1993:14).

Die vader speel ook ‘n belangrike rol in die seun se **seksualiteit**. In die afwesigheid van die vader is seuns onseker oor hulle manlikheid en in stryd om met die vader te identifiseer (Lynn, 1974:270). Kompenserende gedrag kan voorkom in die vorm van aggressie (vergelyk Fleming en Lowell – 3.4.2.3 en 3.4.2.4). Sonder kanalisering van aggressie deur die vader, word ‘n bakleierige seun deur die portuur verwerp óf beland in bendes (Mussen, Conger, Kagan & Huston, 1990:438-439).

Die seun se **sedelike ontwikkeling** is sonder die vader swak en het hy verminderde skuld, innerlike morele oordeel, morele waardes en aanvaarding van blaam (Lynn, 1974:267). Veral Lowell en Picasso is voorbeelde daarvan (vergelyk 3.4.2.4 en 3.4.3.2).

Die seun leer baie onuitgesproke positiewe lesse omtrent die **huwelik** van sy vader: respek en liefdevolheid teenoor ‘n vrou, asook liefdesuitdrukking, getrouheid en toewyding (Storkey, 1994:72-73).

Waar die teendeel waar is, sal die seun en latere volwasse man se optrede teenoor hul vrouens onbevredigend wees en kan hul huweliksverhoudings misluk (vergelyk die manlike kreatiewe individue se optredes en houdings teenoor vrouens in die algemeen en later hul eie vrouens – 3.4.2.1 – 3.4.2.4, asook 3.4.3.1 - 3.4.3.2).

In sy boek *Growing up Fatherless* som Mike Nappa (2003:7) die eienskappe van ‘n teenwoordige vader op: beskikbaarheid, liefde, begrip, aanvaarding, dissiplinering, vergifnis, troos, die stel van uitdagings, asook sy bemagtiging en die genotvolle omgang met sy seun. Die vader is vir die seun ‘n voorbeeld van ‘n toekomstige vader vir sý kinders. Sodoende strek ‘n vader se invloed van geslag tot geslag (vergelyk die optrede en houdings van Lowell in 3.4.2.4 en Picasso in 3.4.3.2 teenoor hul kinders).

#### 3.3.5.2.2 Die vader-dogter verhouding

Die belangrikheid van die vader se verhouding met die dogter is groter as wat voorheen vermoed is want haar verhouding met haar vader beïnvloed elke toekomstige lewensaspek – haar keuse van vriende en minnaars, haar beroepsaksies en selfsiening.

Appleton (1982:13, 37) beklemtoon dat vaders ‘n groter invloed het op hul dogters se vroulikheid as op hul seuns se manlikheid. Die vader is die eerste man aan wie die dogter haar hart gee en hoe hy reageer, het ‘n sterk beïnvloed op haar toekoms met mans. Gilbert (1975:47-48) verklaar dat die vader se reaksie óp haar en sy verwagtinge ván haar, die dogter se **seksuele identifikasie** as vrou vorm. Gilbert sê die vader is die eerste man wat haar vlei, komplimenteer en bewonder. Sodoende groei sy tot ‘n ware vrou in ‘n bevredigende verhouding met haar vader (vergelyk die versteurde omgang met vaders van die vier vroue-digters / skrywers in 3.4.1.1 – 3.4.1.4).

Die dogter leer uit die vader se voorbeeld omtrent **omgang met mans** – party van haar seksuele rolgedrag leer sy van haar vader se afkeur of goedkeuring, ander leer sy deur waarneming van sy hantering van vrouens. Storkey (1994:68) voeg by dat vaders wat hul dogters liefhet, en hulle geselskap geniet, vir die dogters ‘n goeie selfbegrip gee. Aan die anderkant is dogters sonder vaders geneig om minder persoonlike lewensbeheer te hê, angs te vertoon en op ‘n vroeë ouderdom aan seksuele ervarings blootgestel te word (vergelyk Mansfield en Sexton in 3.4.1.3 en 3.4.1.4).

Tessman (1982:220) wys daarop dat die kwaliteit van die emosionele verbintenis tussen vader en dogter, dikwels ‘n magtige onderstroom bly wat rigtinggewend is vir ‘n **visie van geluk**. Laasgenoemde word dan ‘n leidende krag in ‘n vrou se lewe en beïnvloed haar waarneming van die waarde of vrugteloosheid van haar pogings tot nastrewing en vervulling van ideale (vergelyk Jonker, Plath en Mansfield se reaksies op mislukkings – 3.4.1.1 - 3.4.1.3).

Die rol van die dogter se **identifikasie met die vader**, veral in die vroeë ontwikkelingstadium, is belangrik wanneer hy die dogtertjie se hoofteiken vir liefde en idealisering is (Kavaler-Adler, 1993:61-62). Wanneer die moeder egter koud en verwerpend is, sal die fiksasie aan die vader nog meer voorkom (vergelyk die vroue kreatiewe indiwidue in 3.4.1.1 - 3.4.1.4).

Appleton (1982:10-12) verduidelik dat die vader se omgang met die dogter in die **oasetyd** (0-5 jaar), ‘n onuitwisbare indruk op haar maak en diep emosionele verbondenheid aan hom opbou.

Vir Appleton is die oaseperiode ‘n tyd van liefde en aanvaarding wat veral vir die ontwikkelende dogter ‘n plek voorsien vir herstel en troos indien sy in die wêreld sou misluk (109-110) (vergelyk Jonker en Plath se reaksies op mislukking – 3.4.1.1 en 3.4.1.2).

Voorts sê Appleton dat ‘n dogter wat haar vader se liefde en aandag in die vroeë kinderjare ontbeer het, ‘n onderontwikkelde **selfwaarde** het en dit soms moeilik vind om te glo dat ‘n man haar kan liefhê en aanvaar. Omdat haar breekbare selfagting gebou is op ‘n onrealistiese, kinderlike basis, word sy vinnig angstig en ontsteld wanneer sy dink dat ‘n ander persoon , veral ‘n man, se opinie van haar verminder (vergelyk Jonker, Plath, Sexton in 3.4.1.1 - 3.4.1.2 en 3.4.1.4). As gevolg van die totale afhanklikheid van uiterlike bronne, kan die vrou later nie eers minder belangrike kritiek, foute en frustrasies absorbeer nie, verál in haar loopbaan.

Wanneer die vader die dogter in die vroeë ontwikkelingsfase faal of as hy sterf, kan sy nie oor hom rou, hom afskei en internaliseer as ‘n geïntegreerde “goeie” voorwerp nie (Appleton, 1982:73). ‘n Toestand van verslawing aan die vader ontwikkel en gaan voort tót in volwassenheid (vergelyk Plath, Mansfield en Sexton - 3.4.1.2 - 3.4.1.4).

In die stormagtige adolessensie tydperk het die dogter, volgens Appleton, ‘n betrokke vader nodig vir die verdere ontwikkeling van haar selfwaarde. Vrouens wat nooit verder as die adolessente vlak van selfwaarde ontwikkel het nie, is lewenslank oormatig afhanklik van goedkeuring (114). Ignorering en seerkry veroorsaak gewoonlik woede óf depressie (vergelyk Jonker, Plath en Sexton in 3.4.1.1 – 3.4.1.2 en 3.4.1.4). Hierdie vrouens is buierig, asook veranderlik en fluktueer soms tussen oormatige afhanklikheid ván ‘n geliefde en opstand téén afhanklikheid (vergelyk veral Plath – 3.4.1.2). Die outeur konstateer dat die seksuele maklik gebruik word as ‘n stut vir die breekbare selfwaarde (vergelyk veral Sexton in 3.4.1.4).

Té min aandag van die vader lei daartoe dat die dogter in volwassenheid dikwels die gerusstellende bevestiging van manlike figure sal soek – ‘n tipe spieël-verslawing wat uitgedruk word in die behoefte van die vrou om te **bewys** dat mans op haar verlief sál raak (Kavaler-Adler, 1993:73) (vergelyk veral Plath en Sexton – 3.4.1.2 en 3.4.1.4). Andersins sê Kavaler-Adler mag die vrou op ‘n oormatige wyse na mans se goedkeuring en steun hunker (vergelyk Jonker, Mansfield en Sexton – 3.4.1.1, 3.4.1.3 en 3.4.1.4). Mans is dan eroties-begeerde, menslike figure – ‘n goeie eksterne vaderfiguur met wie interaksie en selfontwikkeling hervat kan word, verál vir die voortgang van kreatiewe vrouens se artistieke produksies.

Kavaler-Adler noem dat die gedeelde interaksies tussen vader en dogter met betrekking tot mekaar se kognitiewe prosesse, bydra tot die basiese **ego-ideaal vorming** in die dogter én **kreatiewe ontwikkeling**, asook losmaking van haar kreatiewe talent en volgehoue genot in haar kreatiewe werk.

Oorstimulering of molestering deur die vader word by Sexton bespreek in 3.4.1.4.

Indien elke vader sou besef watter invloed hy uitoefen op sy dogter(s) se lewe(s) en dié van geslagte daarná, sou hy aan God se voete daagliks krag, wysheid en genade afgesmeek het – net soos vir die omgang met sy seun.

#### 3.3.5.2.3 Samevatting

Die volgende is bevind aangaande die rol van die **vader** in die latere lewe van die kind:

- In die **vader-seun** verhouding speel die vader die rol van identifikasiefiguur: hy spoor outonomie aan, beïnvloed die seun se seksualiteit deur sy teenwoordigheid; bevorder die seun se morele ontwikkeling, leer die seun positiewe huwelikslesse en respek teenoor ‘n vrou en as voorbeeld van ‘n toekomstige vader, strek sy gesag tót in opeenvolgende geslagte.

- In die **vader-dogter** verhouding bepaal die vader al die dogter se toekomstige verhoudings, asook haar selfbeskouing en beroepshandelinge; sy behandeling van die dogter vorm haar seksuele identifikasie as vrou; uit sy hantering van vrouens verkry die dogter ‘n voorbeeld van gesonde verkeer met mans; ‘n hegte emosionele verbondenheid tussen vader en dogter voorsien vir haar ‘n visie van geluk; vroeë identifikasie met die vader voorkóm latere psigiese vashegting aan hom; interaksie met die vader in die oasetyd bewerkstellig ‘n diep emosionele verbondenheid aan hom, asook ‘n herstel-en troosplek ten tye van latere mislukking. Vroeë ontbering van vaderliefde, bou ‘n on- en onderontwikkelde selfwaarde wat angstigheid en afhanklikheid van uiterlike aandag en liefde skep; vroeë afsterwe van of mislukking deur die vader, verhinder afskeiding en internalisering van hom as “goeie” objek en lei tot verslawing aan hom; ‘n tekort aan vaderlike aandag veroorsaak in volwassenheid ‘n soeke na manlike figure; vroeë gedeelde wisselwerking tussen vader en dogter bevorder selfideaalvorming in haar, sowel as losmaking van haar kreatiewe talent.

### 3.3.6 Rou in die kreatiewe proses

Baie keer ontken mense emosies en bestempel dit as kinderagtige oorreaksies. Onopgeloste verdriet veroorsaak egter 'n knaende pyn in die siel wat nie gestil word nie.

Dietrich en Shabad (1989:205) beweer dat navorsing 'n besliste verband tussen kreatiwiteit, voorwerpverlies (verlies van die liefdesobjek) en rouverdriet aangetoon het. Daarom is hulle slotsom dat kreatiwiteit 'n voortsetting is van rouwerk. Wanneer kreatiwiteit egter die rouwerk **vervang**, word dit gemanifesteer in gedwonge, verpligte repetisie. Laasgenoemde is veral te siene in die kreatiewe proses van kreatiewe individue in 3.4.1 - 3.4.3. Kavaler-Adler (1993:3-4) noem dit 'n "kompulsie om te skep"; 'n verslawing aan 'n interne voorwerp soos die vader / moeder, wat 'n "vreemde" voorwerp bly, afgeskei van die volwasse man / vrou se liefdevolle gevoelens. Laasgenoemde is dan nié in die kinderjare met die kind se selfstruktuur geassimileer nie.

'n Kunstenaar mag dalk gedwing word tot skepping deur 'n behoefte om die verlore verlede terug te kry, maar Segal stel **erkenning** van die verlies en **rou daaroor** as 'n vereiste vóórdat herskepping by die kreatiewe indiwidu kan plaasvind (Dietrich & Shabad, 1989:28, 34-35). Die outeurs het bevind dat kreatiwiteit soms min van die rouproses getoon het óf dat dit ander kere totaal verwring of gestuit is. Dit bevestig Segal se oortuiging dat inhibisies van artistieke uitdrukking 'n aanwysing is van die onvermoë om vroeë depressiewe angs te erken en te oorkom. Alhoewel suksesvolle voltooiing van die rouproses tot 'n kreatiewe uitslag kan lei, veral waar die skepper 'n kunstalent het, gee Dietrich en Shabad toe dat dié kreatiewe pogings nié altyd suksesvol is in terme van werkende rouoplossings nie.

Vir Dietrich en Shabad (1989:403) is rou 'n psigologiese proses waarin die individu deur herhaaldelike en pynlike onthou, stadig leer om deur die verlies te werk en dit te verdra. Ornstein (2006:205) beskou *onthou* as essensieel vir die rouproses want daarsonder is heling onmoontlik. Die vermoë tot deelname aan en beoefening van die rouproses, beïnvloed mense lewenslank (Kavaler-Adler, 2003:ix). Normale verdriet behels die pynlike skeiding en opgee van 'n verlore liefdesvoorwerp terwyl **patologiese rou-response** 'n regressiewe her-oproeping is van vroeë konflikterende selfobjek konstellasies (Dietrich & Shabad, 1989:205). Daarom beklemtoon Kavaler-Adler dat mense in die normale rouproses aanhoudend groei, maar in die patologiese toestand vasgevang bly aan die herhaaldelike rolspeling van die kinderjare wat

hulle lewensontwikkeling ondergrawe en belemmer. By vroue-kunstenaars beskryf die outeur dit as ‘n “demoon-minnaar kompleks”.

In Kavaler-Adler (1993:3-4) se vroeëre boek verduidelik sy dat ‘n patologiese roustadium gevorm word wanneer té veel **ou aggressie** oorheers sodat: die integreringsproses nié kan plaasvind nie; die interne voorwerpe (vader en / of moeder) nié in “goedgenoeg” vorms kan verander nie en géén gevoelskontak van die vroeë traumatiese verhoudings ervaar word nie. ‘n Vyandige innerlike omgewing, waarin die afgesplitse betrokkenheid met ‘n “slegte voorwerp”, oorheers, laat géén ruimte vir die oopwees vir helende kontak met nuwe, uiterlike voorwerpe nie. Kavaler-Adler noem dat **afgesplitse woede** teenoor die vader prominent is in literêre kunswerke van vrouens, maar agter ál die woede is egter ‘n hunkering na die vader (38) (vergelyk 3.4.1.2 - 3.4.1.4). Dít dryf dikwels die voortdurende, voortgesette kontak met die kreatiewe werk en bewerkstellig psigologiese agteruitgang. Die navorser het by mans dieselfde houding teenoor ‘n verwerpende moeder teëgekom (vergelyk Lowell en Picasso – 3.4.2.4. en 3.4.3.2). Wanneer rou nie verduur word nie, raak die persoon soms oorweldig deur ‘n hunkering om ander te korporeer as **simbiotiese selfverlengings** (19). Hierdie mense word dan gebruik as krukke wanneer innerlike psigiese hulpbronne ontbreek (vergelyk Van Gogh en Picasso – 3.4.3.1 en 3.4.3.2).

Tradisioneel is aan rou gedink in terme van verdriet ná dood. Dietrich en Shabad (1989:215) wys egter daarop dat die **verlies van emosionele verbondenheid en binding** met ‘n ouer, soortgelyk is aan die *fisiese* verlies van ‘n ouer. Hierdie empatiese mislukking lei dikwels tot pogings vir restitusie en hereniging (vergelyk Jonker en Mansfield – 3.4.1.1 en 3.4.1.3).

Dan praat Dietrich en Shabad ook van **psigiese of innerlike verlies** as iets heeltemal anders. Terwyl fisiese verlies skielik gebeur, ontwikkel ‘n psigiese verlies stadig en gaan dikwels voort vir ‘n onbepaalde tyd (105, 108). Die weemoed strek soveel verder as verlies deur dood omdat dit ál die situasies van verwonding, seer en verwaarlosing (emosioneel en fisies) insluit. Die outeurs sê die opgegaarde gewig van herhaaldelike narsistiese beserings en klein traumas, wat ervaar word as verlies (maar onbeweend sonder ‘n rouproses is), word in die karakter en defensiewe pantser van die kind verweef; dit verleng en meng in met die rouproses en lei tot die vestiging van karakterologiese verdedigings wat teen hulpeloosheid beskerm (103). Die verlies mag ook verwys na ‘n leë, emosioneel-verwaarloosde verhouding of ‘n gebrek aan meelewing en toeganklikheid (105). Die verlies en skade aan die kind se selfbeeld is ook nou verbonde aan psigiese verlies. Die outeurs erken dat die pynlike, objektiewe realiteit van fisiese verlies

erg is, maar dat psigiese verlies 'n meer subtiele berowing is wat tot 'n groot mate onbewustelik ervaar word (108). Die voorwerp is nie *fisies* dood nie, maar het as liefdesobjek verlore gegaan. Die *bewustelike* waarneming en bevestiging van wat verlore gegaan het, bly dus agterweë. Daarom is die kind se reaksies daarop ook swygend. Sonder die bewuste **erkenning** dat iets verlore gegaan het, kan die kind nie die openlike hunkering na die verlore voorwerp uitdruk nie – 'n noodsaaklikheid vir gesonde rou.

Dietrich en Shabad wys op die groot probleem omtrent die behoud van die geïdealiseerde beeld van die psigies-verlore ouer wat gevorm word gedurende die ouer se periodieke fisiese afwesighede: met elke ware **her**verskyning van dieselfde frustrerende ouerfiguur, word die idealisering en gevolglike internalisering van daardie ouer se beeld, gedwarsboom, en die rouproses kom tot stilstand (109). Die kind se hernude hoop van 'n "veranderde" ouer word elke keer verydel en die erkenning van die **finaliteit** van die verlies kan nie plaasvind nie. Sonder genoegsame rou mag die verlies vasgelê word as 'n afdruk op die ontwikkelende karakter van die kind. Die kind is blootgestel aan die pynlike herbelewing van die verlies of vroeëre trauma met die interne voorwerp, maar met 'n ánderse uitslag as in die verlede (Kavaler-Adler, 1993:4).

**Selfafseëling** voorkóm kontak met die dele van die primêre self, sowel as met die primêre vader of moeder voorwerpe (Kavaler-Adler, 1993:17). Sodoende word die eksterne ontwrig en 'n valse voorgee kan ontstaan (vergelyk Plath – 3.4.1.2). Klein (1987:234-235) wys daarop dat 'n fasiliterende omgewing die voorwaarde is vir die veilige ontwikkeling van die **Ware Self**. Vanuit die vroegste liggaamlik-gebaseerde ervarings verrys die Ware Self. Om te oorleef sal die kind in 'n vyandige omgewing gevoelens asook behoeftes verwerp, en sodoende sekere gebiede van die self van ander vervreem. Klein sê die **Vals Self** is dikwels 'n verdediging teen die ondenkbare, 'n oorlewing - die manier waarop die bedreigde persoon oorleef met dele van die persoonlikheid wat die bang persoon waag om te wys (314, 316). Dié gefabriseerde Vals Self het geen sterk skakels met die Kernself nie, en laat die persoon met 'n baie swakker fondasie vir die ontwikkeling van 'n egte selfbewussyn. In moeilike dae kan die swakkere Vals Self géén krag uit die self put nie, omdat dit nie aan enige gelukkige herinnerings van welsyn en rustigheid gekoppel is nie; in maklike dae kan dit nie eers spontane vreugde en inspirasie voortbring nie.

**Produktiewe rou** sal volgens Dietrich en Shabad (1989:102-103) volg wanneer die idealisering wat goeie gevoelens omtrent die ouer behou, deurgewerk word. Inname ín die self en

identifikasie met die goeie én slegte eienskappe van die ouer(s), help met die losmaking van die bande aan die verlore liefdesobjek. Sodoende word die beeld van die verlore persoon geïnternaliseer. Rou word benodig vir: die deurwerk van die herhaaldelike smaad en narsistiese beserings wat na aanleiding van die ouers ervaar is; die loslating van alle oorweldigende traumas sodat die persoon se gevoel van "goedvoel", asook volledigheid kan oorheers en hy / sy kan voortgaan om 'n vervulde lewe te lei.

Vir Kavaler-Adler (1993:2, 4, 21, 45) behels **ontwikkelingsrou** die volgende:

- Die vermoë om die depressiewe gevoelsinhoude van skuld, verdriet en verlies asook die verlore voorwerpverhouding waaroor gerou word, te **voel** , te **verdra** en te **verwerk**;
- 'n Geleidelike losmaking van die ou, slegte voorwerpverbintenisse om sodoende progressiewe psigiese verandering te bevorder en nuwe identifikasie, asook verbindingsgehegdheid, te laat plaasvind;
- Selfinsig en 'n toenemende bewustheid van die verhoudings tussen die self en ander want hoe meer liefde opgebou word, en hoe beter die verbindings word, hoe meer suksesvol sal die affektiewe rouproses voortgaan.

Sonder rou kan:

- die onbewustelike motiverings van gedrag en reaksies nie ontrafel word nie;
- geen ontwikkeling in die innerlike lewe van die individu wees nie;
- geen denkverskuiwing, nuwe waarneming en verandering van gedragspatrone plaasvind nie;
- die individu nie van 'n neurotiese kompulsie om dieselfde tema oor en oor te herleef, bevry word nie

(Dietrich & Shabad, 1989:408, 414).

Kavaler-Adler (2003:ix) som rou op wanneer sy sê dat dit 'n lewenslange reis is van verbinding, internalisering en loslating van belangrike mense in die *buitewêreld* terwyl die simboliese betekenis van die verhouding met ander in die *innerlike wêreld* geïntegreer moet word. Nie een van die kreatiewe indiwidue in 3.4 het oor die psigiese verliese van hul kinderjare gerou nie en daarom het hulle magteloos gebonde gebly aan die seer en nooit heel mense geword nie. Die mense om hulle, veral geliefdes, het dit ontgeld en sáám met hulle slagoffers geword.

#### 3.3.6.1 Samevatting

Die volgende het aan die lig gekom met betrekking tot rou in die kreatiewe proses:

- Uiting van menswees in ‘n soort kreatiwiteit wat in die plek van rou gestel word, lei tot geforseerde skeppingsdwang;
- Sonder erkenning van die verlies en treur daaroor, kan vernuwing nie geskied nie;
- Onthou is onmisbaar in die treurproses en normale droefheid omsluit afsplitsing en prysgee van die verlore liefdesobjek wat groei bevorder;
- Patologiese roureaksies is ‘n heropwekking van vroeë botsende selfvoorwerp konstellasies wat verstrikking in die sieklike gesteldheid veroorsaak;
- Té veel ou aggressie verhinder die inskakelingsproses, die omskepping van interne objekte na “goeie” vorms en ‘n gevoelsverbinding met die vroeë pynlike verhoudings;
- In vrouens se letterkundige werke skuil daar agter die afgeskeide woede teenoor die vader, ‘n verlange na hom .,
- Wanneer treur ondraaglik is, gebruik sommige kreatiewe indiwidue, by gebrek aan psigiese hulpmiddels, ander mense as steunpilare;
- Die verlies van die emosionele gehegtheid aan ‘n ouer, is dieselfde as fisiese verlies van hom of haar;
- ‘n Innerlike verlies is stadig en duur onbepaald - die herhaaldelike verwondings aan die self word deel van die persoon se persoonlikheid en verdedigings wat die treurproses verleng en uitstel;
- ‘n Leë, emosioneel-afgeskeepte verhouding, asook die afwesigheid van simpatie en bereikbaarheid, impliseer ‘n verlies van die liefdesobjek;
- Die kind vorm ‘n geïdealiseerde voorstelling van die psigies-verlore ouer, maar die herhaaldelike herverskynings van die onveranderde ouer, verhinder verinnerliking van hierdie beeld en die rou word voortgesit;
- Selfafsluiting keer roukontak met die dele van die primêre self, sowel as met vader / moeder objekte en ‘n voorgee-self kom in wording as verdediging en oorlewing;
- Produktiewe rou is ‘n instandhouding van die goeie gevoelens in verband met die ouer(s) se positiewe én negatiewe karaktertrekke;
- Sonder rou bly ‘n indiwidu hopeloos vasgeketting aan die verwonding en psigiese verliese van hul kinderjare.

### 3.4 KREATIEWE INDIWIDUE

Die navorser het spesifiek kreatiewe indiwidue gekies wat ouerverwerping in hul kinderjare ervaar het en daarna hul lewens met betrekking tot hulle menseverhoudinge en werkshoudings nagevors. Kreatiewe vrouens en mans is gekies om sodoende na te vors of die optrede van die geslagte verskil met betrekking tot reaksie op verwerping deur ouers in die kinderjare. Edwards (1997:23) noem dat alle mense sewe intelligensies in variërende sterktes en grade besit, onder andere liggaamlik-kinesteties (dans en drama of toneelspeel), musikaal, taalkundig (literêre kreatiwiteit) en ruimtelik (skilder, beeldhouwerk, argitektuur). In lig hiervan was dit vir die navorser onmoontlik om alle soorte kreatiwiteit na te vors en is op literêre (skryf en dig), asook ruimtelike kreatiwiteit (skilder) besluit.

#### 3.4.1 Vroue digters of skrywers

##### 3.4.1.1 Ingrid Jonker (1933-1965)

Ingrid Jonker het in haar leeftyd van een-en-dertig jaar, ‘n onuitwisbare indruk op die Afrikaanse letterkunde en volk gemaak. Joubert (2007:72) noem dat toonsettings van haar musiek ná veertig jaar ‘n topverkoper-CD, *Ek herhaal jou* van Chris Chameleon, geword het. Dit is juis háár gedig *Die kind* wat in 1994 in die parlement van die nuwe demokrasie deur oudpresident Nelson Mandela voorgelees is.

Twee maande voor Ingrid Jonker se geboorte op 19 September 1933, het haar ma Beatrice, haar man Abraham verlaat as gevolg van sy drinkery, maar veral oor sy ontkenning van Ingrid as sy kind (Metelerkamp, 2003:23, 31). Die outeur sê voorts dat Ingrid grootgeword het in die liefdevolle huis van Oupa en Ouma Cilliers, op 4 jaar saam met die gesin Kaap toe getrek het en dat Oupa Fanie met wie sy ‘n hegte band gehad het, ‘n jaar later gesterf het (30-31). Hierna het die gesin etlike kere getrek. Volgens Louw (1990:107) het Ingrid al op 5 jaar geluk gevind in die skryf van “dramaties-verlange” gediggies en op ses jaar is haar eerste versies gepubliseer. Later het gedigte ook in skoolblaaie en in *Die Jongspan* verskyn.

Fourie (1998:33) vertel dat Ingrid agt jaar oud was toe haar moeder, wat sy klaarblyklik verafgod het, ná ‘n senu-instorting in die senu-inrigting Valkenberg gehospitaliseer is. Hier sou haar moeder ook drie jaar later aan kanker sterf en sou Ingrid self ook later ‘n draai maak vir behandeling vir depressie. Na die hospitalisasie van haar moeder, het Ouma Annie nog vir Ingrid en haar ouer suster Anna, gesorg. Alhoewel hulle brandarm was, het Ouma

geborgenheid asook liefde verskaf, en Ingrid jarelank deur moeilike tye gedra (Joubert, 2007:75). Ouma Annie het altyd vir Ingrid saamgeneem na kerkdienste en Ingrid se verse vir die bruin mense voorgelees tydens Bybellesse (Louw, 1990:107). Die bruin gemeenskap het na Ingrid verwys as die "maer, agtjarige kind wat so baie verlang."

Nortje (2000:86) voer aan dat Ingrid se hele lewe ook 'n soeke was na die troos en warmte van moederliefde. Jack Cope, haar jarelange minnaar, het haar as 'n "kind-en-moeder in een" beskryf as gevolg van 'n ineengestrengelde moeder-kind verwarring. Ná haar dood het Cope gesê dat 'n **kind** gesterf het – "verward deur verlore ideale" (Fourie, 1998:34).

Sy skryf ook in **kinderlike** verwondering in haar gedig *Ladybird* 'n herinnering aan haar moeder:

"*Jou lag en die oggend skielik en klein soos 'n liewenheerbesie geval op my hand"* (Louw, 1990:107).

Volgens Louw is dit ook deur kinderoë dat sy oor haar moeder se senu-ineenstorting 'n sprokie van angs en verwarring skryf: *"Mamma is nie meer mens nie net 'n ....dis die wit van 'n spook...."* Dit was asof sy deur die **onwerklikheid** van die **werklikheid** wou ontsnap. Later in haar debuutbundel *Ontvlugting* wat op twee-en-twintig jaar verskyn, verwys Ingrid na die senu-inrigting Valkenberg: "*Uit hierdie Valkenberg het ek gevlug en dink my* nou *in Gordonsbaai terug....".* Sy suggereer in hierdie gedig ook vir die eerste keer haar dood:

"M*y lyk lê uitgespoel in wier en gras op al die plekke waar ons eenmaal was."* (Joubert, 2007:74-75).

Na haar ma se dood, was Ingrid se pa – 'n onbekende vir haar – verplig om die twee dogtertjies te gaan haal (Metelerkamp, 2003:45-47). Hierná het Ingrid weinig kontak met haar begrypende, liefdevolle ouma gehad. In die kille huis van Abraham en sy derde vrou, is die twee susters wérklik stief behandel. Naderhand het kwaai wrywing met die stiefmoeder ontstaan waaraan Abraham niks kon of wou doen nie (Joubert, 2007:75). Ingrid, wat al voor geboorte deur haar vader verwerp is, het dit toe daagliks wesenlik ervaar.

Julian Bouws meen dat Ingrid altyd bang gelyk het, haar agtergrond was vernederend en haar vader se begunstiging van haar suster, het Ingrid soos "weggooigoed" laat voel (Metelerkamp, 2003:77). Die soeke na sekuriteit het telkemale in een of ander vorm in Ingrid se liefdesgedigte te voorskyn gekom (Metelerkamp, 2003:157). In haar donker liefdesverse soos *Bitterbessie*

*dagbreek* blyk dit dat die liefde van ‘n spesiale man, wat sy tot haar dood gesoek het, haar bly ontwyk het:

“*Bitterbessie dagbreek bitterbessie son, ‘n spieël het gebreek tussen my en hom...”.*

(Louw,1990:107).

Volgens Milhálik (2010:80) verwys dit na die Bybelse belofte om uiteindelik “deur die spieël in die raaisel” te sien (I Kor. 13:12). As die spieël dan tussen mense breek, word die waarheid agter die skynbeeld sigbaar.

Die sielkundige, Van Wyk, beweer dat Ingrid die **digkuns** gebruik het om “betekenis te gee aan wat sinloos” is (Nortje, 2000:86, 88). Metelerkamp wys daarop dat Ingrid onbewustelik en later bewustelik, gewéét het dat haar strewe na geluk en sekuriteit in die liefde én in ‘n huwelik, vrugteloos was.

Fourie (1998:33-34) konstateer dat Ingrid gedurig na haar vader se goedkeuring verlang het en dat goeie vriende gesê het dat sy in haar liefdesverhoudings na ‘n vaderfiguur blý soek het. Dít word bevestig deur haar verhoudings met ouer mans: haar man, Piet Venter, was 15 jaar ouer as sy en Jack Cope, haar minnaar, was 20 jaar ouer as sy. Later het Abraham de Vries gesê dat Ingrid ‘n verskriklike groot behoefte aan veiligheid, asook geborgenheid gehad het en elke keer die verkeerde vaderfiguur gekies het (Metelerkamp, 2003:727). Abraham, haar vader, wat aanvanklik self geskryf het, het Ingrid se skryftalent glad nie ondersteun nie (Joubert, 2007:75). Inteendeel, toe sy haar eerste digbundel *Ontvlugting* aan hom opdra en aan hom wou oorhandig, was sy reaksie totaal afwysend (Metelerkamp, 2003:68). Vir hom het Ingrid ‘n geweldige bewondering en respek gehad, maar óók minderwaardig in vergelyking met hom gevoel.

Metelerkamp (2003:6) sê Ingrid was altyd anders en het ‘n buitestaander gebly. As gevolg van haar gebroke huislike lewe, en haar vader se vroeë afwysing, het Ingrid lewenslank verwerp bly voel. Dít is die sleutel tot die verstote liefdesverlatenheid en verbrokkeling wat later in haar verse vorm kry:

“*Ek volg net my hartseer en die naambord is jy...”* (Louw, 1990:107).

Ingrid het volgens Nortje (2000:86, 88) altyd gevoel dat sy nêrens hoort nie. Baumeister en Leary (1995:508) wys daarop dat die interpersoonlike band van liefde en aanvaarding in die kinderjare, die behoefte om te behoort bevredig. Dít bepaal emosionele reaksies en oorreaksies in toekomstige verhoudings. Nortje noem dat Ingrid se mense- en liefdesverhoudings elke keer skeefgeloop het sodat sy begin glo het dat liefde, asook behaaglikheid, vir haar 'n onbereikbare ideaal is. Daarom meen die outeur dat haar lewe afgestuur het op 'n punt waar die dood naderhand aanlokliker as die lewe was – soos sy al vroeg in haar gedig *Ontvlugting* voorspel het. Later in haar gedig *Gesprek op 'n hotelterras* skryf sy:

"*My dood klop agter my oogappels soos die* maan*, ek hoor hom roer agter die galme van die branders,* e*k meet sy gang in die sleepsel van 'n slak...".*

Nortjé meen dat daar aanvanklik nog 'n alternatief vir die dood as 'n toevlug was – haar digkuns. Soos sy gesê het: *"om myself weg te bêre in my woord".*

'n Jaar ná Ingrid se huwelik met Piet Venter is hul dogter, Simone, gebore (Metelerkamp, 2003:82; Joubert, 2007:75). Sy was 'n bron van vreugde, maar hulle verhuising na Johannesburg, het Ingrid ontwortel. Weg van die see het sy gekwyn en is ná drie maande sonder Simone terug Kaap toe (Metelerkamp, 2003:91). Terug in Johannesburg word die breuk vir 'n ruk lank geheel, maar sy begin drink, verlaat Piet ná drie jaar en keer met Simone na Kaapstad terug.

In 1961 begin haar verhouding met die skrywer, Jack Cope (Metelerkamp, 2003:115). Vir Ingrid was liefde en goedkeuring altyd baie belangrik (118) en alhoewel die verhouding stormagtig was, het sy op hom gesteun vir liefde en sekuriteit (126).

Joubert (2007:75) beweer dat Ingrid se verhouding met haar vader ná die verskyning van haar digbundel *Rook en Oker* verswak het. Sy wou die eerste kopie aan hom gee, maar hy wys dit af, veral as gevolg van verbittering oor sy éie mislukking op literêre gebied (Metelerkamp, 2003:125, 132).

In 1963 ontmoet sy vir André P. Brink en beland saam met hom en Cope in 'n liefdesdriehoek. Metelerkamp (2003:148) sê Ingrid se verhouding met Brink was intens, asook stormagtig, daarom is dit etlike kere verbreek en weer hervat. Brink (2009:64) beskryf Ingrid as

onvoorspelbaar en eindeloos fassinerend, met vinnige gemoedsveranderings. In sy afwesigheid het sy altyd na Cope teruggekeer omdat alleenheid vir haar ondraaglik was.

In 1964 wen Ingrid se bundel *Rook en Oker* die Afrikaanse Boekhandel prys. Haar vader weier om die oorhandiging by te woon ten spyte van haar smekinge en die aanbod van die vliegtuigkaartjie (Metelerkamp, 2003:133). Sy lelike reaksie oor die telefoon het haar bitterlik laat huil. Met die prys wen sy ook ‘n oorsese reis (136), maar voel veral in Amsterdam eensaam en verwerp. Joubert (2007:76) sê die drome daaroor en die werklikheid daarvan, was vir haar ontnugterend. Sy het Europa onthutsend ervaar en was moeg, bang, asook moedeloos. Later sluit André by haar aan, maar die verhouding loop in Spanje lelik skeef. Volgens Van Wyk (2003:59) was die emosionele uitwerking van die liefdesonmin, soos ook dikwels in die verhouding met Cope in 1961 en 1962, vir Ingrid te veel. Sy laat haarself in ‘n kliniek opneem vir akute depressie. Nairne (2006:498) beweer dat ‘n kind vroeg al ‘n algemene bewustheid van hulpeloosheid ontwikkel wanneer hy / sy aanhoudend faal om die omgewing te beheer.

Latere verliese of negatiewe gebeure in adolessensie en volwassenheid, kan ook volgens Cochraine en Sobol (1980:176-178) geïnterpreteer word as nóg ‘n persoonlike mislukking om ‘n stabiele, liefdevolle verhouding te onderhou en nóg ‘n tevergeefse poging om reaksie uit te lok om behoeftes te bevredig.

Ingrid is volgens Joubert (2007:74) veel vroeër na Suid-Afrika terug en het nooit weer oorsee gereis nie. Die outeur meen dat haar paadjie van soek, vind en verloor, al lank vóór die reis begin het – in haar tragiese kinderjare. Met haar terugkoms in Suid-Afrika in 1964, probeer sy die verhouding met Cope hervat want sy kon nie sonder liefde lewe nie (Metelerkamp, 2003:154-155). Die laaste jare het sy volgens die outeur rondgeval tussen Cope en André, maar het veral eersgenoemde se verwerping gevrees (158, 160). ‘n Kind wat in die kinderjare verwerping ervaar het, sal altyd ‘n vrees en sensitiwiteit vir die verlies aan liefde ervaar (Pieterse, 2006:46). **Liefdestemas** is in haar werk herhaal, asook ‘n buitengewone vrees vir verval en die dood. Nog ‘n tema was **ontvlugting** na haar sorgelose kinderdae met haar moeder en ouma in Gordonsbaai – die vryheid vóór die aaklige werklikheid (Metelerkamp, 2003:239).

Ingrid raak ook vervreemd van haar vriende oor haar slegte benutting van die oorsese reis (Joubert, 200&:76). Haar onttrekking van hulle druk sy uit in die gedig:

*"Ek wil nie meer besoek ontvang nie:* E*k wil net alleen wees op reis met my eensaamheid soos 'n wandelstok en glo dat ek nog enig is".*

Joubert noem dat Ingrid vroeg in 1965 in 'n senukliniek beland, maar in Februarie weer 'n nuwe liefde vind in die kunstenaar, Herman van Nazareth. In April word haar verhouding met Brink finaal beëindig, sy breek haar been en drank kon nie meer die depressie verjaag nie (Joubert, 2007:76). Die laaste pogings om haar vader te kontak, word afgewys en die argument met Cope bring die breekpunt (Metelerkamp, 2003:191). Volgens Fourie (1998:35) was Ingrid ten tye van haar dood reeds besig met haar derde digbundel en het geglo dat sy nooit weer so goed soos in *Rook en Oker* sal kan dig nie. Dít het haar baie ontstel. Op 17 Julie 1965 stap hierdie een-en-dertig jarige digteres die see in nadat sy volgens Metelerkamp vir 'n verslaggewer op die strand gesê het dat álmal haar in die steek gelaat het en dat sy alles gaan beëindig (194). Soos in die geval van Sylvia Plath (vergelyk 3.4.1.2 ) was haar kind nie meer 'n oorweging nie.

Louw (1990:107) sê die deurlopende tema van Ingrid se verse was 'n hunkering na liefde. Letterkundiges noem dat die soekende swerffiguur wat telkens in haar werk voorgekom het, 'n soeke was na warmte en sekerheid, asook blywende verhoudings (Metelerkamp, 2003:23; Joubert,2007:76). Jan Rabie het aangevoer dat Ingrid se lewenskrag toegespits was op die emosionele verhoudings met ander mense en dat sy geen ander bande en belangstellings gehad het behalwe haar poësie, vriende en kind nie (Louw, 1990:107).

Saul (1979:60) voer aan dat 'n té sterk verlange na liefde en aanvaarding, die kern vorm van latere vriendskappe en liefdesverhoudings. Lewis en Haviland Jones (2000:657) is daarvan oortuig dat sekere tipe mense kwesbaar is vir hartstog as gevolg van verbondenhede in die kinderjare. Enige iets wat die volwassene hulpeloos en afhanklik laat voel soos in die kinderjare; enige iets wat die persoon laat vrees vir skeiding en verlies, sal die hartstogtelike hunkering om met 'n ander een saam te smelt, verhoog. Seamands (1998:55) voeg by dat só 'n naarstigtelike soek na liefde en aanvaarding, 'n las op ander kan plaas. Peers Hartzenberg bevestig dat hierdie houding van alles-of-niks in liefde, Ingrid se verhoudings ontwrig het want sy was 'n veeleisende minnares (Metelerkamp, 2003:178). Die outeur sê dat Ingrid egter nooit werklik liefde gevind het nie. Dit word bevestig in haar gedig *Gisteraand: "Die liefde is niks meer as die verlange nie".* Hartzenberg glo dat die wisseling van mens tot mens, Ingrid nog vérder van haar menswees vervreem het. Brink bevestig hierdie gevoel van identiteitloosheid. Hy sê Ingrid het dikwels gesê: "Die digter teer op sy eie seerkry omdat dit bewys dat jy lewe en

dááruit haal jy gedigte. Dít is dan weer ‘n permanente bewys dat jy hier is en dat jy daar was” (Joubert, 2007:76). Brink bevestig dat Ingrid altyd ‘n obsessie met spieëls gehad het en haar refleksies wou sien – nie uit selfliefde nie, maar uit nood om die versekering te kry dat sy bestaan (Mihálik, 2010:80). Die leegheid in ‘n persoon kan volgens Bradshaw (1990:24) ervaar word as apatie – ‘n sinlose en sombere lewe; ‘n lewe gekenmerk deur ‘n gevoel van **afwesigheid of onwerklikheid** – “Ek is dáár, maar nie daarín nie”. Omdat die persoon nooit sy / haar ware self is nie, is dit asof ware gevoel van **teenwoordigheid** kortkom. Al behaal hy of sy sukses en word bewonder, ontbreek ook ‘n gevoel van **verbondenheid**.

Die sielkundige L. M. Van der Merwe se mening was dat Ingrid nooit waarlik die vermoë ontwikkel het om liefde te gee en te ontvang nie (Metelerkamp, 2003:178). Volgens Pringle (1985:35) vorm die besef van persoonlike **identiteit** en **waardevolheid** die basis van latere verhoudings, asóók die ontwikkeling van ‘n gesonde persoonlikheid wat liefde kan gee en ontvang.

Volgens Jan Rabie was Ingrid se lewenslange soeke na ‘n ouer man as gevolg van teleurstelling in haar vader (Metelerkamp, 2003:161). Die soeke na ‘n vaderfiguur om haar te versorg en te gee wat sy in die kinderjare ontbeer het, is volgens Kavaler-Adler (1993:73) die gevolg van ‘n vroeë verlies van ‘n vaderfiguur deur dood óf afwesigheid. Die dogter vorm nie ‘n volwasse ego-ideaal nie en is oormatig afhanklik van ‘n *eksterne* volwasse vaderfiguur omdat sy die *interne* verhouding met ‘n toereikende vaderfiguur ontbreek. Wanneer sy wél ‘n man soos haar vader vind het, sal sy, volgens Metelerkamp, hom besit, dan straf asof hy haar vader is (vergelyk ook 3.4.1.2). Dit is wat Ingrid gedoen het. Berk en Anderson (2000:546) voer aan dat ‘n persoon mense in volwassenheid kan interpreteer en evalueer volgens die negatiewe of positiewe emosies gekoppel aan die verwerpende ouer. Sodoende kan ‘n dogter dan haar diepgewortelde teleurstelling, bitterheid en woede teenoor haar **vader** op álle mans oordra (vergelyk ook Plath in 3.4.1.2). Brink (2009:64) bevestig die onoplosbare woede in Ingrid en die drang om in hulle verhouding séér te maak, sowel as om te vernietig en dán weer lief te hê.

Ingrid het ‘n soort selfsugtige, onversadigde egoïstiese lewe gely wat op een-en-dertig waardeloos gevoel het (Metelerkamp, 2003:180). Simone, Ingrid se dogter, het later uit haar moeder se briewe aan ‘n vriendin, afgelei dat Ingrid wóú sterf, daaroor gepeins het en ‘n keuse gemaak het (Van Wyk, 2003:59).

#### 3.4.1.1.1 Slotsom

In die lig van die bogenoemde bespreking maak die navorser vanuit die invalshoek van die Christelike geloof, die volgende interpretasie ten opsigte van die verhouding tussen wat beleef is as ouerverwerping en pogings om dit deur middel van uitlewing van kreatiwiteit te verwerk.

Ingrid het in haar gedigte **ontvlugting** probeer soek van die veeleisende lewe van volwassenheid en kon laasgenoemde nooit werklik konfronteer nie. Haar poësie was vir ‘n tyd lank ‘n veilige vesting; ‘n gedurige uiting van al die onvervulde verlangens, hartseer en verliese, maar naderhand het dit óók gefaal. Haar poësie was ‘n voortdurende **soeke –** na liefde en aanvaarding; ‘n sélf-gefokusde soeke na identiteit in plaas van ‘n gerigtheid op **God** wat die brón van haar menswees was. Dit was ook nie vir Ingrid nodig om haar bestaan en menswees deur poësie te bewys nie, want Paulus sê in Handelinge 17:28 dat die mens deur God lewe, beweeg en bestaan. As Ingrid maar ontdek het **wie** sy in Christus was – ‘n geliefde, aanvaarde kind van God, en dat Hy haar geskape het om Hom te verheerlik sou haar lewe voldoen het aan God se standaarde vir menswees en sou sy ‘n ryk, vol lewe saam met Hom gehad het.

Ingrid het by **mense** haar onvervulde behoeftes na liefde, aanvaarding en sekuriteit probeer bevredig in plaas van by die bron van liefde en geborgenheid – Jesus Christus (1 Joh. 4:16). As Ingrid in ‘n verhouding met Jesus Christus was, sou sy veilig gevoel het, en ‘n anker gehad het te midde van ál die storms. Sy sou soos ‘n kind troos by ‘n moeder gevind het (Jes. 66:13 - ou vertaling, 1955, Afrikaanse vertaling).

**Menseliefde,** in plaas van God, het die belangrikste aspek van Ingrid se lewe geword. Sy het nie besef dat sy by Hom die grootste, suiwerste, sterkste, blywendste liefde sou vind nie. Hy sou haar pappa-God gewees het wat sou kompenseer vir alles wat haar aardse vader nié was nie.

Om te “**teer** op eie seerkry” impliseer dat die persoon daarop lewe (soos op kos) en dit verslind. Op só ‘n manier word die seer byna opgehemel sodat rou en heling nooit sal plaasvind nie. Om ook **inspirasie** te kry uit ‘n seer in plaas van uit God, toon ‘n selfgefokusde kreatiwiteit wat Jesus Christus, die Seun van God, nooit ‘n kans gee om die gebroke hart en lewe tot heelheid te lei nie.

#### 3.4.1.2 Sylvia Plath (1932-1963)

Sylvia Plath, die begaafde digter, wat op 30 jaar selfmoord gepleeg het, het tot haar dood soos Anne Sexton, Robert Lowell en ander, behoort aan 'n groep digters wat "belydenis" poësie geskryf het. Die doelwit van elke gedig was selfterapie en 'n soort loutering of suiwering.

Sylvia Plath is in 1932 gebore as die oudste kind van Duitse ouers. Haar vader, Otto, was tweekeer ouer as sy 25 jarige vrou (Stanley, 2006:396). Volgens Butscher (1996:7-14, 35) het mense Otto beskryf as 'n persoon wat tuis rigied, styf, arrogant en outokraties was. Otto wou eintlik geen kinders gehad het nie, alhoewel 'n seun aanvaarbaar sou wees. Butscher noem dat 'n seun wél 2½ jaar ná Sylvia gebore is en deur haar as 'n "indringer" beskou is. Om die bedreiging teë te werk, het Sylvia ongetwyfeld hard probeer om haar vader te behaag uit vrees vir die verlies van sy liefde.

Hayman (1991:20-23) beweer dat saadjies van Sylvia se neurose alreeds geplant was met haar vader se dood. Otto Plath was die oorheersende krag in die familie en Sylvia was versot op sy lof. Alhoewel hy nie vreeslik toegeneë teenoor die kinders was nie, het sy tóg 'n mate van liefde ervaar. Die outeur sê Sylvia het altyd aanvaar dat sý fouteer het, hom op allerlei maniere probeer behaag het en geleer het dat sy deur die verkryging van hoë punte, sy goedkeuring kon verdien.

Butscher (1996:13-14) noem dat die belonings van haar vader as gevolg van haar slimheid, vir Sylvia gesuggereer het dat haar menswaardigheid afhanklik was van **dade** in plaas van **haarsélf**. Hierdie indruk sou later versterk word deur haar moeder se prestasiebeheptheid wat vals klem op mededingende prestasie geplaas het in plaas van op selfverwesenliking en vrouwees (21-22). Klein (1987:369) wys daarop dat 'n kind as **mens** waardeer en bemin moet word want sodoende kry hy / sy die gevoel van waardevolheid. Die kind **bestaan** níe net omdat hy / sy dinge **doen** nie, maar juis as gevolg van uniekheid en waardevolheid. Hayman (1991:32) voeg by dat Sylvia dwarsdeur haar lewe in alles wat sy gedoen het, wou uitblink en byna kompulsief was om te presteer.

Toe Otto in 1936 op 50 jaar diabetes ontwikkel, het hy volgens Hayman enige behandeling geweier (23). Soos sy toestand versleg het, het hy verder van Sylvia en haar broer, Warren, onttrek. Sy been is in 1940 afgesit en Sylvia het elke aand vir sy herstel gebid (27). Toe sy van Otto se afsterwe hoor, het die agtjarige Sylvia haarself onder die komberse toegemaak en gesê

dat sy nóóit weer met God sou praat nie. Die onomkeerbare afsluiting van ‘n reeks verwerpings was vir Sylvia erger as haar vader se dood (Hayman, 1991:20-21). Al haar kanse om sy liefde te herwin, het verdwyn. Die outeur konstateer dat Sylvia skuldig gevoel het omdat sy nie harder probeer het nie. Alexander (1991:41) meen dat die pyn oor haar vader se dood vererger is deur die besef dat hy dit kon voorkóm het. Sylvia was verward want dit was asof hy ‘n soort selfmoord gepleeg het. Vir háár was sy dood soos versaking en verraad. Hayman glo dat Otto eintlik belangriker geword het as ‘n figuur in Sylvia se verbeelding as wat hy ooit ‘n teenwoordigheid in haar lewe was. Al hét hy warmte ontbreek en dikwels ongeduld teenoor die twee kinders getoon, het Sylvia tóg naby aan hom gevoel en was trots daarop om sy gunsteling te wees. Ná sy dood het sy nóg aan hom gedink as binne-in haar: *“interwoven in the cellular system of your long body”* – soos sy later geskryf het. Later dig sy in *Electra on Azalea Path*: *“The day you died I went into the dirt ...”* Soos bye wat hiberneer het sy “verdwyn” (Hughes, 1981:116).

Ná haar vader se dood het Sylvia gekompenseer deur goedkeuring van mense óf deur die soeke na haar moeder se toegeneentheid - ‘n moeder wat voorheen passief, neutraal en onbeskikbaar was en wat sy in kleintyd as mededinger vir haar vader se liefde beskou het (Butscher, 1996:11-14). Kort ná sy dood het Sylvia begin dig en haar eerste gedig is volgens Butscher op 8½ jaar gepubliseer. **Fantasering** was egter ‘n tweesnydende swaard: dit hét aggressiewe dryfvere en vyandigheid teenoor haar moeder laat verminder, máár ‘n groter selfbewussyn van foute en mislukkings tuisgebring. Fantasering het ook maskers gevestig en ‘n manier geword om goedkeuring te verkry, maar met min loslating van negatiewe gevoelens.

Op vyftien jaar het Sylvia gekompenseer vir haar eie “onvolmaaktheid” deur onophoudelike liefdesbewyse en ‘n gretigheid om te behaag uit waardering vir haar moeder se fanatiese opofferinge (Hayman, 1991:36-39). Volgens die outeur het moeder Aurelia onmoontlike eise aan haarself en die mense óm haar gestel. Sylvia het dit moeilik gevind om die toutrekkery tussen positiewe en negatiewe emosies teenoor haar te beheer. Soms reageer die ouer op die kind se ontluikende talent omdat die kind beskou word as ‘n uitbreiding van hulle eie grootse self terwyl ander gevoelsinhoude geïgnoreer word (Shaddock, 2006:432). Die gevolg is dat die kind voel asof hy / sy kreatief en briljant moet wees ter behoud van die ouer / versorger se liefde. Shaddock wys daarop dat die afgesplitse self in **afwesigheid** van die kreatiewe daad, vervang word deur ‘n self gekenmerk deur lae selfwaarde en neerslagtigheid. Sylvia was nie die enigste kreatiewe indiwidu wat hierdie kenmerke getoon het wanneer hulle níe geskryf het

nie (vergelyk Mansfield in 3.4.1.3, asook Van Gogh en Picasso in 3.4.3.1 en 3.4.3.2, veral aan die einde van hul lewens).

Die prestige wat al die pryse en sukses meegebring het, het nie Sylvia se gevoel van onveiligheid herstel nie (Hayman, 1991:49-51). Dit lyk vir die outeur asof ambisie die beste teenmiddel was vir die vrese van malheid en selfmoord wat soos ‘n golf in Sylvia opgestyg het wanneer sy opgehou het om na binne te kyk. Ledigheid en ‘n afname in die innerlike soeke en emosionele uitstorting, het blykbaar ‘n rusteloosheid en histerie in Sylvia laat opwel. Haar kreatiewe produksie moes die innerlike warboel wegwerk, maar Hayman sê dat die sestienjarige Sylvia se briewe en gedigte ondoeltreffend was as teen-maatreël vir die pyn (50). Haar gemoedsveranderings was só onverwags en heftig dat ekstatiese, uitgelate geluk vermeng het met tierende wanhoop en angs. Stevenson (1989:163-164) verklaar hierdie gemoedsveranderings op grond van die innerlike gevegte tussen die twee Sylvias: die meer oppervlakkige geveg met die “kunsmatige Sylvia”, gemodelleer op haar moeder se ambisies en ideale vir haar en die dieper geveg met die “ware Sylvia” – onstuimig, ondermynend, tog sentimenteel en baie kwaad. Hierdie tweede Sylvia moes vir haar bestaan veg teen die mooi, slim, begaafde Sylvia. Stevenson meen dat die “ware self” dalk vroeër geskep is en met haar vader se dood onderdruk is. Dit kon wees dat die gawe meisie wou lewe terwyl die wraaksugtige, verwerpte dogter wou sterf. Die outeur voeg by dat dit waarskynlik was dat Sylvia se kragtige, begrawe self vasbeslote was om ten alle koste na bowe te kom.

Butscher (1996:67) meen dat Sylvia eerder drie mense was wat elkeen wou oorheers:

- Sylvia, die beskeie, slim, pligsgetroue, hardwerkende, bekwame kind;
- Sylvia, die digteres, die goue kampusmeisie bestem vir groot dinge in die kunste;
- Sylvia, die feeksgodin, met ‘n begeerte om almal om haar wat sy beny het, en na wie se pype sy moes dans, te vernietig.

Hierdie laaste Sylvia het swakkelinge verag en haar eie vlees- en bloedbande verfoei.

Kennisse het bevestig dat Sylvia altyd ‘n eienaardige veragting vir mense gehad het (Butscher, 1996:348). Gevolglik was haar vriendskappe beperk en het mense nie vir haar omgegee nie. Tóg was ignorering moeilik as gevolg van haar kragtige persoonlikheid. Butscher (1996:67) sê daar was ook ‘n “ander” Sylvia in haar teenwoordig:

- Sylvia, die hartseer klein dogtertjie, verwond deur haar vader se verwerping;

- Sylvia, die gewone tiener wat verlang het na ‘n goeie man, kinders en ‘n huis by die see.

Briljantheid het Sylvia uitgesonder en op agtien jaar was etlike stories en gedigte van haar al gepubliseer (Anon, 2004:130). As student het sy die vermoë gehad om haarself “af te seël” en mense te manipuleer (Butscher, 1996:35). Iemand het die jong Sylvia beskryf as styf en vals. Dit lyk vir Butscher asof Sylvia haarself wou beskerm deur terugtrekking in kuns en haar innerlike nooit heeltemal sou blootstel nie (48, 50).

Wanneer ‘n ouer die “ware self” van ‘n kind verwerp, en nie sy / haar gevoelens, behoeftes, asook begeertes bevestig nie, is dit die grootste wond wat ‘n kind toegedien kan word. Dán moet ‘n “vals self” verrys (Bradshaw, 1990:8). Om te glo dat hy / sy bemin word, tree die gewonde kind op soos hy / sy **behoort**. Hierdie “vals self” ontwikkel gaandeweg en word versterk deur die familiestelsel (in hierdie geval Sylvia se hunkering na haar vader se liefde tydens sy lewe en daarná haar moeder se verwagtinge van haar). Geleidelik word die “vals self” wie die persoon **dink** hy / sy is, en word vergeet dat hierdie self ‘n **aanpassing** is - ‘n daad of handeling gebaseer op iemand ánders se draaiboek. Bradshaw meen die latere chroniese depressie is die resultaat van ‘n “gat in die siel” as gevolg van die verlore “ware self” en die persoon se aanhoudende rou oor die verlies van wáre gevoelens, behoeftes en begeertes (vergelyk 3.3.6 met betrekking tot die ontstaan van die “vals self”). Hayman (1991:51) verwys ook na Laing se redenasies oor die “vals self”. Die denkbeeldige **voordele** van die “vals self” is veiligheid vir die self, isolasie asook vryheid van ander, selfgenoegsaamheid en beheer. Die **nadele** is dat die innerlike wêreld, toegesluit binne-in die “vals self”, toenemend geïsoleerd en verarm voel. Die gevoel van alvermoë is nié ‘n verdediging teen die oorweldigende gevoel van leegheid nie.

Op Hoërskool het Sylvia geleer om weg te kruip agter die masker van lighartige vernuf en voorgegewe naïwiteit (Markey, 1993:135-136). Die outeur sê Sylvia het lewenslank onveilig en verskeurd gevoel oor haar ambisie om die volgende te wees: ‘n skrywer, maar tog ‘n veelsydige mens; ‘n student wat skolasties goed presteer, maar ook sosiaal aanvaarbaar vir albei geslagte; ‘n diens-georiënteerde persoon wat ‘n bydrae moet maak tot die portuurgroep én die gemeenskap. Hayman (1991:52-53) vertel dat Sylvia op Kollege omring was deur meisies, maar vreeslik eensaam gevoel het – partytjies was sinneloos, glimlagte vals (52-53). Sy het wél sukses behaal, maar het meer “selfmoordagtig” geword omdat sy geen kontinuïteit tussen verlede en toekoms belewe het nie en betekenisvolle kommunikasie met ander ontbreek

het. Sylvia het laat opgebly om te dig maar optimisme en wanhoop het mekaar voortdurend afgewissel..

Sylvia het selfgesentreerd en selfbehep gebly. Bradshaw (!990:25) wys daarop dat die "volwasse kind" wél hierdie eienskappe toon want hulle leegheid is soos 'n chroniese tandpyn en die persoon dink nét aan hom- of haarself. Mans is gebruik vir haar eie doeleindes en sy kon soms wreed, spottend en feeksagtig wees (Butscher, 1996:48, 67). Dit was asof sy in verhoudings onbewustelik die vader-dogter tirannie wou herskep (95). Hayman beaam dat Sylvia aanvanklik mans as onbetroubaar beskou het omdat sy bang was dat hulle haar nie altyd sou kon liefhê nie. Sy het haarself op hulle gewreek deur die uitlokking van 'n huweliksaansoek en dan die verplettering van die man se hoop (29). Die outeur noem dat Sylvia se identiteitsbewussyn grootliks van mans se reaksies afgehang het (68).

Volgens Stanley (2006:407-408) was skrywe vir Sylvia die aanpassing om uiterlike druk te weerstaan, asook 'n aktiewe poging om haar wêreld te organiseer en te struktureer; 'n wêreld wat vir haar onherbergsaam en ongasvry was en haar sou verlaat, verwerp óf sou indwing in 'n sosiale model. Bradshaw (1990:17) bevestig dat waar disfunksionele intimiteit tuis bestaan het, baie mense soos Sylvia sal fluktueer tussen die vrees vir verlating en die vrees vir verswelging. Stanley sê sy het met negatiwiteit gedeel deur die rol van die "verwagte" omgewing aan te neem – selfkastyding en selfverwerping om sodoende die verlating en verwerping van bronne van buite, vóór te spring. Butscher (1996:99) bevestig dat Sylvia se skrywe dikwels behep was met mense wat vertrek, die beëindiging van liefdesverhoudings en 'n onbeweeglike bewussyn van verbindings.

Gilbert (1992:3) beaam ook die verwagting van 'n herhaling van die negatiewe ervarings van die kinderjare. Gotlieb en Hammen (1992:6) voeg by dat stresvolle gebeure en omstandighede as negatief geïnterpreteer sal word; die self word dan as ondoeltreffend beoordeel; ánder mense word as onbeskikbaar of onbetroubaar beskou en depressie kan intree (vergelyk ook Bradshaw se mening in verband met depressie in paragraaf 5). Hierdie aannames word bevestig wanneer Sylvia op een-en-twintig jaar nié vir 'n skryfkursus aanvaar word nie – sy kerf haar bene en raak erg depressief (Anon, 2004:130). Hierdie toeskryf van sukses en mislukking aan die **globale self** – "ek is sleg of ontoereikend" – veroorsaak só 'n fokus op en stryd met die self dat verwarring ontstaan, handeling verstar en die persoon net wil wegkruip en verdwyn (Lewis & Haviland-Jones, 2000:627-628).

Butscher (1996:110, 112-114) stem saam dat die afwysing van die skryfkursus as verwerping ervaar is en haar kwesbare selfwaarde gewond het, asook die bewussyn van onveiligheid omtrent haar talente en persoonlike waarde verhoog het. Butscher noem dat ‘n aantal terapeutiese sessies vir depressie en latere skokbehandelings gevolg het, asook etlike halfhartig selfmoordpogings, onder andere ‘n oordosis slaappille in 1953 wat sy oorleef het (118). Markey (1993:154) dink die sleutel tot die selfmoord was gemotiveerd deur intense gevoelens van ontoereikendheid en onvermoë om te voldoen aan ander se verwagtinge.

Hayman (1991:62) beweer dat Sylvia die mense wat haar nie wou laat sterf nie, gehaat het. Sy het nie aan ‘n God óf hiernamaals geglo nie, en was teleurgesteld dat die dood nie ‘n einde gebring het aan die bewussyn wat sy wou uitwis nie. Volgens Butscher (1996:124-125) het Sylvia ná terapie die ambivalente gevoelens teenoor haar vader, asook moeder, verstaan en in ‘n gedig erken dat sy haar moeder haat. Butscher voeg by dat haar meervoudige self ontbloot is, maar dat sy van die sanatorium terugkeer na haar manipulerende rol en nóg minder in staat was tot ware menseverhoudinge (125). Die veranderinge het nie enige basiese karakterwysigings verteenwoordig nie. Dit was asof die emosionele probleme nie opgelos was nie, maar net van haar áfgelig en weggesteek was. Daarom het dit haar wéér oorweldig. Voorts voer Butscher aan dat Sylvia kwaai angs oor haar kreatiwiteit ervaar het en gewonder het oor haar toekomstige skryfvermoë (133). Sy het begeer om te trou, maar die opgee van haar skryfloopbaan, asook kindergeboorte, gevrees (134).

In 1956 het Sylvia se ouma maagkanker gekry en die vier-en-twintig jarige meisie het weer in depressie versink (Alexander, 1991:175-176). Die outeur wys daarop dat die slegte resensie van haar gedigte en die verbreking van haar verhouding met die digter Richard Sassoon, haar neerslagtigheid vererger het. Hayman (1991:82-83) dui aan dat Sylvia in haar sessie met die psigiater oor vorige liefdesverhoudings en suksesse gepraat het asof dit iemand anders s’n was. Deur die wegsteek van haar innerlike chaos onder ‘n kalm oppervlakte, het sy ook haarself verberg. Alexander noem dat sy in haar joernaal oor die terapiesessie die volgende erken het:

“*I wanted to burst out in tears and say Father, Father, comfort me ... I cry to be held by a man; some man, who is a father.”*

Sy het egter nié haar vader met die psigiater bespreek nie. Volgens Hayman het die psigiater wél daarin geslaag om Sylvia die hoeveelheid haat en woede teenoor moederfigure te laat

besef (89). Sy kon dit erken, asook konfronteer, máár is nie aangeraai om dit te hanteer en verander nie.

Sylvia vertrek na Engeland, maar, altyd afhanklik van **uiterlike** sukses, voel sy daar leeg in 'n vreemde wêreld waar sy nog onbekend en ongewaardeerd was (Butscher, 1996:166-167, 217). Alexander (1991:177-178) voeg by dat Sylvia sedert haar aankoms in Engeland baie gedrink het en na nóg 'n verwerping van Sassoon aan haarself erken het dat verlating van enige man, dieselfde gevoel van verlies verwek het as haar vader se dood (183).

In Engeland ontmoet sy haar toekomstige man, die digter Ted Hughes met wie sy in 1956 getrou het (Butscher, 1996:183, 188-189; Anon, 2004:131-132). Laasgenoemde bron noem Ted stil en teruggetrokke, dog ook passievol soos Sylvia wat intens, emosioneel-wispelturig, dikwels veeleisend, asook emosioneel-afhanklik was. Butscher sê Sylvia was vir die eerste keer in haar lewe gelukkig – Ted was geliefde, vader en redder. Albei die digters was egter volgens Butscher selfgesentreerd. Veral Sylvia was dikwels selfbehep en het Ted nie verstaan nie, wat hom dalk verwerp laat voel het.

Ses weke ná die huwelik het Sylvia ekstaties gevoel om 'n man te besit en deur hóm besit te word, maar rusies het gedreig om hulle geluk omver te gooi (Hayman, 1991:98). Sy het die seer as volg verwoord: *"I feel the hurt going in, clean as a razor and the dark blood welling."* Dit was duidelik 'n herinnering aan die tydstip toe sy haarself gekerf het. Alexander (1991:194-195) meld ook dat Ted sewe maande na hulle troudag, in 'n onverklaarbare woede-aanval Sylvia probeer verwurg het. Sylvia was 'n perfeksionis en die huwelik het alreeds nie aan haar verwagtinge voldoen nie.

Hayman wys ook daarop dat haar vader se dood, Sylvia in 'n simbiotiese verhouding met haar moeder laat beland het (101). Ted moes dien as 'n plaasvervanger vir albei ouers én die psigiater. Sy het al haar heldeverering op hom gefokus en aanvanklik sy liefde, asook beskerming aanvaar. Runco (1998:649) beskou Sylvia se huwelik met Ted as 'n "selfdestruktiewe keuse". Sy het skynbaar geweet van Hughes se neiging om vrouens te verlei en moes die verwoesting voorsien het wat sy ontrouheid sou veroorsaak.. Nogtans het sy met hom getrou. Hayman glo dat sy iemand benodig het om te bemin sodat sý bemin kon word (78).

Hayman (1991:119-120) beweer dat Sylvia in Boston weer in die ou patroon van oormatige opwinding verval het. Dit het tot slapeloosheid, uitputting, angs en diepe depressie gelei, asook tot 'n gevoel van versmoring en histerie. Alexander beaam dat Sylvia die dryfkrag om te skryf verloor het en dat emosionele moegheid ingetree het (210). Die idee van 'n dubbel en 'n spieëlbeeld was die basiese manier waarop Sylvia aan haarself gedink het. Dit word reguit in haar *Journals* uitgedruk:

"*I cannot ignore this murderous self: it is there. I smell it and feel it, but I will not give it my name...I have a good self, that loves skies, hills, ideas, tasty meals, bright colours...I have this demon who wants me to run away screaming if I am going to be flawed, fallible. It wants me to think I'm so good I must be perfect. Or nothing."*

(Marsak, 1992:83).

Sylvia was altyd mededingend en het onveilig en onbekwaam gevoel wanneer sy haar prestasies teenoor skrywers soos Adrienne Rich en Anne Sexton opgeweeg het (Hayman, 1991:133).

Op 26 jaar het Sylvia vir die eerste keer haar vader se graf langs die Azalea paadjie besoek (Hayman,1991:21-22). Hier het sy die eerste trane oor haar vader se dood gestort. Moeder Aurelia het destyds die kinders nie na die begrafnis saamgeneem nie en háár trane weggesteek. Dít het Sylvia vertolk as 'n gebrek aan omgee vir Otto. Somtyds, wanneer sy selfmoord oorweeg het, soos dikwels gebeur het, het Sylvia gevoel asof Otto haar saam met hom in die graf probeer insleep. Sy het dus met sy dood géén afsluiting ("closure") beleef nie en soveel jare die onverwerkte hartseer saam met haar gedra. Hayman wys daarop dat Sylvia op agt jaar nie kon rou nie en dat dit 'n diepgewortelde melancholie laat ontwikkel het.

Elf dae nadat Sylvia die graf besoek het, het sy aan haar eie dood begin dink as 'n onvermydelike gevolg van syne (Hayman,1991:27-28). In haar gedig *Electra on Azalea Path*, noem sy haarself *"the ghost of an infamous suicide"*. Sy impliseer in die gedig dat háár geboorte sy dood voorspel het, en dat háár liefde hom finaal doodgemaak het (Annas,1988:146). Haar aanvaarding van skuld is duidelik in die slotreël van die gedig:

"*O pardon the one who knocks for pardon at your gate, father – handbitch daughter, friend. It was my love that did us both to death".*

Dietrich & Shabad (1989:289-290) bevestig dat ‘n algemene “fantasie van die verlore onsterflike ouerkompleks” die kind kan laat glo dat hy / sy die ouer doodgemaak het uit aggressiewe impulse en vyandige begeertes. Die skuld word dan deel van hierdie ouerkompleks. Die woord “Elektra” in die titel van die gedig verwys na die Elektra-kompleks: die dogter se begeerte vir haar vader, en die wens om van haar moeder, as mededinger, ontslae te raak (Marsak, 1992:46). Daar is reeds verwys na die feit dat Sylvia in kleintyd haar moeder as mededinger beskou het. Sy het ook die demoniese-minnaar tema, waarna Kavaler-Adler verwys, in haar skrywe getoon (vergelyk ook 3.4.1.3 – Mansfield). Op ‘n stadium het Sylvia geskryf: *“I want to look up to a man; the rougher he treats me, the more I like him”.* Runco (1998:647) bevestig soos Alexander dat Sylvia se man somtyds gewelddadig was en dat hulle meer as eenkeer uitmekaar was. Dit is vir die navorser interessant dat die begeerde “rowwe” behandeling wat Sylvia wél in die huwelik ervaar het, geensins die huwelik versterk het nie.

Hayman (1991:136) betwyfel dat moederskap selfs onder ander omstandighede, Sylvia van selfvernietiging sou gered het. Ten spyte van vrese oor kinders, het sy tóg later al twee haar kinders aanvaar – Frieda in 1960 en Nicolas in 1962 (257). Hiermee stem Stanley (2006:408) nie saam nie. Hy sê moederskap het al ná die dogtertjie se geboorte in 1960 vir Sylvia verskrikkend en haatlik geword, want dit het die vertroosting en beskerming van haar man verminder, asook skryftyd ingekort.

Butscher (1996:286-287) konstateer dat Sylvia na geloof gehunker het. Ná ‘n kerkdiens verwerp sy egter die prediker se klem op menslike swakheid en die behoefte aan redding deur Jesus Christus was blykbaar vir haar té goed om waar te wees. Géén kerk kon haar tevrede stel nie. Markey (1993:54-56) dui aan dat Sylvia twee primêre eienskappe aan God toegeskryf het – ‘n opsetlike onverskilligheid en sadistiese wreedheid. Volgens haar was die God van die Ou Testament se optrede wreed of onsimpatiek en afsydig. In die gedig *Lyonesse* praat sy van:

“*..The big God had lazily closed one eye and let them slip over the English cliff ... They did not see him smile ...”*

In 1962, ná haar seuntjie se geboorte, was Sylvia moeg, gespanne, depressief en fisies siek (Butscher, 1996:298). Sy het ook aangevoel dat Ted van haar wegdryf en dat haar huwelik verbrokkel. Sy skryf naarstiglik. Stanley (2006:402, 406) wys daarop dat skryf sóms vir Sylvia terapeuties was, maar méér dikwels net ‘n manier om uiting te gee aan haar frustrasies, skuldgevoelens, woede en moedeloosheid. Poësie was vir haar ‘n dekmantel waarvan die

effektiwiteit stelselmatig afgeneem het. Toe Ted haar vir ‘n ander vrou verlaat, was sy verraad vir Sylvia ‘n herhaling van haar vader se versaking (Anon, 2004:133). Gotlieb en Hamman (1992:10-11) voer aan dat die kwesbare individu afhanklik is van ánder se liefde en aandag ter behoud van die breekbare eiewaarde. Enige frustrasie van hierdie behoeftes verhoog die risiko van depressie. Uitputting het ook die intense innerlike emosionele druk laat oplaai en ‘n uitbarsting sou volg.

Twee gedigte, waarin sy die gif van baie jare loslaat, dien as ‘n suiwering van die onderdrukte gevoelens wat sy altyd vir haar vader en moeder gekoester het (Butscher, 1996:338). In die gedig *Daddy*, geskryf vyftien dae voor haar dertigste verjaarsdag, is die vader verteenwoordigend van ‘n reusagtige manlike voorwerp, wat Sylvia se wêreld só oorheers het dat haar horison verbonde was aan sy verstrooide stukke:

“*You do not do ...Any more, black shoe* in *which I have lived like a foot for thirty years, poor and white, barely daring to breathe ...”*

Sylvia projekteer die woede dat sy agtergelaat is op haar vader én sy sadistiese dubbel (Ted) wat haar doelbewus seergemaak het.

Ted smelt saam met haar vader wat as ‘n vampier al die jare bloed gesuig het:: *“The vampire who said he was you* and *drank my blood for seven years ...”* Aan die einde, in ‘n uittartende toon, word weggebreek uit die siklus en die vader, die vampier, word finaal uitgedryf:

“*There’s a stake in your fat black heart ... Daddy, daddy, you bastard, I’m through.”* (Annas, 1988:140-141).

Vier dae later skryf Sylvia die gedig *Medusa*. Dit kom volgens Markey (1993:56, 113) uit die Griekse mitologie, is ‘n uitbeelding van die moeder-dogter verhouding, en toon hoe aaklig ‘n moeder se beperkings op ‘n dogter kan wees. Die moeder word uitgebeeld as ‘n vroulike treiteraar:

“*In my case, you are always there,* t*remulous breath at the end of my line. I didn’t call you. I didn’t call you at all.*

*Nevertheless, nevertheless, you steamed to me over the sea – overexposed like an x-ray. Who do you think you are?”*

Daarna kom die ongunstige resensie van haar novelle *The Bell Jar* wat 'n slegte effek op Sylvia se degenererende selfbeeld gehad het (358). Wéér eens het die gevoel van selfverlies aan die wortel van die depressie gelê. Met haar man weg, kon Sylvia min skryf as gevolg van die eise van die kinders. Vir haar was dit 'n onuitstaanbare lewe en sy kón nie 'n beter toekoms voorsien nie (Stanley, 2006:407-408). Alleen, met twee veeleisende kinders in 'n koue, onverhitte huis, het die druk net té veel geword as gevolg van haar diepgewortelde doodswens en andersins as gevolg van haar onmiddellike omstandighede (Hayman, 1991:193). Stanley meen dat selfmoord 'n selfsugtige daad is want, wanneer die persoon eenmaal gereed is om te sterf, trek hy / sy in die self terug sónder om aan die gevolge te dink. Daarom het Sylvia nié meer aan haar kinders gedink toe sy op 30 jarige leeftyd met haar kop in 'n oopgedraaide gasstoof, gesterf het nie (Butscher, 1996:363; Anon, 2004:133).

Anon (2004:130) noem dat Sylvia twintig jaar ná haar dood die Pulitzer prys vir poësie ontvang het. Dit bevestig Hayman (1991:198) se opinie dat Sylvia meer beroemdheid in die jare ná haar dood verwerf het as in die 30 jaar van haar lewe. Party kritikusse het sekere van Sylvia se gedigte beskou as 'n bewys van haar selfmoordagtige geaardheid (Markey, 1993:35-36). Die kritikusse King en Butscher bevestig dat Sylvia in die gedigte *Words* en *Edge* – haar laaste gedig – die dood as 'n middel tot hergeboorte en reiniging beskou het. In *Edge* skryf sy:

"*The woman is perfected. Her dead body wears the smile of accomplishment.*

*Feet seem to be saying: We have come so far, it is over ..."*

Markey verskil egter van die kritikusse en sê Plath het meer klem op die **lewe** gelê. Indien dít waar sou wees, vind die navorser geen verklaring vir Syvia se herhaaldelike gesprekke met Sexton oor die dood of selfmoord nie ( sien Anne Sexton se gedig geskryf ná Sylvia se dood – 3.4.1.4.). Die begeerte na lewe kom ook nie vir die navorser na vore in Sylvia se gedig van 1963 *Lady* Lazarus nie: "*Dying, is an art like everything else, I do it exceptionally well. I do it so it feels like hell. I do it so it feels real. I guess you could say I have a call"* (Hughes, 1992:244).

Runco (1998:641) wys daarop dat Sylvia baie tyd en energie in haar werk belê het. Haar outobiografie *The Bell Jar* toon dat haar werk baie persoonlik was en het ook 'n groot psigiese belegging te kenne gegee. Ten tye van haar selfmoord was Sylvia van baie dinge ontneem en alles sou vir haar tevergeefs gelyk het – soos die "belegging" wat in bankrotskap geëindig het.

Voorts meen Runco dat die teenstrydighede in Syvia se lewe veelvoudig was: liefde vir haar man, maar afkeur van sy houdings en flirtasies; liefde vir haar moeder en afgestorwe vader, maar woede teenoor hulle; die begeerte vir kinders, maar kommer oor die verlies van Ted se aandag, asook haar skryftyd; tyd en isolasie wat vir skryf benodig was, maar haar liefde vir geselskap (647). Miskien, sê Runco, was die belangrikste teenstrydigheid tussen wat van haar verwag is en wat die "onderdrukte Sylvia" werklik was.

Marsak (1993:36) dink nie dat Syvia in haar lewe ooit 'n manier kon vind om haar verliese, woede en selfhaat, wat wél met die psigiater geëksploreer is, te integreer nie. Die **liefde-haat verhouding** met haar vader was die oorheersende tema van baie gedigte. Die gevoel is nooit uitgesorteer en opgelos nie. Die outeur meld dat die element van die onveranderende self, wat 'n voorwerp van walging én verlange was, in baie gedigte voorgekom het (81). Sylvia verklaar in die gedig *Totem*:

"*There is no terminus, only suitcases out of which the same self unfolds like a suit – bald and shiny, with pockets of wishes..."*

Dit was asof sy die ou self met die nuwe self gekonfronteer het, soos in haar gedig *Face Lift*: "*Skin doesn't have roots, it peels away easy as paper. When I grin, the stitches tauten. I grow backward. I'm twenty."* (Hughes,1981:155-156).

Dieselfde beeld kom in *Plaster* voor: "*I shall get out of this. There are two of me now. This new absolutely white person and the old yellow one."* (Hughes, 1981:158).

Ten slotte sê Brink (2001:171) dat terapie en digkuns vir Sylvia **bewus** gemaak het van haar gevoelens van haat en gegriefdheid teenoor haar ouers, asook die gevolglike skuld wat daaraan verbonde was. Dit kon haar egter nie **red** nie. Brink meen dat haar huwelik met Ted misluk het, gedeeltelik as gevolg van onverwerkte negatiewe gevoelens omtrent haar vader, soos die vrees vir oorheersing. Die chroniese angs en vrees met betrekking tot álle verhoudings was dalk die grootste oorsaak van die verbrokkeling van die huwelik.

### 3.4.1.2.1. Slotsom

In die lig van die bogenoemde bespreking maak die navorser vanuit die invalshoek van die Christelike geloof die volgende interpretasie ten opsigte van die verhouding tussen wat beleef is as ouerverwerping en pogings om dit deur middel van uitlewing van kreatiwiteit te verwerk.

Sylvia is ‘n voorbeeld van ‘n kreatiewe individu wat die ontsnappingsmotief in kuns gebruik het (vergelyk 2.2.9). Fantasie het haar verhinder om die negatiewe gevoelens te konfronteer, die verliese te identifiseer en daaroor te treur. Sy het ook kuns gebruik as loslating van gevoelens en behoud van selfwaarde. Genesing het egter agterweë gebly. Sy kon ook nooit haar wáre self ontdek nie – die seergemaakte, hartseer, verwerpte dogtertjie wat na ware liefde verlang het.

Omdat Jesus Christus se genesende bloed nie bedien is om met versorgende krag oor ál die negatiewe ervarings, insidente en gevoelens te vloei nie, kon skryfterapie na die oordeel van die navorser nie ‘n suksesvolle uitwerking hê op die verwerking van verwerping nie. Dit sou na die navorser se mening ook ‘n verskil gemaak het indien Plath in staat gestel kon word om saam met Christus die rouproses en die onderliggende verliese wat daarmee saamhang, kon deurloop het.

Jesus Christus sou ook vanuit die geloofsperspektief van die Christelike benadering die “ware Sylvia” na bowe laat kom het – ‘n Sylvia wat haarself sou kon oopmaak vir ander omdat Hý die ondersteuning daartoe sou gegee het. Alleenlik Christus sou die “onaanvaarbare” Sylvias kon uitwis sodat ‘n nuwe, geïntegreerde mens kon verrys uit die seer van die verlede.

Met die ontdekking van ‘n Hemelse Vader wat haar nóóit soos mense, sou faal of verlaat nie (Jes. 33:6, Hebr. 13:5), sou die knaende verwagting en vrees vir verlating verdwyn het. ‘n Veranderde mens sou ook ánders in die huwelik opgetree het wat heel waarskynlik blywende geluk kon verseker het.

Indien Sylvia die prediker se boodskap ter harte geneem het, haar eie menslike hulpeloosheid besef en erken het, asook die behoefte aan redding ingesien het, sou ‘n volkome oorgawe aan Jesus Christus, haar lewe verander het. Dán sou sy haar kreatiwiteit tot God se verheerliking gebruik het. In die gemeenskap van ondersteunende heiliges sou sy moontlik naderhand veilig gevoel het om haarself én haar gevoelens te openbaar.

Uiteindelik was sy nog vasgeketting aan ‘n vals skuldgevoel oor haar vader se dood; sonder ‘n geliefde, sonder die vooruitsig van ‘n toekomstige loopbaan wat goedkeuring van mense en sukses gebring het; onseker oor haar selfwaarde; moedeloos oor die verminderde gebruik van haar kreatiwiteit wat verligting moes bring. Nét wanhoop het oorgebly.

### 3.4.1.3 Katherine Mansfield (1888-1923)

Katherine Mansfield, die pseudoniem vir Kathleen Murry, is een van Nieu Seeland se talentvolste skrywers van die moderne kortverhaal. Sy is saam met T.S. Eliot, Virginia Woolf en James Joyce deel van die "nuwe dagbreek" van Engelse letterkunde.

Katherine Mansfield was volgens Meyers (2002:1-4) die derde dogter van Harold en Annie Beau-champ. Haar vader wat 'n seun wou gehad het, was outoritêr, oorheersend, egoïsties en ru. Sy was bang vir hom en vroeg al verskeur tussen haar haat vir sy oorheersing en haar begeerte vir sy liefde en beskerming. Dít word later herhaaldelik in haar skrywe uitgedruk. Sy het 'n groot deel van haar volwasse lewe probeer om haar vader se toegeneentheid en respek te wen – tót op die laaste. Selfs tydens sy latere besoek aan haar, het Katherine nog verlang na sy liefde, selfs vergifnis (Alpers, 1980:297). Hy was egter onverskillig teenoor haar siekte, ongemak en armoede (Meyers, 2002:190).

Haar moeder, gegrief oor die fisiese en emosionele laste van moederskap, het haar van kinders grootmaak onttrek onder die dekmantel van 'n "harttoestand" (Adler, 1993:6; Meyers, 2002:4). Laasgenoemde outeur sê sy wou nie kinders gehad het nie en het geen liefde óf aandag aan die drie susters gegee nie. Katherine, vet en onaansienlik in vergelyking met haar mooi, gehoorsame ouers susters, is altyd deur haar moeder gespot (Kavaler-Adler, 1993:97; Meyers, 2002:8). Met die geboorte van haar boetie, het Katherine se moeder geweier om haar te soen (Meyers, 2002:5, 9). Hierdie emosionele verwerping was volgens Meyers beslissend op die stadium dat Katherine as jongste van die familie vervang is. Toe Katherine 1 jaar oud was, vertrek haar moeder saam met haar vader na Engeland en Ouma Dyer versorg haar. Later het Katherine in verhale van haar kinderjare, haar moeder en ouma met mekaar vergelyk: eersgenoemde was koud en verwyderd; laasgenoemde geduldig en toegeneë.

Katherine het op 'n jong ouderdom al nagmerries en nag-angs beleef (Alpers, 1980:3-4). Die moeder se skeiding van die baba, het ook 'n rol gespeel in Katherine se gevoel van isolasie (Kavaler-Adler, 1996:97). Hierdie soeke ná en teleurstelling in liefde was 'n oorheersende patroon in Katherine se lewe, wat later gekenmerk is deur onttrekking van mense (Meyers, 2002:6). Katherine het haarself beskryf as 'n lelike, buierige, toornige, kritiese meisie wat van haar familie en vriende onttrek het in 'n denkbeeldige bestaan van skryf (9). Die selfhaat en –afkeur het in hierdie houding duidelik na vore gekom. Klein (1987:306) verduidelik dat die moeder en vader se liefde vir die baba die begin van die kind se **selfliefde** is.

Empatiese, bevoegde, liefdevolle mense verwek ‘n selfobjek- gesteldheid wat die baba in staat stel om hom / haar as heel, beminbaar, in beheer en bekwaam te ervaar, met ander woorde as vernaam en belangrik. Klein is daarvan oortuig dat liefde integrasie tussen die verskillende ervarings bewerkstellig sodat die baba “vernaam” blý voel. Katherine het onttrekking verkies as ‘n verdediging teen die vrees vir verwerping, maar mure om die self is naderhand moeilik om af te breek. Alpers (198-:16, 31) noem dat Katherine op skool min intieme vriende gehad het. Sy was ingetoë, nukkerig en het leuens vertel. Op agt of nege jaar het sy ‘n Engelse opstelprys gewen en tóé al geskryf asof onder dwang (Kavaler-Adler, 1996:97). Die outeur sê Katherine het vanaf haar vroeë kinderjare begin om haarself as ‘n skrywer te ontwikkel. Hieroor het haar hele familie gelag, veral haar moeder wat haar in die algemeen gespot het.

Op kollege was vriendskappe vir Katherine belangriker as die akademie (Meyers, 2002:15-16). Die outeur voer aan dat na-apery haar sterk punt was en sy kon haarself in enige rol indink. Alpers (1980:83) beweer dat Katherine se paar vriendinne haar as veranderlik en met onvoorspelbare buie beskryf het.

Op twaalf jaar ontmoet Katherine die sensitiewe tjellis, Arnold Trowell, en vier jaar later skryf sy oor haar tragiese liefde vir hom (Meyers, 2002:10-11). Vir ses jaar het ‘n intieme korrespondensie voortgegaan. Dwarsdeur haar verblyf in Nieu Seeland het sy hartstogtelik verlief gebly op Arnold – onder die indruk dat tienerliefde vir altyd sou hou (28). Nadat hulle enersheid Arnold afgestoot en hy belangstelling in haar verloor het, het sy haar liefde na Arnold se tweelingbroer, Garnet, verplaas. Hy was meer aangetrokke tot haar en het haar liefde beantwoord.

Kavaler-Adler (1996:97-98) wys daarop dat Katherine, verstoot deur ‘n koue moeder, uitermate vasgeheg het aan haar vader, wat ook nie warm en liefdevol was nie. Daarom het sy altyd vuriglik die kompenserende liefde van mans begeer. Die outeur konstateer dat die tema van vroeë verleiding en verlating ook herhaaldelik in haar latere literêre werk voorgekom het. Die soeke na ‘n geïdealiseerde vaderfiguur sou egter elke keer op teleurstelling en wrede ontnugtering uitloop. Meyers (2002:160, 163) sê dat Katherine selde ‘n suksesvolle verhouding met ‘n man gehad het, alhoewel sy altyd die oorheersende rol met mans, sowel as vrouens ingeneem het. Kavaler-Adler noem ook dat Katherine al gedurende adolessensie begin skryf het met die “demoniese minnaar” as tema. Die minnaar word dan eindelik die beeld van die dood. Alpers (1980:40) beaam dat sy vroeg al in ‘n gedig die begeerte uitgespreek het om deur ‘n sekere man wat sy ontmoet het, seergemaak / verwurg te word: “*When I am with him a*

*preposterous desire seizes me, I want to be badly hurt by him. I should like to be strangled by his firm hands..."*

Kavaler-Adler verduidelik dat Katherine in haar tienerjare haar vader aanhoudend verwerp en gedevalueer het. In haar "demoniese poësie" openbaar sy egter die **onbewustelike** begeertes na haar vader wat sy met haar **bewustelike** verwerping van hom, wou teëstaan. Onderliggend aan die verwerping was woede en die diepe seer as gevolg van sy koudheid, asook die verlange na sy liefde. In haar gedig *The Storm* word 'n kind se verlange na beskerming verwoord:

"*I ran to the forest for shelter,* b*reathless, half sobbing;*

*I put my arms round a tree,* p*illowed my head against the rough bark.*

'*Protect me' I said, 'I am a lost child'.*

*A huge green wave thundered and burst over my head.*

*So I prayed, implored, 'Please take care of me!' "* (Mansfield, 1971:51).

Garnet Trowell, haar nuwe liefde, word deur Alpers (1980:68, 70) beskryf as dromerig en die minder opvallende manlike tipe – die tipe man met wie Katherine waarskynlik sou trou omdat sy nooit tot suksesvolle, sterk en gespierde mans, soos haar vader, aangetrokke was nie. By Garnet het sy veilig, rustig en tevrede gevoel. Albei het 'n huwelik oorweeg. Toe Katherine swanger raak met sy kind, het hy én sy ouers haar verstoot – juis toe sy 'n dringende behoefte aan hulle toegeneentheid gehad het (82). Vroeë ouerverwerping veroorsaak juis 'n sensitiwiteit vir verwerping en híérdie ervaring verklaar waarom Katherine hard, taai, defensief en verbitterd geraak het. Op kollege het sy alreeds "abnormaal-hegte" verhoudings met meisies gehad (Alpers, 1980:28). Nou draai sy wéér na die helende liefde van 'n vrou – Ida Baker, wat 'n buffer geword het tussen Katherine en die harde wêreld van mans (Meyers, 2002:45). Ida was 'n vriendin, slaaf, asook sondebok, en later Katherine se verpleegster.

Katherine trou impulsief ná drie weke met George Bowden wat elf jaar ouer as sy was (Alpers, 1980:85). Sy wou sekuriteit en 'n vader vir haar kind hê, maar verlaat hom die volgende oggend sonder 'n huweliksnag (Meyers, 2002:46). Op hierdie wrede manier het sy die verwerpings van Arnold en Garnet gewreek. Katherine se moeder, wat van die huwelik gelees het, arriveer per boot en tref haar swanger en in armoede aan. Ma Annie was koud,

konvensioneel en minagtend op ‘n tydstip dat Katherine simpatie, begrip, asook moederlike nabyheid en teerheid verlang het (Alpers, 1980; Meyers,2002:48). Hierdie nuwe verwerping was folterend. Katherine bly nie lank in die Duitse klooster waarheen haar moeder haar gestuur het nie. In die laat maande van swangerskap beseer Katherine haarself en die dogtertjie word doodgebore. Katherine is erg geraak en volgens Meyers skryf sy hierná bitter, siniese en satiriese stories wat haar rol as ‘n buitestaander in ‘n vyandige wêreld beklemtoon.

Fisies swak en sielkundig depressief, keer Katherine na haar man terug, maar behandel hom ongevoelig (Meyers, 2002:53). Ná die publikasie van haar eerste belangrike storie, verlaat sy hom wéér na ‘n paar weke. Meyers noem dat die mislukking van haar huwelik en ineenstorting van haar sekuriteit, Katherine se roekelose gedrag teenoor mans vererger het en dat etlike verhoudings met mans gevolg het. Later skryf Katherine tydens haar siekte dat haar impulsiewe, destruktiewe gedrag van die vroeë jare, aangevuur was deur vrees (60). Volgens Alpers (1980:320) bewoord sy dit só:

“*I believe the greatest failing of all is to be frightened. When I look back on my life, all my mistakes have been because I was afraid.... the soul’s desperate choice.”*

Meyers verwys na die skrywer Aldus Huxley, wat geglo het dat Katherine onseker was oor haar identiteit (63). Klein (1987: 369) meen dat identiteit verkry word deur die betoning van liefde en respek in die kinderjare deur ander belangrike mense soos die ouers. Die gevoel van waardevolheid wat hieruit verkry word, word mettertyd selfrespek en daarsonder word die kind se groei belemmer. Katherine het ‘n lae selfbeeld gehad en as gevolg van haar heftige humeur, het mense haar gevrees. Meyers sê sy is as ysig, verwyderd en onaangenaam beskou – ‘n eienaardige mengsel van onbeskoftheid, ydelheid en bitterheid.

Op twee-en-twintig begin Katherine se gesondheid alreeds agteruitgaan (Meyers, 2002:56, 58, 60). Nóg ‘n liefdesverhouding eindig in ‘n swangerskap en hierdie keer lei ‘n aborsie tot steriliteit. Hierna ontmoet Katherine die skrywer John Murry met wie sy vir ses jaar saambly en in 1918 trou. Hy was volgens Kavaler-Adler (1996:102) wéér eens die afhanklike tipe – die teenoorgestelde van haar vader. Dit was egter ‘n stormagtige, wisselvallige verhouding want hulle het dikwels baklei en is herhaaldelik uitmekaar. Kavaler-Adler sê elkeen het in díe tye van verwydering na die geïdealiseerde vorm van die ander een gehunker. Wanneer hulle saam was, was hulle rusteloos en het gevarieer tussen die rolle van emosionele verlater en verraaier. Toe Katherine in 1918 met Murry in die huwelik getree het, was sy reeds siek. Die troue self

was vir Katherine ‘n vreeslike ontnugtering en kom na vore in haar gedig: “*It was to have shone.. And it really was only part of the nightmare, after all... The whole affair was like my silly birthday.”* (Alpers, 1980:278).

Volgens die Kavaler-Adler het hulle ‘n ruk lank rustig in ‘n villa in Frankryk gebly, maar die geluksaligheid het geëindig toe Murry ‘n werk in London aanvaar het. Katherine voel weggesmyt en oorweldig deur wanhoop. Volgens Meyers (2002:192-193) skryf sy briewe aan Murry in ‘n gedig *The New Husband:*

“*Who’s your man to leave you be ill and cold in a far country with Melancholy at my side, for my nurse and for my guide Despair – and for my footman Pain...”*

Alpers (1980:267) meld dat Katherine se hele bestaan in 1917 verander het toe sy met tering gediagnoseer is en haar skryfwerk ‘n innerlike soeke geword het. Meyers (2002:216) beweer dat die laaste ses maande van Katherine se lewe haar kreatiwiteit gestimuleer het want sy het naarstiglik geskryf. Haar huwelik met Murray, toe sy alreeds siek was, was teleurstellend. Weer eens het sy na Ida Baker gedraai (Alpers, 1980:277-278). Op een-en-dertig jaar het Katherine géén godsdienstige geloof gehad nie en moes sy haar komende dood aanvaar. Katherine, wat altyd ‘n gevoel van veiligheid ontbreek het, keer herhaaldelik in haar skrywe terug na lydende vroulike slagoffers aan wie sy lewe en visie gee (328).

Alhoewel Katherine nie persoonlik aan haar vader kon skryf nie, het sy haarself woedend teenoor hom uitgedruk in haar skrywe (Alpers, 1980:349). Toe sy wél later aan hom skryf, pleit sy vir sy liefde, keer die woede na binne en beskuldig haarsélf as die “swart skaap” – alles ter beskerming van die vaderbeeld want verlies dáárvan sou ondraaglik wees. Pieterse (2006:44) bevestig dat ‘n kind liefdevolle en ondersteunende ouers begeer. By gebrek hieraan sal hy / sy vroeg in die kinderjare alrééds daardie konsep beskerm deur selfblamering in plaas van erkenning van die ouer(s) se onbetroubaarheid. Bradshaw (1990:15) sê selfstraf word dikwels toegepas, soos in die kinderjare, deur middel van selfkritiek en afkraak ná ‘n fout. Onopgeloste emosies kan ook teen die self gedraai word in die vorm van depressie en selfs ongevoeligheid (vergelyk 3.3.4. omtrent die Innerlike Saboteur).

Katherine weier in 1919 om na ‘n sanatorium te gaan alhoewel haar gesondheid verder agteruitgaan (Meyers, 2002:176-177). Die outeur voeg by dat Katherine se laaste stories oor die huwelik, haar eie vrees vir verlating en verraad, haar selfvernietigende jaloesie, asook haar

skuld oor haar siekte weerspieël (216). Sy soek na suiwering en begeer om heel te wees. Haar belydenis is aangrypend verwoord:

"*My sins – I've acted my sins, and then excused them or put them away...as all experience . But it hasn't all been experience. There is waste – destruction too."* (Alpers, 1980:321).

Meyers sê dat Katherine skynbaar haar fisiese siekte aan haar geestelike onsuiwerheid gekoppel het toe sy geskryf het: *"I have a suspicion like a certainty that the real cause of my illness is not my lungs, but something else. And if this is found and cured, all the rest would heal."* (352).

Alhoewel Katherine geglo het dat aanhoudende skryf genesend sou wees, het haar kreatiewe werk in gebreke gebly om haar verdriet genoegsaam in toom te hou (Kavaler-Adler, 1996:111-112). Woede het haar kapasiteit vir liefde versmoor. Haar skryfwerk word toenemend gekenmerk deur destruktiewe innerlike magte en deur die maniese verdediging van sinisme, wat haar onuitgesproke wanhoop weerspieël. Alpers (1980:280) sê die vrees en wanhoop is duidelik in haar woorde:

*".....And, oh God, this terrifying thought that one must die, and may be going to die."*

Kavaler-Adler sê dit is betreurenswaardig dat Katherine in die kort tyd wat oor was, nog nét die dwang oorgehad het om oor die onuitgedrukte emosies te skrywe. In haar laaste storie T*he Canary* praat sy volgens Kavaler-Adler van die dood wanneer sy skryf oor 'n eensame vrou se dooie kanarie. Die verhaal was vol bittere wanhoop, verlies en alleenheid.

Sy skryf:

"*It's pretty awful – loneliness, the noise of one's heart pounding away – and the feeling that this is ALL there is. I can't master it."* (Meyers, 2002:192).

Haar laaste gedig *The Wounded Bird* het ook 'n tema van hulpeloosheid:

"*The hunter threw his dart and hit her breast, hit her but did not kill.*

*O my wings, lift me – lift me!.... Timidly, timidly she lifts her head from her wing.*

*In the sky there are two stars Floating, shining.... O waters – do not cover me!*

*I would look long and long at those beautiful stars!*

*O, my wings – lift me – lift me! I am so dreadfully hurt... Down she dropped and was still."*

(Mansfield, 1971:205-206)

Sonder rou as oplossing kon geen herskepping van die self deur liefdevolle verbintenis plaasvind nie. Kavaler-Adler meen dat die onopgeloste verlies en psigiese verwonding psigiese verval geword het (113). Naby die einde skryf sy:

"*The quest is always 'Who am I?' and until that is answered I don't see how one can really direct anything in oneself. ' Is there a Me?'.. .I don't believe for a moment that these questions can be settled by the head alone. Indeed: If I were allowed one single cry to God, that cry would be: 'I want to be REAL!"* (Alpers, 1980:380).

Kavaler-Adler (1996:100,107-108,110,112) noem dat Katherine van die een kwaksalwer na die ander gegaan het in 'n poging om 'n geïdealiseerde vaderfiguur te kry wat haar sou red, want haar vader kon nie meer as 'n "goed-genoeg" voorwerpfiguur oorleef nie. Soos tevore sou die vaderfigure haar faal, veral omdat sy hulle gebruik het vir die innerlike psigiese heling, asook om die waarheid omtrent haarself en haar lewe te vermy. Sy het aanhoudend magiese magte aan die vaderfigure toegeken en gefaal om die realiteite te trotseer wat sou lei tot beperkte, maar ware herstellingsontwikkelinge in haar lewe. Hoe sieker sy geword het, hoe meer het sy gedwonge gevoel om te skryf. Sy sterf in 1923 op 35 jaar ná ernstige bloeding.

Kavaler-Adler beweer dat Katherine se hele emosionele en kreatiewe lewe gewentel het om: die verwarring van haar liefde én haat vir haar land, asook teenoor haar vader; die vroeë verlating deur vader en moeder; die stryd tussen woede en haar wense vir selfherstel en vaderlike vorms van ondersteuning en toegeneentheid. In 'n poging om haar destruktiewe aggressie te konfronteer, het sy in haar lewe én skrywe vasgevang geblý in defensiewe houdings van veragting, beheer en triomf. Hierdie houdings het die bewuste besef van haar folterende pyn voorkóm sodat sy nóóit in haar kreatiewe werk die hartseer van haar verliese kon **voel** en daaroor **rou** nie. Sy het wél die innerlike "slegte voorwerp" (haar vader én moeder) **geëksternaliseer**, soos in die woedende uitbeeldings van veral haar vader. Sy kon hulle egter nie onder oë sien en innerlik **voel** nie; het bly weghardloop van die uitwerking van haar woede en wanhopige hartseer ervaar, sónder oorgawe aan die verdriet. Geblokkeerde woede is

vermom in masochistiese maniere van self-destruksie wat gesien word in haar weiering om na ‘n sanatorium te gaan. Sodoende kon fisiese én psigiese heling nie plaasvind nie.

Dit is vir Kavaler-Adler (1996:114) duidelik dat Katherine se werk die fatale fout gemaak het om die self en ander, deur **beelde** te beskou in plaas van deur ware gevoelskontak. Dit was ook ‘n flater om **skrywe** te gebruik om heel te word. Wanneer Katherine die verhoudingsrealiteit in haar lewe nie kon trotseer nie, het sy verskuil geleef agter die persoon van ‘n **skrywer** en heling het uitgebly.

#### 3.4.1.3.1 Slotsom

In die lig van die bogenoemde bespreking maak die navorser vanuit die invalshoek van die Christelike geloof die volgende interpretasie ten opsigte van die verhouding tussen wat beleef is as ouerverwerping en pogings om dit deur middel van uitlewing van kreatiwiteit te verwerk:

Katherine het haarself en haar emosies in die karakters van haar stories verplaas; kuns as ‘n ontsnappingsmiddel én as ‘n loslating van emosies gebruik en haarself nooit deur middel van haar kreatiwiteit gevind nie. Sy het nie vir Jesus Christus gehad wat die seer kon oopbreek, die krag tot konfrontering kon gee en haar in die rouproses tot aanvaarding en berusting, asook vergifnis, sou kon lei nie. Omdat dit lyk asof sy in gebreke gebly het om te rou, het sy in haar pogings tot selfherstel deur kuns, gefaal; die geblokkeerde woede instandgehou deur haarself te straf en sodoende te vernietig en nóóit tot heling gekom nie.

Daar was tot aan die einde van haar lewe ‘n soeke na identiteit wat Jesus Christus aan haar sou gegee het. Die feit dat sy na God se beeld geskep is, het haar alreeds die identiteit as ‘n geliefde kind van God gegee. Sy is ook duur gekoop deur Jesus Christus se bloed omdat sy vir Hom só kosbaar was.

Katherine het gedurig na liefde gehunker en daarna bly soek in verhoudings met mans. Hoe meer haar herstelpogings misluk het, hoe meer het sy na vaderfigure gegryp wat nóóit die innerlike leemte kon vervul nie. Die tragiese feit is dat Katherine se skrywe haar naderhand óók nie meer emosioneel kon steun en orent hou nie. Alle ménslike stutte het padgegee en haar kreatiwiteit, as laaste wanhopige poging, het haar óók gefaal. Sy het nooit die troostende nabyheid van ‘n ewige Hemelse Vader in lewe óf in sterwe geken nie.

#### 3.4.1.4 Anne Sexton (1928-1974)

Anne Sexton is een van die kreatiewe individue vir wie skriptoterapie aanbeveel is as poging tot genesing van innerlike probleme. Ongelukkig was dit soos in die geval van Sylvia Plath en Robert Lowell, onsuksesvol.

Anne is in 1928 gebore as die jongste van drie dogters (Middlebrook, 1991:4, 9-10). Die outeur vertel dat haar ouers, Ralph en Mary, welgesteld, partytjie-mal en genotsugtig was. Om die ouers se belangstelling, asook aandag te kry, was moeilik en die kinders het met mekaar gewedywer vir lof, veral van die ontwykende moeder. In die 10 jaar van swaar drinkery was Pa Ralph soms onvoorspelbaar en buierig. Sy dronktye was vir Anne as kind ontstellend en onverstaanbaar. Afgesien van die vroeë molestering, is sy in adolessensie uitgesonder vir verbale aggressie, veral aan die etenstafel. Anne het haar vader se wellustige en verwerpende houding kwaai belewe en haar vertroue in sy liefde is vroeg al vernietig (Kavaler-Adler, 1996:219).

Voorts sê Middlebrook dat Anne se geaardheid oop, uitwaarts en impulsief was en dat sy van vertroeteling gehou het. As kind was sy eensaam, is soms in haar kamer toegemaak en het nie aan haar vader se verwagtinge voldoen nie as gevolg van haar slordige uiterlike. Sy is dikwels uitgelaat uit geleenthede waar goeie maniere belangrik was omdat sy onnet, rusteloos en luidrugtig was. Daarom het sy verwerp en van haar familie uitgesluit gevoel. In haar gedig *At Six* beskryf sy later haar kleintyd soos volg:

"*I lived in a graveyard full of dolls avoiding myself, my body, the suspect in its grotesque house.*

*I was locked in my room all day behind a gate, a prison cell.*

*I was the exile who sat all day in a knot.*

*I will speak of the little childhood cruelties,*

*Being a third child, the last given and the last taken – being the unwanted, the mistake.... "*

*Sexton, 1966:29).*

Haar tante Anna (Nana) aan wie Anne baie nou verbonde was, was die plaasvervanger vir die onverskillige ouers en met Nana se latere verstandsineenstorting, was dit vir Anne asof sy die

enigste persoon wat haar menswaardig laat voel het, verloor het. Middlebrook (1991:12, 14-15) meld egter dat Tante Nana vir Anne soos 'n dogtertjie vertroetel het en Anne se ontwikkeling nie aangehelp het nie, maar in kindskap gehou het (38).

Kavaler-Adler (1996:192) verduidelik dat Anne in adolessensie innerlik vasgevang en verskeurd was deur haar behoefte vir samesmelting met haar wegwysende moeder en eroties-molesterende vader. Gelykertyd wou sy ontsnap om 'n aparte self te ontwikkel en adolessente verhoudings met seuns te hê. Op Hoërskool het kleredrag vir Anne belangrik geword en as gevolg van haar "seuns-mal" gedrag is sy na 'n meisieskool gestuur (Middlebrook, 1991:17-20). Sy was populêr, veelsydig en het in haar senior jaar formele gedigte begin skryf wat in die skoolblad gepubliseer is. Die outeur noem dat Anne se vader die gedigte met haar moeder se sogenaamde briljante en kreatiewe briewe vergelyk het. Hierdie ongevoelige aanmerkings het Anne diep getref.

Voorts vertel Middlebrook dat Anne op Kayo Sexton verlief geraak en op 20 jaar saam met hom weggeloop het (21). Later het sy op Kayo se vriend verlief geraak, maar moes van hom afsien en drink uit protes 'n oordosis slaappille (26). Middlebrook betreur die feit dat Anne se begeerte vir romanse en avontuur moeilik beheerbaar was want sy het ook met ander mans flirteer toe Kayo in 1951 oorsee was. Eensaamheid was oënskynlik vir haar ondraaglik. Kavaler-Adler (1991:191-192) wys daarop dat Anne se grense in die kinderjare oortree is sodat sý ook gereeld die grense in liefdesverhoudings oortree het. Vroeër het Kavaler-Adler genoem dat die kortstondige seksuele verhoudings Anne teen die innerlike leegheid van vroeë ouerverlating beskerm het (184). As gevolg van haar intense verlange na saamlewing, was die liefdesdaad vir Anne soos samesmelting met haar "ander" geïdealiseerde, alvermoënde self (191). Appleton (1982:68) bevestig dat die oorstimulering van 'n vader in die kinderjare die volwasse vrou na opwinding sal laat soek sodat sy nie 'n kalm, standvastige lewe sal kan verdra nie. Bradshaw (1990:41) wys daarop dat seksuele misbruik die dogter leer dat seksuele omgang met 'n man die enigste manier is om saak te maak.

Anne se eerste dogter word in 1953 gebore en twee jaar daarna die tweede een (Middlebrook, 1991:28, 30). Haar moeder en skoonmoeder se kritiek oor haar huishouding, het ontoereikendheid en woede in Anne verwek want sy was van kleinsaf sensitief vir Ma Mary se goedkeuring of ignorering. Anne verplaas haar woede teenoor Ma Mary na haar oudste dogter, Linda. Uit vrees dat sy haar kinders sal doodmaak, begin Anne volgens Middlebrook, met

psigoterapie ná ŉ selfmoordpoging (32-34). Pa Ralph se onsimpatieke reaksie was vir Anne ŉ persoonlike belediging.

Elke keer wat Kayo lank weg was, het Anne se alleenheid alles vir haar sinloos laat lyk. Appleton (1982:114) dui aan dat ‘n vrou wat nooit verder as die adolessente vlak van selfwaarde ontwikkel het nie, dikwels oorafhanklik van haar eggenoot sal wees. Dietrich en Shabad (1989:184) voeg by dat die man as ‘n bron van vertroosting en gemak dien, asook ‘n selfobjek. Wanneer hy dan weg is, word die verlies ondraaglik. Op ‘n later stadium konstateer Middlebrook dat Anne wou hê dat Kayo haar soos Nana moes liefhê en vertroetel, asook die rol van ‘n goeie ouer speel – elke aand sê sy is soet en haar hare streel totdat sy slaap (155). Appleton (1982:185) beklemtoon dat ‘n dogter se ontwikkeling belemmer of teëgehou kan word deur ‘n verwerpende vader sodat sy infantiele behoeftes as volwassene behou en lewenslank in die oaseperiode bly met betrekking tot gevoelens en gedrag (vergelyk 3.3.4.2 oor die vader-dogter verhouding en die oaseperiode). Bradshaw (1990:32) praat van ‘n identiteitsverlies wat mede-afhanklikheid sal laat ontstaan en beaam dat die persoon uit voeling met hulle behoeftes en begeertes sal wees. Dietrich en Shabad (1989:83-84) beaam dat die fantasie van “ewig kindwees” ‘n vashou is aan die verlore kinderjare en die hoop op kinderlike genot.

Met die herdenking van Tante Nana se dood, was Kayo afwesig en Anne se moeder het verhuis (Middlebrook, 1991:39-45). Al was dié skeidings nie permanent óf onvoorspelbaar nie, het die opgaardam van onverwerkte vrees en pyn, Anne oorspoel en het sy ineengestort. Die psigiater, Dr Orne, wou die hulpbronne in Anne ontwikkel sodat sy “iemand” kon wees en gesonde verhoudings vorm. Daarom het hy voorgestel dat sy as deel van die behandeling, oor haar ervarings skryf. Anne het skielik bekwaam gevoel en aanhoudend begin skryf. Deur Dr Orne het sy in haar ambisie ingegroei en haar beroep as digter ontdek. Teen Desember 1957 het sy al 60 gedigte geskryf. Middlebrook betreur dit dat Anne géén ondersteuning van haar moeder gekry het nie – sy het geweier om die fooie vir Anne se kollege inskrywing te betaal en het skielik sélf begin skilder sowel as dig. Laasgenoemde het Anne se gevoelens van mededinging en hulpeloosheid vererger.

Shaddock (2006:433) voer aan dat volharding van die kreatiewe daad taamlik bemoeilik word deur die afwesigheid van ouerlike spieëling óf as ouerlike narsisme deur mededinging uitgedruk word. Die gevoel van onbeperkte genot in eie skepping mag dalk ook verdwyn. Shaddock beklemtoon dat in die geval van mededinging tussen die versorger en kind, laasgenoemde se kreatiewe uitdrukkings die versorger se afkeur en onttrekking mag ontlont.

(Vergelyk ook die reaksie van Ingrid Jonker se vader op haar kreatiwiteit in 3.4.1.1). Voorheen het Middlebrook al genoem dat Ma Mary altyd hardkoppig, eiewys en geabsorbeer in haar eie sake was. Sy wou sélf aandag hê en, bedreig deur Anne se oorspronklikheid, het sy aanhoudend met haar bly meeding. Anne is vertrap en goedkeuring is uiters suinig uitgedeel – dikwels nét genoeg om Anne na haar pype te laat dans (37).

Dit is asof Anne in haar gedig *Self* uiting gee aan haar verlies aan identiteit:

"*What is reality? I am a plastic doll; I pose.....*

*What is reality to this synthetic doll who should smile, who should shifts gears, who should spring the doors open in wholesome disorder..... ..*

*But I would cry if I could remember how and if I had the tears."*

*(Sexton, 1966:29).*

Toe haar moeder borschirurgie ondergaan, word Anne daarvoor blameer. Anne vrees én begeer die vryheid van haar moeder se afsterwe. Ses weke na Mary se operasie, probeer Anne vir die tweede keer in 6 weke selfmoord pleeg. Haar gedig *Wanting to die* bewoord haar ellende:

" *Since you ask, the most days I cannot remember.*

*I walk in my clothing, unmarked by that voyage.*

*Then the almost unnameable lust returns..........Suicides have a special language".*

*(Sexton, 1966:29).*

Kort daarna woon Anne 'n poësie werkswinkel by, sluit by die klas aan en wen later 'n prys (46-47). Terapie en dig was ineengestrengel.

Kavaler-Adler (1996:196) vertel dat Anne dikwels aan tafel en elders tuis, haar man uitgelok het om haar verbaal of selfs fisies aan te val – 'n hervasstelling van haarself as slagoffer van die vader se erotiese geweld teen haar liggaam. Die outeur sê Dr Orne het hierdie optrede gesien as 'n masochistiese neiging om gestraf te word ter vermyding van skuld en om dan

weer, ná Kayo se berou, bemin te word (198-200). Die outeur meen dat Dr Orne die ontwikkeling van Anne se identiteit as digter gesien het as 'n roete tot verstandsgesondheid. Soos Anne 'n produktiewe, vrugbare digter geword het, het dit vir hom gelyk asof sy 'n vervulde lewe begin lei het. Wanneer Anne temas in terapeutiese behandeling in poësie herskep het, is die behoefte aan interpersoonlike of gevoelskontak omseil en die afgeseëlde self het voortgeduur – gereflekteer in haar poësie as geïdealiseerde en demoniese ewebeelde (203). Voorts wys Kavaler-Adler daarop dat Dr Orne Anne se poësie as **helend** gesien het, omdat dit uiting aan haar verskuilde innerlike self gegee het (203). Hy het egter nié besef dat 'n deel van Anne se innerlike self *afgeskeur* was en nié net onderdruk of verskuil was nie.

Klein (1987:186-188) gee 'n uiteensetting van die voorkoms van afsplitsing en verdeling van die persoonlikheid. Eerstens word angswekkende ervarings (soos molestering) nie geïntegreer nie want seermaak-herinneringe word geïsoleer en afgesplits. Die res van die persoonlikheid ontwikkel dan uit voeling met hierdie herinneringspore. Onaanvaarbare dele van die persoonlikheid (vir die ouer/s), kan ook gedisassosieer word as gevolg van oormatige angs vóórdat die self heeltemal geïntegreer is. In die vertikale splitsing kán geïsoleerde selfgebiede bestaan wat elkeen 'n onafhanklike bewussynssentrum het (198). Klein sê voorts dat twee selfstrukture bestaan met min kommunikasie tussen die twee, naamlik: "Ek is vernaam" en "Ek is ellendig". Die twee organisasies werk apart – wanneer die een werk, kom die ander een tot stilstand. Soms sal die persoon dalk in sekere situasies wonderlik voel en dan buite verhouding sleg in ander situasies wat nie eers so negatief is nie.

Middlebrook (1991:55, 57) voer aan dat Anne tydens terapie in 'n beswyming die rol van "Elizabeth" aangeneem het en die molestering deur haar vader beskryf het. Dietrich en Shabad (1989:365-366) beskou seksuele misbruik en bloedskande as die ergste, mees verwoestende vorm van mishandeling deur 'n vader – 'n erger en meer verydelende verlies as die vader se dood. Volgens die outeurs maak die trauma van manipulasie, verlies aan beskerming en vertroue, die dogter baie onbevoeg. Sy verloor die ego-grense wat nodig is vir die ontwikkeling van 'n gesonde seksuele identiteit. Baie navorsing het aangetoon dat hierdie dogters later 'n hoë risiko het vir kwaai depressie, selfmoord, geneigdheid tot alkohol- en dwelm misbruik, sowel as seksuele konflikte. Kaufman (1982:491) bevestig dat die volwasse vrou later trots is op haar seksuele verowerings, buite-egtelike verhoudings geniet en eerder koud, asook vyandig teenoor die eggenoot is (502). Laasgenoemde is dan blykbaar die "nie-seksuele" vader wat die dogter nié gehad het nie en die vervulling van 'n begeerte na 'n versorgende, nie-seksuele verhouding as gevolg van die teleurstelling in 'n vader wat nie vir haar as dogter omgegee het

nie. Middlebrook (1991:60) bevestig dat Anne by ander mans meer seksueel kon wees as by haar eie man.

In poësie het Anne 'n ware tuiste vir haar magte van vindingrykheid gevind (Middlebrook, 1991:64). Die outeur sê Anne kon nie as moeder goed funksioneer nie, maar die skryf het daarvoor vergoed (72-73). Eintlik het sy gevoel asof sy twee lewens lei – een in psigologiese behandeling en een tuis. Naderhand moes 'n anti-depressant help om haar gefokus te laat werk (76).

Volgens Middlebrook het Anne se moeder haar nooit die spieëling gegee wat sy benodig het nie, veral in terme van kontak met haar onvoltooide self (88). Haar belydenispoësie openbaar die verborge verlange na verlore vreugde. Haar vader se beroerte en die toename van Ma Mary se kanker, laat Anne wéér ineenstort. Gedurende haar hospitalisasie gebruik sy skryf as toevlug en dig voortdurend (102). Sewe maande na haar moeder se dood, skryf Anne 'n storie *Dancing the Jig* waarin sy die dogterskap met die ontwykende moeder, herevalueer. Hierdie taak sou haar vir die res van haar lewe besighou (103).

'n Nuwe terneergedruktheid volg ná 'n reeks krisisse, maar Anne skryf naarstiglik en verklaar dat die poësie haar "red" (122). Middlebrook sê Anne erken dat sy nie in 'n God glo nie en bevraagteken haar probleme op geestelike vlak. In haar gedig *God's Backside,* verwoord sy haar twyfel oor 'n God wat omgee:

"*Cold slicing the windowpane like a razor blade for God,*

*it seems has turned his backside to us, giving us the dark negative – the death wing".*

(Sexton, 1974:58-59).

Dit blyk uit haar gedig *Praying on a 707* dat haar moeder 'n invloed het op haar verhouding met God:

*"Mother....each time I talk to God, you interfere...".*

(Sexton, 1974:52-53)

Die Radcliffe studiebeurs het Anne tuis 'n status gegee, maar terselfdertyd kom sy in opstand teen haar skoonmoeder se teenwoordigheid, alhoewel laasgenoemde vir die kinders geluk en

sekuriteit gegee het (152-153). Volgens Anne help die kinders tóg om haar beter te laat word want hulle het haar lief asook nodig, en laat haar voel asof sy haarself is (156-157). Toe Kayo baie begin reis, stort Anne weer ineen (164).

Middlebrook konstateer dat Anne teen 1963 in Amerika gevestig was as ‘n belangrike vrouedigter (193). Die volgende 10 jaar ontvang sy pryse, toekennings, beurse, eerbewyse en word selfs in Brittanje erken. Sylvia Plath se selfmoord in 1963 ontstig Anne en die ou obsessie met die dood herleef. In die gedig *Sylvia’s Death* verwoord Anne haar teleurstelling dat Plath, wat dieselfde doodsobsessie as sy gehad het, gevat het wat sysélf wou hê:

“*O Sylvia Plath! Thief – how did you crawl down alone into the death I wanted so badly and for so long. The death we said we both wanted.....*

*The one we talked of so often each time we drowned three extra dry martini’s in Boston....”*

(Sexton, 1966:38)

Volgens Middlebrook wen Anne ‘n beurs om ‘n jaar oorsee te reis, maar soos die vertrektyd naderkom, lyk dit asof haar masker van braafheid om te gaan, begin kraak (202-204). Anne vertrek na Europa, maar soos die bekoring van nuwe plekke afgeneem het en die seksuele eskapades onbevredigend geword het, verloor Anne haar innerlike balans. Sy keer ná slegs twee maande terug. Dit bevestig Appleton (1981:104-105) se woorde dat dogters met afwesige vaders dikwels in volwassenheid onseker, onbeskermd en onveilig voel, en nie opgewasse is om hulleself of die omgewing te beheer nie. Wanneer hulle gekonfronteer word met nuwe of gevaarlike situasies, keer die gevoelens van onsekerheid terug (vergelyk ook Jonker en Plath se oorsese besoeke in 3.4.1.1 en 3.4.1.2). Anne begin tuis onder die spanning van voorgee knak en haar verslawing aan alkohol, asook pille, begin toeneem. Volgens Anne “beheer” sy haarself en sou paniekerig raak daarsonder. Appleton noem dat alkohol dikwels gebruik word om gevoelens van onsekerheid en / of onbekwaamheid by hierdie wankelrige volwassenes te verlig (vergelyk Plath in 3.4.1.2, asook Lowell in 3.4.2.4). Soos by die ander vrouedigters, het hierdie eienskappe by Anne ontbreek. Shaddock (2006:430) voeg nog ‘n rede vir verslawing by, naamlik dat die persoon voortgedryf word deur ‘n behoefde om gevul te word met iets nádat die skrywe opgehou het (vergelyk Lowell 3.4.2.4). Substansmisbruik is ‘n poging om só ‘n verbinding te herstel. Anne praat in haar gedig *The Addict* oor haar verslawing:

“*Sleepmonger, deathmonger, with capsules in my palms each night.*

*Eight a day from sweet pharmaceutical bottles.*

*I make arrangements for the pint-sized journey.*

*I'm an expert on making the trip.*

*And now they say I'm an addict. " Don't they know I'm on a diet of death."*

(Sexton, 1966:85-86)

Toe Dr. Orne vertrek, voel Anne bedroef omdat hy soos 'n vader en moeder was (Middlebrook, 1991:213). In haar toneelstuk *The Cure* is al die karakters, behalwe die dokter, beskadigde kinders wat probeer om geluk op te tower deur magiese denke. In hierdie toneelstuk het Anne duidelik die psigotiese konflik waardeur dit ontvou het, uitgespreek. Soms kon sy in 'n gedig 'n artistieke oplossing vir haar **gevoelens** kry, maar in haar **lwew** het die teendeel plaasgevind (223-226).

Kavaler-Adler (1996:230-231) betreur die vader-obsessie wat Anne tot skepping én vernietiging gedryf het. Uitmekaar geskeur deur die botsende interne voorwerptemas, het sy in een van haar gedigte "*The Awful Rowing towards God* " gekruip en gegroei na die geïdealiseerde God-Vader van wie sy redding wou kry – 'n manlike gesagsfiguur wat sy kon liefhê en vertrou. Hierdie vaderfiguur was egter besoedel en het 'n duiwel geword:

"*Occasionally the devil has crawled in and out of me.*

*The priest understands when I tell him that I want to pour gasoline over my evil body and light it."*

God word uiteindelik in die gedig beskou as die oneerlike wenner in 'n poker-speletjie. Die sleutelbeeld in *The Wall* is verwydering van God, hierdie keer deur 'n muur en die finale vermaning is om: "*to take off the wall that separates you from God."* (Morton, 1988:121). Die outeur beklemtoon dat die gedigte 'n leë, godlose bestaan definieer met 'n maniese totaliteit van herroeping, maar met algehele afwesigheid van selfintegrasie. Uiteindelik sê sy: "*And I said - to hell with God!" (Morton,1988:132)*

Anne veroorsaak volgens Middlebrook (1991:242), groot ellende vir haar familie deur haar self-beheptheid – háár behoeftes was te álle tye 'n prioriteit, al het sy hulle as familie dikwels

geïgnoreer terwyl sý na 'n professionele loopbaan omgesien het. Intussen het sy voortgegaan met seksuele verhoudings en wanneer die mans onttrek, het sy weer haar lewenslange selfhaat ervaar. Dietrich en Shabad (1989:181) meen dat **selfhaat** die self beskerm teen die regressie na 'n gesteldheid van hulpeloosheid, niksheid en sinloosheid waar álle verteenwoordigers van voorwerpe in die onbewuste verlore gaan. Die kind en later volwassene aanvaar eerder self die skuld van die ouer se verwerping omdat hy / sy "sleg en onbeminbaar" is (vergelyk ook Plath en Mansfield se skuld-aanvaarding in 3.4.1.2 en 3.4.1.3). Bradshaw (1990:77) bevestig dat seksuele misbruik óók die idee van slegtigheid by die kind laat posvat en idealisering van die ouer(s) is dan 'n egoverdediging want die kind glo dat hy / sy sélf vir die misbruik verantwoordelik is.

Op veertig was Anne 20 jaar getroud en die helfte van daardie tyd was sy onder behandeling vir depressie en die ander helfte 'n digter (309-310). Dietrich en Shabad (1989:121) lewer kommentaar oor só 'n langdurige terapie. Die outeurs meen dat die persoon eenmaal sonder sukses gewag het vir die psigies-afwesige ouer om te verander. In terapie word die terapeut dan dikwels uitgedaag om vir hóm / háár te **wag** om genees te word – al vat dit hóé lank.

Anne se lewe begin al vinniger uitmekaar val. Middlebrook (1991:325-327) noem dat sy in haar toneelstuk *In 45 Mercy Street* oor haar vader se verbygaande attensies skryf:

"*Daddy of the whiskies, daddy of the rooster breath,*

*would visit and then dash away as if I were a disease."*

(Morton, 1988:131).

Die herroeping van haar vader se molestering het haar skynbaar kwaai ontstig. In die gedig *Transformations* sê sy:

"*Daddy? That's another kind of prison.*

*It's not the prince at all, but my father* d*runkenly bent over my bed, circling the abyss like a shark.*

*My father thick upon me like some sleeping jellyfish....."*

(Middlebrook, 1991:337).

Sy kry ‘n eienaardige aanval en neem daarna ‘n oordosis slaappille (Middlebrook, 1991:341). In ‘n gedig sê sy volgens Kavaler-Adler (1996:234) dat selfmoord verslawend is:

“*Death, I need your hot breath. Death, I need my little addiction to you. To die whole, riddled with nothing but desire for it, is like breakfast after love.”*

Middlebrook verwys na nóg ‘n selfmoordpoging in 1966 (346-347). Skryf was egter Anne se manier om ervaring te bemeester. Naderhand kry haar gedigte ‘n geestelike beheptheid en sy erken “oproepe” na God, maar is onseker of dit godsdiens en geloof is, of maar net desperaatheid (355).

Kayo, haar man wat só lank getrou gebly het, ten spyte van haar aanhoudende verraad, moes toenemend meer rusies en die verergering van haar alkoholisme verduur (Kavaler-Adler, 1997:215). Anne het gevoel dat die “demone” terugkom en terug in die inrigting skryf sy 39 gedigte met die tema van selfwalging (Middlebrook, 1991:366-367). Toe die gespanne Kayo aan tafel hulle jongste dogter, Joy, verbaal begin aanval, word Anne aan haar vader se optrede herinner en besluit om van hom te skei ten spyte van die kontinuïteit en identiteit wat hy aan haar lewe gegee (370-372).

Haar gedig *Divorce* toon haar spyt en wanhoop oor die egskeiding:

“*I have killed our lives together and axed off each head..*

*I have killed all the good things....*

*I am helpless and thirsty and need shade, but there is no one to cover me – not even God.”*

(Sexton, 1976:55).

Kavaler-Adler (1996:236) toon aan dat Anne se *uiterlike* netwerk van persoonlike verhoudings agteruitgegaan het en die vrees vir alleenheid het haar **innerlike** angs laat uitbars in oorvloedige gedigte. Toe ‘n liefdesverhouding ineenstort, het Anne volgens Middlebrook, weer ‘n oordosis slaappille gedrink (376-379). Anne se skryftalent was ook besig om haar te verlaat en die gedigte was eintlik net folterende appèlle vir aandag (379-380).

Middlebrook reken dat Anne haarself vir ‘n lang tyd deur kreatiwiteit gestimuleer het (380). Die daad om die innerlike onrus na die bladsy te verskuif, en te kyk na die orde, het haar aan die

mense om haar verbind. Haar gedigte het op hierdie wanhoopstadium nog soos Anne Sexton geklink, omdat sy nóg die vermoë behou het om woorde na die bladsy te verplaas. Wat egter verlore gegaan het, was die bemagtiging van ‘n nuwe artistieke doelwit. Die gedurige drinkery, gekombineer met eensaamheid, het haar kuns uitgewis. Haar woorde in ‘n dagboek op 29 Desember 1973 toon dat sy meer en meer aan selfmoord begin dink het:

“*I am afraid to die. Yet I think it might do a few favours.*

*If I COULD I’d just die inside, let the heart – soul shrink like a prune, and only to this typewriter, let out the truth.*

*I feel awfully alone – crying in the bathroom so no one need hear.”*

(Middlebrook,1991:381).

Toe ‘n selfmoordpoging in Februarie 1974 weer misluk, het sy haar voorgeneem om die volgende een te laat slaag (Middlebrook, 1991:392,394-395). In 1974 het Anne geskryf dat sy mense seermaak en sélf ook só seer gehad het. Sy het geweet dat haar gedigte nog net gesprekke was, “soos die seniele ylings van ‘n ou vrou”. Op 4 Oktober 1974 het die ses-en-veertigjarige Anne volgens Middlebrook haar fynbeplande selfmoord uitgevoer (397). Toegewikkel in haar moeder se pelsjas, asof sy haar vir oulaas wou toemaak in moederliefde, het sy haarself tuis in die motor vergas.

Brink (2000:169) betreur dit dat poësie dalk die pad tot Anne se gevoelens van selfkeur en sinloosheid oopgemaak het, maar nie by die **bron** daarvan gekom het nie. Die outeur noem poësie ‘n lewenslyn en persoonlike loslating (173). Dit het Anne se lewe verleng en dalk verbeter, maar haar níe tot ‘n suksesvolle huwelik en ouerskap laat aanbeweeg óf haar selfmoord voorkóm nie.

#### 3.4.1.4.1 Slotsom

In die lig van die bogenoemde bespreking maak die navorser die volgende interpretasie vanuit die invalshoek van die Christelike geloof ten opsigte van die verhouding tussen wat beleef is as ouerverwerping en pogings om dit deur middel van uitlewing van kreatiwiteit te verwerk.

Die grootste skade wat molestering deur ‘n aardse vader kan doen, is die besoedeling van die beeld van ‘n betroubare, liefdevolle Hemelse Vader. Dit is te verstane dat die trauma van die molestering en verwerping van haar hele menswees tot afsplitsing van ‘n deel van die self sou lei – ‘n oorlewingsmeganisme wat haar deur die jare kop bo water laat hou het. Deur diepvlak emosionele terapie (gebedsterapie) sou die Heilige Gees Anne se afgeskeurde self kon bereik en openbaar; haar intens álle ervaringe, asook emosies laat herbelewe én voel; deur die troosvolle en liefdevolle aanraking van Jesus Christus genesing, integrasie en ‘n nuwe identiteit kon teweegbring – verál ‘n liefde vir die self.

Anne het ook kennis van God, die Hemelse Vader en ál sy eienskappe benodig om die kontras tussen Hóm en haar aardse vader raak te sien. As sy die Hemelse Vader kon leer ken en aanvaar as Pappa-God, sou Hý die verlange na ‘n liefdevolle, beskermende en betroubare manlike persoon kon stilmaak sodat dit nie meer nodig sou gewees het om na liefde te bly soek nie. Dit is duidelik dat Anne naderhand ‘n verlange na God begin ontwikkel het, maar dat sy op die verkeerde manier na Hom gesoek het.

#### 3.4.1.5 Evaluerende vergelyking tussen die vroue kreatiewe indiwidue

Al vier vrouens het teen die einde van hulle lewens verhoudingskrisisse belewe wat hulle almal traumaties ervaar het. Indien Mansfield se doelbewuste ignorering van haar siekte, en weiering van behandeling, óók as ‘n vorm van selfvernietiging beskou word, het al vier vrouens selfmoord gepleeg. Soos tevore in 3.3.1 aangetoon is, reageer ‘n vrou meer emosioneel as ‘n man op traumatiese gebeure, veral waar ‘n innerlike kwesbaarheid vanuit die kinderjare reeds bestaan. Omdat ‘n vrou ook verhoudings--georiënteerd geskape is, sal sy die verlies van ‘n liefdesverhouding veel erger ervaar omdat haar hele lewe daarom wentel. ‘n Man is werksgeoriënteerd en sal tydens ‘n krisis eerder harder werk en beter presteer om die verlies te verwerk. Tóg het Lowell, soos die vrouens, ook tydens krisisse ineengestort.

Plath, Mansfield en Sexton se moeders was óók nie aanvaardend en liefdevol nie wat die verhouding met hul vaders verder versteur het. Omdat Ingrid Jonker vroeg al haar moeder verloor het, en daarna die verwerping van haar vader begin ervaar het, het sy, soos die ander drie, lewenslank na ‘n vaderfiguur verlang. Plath, Mansfield en Sexton het egter ‘n vader-obsessie gehad wat hulle daartoe gedryf het om in hulle kreatiwiteit die vader as ‘n demoniese minnaar uit te beeld wat uiteindelik die aangesig van die dood geword het. By Plath en Sexton is uiterste uitbarstings van kreatiewe uitdrukking afgewissel met intense doodsvrese en

doodshunkeringe, in ‘n patroon wat gewentel het om ‘n vadergesentreerde fiksasie. Omdat Mansfield hoofsaaklik ‘n skrywer was, kon meer gevoelens dalk oor ‘n langer tyd tot uiting kom. Omdat Jonker nie in haar vormingsjare die verwerping van haar vader ervaar het nie, het dit moontlik verhinder dat sy woedend aan hom as “slegte” voorwerp vasgeheg het. Daarom het sy slegs die intense verlies, asook hartseer, ervaar.

Hierdie vier vrouens het van vroeg af begin skryf of dig, alhoewel Sexton se kreatiewe pogings aanvanklik in die kiem gesmoor is. Die ander drie het almal deur hulle kreatiwiteit van die werklikheid ontsnap en daarna hulle werk gebruik vir die ontlading van emosies, aanvulling van selfwaarde asook selfsoeke en -begrip.

Jonker en Mansfield het albei tot aan die einde van hul lewens versoening met hul vaders probeer bewerkstellig. Die hartseer en verwonding van hierdie onsuksesvolle pogings was hartverskeurend. Nie Jonker, Plath óf Sexton se kinders het hulle, as moeders, van selfmoord weerhou nie. Veral Plath het twee baie jong kinders gehad, maar hulle was nie meer ‘n oorweging nie omdat die doodsbegeerte sterker was.

Jonker, Plath en Sexton het al drie met hulle oorsese besoek gevoelens van onveiligheid en / of onsekerheid ervaar. Veral eersgenoemde twee was erg eensaam in ‘n vreemde plek waar hulle vir almal onbekend was. Sexton en Jonker het hulle besoeke, wat pryse was, kortgeknip en vroeër teruggekeer.

Plath, Mansfield en Sexton het al drie verslaaf geraak aan hul kreatiewe werk wat ‘n maniese vorm van intensiteit geword het, voortgedryf deur ‘n erotiese begeerte na hul vaders. Plath en Sexton is albei in die Nuwe Engeland gebore waar kinders moes inpas in ‘n houdings- en handelingspatroon; albei het met hulle onkonvensionele, uitgesproke belydenispoësie die konvensies geskend. Selfs Mansfield sou as vroueskrywer met haar kortverhale en gedigte in die vroeë twintigste eeu geskok het.

Veral Plath en Sexton se ware innerlike self het deur die gebruik van die kreatiewe proses tot uitbarsting gekom, maar dit was ongereeld en kon nie ten volle ‘n ontwikkelingsproses van self-openbaring óf selfintegrasie onderhou nie. Selfs die uiterlike ondersteunende omgewing wat deur terapie voorsien is, het sonder God misluk. Soos Mansfield kon hulle ook nie die woede deurbréék en tot ware rou kom nie.

### 3.4.2 Manlike digters of skrywers

#### 3.4.2.1 Eugéne Marais (1871-1936)

Eugéne Nielen Marais, was die skrywer van *Winternag,* een van die eerste betekenisvolle Afrikaanse gedigte, asook die literêr-wetenskaplike studies van miere en bobbejane, naamlik *Die siel van die mier* en *Burgers van die berge*.

Hy is op 9 Januarie 1871 op die plaas Daspoort naby Pretoria gebore as die jongste van die sewe kinders van Jan en Sophia Marais (DuToit, 1940:1). Tydens sy geboorte was sy vader, Jan, in die gevangenis vir ernstige onreëlmatighede van openbare rekeninge. Eugene sou volgens Rousseau (1979:6-7) vaderloos grootword omdat sy vader 'n "volmaakte invalide" was, wat nie meer gewerk het sedert hy 15 jaar tevore uit die Kaap weg is nie en net in naam hoof van die gesin was. Passiewe verwerping, gekenmerk deur die ouer se belangeloosheid en die minimum persoonlike interaksie, laat ernstige letsels op 'n kind (Pieterse,2006:18). Eugene het die leiding, aanmoediging en ondersteuning van 'n vader ontbeer, asook die vertroulike kameraadskap tussen vader en seun. Eugéne moes ook in kleintyd volgens Rousseau, onder die gesag van sy ses gedugte susters staan wat hom laat grootword het met die sterk sondebesef van sy tyd. Dít het hom heen en weer geslinger. Sy ma was die sterkere een by wie hy sekere dinge geleer het. Die verskil tussen sý gesin se lewenswyse en dié van sy vader se jongste broer, Ryk Piet, was lewensgroot. Daarom het Eugéne lewenslank begeer om geld te maak, maar is daarin gedwarsboom as gevolg van onoordeelkundige geldbesteding nes sy vader.

Eugéne het onderrig ontvang in die klein skooltjie van 'n Engelse predikant en daarna het sy skoolonderrig van plek tot plek gewissel het (Du Toit, 1940:2). Op tien jaar is Eugéne na sy oudste broer in Boshoff en daarna na sy suster in Paarl (7). Die navorser meen dat Marais moeilik 'n gevoel van behorendheid sou kon ervaar omdat hy alreeds vóór sy tienerjare uit die ouerhuis weg is, in twee verskillende huishoudings beland het en eers in adolessensie stabiliteit beleef het. Du Toit sê Marais was 'n besondere knap skolier, maar teruggetrokke in omgang met sy maats. Die outeur noem dat Marais se eerste gedig *The Soldier's Grave* op twaalf jaar gepubliseer is (103-104). Die agt-strofe gedig is geskryf nadat 'n Engelse soldaat se geraamte deur 'n jaggeselskap gevind en begrawe is. Hierdie eerste kindergedig het alreeds Marais se digterstalent getoon:

"*Beside a stream, whose waters lave the ferns upon its bank, there is an unknown, lonely, grave o'er grown with verdure dank...*

*Perchance his parents wept in vain, their hearts were filled with tears....*

*He sleeps below a vernal tree below a pall of flow'rs......"*.

Die navorser lees in die gedig dat Marais reeds vroeg al 'n besondere sensitiwiteit vir mense se gevoelens getoon het aangesien hy hom as kind so goed die hartseer van die soldaat se geliefdes kon voorstel.

Voorts noem Du Toit dat Eugéne op 16 jaar Matriek geslaag het en daarna teruggekeer het na Boshoff (9). In 1891 was Marais redakteur van die weeksblad Land en Volk, asook mederedakteur van The Press, 'n Engelse dagblad (Cloete, 19cf:1). Aanvanklik was Eugéne taamlik asosiaal en nie geïnteresseerd in vroue-geselskap nie, maar net in mans s'n wanneer hulle iets waardevol te sê gehad het (Rousseau, 1979:40). Joernalistiek, sy boek en sy diere het al sy tyd in beslag geneem. Du Toit (1940:258) reken dat Marais se patologiese egosentrisiteit hom in die eerste plek van die gewone samelewing weggestoot het. Dit verklaar moontlik sy antisosiale neigings en buitengewone beskeidenheid ten opsigte van sy bekwaamhede. Die navorser dink dat Eugéne stellig 'n aangebore introvert was wat eerder tevrede was met sy eie geselskap en sy gevoelens na binne gekeer het.

Op 21 jaar was Marais reeds 'n man van aansien. Lof en erkenning het hom tot groter inspanning, asook opoffering aangespoor (Rousseau, 1979:57). Die outeur noem dat Marais egter alreeds op 22 jaar morfien gebruik het (64-66). Dalk was dit as gevolg van onwilligheid om verantwoordelikhede te aanvaar en later die begeerte om van eie vernederings, asook tekortkominge, weg te vlug, of miskien was dit oorspronklik bedoel as 'n geneesmiddel – vir spanning, senuwees en slapeloosheid. Spoedig het dit gedien as 'n genotmiddel en 'n ontsnapper van die koue werklikheid, asook as 'n voorsiener van inspirasie vir skryf. Shaddock (2006:430) bevestig dat die kreatiewe persoon soms glo dat inspirasie in die substans self lê en al hoe meer verslaaf raak. Soos met alle dwelms, sal die inname verhoog namate die doeltreffendheid afneem.

Voorts skryf Rousseau dat Eugéne nie die gebruik van die morfien ter wille van sy huwelik met Lettie Beyers verminder het nie nie (82-83). Du Toit (1940:13) meen dat die huwelik 'n tydperk van meer gelykmatige werk- en rustyd vir Marais gebring het. Die middels wat hy gebruik het

om sy liggaamlike pyn van neutritis en verstandsgekweldheid in toom te hou, het gedurende Eugéne se huwelikslewe tóg ‘n swakker houvas op sy lewe gehad. Rousseau sê Lettie sterf nege dae na hul seuntjie se geboorte in Julie 1895 en Marais het agtergebly met ‘n skuldgevoel, asook selfbejammering wat meermale by hom ‘n rol gespeel het (91, 93, 95). Ná haar dood skryf Eugéne volgens Du Toit ‘n gedig waarin hy sy hart begin ontbloot, maar wat nooit in die geheel voltooi is nie:

“*A starless night is closing round. Farewell, my love, for thou went lost ere yet thy love I found”.*

Marais vertrek in 1898 na London om in die medisyne en regte te studeer (Cloete,19cf:1). Volgens Rousseau (1979:95) het hy hom op die bootrit ‘n tyd lank van morfien onthou. Sy ervaringe buite die grense van die ou Transvaal het nie Eugéne se swaarmoedigheid tot vreugde omskep nie (Du Toit, 1940:114). Inteendeel, die gevoel van smart en eensaamheid het in die drukte van die beskaafde kringe verskerp. Ná Marais se terugkeer in Suid-Afrika in 1904, was hy weer ‘n tyd lank joernalis voordat hy ná ‘n liefdesteleurstelling na die Waterberge verhuis om vrederegter en nie-amptelike geneesheer te wees, asook om natuurstudies te doen (Rousseau,1979:163; Cloete,19cf:1).

Tydens Marais se verblyf in die Waterberge het die natuur tot sy sensitiewe kunstenaarshart ingedring sodat hy van die mooiste Afrikaans gedigte geproduseer het (Du Toit, 1940:123-124). Pragtige vertellings en uitbeeldings van die siel van die swartmense het ook gevolg: *Mabalêl*, *Lalasini* en *Die Dans van die Reën*. In *Winternag*, geskryf in 1905, kom ‘n mens egter Marais se verdonkerde lewensuitkyk, sowel as sy beskouing oor die hardheid van die natuur, teë:

“*O koud is die windjie en skraal; En blink in die doflig en kaal, ......*

*O treurig die wysie op die Oo**sw**ind se maat, soos die stem van ‘n meisie in haar liefde verlaat,*

*In elk gras blaar se vouw blink ‘n druppel van douw, en vinnig verbleek dit soos ryp in die kou”.*

Die Vader-God was volgens Rousseau (1979:261-262) vir Marais sekondêr; ‘n blote gebruik. Die natuur was die godheid en die Waterberge het hom van God se wreedheid en genadeloosheid oortuig. Vanaf *Winternag* is daar reeds by Marais die bewussyn van ‘n immer-aanwesige bedreiging in die natuur; iets hards en onherbergsaam (Lindenberg, 1972:22). In sy laaste gebundelde gedig *Diep Rivier* word die kilheid van die natuur uiteindelik die koudheid van

die dood. Alhoewel die gedig gebaseer was op ‘n meisie wat selfmoord gepleeg het, het Marais dit op hom van toepassing gemaak:

“*O Diep Rivier, O Donker Stroom, hoe lank het en gewag, hoe lank gedroom.....In jou omhelsing eindig al my smart; blus uit, O Diep Rivier, die vlam van haat – die groot verlange wat my nooit verlaat......”*

(Baard, Kannemeyer, Roets, Stassen & Viviers, 2005:110).

Du Toit (1940: ) noem dat Marais op ‘n stadium weer in Pretoria en Heidelberg gewoon het waar hy goed bevriend was met die digter en geneesheer A.G.Visser. Laasgenoemde het ‘n goeie invloed op hom gehad, veral met betrekking tot die wegbreek van die morfiengebruik. Die gedig *Skoppensboer*, geskryf in een van Eugéne se droewige oomblikke, is sinies en kyk na die verbygaande lewe en die verganklikheid van alles:

“’*n Druppel gal is in die soetste wyn, ‘n traan is op elk’ vrolik’ snaar,*

*in elke lag ‘n sug van pyn, in elke roos ‘n dowwe blaar.......*

*Die een wat deur die nag ons pret beloer en laaste lag is Skoppensboer.”*

(Kritzinger, 1952:xii).

Vóór sy veertigste jaar het Eugéne ‘n lewensmoegheid ervaar en gesê dat hy in sy poësie sy pyn vertroetel en aan sy hart gedruk het – waar dit “reuse” geword het (Rousseau, 1979:239, 240-241). Die sleutel tot Eugéne se tragiese lewe was, volgens Rousseau, dalk ook sy onnatuurlike lang geheue vir werklike of vermeende verontregting en eie leed.

Positiewe kante van Eugéne se geaardheid was sy innemendheid en behendigheid in die omgang met kinders (Du Toit,1940:124, 126). Hy kon nie net ‘n man se seer emosies in taal omskep nie, maar het ook kindergevoelens laat leef. In sy kindergedigte het hy self weer kind geword waarvan die gedig *Klaasvakie* getuig: *“Sy swart manel is oopgeknoop. Sy snaakse lyfie hoepelkrom......”*.

Rousseau voer aan dat Eugéne se lewe in ‘n patroon van verslawing en onthouding van morfien verval het (285, 289-290). In verhoudings met veral jong vrouens het hy ‘n roekeloosheid ontwikkel asof hy hulle jag en hulle sy gewillige slagoffers was. Hy het gedurig die liefde van ‘n

vrou gesoek en moes altyd ‘n dier of kind hê aan wie hy liefde kon gee (314, 320). Hy het jong meisies op hom verlief gemaak, en hulle dan in die steek gelaat (358, 372). Die groot verlange, wat Eugéne dikwels in poësie uitgedruk het, het hom egter nooit verlaat nie.

In ‘n wanhopige poging om lewenshoop en –regverdiging te vind, werk Eugéne volgens Rousseau, naarstiglik om sy boek *Siel van die aap* te voltooi (415, 441). Om die pas vol te hou, verhoog Eugéne weer die morfiendosisse (vergelyk die kompulsiewe drang om te skryf – 3.3.6). ‘n Mens kom agter hoe smartvol sy lewe was wanneer hy skryf:

“*In die laaste tyd is ek in ‘n nag van neerslagtigheid en senuagtigheid gedompel, met toenemende slapeloosheid”.*

(Du Toit,1940:259).

Marais se hoop op ‘n beter toekoms het verdwyn en die lewe het doelloos geword. Hy het geglo: *“Ek was eenvoudig nie bedoel om gelukkig te wees nie.”* In die gedig *Home* toon Marais sy verlange na die stilte van die natuur:

“*I know the place; - Just where the river starts to race.....*

*There let me sleep where all the wild things peer and peep with silent footfalls round my cairn of stones.”*

(Du Toit,1940:135-136).

Du Toit noem dat Marais in een van die seldsame tye van verligting en vermeerdering van arbeidsvermoë, *Die Siel van die Mier* voltooi het (262). Hy was egter nooit in staat om lank aaneen te werk sonder nadelige fisiese en psigiese gevolge nie. In die laaste lewensjare beskryf Marais in sy gedig *Let me not die* sy verlange om in die natuur tot ruste te kom:

“*Dear God, let me not die before I reach the hills I love.....Here in this throng I could not rest, I always loved the wild things best”.*

(Du Toit,1940:134).

Du Toit wys daarop dat Marais nie in sy lewe die eer ontvang het wat hom as digter en skrywer toegekom het nie, omdat hy altyd die eensaamheid bó die gedrang van mense verkies het

(127). Die navorser meen dat Marais met sy sensitiewe gees alles só diep ervaar het dat smart en ander treurige gebeurtenisse sy psigologiese balans maklik omver sou kon gooi. Du Toit noem ‘n voorbeeld van Eugéne se geneigdheid tot intense emosie – sy hartseer oor die dood van ‘n vyfjarige dogtertjie ná ‘n weeklange lyding, was byna soos die smart van ‘n vader:

“*Vaarwel Marie! Ek weet dit nie tot wie se groot genoeë dit kon strek jou rein onskuld op die vreeslik’ pynbank uit te rek.....*

*Vaarwel Marie!.... Een ding weet ek gewis: voortaan sal niemand jou meer pynig nie.”*

Later het Eugéne by sy intieme vriend Gustav Preller ingewoon op die plaas Pelindaba naby Pretoria (Cloete, 19cf:1). Toe Preller eendag sê dat die lewe ‘n mosaïek van herinneringe is, het Marais geantwoord: *“Vir my ongelukkig meesal pynvol as ek my bewussyn ooit toelaat om in die donker stroom in te duik”.* (Du Toit,1940:258). Marais het die lokstem van die dood meer en meer as noodlot beskou en skryf in *Die Swarte* Dood die volgende:

“*Dit help jou nie hoe jy stoot, my ros ontsnap geen ruiter.*

*Ek is die snelle Swart Dood. Ek agterhaal die snelste boot, en ook die snelle ruiter.”*

Vir Du Toit lyk die laaste veertig jaar van Marais se lewe asof dit gekenmerk was deur ‘n hewige eb en vloed. Die outeur reken dat die verlange na die dood duidelik na vore kom in die weemoedige slot van die gedig *Death:*

“*Fallen silent are the Four Winds of Heaven; No firely weaves its mystic bars,*

*There is no welcome whispering of leaves and there are no more stars.”*

(Du Toit,1940:134).

Afgetakel deur morfienverslawing en die sinloosheid van die lewe, begeer Eugéne die dood. Op vyf-en-sestig jaar skiet hy homself met ‘n geleende haelgeweer (Rousseau, 1979:514).

Du Toit (1940:260, 262-264) is verwonderd dat Marais, ten spyte van kwaai beperkende faktore, nóg tot sulke voortreflike poësie in staat was. Marais se skoonste uitinge was uit die diepste lewenstragedie gebore en daarom moet die egtheid daarvan hoog geskat word. Die outeur glo níe dat die aanvalle van malaria in die Waterberge Eugéne se liggaamskragte só erg aangetas

het dat sy energie vernietig is nie. Nog minder dink Du Toit dat die liefde vir sy afgestorwe vrou die oorsaak was vir sy wegtrede uit die wêreld. Die outeur meen dit was eerder Marais se sinisme, bedruktheid en verlange na verlossing uit die tamheid van sy lewensbestaan, wat sy werk en konsentrasie baie bemoeilik het. Die navorser is geneig om met Du Toit saam te stem want Marais het na sy vrou se dood wél weer in vrouens belangestel.

#### 3.4.2.1.1 Slotsom

In die lig van die bogenoemde bespreking maak die navorser vanuit die invalshoek van die Christelike geloof die volgende interpretasie ten opsigte van die verhouding tussen wat beleef is as ouerverwerping en pogings om dit deur middel van uitlewing van kreatiwiteit te verwerk:.

Miskien sou ‘n vader met wie hy op ‘n goeie kommunikasievlak was en in wie hy vertroue gehad het, vir Marais ‘n toevlugsoord gewees het tydens die afsterwe van sy vrou, iemand met wie hy man teenoor man kon gepraat het oor sy verdriet. Hy het egter nooit woede teenoor sy vader in sy skrywe geuiter nie. Nét die hartseer en verlange het oorgebly, asook ‘n somtydse bitterheid en sinisme. Laasgenoemde is nooit direk tot God gerig nie, maar die afwesigheid van ‘n soeke na God vir vertroosting is opmerklik. Met sy introvertiese geaardheid het Marais eerder mense vermy en afsondering in die natuur gesoek. Sonder God het die swaar wolke van weemoed, swaarmoedigheid en verlies oor sy lewe bly hang.

Eugéne Marais is ‘n voorbeeld van ‘n kreatiewe indiwidu wat vrugteloos in sy gedigte hartseer, pyn en verlange en selfs skuld ontlaai het, maar dit net veel érger ervaar het omdat dit glad nie Godgerig was nie. Hy het ook glad nie produktief gerou sodat ontkoppeling van al die seer kon plaasvind nie.

Eugene het só naby aan die natuur gewerk en gelewe, maar sy bitterheid het hom verblind vir God se natuurwonders, asook sy sorg vir die natuur. Hy het dikwels net die hardheid raakgesien. Sy oë het miskien nie meer ‘n asemrowende sonsondergang waargeneem nie en sy ore was dalk soms doof vir die vrolike voëlgesang. Met sy fyn waarneming en sensitiewe aanvoeling, sou hy die natuur deur **God** se oë en met die Gees van God in hom, soveel beter en vreugdevoller kon beskryf het.

‘n Goeie verhouding met ‘n vader sou in Eugéne se lewe meer rigting en stabiliteit verskaf het, maar daarsonder het hy soekend gebly. Indien hy in die **Hemelse** Vader geborgenheid kon gekry het, sou sy lewe waarskynlik heeltemal anders verloop het. Dit was onwaar dat geluk nie

vir hom bedoel was nie, want in Jeremia 29:11 kom die Here se versekering dat Hy vir elke mens voorspoed en nie teëspoed begeer nie. Marais kon die hoop wat in Jesus Christus te vinde is uit sy poësie laat straal het, ten spyte van die smart en swaarkry. Dan sou lesers opheffing en bemoediging verkry het uit die gedigte wat smart geuiter het. Dit was immers God se bedoeling met sy talent dat dit vir sy medemens soms genotvol en op ander tye, opheffend sou wees

**3.4.2.2 D.H. Lawrence (1885-1930)**

David Herbert Lawrence, roman- en kortverhaalskrywer en digter, het bekendheid verwerf met die skrywe van die omstrede boeke, *Lady Chatterly's Lover* en *Sons and Lovers*.

Lawrence is in 1885 in 'n Engelse myndorpie gebore as die jongste van drie seuns. Sy vader Arthur, verweer deur die lewe in die myn, was met sy slordige gewoontes 'n ellendige figuur in sy kinders se oë (Delavenay, 1992:4-5). Die outeur sê dat die twiste en die mishandeling van die moeder die kinders met vrees en haat vir hulle vader vervul het. Spoedig het hulle Arthur verag en uitgesluit. Die moeder se invloed is in Lawrence se lewe versterk deur sy vader se optrede (8). In Lawrence se vormingsjare was sy vader se invloed negatief óf nie-bestaande. Die emosioneel en fisies-afwesige vader is naderhand as 'n vreemdeling in die huis beskou (Moore, 1974:45; Delavenay, 1972:6).

Moore (1974:12) meen dat Lawrence se moeder die kinders teen hulle vader laat draai het. Die outeur noem dat Lawrence later in 'n boek erken het dat hy sy vader 'n onreg aangedoen het – hy het besef dat pa Arthur 'n smaak vir die lewe gehad het en dat sy moeder met haar militante, selfgeregtige martelaarskap, sy vader én die kinders benadeel het. Omdat ma Lydia van haar man vervreem was, het sy 'n hartstogtelike behoefte vir geestelike kontak met haar kinders gehad (Delavenoy, 1972:6). Die outeur wys daarop dat die moeder, teleurgesteld in haar huwelik, ál haar gefrustreerde hoop en ambisies na haar seuns verplaas het (34). Sy wou hulle intellektueel ontwikkel, en **deur** hulle lewe. By Lawrence het hierdie verskeurdheid tussen die ouers 'n dualistiese persoonlikheidsopvatting laat ontstaan. Die vader en moeder was twee aantrekkingspole tot wie hy alternatiewelik aangetrokke was – die vader se brutaliteit van instinktiewe lewe, die moeder 'n simbool van verstandstryd en triomf oor instink.

In Lawrence se outobiografie *Sons and Lovers* van 1913 én in een van sy gedigte, *Discord in Childhood*, het hy die voortdurende stryd tussen sy ouers beskryf, asook die stryery wat die

kinders saans kon hoor (Moore, 1974:7, 17). Die littekens van hierdie ervaringe is dwarsdeur sy skrywe duidelik:

"*Then he heard the booming shouts of his father, come home nearly drunk,*

*then the bang, bang of his father's fist on the table, and the nasty snarling shout.*

*The children lay in suspense, waiting for a hull in the wind to hear what their father was doing.*

*He might hit their mother again ...*

*They lay with hearts in the grip of an intense anguish."*

(Delavenay, 1972:8).

Die potensiële uitwerking van sulke tonele op die ontwikkeling van 'n oor-sensitiewe kind, is moeilik denkbaar.

Voorts voer Delavenay aan dat Lawrence 'n ongewensde kind was. Al wou sy moeder ná sy siekte as baba hom met liefde vergoed, het Lawrence volgens Moore (1974:12-13), eers later die middelpunt van haar lewe geword. Moore sê Lawrence was 'n saggeaarde, minsame kind wat meesal naby sy moeder grootgemaak is en nie gewoond was aan seunsgeselskap nie. Delavenay (1972:10) meen dat sy wegbeurende houding dalk 'n onbewustelike skakel was met sy vader se brutaliteit en die onverskilligheid van die buitewêreld. Fantasering was Lawrence se geliefkoosde speletjie want hy het blykbaar vroeg al sy opvallende gawe van vindingrykheid ontwikkel. Voorts sê Delavenay dat die poëtiese drang na 'n beter wêreld kragtig op sy kinderverbeelding ingewerk het, en reeds in sy gedigte tot uiting gekom het (13). Dít het die neiging versterk om van die lelike werklikheid te ontsnap na wêrelde van sy eie maaksel, wat die geheime verlangens van sy siel kon bevredig.

As tengerige kind het Lawrence vroeg reeds wreedheid by die skool teëgekom. Die rowwe seuns het hom as verwyfd uitgekryt, op hom gepik en hy kon homself nie, soos sy broers, verdedig nie (Moore, 1974:25). Ten spyte van die woede en vernedering het Lawrence egter geleer het om homself deur die skerpheid van sy tong te verdedig – een van die talente wat hom bó die massa laat uitstaan het (vergelyk ook Fleming in 3.4.2.3). Bradshaw (1990:36-37) wys daarop dat een van die eienskappe van 'n verwonde binnekind **veerkragtigheid** is – die

vermoë om terug te spring ná ontsteltenis as gevolg van die omgewing. Verwant aan veerkragtigheid is **gedragsbuigbaarheid** wat 'n kind toelaat om gedragswyses te leer in reaksie op enige sosiale patroon waaraan hy / sy blootgestel word. Bradshaw betreur dit dat die gewonde binnekind die veerkragtige energie gebruik om te oorleef in plaas van vir groei en selfverwesenliking. (Vergelyk ook Fleming in 3.4.2.3).

Die intelligente en hardwerkende ouer broer, Ernest, het ál ma Lydia se bewondering, asook liefde besit en is aan die kinders voorgehou as 'n voorbeeld (Delavenay, 1972:7). Lawrence, sewe jaar jonger as sy broer, moes altyd met hierdie briljante, energieke broer meeding – op skool waar Ernest se akademiese prestasies onthou is en tuis as kandidaat vir sy moeder se liefde. Onnodige stres is op Lawrence geplaas om Ernest se skolastiese prestasies te ewenaar (Moore,1974:25). Die outeur noem dat Lawrence se moeder ná Ernest se dood erg getreur het, maar toe die 17 jarige Lawrence byna sterf aan longontsteking, het sy besluit om hom lewenslank lief te hê – 'n vernietigende liefde (41-42). Bradshaw (1990:18) voer aan dat 'n sterk selfgevoel duidelike grense ontwikkel wat sê wanneer gevoelens sy / haar eie is óf waar 'n ander een s'n begin en waarsku wanneer 'n ander een té naby is óf onbehoorlik op die persoon aanspraak maak. Só 'n sterk selfgevoel het nooit by Lawrence ontwikkel nie. 'n Onnatuurlike band het tussen hom en sy moeder ontstaan wat sy toekomstige verhoudings met vrouens sou benadeel. Met haar puriteinse moraliteit het sy hom ook altyd teen seksualiteit gewaarsku.

Alhoewel Lawrence alreeds vroeg geskryf het, het hy eintlik eers op 18 jaar besef wat sy talent was. Sillitoe (1973:43) reken dat 'n skrywer deur middel van sy romans ontslae raak van 'n geruïneerde jeug. Nadat Lawrence weg is van sy geboorteplek, het sy jeug nog net in sy skrywe bestaan. As dit diep genoeg begrawe was, sou dit hom nie meer gepynig het nie. Sillitoe sê egter dat Lawrence se afkeur van die Nottinghamshire distrik met die jare vererger het en sy beheptheid daarmee in stories, toegeneem het. Dit bewys vir die navorser dat die seer en onaangenaamhede van die verlede, oënskynlik in romans geëksternaliseer is, sonder dat losmaking en genesing daarvan plaasgevind het.

Lawrence en sy broers moes gereeld twee Sondagdienste, asook 'n Sondagskoolklas bywoon (Delavenay, 1972:11-13). Volgens Delavenay het Lawrence beweer dat hy sy Christelike geloof op 16 jaar verloor het en homself as 'n agnostikus beskryf. Dit lyk vir die outeur meer waarskynlik dat sy godsdienstige krisis vanaf sy studentedae dateer. Carey (1973:129,131) beaam dat Lawrence in jong volwassenheid sy eie soort godsdiens begin uitwerk het. Hy het

nie met Christus se “uitgediende” leringe omtrent naasteliefde saamgestem nie en “nuwe gode” van bloed en menslike offers aangekondig wat die “swak” Jesus moes uitdrywe (131).

Delavenay noem dat Lawrence later die vroeë Griekse filosofie begin lees het (268). Hieroor skryf hy as volg:

“*These early Greeks have clarified my soul.*

*I must drop all about God....I am rid of my Christian religiosity.”*

Verder beweer Delavenay dat Lawrence ná 1919 die aantrekkingskrag van die okkulte gevoel het en die Calvinisme, waarin hy kleintyd ingedompel was, finaal verwerp het (502). Dit is vir die navorser duidelik dat die soeke na vastigheid, Lawrence van die een “godsdiens” na die ander laat gryp het, maar geeneen het vir hom vrede en vervulling gebring nie.

Op een-en-twintig jaar het Lawrence gesukkel met obsessiewe emosionele probleme wat in sy letterkunde uitdrukking gesoek het (Delavenay, 1973:37). Die outeur konstateer dat die probleme van ‘n laat en verlengde puberteitsperiode, versterk is deur die konflik tussen sy opvoeding en sy groeiende seksualiteit (43). Die term moederfiksasie of Oedipuskompleks kan aan Lawrence toegeskryf word. Ook hierdie tema is dikwels in Lawrence se skrywe uitgewerk, veral in sy boek *Sons and Lovers* wat die moeder-seun verhouding beklemtoon (Moore, 1974:7). Ná hierdie boek het Lawrence nog altyd karakters geskep wat nie die wêreld van mans kon kies óf eenvoudige, gebalanseerde verhoudings kon vorm nie, maar dikwels na ‘n mistiese paradys gevlug of ontsnap het (Delavenay, 1972:518).

Lawrence se jarelange vriendskap met Jessie Chambers het ongesiens in liefde verander (Delavenay, 1972:23). Die konflik tussen liefde en sy toewyding aan sy moeder, was sterk en sou selfs ná haar dood kop uitsteek, asook in sy latere huwelik. Sy moeder se kwaai vermanings oor seksualiteit het Lawrence van aanraking laat terugdeins en hy was bang om Jessie soos ‘n man te begeer (44-46). Hy het selfs gewens dat sy liewer ‘n man was – soos haar broer Allen tot wie hy aangetrokke was. Hierdie wanaanpassing tussen aspirasies en optrede, het ‘n onbreekbare gewoonte geword. Delavenay meen dat Lawrence se keuse om by die nuwe omstandighede aan te pas, en sodoende sy karakter te omskep, uitgebly het.

Delavenay wys daarop dat die stryd in Lawrence tussen fisiese aantrekking en geestelike liefde in sy skrywe uiting gevind het (52). In sy roman *The White Peacock* het Lawrence sy eie

probleme aan die hoofkarakter George Saxton toegesê. Laasgenoemde kon óók nie tussen twee vroue kies nie – een verteenwoordigend van 'n diep liefde; die ander een net fisiese aantrekking. Moore (1974:13) verwys na Lawrence se latere liefdesverhouding met Louie Burrows, 'n medestudent. Ná sy moeder se dood het hy Louie wél gevra om met hom te trou om sodoende die juk van sy moeder se oorheersing af te skud (Delavenay(1972:52). In die drie gedigte oor sy moeder wat in *Amores* verskyn, sê Lawrence dat hy altyd sy moeder soos 'n minnaar liefgehad het en nie 'n vrou kon bemin nie. Vir Delavenay lyk dit asof Lawrence nuut wou begin, maar sy moeder se liefde het hom bly agtervolg soos uit die volgende woorde blyk:

"*A hoarse, insistent request that falls unweariedly, unweariedly,*

*asking something more of me, yet more of me."*

(Delavenay, 1972:79).

Moore (1974:148,153) vertel dat Lawrence op 'n getroude vrou, Frieda Weekley, verlief geraak het, vir twee jaar met haar saamgebly het en verklaar het dat hy "herbore" is want sy moeder sou sy liefde vir Frieda teëgegaan het. Hulle is in April 1914 getroud, maar teen die einde van Junie het 'n wanklank in die huwelik ingekruip. Lawrence het ontdek: *"The real tragedy is in the inner war which is raged between people who love each other; a war out of which comes knowledge and......?"* Hy erken ook dat hy nie vry was om homself algeheel aan sy geliefde te gee nie:

"*The night was a failure. I could not be free, not free myself from the past, and those others –"*

(Delavenay, 1972:148).

Bradshaw (1990:18) verklaar dat dit onmoontlik is om intiem te wees sonder 'n gewaarwording van die self. Volgens Delavenay het Lawrence dikwels sy liefde vir Frieda ontken en haar soms gehaat as gevolg van sy afhanklikheid van haar (149-150). Bradshaw (1990:8-9) sê dat mede-afhanklikheid 'n verlies aan identiteit toon en 'n aanduiding is dat die persoon uit voeling is met sy / haar gevoelens, behoeftes en begeertes. Delavenay voeg by dat dit vir 'n psigies-onstabiele persoon maklik sou wees om "spoke" tussen hom en sy begeerte te laat kom. Karakterverskille, wedersydse jaloesie en opgekropte woede het tydens rusies ontplof. Al hét hulle gedurig baklei, wou Lawrence nie sonder haar wees nie. Hy skryf:

"*The conflict of love and hate goes on between the man and the woman and between these two and the world around them till it reaches some sort of conclusion"*

(Delavenay,1972:159).

Delavenay (1972:219) en Lucas (1973:138-142) verwys albei na die liefde-haat siklus waarin die huwelik vasgevang was – aanhoudende rusies en uitbarstings, asook hartstogtelike versoenings. Nadat Lawrence homself van sy moeder se invloed bevry het, het hy sy vader se tragedie verstaan. Sy opstand teen sy moeder het 'n begeerte vir wraak én 'n vasbeslotenheid laat posvat om nooit sélf soos sy vader verneder en vernietig te word nie. In sy boek *Aaron's Rod* kla Lawrence dat Frieda hom weerstaan en sy manlike gesag opponeer (Lucas, 1973:182). Aaron verteenwoordig Lawrence se eie poging om die liefdesjuk te ontsnap en sy manlike opperheerskappy te bevestig. Lawrence verwoord dit as volg:

"*The illusion of love was gone for ever. Love was a battle in which each party strove for the mastery of the other's soul....*

*Whether the woman yielded or not, he would keep the mastery.....".*

Lucas wys daarop dat Lawrence se diktatoriale idees van die huwelik 'n uiterste vorm bereik het weens 'n gevoel van superioriteit óf meer waarskynlik, van swakheid (197-198). Frieda wou nie toegee tot algehele oorgawe van haar eie individualiteit nie en die huwelik was op die punt van ineenstorting.

In Lawrence se boek *The Plumed Serpent* het die "tengerige seun" in hom volgens Moore (1974:62), psigologies gewens vir die vervulling van krag en gekompenseer deur identifikasie met die sterk man in die boek, Don Ramón, (vergelyk ook Fleming se fantasering deur die James Bond karakter in 3.4.2.2, asook die skepping van 'n dubbelganger in 2.9.5). Dit lyk vir Delavenay (1972:208) asof Lawrence teen Julie 1914 op die golf van sy vroeë sukses met *Sons and Lovers* gery het. Die opwaartse neiging van sy loopbaan het tot 'n mate sy innerlike konflikte, die diep dualisme van sy geaardheid en sy sosiale wanaanpassing, bedek. Die outeur reken dat hierdie biografie níe die spoke van die verlede besweer het nie, maar net sy wonde verdiep het (496-497). Lawrence het die hoofkarakter, Paul Morel, wat alles van sy eie verlede verteenwoordig het, verafsku. Daarom het die boek nooit die suiwerende uitwerking van 'n ware analise gehad óf 'n selfopenbaring wat Lawrence met 'n "dooie" self kon laat versoen nie.

Teen die einde van 1915 het Lawrence se tragiese isolasie duideliker geword want manlike geselskap was moeilik bekombaar (Delavenay, 1972:277,279). Bewus van sy sosiale vervreemding en verwond deur die mislukking van baie vriendskappe, asook sy huwelik met Frieda, het Lawrence toevlug gesoek in plaasarbeid en in warm, menslike kontak met eenvoudige, eerlike mense. Hierdie houding was in skrille kontras met sy vroeëre verkleinering van die boere of plattelanders (Spender, 1973:129).

Delavenay (1972:208) glo dat Lawrence se byna kompulsiewe onvermoë om enige menslike verhouding te behou, sy sosiale wanaanpassing getoon het. Lawrence se houding teenoor liefde en Frieda het oënskynlik verander sodat hy geleidelik meer met homoseksualiteit behep geraak het (222). Lawrence wou Frieda in 1919 vir goed verlaat, maar het nie (225). Toe sy in 1923 sonder hom na Duitsland vertrek, het dit gelyk asof hy nie omgee nie. Lucas (1973:143) beweer dat Lawrence sy vriende en kennisse in versluierde vorms in sy boeke begin gebruik het. Laasgenoemde outeur noem ook dat Lawrence in die kortverhaal *The Border Line* homself verhef het tot die gestalte van 'n superman (201-202). Eintlik wou hy wraak neem op Murry, sy mededinger, en het laasgenoemde in die verhaal uiters onvleiend uitgebeeld.

Delavenay (1972:522) verduidelik dat kuns vir Lawrence die ontvlugtingsroete was om die verantwoordelikhede van stabiele verhoudings te ontsnap. Delavenay wys daarop dat die klem in *The Rainbow*, sowel as in *Women in Love* níe op die **triomf** van liefde was nie, maar eerder, soos in *Sons and Lovers*, op die **mislukking** van fisiese verhoudings in liefde (497).

Ná Lawrence se griepaanval het hy moeg gebly en aanhoudend gehoes (Moore, 1974:416). Sy humeur was matiger, maar sy tong was nog soms skerp. Die outeur reken dat Lawrence se opvlieëndheid en opgewondenheid oor die publikasie van *Lady Chatterly's Lover* 'n onbewustelike beskermingspoging was teen die bekruipende tering (450-451). Sy humeur het dikwels vreemdelinge geskok en sy vriende se geduld beproef. Sy woede het meesal in elke skrywe tot uiting gekom. Vir Bradshaw (1990:xiii) is woedeuitbarstings in volwassenheid eerder deel van die immer-wegkruipende gewonde binnekind se gedrag. Ongelukkig is sy woede na onskuldige mense verplaas, dikwels diegene wat die naaste aan hom was.

Lawrence het gekla dat hy nie net 'n seer keel en bors het nie, maar ook 'n seer siel (Moore, 1974:465). Toe hy in Florence siek word, het Frieda na hom gekom en hy het 'n tydlank herstel (474). Die geneesheer het egter terminale tering in albei longe gediagnoseer (502-503). Volgens Moore was Lawrence geïrriteerd en het soms vir Frieda weggejaag, maar haar daarna

weer teruggeroep. Hy weier opname in ‘n sanatorium en versoek dat Frieda in die villa Robermond in Vence, Frankryk, by hom bly. Hier sterf hy in 1930.

Delavenay (1972:470,496) toon dat Lawrence se behoefte altyd was om sy eie geaardheid te **regverdig** en hy het voortdurend na ‘n oplossing gesoek vir die verhoudingsprobleme tussen die self en ander – in liefde, vriendskap en literêre uitdrukking (496). Lawrence het bly glo dat sy konflik ‘n simptoom was van ‘n veralgemeende moderne siekte waarvoor hý ‘n geneesmiddel moes vind. Hand aan hand met die kreatiewe mens, was die man wat: gely het; gevoel het dat hy die slagoffer was van ‘n diepgesetelde persoonlikheidsversteuring; gereken het dat hy homself moes regverdig en verstaan.

Volgens Delavenay (1972:502) was Lawrence se vertrekpunt as digter, romanskrywer of filosoof, die feite van sy eie ervaring en ‘n integrering van hierdie feite. Wanneer hy die dade van sy karakters beskryf het, het hy altyd uitsluitlik verwys na tonele van sy eie lewe wat in sy geheue ingegraveer was óf na opeenvolgende interpretasies van hierdie tonele. Die navorser merk op dat die seer in Lawrence se siel in sy skrywes geuiter is, maar dat hy nooit daaroor gerou het nie en nooit werklik kon insien dat sy psigiese ontwikkeling oorheers is deur die invloede van sy familiale omgewing nie.

Woede het sy genesing geblokkeer soos te siene is in die lewens van die ander kreatiewe indiwidue wat nagevors is (vergelyk ook 3.3.6 oor rou in die kreatiewe proses). Sy uitdagende houding kom ook tot uiting in die volgende woorde:

“*It is a fearful thing to fall into the hands of the living God.*

*But it is a much more fearful thing to fall out of them......*

*You tell me I am wrong. Who are you, who is anybody* to *tell me I am wrong? I am not wrong.”* (Alvarez, 1973:220).

#### 3.4.2.2.1 Slotsom

In die lig van die bogenoemde bespreking maak die navorser die volgende interpretasie vanuit die invalshoek van die Christelike geloof ten opsigte van die verhouding tussen wat beleef is as ouerverwerping en pogings om dit deur middel van uitlewing van kreatiwiteit te verwerk.

Heling deur mensgerigte kreatiwiteit het nooit vir Lawrence gekom nie en die impak van sy kinderjare is níe deur die openbaring of uitstorting van die emosies uitgewis nie. Lawrence het nooit besef dat hy eintlik homsélf deur sy karakters uitbeeld nie. Hy het ook net gedeeltelike insig in sy probleem met sy oorbesitlike moeder gekry en nooit ingesien óf erken dat sy moeder hom eintlik verwerp het en hom later uit skuldbesef, asook as kompensasie ná sy broer se dood, aanvaar het nie.

Deur kreatiwiteit, verhoudings met mans en vrouens, asook ‘n huwelik, het Lawrence homself probeer genees sodat hy vir ánder die geheim van genesing kon leer. Hoe ironies was sy lewe nie, hoe jammerlik het hy nie in sy voornemens gefaal nie. Jesus Christus sou volkome bevryding van alle bande gebring het en sy seer siel genees het. Omdat God die bron van liefde is, sou Lawrence deur Hom die wáre betekenis van liefde ontdek het wat hom in staat sou stel het om op ‘n gesonde manier heelhartig te bemin. Hy sou ook die ware betekenis van die huwelik ontdek het soos Paulus dit in Efesiërs 5:21-31 en Kolossense 3:18-19 uiteengesit het.

Lawrence het egter vroeg in sy lewe gekies om God te verwerp en eiewillig te lewe. Die ironie is dat Lawrence blykbaar nie die waarheid van sy woorde besef het nie, naamlik dat **uitval** uit God se hande vreeslik is. Sy “seer siel” en lewe van toenemende eensaamheid, asook verydeling in alle menslike verhoudings, toon iemand wat alreeds by die punt van verwydering van God gekom het. Lawrence het wél later vir sy vader begrip gekry, maar belydenis en berou voor God oor sy oneerbiedige optrede teenoor sy vader, sou vir hom bevrydend en suiwerend gewees het. Vergifnis teenoor sy moeder, selfs ná haar dood, sou die ontwikkeling van wraakgedagtes verhinder het.

God het vir Lawrence ‘n wonderlike talent gegee wat hy gebruik het vir selfheling, wraak op ander en seermaak van mense – ‘n onvergeeflike wangebruik van ‘n Godgegewe gawe wat eerstens die Gewer moes eer en verheerlik; tweedens ander mense moes dien, ophef en vir hulle genot verskaf.

Sy ontvlugting na “sterk” figure moes kompenseer vir gevoelens van minderwaardigheid en lae selfwaarde. Ontsnapping uit die werklikheid na ‘n fantasie van krag was egter onnodig. Met ‘n identiteit in Jesus Christus, sou Lawrence bekwaam, waardevol, bemagtig en belangrik gevoel het – vry om sy talente ten volle volgens God se wil te gebruik en te ontwikkel en om lof aan Hom te bring deur elke kunsproduk.

#### 3.4.2.3 Ian Fleming (1908-1964)

Vir Ian Fleming was die filmheld wat hy geskep het, James Bond, ‘n wensvervullende fantasie van wat hy sélf wou gewees het.

Ian se vader, wat in 1917 voor sy negende verjaarsdag in die Eerste Wêreldoorlog dood is, is tuis as ‘n held voorgehou (Storr, 1993:24-25, 27). Die outeur sê Ian se moeder was koud, outokraties, gedug en eiesinnig en as gevolg van haar het hy blywende betrokkenheid met vrouens vermy. Sy verhoudings met hulle was gekenmerk deur magsvertoon – verowerings of bewyse van sy manlikheid. Ian se moeder het sy ouer broer, Peter, se deugde oorbeklemtoon en sy foute vergeet en bedek. Druce (1992:48) betreur dit dat Ian gedwing was om in die skadu van sy briljante broer te lewe.

Voorts noem Druce dat Peter op Eton die pryswenner en leier was terwyl Ian nie ‘n uitstaande student was nie. Hy kon homself net laat geld deur sy geestigheid en windmakerige gedrag. In atletiek het Ian sy broer egter oortref wat tot ‘n mate gekompenseer het vir sy gebrek aan skolastiese prestasie. Sy eerste novelle in 1952 verwys na die mededinging en sy behoefte om op sy eie gebied te slaag. Laasgenoemde was onskeibaar van sy heldeaanbidding van sy broer en die novelle toon dat hy dié emosies na 30 jaar nie ontgroei het nie.

Volgens Druce het Ian behalwe op sportgebied, nie baie gewerk nie. Sy moeder het gedink dat hy op 16 jaar in die Leërklas geplaas moes word, maar dáár het hy die reëls gedurig verbreek en is later stilletjies uit Eton geskors. By die Koninklike Militêre Kollege het Ian gedurig grense oorskry (Druce, 1992:49-51). By ‘n instansie in Kitzbüchel het die egpaar Dennis vir hom werk gekry. Forbes Dennis het Ian as wrewelrig, arrogant en buierig beskryf. Dit was asof Ian homself nooit ‘n kans gegee het nie, en geen werkbare lewensoogmerk gehad het nie. Verder was hy rebels, erg gefrustreerd deur die pogings om met sy onoortreflike broer mee te ding en vasgevang tussen sy brandende ambisie, asook aanhoudende teleurstelling. Druce voer aan dat Ian in die voorbereidingsklas al buierig was, dwarsdeur sy lewe aan tye van depressie gely het en gewoonlik in ‘n bui van selfkastyding was wat hom aan allerhande waaghalsige sport laat deelneem het (51). Deur die skepping van die James Bond-karakter het Ian sy eie roekelose lewenstyl en seksualiteit herroep. In persoonlike verhoudings was hy genadeloos en in seks immoreel – sy minnaresse is ongeërg behandel, en is vervang wanneer hulle hom verveel het (vergelyk ook Picasso in 3.4.3.2).

Bennett en Woollacott (1987:128) beskou Ian se novelles as ‘n uitdrukking van sy eie onopgeloste infantiele psigodrama, sy vyandigheid teenoor sy vader, sy veragtende houdings teenoor vrouens en sy voorkeur vir manlike metgeselle. Al kon Ian, volgens hom, nie sy vader herroep nie, was die vyandigheid teenoor hom dalk as gevolg van woede oor sy vroeë afsterwe. Dit kon veroorsaak het dat die vader as ‘n “slegte” voorwerp in sy herinnering bly vassteek het óf die voorhou van die vader as ‘n held. Storr (1993:29) meen dat onbevredigde behoeftes Ian altyd na die verlangende konstruksies van sy fantasielewe laat wegdraai het. Fantasie is ‘n volwasse verdedigingsmeganisme wat pyn en angs verlig, asook pseudo-afhanklikheid en selfgenoegsaamheid verskaf (Pieterse, 2006:51).

Toe Ian se hoop vir ‘n werk in die Buitelandse kantoor en Diplomatieke Diens in 1931 faal, moes hy op aandrang van sy moeder, sy verlowing verbreek en by haar gaan bly (Druce, 1992:51). Daarna het hy vrouens nog meer genadeloos behandel, die leefstyl van ‘n Don Juan bly handhaaf en eers op drie-en-veertig jaar met ‘n ouer vrou getrou. Ian was ook nie as ‘n bankier en makelaar suksesvol nie en het in gebreke gebly om die persoonlike fortuin te maak waarvoor hy gehoop het.

Storr (1993:38) erken dat literêre pogings soos Fleming s’n, tot ‘n mate ‘n terapeutiese en helende funksie gehad het, naamlik die voorsiening van ‘n geleentheid vir stoomafblaas; bevryding van die psige van impulse wat in die gewone sin nie uitdrukking kon vind nie en kompensasie vir die teleurstellings van die werklikheid. Hier verskil die navorser van Storr op grond van die interpretasie wat in 2.9.6 aangebied is ten opsigte van die helende waarde van ontlading van emosies deur middel van die uitdrukking daarvan deur kreatiwiteit. In Fleming se geval was dit veral in die ruimte van fantasie. Daar is aangetoon dat ontlading van emosies níe noodwendig vir die kreatiewe indiwidu ‘n oplossing is nie, maar eerder ‘n oorgewig van nadelige uitwerkings mag hê. Fantasie is ook soos dwelms – ‘n ontsnapper of kompenseerder wat tydelike verligting en euforie bring. Wanneer die effek afneem, is die wrede werklikheid nog méér ontstellend, en die drang na verdere “inname” versterk (kreatiewe produksie) – ‘n selfverydelende kringloop. Dit sou na die mening van die navorser vir Fleming beter gewees het om soos George Eliot, Tolstoy en Proust, die *werklike* lewe uit te beeld en *ontvlugting* te vermy het. Sodoende sou hy dalk sin daaruit gemaak het.

#### 3.4.2.3.1 Slotsom

In die lig van die bogenoemde bespreking maak die navorser vanuit die invalshoek van die Christelike geloof die volgende interpretasie ten opsigte van die verhouding tussen wat beleef is as ouerverwerping en pogings om dit deur middel van uitlewing van kreatiwiteit te verwerk:

Deur ontvlugting in die karakter van James Bond, het Ian gekompenseer vir sy eie tekortkominge en selfs bekendheid verwerf, maar nooit werklik innerlike heel geword nie. Hy het nooit besef dat **God** hom as eiesoortig beskou het nie. Net Jesus Christus sou Ian se pyn en angs kon verlig, hom vervulling gee en toerus met ʻn nuwe identiteit. Laasgenoemde sou hom in staat gestel het om homself en sy prestasies van sy broer af te skei sodat hy die lewe kon aanpak met ʻn ywer, selfvertroue en innerlike vrede.

Seer, teleurstellings, mislukkings, vernederings en onvervuldhede kan net met *direkte konfrontasie* hanteer en geheel word.

Oral in die Nuwe Testament is mense se onopgeloste probleme **uitgewys** sodat hulle daarmee kon deel: die Samaritaanse vrou by die put (Joh. 4:1-42); die owerspelige vrou (Joh. 8:3-11); die ryk jongman (Matt. 19:16-22); Saggeus (Luk. 19:1-9) en Paulus in Handelinge 9:1-6. Selfs Jakob moes in Genesis 32: 24- 28: ---in sy worsteling met die Engel, sy bedrieëry erken. Dawid se sonde is in 2 Samuel 12:1-14 uitgewys en hy moes dit in die gesig staar. Met ontvlugting bly̋ gevoelens innerlik smeul en verdwyn nié. Sonder die rouproses vind innerlike groei nie plaas nie en innerlike gekneldhede bly voortbestaan.

### 3.4.2.4 Robert Lowell (1917-1977)

Robert Lowell se ware grootheid as Amerikaanse digter lê in die verstommende verskeidenheid van sy werk want later in sy lewe het hy ook die skryf van drama suksesvol aangepak.

Lowell het teen die einde van sy lewe erken dat hy van die begin af, selfs as énigste kind gebore uit ʻn liefdelose huwelik, ongewens was. Hierdie feit het diep seergemaak (Mariani, 1994:27-28). Hy moes van kleinsaf sy moeder se vervreemding aangevoel het, selfs vóórdat sy later aan hom beken het dat sy haar swangerskap betreur en verwens het, en daagliks begeer het om te sterf. Sy het Robert se vader, Bob, nie liefgehad óf bewonder nie, maar het met hom getrou as ontvlugting uit haar huislike omstandighede. Hamilton beskryf Lowell se

moeder, Charlotte, as ‘n geïrriteerde, onvergenoegde, selfgerigte, ambisieuse en snobistiese vrou wat altyd krities teenoor haar man was (8, 10-11).

Lowell het “surrogaat-moeders” (oppassers) gehad en om sy “afwesige” moeder terug te betaal, asook in ‘n poging om haar aandag te kry, het hy soms iets van die oppasser gesteel of weggesteek. Lowell het sy moeder Alexander die Grote genoem; ‘n teenstaander wat oorwin moes word (Hamilton, 1983:9-10). Sy wou algehele beheer oor hom hê en daarom wou hy altyd sý wil teen hare handhaaf en haar teëgaan (Mariani, 1994:32).

Charlotte het haar toegewende, ruggraatlose man totaal beheer. Lowell het sy vader se lamsakkigheid verag en op 10 jaar gewonder waarom sy vader nie terugveg nie (Hamilton, 1983:9, 11). Charlotte se afkraak van haar man, het Robert se respek vir sy vader geensins bevorder nie (vergelyk die moeder-seun verhouding in 3.3.5.1). Omdat Vader Bob ‘n swak figuur was, sou Lowell ook nie met hom wou identifiseer nie. Na aanleiding van sy vader se lewe het Lowell geleer dat ordentlikheid en goeie voornemens veragtelik was. Toe sy vader in die vloot bevordering kry, het Lowell se moeder geweier om te trek en Bob moes gereeld ná ‘n bakleiery saans na die basis terugkeer (Hamilton, 1983:11-12; Mariani, 1994:36-37). Charlotte het daarop aangedring dat Bob uit die vloot bedank en na 2 jaar se druk het hy toegegee. Lowell het later gekonstateer dat sy vader die geselskap en waardigheid wat hy nog gehad het, óók verloor het. Soos Bob van een werk na die ander gedaal het, het sy siel, volgens Lowell, “ondergronds gegaan” – ‘n geruïneerde man in sy seun se oë.

Hamilton (1983:15) en Mariani (1994:39) beweer dat Lowell tussen die meerderheid meisies in die laerskool as die seun van ‘n oorheersende moeder, misken en swak gevoel het. Om te kompenseer het hy ‘n rusiemaker en afknouer geword (vergelyk 3.3.5.2 – die vader-seun verhouding). Volgens Mariani het Lowell ook gefantaseer oor mag en gespeel met sy bliksoldate – veral modelle van Napoleon se voet- en perdemag (38-39). By Rivers skool kry Lowell die reputasie van “vegter”. Ná elke bakleiery het hy bloeiend en oorwinnend na sy moeder teruggekeer. Sy het hom haar “ou soldaat” genoem – soete lof vir ‘n seun wie se moeder hom dikwels lomp, onnet en ongemanierd genoem het, en hom met ander beter seuns vergelyk het (Hamilton, 1983:16-17, 29).

Volgens Mariani (1994:39, 43) wou Lowell nie net soos sy vader oorlééf nie. Daarom het hy en sy boesemvriend hulle klasmaats geterroriseer, hulleself doelbewus onbemind gemaak en selfs winkeldiefstal gepleeg. Lowell wou seuns dwing om hom te erken en te vrees – nes sy moeder

se optrede teenoor hóm. Lynn (1974:265, 270) noem dat die afwesigheid van ‘n sterk vaderfiguur tot swak portuuraanpassing lei en dat die onsekerheid met betrekking tot manlikheid ‘n kompenserende manlike bravade veroorsaak – ‘n verdediging teen die angs oor die wankelrige manlikheid (vergelyk Fleming in 3.4.2.3, asook die vader-seun verhouding in 3.3.5.2). Gilbert (1975:56) voeg by dat die oormatige aggressie van die seun ook ‘n poging is om te kompenseer vir die sterk vroulike invloed in sy lewe en ook ‘n teken van opstand daarteen is. Sy begeerte om mense naby aan hom te martel, het later in sy huwelike óók voorgekom.

Op vyftien jaar was die eiegeregtige en arrogante Lowell se natuurlike mededinging ongebalanseerd en het uitdrukking gevind in ontplofbare kragmetings met sy ouers oor naweke, asook in bakleiery in die koshuis en op die sportgronde (Hamilton, 1983:21). In sy vierde jaar het Lowell sy intellektuele en kreatiewe vermoëns ontdek sodat hy op sewentien jaar sy **eie** maaksel kon wees in plaas van sy moeder s’n (Mariani, 1994:43-45, 50). Hy skryf op sewentien jaar ook sy eerste gedig en raak daarvan oortuig dat sy skryftalent ‘n Godgegewe gawe is. In ‘n outobiografie sê Lowell dat hy “homself gevind” het, maar 20 jaar later, toe hy nóg na homself gesoek het, het hy gehoop dat woorde hom sou toevou met ‘n “verband van genade” (Mariani, 1994:24). Lowell wou gedurig sy ervaring deur die lens van taal herinterpreteer om sodoende sy dreigende, oorweldigende lewenschaos in ‘n soort orde te probeer plaas. Hierdie worsteling het egter nooit opgehou nie.

Volgens Mariani (1994:61) wou Lowell op negentien jaar ‘n digter word, maar sy familie het dit as malligheid bestempel. Mariani se navorsing toon dat Lowell se gewoontes onveranderd was – eiesinnig, humeurig en aggressief wanneer hy teëgegaan word (74). Sonder ‘n vader wat aggressie in die regte rigting kon ombuig, sou hierdie woede altyd na die oppervlakte kom. Dit was ook aangevuur deur ‘n weiering om oorheers te word soos deur sy moeder. In 1938 het hy die toekomstige skrywer, Jean Stafford ontmoet. Toe sy ernstig beseer word in ‘n ongeluk waarin hy dronk bestuur het, het Lowell geweier om blaam daarvoor te aanvaar (76). ‘n Moontlike interpretasie vir hierdie gedrag kan gevind word in Lynn (1974:267) se bevindings dat seuns met ‘n “afwesige vader” laer tellings van skuld het en blaam moeilik aanvaar (vergelyk 3.3.5.2). Jean ondergaan neus- en gesigsrekonstruksie en Lowell voel ‘n verpligting om in 1940 met haar te trou - júís omdat sy ouers dit sterk áfkeur (Hamilton, 1983:64). Mariani noem dat Lowell tydens ‘n argument haar neus wéér gebreek het, maar geen gewetenswroeging daaroor gehad het nie en die huwelik het stadigaan agteruit gegaan (91).

In 1944 is Lowell se eerste boek *Land of* Unlikeness gepubliseer. Mariani (1994:99) beweer dat Lowell hom tot die Roomse Kerk bekeer en ‘n godsdienstige mania ontwikkel het. Volgens die outeur het Lowell In 1948 egter die geloofwaardigheid van die Roomse geloof betwyfel en ook nie meer geweet wat hý glo nie (159)

In 1945 ontvang Lowell vir die eerste keer die Pulitzer prys en word erken as Amerika se groot nuwe digter. Mariani sê Lowell is op een-en-dertig van Jean geskei en het kwaai begin drink (165, 173). Kort hierna word hy met sy eerste maniese aanval gehospitaliseer. Tate, sy jarelange vriend, het gereken dat Lowell té vinnig as digter opgang gemaak het; bokant die beperkings van sy kragte gewerk het; en dat daar van die drie dinge wat hom bymekaar gehou het, naamlik, die kerk sy huwelik en poësie. Nét laasgenoemde het nog wankelend oorgebly (Hamilton,1983:141; Mariani,1994: 182-183, 185).

Die verdedigingsmure teen sy disintegrasie het die een na die ander ingetuimel. In die gedig *Night Sweat* sê Lowell:

“*......my life’s fever is soaking in night sweat – One life, one writing!.....*

*Always inside me is the child who died, always inside me is his will to die* –

*Poor turtle, tortoise, if I cannot clear the surface of these troubled waters here, absolve me, help me,....”*

Lowell, 1976:134).

Lowell kon homself in sy gedigte “verloor”, maar nadat ‘n gedig klaar geskryf was, was betrokkenheid by die wêreld hel; hel omdat hy gedisintegreerd gevoel het, verteer deur die tyd (Rudman, 1983:83). Drank het egter die gaping gevul. Volgens Shaddock (2006:430) is een rede vir verslawing dat die kreatiewe persoon soms voortgedryf word deur ‘n behoefte om gevul te word met iets **nadat** die skrywe opgehou het. Substansgebruik is dan ‘n poging om só ‘n verbinding te herstel. Dit lyk vir Rudman asof skrywe vir Lowell meer as nét ‘n gedeeltelike oplossing tot lewe was – hy het bestaan **in** en **deur** die spieël van sy woorde (106). Hoe erg hy die taal geplooi, gerek, verkort, uitgewyk óf eenvoudig vermeld het, was die stemming áltyd díe van ‘n man wat geskryf het om te bly lewe. Dit was asof die pyn nooit verdwyn het nie.

Lowell skei van Jean en trou in 1949 met nóg ‘n skryfster, Elizabeth Hardwick, maar sy depressie verdiep (Hamilton, 1983:162; Mariani, 1994:186-187). Albei outeurs voer aan dat hy as manies-depressief geherklassifiseer is (vergelyk 3.3.1 en 3.3.2). Hamilton vertel dat Lowell in ‘n brief aan sy ouers noem dat hy uit die psigoterapie leer en vir die eerste keer die eerste ses of sewe jaar van sy lewe probeer verstaan (188). Mariani voeg by dat Lowell tydens terapie in sy poësie op ‘n onpersoonlike en onemosionele manier skaamtelose en vernederende dinge omtrent homself erken het (164-165). Lowell kon nooit die oorspronklike seer van sy verwerping deur moeder Charlotte, wat in sy psige ingebed was, ontblóót nie (24). Daarom het hy desperaat bly soek na ‘n manier om sin te maak uit sy lewensgebeure.

In sy gedig *Skunk Hour* is die motorradio ‘n teken van sy vervreemding van ander en wanneer hy na binne kyk, vind hy geen troos nie (Rudman, 1976:88-90). Dit is asof hy innerlik in stukke opgebreek het en die prik, asook steek, in elke bloedsel voel. Wanneer hy sy ongesonde verstand ontdek, draai hy sy “siek gees” en al die gepaardgaande smart en woede daarin, teen hómself.

Volgens Rudman is dit ook asof Lowell aanhoudend ingeperk voel en téén sy wil moet optree:

“*One dark night, my Tudor Ford climbed the hill’s skull.... A car radio blasts.*

*Love, O careless Love...I hear my ill-spirit sob in each bloodcell, as if my hand were at its throat....*

*I myself am hell; - my mind’s not right.*

*Nobody’s here – only skunks that search in the moonlight for a bite to eat.”*

Lowell se vader sterf in 1950 en Hamilton beweer dat Lowell, op die randjie van ‘n tweede ineenstorting, in 1951 toevlug en stabiliteit in Amsterdam gesoek het (1989). Hier het hy weer swaar begin drink en vir kalmte, asook hoop, die poësie van die Franse katolieke digter begin lees (Mariani, 1994: 202-203). Ná die tweede maniese aanval word Lowell ontslaan. Lowell het die verlies van sy moeder se dood in 1954 onderdruk, maar dit het hom gebreek (Mariani, 1994:229-330). Hy wou nié selfondersoek toepas nie en het nie werklik gerou nie (Hamilton, 1983:205). Toe hy vir die derde keer gehospitaliseer word met ‘n toestand wat as hypomania gediagnoseer is, was dit sonder insig dat sy moeder se dood die aanval aan die gang gesit het. Klein (1987:305-306) verduidelik dat ‘n **gefragmenteerde self** die gevolg is van ‘n

swakgeïntegreerde self en maklik uitmekaar val. Die outeur sê dat dinge verkeerd kan gaan in die stadiums wanneer die "ek", "jy" en "ons" vorm. Die baba is dan nie genoegsaam beskerm teen die nood wat hom / haar mag oorweldig en uitwis nie – verál as gevolg van die afwesigheid van 'n versorgende, liefdevolle moeder. Genoegsame verdedigings teen látere nood kan ook nie ontwikkel nie. Klein praat voorts van 'n "ons-verhouding" wat moet bestaan, anders kan die "ek" nie ordentlik gevestig word as 'n sterk struktuur nie en daarom ongeïntegreerd en gefragmenteerd bly. Wanneer hierdie feite in ag geneem word, verklaar dit dalk Lowell se gereelde ineenstortings, veral ná krisisse soos die verlies van vriende of 'n geliefde (vergelyk ook die vrouedigters Jonker, Plath en Sexton in 3.4.1.1, 3.4.1.2 en 3.4.1.4).

In die weke en maande van terapie moes Lowell sy lewensfragmente op papier probeer kry. Mariani (1994:234) meld dat die dokters die doeltreffendheid van psigoterapie betwyfel het omdat Lowell géén selfinsig gehad het nie. Lowell het egter begin skryf aan herinneringe van sy vroeë jare en laasgenoemde in prosa-sinne probeer analiseer – 'n vorm van terapie wat hom die volgende 21 jaar sou besig hou. Mariani noem dat Lowell lang ure aan sy belydenispoësie gewerk het, maar dat 'n gevoel van deurleefde ervaring ontbreek het (236,243). Volgens Hamilton (1983:221, 226-228) het Lowell gepraat van sy "bederfde kinderjare" en dat hy daarvan oortuig was dat hy, ná voltooiing van die outobiografie *91 Revere Street,* homself sou vind. Dié outobiografie was eintlik karaktersketse van familie, asook spot met sy vader se swakheid. Lawrence verwys na sy ouers se onderonsies en sy vader se eienaardighede:

"*My parents' confidences and quarrels stopped each night at ten or eleven o'clock, when my father would hang up his tuxedo, put on his commander's uniform, and takes the trolley back to the naval yard at Charlestown.*

*He had just broken in a new car. Like a chauffeur, he watched this car, a Hudson, with an informed vigilance, always giving its engine hair-trigger little tinkerings of adjustment or friendship.....*

*He drove with flawless, almost instrumental monotomy."*

(Rudman, 1983:64).

Rudman (1983:64-65) dui aan dat Lowell in die gedig *Commander Lowell* sy vader as 'n patetiese mens uitbeeld wat na sy bedanking uit die vloot geleidelik agteruitgegaan het totdat hy heeltemal geruïneer was:

"*...With seamanlike celerity Father left the Navy and deeded Mother his property.*

*He was soon fired.*

*Year after year, he still hummed 'Anchors aweigh' in the tub* –

*Whenever he left a job he bought a smarter car."*

Dwarsdeur die gedig word die vader ook beskryf as 'n man wat nooit ernstig was nie en selfs met sy dood nog altyd slap en nie-vegtend was:

"*In three years he squandered sixty thousand dollars, smiling on all...... Father's death was abrupt and unprotesting."*

(Rudman, 1983:67).

Hamilton (1983:260) reken dat Robert se bespotting van sy vader aan haat gegrens het en dat hy nooit sy **woede** teenoor sy vader erken, geuiter en verstaan het nie. Tóg toon Robert later in die gedig *Middle Age* spyt oor sy gevoelens teenoor sy vader:

"*At forty-five* - w*hat next, what next?*

*At every corner, I meet my Father, my age, still alive.*

*Father, forgive me my injuries...."*

(Lowell, 1976:103).

Rudman (1983:66) dui aan dat die gedig *Commander Lowell* ook die bron van sommige van Lawrence se vernaamste konflikte openbaar het. Tydens sy vader se lang afwesighede moes hy agterbly met sy moeder wat hom vol van haar frustrasies gepomp het, hom met haar onversoenlike hunkeringe gevul het en sy fantasieë met beelde van generaals gestook het:

"*Her voice was still electric with a hysterical unmarred panic when she read to me from the Napoleon book.*

*I got the names of two hundred French generals by name.... I used to dope myself asleep naming those unprounceables like sheep."*

Kort voor sy volgende aanval in 1957, word Lowell en Elizabeth se dogter, Harriet gebore.(Mariani, 1994:257, 261). Lowell word wél gehospitaliseer met die vierde maniese aanval. Die dokters het gepraat van die oorheersing van Lowell se kinderjare fantasieë en gereken dat jare se terapie dálk sy diepe probleme en vrese sou oorkom. Vroeër het Mariani (1994:20) vertel dat élke aanval gekenmerk was deur geweld, asook ‘n poging om weer te begin; homself “oor te maak”; om die prentjie van sy gefragmenteerde self te probeer uitpluis; en uit te vind wie hy is. Elke keer het hy verlief geraak op ‘n jong meisietjie wat onbewus was van sy siekte. Hy het gevoel dat hy dié meisies moes “oormaak” volgens sy weergawe van Eva – die teenoorgestelde van sy oorheersende moeder.

Mariani (1994:273) voer aan dat Lowell gereeld drie keer ‘n week die terapeut besoek het en gehoop het dat hy ná ‘n jaar sy kwelpunte sou ontrafel. Hy het vas geglo dat hy depressie vir ‘n paar maande afgeweer het deur harde werk en drank. Toe Lowell die vyfde aanval in 10 jaar kry, het hy geloof in psigoterapie verloor (277). Hierna volg nóg twee aanvalle. In 1963 begrawe hy homself vir lang ure soos ‘n mol in sy werk. Lowell kry die ontstellende nuus van een van sy studente, Sylvia Plath, se selfmoord (312). Later voel Lowell dat sý inspirasie dood is en hy ervaar ‘n hol doelloosheid, asof sy “praat” uitgeput is (318). In sy gedig *Symptoms* het hy homself genadeloos betugtig vir oortredings wat naamloos gebly het:

“*I fear my conscience because it makes me lie...*

*I feel my old infection, it comes once yearly: lowered good humour, then an ominous rise of irritable enthusiasm....*

*I soak, examining and examining what I really have against myself.”*

(Rudman, 1983:147).

Die gedigte in *Life Studies* was bedoel om ‘n suiwering te wees waarin hy sy poësie tot die lyn van ‘n noodsaaklikheid besnoei het. Die laaste strofe van *Eye and Tooth* (Raban, red., 1974:28) staan uit as ‘n opskrif vir die hele versameling:

“*Nothing! No oil for the eye, nothing to pour on those waters or flames.*

*I am tired. Everyone’s tired of my turmoil.”*

Mariani (1994:347,370) noem dat Lowell se agste aanval ná sy tante se dood gekom het ten spyte van sy onthouding van alkohol. Hy was wéér eens buite beheer en het sy werk naarstiglik hersien. Ná sy vriend, Randall Jarrell, se dood in 1965, het Lowell sy negende aanval gekry (Hamilton, 1983:339). Laasgenoemde outeur meen dat Lowell op die rand van 'n maniese ongesteldheid altyd as 'n soort veiligheidsklep, toevlug gesoek het in sy obsessie met historiese tiranne en gewelddadige karakters – soos Hitler en Napoleon (355-356). Ten spyte van 'n nuwe middel, Litium, het Lowell in 1968 steeds troos en vergetelheid in skryf en drank gesoek. Laasgenoemde was vir hom 'n noodsaaklikheid vir die voltooiing van sy gedig. Volgens Mariani het Lowell ook tuis probleme ervaar as gevolg van sy ontrouheid en drinkery. In 1969 ontwikkel Lowell hoë bloeddruk en is in 1970 vir die tiende aanval van manie opgeneem. Hy was besluiteloos oor sy idee om van Elizabeth te skei, skryf elke beskikbare oomblik en begrawe sy besluiteloosheid in baie gedigte (387, 393).

Op 55 jaar hoor hy dat sy minnares, die skryfster, Caroline Blackwood, swanger is en sy seun, Sheridan, word in 1971 gebore (Hamilton, 1983:410, 418; Mariani, 1994:394, 403). Lowell het vóór die kind se geboorte naarstiglik gewerk om sy nuwe boek gedigte te voltooi en toe heeltemal leeg gevoel. In sy bundel *Day by Day* verwys hy in die gedig *Unwanted* na die seer oor sy ongewensheid as iets onverbiddelik en troosteloos. Rudman (1983:182,184) sê dat die woorde "té laat" in die volgende gedig sy houding teenoor die lewe reflekteer:

"*Too late, all shops closed – I alone here tonight on Antabuse, surrounded only by iced white wine and beer, like a soldier dying of thirst on the Atlantic.*

*Mother, I must not blame you for carrying me in you..*

*For yearning seaward, far from my home, and saying, 'I wish I were dead, I wish I were dead'.*

*Unforgivable for a mother to tell her child – Is the one unpardonable sin our fear of not being wanted?*

*Is getting well ever an art, or art a way to get well?"*

Ná sy egskeiding, is hy en Caroline in 1972 getroud. Teen hierdie tyd het Lowell volgens Mariani meer en meer 'n beheptheid met die dood ontwikkel en in 'n gedig gevra of die dood moeiliker is as om rééds dood te wees (413). Hierdie vraag suggereer vir die navorser 'n persoon vir wie die lewe onvervuld en sinloos geword het. Albert Schweitzer se woorde is dan

waarlik van toepassing op Lowell se lewe: "Die tragedie van die lewe is dat 'n mens kan sterf terwyl jy nog lewe". Die gedig *Epilogue* is beslis 'n voorafgaande voorstelling van sy eie dood:

"W*e feel the machine slipping from our hands, as if someone else were steering;*

*If we see a light at the end of the tunnel, it's the light of an oncoming train."*

(Rudman, 1983:183).

Alhoewel sy boek *The Dolphin* vir Elizabeth baie seergemaak het, het Lowell sy derde Pulitzer toekenning daarvoor gekry (Mariani, 1994:423, 425). Die tema van die gedig *Dolphin* is skuld wat altyd 'n volhardende, onuitwisbare tema in Lowell se gedigte was:

"*.....I have sat and listened to too many words of the collaborating muse,*

*and plotted perhaps too freely with my life, not avoiding injury to others, not avoiding injury to myself* –

*to ask compassion . . .this book, half fiction, an eel net made by man for the eel fighting* – *my eyes have*

*seen what my hand did."*

(Lowell, 1976:238).

Lowell se harttoestand het versleg; sy huwelik was na 5 jaar op die rotse; twee aanvalle van manies-depressiwiteit het 'n maand uitmekaar voorgekom; en Caroline het hom verlaat. Die kinders was ook nie vir hom tot troos nie want Hamilton (1983:464) noem dat Lowell sy kinders as vervelige, onverstaanbare wesens ervaar het en daarom was hy nie in hulle geïnteresseerd terwyl hulle jonk was nie.

Lowell kry 'n matige hartaanval en lyk soos 'n verslane man (Mariani, 1994:442, 448). Hy kondig aan dat hy na Elizabeth teruggaan as gevolg van 'n soort vriendskap en haar simpatieke oor. Lowell is sestig jaar oud wanneer hy op 12 September 1977 met sy aankoms in New York in 'n huurmotor sterf. Oënskynlik was hy na Elizabeth op pad (Hamilton, 1983:473). Caroline noem sy dood 'n "selfmoord wens".

Brink (2000:167) konstateer dat Lowell, soos Anne Sexton, Sylvia Plath en ander kreatiewe indiwidue, die verband toon tussen angswekkende ontwikkelingservarings en stressors uit die kinderjare, en die korrektiewe poging om deur poësie of skryf die trauma te verwerk. Uiteindelik het hierdie indiwidue nóóit hulleself verstaan nie, en hulle aanpassingsrepertoire - insluitende dié van kreatiwiteit, uitgeput. Vir Lowell was die onthou van sy kinderjare vol hartseer oor die verlore dinge, en die onvermoë om te rou het heling en heelheid verhinder.

**3.4.2.4.1 Slotsom**

In die lig van die bogenoemde bespreking maak die navorser vanuit die invalshoek van die Christelike geloof die volgende interpretasie ten opsigte van die verhouding tussen wat beleef is as ouerverwerping en pogings om dit deur middel van uitlewing van kreatiwiteit te verwerk.

Lowell was ‘n begaafde man wat toekennings vir sy werk ontvang het, klas gegee en werkswinkels gehou het en ander geïnspireer en opgelei het om te skryf of te dig. Hy kon egter nie sy **eie** lewe bymekaar gelas kry nie omdat hy nie **God** toegelaat het om al die fragmente van die self bymekaar te bring nie. Die gevoel van ongeliefheid en ongewensheid wat Robert lewenslank ervaar het, sou Jesus Christus met sý liefde weggespoel het, ás hy net opregte geloof in Hom gevind en nagevolg het. Die navorser dink onwillekeurig aan die retoriese vraag in Jesaja 49:15: “Kan ‘n moeder haar baba vergeet?” – “that she should not have compassion on...” volgens die Amplified. Indien Lowell egter vers 16 kon vasgegryp het, naamlik dat God die naam Robert Lowell in sy handpalms gegraveer en onuitwisbaar gestempel het, sou dit die seer van verwerping getemper het. Dán sou hy veel vroeër in sy lewe van God, die brón van liefde, geleer het om waarlik te bemin.

Die skryftalent wat hy op sewentien jaar as Godgegewe beskou het, moes hy júís tot God se eer aangewend het. Met sy kreatiwiteit gerig op God, sou **selfbegrip** gekom het, ‘n besef van **identiteit** in Christus én die **fragmente** van sy lewe sou bymekaar gekom het in ‘n wonderlike geheel. Sodoende sou Lowell die goeie én slegte eienskappe van sy ouers, asook aangename en onaangename ervarings, kon integreer. Die teendeel is egter waar en hy het, ten spyte van ál die belydenispoësie, tevergeefs gesoek en onvervuld, asook innerlik verdeeld, gebly. Met elke krisis het hy ineengestort terwyl God die wisselende emosies en buie sou kon normaliseer en stabiliseer. Kreatiwiteit sonder rou oor die seer van verwerping en sonder erkenning van sy woede teenoor sy ouers, kon heling nie bewerkstellig nie.

Dit is vir die navorser hartseer dat ‘n mens moet aanhou skryf om te bly **lewe** terwyl Jesus Christus in Johannes 10:10 ‘n lewe van **oorvloed** belowe het. Lowell het nooit werksvreugde en -vervulling uit sy skrywe ervaar nie, omdat dit net as ‘n oorlewingsmiddel gebruik is. Uiteindelik het dit gefaal om iets sinvols by sy lewe te voeg en het alles uiteindelik nutteloos, asook troosteloos gelyk.

#### 3.4.3 Visuele kunstenaars

Skilder maak soos musiekkomposisies, staat op die sensoriese en perseptuele prosessering en word volgens Glazer (2009:757) geskep deur ‘n ánder denkvorm as taal en daarom bemiddel deur ‘n ánder kreatiewe proses. Ruimtelike intelligensie soos skilder, beeldhouwerk en argitektuur behels ‘n voortreflike sensitiwiteit vir die akkurate waarneming van die visueel-ruimtelike wêreld, sowel as die vermoë om dit deur middel van ‘n kunswerk te herskep (Edwards, 1997:142). Skilder mag in Runco (1998:644) se mening, die beste medium wees vir die kommunikering van sekere probleme of sake: dit het ‘n simboliese en metaforiese vermoë, sowel as die moontlikheid dat dit emosionele reaksies te voorskyn kan bring wat die kunstenaar tot probleemoplossings kan motiveer (vergelyk ook 3.3.3 met betrekking tot verminderde selfmoord onder visuele kunstenaars). Wanneer woorde ontbreek om gedagtes en gevoelens oor te dra, voorsien visuele kuns ‘n nie-verbale uitdrukkingstaal.

##### 3.4.3.1 Vincent Van Gogh (1853-1890)

Van Gogh se vader was ds. Theodorus van Gogh, ‘n predikant van die Nederlandse Hervormde Kerk (Van Wyk, 2007:8). Vincent was die plaasvervanger en naamgenoot vir ‘n afgestorwe bababoetie wat gebore is ‘n jaar voor sý geboorte (Gedo, 1983:127; Hanson, 1955:17). Dít was ‘n belangrike faktor in die ontsporing van die moeder-kind verhouding.

Volgens Hanson (1955:15) was Vincent se moeder, Anna, dominerend, kragtig, opvlieënd, bitsig en emosioneel. Gedo (1983:133, 137) voeg by dat sy ook kliphard, stug en ontoeganklik was – eienskappe wat in Van Gogh se latere keuses van vrouens herhaal is. Pieterse (2006:50) sê Firestone en Catlett noem hierdie verdedigingstyl **herlewing**: die neurotiese ewewig word behou deur *seleksie* van mense met dieselfde eienskappe as die verwerpende ouer. Die negatiewe omgewing en gedragspatrone word só ‘n gewoonte dat die persoon se lewe ingerig word om die kinderjare te weerspieël.

Hanson (1955:18-19) vertel dat moeder Anna die eerste Vincent se dood sleg verwerk het en haar onverwerkte smart na die opvolger oorgedra het. Vincent het grootgeword onder die skaduwee van sy dooie naamsgenoot want laasgenoemde se dood is weekliks herdenk. Die outeur sê dat die eerste Vincent voorgehou is as ‘n modelseun wanneer Vincent moeilik of onstuimig was – soos hy wél geword het in ooreenstemming met sy moeder se temperament. Soms het sy moeder hom vergelyk met die afgestorwe broer wat konsuis “beter” sou gewees het, daarná was sy volgens Hanson, berouvol en uitermate liefdevol. Vincent, wat na sekuriteit en versekering deur liefde verlang het, het sy moeder later hierdie wisselvallige liefde verkwalik. Soos hy ouer geword het, het hy gevoel soos ‘n vergryper wat nie bemin kon word soos sy moeder die dooie seun sou bemin het nie. Vincent het selfs gewonder of hy, met die dieselfde naam en verjaarsdagdatum van ‘n andereen, enigsins ‘n eie lewe gehad het. ‘n Gevoel van skuld en ongewensdheid het hom bygebly.

Van Gogh se vader word deur Hanson (1955:15, 18, 20) as goedhartig en saggeaard beskryf, maar met eng, rigiede standpunte. Theodorus het ietwat afgesonderd van sy kinders gelewe, veral van Vincent wat die teenoorgestelde geaardheid as hy gehad het. Vir ‘n driftige kind soos Vincent wat na positiewe toegeneentheid eerder as geestelike leiding verlang het, het sy vader se koel temperament verwyderd voorgekom. Al het Theodorus daagliks saam met Vincent gestap, saam met hom studeer en hom aangemoedig, het die verskansing tussen hulle ware intimiteit voorkóm. Opmerkings ten opsigte van Vincent se lompheid, sy geneigdheid tot vuilmors, asook sy andersheid in vergelyking met sy vader en die res van die familie, moes ‘n merk op die trotse en sensitiewe kind gemaak het. Sy vader se gereelde weemoedige verwysings na die afgestorwe kind, het vir Vincent te kenne gegee dat hy die “ander” Vincent sou verkies het.

Dalk het die vader nie besef dat sulke negatiewe opmerkings oor ‘n kind verbale verwerping is nie. Navorsers het bevind dat fisiese pyn, sowel as verwerpingspyn, deur dieselfde breinareas geprosesseer word (Pieterse, 2006:17). Die jong kind het ‘n behoefte daaraan dat sy / haar ouers aanvaardend en waarderend sal wees, veral deur middel van die meer subtiele aspekte van emosies en dade (Rohner, 1986:119). Volgens Rohner kan die kind van 2-12 jaar nog nie ‘n selfbewussyn opbou om sy eie standpunte van ander te skei nie. Al die emosionele seer is diep in Vincent vasgelê. Die gebrek aan onvoorwaardelike liefde en aanvaarding van ‘n kind in eie reg met sy / haar unieke eienskappe, laat ‘n kind agter met ‘n seer, alleenheid, wantroue en selfhandhawende of onderworpe gedragstyl (Pieterse, 2006:33). Sonder ‘n besef van behorendheid sou emosionele reaksies en oorreaksies op die optredes en aksies van mense in

toekomstige verhoudings wél by Van Gogh voorkom – soos Baumeister en Leary (1995:508) voorspel.

Vincent se broer, Theo, was vier jaar jonger as hy en het hom bewonder en verafgod (Hanson, 1955:20-21). Theo was vir Vincent ten minste iemand wat hom onvoorwaardelik aanvaar het en hy het lewenslank aan hierdie broer vasgeklou vir raad, aanmoediging en steun, dikwels sonder in agneming van Theo se behoeftes. Walther & Metzger (1993:702) voeg by dat die twee broers lewenslank baie naby aan mekaar was, ten spyte van krisisse, verskille en spanningsvolle periodes. Van Gogh het die korrespondensie met Theo tot kort voor sy dood volgehou.

Hanson (1955:21,24) noem verder dat Vincent se ouers bekommerd was oor sy ruheid, veral omdat hy by die boerseuns gemaklik gevoel het. Daarom is hy op elf jaar na ‘n seunskool weggestuur (24). Hier en later het Vincent al behae geskep in hongerly as verloëning van die vlees. Na vyf jaar het hy teruggekeer huis toe met ‘n morele verwaandheid in navolging van sy vader, Bybellesse geneem en by die kunsgalery in Den Haag gewerk.

Die stigma van ‘n lewende in die plek van ‘n onsigbare en foutlose broer, het Van Gogh dikwels getreiter (Hanson, 1955:20). Hy het sy vader se goedkeuring begeer, hom aanbid en was oortuig van sy onvergelykbare goedheid. Hierdie bewondering en behoefte aan aanvaarding is moontlik die rede vir sy ywer met die bestudering van die Bybel en sy begeerte om ook predikant te word. Uit sielsregverdiging, het Van Gogh, volgens Hanson, ‘n godsdienstige mania ontwikkel, naderhand die hele Bybel geken en obsessief behep met sonde gebly (44, 49). Alle dade was oormatig en hy kon nie verstaan waarom mense hom nie liefhet of van hom hou nie en hom eerder vermy nie (45).

Van Gogh se probleme met sy moeder (en vader) het gelei tot ‘n soeke na morele volmaaktheid om die gevoel van ellende te vermy, maar dit het verál in die sfeer van interpersoonlike verhoudings misluk (Gedo, 1983:127). Hy het ook bly droom van die ideale vrou; die ewige moeder wat hom altyd sou liefhê en verafgod (Hanson, 1955:19). Ongewone eise is op sy metgeselle geplaas en verhoudings het altyd rampspoedig geëindig. Vincent se hartstogtelike, soms waansinnige hunkering na liefde en die verlange om benodig te word, het vrouens afgestoot en hulle liefde verdryf. Van Gogh se liefde was volgens Maisel (2002:143) selfgesentreerd en ongesond. Toe hy verlief raak op sy niggie, wou hy later nie haar weiering aanvaar nie, en het haar op ‘n byna waansinnige wyse geïdealiseer en verafgod.

Saul (1979:60,64) bevestig dat ontspoorde gevoelens teenoor die self en ander, dikwels oormatige eise aan vriendskappe en liefdesverhoudings stel. Dit vervreem mense en verongeluk verhoudings. Saul sê die gevoelens van mislukking, asook teleurstelling, lei dan tot verdere eise en die bose kringloop gaan voort – dikwels tót by die punt van selfmoord (vergelyk ook 3.4.1.1 en 3.4.1.4). Arbona en Power (2003:50) beaam dat veilige verbondenheid met ouers, veral in die laat adolessensie en jong volwassenheid, geassosieer word met 'n gebrek aan angs en bekommernis in veral romantiese verhoudings.

Op 'n Bybelkollege wou Van Gogh geen leiding aanvaar nie want hy het die Bybel woordeliks geken. Hy het alle onderwerping verwerp, alles bevraagteken, geargumenteer en was ongeskik (Hanson, 1955:54). Hanson meen Vincent wou Jesus op sý manier volg met 'n nederige hart, maar met egoïsme op sy lippe. Die navorser reken dat die memorisering van die Bybel Van Gogh só besig gehou het dat hy daardeur ook sy pyn kon vergeet, maar die boodskap van die Bybel het nie sy hart aangeraak nie. Abraham Lincoln het die Bybel vrugbaar gelees en sy vriend aangeraai om alles wat hy kon uit die Bybel met sy réde aan te neem, en die res in gelóóf, dan sou hy as 'n beter mens lewe en sterwe (Graham, 1996:70). Van Gogh het nooit die Bybel só gelees nie en leeg gebly.

Gedo (1983:131, 145) bevestig dat die mislukkings wél vir Van Gogh pyn, vernedering en ontoereikendheid laat ervaar het. Hy was ook dikwels ontsettend kwaad oor sy onvermoë tot vorming van verhoudings waarin albei onafhanklik kon funksioneer. Hierdie woede is egter weggebuig deur idealisering van lyding en identifisering met die onderdruktes in sy skilderye – selfs met Christus, die Man van Smarte. Gedo voer aan dat Van Gogh sy kuns as 'n godsdienstige missie begin beskou het. Hanson (1955:69) noem dat Vincent skielik besluit het dat 'n skilder met die mensdom "praat" en dat hy sy lewensliefde op die doek "uiter". Hy het homself as 'n "landelike" skilder beskou en met die werkersklas, die boere en diegene wat swaarkry, geïdentifiseer (Walther & Metzger, 1993:315,664). Die outeurs noem dat die skildery *The Potato Eaters*, die belangrikste werk van Van Gogh se Hollandse periode, 'n uitbeelding is van boere wat in swakverligte, beknopte toestande werk (sien Figuur 6). Baie ander skilderye van die werkersklas is geproduseer, onder andere *The Spinner, The Reaper, The Sheep-shearers en Peasant Woman cutting Straw* (sien Figuur 6a-d). Nadat Van Gogh sy ambisie om predikant te word laat vaar het, het hy aangevoel dat hy deur sy kuns 'n groot mistiese en introspektiese predikant sou word (Gedo, 1983:131). Hierin sou sy probleme met mense nie 'n belemmering wees nie. In sy latere boek noem Gedo (1996:84) dat Van Gogh egter sy poging

om selfagting deur mistiese ervaring te verkry, moes laat vaar as gevolg van die afkeur en minagting van ander, insluitende sy vader. Weer eens het hy die gevoel van mislukking ervaar.



Figuur 6 - *The Potato Eaters* (Walther & Metzger, 1993:96)






Figuur 6a - *The Spinner*

Figuur 6b - *The Reaper*






Figuur 6c - *The Sheep-shearers*

Figuur 6d - *Peasant Women cutting Straw*

Van Gogh het altyd beter gevoel wanneer iemand sy liefde of sorg aanvaar het – al hét dit gelei tot betrokkenheid by mense wat dit nié waardeer het nie (Gedo, 1983:127). Op ‘n stadium wou die eensame Van Gogh met ‘n swanger prostituut trou omdat hy haar as verag beskou het - nes hy (Hanson, 1955:98). Daarom het hy Sien ingeneem en hom verlustig in die fantasie van sy eerste huis, liefde en ‘n maat (107). Toe sy Vincent begin uitbuit, het Theo, volgens Hanson, ingegryp en haar weggestuur (114). Hierna het Van Gogh naarstiglik geskilder.

In Gedo (1983:128) se opinie was Van Gogh se kuns ‘n geloofsuitdrukking ter wille van **selfvertroosting**. Die outeur sê sommige het gereken dat Vincent se godsdienstige ywer ‘n **defensiewe reaksie** was op die herhaaldelike teleurstellings in liefdesverhoudings. Hanson (1955:206) voeg by dat Vincent homself wou reproduseer op die enigste manier waarop hy kon, naamlik skilder. Die volhouding van gevoel- en werksdruk het egter sy liggaam én verstand begin uitput. Terwyl Van Gogh geskilder het, het hy geïnspireerd gevoel – rasend en met passie, maar daarsonder siek en swak, met ‘n verstand wat die greep op die werklikheid begin verloor het. Shaddock (2006:431) meen dat verslawing aan werk nóg ‘n patologiese poging tot restourasie kan wees – die kunstenaar probeer desperaat om uitputting,, ledigheid of wanhoop te vermy deur ‘n voordurende toestand van kreatiewe waansin. Hiervan is Van Gogh, asook die ander kreatiewe indiwidue wat bestudeer is, goeie voorbeelde. Elgar (1975:14) sê dat Van Gogh in ‘n toestand van verrukking, homself gedryf het en soos ‘n slaaf gewerk het (vergelyk Plath, Mansfield en Sexton in 3.4.1.2 - 3.4.1.4 en Picasso in 3.4.3.2).

Gedo (1983:132) voer aan dat Van Gogh ook na die natuur gedraai het as “alternatiewe ouer”, sodat hy sy innerlike gesteldhede in sy fisiese omgewing weerkaats kon sien. Daarom het hy dikwels landskappe geteken vir die uitbeelding van sy gemoedstoestand. Walther & Metzger (1993:656) meen dat Van Gogh ‘n luisterrykheid en konsekwentheid van bui in kuns wou opteken wat in die natuur vasgevang moes word. Hiervan is die skilderye van die boeremeisies in die koringvelde, naamlik *Young Peasant Woman with Straw Hat sitting in the Wheat* en *Young Girl standing against a Background of Wheat*, goeie voorbeelde (sien Figuur 7a-b). Van Gogh was lief vir die kleur van die son en skilderye van sonneblomme soos *Vase with Twelve Sunflowers* het sinoniem met Van Gogh geword (sien Figuur 8a). Op ‘n stadium het hy sy huis geel geverf as teken van sy persoonlike “goue eeu” (664). Hierdie huis is in ‘n skildery verewig – *Yellow House* (sien Figuur 8b). Die liefde vir geel word ook weerspieël in sy baie skilderye van koringvelde soos *Wheatfields with Cornflowers* en *The Fields* (sien Figuur 8c en d).




Figuur 7a - *Young Peasant Woman with a Straw Hat sitting in the Wheat*



Figuur 7b - *Young Girl standing against a Background of Wheat*




Figuur 8a - *Vase with Twelve Sunflowers*



Figuur 8b - *Yellow House* (Walther & Metzger, 1993:423)






Figuur 8c - *Wheat Fields with Cornflowers* Figuur 8d - *The Fields*

Die uitval wat Van Gogh in 1881 met sy vader gehad het, was een van baie met die konserwatiewe, ortodokse en hardkoppige predikant (Walther & Metzger, 1993:706). Dit het hom depressief gemaak, maar tóg het sy vader se dood na ‘n beroerte in 1885, hom diep geraak ten spyte van al die twis.


Volgens Van Wyk (2007:9) het Van Gogh in Oktober 1885 afgesien van die Bybel en Westerse literatuur as bronne van begrip en hoop in ‘n swaarkry-wêreld. Walther & Metzger (1993:629,631) beskou die eeu van Van Gogh as ‘n bevrydingstyd waarin God deur fisika vervang is. In hierdie nuwe stelsel kon die kragte van aantrekking en afstoting self **lewe** maak. Die outeurs reken dat melancholie onvermydelik was, want, ten spyte van die ondersteuning wat die natuur gebied het, was die kunstenaar uiteindelik op sy eie: hy kon nie meer die verbindinge waarneem óf die plan en betekenis uitmaak wat hom in die wêreld ingesluit het nie. Sy skildery van 1890 *Old Man in Sorrow*, soms genoem *On the Threshold of Eternity*, weerspieël hierdie toenemende gevoel van verlatenheid (sien Figuur 9).



Figuur 9 - *Old Man in Sorrow* (Walther & Metzger, 1993: 631)

Soos so baie ander kreatiewe indiwidue, is Van Gogh aangespoor tot onophoudelike, verslawende produksie om sy patologiese neigings te omseil (Gedo, 1983:115) (vergelyk ook 2.9.1). Later verduidelik Gedo (1996:224) dat toewyding aan kreatiewe pogings só ‘n groot uitdaging kan wees dat dit die kwesbare persoonlikheid oorlaai en tot psigopatologie lei. Terwyl

Vincent kreatief met sy broer, Theo, se bystand gewerk het, was sy emosionele probleme uit fokus en het dit sy selfmoord **uitgestel**, maar nie **voorkóm** nie (Gedo, 1983:85, 113). Die teenwoordigheid van die skilder Gaugin wat vir twee maande by hom gebly het, was moontlik 'n voortsetting van die simbiotiese verhouding met sy broer, Theo (vergelyk 3.3.6 met betrekking tot simbiotiese verhoudings). Vir Maisel (2002:18) was Van Gogh se fantasieë oor samesmeltings duidelik toe hy in Desember 1888 sy een oor afgesny het in reaksie op Gaugin se vasbeslotenheid om hom te verlaat. Hierdie verlating het vir Van Gogh gevoel soos die verlies van 'n deel van homself. Sy selfportret van Augustus 1889 weerspieël volgens Walther & Metzger (1993:535) lyding ná die verblyf in die gestig, asook 'n waaksame, versigtige blik wat te kenne gee dat die wêreld van die doek veiliger as die buitewêreld was (sien Figuur 10).



Figuur 10 - *Self Portrait, August 1889* (Walther & Metzger, 1993:534)

Walther & Metzger voer aan dat Van Gogh oënskynlik daarvoor lief was om die nagtelike sterrehemel te skilder met kerse weerskante van die esel vasgemaak (715). Sy skildery van 1888 *Starry Night over the Rhône* (sien Figuur 11a) verskil aansienlik van *Starry Night* wat 'n

jaar vóór sy selfmoord in Junie 1889 geskilder is (sien Figuur 11b). Walther & Metzger verduidelik dat die spiraallyne van laasgenoemde skildery 'n uitdrukking is van voorgevoelens van komende lyding - byna asof die kunstenaar in 'n skoktoestand verkeer het (523). Dit herinner die navorser aan die woorde in die liedjie, *Vincent* wat na aanleiding van Van Gogh geskryf is, naamlik "*Starry, starry night.....*"




Figuur 11a - *Starry Night over the Rhône*



Figuur 11b - *Starry Night, 1889*

In die laaste twee maande voor sy dood het Van Gogh meer as een skildery per dag voltooi (Walther & Metzger, 1993:646-648). Die outeurs sê die kritici het beweer dat Van Gogh se duiwel hom totaal ingeneem het. Hulle het sy kreatiewe koors met díe van Nietzsche vergelyk wat in waansinnigheid geëindig het. Vir die outeurs lyk dit asof Van Gogh vir oulaas 'n blywende gedenkteken wou skep voordat hy vir altyd van die aarde sou verdwyn (vergelyk ook Picasso in 3.4.3.2). Tóg toon sy laaste skilderye nie so baie swaarmoedigheid, depressie óf voorgevoelens van die dood waarvan die skildery van Junie 1890 *Young Man with Cornflower* getuig nie (sien Figuur 12). Walther & Metzger meen egter dat Van Gogh selfvertroue en blymoedigheid voorgegee het wat hy nie gevoel het nie en dalk op die wêreld wou reageer met 'n vals optimisme.



Figuur 12 - *Young Man with Cornflower* (Walther & Metzger, 1993:676)

Op 6 Julie besoek Van Gogh sy broer, Theo, in Parys, maar laasgenoemde was geokkupeerd met sy siek seuntjie, asook ander bekommernisse.(Walther & Metzger, 1993:718). Alleen en verstote kon Van Gogh nie meer voortbaklei nie. Dalk het hy ook gevoel dat die eerste dooie Vincent sy kinderjare weggeblaas het, asook sy vertroue in sy vermoë om liefde te wen, finaal vernietig het. Walther & Metzger voeg by dat Van Gogh op 23 Julie sy laaste brief aan Theo skryf, op 27 Julie homself in die bors skiet en op 29 Julie sterf nadat hy kort tevore vir Theo langs sy bed gesê het: "I wish it were all over now". Van Gogh se **wil** om te lewe het verdwyn.

#### 3.4.3.1.1 Slotsom

In die lig van die bogenoemde bespreking maak die navorser vanuit die invalshoek van die Christelike geloof die volgende interpretasie ten opsigte van die verhouding tussen wat beleef is as ouerverwerping en pogings om dit deur middel van uitlewing van kreatiwiteit te verwerk.

Vincent Van Gogh het nooit waarlik geweet wie hy was nie: ‘n unieke mens met besondere eienskappe en ‘n groot talent óf iemand wat ‘n dooie se plek moes volstaan - ‘n dooie wat nie eers nagevolg kón word nie want geen “voorbeeld” het bestaan nie. Daarom kon Van Gogh nie kompenseer of “beter” probeer wees nie want hy het nie geweet teen “wie” hy meeding nie. In verwardheid en seer het hy meesal rigtingloos na homself bly soek – sónder die besef dat hy nie vir God ‘n plaasvervanger was nie, maar ‘n **unieke** mens.

Toe Van Gogh die Bybel nie meer as ‘n bron van begrip en hoop beskou het nie, was hy júís ankerloos in ‘n wêreld vol van swaarkry. ‘n Geloofsuitdrukking met die bedoeling om vertroosting te verkry, het ‘n onsuiwer bymotief. Uitdrukking van wáre geloof is **Godgerig** – ‘n soeke na troos en hulp van Bo. Dit het Dawid se psalms in jubelende getuienisse laat eindig. Van Gogh se skilderye kón getuig het van Jesus Christus se verlossings- en opstandingskrag. As sy kuns teonoom was, sou dit God vereer en verheerlik het. Die ontwikkeling van godsdienstige ywer as gevolg van leemtes wat liefdesteleurstellings gelaat het, was óók met ‘n verkeerde hartsbedoeling. Ywer vir die Here is ter wille van sý Koninkryk (Matt. 6:33). Paulus het in 2 Korintiërs 5:14 gesê dat die **liefde van Christus** hom dring en in 1 Korintiërs 10:31 sê hy dat álles tot eer van God is.

In plaas van net identifikasie met Jesus Christus, sou Van Gogh deur **oorgawe** aan Hom as Verlosser, pyn en lyding deur die oë van Jesus kon beskou en uitbeeld. Sy skilderye kon, in plaas van ophemeling van pyn en lyding, ‘n nuwe begrip daarvan aan kykers gegee het – die boodskap van **hoop** in Christus in ‘n wêreld vol wanhoop.

Die **God** van die natuur moes sy nuwe Vader-God geword het, en nié die natuur as sulks nie – al kán dit die mens se innerlike gemoedstoestande reflekteer. Die uitbeelding van hierdie gemoedstoestande deur die natuur, kán helend en betekenisvol wees, ás dit gefokus is op God. Sónder Hom word dit egter ‘n sinnelose daad van aanhoudende leegmaak met geen ware resultate nie.

Deur die onvoorwaardelike liefde en **aanvaarding** van God, asook 'n **identiteit** in Christus, sou Van Gogh sy unieke plek in die wêreld gevind het. Al het hy die Bybel woordeliks geken, het God se waarhede (soos Jes. 43:4), nie sy hart bereik nie; het Efesiërs 1, wat op God se visie en droom vir hom dui, nooit tot hom deurgedring nie. Die Woord het byna 'n middel tot 'n doel geword en Vincent het dit nooit sy eie gemaak en op homself van toepassing gemaak nie. Die navorser word herinner aan die gesprekke wat Jesus met twee mense gehad het: Nikodemus, self 'n leermeester van Israel (Joh.3:10) en die ryk jongman wat van kleinsaf élke gebod nagekom het (Matt.19:16-22). Nie een van die twee het in Gód se oë gekwalifiseer nie. Paulus het ál die godsdienstige kwalifikasies gehad (Fil. 3:3-6), maar beskou álles as waardeloos ter wille van kennis van Jesus Christus, die verkryging van Hom as énigste bate, eenwording met Hom én vryspraak – nie deur middel van wetsonderhouding nie, maar as gevolg van geloof in Christus (Fil.3:7-9).

#### 3.4.3.2 Pablo Picasso (1881-1973)

Pablo Picasso, wat in sy lewe 20 000 skilderye geproduseer het, word beskou as die mees invloedryke kunstenaar van die twintigste eeu.

Pablo Picasso is in 1881 in Malaga (Spanje) gebore as die eerste kind van José en Maria. Huffington (1988:15) en Richardson (1991:25) vertel dat Picasso oënskynlik doodgebore was, maar dat sy oom Salvador, hom laat "herleef" het deur sigaarrook in sy neusvleuels te blaas. Die dood wat magtiglik by sy geboorte teenwoordig was, het dwarsdeur Pablo se lewe in sy verbeelding verskuil gebly.

Op driejarige ouderdom het Picasso van sy moeder vervreemd geraak ná die geboorte van sy suster Lola, op wie sy moeder alle aandag fikseer het (Gedo, 1983:108, Gardner, 1993:144). Sedert Lola sý plek as die middelpunt van sy moeder se bestaan onttroon het, het Picasso vuriglik aan sy vader vasgeklou en hom begin aanbid (Huffington, 1988:21). Volgens Gedo (1983:108-109) het Picasso al as kind aanhoudend sketse gemaak het. Hierdie vroeë aktiwiteit kan geïnterpreteer word as 'n poging tot integrering van sy kinderlike wêreldperspektief deur ekspressionistiese aksie in die visuele sfeer (vergelyk Jonker, Plath en Mansfield se vroeë skryfpogings in 3.4.1.1 - 3.4.1.3). José wat self 'n skilder was, het Picasso van vroeg af in die skilderkuns onderrig. Picasso het só afhanklik van Don José se teenwoordigheid en geloof in hom geword, dat hy lewenslank nooit die behoefte aan 'n toegewyde manlike vriend ontgroei het nie (Richardson, 1991:51, 100). Só 'n vriend se lojaliteit, begrip en geduld was gedurig

onderworpe aan veeleisende toetse en moes alles opoffer ter wille van Picasso. Richardson beweer dat Picasso met sy persoonlikheid en sjarme later die een begaafde man na die ander ontwapen en verslaaf het – Pallarés, Sebartés, Casagemas en selfs sy seun Paolo. Hulle was versot op hom, maar het almal as sy gekrenkte slagoffers geëindig. Rose (1987:137) voer aan dat Picasso mense soos nuttelose, weggooibare versamelvoorwerpe hanteer het.

Picasso se moeder was volgens MacGregor-Hastie (1988:5) vir hom belangriker as sy vader, selfs materieel, omdat sy deur haar wingerd José se onvoldoende inkomste aangevul het. Maria was ambisieus en die ouers het baie oor geld rusiegemaak (15-16). Toe die wingerd tot niet gaan, en José die enigste broodwinner word, het sy aansien in Picasso se oë gestyg, ook toe José later beter werk kry (18-19). Picasso het altyd volgens Gardner (1993:144) ambivalente gevoelens teenoor sy vader gekoester omdat hy José as swak en té toegewend beskou het. Tóg was hy van sy vader se hulp afhanklik.

MacGregor-Hastie (1988:16-17) noem dat vader en seun se ontspannings-interaksie tot die bywoning van bulgevegte beperk was en kommunikasie tot kuns. Richardson (1991:7) voeg by dat Don José toesiggehou het oor Picasso se ontwikkeling en hom aangemoedig om baie te oefen in navolging van 'n loopbaan as akademiese skilder.

Volgens Gardner het Picasso se moeder hom bewonder en groot ambisies vir hom gehad, maar geen ware begrip vir sy potensiële talent getoon nie. Haar oorheersende en aggressiewe persoonlikheid het blykbaar ook met sý hardkoppigheid gebots. Gedo (1983:111) meen die gevaar was altyd daar dat Picasso se probleme met sy moeder in die vroeë kinderjare, in 'n verhouding met 'n vrou herhaal sou word. Huffington (1988:64) beweer dat Picasso nie met die ware, onvolmaakte Dõna Maria kon praat óf identifiseer nie en daarom het hy 'n geïdealiseerde beeld van haar geskep. Vogens Landrum (1996:180) het géén vrou óf skildery ooit aan sy hoë verwagtinge voldoen nie en hy wou albei gedurig verander.

In 'n huishouding oorheers deur vrouens, was die hele familie se toewyding gefokus op die ontwikkeling van sy kunstalent (Landrum, 1996:171). As die enigste seun aan weerskante van die familie, het vrouens baie aandag aan hom gegee, ook later in Barcelona (MacGregor-Hastie (1988:17,21). Richardson (1991:27) bevestig dat Picasso se latere gevoelens teenoor vrouens gewissel het tussen haat en teerheid, tussen toegeneentheid en hartelose manipulering en ook uitbuiting. Vrouens moes sy diepste psigiese behoeftes bevredig, sowel as sy kinderagtige nukke verduur. Hy het van kleins af gehoor dat hy 'n wonderkind is en hierdie tipe opvoeding

het ‘n selfgesentreerde indiwidu geskep wat geglo het dat hy buite die grense van gewone gedrag mag optree (Landrum, 1996:173).

Picasso het laat begin praat en was leergestrem (MacGregor-Hastie, 1988:15,19). Skool was vir hom ‘n pyniging – hy was rusteloos, het reëls gebreek en mense gehaat wat sy werk gekritiseer het. Sy opstandigheid het egter gepaard gegaan met ‘n diepe vrees vir eensaamheid. Om sy leerprobleme te verbloem, het hy alles wat vir hom onbereikbaar was met sy briljante tekeninge ontduik. Sodoende het Picasso die geleentheid misgeloop om deur die bemeestering van klein suksesse ‘n vaste vertrouensbasis in homself op te bou. Huffington (1988:27) vertel dat Picasso op elfjarige ouderdom goedgekeur is vir die Skool vir Skone Kunste en daar in sy vader se klas ingeskryf is. Waarin hy nie kon uitblink nie, het hy verafsku, en net uit keuse dinge gedoen, maar nooit op versoek nie (32). Picasso het selfs gespog oor sy ongeletterdheid en alwetendheid. Huffington meen dat die arrogante bravade en selfversekering ‘n diepe gevoel van ontoereikendheid bedek het.

In Corunna het Dõna Maria, sy moeder, se wantrouige geaardheid vererger. Sy was krities, asook afkeurend en het Picasso soos ‘n valk dopgehou. Dít het hom geleer om sy diepste innerlike geheim te hou (Huffington, 1988:26,29). Toe hy op ‘n plaaslike meisietjie verlief raak, is sy dadelik deur haar ouers weggestuur. Omdat Picasso arm, asook van ‘n minderwaardige sosiale klas was, is hy verwerp en as waardeloos beskou. Hierdie pyn en vernedering het hom diep verwond en hy het liefde begin wantrou.

In 1895 sterf Picasso se jongste sussie, Conchita aan witseerkeel (Huffington, 1988:29-30; Gardner, 1993:144). Picasso was versot op sy krulkop sussie en het tydens haar siekte met God ‘n verbond gesluit – as Hy Conchita sou red, sou hy sy kreatiewe gawe opoffer en nóóit weer skilder nie. Picasso was verskeur tussen die begeerte vir haar redding én haar dood, want met laasgenoemde sou die beoefening van sy gawe kon voortgaan. Toe sy sterf, het Picasso besluit dat God boos is en die noodlot ‘n vyand. Richardson (1991:50) wys daarop dat die skadu van dáárdie eed Picasso se hele lewe verdonker het. Sy skuldgevoel was baie groot en om dít te omseil, het hy geglo dat haar dood hóm vrygelaat het om sy roeping na te volg, ongeag die gevolge. Gardner (1993:144) bevestig dat Picasso die woede oor Conchita se dood teen Gód gerig het, en homself voorgeneem het om in diens van sy gawe na willekeur te lewe – ‘n verskoning vir ‘n egosentriese gedragspatroon.

In Barcelona het Picasso as vyftienjarige kunsstudent alreeds met sy sterk persoonlikheid bó die ander studente uitgestaan (Richardson, 1991:57-58). Al hét hy baie volwasse voorgekom, was Picasso soms kinderagtig – ‘n wapen wat hy volgens die outeur met duiwelse bedrewenheid vir manipulering gebruik het (67). Picasso se ouers het van hom verwag om sy ryk oom Salvador só te beïndruk dat hy vir Picasso ‘n toelaag én ‘n ateljee sou gee. Hierdie oom het veral begeer dat Picasso sy gawes aan God moes wy. Richardson noem egter dat Picasso geneig was om met die heilige kerkvoorwerpe te spot. Hy het alreeds in 1896 die figuur van Christus in ‘n waterverf gebruik as ‘n karikatuur van sy vriend Sebartés. Huffington (1988:33-34) voer aan dat Picasso gedurende sy vroeë dae in Barcelona ook ‘n tekening gemaak het van Christus wat die duiwel seën. ‘n Jaar ná hierdie tekening het hy nóg een van Christus gemaak – gesigloos, onpersoonlik en onwerklik, ‘n Christus wat géén antwoorde verskaf nie. Die outeur voeg by dat Picasso die Katolieke Kerk wat ook nie vir hom antwoorde voorsien het nie, verwerp het. Huffington het vroeër in sy skrywe al verwys na Picasso se dubbelsinnigheid teenoor God: terwyl hy sy ateïsme uitgebasuin het, het hy met die gekruisigde Christus geïdentifiseer en gedurende groot beproewings in sy lewe, altyd na hierdie tema teruggekeer. Op hierdie manier het hy na willekeur sy godsdiens uitgestoot en dan weer ingeroep. Landrum (1996:173) voeg by dat Picasso ook Nietzche se filosofie aanvaar het: ‘n Superman wat die wil tot mag kan gebruik vir oorlewing in ‘n wêreld waarin God dood is.

Omdat Picasso homself van sy vader wou bevry, het hy José begin uitbeeld as ‘n wanhopige persoon, gedreineer van lewe (Huffington, 1988:35-37). Sy vader het ook vir hom ‘n psigologiese mededinger geword vir wie se raad en kritiek hy moeg geword het. Landrum (1996:173) noem ook dat Vader José se elegansie en aantreklikheid die onaantreklike Picasso moontlik minderwaardig laat voel het. Daarom het Picasso sy vader, die essensie van manlikheid, verwerp en deur sy verleidelike houding, sjarme en magnetisme wat veral vrouens beïndruk het, gekompenseer (51).

Picasso is op sestien in Madrid as kunsstudent aanvaar (MacGregor-Hastie, 1988:23). Hier het hy gemakliker by die uitgeworpenes gevoel en nie by sy dosente se huise “ingepas” nie. By die San Fernando Akademie waar Picasso van Oktober 1897 - Junie 1898 studeer het, het hy nie aan sy eie óf sy familie se verwagtinge voldoen nie (Richardson, 1991:90,93). Die familie het gedink dat hy pryse, beurse, asook toekennings en uiteindelik ‘n professorskap sou kry. Sy oom Salvador wou hom nie meer ondersteun nie. Richardson meen dat Picasso se energie en konsentrasie sonder vader José se aanmoediging en geloof, verminder het. Sy Madrid skilderye het karakterloos vertoon. Alhoewel die groeiende afstand tussen Picasso en sy vader

hom **bevry** het, het dit hom blykbaar verlore en verbysterd gelaat – ‘n sestienjarige wat die moeilike oorgang moes maak van **oor**beskermde wonderkind na **on**beskermde volwasse presteerder.

Picasso was met sy terugkeer na Barcelona, nie meer so ‘n kragtige en onafhanklike karakter as agtien maande tevore nie. Dog was hy nie langer bereid om hom aan sy vader óf onderwysers by La Lonya se voorskrifte te onderwerp nie (Richardson, 1991:109). Picasso moes ‘n ander manlike metgesel in sy vader se plek vind. Rose (1987:114-115) noem dat sommige kreatiewe individue dikwels **vennootskappe** benodig met indiwidue met wie hulle onbewustelik saamgesnoer voel. Hierdie vennootskappe verteenwoordig dalk die veruiterliking van ‘n innerlike splitsing en is ‘n poging tot heling van die verdeelde self deur die interpersoonlike vasstelling daarvan. Picasso en Van Gogh is albei voorbeelde hiervan (vergelyk ook 3.3.6 – rou en die simbiotiese verhoudings). Handel (1988:14-15) sê die opkoms van die self word moontlik gemaak en gestimuleer deur ander, veral ouers, se belangstelling in die ontwikkelende kind. Die sóórt belangstelling in die kind dien as ‘n taksering van sy / haar waarde. Die teenstrydighede tussen die **ideale** self (wat die persoon begeer om te wees) en die **ware** self (wat hy / sy is), verwek angs (Pieterse, 2006:39). Laasgenoemde word dan geassosieer met probleme in plaas van lewensgeluk en gesondheid (vergelyk veral Plath se worsteling tussen die ideale en ware self in 3.4.1.2).

Richardson vertel dat Picasso vir Casagemos op sewentien ontmoet het en vir die volgende agtien maande was die twee onafskeidbaar (119). Die outeur sê dat hulle net voor Picasso se negentiende verjaarsdag in Parys aangekom het waar Picasso opgang gemaak het en ‘n taamlike Boheemse leefwyse gevolg het (159). Met die twee vriende se terugkeer na Malaga in 1901, het Picasso met sy voorkoms en gedrag sy oom se gramskap vererger, die familie teleurgestel en is kwaai deur sy vader gekritiseer. Picasso het die huis uitgestorm en sy vader nooit weer lewend gesien nie (MacGregor-Hastie, 1988:31.33).

‘n Maand nadat Picasso vir Casagemos uit sy lewe geskuif het, het laasgenoemde in 1901 selfmoord gepleeg en Picasso met ‘n pynlike skuldgevoel agtergelaat (Richardson, 1991:119). Volgens die outeur het Picasso in blou begin skilder – die sogenaamde Blou Periode wat alreeds in Barcelona begin het (182). Die dood is in Picasso se werk ingebring – mense wat sterf, troostelose selfportrette en skaduagtige gesigte, onder andere in die volgende skilderye: *The Tragedy, The Mistletoe Seller, The Soup* en The *Disinherited Ones* (Huffington, 1988:56).

Sien Figuur 13a-d.  Verder wys Huffington daarop dat Picasso altyd in krisistye suiwering, eerder as vertroosting gesoek het en werk as ‘n toevlugsoord gebruik het.



Figuur 13a - *The Tragedy*



Figuur 13b - *The Mistletoe Seller*



Figuur 13c - *The Soup*



Figuur 13d - *The Disinherited ones*

Ná Carlo Casagemos se selfmoord het Picasso skynbaar sy lewe om verskillende soorte vrouens gebou (MacGreogor-Hastie, 1988:4-5).  Hy is geïnspireer **deur** vrouens, **ten spyte van**

vrouens, asook deur liefde, haat en veragting **vir** vrouens.  Die outeur meen dat die vrouens verantwoordelik was vir die aanhoudende borreling van idees en elke vrou was onontbeerlik vir sy werk (218, 223).  Picasso se werk het met die vrouens ooreengekom – sensueel en sag óf venynig en bitsig.  Wanneer ‘n verhouding begin taan het, het die skildery van die vrou volgens Richardson (1991:464) leliker, minder liefdevol en onvleiend geword.  Woede teenoor ‘n vrou is uitgebeeld in aaklige en meesal groteske skilderye.  Dit lyk vir Gardner (1993:170-171) asof Picasso se eskapades met vrouens, asook artistieke style en media, gedien het as katalisator en eksperimentering, sowel as uitbeelding van sy probleme met vrouens.  Huffington (1988:208) voer aan dat Picasso se drang om te oorheers, besit en manipuleer, ‘n byproduk was van sy groeiende selfgerigtheid wat álle verhoudings deurdring het.  Die outeur meld dat Picasso nooit ‘n verhouding beëindig het nie, want dít sou soos die dood  wat hy gevrees het, voel.  Daarom is ‘n vrou net verváng.  Hy word deur sy vrouens en minnaresse beskuldig van liefdeloosheid en ‘n onvermoë om te bemin (316).  Wanneer hy wél van homself gegee het, het hy álles gegee en daarom het vrouens altyd gebly.  Dit was vir hulle ook só aanloklik, veral wanneer hy hulle in skilderye opgehemel het;  skilderye van Picasso, die wêreldbekende skilder (345).

Huffington (1988:63-64) dui aan dat Picasso in ‘n stryd gewikkel was vir manlike definiëring en oënskynlik kragtige wellus as die gepaste emosie teenoor vrouens beskou het.  *The Two Sisters*, die skildery wat hy in 1902 geskilder het van ‘n prostituut en ‘n non, toon Picasso se verdeelde visie van vrouens as madonnas of prostitute.  Alhoewel hy sy hart teen **liefde** gesluit het, kon hy nie sy verstand teen **obsessie** toesluit nie (sien Figuur 14).



Figuur 14 - *The Two Sisters* (http://www.abcgallery.com/P/picasso)

Terug in Barcelona in 1903 het Picasso sy bande met sy moeder verbreek en is terug na Parys waar Max Jacob sy mentor geword het, hom deur die Franse kultuur gelei het, maar ook aan die okkulte bekendgestel het (Richardson, 1991:203, 205, 207). Die outeur noem ook Picasso se veranderlike buie en die woedeuitbarstings die gevolg van enige versteuring van sy maniese werkkonsentrasie.

Volgens Richardson, 1991:304) was Picasso altyd verskeurd tussen sy verlange na kinders en die ergerlike verantwoordelikheid verbonde daaraan (306). Gardner (1993:171) konstateer dat Picasso sy kinders geniet het terwyl hulle jonk was, maar klaarblyklik spoedig vir hulle moeg geword het. Huffington (1988:196) meen dat die skildery *Paulo as a Pierrot,* wat Picasso later van sy oudste seun Paulo gemaak het, 'n aanduiding was van 'n **herinnering** van 'n klein seuntjie eerder as met die **realiteit** van 'n groeiende agtjarige kind (sien Figuur 15).



Figuur 15 - *Paulo as a Pierrot* (http://www.abcgallery.com/P/picasso)

Picasso se verhouding met Fernande Olivier in 1904, was die eerste waarlike verbinding aan 'n vrou (Huffington, 1988:76, 78).  In hierdie tyd begin sy Roos Periode waarin hy meesal harlekyne, soos in die skildery *Fat Clown Seated* en *Clown on a Horse*, asook sirkusartieste skilder (sien Figuur 16a en b).



Figuur 16a - *Fat Clown seated*



Figuur 16b - *Clown on a horse*

Later het die vrouehaat, wat die meeste van sy verhoudings belemmer het, opgevlam.  Na sewe jaar het hy en Fernande finaal uitmekaar gedryf (102).  Hierna het Picasso met Braque 'n simbiotiese verhouding gehad waarop albei floreer het en vir Picasso stabiliteit gegee het (104). Die outeur noem dat Picasso, wat sedert sy suster se dood siekte gehaat het, Braque nie eers met sy latere operasie besoek het nie (136).  Dít laat Huffington glo dat daar iets **kouds** in die middelpunt van Picasso se lewe en kuns was.


Na sy vader se dood was Picasso vasberade om die skuldgevoelens oor sy ondankbaarheid teenoor José, te vermy (Huffington, 1988:128).  Toe sy minnares, saam met wie hy vier jaar

was, aan tering sterf, het sy skuldgevoel vererger as gevolg van sy ontrouheid en onsimpatiekheid gedurende haar siekte.

In 1918 tree Picasso in die huwelik met Olga Kohlova, ‘n Russiese danseres (Huffington, 1988:147). Die outeur meen dat Picasso dalk gehoop het om saam met Olga ‘n toevlugsoord van kalmte te vind. In 1921 word Paulo, sy enigste wettige kind, gebore maar, in 1925 het die spanning tussen hom en Olga opgebou. Huffington (1988:183-185) verwys na die skildery van 1925 *The Dance (Three dancers),* wat die begin was van ‘n barbaarse dekomposisie van die menslike liggaam (sien Figuur 17a). Die oproeping van die kruisiging verenig die deurdringende gevoel van verdoemenis en vernietiging in die skildery. Uit woede teenoor Olga wat hom wou besit, produseer Picasso groteske skilderye van vrouens, vol aaklige kleur en karikature (183). In 1929 volg ‘n reeks aggressiewe skilderye soos *Head of a Woman with Selfportrait* wat ‘n uitdrukking was van Picasso se opstand en woede teen álle dominerende vrouens van die verlede én hede (sien Figuur 17b).



Figuur 17a - *The Dance*



Figuur 17b - *Head of a Woman with Selfportrait*

Op ses-en-vertig jaar begin Picasso ‘n geheime verhouding met die kinderlike, onderworpe 17 jarige Marié-Thèrése Walter. MacGregor-Hastie (1988:125) wys daarop dat Marié-Thèrése as ‘n vroom Katoliek, haarself dinge ontsê het en mis toe gegaan het. Toe sy Picasso op ‘n stadium ook seks ontsê het, was hy woedend en het in 1930 sy beroemde *Crucifixion* geskilder (sien Figuur 18). Volgens Huffington (1988:197) was dit ‘n ontstellende kruisigingstoneel sonder enige teerheid en ruimte vir medelye. Soos in die verlede, het Picasso in ‘n oomblik van wanhoop en woede, met die lydende Christus geïdentifiseer al hét hy altyd teen God uitgevaar. Die outeur glo dat Picasso áltyd teen iets groots moes uitvaar en daarom het hy die grote en almagtige **God** gekies en Hóm lewenslank sy teenparty gemaak.



Figuur 18 - *Crucifixion* (http://www.abcgallery.com/P/picasso)

Toe Picasso se dogter, Maja, in 1935 gebore word, was hy volgens MacGregor-Hastie (1988:137-138) onseker of hy met Marie-Thérèse, die kind se moeder, wou trou omdat haar beskeidenheid as minnares dalk na “versmoring” sou verander as sy vrou. Soos sy verhouding met ‘n nuwe minnares, Dora Maar, gevorder het, het sy skilderye van Marie-Thérèse in 1937

leliker geword soos in die skilderye *Portrait of Marie-Thérèse* en *Marie-Thérèse with a Garland (s*ien Figuur 19a en 19b).



Figuur 19a - *Portrait of Marie-Thérèse*



Figuur 19b - *Marie-Thérèse with a Garland*

'n Reeks skilderye met mismaakte vrouens volg in 1936 soos *Woman with a Watch* en *Sleeping Woman with Shutters (s*ien Figuur 20a en 20b). Dalk was Picasso weer eens kwaad vir vrouens en het die "dubbele" verhouding vir hom problematies geword.




Figuur 20a - *Woman with a Watch*



Figuur 20b - *Sleeping woman with Shutters*

Die verhouding tussen Picasso en Dora Maar het ook stelselmatig versleg. Wanneer die twee skilderye van Dora Maar vergelyk word, lyk die een van 1942 nie meer so mooi as die vroeëre een van 1937 nie (sien Figuur 21a en 21b).



Figuur 21a - *Dora Maar, 1937*



Figuur 21b - *Dora Maar, 1942*

Toe Picasso se moeder in 1939 sterf, was hy volgens Huffington (1988:245) verdrietig, maar het nie gerou nie. ‘n Nuwe verdriet is bygevoeg by die ander innerlike onverwerkte seer en die muur om sy hart het verdik. Al hét Dõna Maria sy werk bewonder, het sy ánder ambisies vir hom gehad het – in plaas van ‘n “vuil” kunstenaar met ‘n “morsige” ateljee eerder ‘n lid van die kunsstigting (MacGregor-Hastie, 1988:218-219). Al identiteit wat Picasso vir haar gehad het, was dié van “wonderkind” wat ‘n wêreldberoemde skilder sou word.

Hierna het Picasso op ‘n ongevoelige en wrede manier Dora en Marié-Thèrése teen mekaar afgespeel (Huffington, 1988:262-263). Die outeur meld dat dit vir Picasso opwindend was om mense se emosies te manipuleer en álmal om hom in kompetisie met mekaar te sien. Landrun (1996:171) voeg by dat die macho beeld van ‘n vrouejagter blykbaar by Picasso ‘n diepgesetelde fantasie was, sowel as ‘n wensvervulling van sy onversadigbare behoefte aan aanbiddende en hulpelose vrouens.

Op een-en-sestig jaar was die een-en-twintig jarige Françoise Gilot vir Picasso ‘n uitdaging en sy het lank onoorwinlik gebly (Huffington, 1988:266). Die verhoudingspatroon met Françoise


was verleiding van sý kant wanneer sy wegbeweeg het en wegstoot wanneer sý tekens van ware teerheid getoon het (298-299). Picasso wou die mense naaste aan hom verdryf, maar was paniekerig wanneer hulle hom juis wou verlaat. Toe Françoise wou weggaan, het hy haar deur sy trane van selfbejammering oortuig om te bly. Hy speel haar ook teen Marie Thèrése af uit woede oor haar onbuigbaarheid (304).

Françoise gee in 1947 geboorte aan 'n seuntjie, Claude, maar ná die dogtertjie, Paloma, se geboorte in 1949, was sy siekerig en het Picasso van haar begin onttrek. Huffington meen dat Françoise se weggaan in 1953 vir Picasso 'n neerlaag was want hy het altyd sélf van 'n vrou ontslae geraak (394-395). Op twee-en-sewentig jaar begin hy uit wanhoop naarstiglik werk en produseer 180 skilderye in 2 maande. Vir die eerste keer het hy homself begin beskou soos Françoise hom gesien het – 'n man wat as 'n veroweraar deur die lewe marsjeer het terwyl hy tevergeefs mag, vrouens, rykdom en glorie versamel het. Dit lyk asof hy in 'n reeks belydenis-skilderye die immer-ontwykende lewenskragtigheid wou vasvang. 'n Sinloosheid het oor Picasso se kuns gehang – asof hy besef het dat die seksuele genot vir hom as ou man verby was en dat hy gaan sterf sonder die wete waarom hy gelewe en geskilder het. Huffington beskou die reeks skilderye wat Picasso in Februarie 1954 voltooi het, as die naaste wat hy aan berou gekom het – 'n beëindiging van selfbedrog en 'n gewilligheid om die pynlike werklikheid te konfronteer. Die outeur betreur die feit dat dit ongelukkig níe vir Picasso die pad na selfbegrip en selfbemeestering was nie. MacGregor-Hastie (1988:222) vermeld dat Picasso ná Françoise weg is, álles probeer het – kunsvorms is afgewissel met grasie en afskuwelikheid; elegansie met monsteragtigheid. In 1954 met die afsterwe van die skilder Matisse, vir wie Picasso as 'n vader gerespekteer het, word die laaste deel van Picasso se verlede afgesluit (Huffington, 1988:337,403). Al hét Picasso na Matisse geluister, het hy nooit op sy raad ag geslaan nie, naamlik om in 'n gemoedstoestand van **gebed** te skep. Matisse het geweet dat Picasso se siel seer was, maar die skild van Picasso se sinisme het altyd sy pyn bedek.


Jacqueline Roque, die nuwe vrou in sy lewe, moes die wêreld op 'n afstand hou terwyl hy geskilder het om die dood te kniehalter (Huffington, 1988:402-403). Hy kon nie liefde deur sy kuns ontsluit nie, maar het aanhou skilder. Die outeur meen dat Picasso en Jacqueline mekaar verslind het – sý deur haar versmorende parasietagtigheid en hý deur sy verplettering van haar gees en menslikheid (414). Vóór sy kliniese dood, sou Picasso "uitgesuig" word. In 1959 identifiseer Picasso wéér met die lydende Christus in 'n reeks tekeninge wat geen troos óf bevryding getoon het nie (428). Met hulle huwelik in 1961 het Jacqueline die griewe van ses

jaar losgelaat deur haar oorheersing en stelselmatige isolering van Picasso van sy vriende en kinders (436-437).

Fernande Olivier se memoirs wat in 1964 gepubliseer is, het baie insig in Picasso se karakter gegee en weerkaatsing in háár spieël het sy selfmisleiding bemoeilik en sy "legende" versteur (Huffington, 1988:204-206). Die outeur wys daarop dat Picasso mense kon betower en mislei deur middel van sy gekose masker van vreugdevolle nederigheid wat sy vrees, verwarring asook wroeging weggesteek het. Hy moes egter nog daarmee saamlewe. Vir Picasso was werk die enigste wapen teen die dood, maar selfs dít het, soos sy gesondheid, agteruitgegaan. In 1966 op vyf-en-tagtig jaar word sy verlies aan vreugde in sy blindwordende oë weerkaats (451-455). Hy werk meer en meer, waansinniger, vinniger en growwer in 'n poging om tóg nog **die** skildery te skep waarvan hy nog altyd gedroom het. Skilder het die enigste bron van bevrediging geword en hoe meer dit misluk het, hoe meer het hy soos 'n verslaafde daarna teruggekeer met uitsluiting van álles om hom (vergelyk 3.3.2 en die betekenisgewing deur middel van werk). Picasso het ook bly vasklou aan sy naam as skilder asof dit sy énigste beskutting was; sy enigste identiteit. In vergelyking met die selfportret van 1907, was sy laaste selfportret in 1972 vol sieleangs en foltering; 'n moeë gesig gestroop van die selfgekose masker wat só baie gebluf het (sien Figuur 22a en 22b). Hy sterf in 1973 ná 'n lang worsteling om asem te kry.



Figuur 22a - *Selfportrait of Picasso, 1907*



Figuur 22b - *Selfportrait of Picasso, 1972*

Vir Gardner (1993:144,182-183) vertoon Picasso as ‘n egoïstiese, wrede en sadistiese persoon wat psigies en fisies dié wat hom liefgehad het, mishandel het. Die outeur sê Gedo het Picasso ‘n “tragedie-verslaafde” genoem omdat hy aangetrokke was tot brose vrouens in wie se lewens hy gebly het tótdat ‘n tragedie voorgekom het. Nét Françoise was ‘n uitsondering omdat sy van hom weg is en later volgens Huffington (1988:406), ‘n gelukkige huwelik aangegaan het. In Gardner se opinie het Picasso sy kuns gebruik om woede en herinneringe aan negatiewe of traumatiese ervarings met sy ouers in die kinderjare uit te beeld.

Landrum (1996:171,173,181) voer aan dat Picasso ‘n oorheersende, charismatiese vernietiger was met ‘n innerlike konflik tussen ‘n psigologiese behoefte om te skep en ‘n dwang om te vernietig. Landrum meen dat Picasso se diepgesetelde onveiligheid die basis was van sy destruktiewe geaardheid want wat hy nie kon **beheer** nie, wou hy **vernietig**.

Huffington wys daarop dat Picasso se nalatenskap donker en tragies was (470-473). Sy voorspelling dat sy dood soos ‘n skipbreuk sou wees, en baie mense óm hom sou insuig, is bewaarheid. Sy oudste seun, Paulo, is op 54 jaar dood ná ‘n lewersiekte, veroorsaak deur dwelms en drank. Picasso het hierdie kind skynbaar verkwalik omdat hy níe buitengewoon was nie. Met sy lae selfbeeld het Paulo nie eers sy afhanklikheid van sy vader probeer afskud nie en ‘n mislukking geword. Picasso se kleinseun het op die dag van sy oupa se begrafnis selfmoord gepleeg; Marie-Thèrése en Jacqueline het onderskeidelik in 1977 en 1986 selfmoord gepleeg. Picasso se eerste vrou, Olga, is reeds in 1955 aan kanker dood met nét Paulo wat haar begrafnis bygewoon het.

In hoofstuk 2 (2. 5 en 2.6) is al genoem dat etlike skrywers verwys het na:

- Picasso se vervloeking van God, selfs in die uitbeelding van kruistonele;
- sy verdraaide, verdorwe kuns;
- sy erotiese, maar korrupte skilderye;
- sy geloof in niks en die minagting van God, die bron van sy kunsgawe.

Gedo (1983:113) reken dat Picasso en Van Gogh albei kwesbaarhede in hul persoonlikhede gehad het wat hulle onbevoeg gemaak het om effektief op hul eie in die gewone menslike konteks te funksioneer. Veral die narsistiese persoonlikheid word in albei kunstenaars se lewens waargeneem. Maisel (2002:143,165) noem veral die onvermoë van die narsistiese

persoon om te bemin en langdurige verhoudings te verdra. Veral by Picasso het die afwesigheid van empatie en agting vir ander se gevoelens alle verhoudings gekenmerk.

#### 3.4.3.2.1 Slotsom

In die lig van die bogenoemde bespreking maak die navorser vanuit die invalshoek van die Christelike geloof die volgende interpretasie ten opsigte van die verhouding tussen wat beleef is as ouerverwerping en pogings om dit deur middel van uitlewing van kreatiwiteit te verwerk.

Almal in Pablo Picasso se kinderjare het op sy uitsonderlike skildertalent gefokus en nét hierdie aspek van sy karakter beklemtoon. Afgesien daarvan om ‘n skilder te wees, het sy identiteit ook uit ánder eienskappe bestaan wat nooit ontdek of ontwikkel is nie. Toe hy die hele familie se verwagtinge omtrent sy beroemdheid teleurgestel het, is hy as méns ook verwerp. Picasso en skilder was sinoniem, ineengestrengel. Daarom het hy teen die einde van sy lewe wanhopig vasgeklou aan die énigste identiteit wat hy gehad het, naamlik kunstenaar / skilder want daarsónder was hy ‘n “niemand”.

Picasso het alles deur middel van beheer en woede hanteer – sy pyn, skuld en verwerping. Sy kuns was die middel wat hy gebruik het om aan ál sy negatiewe gevoelens en wrokke uiting te gee in plaas daarvan om sy Godgegewe talent in **God** se diens te gebruik. Om God te verwerp, Hom teë te gaan, te minag, te misbruik en te vertrap soos Picasso deur middel van sy kuns gedoen het, het ‘n maerte in sy siel gelaat wat hom aan die einde van sy lewe met volslae wanhoop vervul het. ‘n Persoon wat homself lewenslank op die troon plaas, gaan in die aangesig van die dood, wanneer alle menslike verdedigingе en strategieë padgee, troosteloos sterf.

Jesus Christus, die verwonde Heiland, sou ‘n ommekeer bewerkstellig het – ‘n ontdekking van die self, ‘n nuwe selfkonsep, ‘n nuwe identifikasie in Christus, asook ‘n aanvaarding van dood en Goddelike vertroosting te midde van hartseer. Dawid, wat ook soms vir God kwaad was, het daarmee na Hom gedraai, dit uitgespreek en sáám met sy Here deurgewerk om tot aanvaarding en berusting te kom. Picasso kon hierdie vrede deelagtig geword het as hy nie verkies het om juis sy Godgegewe gawe te gebruik om God te vervloek nie.

Picasso se selfgesentreerde, egoïstiese houding wat hom bó alle ordentlike optredes teenoor mense verhef het, herinner die navorser aan al die vermanings in Spreuke oor hoogmoed, onder andere: *“Die Here het ‘n afsku van ‘n verwaande mens; dit staan vas: so ‘n mens sal nie*

*ongestraf bly nie"* (Spr.16:5), asook *"Om die Here te dien, is om te haat wat verkeerd is. Daarom haat ek hoogmoed en hovaardigheid, 'n verkeerde lewe en slinkse woorde".* (Spr.8:13).

### 3.4.3.3 Vergelykende evaluering tussen die visuele kunstenaars

Al is visuele kreatiwiteit veronderstel om meer terapeuties as literêre kreatiwiteit te wees (vergelyk 3.3.3 en die inleiding van 3.4.3), was dit nie by Van Gogh óf Picasso suksesvol om ouerverwerping uit die kinderjare te verwerk nie.

Van Gogh se selfliefde is nie in die kinderjare opgebou nie. Daarom was sy gebrekkige selfliefde oormatig en ongesond gefokus op mense, veral vrouens. Daarenteen het Picasso, as enigste seun en wonderkind, te véél aandag gekry. Sodoende is 'n narsisme gevestig wat só absorberend was dat ander mense glad nie in ag geneem is nie.

Van Gogh en Picasso was albei afhanklik van simbiotiese verhoudings vir die instandhouding van hulle kuns en aanmoediging tot kunsproduksie (vergelyk 3.3.6 – simbiotiese verhoudings as deel van onverwerkte rou). Elkeen se houding teenoor die "helpers" het egter verskil – Picasso was uitbuitend en minagtend; Van Gogh was wél selfsugtig en moeilik om mee saam te leef, maar meer bereid om te behaag.

Albei het van God wegbeweeg, maar Van Gogh het nooit God in sy kuns geminag, vervloek óf soos Picasso sy woede in sy kuns uitgebeeld nie. Sy behandeling van vrouens was ook anders as Picasso se magsbeheer, gevoelloosheid en selfs wreedheid teenoor vrouens. Van Gogh het na hulle liefde verlang en was kwesbaar vir hulle uitbuiting omdat hy juis so graag wou plesier en dien.

### 3.4.4 Evaluerende vergelyking tussen die manlike kreatiewe indiwidue

Die belangrikste ooreenkoms tussen al die manlike kreatiewe indiwidue was die swak vaderfigure en sterk, oorheersende moeders wat hulle gehad het. Net Marais het nie 'n dominerende moeder gehad nie, maar tog "sterk" susters. Lowell en Fleming het albei van vroeg af gerebelleer en veral Lowell was aggressief, ook later in sy huwelik; Picasso het sy woede na alle vrouens verplaas; Van Gogh was manies daarop ingesteld om 'n vrou te verower wat hom kon liefhê; Lawrence was die enigste een wat hom nie teen sy moeder verset het nie, maar totaal deur haar geabsorbeer is – met nadelige gevolge vir sy verhoudings. Lowell en

Picasso het albei teen die einde van hulle lewens klinies bestaan, maar was emosioneel dood. Hulle kreatiwiteit was die laaste vashouplek in ‘n dorre, sinlose bestaan.

Lawrence, Fleming en Van Gogh moes aldrie met ‘n broer meeding. Gevoelens van minderwaardigheid en frustrasie ontstaan by só ‘n kind. Die ouers se verwagtinge van hom of haar is té hoog en wanneer nie daaraan voldoen word nie, ervaar die kind dat hy / sy nie goed genoeg is nie. Só ‘n kind sal probeer om soos Van Gogh iemand te wees wat hy nie is nie, rebelleer en opsetlik “sleg” optree, op allerlei maniere kompenseer soos Fleming óf uitermatig toegewyd wees en aanhou probeer soos Lawrence.

### 3.4.5 Evaluering van ooreenkomste tussen al die kreatiewe indiwidue

Drie belangrike ooreenkomste tussen die kreatiewe indiwidue het na vore gekom, naamlik:

- **Agtergrond** – al die kreatiewe indiwidue het tot ‘n mindere of meerdere mate verwerping deur hul ouer(s) in die kinderjare ervaar en hulle kuns gebruik om heling van die seer te probeer kry;
- **Terapeutiese gebruik van kreatiwiteit** – nie een van die tien kreatiewe indiwidue wat verteenwoordigend is van baie ander, kon hul seer vanuit die kinderjare suksesvol deur hulle kreatiwiteit verwerk nie. Die kreatiewe proses alleen was onvoldoende om terapeutiese rou te bevorder, selfbegrip of – integrasie te bewerkstellig en heelheid te bring;
- **Godsdiens** – nie een van die kreatiewe indiwidue het Jesus Christus se hulp ingeroep vir die verwerking van die verliese en hartseer vanuit die kinderjare nie. Geeneen het Jesus Christus as Verlosser leer ken en aangeneem nie. Daarom het nie een van die tien volgens 2 Korintiërs 5:17 ‘n nuwe mens in Christus geword nie – sonder ‘n traumatiese verlede, asook die gepaardgaande sondige gedagtes, gevoelens, gewoontes en optrede. Die belangrikste leemte is dat nie een van die kreatiewe indiwidue hulle kreatiwiteit Godgerig beoefen het nie, maar dit met verkeerde motiewe aangepak het as selfterapie vir die seer van ouerverwerping in die kinderjare (vergelyk motiewe vir die beoefening van kreatiwiteit in 2.9).

Verder het al die kreatiewe indiwidue etlike eienskappe met mekaar in gemeen gehad. Almal het:

- baie suksesvolle kreatiewe loopbane gehad en bekendheid verwerf;
- bly soek om die gapings wat verliese in die kinderjare gelaat het, te vul;

- na liefde verlang en dit op allerlei maniere probeer vind;
- 'n identiteitskrisis gehad en hulleself deur hulle kreatiwiteit probeer opspoor;
- hul kreatiwiteit gebruik as 'n verdediging om die primêre voorwerpverlies af te weer;
- lewenskrisisse probeer hanteer deur hulle kreatiwiteit;
- van hulle pyn weggehardloop deur middel van ontvlugting en / of ontlonting in kreatiwiteit;
- nooit by produktiewe rou uitgekom nie want woede het in die meeste se werk tot uiting gekom en die rouproses blokkeer;
- aan een of ander affektiewe versteuring of aan manies-depressiwiteit gely;
- versteurde menseverhoudinge gehad, veral met betrekking tot romantiese verbintenisse;
- onrustige, asook onvervulde lewens gelei en nóóit die lewe in oorvloed wat Jesus Christus in Johannes 10:10 belowe, ervaar nie;
- hulle pyn op diegene om hulle verplaas en sodoende ongeluk gesaai;
- aan die einde van hul lewens verydeling, selfs wanhoop belewe.

### 3.5 EVALUERENDE GEVOLGTREKKING OMTRENT AL DIE KREATIEWE INDIWIDUE

Al het baie ooreenkomste tussen die kreatiewe indiwidue voorgekom, was elkeen se optrede eiesoortig omdat elkeen vanuit sy / haar aangebore temperament opgetree het. Omdat God elke mens **uniek** geskape het, sal twee mense met dieselfde temperament nie eers eners optree nie. Mense word wél voortgestu deur die primêre behoefte van hulle temperament, maar selfgekose verdediginge en hanteringstrategieë is bykomstig en spruit uit die sondige hart van die mens..

Al wás die kreatiewe indiwidue se optredes beïnvloed deur hulle temperament, mag geeneen dit óf die kneusing van ouerverwerping in die kinderjare as verskoning aangevoer het nie. Alle negatiewe of vleeslike eienskappe kón onder die beheer van die Heilige Gees gekom het en dán sou hulle gedrag volgens Galasiërs 5:25, deur die Gees bepaal gewees het. Blaamverskuiwing is vrugteloos en blokkeer juis verandering. Jesus Christus het in Markus 7:20-23 gesê dat boosheid van binnekant afkom – uit die hart van die mens. Die oorsaak van mense se probleme is dus nie hoofsaaklik ánder se dade of optrede teenoor hulle nie, maar hulle eie sondige geaardheid. en die neiging om die kwade te doen soos Paulus in Romeine 7:15, 18 beskryf het.

Elke kreatiewe indiwidu het 'n stimulus gehad waarop hy / sy moes reageer. Die stimulus was die seer van ouerverwerping in die kinderjare, maar elkeen se handelswyse was egter

selfgekose.  Mense kies om in hul eie oë God te wees en eiewillig, asook selfgesentreerd op te tree.  Die kreatiewe indiwidue het hulle kreatiwiteit gebruik in ‘n poging tot selfheling en selfverbetering.  Toe hulle onvervuld, stukkend, onrustig en ongelukkig gebly het, het frustrasie, verydeling en uiteindelik wanhoop gevolg.

Wanneer ‘n persoon die self lewenslank op die troon geplaas en God geïgnoreer het, gaan hy of sy in aangesig van die dood, wanneer alle menslike verdedigingе en strategieë padgee, troosteloos sterf, al is die dood soms selfs eiehandig bewerkstellig.  Sonder God was elkeen van die kreatiewe indiwidue se kuns in die oë van die Gewer van hulle talent, niksbeduidend en hulle mensgerigte kreatiwiteit sonder ewigheidswaarde.

Die kuns van al tien kreatiewe indiwidue, asook van alle ander kunstenaars wat met dieselfde seer geworstel het, kon vir die Here ‘n ryke oes opgelewer het, ás hulle nie toegelaat het dat die duiwel die seën steel nie.  In plaas daarvan dat goedheid en guns al die dae van hulle lewens hulle agtervolg het (Ps.23:6), het die **verlede** hulle soos ‘n genadelose bloedhond agtervolg. Die seer van gister was die meedoënlose vyand agter hulle.  **God** kon verhinder het dat die verlede hulle siele verwoes.  Jesus Christus wat gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is (Hebr.13:8), kan deur tyd breek, die verlede met alle slegte herinneringe daarin uitwis en dit omskep in ‘n seën vir die hede sodat die toekoms ‘n hoopvolle vooruitsig kan wees.  Hierdie seën het wél in die lewens van etlike kreatiewe indiwidue na vore gekom toe hulle na God gedraai het, Godgerig hulle kreatiwiteit begin beoefen het en heling gekry het (vergelyk 2.11).

As die kreatiewe indiwidue God as Vader leer ken het, sou hulle rus in Hom gevind het.  Hy is ‘n barmhartige God, vol ontferming (Ps.103:13-14), genadig en regverdig (Luk.6:36), met ‘n medelydende, vergewende liefde (Luk.15:20 – die verlore seun).  God is ook méér versorgend  as ‘n aardse vader.  By Hom is sekuriteit en rus (Ps.131:2).  Hy is lewenslank betroubaar (Jes.33:6) en sal nooit iemand in die steek laat nie (Hebr.13:5).  Hy is ‘n deernisvolle God wat gebrokenes van hart genees en hulle wonde verbind (Ps.147:3).  God se grootste liefdesbewys is die kruisdood van sy Seun, Jesus Christus (Rom.5:8;  Fil.2:8;  Kol.1:20).  Elkeen wat Hom aangeneem het, is ‘n kind en erfgenaam van God (Rom.8:14-17;  Gal.3:26-27; Gal.4:7;  Ef.:1) met ‘n openheid om Hom “Abba” , dit is “Pappa”,  te noem (Gal.4:6).  Dit sou troos gewees het vir hulle almal wat ware kindskap van aardse ouers ontbeer het – om ‘n kind van die Hemelse Vader te wees;  ‘n Vader met eienskappe wat géén aardse vader óóít kan besit nie en met ‘n liefde wat Gód alleen kan gee en bewys.

### 3.6 SLOT

In hierdie hoofstuk is gekyk na sekere aspekte met betrekking tot kreatiwiteit, asook na die lewens van kreatiewe indiwidue wat antroponoom in plaas van teonoom, ouerverwerping in die kinderjare probeer hanteer het deur middel van hul kreatiwiteit. In die volgende hoofstuk sal kreatiwiteit by volwassenes as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare empiries getoets word volgens die tweede been van die prakties-teologiese inkleding van Ricoeur se hermeneutiese model, naamlik verklaar. In hierdie geval sal uitlewing van kreatiwiteit getoets word in ‘n poging om die rede vir die mislukking van verwerking van ouerverwerping in die kinderjare, vas te stel.

# HOOFSTUK 4

# VERKLARING / VERDUIDELIKING VAN DIE MISLUKKING VAN KREATIWITEITSBEOEFENING BY VOLWASSENES AS VERWERKING VAN OUERVERWERPING IN DIE KINDERJARE DEUR MIDDEL VAN ‘N EMPIRIESE STUDIE

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die tweede been van die hermeneutiese grondbegrip van Ricoeur se model, soos dit deur Heitink (1999:163-165) ontplooi word, ter sprake gebring. In die metateorie is distansiëring gebruik om kreatiewe indiwidue se handelinge en emosies te verstaan én te interpreteer. Respondente se reaksies en emosies sal in die empiriese studie op dieselfde manier bekyk word ter bereiking van die verdere doelwit van **verklaring** – die “waarom” deel van Ricoeur se driebeen-model. In hierdie geval sal dit ‘n poging wees om te verklaar waarom uitdrukking van kreatiwiteit in mensgerigte vorm deur persone wat verwerping in die kinderjare beleef het, skynbaar nie tot herstel van verhoudings lei en gelei het nie. Die empiriese navorsingsproses word verduidelik en die empiriese data word geïnterpreteer ten opsigte van kreatiewe volwassenes wat as kinders deur hulle ouer(s) verwerp is. Die volgende aspekte word vervolgens bespreek: die plek van die empiriese ondersoek in wetenskapsbeoefening; die doel van die empiriese ondersoek; die empiriese navorsingsmetode, naamlik kwalitatiewe navorsing; die kwalitatiewe navorsingstrategie, naamlik die gevalstudie; die metode van data-versameling, naamlik die onderhoud; die wyse waarop die kwalitatiewe studie ingerig sal word; mededelinge van die respondente; evaluerende gevolgtrekkings; en die slotsom.

## 4.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Heitink (1999:221) sê die woord empiries is afgelei van die Grieks *empeiria* wat ervaring beteken. Empiries is dan die term vir die benadering wat probeer aantoon dat alle wetenskaplike kennis gebaseer is op ervaring en in alle opsigte deur sintuiglike waarnemings van ervaring afgelei kan word. Daarom is die uitgangspunt van die empiriese navorsing mense se werklike ervarings.

Heyns & Pieterse (1990:77) meen dat empiries gekoppel is aan teologiese teorieë waarmee die werklikheid krities en evaluerend nagevors word. Heitink noem die empiriese ondersoek ook ‘n

bewuste vergelykings- en evalueringsproses (230). Volgens Van der Ven (1994:37-38) moet enige empiriese navorsingsaktiwiteit vanaf die hermeneutiese verwysingsraamwerk begin. Hierdie hermeneutiese beginsels is die kern van die ondersoek. Die empiriese navorser neem deel aan die lewenswêreld van sy / haar medemense wie se handelinge versigtig bestudeer en daarna ontleed word.

In die empiriese wetenskapsbeoefening word die alledaagse ervaringsproses "wetenskaplik" ondersoek, dit wil sê doelgerig, sistematies en gekontroleerd (Lemmer, 1991:12). Die oorspronklike begrip empirie lê in die alledaagse en doodgewone ervaringsproses van die mens met sy omgewing (Heyns & Pieterse, 1990:76). Die drie **deelprosesse**, as ervaringsaktiwiteit in die interaksie van die mens met sy omgewing, vorm die ervaringsproses, naamlik:

- waarneming (die inwerking van die omgewing op mense);
- uittoets (die opdoen van ervaring in die omgewing deur die keuse van sekere handelswyses);
- evaluering van die uitwerking van die omgewing op mense se optrede.

Hierdie benadering tot die term empirie lê volgens Heyns & Pieterse (1990:76,79.81) en Lemmer (1991:12) in lyn met die metateorie, naamlik die handelingsteorie en die basisteorie aangaande interaksie – die dialogiese kommunikasieteorie. In die empiriese beoefening word op die alledaagse ervaringsproses voortgebou deur die wetenskaplike verkenning, beskrywing, toetsing en verklaring van die ervaring met die omgewing. Veral die tweede deelproses, uittoetsing of die proefstelling, word ondersoek en geskied in drie **subprosesse:**

- vermoed met betrekking tot 'n sekere mate van kennis omtrent bepaalde prosesse wat in die omgewing opgedoen is;
- verwagting met betrekking tot die afleidings gemaak uit die vermoede dat sekere handelinge sekere effekte sal hê;
- toetsing met betrekking tot die nagaan van die korrektheid van die verwagting of die empiriese toetsing om die werklikheid van die uitwerking van spesifieke handelinge op mense, te bewys (Heitink, 1999:230).

Die drie subprosesse vorm die **grondlyne van die empiriese siklus** wat in empiriese metodologie soos volg geformuleer word:

- waarneming – insameling en kategorisering van empiriese data met die oog op die formulering van ‘n hipotese;
- induksie – kwalitatiewe ondersoek by wyse van onderhandelinge met betrokke mense waardeur die navorser uit die materiaal tot sekere bevindinge kom vir die werklike formulering van die hipotese;
- deduksie – afleiding van gevolgtrekkings van die hipotese in die vorm van toetsbare voorspellings;
- toetsing – lei tot nuwe empiriese data, gebaseer op die resultate van die voorspellings;
- evaluasie – terugkoppeling van die resultate met die oorspronklike teorie en voorstelle vir addisionele navorsing (Heitink, 1999:230).

Heitink beskou die empiriese ondersoek as bruikbaar veral wanneer min oor ‘n sekere verskynsel bekend is en geen verduidelikende teorie nog daaroor ontwikkel is nie. Daarom word enige moontlike inligting uit die materiaal onttrek en is die eerste fases dikwels meer intuïtief. Dit bevestig Heitink se opmerking dat die pad van verstaan na verklaar een is van raai na toetsing. Met laasgenoemde word die interpretasies, wat verskeie moontlikhede bied, getoets vir geldigheid, redelikheid en regverdigheid (Heitink, 1999:163-164).

### 4.2.1 Doel van die empiriese ondersoek

Die doel van hierdie empiriese ondersoek is om op ‘n wetenskaplike wyse ondersoek in te stel om die uitwerking van kreatiwiteit as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare by volwassenes aan te toon. Deur eksplorerende navorsing kan méér gegewens ingesamel word om ‘n verklaring te gee van vorige gegewens wat in Hoofstuk 2 en 3 gevind is. Mason (2005:65) praat van die verkryging van gerondheid in data eerder as net waarneming van oppervlakkige patrone. Wanneer die navorser aan “ware wêreld” probleme werk, soek hy of sy volgens Leary (2005:147) data wat die feite versterk; onomstootlike data wat die probleem verklaar en later in probleemoplossing met betrekking tot verandering gebruik kan word.

Die navorser wil nie slegs menslike handelinge en ervarings in die empiriese studie opteken nie, maar ook rekening hou met God se handelinge wat deur sy genade mense se lewens omvorm tot heelheid. De Wet (2009:16) beklemtoon dat God se genade dán weerspieël in plaas van verduister word. Mense wat juis God se genade weerstáán het en wie se gebroke lewens níe deur God se genesende liefde aangeraak is nie, sal dan óók bekyk word.

Heitink (1999:221) konstateer dat die empiriese ondersoek die "wie doen wat?" aan die "waar en wanneer?" koppel en daarom is die uitgangspunt werklike ervaring van mense. Mense se aksies is verbonde aan 'n situasie. Hierdie handelinge vind plaas in tyd en plek, asook in 'n unieke konteks, bepaal deur variërende toestande en faktore. Volgens die outeur is die doelwit die formulering van 'n teorie of sekere voorveronderstellings wat in 'n hipotese mag ontwikkel. Daarom is die klem op verduideliking en interpretasie (230). Die doel van die eksplorende ondersoek is nie hoofsaaklik om die breër veld te eksploreer nie, maar om sekere verskynsels te beskryf en te verduidelik of te verklaar met die oog op die ontwikkeling van 'n sekere hipotese op grond van die bevindings.

Dingemans (1996:19) sê die Praktiese Teologie as empiries-analitiese handelingswetenskap, ondersoek mense se handelinge en ervaringe in hulle persoonlike en sosiale lewe met die doel om hulle motiewe en onderliggende normatiewe visie te interpreteer en te verklaar (63). Dingemans bepleit dat die Christelike tradisie op een of ander wyse in die evaluasie van die praktiese toepassing betrek sal word. Prakties-teologiese ondersoekers moet die ervaringsgegewens aan teologiese uitgangspunte toets en nie nét 'n sosiologies-wetenskaplike verklaring gee nie, of nét die hipotese aan feite of gegewens toets nie. Die empiriese studie het groot waarde vir 'n teologiese ondersoek want menslike handelinge word nie net waargeneem nie, maar rekening word ook gehou met **God** se handelinge met die mens – deur sy genade kan Hy menselewens omvorm óf waar mense sy genade weerstaan, hulle laat insien hoe verskeurd en skeefgetrek 'n situasie is waar God se genesende liefde in hulle lewens ontbreek of teëgestaan word.

Eietydse ervaring van die werklikheid is 'n ineenstrengeling van geloofservarings vanuit die Bybel (Dreyer, 1999:54,56). Daarom is die navorser van mening dat die **Skrif** 'n plek in die empiriese model moet hê want dán sal kennis van en kritiese nadenke oor menslike ervaring volgens Dingemans (1996:66, 70) in die perspektief van God se koninkryk geskied.

### 4.3 KWALITATIEWE NAVORSING

Die kwalitatiewe navorsingsmetode is vir die empiriese ondersoek gekies vanweë die voorkeur daarvan vir die "natuurlike omgewing", die begunstiging van oop en relatief ongestruktureerde navorsingsonderwerpe en data-versamelingsbronne wat juis die betekenis en funksie van mense se handelinge uitwys – die verklaar-deel van Ricoeur se driebeen hermeneutiese model.

Volgens Louw (1998:52) impliseer die woord kwalitatief ‘n beklemtoning van prosesse en betekenisse wat nie maklik meetbaar is in terme van kwaliteit, hoeveelheid en intensiteit van frekwensie nie. Die frase kwalitatiewe metodologie verwys in die breedste sin na navorsing wat beskrywende data produseer – mense se geskrewe of gesproke woorde, sowel as waarneembare gedrag, en is ‘n manier om die empiriese wêreld te benader in plaas van net ‘n stel data-versamelingstegnieke (Taylor & Bogden, 1984,5).

Warren & Karner (2010:5) noem kwalitatiewe navorsing “naby-ervaring” omdat dit ‘n in-diepte beskrywing en begrip gee van mense se gedrag, optredes en gedagtes. Die kriteria vir kwalitatiewe navorsing is dan om deur die oë van die respondente te sien met inagneming van húlle perspektiewe (Silverman, 1993:24; Babbie & Mouton, 2004:270).

Kwalitatiewe navorsing behels die gebruik en versameling van ‘n verskeidenheid empiriese materiale. Laasgenoemde beskryf die roetine, asook problematiese momente en betekenisse in indiwidue se lewens (Denzin & Lincoln, 1994:2). Alledaagse kontekste in plaas van toetse in eksperiment-toestande word gebruik, en betekenisse van gedrag, eerder as die gedrag as sulks, word bestudeer vir die dokumentering van die wêreld vanuit die respondente se oogpunt (Silverman, 2000:8).

Mason (2005:3) beklemtoon dat kwalitatiewe navorsing gebaseer is op metodes van data-versameling wat **buigbaar** en **sensitief** is vir die sosiale konteks waarin die data geproduseer word. Die navorser is oop en aanvaar die navraag soos die begrip verdiep en / of situasies verander. Hy of sy is ook bereid om nuwe ontdekkingsoektogte na te jaag (Patton, 2002:40). Dit bevestig Silverman (1993:24) se mening dat kwalitatiewe data konsepte en teorieë op ‘n vroeë stadium vermy.

In die hermeneuties-georiënteerde praktiese teologie word die werklikheid gesien as ‘n interpretasie-netwerk (Dingemans, 1994:46-47). Hierdie werklikheid word nie in teorieë vasgelê nie, maar in die vorm van inspirerende verhale wat die bedoelinge van mense se optrede of handelinge probeer begryp en interpreteer. Daarom gee kwalitatiewe navorsing dieper begrip en insig van sosiale navorsingstudies as gevolg van die indelf in innerlike ervaringe (Silverman, 2000:89).

Kwalitatiewe navorsing beklemtoon **geldigheid** en is daarom begaan oor die **akkuraatheid** van die data. Taylor & Bogden (1984:7) meen dit is nie ‘n impressionistiese “uit die vuis analise”, gebaseer op ‘n kunsmatige kyk op ‘n omgewing en mense nie, maar ‘n sistematiese stuk

navorsing onderneem deur veeleisende prosedures. Vir Corbin & Strauss (2008:1) is kwalitatiewe analisering ‘n proses van ondersoek en interpretering van data vir die onttrekking van betekenis, verkryging van begrip en ontwikkeling van empiriese kennis.

### 4.3.1 Sleuteleienskappe van kwalitatiewe studie

Die kwalitatiewe studie het etlike sleuteleienskappe, naamlik: menslike benadering, natuurlike benadering, kontekstuele benadering, induktiewe benadering en die fokus op die navorser as hoofinstrument van die kwalitatiewe navorsing.

#### 4.3.1.1 Menslike benadering

Kwalitatiewe navorsing impliseer vir die navorser dat waarde, hoedanigheid en gehalte, ‘n graad van voortreflikheid óf ‘n kenmerkende eienskap by mense, ondersoek sal word. Daarom sê Taylor & Bogden, 1984:6-7) beïnvloed die **metodes** waardeur mense bestudeer word hoe hulle beskou word. Met ‘n vermindering van woorde of dade tot statistiese vergelykings, word die ménslike kant van die sosiale lewe uit die oog verloor. Wanneer mense **kwalitatief** bestudeer word, word hulle persoonlik leer ken en hulle daaglikse stryd in die gemeenskap word ervaar. Daar word geleer van: skoonheid, pyn, geloof, lyding, frustrasie en liefde; mense se innerlike lewe, morele stryd, suksesse en mislukkings, hoop, ideale en verydelings. Al hierdie dinge gaan verlore met ander navorsingsbenaderings. In ‘n teologiese studie word veral gekyk na die geloofshandelinge óf ongeloofshandelinge van mense. Die manier waarop die verhouding met Gód kreatiewe mense se verhoudings beïnvloed, sal die fokus van belangstelling van hierdie teologiese studie wees.

Lemmer (1991:17), asook Babbie & Mouton (2004:270), konstateer dat mense vanuit hulle eie verwysingsraamwerk verstaan moet word sodat die werklikheid soos húlle ervaar word. Vir die navorser beteken dit empatie en identifisering met die respondente om te verstaan hoe hulle dinge beskou; ‘n “inklim in hulle skoene” en ‘n beskrywing van dinge deur húlle bril. Taylor & Bogden (1984:6) waarsku dat die navorser se eie gelowe, vooroordele en perspektiewe opsygeskuif moet word. Taylor & Bogden meen dat álle perspektiewe vir die kwalitatiewe navorser waardevol is. Die navorser soek nie “waarheid” of moraliteit nie, maar eerder ‘n gedetailleerde begrip van ander mense se perspektiewe en álle mense word as gelykes beskou.

#### 4.3.1.2 Natuurlike benadering

Kwalitatiewe navorsing gee voorkeur aan die "natuurlike omgewing" as primêre bron van data eerder as 'n kunsmatig-gedwonge een soos 'n eksperiment. Die ondersoek word in die natuurlike of "ware-lewe" omgewing van die sosiale optredes uitgevoer met die doel om 'n getroue voorstelling van die respondente se lewenservaringe, houdings, gevoelens, gedrag, besluite en perspektiewe te gee. Die identifisering van wat hulle gedrag besiel en beteken is 'n belangrike deel van die navorsing (Esterburg, 2002:13; Babbie & Mouton, 2004:271; Henn, Weinstein & Foard, 2005:150). Die fokus is dus op **mikro-vlak** begrip van die betekenis wat mense na hulle sosiale wêreld bring.

Ter bereiking daarvan moet die navorser: naby, persoonlike, sowel as empatiese verhoudings met die respondente hê; onderhoude deur middel van oop vrae voer; 'n openheid hê vir watter navorsingsresultate ook al na vore mag kom (Esterburg, 2002:13; Patton, 2002:39).

#### 4.3.1.3 Kontekstuele / holistiese benadering

Kwalitatiewe navorsing het 'n holistiese / kontekstualistiese benadering, met ander woorde die héle verskynsel word in terme van 'n spesifieke konteks bestudeer vir die verkryging van die héle prentjie. Daarom word begin met die soeke na begrip van die **geheel** (Taylor & Bogden, 1984:6; Denzin & Lincoln, 1994:212; Patton, 2002:41). Betekenis van 'n sosiale daad is afhanklik van die konteks waarin dit voorkom en ignorering van die kontekstuele verwring, volgens Neuman (1997:331), die sosiale betekenis en betekenisvolheid.

Die woord "konteks" beteken letterlik saamweef of aanmekaar vleg of verbind (Warren & Karner, 2010:29). Hierdie verwantskap skep die web van betekenis waarin mense optree. Corbin & Strauss (2008:88) sê konteks identifiseer die stelle toestande waarin probleme en / of situasies verrys en waarop mense reageer in die vorm van handelinge, interaksies en emosies. Volgens Warren & Karner is indiwidue verbind aan die wêreld deur sosiale groepe, strukturele verhoudings en identiteite. Konteks is 'n dinamiese proses waardeur die indiwidu gelyktydig vorm gee aan 'n omgewing en daardeur gevorm word. Kennis van die sosiale wêreld is intersubjektief, gebaseer op gedeelde betekenisse. Corbin & Strauss voeg by dat die navorser die uitgedrukte emosies, beleefde ervaringe en daadwerklike handelinge binne die konteks moet vasstel sodat die betekenis daarvan duidelik en akkuraat is.

#### 4.3.1.4 Induktiewe benadering

Kwalitatiewe navorsing gee voorkeur aan 'n induktiewe benadering. Die navorsing begin by die eksplorering van belangrike patrone, temas en interverhoudings in die natuurlike omgewing; ontdekking en akkurate beskrywing; dan bevestiging van vroeëre voorstellings of vermoedens eerder as reëls; en uiteindelik die teorievorming wat van die waarnemings sal sin maak (Patton, 2002:41; Babbie & Mouton, 2004:273).

#### 4.3.1.5 Die navorser – hoofinstrument van die kwalitatiewe navorsing

Intersubjektiewe begrip is om aanvoeling met respondente te vestig vir die opbou van vertroue deur direkte en naby kontak met hulle. Hierdie intersubjektiewe begrip is afhanklik van die skepping van 'n "Ek-verhouding" – 'n naby verhouding van die navorser met die respondent as medemens, maar tóg apart sodat die respondente se onafhanklike response verseker sal word (Seidman, 2005:95).

Kwalitatiewe navorsing vereis dat die navorser: vir 'n tydlank in die omgewing van die respondent sal bly; tyd sal gebruik in ontleding van die versamelde data; 'n geskrewe uiteensetting sal produseer met betrekking tot elemente van die onderhandelinge, beleefde ervaring en besinning oor analitiese aangeleenthede; 'n model sal ontwikkel van wat in die sosiale omgewing gebeur het (Denzin & Lincoln, 1994:212; Warren & Karner, 2010:11).

Taylor & Bogden (1984:8) noem die kwalitatiewe navorser 'n "vakman" – 'n metodoloog wat riglyne in plaas van reëls volg en nooit die slaaf van prosedure en tegniek is nie. Denzin & Lincoln, 1994:538) beklemtoon dat die kwalitatiewe navorsing staatmaak op die intersubjektiewe en aanpassende vermoëns van die navorser. Die navorser se persoonlike ervarings en insigte is volgens Patton (2002:40) 'n belangrike deel van die navraag en vir begrip van die verskynsel. Die navorser sal waarskynlik 'n sensitiwiteit ontwikkel vir die waardigheid van die mense met wie gewerk word sodat respekvol en eties met die inligting omgegaan word.

### 4.3.2 Waarde van kwalitatiewe navorsing

Etlike skrywers wys voordele van kwalitatiewe navorsing uit. Dit:

- beklemtoon geldigheid en laat die navorser toe om naby die empiriese wêreld te bly sodat 'n naby passing tussen die data en wat mense werklik sê en doen, verseker word;
- gee 'n "dieper" prentjie en "dieper" begrip as kwantitatiewe studies as gevolg van die mikrovlak ontleding van mense se handelinge;

- gee ‘n openheid as gevolg van die buigbare ontwerp tydens die navraag wat die formulering van meer vrae toelaat deur indringing in ‘n vroeëre antwoord óf herleiding van die respondent se aandag na ‘n meer relevante navraagarea;
- kan empatiese neutraliteit handhaaf omdat die navorser sonder vooroordeel is, nie té betrokke is nie, maar eerder openheid, sensitiwiteit, respek, betroubaarheid en egtheid toon;
- gee die navorser direkte kontak met mense sodat hy / sy naby die bestudeerde situasie en verskynsel kan kom;
- is verwant aan sosiale verandering omdat dit nie net begrip van die sosiale omgewing en gedrag ontwikkel nie, maar ook hulp verskaf aan die respondente deur die fokus op onder andere gedragsverandering.

  (Silverman, 1993:15; Neuman, 1997:14; Silverman, 2000:89; Patton, 2002:39-40; Babbie, 2007:306; Warren & Karner, 2010:15,17).

  Die kwalitatiewe prosedure is veral nuttig wanneer navorsing in ‘n area kortkom en ontdekking, eerder as bevestiging of bekragtiging, beklemtoon moet word ( Krathwohl, 2004:230). In hierdie studie is die fokus juis níe vooraf beplan nie, maar het ontwikkel en verrys soos die navorsing aangegaan het. Krathwohl noem dit ‘n “opkomende studie”.

### 4.4 GEVALSTUDIE

Die gevalstudie is as kwalitatiewe navorsingstrategie gekies as gevolg van die buigbaarheid en openheid van die ontwerp, die groot aantal inligting wat in een of ‘n paar gevalle versamel kan word en die geleentheid tot ‘n meer in-diepte ondersoek om meer besonderhede oor die gevalle te verkry.

‘n Gevalstudie is ‘n omvangryke, deeglik uitgebreide beskrywing en ontleding van ‘n aantal geselekteerde indiwidue of gevalle binne sy / haar “ware-lewe” konteks (Coombes, 2001:43; Babbie & Mouton, 2004:280-281; Kumar, 2005:113; O’Leary, 2005:79).

Volgens Yin (2003:6), Gray (2004:124) en Yin (2009:4) word die gevalstudie gebruik om kennis by te dra van indiwidue, veral by die beantwoording van die “hoe” en “waarom” vrae oor ‘n hedendaagse stel onbeheerbare gebeure. Hierdie vrae is meer verduidelikend en meer geneig om na die gebruik van gevalstudies as navorsingstrategieë te lei en ter sake te wees.

Verder word die gevalstudie gebruik as ‘n rigtinggewende studie wat somtyds ideës kan genereer en navorsing fokus, veral omdat dit dikwels op kwalitatiewe, beskrywende data

gebaseer is (Coombes, 2001:44). O'Leary (2005:80) voeg by dat die gevalstudie ook gebruik word om 'n teorie te ontmasker en kollektief 'n teoriebasis te vorm.

### 4.4.1 Nadele van die gevalstudie

Coombes (2001:44) en Gray (2004:125) noem 'n paar nadele van die gevalstudie, naamlik:

- die beperkte omvang of trefwydte;
- die tekort aan beheer oor belangrike veranderlikes;
- die geneigdheid tot vooroordeel;
- die objektiwiteit van die navorser as gevolg van die ontwikkeling van 'n moontlike naby verhouding tussen onderhoudvoerder en respondent;
- die tydrowendheid en generering van 'n groot hoeveelheid dokumentasie.

Een punt van kritiek is ook dat die gevalstudie nie herhaal of gereproduseer kan word nie. Die gevalle is dalk ook nie verteenwoordigend nie en kan daarom die veralgemening van die bevindings bemoeilik. Kumar (2005:113) sê egter dat gevalstudies berus op die **aanvaarding** dat die respondente tipies ís van gevalle van 'n sekere tipe. Daarom mág veralgemenings wat op ander gevalle van dieselfde tipe toepaslik sál wees, deur intensiewe ontleding gemaak word.

### 4.4.2 Waarde van die gevalstudie

Wanneer die nadele van die gevalstudie opgeweeg word teen die voordele, oortref laasgenoemde die nadele. Die gevalstudie:

- kan 'n algemene stelling weerlê of kwalifiseer;
- verhelder nuwe insigte en idees;
- laat die navorser toe om die holistiese, betekenisvolle eienskappe van ware lewensgebeure te behou;
- kan baie temas en onderwerpe ondersoek, maar deur middel van 'n groter gefokusde omvang van mense;
- kan vir 'n wye verskeidenheid sake gebruik word;
- voorsien 'n geleentheid vir die intensiewe ontleding van baie spesifieke besonderhede wat dikwels deur ander metodes oorgesien word;
- voorsien ook versterkende bewys vir die teorie.

(Neuman, 1997:331; Coombes, 2001:44; Yin, 2003:7; Babbie & Mouton, 2004:278; Gray, 2004:123; Kumar, 2005:113; O'Leary, 2005:80; Yin, 2009:4).

## 4.5 ONDERHOUD

Voorkeur is aan onderhoude gegee as die kwalitatiewe metode van data-versameling vanweë die oop interaksie tussen onderhoudvoerder en respondente. Hierdie "ware" gesprek, asook empatiese begrip, voorsien 'n meer realistiese prentjie en groter begrip as andere navorsingstegnieke.

Onderhoude is 'n metode van data-versameling wat herhaaldelike, ongestruktureerde, van aangesig-tot-aangesig onderhoude toelaat in die vorm van informele of oop gesprekke tussen gelykes – die onderhoudvoerder en die respondent (Taylor & Bogden, 1984:77; Marshall & Rossman, 1987:82; Denzin & Lincoln, 1994:361; Kumar, 2005:124). Die doel hiervan is begrip van die respondente se lewensaspekte en –ervarings soos vrylik uitgedruk in hulle eie woorde en sonder vooraf-bepaalde vrae.

Mason (2005:63) sê die onderhoud is 'n sosiale situasie want die fokus is op gebeure en situasies en die vasstelling van mense se redenering en oordele omtrent spesifieke lewenservarings. Hierdie vorm van sosiale interaksie word voortgedryf deur die onderhoudvoerder se begeerte om iets te wete te kom, asook deur die wedersydse stimuli en response (Warren & Karner, 2010:152). Die onderhoud-data wat toegang verleen tot feite oor mense se gedrag en houdings, en geproduseer word teen 'n kontekstuele agtergrond, word dan geïnterpreteer (Silverman, 1993:91).

Die **betekenis** wat mense uit hul ervaring haal, beïnvloed die manier waarop hulle optree (Seidman, 2006:15). Alhoewel respondente se betekenisaspekte ontbloot word, word respek deurentyd behou vir die manier waarop hulle response bedink en gekonsentreer word. Die onderhoud voorsien insig deur middel van oorspronklike, verhelderende data, maar toets ook 'n hipotese óf identifiseer veranderlikes en hulle verhoudings (Gray, 2004:135).

Etlike probleme of beperkings mag respondente se antwoorde en response verwring omdat hulle:

- stories van die self kan versin as gevolg van 'n tekort aan toewyding en dít kan dan die werklike feite weerspreek;
- oneerlik kan wees;

- onwillig mag wees om die benodigde inligting met die onderhoudvoerder te deel;
- feite of gebeure swak of onakkuraat mag herroep;
- antwoorde mag gee wat die onderhoudvoerder wíl hoor juis as gevolg van die buigbare struktuur van die onderhoud;
- teenstrydig kan praat en optree, ook in verskillende situasies;
- die wêreld deur verwronge lense mag beskou en daarom moet die onderhoudvoerder nie **on**krities die feitelike geldigheid van die respondente se beskrywing van gebeure aanvaar nie.

(Taylor Bogden, 1984:81-82; Marshall & Rosman, 1989:82; Silverman, 1993:97; Gray, 2004:135).

Die onderhoudvoerder kan ook in sekere opsigte faal. Hy / sy mag dalk:

- onvanpaste of sleg-gestruktureerde vrae stel as gevolg van 'n gebrek aan bedrewenheid met woordgebruik;
- die respondente se antwoorde op vrae óf hulle taal misverstaan;
- verkeerde aannames omtrent waargenome dinge maak;
- passief en ongeïnteresseerd wees.

Coombes (2001:135), Patton (2002:343) en Kumar (2005:135) wys op twee algemene **tekortkominge** van onderhoude. Eerstens is dit tydrowend en tweedens word die data moeilik bymekaar getrek wat dit moeilik ontleedbaar maak omdat verskillende vrae verskillende antwoorde of response genereer. Daarom moet die navorser deur die antwoorde sif om patrone te vind wat op verskillende punte in verskillende onderhoude met verskillende mense, verrys het. Die uitdaging is egter dat die navorser bewus moet wees van die probleme, asook swakhede, en daarvoor voorsiening moet maak.

Die oop, buigbare interaksie tussen onderhoudvoerder en respondent, het etlike **voordele**. Dit:

- laat 'n groot omvang en vrylike vloei van inligting tussen respondent en onderhoudvoerder toe wat die moontlikheid van vooroordeel kan elimineer;
- behandel die respondente as gelykes en is daarom meer moreel-suiwer en betroubaar.

(Denzin & Lincoln, 1984:371; Silverman, 1993:95; Kumar,2005:123; Bailey, 2007:96).

Die ongestruktureerde, in-diepte opset van die onderhoud:

- gee groter diepte as ander navorsingstegnieke;
- bied groter buigbaarheid en ontplooibaarheid – dit is buigbaar genoeg vir die eksplorering van raakpunte óf vir die opvolg van onvolledige of vae antwoorde, máár dit is ook gestruktureerd genoeg om selfs gestandardiseerde kwantifiseerbare data te genereer;
- het 'n onbepaalde tydsduur, min standaardisasie en ongelyke verspreiding, met ander woorde baie onderhandelinge by party mense en net 'n paar by ander;
- laat toe vir die ontwikkeling van aanvoeling en vertroue tussen respondent en onderhoudvoerder;
- voorsien 'n groot verskeidenheid en 'n groot hoeveelheid waardevolle in-diepte kwalitatiewe data toe wat vinnig verkry kan word omdat onderhoude met meer as een persoon gevoer kan word.

(Marshall & Rossman, 1989:82; Silverman, 1993:95; Coombes, 2001:96; Krathwohl, 2004:286; Kumar, 2005:123; O'Leary, 2005:114; Bailey, 2007:96).

Onderhoudvoerders aanvaar dat geen vaste volgorde van vrae gepas is vir alle respondente nie. Spontane, deelnemende vrae word gestel en opvolgvrae, asook opvolgonderhoude is moontlik vir opklaring of verheldering van feite. (Marshall & Rosman, 1989:82; Silverman, 1993:95; Coombes, 2001:96).

Die onderhoudproses begin, ontvou en eindig in afhanklikheid van die interaksie tussen die onderhoudvoerder - as navorsingsgereedskap - en die respondent. Die onderhoudvoerder se rol behels nie nét die verkryging van antwoorde of response nie, maar hy / sy moet:

- bedrewe wees met persoonlike interaksie en vraagformulering;
- verstaanbare, betekenisvolle vrae stel wat verwant is aan die respondente se omstandighede en ervarings en gebaseer wees op feite wat die navorser reeds van die respondent weet;
- goeie luistervaardighede hê, asook na liggaamstaal oplet;
- aanvoeling hê met respondente en respek vir hulle insigte toon;
- verbale én nie-verbale aanmoediging tydens die luisterproses gee;
- 'n sensitiwiteit besit wat insig behels, die relevante onderwerpe en gebeure in data raaksien, sowel as die respondente se standpunte deur verdieping in die data kan aanbied.

(Taylor & Bogden, 1984:77; Marshall & Rosman, 1989:82; Mason, 2005:4; Corbin & Strauss, 2008:32; Warren & Karner, 2010:153,157).

Die onderhoudvoerder staar **uitdagings** in die gesig want hy / sy moet: die neiging weerstaan om respondente te lei; eerlike response fasiliteer al wil die respondent die onderhoudvoerder beïndruk; ontsyfer hoe die geslag, klas, asook ouderdom van die respondente en onderhoudvoerder, die onderhoudproses mag beïnvloed om sodoende die verlies van geloofwaardigheid te voorkom (O'Leary, 2005:114).

## 4.6 INRIGTING VAN DIE KWALITATIEWE STUDIE

### 4.6.1 Hoeveelheid respondente

Die navorser beplan om met drie respondente onderhandelinge te voer. Die keuse van drie is gemaak ter wille van diepgang binne die lengtebeperking van die navorsingverslag.

### 4.6.2 Kriteria vir seleksie van respondente

Krathwohl (2004:294) meen die selektering van respondente word bepaal deur die inligting wat gesoek word. Corbin & Strauss (2008:30-31) beskou vertroulikheid as die belangrikste verpligting van die navorser teenoor die respondente – die waarborg van naamloosheid, asook die belofte dat die ware name van persone, plekke, en so aan, in die navorsingverslag deur skuilname vervang sal word. In hierdie kwalitatiewe ondersoek word gefokus op volwassenes wat:

- in hul kinderjare ouerverwerping ervaar het;
- kreatief uiting gee of gegee het aan hulle kreatiwiteit in die beoefening van kuns;
- 'n aanduiding gegee het dat hulle die kunsbeoefening gebruik het as 'n terapeutiese poging om die seer van verwerping te probeer verwerk.

### 4.6.3 Eties-verantwoordbaarheid van die kwalitatiewe studie

Tydens die navorsing van kreatiewe indiwidue wat in hul kinderjare ouerverwerping ervaar het, was die impak van die belewenis op die lewens en veral menseverhoudinge van hierdie indiwidue vir die navorser treffend. Gevolglik het die navorser 'n gevoel van spyt ervaar oor die vermorsing van Godgegewe talente en kosbare lewens, veral van die groot aantal wat selfmoord gepleeg het, sommige in die fleur van hulle lewens. Verder het hulle versteurde menseverhoudinge ook baie mense, veral geliefdes, seergemaak en die seën van hulle talent

het nooit regtig na hul medemens deurgevloei nie. Hulle het ook nooit die lewensoorvloed ervaar wat Jesus Christus in Johannes 10:10 belowe het nie, maar meesal soekende wesens gebly wat nooit ware vrede en geluk gevind het nie.

Daarom het die navorser gevoel dat dit nodig is om ‘n teologiese studie te doen om: vas te stel of ouerverwerping in die kinderjare wél deur kreatiwiteit verwerk kán word, en indien nie, die rede(s) daarvoor vas te stel; riglyne daar te stel vir huidige en toekomstige kreatiewe indiwidue om juis **deur** die gebruik van hulle spesifieke kreatiewe medium as hulp, ‘n bediening en ekspressie van die versoenende krag van Jesus Christus, heling en heelheid te kry.

### 4.6.4 Teologiese invalshoek

Die fokus van belangstelling van die studie is die manier waarop kreatiewe indiwidue se verhouding mét of sónder God hulle menseverhoudinge beïnvloed. Daarom sal hulle geloofs- óf ongeloofshandelinge, veral met betrekking tot hulle kreatiwiteit, ‘n belangrike fokuspunt wees.

In ‘n teosentriese benadering waar onthulling die wesenlike opvatting is, is die beginpunt God se bekendstelling van Homself in die Woord, asook die inwerking van sy onthullende aksie op mense (De Wet, 2009:7-9). Voorts sê De Wet dat die aksent in ‘n mensgesentreerde werkwyse verplaas word na dít wat op die menslike gebied plaasvind. Die menslike én Goddelike werksaamheid kan dus in die geloofsverhouding – ook van kreatiewe indiwidue – met God aangeroer word: Volgens De Wet neem God die inisiatief en rig Hom tot die mens; andersins wend die mens hom / haar in aanvaarding na God.

De Wet meen dat die wetenskapsbestudering ‘n toelogiese instelling kan hê – die invalshoek op die navorsingsterrein word op die Drie-eenheid vasgelê (10). Die **Gees** vervul die gelowige hart met **Jesus Christus** se denkwyse ter nakoming van die **Vader** se wil. In die uiteensetting van die pneumatologiese of geestesbepaaldheid moet aangetoon word dat die Heilige Gees sy middelpunt verkry in die restourasie of terugwinning van die mens se vryheid en aanspreeklikhede, maar nooit die mens forseer óf manipuleer nie.

Vanuit ‘n pneumatologiese teoretiese raamwerk, meen De Wet (16) dat beskrywing van die observasies in die navorsingsveld nie ingekort kan word tot die neerskryf van menslike belewenisse en verklarings oor die posisie van geloof in God in hulle lewe en situasie nie. Die perspektief moet in ag geneem word dat **God** as onderwerp handel, en mense se persepsies kan deurdring met sy kragtige genade in Jesus Christus, die Verlosser.

### 4.6.5 Afbakening van die kwalitatiewe navorsing

Die navorser het drie respondente gesoek. Vyf moontlike respondente is beoordeel: drie vrouens en twee mans. Twee vrouens en een van die mans was gewillig om aan die navorsingstudie deel te neem en het aan die seleksie vereistes voldoen. Die ander twee persone het nie aan die vereistes voldoen nie – hulle was kreatief, het moeilike kinderjare gehad, maar het nie ouerverwerping ervaar nie. In die eerste onderhoud is die respondent op sy / haar gemak gestel; gevra oor sy of haar verwagting van deelname aan die navorsing; en redes of aanmeldingsprobleme vir vorige berading is aangehoor. Die navorser het ses sessies van een en 'n half tot twee uur lank met Respondent A gehad, tien met Respondent B en agt met C.

Die navorser het 'n vraelys gebruik met betrekking tot:

- die kinderjare – familie van herkoms, vroegste herinneringe, ervaringe in die kinderjare:
- opleiding – skoolloopbaan, naskoolse opleiding, loopbaan en werk;
- huidige disposisie – huidige omstandighede, fisiese voorkoms, persoonlike evaluasie, spiritualiteit;
- toekoms – gevoelens met betrekking tot die toekoms.

Die antwoorde op die vrae wat die respondente moes omkring was 'n JA , NEE, SOMTYDS, ALTYD, SELDE of NOOIT. Indien enige motivering of besonderhede aangevra was, het die navorser dit persoonlik met die respondente bespreek en self ingevul. Die bespreking het die navorser die geleentheid gegee om tydens die sessie indringende vrae omtrent die omkringde antwoorde te vra, soos byvoorbeeld: "Verduidelik vir my waarom jy ......geantwoord het"; "Wat bedoel jy as jy hier JA / NEE geantwoord het?"; "Tot watter mate het jy .....?"; "Hoe het jy gevoel toe ....gesê / gedoen is / gebeur het?"; "Vertel vir my watter invloed ....nog altyd op jou lewe het?" Die antwoorde op die vrae het probleemareas uitgewys, asook diepgaande inligting verskaf. Hierdie vraelys is voor die aanvang van die sessies aan elke respondent gegee om te voltooi sodat die navorser dit eers kon bekyk, kodes kon aanbring en dit daarna met die respondent in twee agtereenvolgende sessies kon bespreek.

### 4.6.6 Wyse van data-versameling en data analiseringsproses

Terre-Blanche & Kelly (2004:127) verwys na data of roumateriaal as stukkies inligting uit die konteks. Die navorser wil hierdie roumateriaal ontleed om resultate op te lewer, naamlik 'n

verslag van die bestudeerde verskynsel van kreatiwiteit by volwassenes as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare.

Detail in die data sal bekyk word, wat volgens Corbin & Strauss (2008:57), mikrovlak analisering is. Daarna sal die roumateriaal vanuit 'n breër of algemene perspektief bekyk word om te besluit wat al die data te kenne gee.

Volgens Nieuwenhuis (2007:99-101) bestaan die model van die data analiseringsproses uit drie essensiële elemente, naamlik: bemerk of waarneem, versamel en nadink. Tydens nadenke oor die versamelde data hét die navorser gapings raakgesien wat addisionele data benodig het en data is toe wéér versamel. Nieuwenhuis sê dat die manier waarop data versamel en georden word, asook wat daaruit onttrek word, die produk is van die lens waardeur die navorser die wêreld beskou. Gevolglik is dit dan die hoek waaruit die data benader word. Daarom moet op 'n analiseringstrategie besluit word.

Aangesien dit 'n teologiese studie is en die hermeneutiese sirkel as model gebruik word, het die navorser ook op die hermeneutiese analiseringstrategie besluit. Nieuwenhuis verduidelik dat dit hoofsaaklik 'n kwalitatiewe navorsingsfilosofie is wat ook 'n spesifieke perspektief op die ontleding van data verteenwoordig, 'n manier van verstaan van die tekstuele data aandui en die filosofiese basis vir verklaring of interpretasie voorsien.

Die navorser gaan gebruik maak van kodering wat die data verdeel in betekenisvolle analitiese eenhede deur die afmerk van dele met simbole, beskrywende woorde óf unieke identifiseringsname. Die navorser het na aanleiding van die metateoretiese studie van kreatiewe indiwidue in Hoofstuk 3, sekere temas of konsepte geïdentifiseer waaroor meer inligting verlang word en sommige belangrike aspekte het ook uit die navorsingsliteratuur verrys. Daarom gaan gebruik gemaak word van a priori-kodering waar gewerk word met voorafbepaalde kodes. Nieuwenhuis (2007:109) stel voor dat daar dan begin word met 'n lys kategorieë / temas. Laasgenoemde word die manier waarop die data bekyk word – deursoeking van data vir teks wat by die temas / konsepte pas.

Die navorser wil hierdie konsepte / temas as basis van ontleding gebruik soos Corbin & Strauss (2008: 51) dit voorstel. Die voordeel hiervan is dat:

- verhoudings tussen data geskep word;
- konsepte / temas die ankerpunte word in die interpretasie van bevindings;

- dit die navorser se indrukke verteenwoordig omtrent die beskrywing van die ervarings, gesproke woorde, dade, interaksies, probleme en sake uitgedruk deur die respondente.

Die navorser het vooraf besluit dat die respondente se **ervaringsgeskiedenis** nagegaan moet word: die ouer se persoonlikheid (OP); kinderjare in die ouerhuis (OH); verhouding met die ouer (OV – 1 en 2); die leemtes in die verhouding met die ouer (OVL – 1 en 2); die agtergrond van die ouers (OA – 1 en 2); die optrede van die ouer (OO – 1 en 2); die uitwerking van die ouerverwerping (VUW – 1-7); die hantering van die ouerverwerping (VHAN – 1 en 2); volwasse lewe uit die ouerhuis (VL); lewensverandering (LV). Daarna wil die navorser die respondente se **kreatiwiteitsbeoefening** nagaan, spesifiek met betrekking tot: die aanvang van die kreatiwiteit (KA – 1 en 2); die ouer(s) se reaksie op die kreatiwiteitsbeoefening (KOR); die kunsmedium (KMED); herhaaldelike temas in die kreatiwiteitsbeoefening (KTEM); die motief / motiewe vir die beoefening van die kreatiwiteit in die verlede en hede (KMOT); die effektiwiteit van die beoogde motiewe (KEF); die gerigtheid van die kreatiwiteit – mens- of Godgerig in die verlede en hede (KGER); die huidige stand van die respondent se kreatiwiteitsbeoefening (KHB); voornemens en of verwagtinge met betrekking tot toekomstige kreatiwiteitsbeoefening (KTOEK). Bylaag A dien as ‘n illustrasie van die gebruik van die kodes deur ‘n transkripsie van die sessies met Respondent B, asook haar ingevulde ervaringsgeskiedenis vraelys.

## 4.7 MEDEDELINGE VAN RESPONDENTE EN DIE PRAKTIES-TEOLOGIESE INTERPRETERING VAN HIERDIE MEDEDELINGE

Daar word na die drie respondente verwys as A, B en C. Hulle skriftelike toestemming is verkry om inligting te publiseer en die navorser se bevindings, asook gevolgtrekkings, is met die respondente gekontroleer.

Na aanleiding van die metateoretiese ondersoek van bekende kreatiewe indiwidue, het die navorser **vermoed** dat ouerverwerping in die kinderjare die respondente sou beïnvloed met betrekking tot hul kognitiewe, emosionele en interpersoonlike verhoudingsvlakke.

Die respondente se aanmeldingsprobleme by vorige terapie en die openbarings met betrekking tot hulle gevoelens, reaksies en optredes, asook hulle probleme op die interaksie verhoudingsvlakke, het die **verwagting** laat ontstaan dat die navorsing sal bewys dat hierdie kreatiewe respondente hulle ouerverwerping deur middel van hulle kreatiwiteit sou probeer hanteer. Dit was egter onvoorspelbaar wat die uitslag van hulle pogings sou wees.

Die navorsingsbevindings van elke respondent is op die volgende manier georden:

- die agtergrond waarin die ouerverwerping deur die respondent ervaar is;
- die beoefening van die kreatiwiteit deur die respondent in die verlede en hede.

By die interpretering van die drie gevalstudies het die volgende temas of kategorieë met betrekking die agtergrond van die respondente na vore gekom:

- die tipe ouerhuis;
- die optrede van die ouer / s teenoor die kind en die leemtes in die ouer-kind verhouding;
- die uitwerking van die ouerverwerping op die respondent;
- die hantering van die ouerverwerping deur die respondent;
- die moontlike kentering / verandering by die respondent.

Met betrekking tot die beoefening van die kreatiwiteit deur die respondent, het die volgende temas na vore gekom:

- die vroeë aanduiding / beoefening van kreatiwiteit;
- herhaaldelike gebruik van sekere temas in die kreatiwiteitsbeoefening;
- die kunsmedium – visueel / literêr;
- motief / motiewe vir die beoefening van die kreatiwiteit in die verlede en hede;
- gerigtheid van die kreatiwiteit in die verlede en hede;
- die huidige stand van die respondent ten opsigte van sy / haar kreatiwiteit;
- voornemens / verwagtinge met betrekking tot toekomstige beoefening van kreatiwiteit.

Aan die einde van die bespreking van die gevalstudies sal 'n evaluerende gevolgtrekking met betrekking tot die drie respondente gemaak word.

### 4.7.1 RESPONDENT A

Respondent A is 'n 55 jarige getroude dame, die oudste van vier dogters.

#### 4.7.1.1 Agtergrond van die respondent

##### 4.7.1.1.1 Tipe ouerhuis

Respondent A se ouers was Christene en het een keer per Sondag kerk toe gegaan, maar geen verdere Christelike opvoeding is tuis gegee nie; die atmosfeer in die huis was ontspanne; en die opvoedingstyl was demokraties. Kommunikasie tussen die ouers en ander kinders was in die algemeen goed, maar moeilik met haar. Konflik tussen die ouers en ander kinders was uitgesorteer, maar nooit met haar nie.

##### 4.7.1.1.2 Optrede van die ouer(s) teenoor die kind

Respondent A se vader was passief, het baie arm grootgeword, géén verbintenis met sy ouers gehad nie en het op geld gefokus. Haar verhouding met hom was neutraal want hy was ‘n werksgedrewe afstandsfiguur wat nooit na haar geluister en skaars met haar gepraat het, behalwe om te raas wanneer sy vuil was. Hy het kuns as ‘n nie-geldmakende beroep beskou. Alhoewel sy hom as kind met betrekking tot die materiële voorsiening vertrou het, het sy verwyderd van hom gevoel.

Hierdie afsydige verhouding tussen vader en dogter het A se latere omgang met mans gestrem, verál as gevolg van gebrekkige selfvertroue in hulle teenwoordigheid (vergelyk die vader-dogter verhouding in 3.3.5.2.2). Huidiglik het A in haar huwelik begin om haar opinie te lug en teen onregverdighede en verkeerde optrede te protesteer. Sy voel egter nog altyd as vrou minderwaardig in vergelyking met mans, verál in haar kreatiewe beroep.

Alhoewel respondent A se moeder liefdevol was, was sy vir A ‘n vreemdeling omdat géén kommunikasie tussen hulle bestaan het nie. Dit het groot leemtes in die moeder-dogter verhouding gelaat. Daar was geen gesels oor vroue-sake nie en sy is net boeke daaroor gegee; geen vrou-tot-vrou kommunikasie wat wedersydse openbaring kon bevorder en A kon help om haarself as vrou te ontdek nie; en geen lekker samesyn tussen moeder en dogter nie. Die ontbrekende kommunikasie met ‘n vrou en ‘n moeder, het A se latere vriendskappe met dogters of meisies só bemoeilik dat sy bittermin vriendinne gehad het en meesal dinge op haar eie gedoen het (vergelyk die moeder-dogter verhouding in 3.3.5.2.2).

##### 4.7.1.1.3 Uitwerking van die ouerverwerping op die respondent in die verlede en hede

Daar sal verwys word na die onbevredigde behoeftes; die boodskappe van die ouer(s) na die kind omtrent die self; die gevolglike negatiewe gevoelens; die verliese wat die respondent gely

het as gevolg van die ouerverwerping; impakterende gebeure in die kinderjare; en pynlike geleenthede in die kinderjare.

**i) Onbevredigde behoeftes**

Uit Jesus Christus se opsomming van die wet in Markus 12:31 is dit duidelik dat God die mens met 'n tweërlei doel geskape het, naamlik om op 'n vertikale vlak met Hom in verhouding te staan én op 'n horisontale vlak met mense. Om met die medemens om te gaan het God, volgens Evans & Billington (1994:157), drie basiese behoeftes in die mens geplaas – liefde, waarde en sekuriteit. Seamands (1998:63) praat van behorendheid, waarde en bevoegdheid. Die navorser voeg die behoefte aan veiligheid / sekuriteit waarna Evans & Billington verwys by, omdat 'n suigeling se toekomstige verhoudings gevestig word deur 'n gevoel van veiligheid en beskermdheid (vgl.3.3.4 – vroeë verbondenheid).

**a) Behorend**

Vir 'n kind, en later volwassene, om te voel dat hy / sy iewers hoort en inpas, sowel as 'n identiteit het, is die ouers se onvoorwaardelike liefde en aanvaarding nodig.

Respondent A het geen fisiese of emosionele liefde en warmte in haar ouerhuis ervaar nie. Sy het ongeliefd, onwelkom, asook verstote gevoel, was altyd die "alleen-beentjie" en is nooit as deel van die gesin aanvaar nie. Sy is nooit raakgesien nie – dit was asof sy onsigbaar was en het gevolglik naamloos, asook identiteitloos gevoel. In haar tienerjare wou sy wegloop omdat sy nêrens ingepas het nie en glad nie verstaan is nie. Haar behoefte en verlange om te behoort, sowel as om "te wees", was baie sterk en sy het diep seer ervaar.

**b) Waarde**

'n Kind se selfwaarde word opgebou deur die ouers se sigbare én hoorbare lof, erkenning en waardering. Hierdie bevestiging van haar waarde het A nooit ervaar nie. Haar kreatiwiteit het vroeg al aandag by die skool getrek, maar tuis is geen erkenning daarvoor of aan enige skoolprestasie gegee nie.

A het só waardeloos, ongewaardeerd, onbelangrik en minderwaardig gevoel dat sy nooit geleer het om haarsélf op te bou nie, maar altyd ánder in ag geneem het. Daarom was sy veral in haar huwelik die slagoffer van beheer en manipulering. A word nog altyd kwaad oor onregverdighede teenoor ánder eerder as om haarsélf te verdedig of te ag.

Soos ‘n kind dikwels doen, het A die skuld vir haar ouers se houding en optrede, by haarself gesoek. McGee(1993:2) verduidelik dat ‘n kind liefdevolle ouers begeer en daardie konsep sal beskerm deur selfblamering eerder as om die ouer(s) se onbetroubaarheid te erken. Hierdie neiging tot skuldaanvaarding het dit vir A se man makliker gemaak om die verantwoordelikheid vir verkeerde optredes en houdings, te omseil. Sodoende het háár emosionele seer vererger.

**c) Bevoegdheid**

‘n Kind verkry die gevoel dat hy / sy ‘n taak kan doen óf ‘n situasie én die lewe in die gesig kan staar (vergelyk Plath, maar veral Sexton en Lowell in 3.4.1.2, 3.4.1.4 en 3.4.2.4 wat dikwels ineengestort het tydens lewenskrisisse). Hierdie bemagtiging van “Ek kan!” in plaas van “Ek is nikswerd!” kom na aanleiding van die ouer(s) se aanmoediging, stimulasie en motivering. A is nooit aangemoedig nie, verál nie met betrekking tot haar kreatiwiteit nie. Wanneer A huidiglik met haar keramiek besig is, en ‘n voorwerp nie perfek kan maak nie, voel sy weer eens ‘n mislukking soos in haar kinderjare. Selfverkleinering en selfveroordeling kniehalter haar kreatiwiteit.

**d) Veiligheid**

Ouers se aandag, omgee, ag gee op behoeftes en liefdesbewyse laat ‘n kind veilig en geborge voel. Omdat A emosioneel onveilig en onseker gevoel het as gevolg van die ouers se algehele onbetrokkenheid en gebrek aan omgee vir haar, het sy ‘n muur om haarself gebou waaragter sy weggekruip en veilig gevoel het. In die hede is dit nog altyd haar selfbeskermingsmeganisme.

**ii) Boodskappe van die ouers aan die kind se self**

Die kind se beeld of prentjie van hom- of haarself word gevorm deur die ouers se reaksie teenoor die kind. Stemtoon, gesiguitdrukkings, lyftaal, woordinhoud óf gebrek aan woorde, reflekteer “boodskappe” aan die kind omtrent die self. Die woordelose boodskappe wat A as gevolg haar ouers se belangeloosheid ontvang het was:

- jou opinie is waardeloos;
- ons sien jou nie raak nie;
- doen wat jy wil, maar bly uit ons pad;
- jy is nie aandag werd nie;
- ons stel nie in jou óf jou kuns belang nie;
- ons verstaan jou nie – jy is eienaardig en pas nie by ons in nie.

A het gedurig soos ‘n “muurblommetjie” gevoel – alleen en verstote.  Die ouers se verhouding met die ander dogters was opmerklik anders.  Hulle was spontaan en kon hoorbaar aan hulle woede uiting gee, terwyl A met haar introvertiese temperament deur kreatiwiteit háár woede en frustrasie uitgedruk het.

**iii)  Negatiewe gevoelens**

Die lae selfbeeld en gevoel van minderwaardigheid, het veroorsaak dat sy haarself altyd geringskat, en nie ander se positiewe beoordeling van haar kreatiewe vermoëns, sowel as haar kennis daaromtrent, as wáár kan aanvaar nie.  A se huidige gevoelens en pessimisme, mis-moedigheid, asook lewensmoegheid, stem ooreen met die depressiewe gevoelens van die verlede en word vererger deur haar huweliksprobleme.

**iv)  Verliese wat die respondent as gevolg van die ouerverwerping in die kinderjare gely het**

Die verlies aan interaksie met die ouers het A se vertroue in mense geskaad sodat haar latere verhoudings met die portuur, medestudente en dosente afsydig was.  Die aansluitingspunt met haar man was hulle wedersydse kreatiewe talent.  Hulle verhouding was eers platonies en intellektueel, maar het na drie jaar verdiep. Die wantroue in mense het ook ongeloof, skeptisisme en twyfel gevestig wat verál haar verhouding met God beïnvloed het.

A voel nog altyd dat sy die “ver” God se liefde nie verdien nie en dat sy onwaardig is vir sy liefde.  Omdat sy steeds dink dat Hy haar nie onvoorwaardelik liefhet nie, glo sy dat sy genade verdien moet word.  God is darem nie meer vir haar ‘n vreesaanjaende persoon nie, maar nou meer ‘n regverdige, asook genadige God wat haar sondes vergewe en met wie sy kan praat wanneer sy fouteer het.  Dit is egter duidelik dat A se verwronge Godsbeeld nog nie volkome herstel is nie.

Vir A as introvert was en is die uiting en wys van emosie uiters moeilik.  Die gebrek aan enige geleentheid vir gevoelsuiting in die ouerhuis, het latere selfopenbaring in die huwelik belemmer. A erken dat sy algemene lewenskrisisse kan hanteer omdat duidelike riglyne gewoonlik bestaan.  Vir emosionele probleme het sy egter géén opsies nie en onttrek veral in die huwelik tydens problematiese óf konfliksituasies.  Sy dink dat baie van die huweliksprobleme te wyte is aan haar onvermoë om emosies te uiter.

A belewe ook die volgende as verliese in die kinderjare:

- ‘n gevoel van menswaardigheid in plaas die wees van ‘n “aanhangsel” of ‘n “niks”;
- geborgenheid en die ouerhuis as ‘n veilige hawe, asook beskutting;
- die erkenning en waardering van haar kreatiwiteit.

Haar grootste verlies en hartseer is dat sy haar ouers nooit “geken” het nie – soos hulle háár nooit “leer ken” het nie.

**v) Impakterende gebeure in die kinderjare**

Respondent A kan geen gebeurlikhede herroep wat ‘n diep indruk op haar gemaak het nie omdat die kontak tussen haar en haar ouers só beperk was. Indien daar iets was, het sy dit dalk uitblokkeer.

**vi) Pynlike geleenthede in die kinderjare**

Respondent A kan ook geen pynlike geleenthede uit haar kinderjare onthou nie. Omdat haar héle kinderjare pynlik was, is dit miskien te verstane waarom sy geen spesifieke geleentheid kan onthou nie.

**4.7.1.1.4 Hantering van die ouerverwerping deur die respondent in die verlede en hede**

Die onbevredigde behoefte aan behorendheid en liefde, met die gepaardgaande gevoelens van verwarring en uitgeslotenheid, is deur sekere gedragstrategieë hanteer. A het ‘n front van “alles is reg” voorgehou – gedrag wat nou nog voorkom. Die vermomming van die ware self voorkom ontbloting van die seer en steek dit goed weg.

Die soeke na identiteit is in die beoefening van haar kreatiwiteit begin én voorgesit. Hierdeur kry sy ook aanvaarding, alhoewel laasgenoemde nie haar primêre motief vir die beoefening van die kreatiwiteit was nie.

A stel gewoonlik hoë standaarde aan haarself, maar perfeksionisme het ‘n drywer geword. Ontevredenheid met haarself, selfkritiek en -aftakeling het ‘n lewensgewoonte geword en sy vereis “perfekte” skeppings van haarself – alles om die gevoel van minderwaardigheid en onbevoegdheid teë te werk.

Uit vrees vir verwerping het A selfbeskermingsmure om haarself opgerig. In ‘n normale of “goedgenoeg” versorgende omgewing, groei suigelinge, volgens Anderson (1989:176), in hulle

vermoë om te vertrou. Deur verbintenis en liefdevolle ervarings, is hulle in volwassenheid in staat tot toewydings aan ander. Wanneer die gaping egter tussen die self en die uiterlike wêreld onoorbrugbaar is, trek die self terug en word ontoeganklik. Respondent A maak momenteel vir ander oop, maar trek spoedig weer terug. Openheid vir ander, wat genot en uitgebreide selfdimensies moes bring, is ‘n waagstuk want dit mag dalk pyn veroorsaak. Sy kan egter nie die kwaai verwerping in die huwelik systap nie wat haar die ouerverwerping in die kinderjare weer skerp laat beleef. Sy toon juis groot hartseer oor laasgenoemde en haar oë het op hierdie stadium in die onderhoud met trane gevul.

#### 4.7.1.2 Die beoefening van kreatiwiteit deur die respondent in die verlede en hede

##### 4.7.1.2.1 Eerste aanduiding of beoefening van die respondent se kreatiwiteit

Respondent A het van kleinsaf ‘n kompulsiewe skeppingsdrang gehad. Niemand anders in haar familie was kreatief nie en die dogtertjie wat altyd wou teken of iets wou maak, is as “eienaardig” beskou. Sy het haarself altyd onttrek om: poppe te maak wat esteties mooi moes lyk; pophuise te bou met versierde mure en ‘n tafeltjie in die middel van die huisie; te teken of met klei te speel. Haar kreatiwiteit het géén reaksie of kommentaar by haar ouers uitgelok nie en sy kon onverstoord daarmee voortgaan. Wat hulle betref was sy “soet” en uit die pad. Die ouers se stilswye ná die verkryging van ‘n sertifikaat vir haar kunswerk by ‘n oorsese uitstalling, het A baie seer gemaak.


Op Hoërskool het A prentjies in haar aantekeningboeke gemaak en in geskiedenis die gebeure in die kantlyn van die boek geïllustreer. Haar opstelle was eienaardig en abstrak – dit het dikwels gehandel oor ‘n sonsopkoms, sy wat weghardloop, agtervolg word, maar altyd ‘n baken van veiligheid bereik. Die taalonderwyser het begrip getoon en verál die kunsklas het waarde by haar lewe gevoeg.

A is gedwing om in ‘n “geldmaak-beroep” te studeer, maar het dit nie voltooi nie. Daarna het sy gaan werk en op drie-en-twintig jaar met pottebakkerklasse begin. Na aanmoediging van haar man het sy op vyf- en- veertig jaar in die kunste gaan studeer. Nadat sy gegradueer het, het A dadelik ‘n pos as dosent by ‘n kunskollege gekry.


##### 4.7.1.2.2 Herhaaldelike gebruik van sekere temas in die kreatiwiteitsbeoefening

Die tekeninge in A se dagboek (wat al in die Hoërskool begin is), is vir “private” uiting – pyltjies of vraagtekens met ‘n beginpunt, maar wat na niks wys nie en geen eindpunt het nie;


vreeslike gevlegte uitbeeldings, met ander woorde dinge wat nie in ‘n eenheid saamvoeg nie; ‘n legkaart van prentjies met dieselfde patrone, maar met ander “stories” wat oor ‘n tydperk bymekaar gevoeg word; sirkels met drie kleure wat inmekaar pas; ‘n onvoltooide sirkel (sien Figuur 23a-d vir voorbeelde). Temas word skynbaar nie in haar keramiek-kuns herhaal nie.





Figuur 23a




Figuur 23b



Figuur 23c



Figuur 23d

#### 4.7.1.2.3 Kunsmedium

Respondent A beskou verf as 'n illusie, terwyl die rou vorm van klei voelbaar en direk is. Die formering van die klei tot 'n keramiek voorwerp, is vir haar bevrydend en raak van inhibisies ontslae. Sy voel selfs verheug dat sy kan vuil word. In haar kinderjare het A alles betwyfel, selfs materie. Daarom is die taktiele kwalitieit van klei vir A die bevestiging van die bestaan van "iets" en die voelbare, sensuele kwalitieit daarvan, is vir haar onontbeerlik – die natheid of droogheid, die papheid of styfheid en die grofheid of gladheid.

#### 4.7.1.2.4 Motief / motiewe vir die beoefening van kreatiwiteit in die verlede en hede

Kreatiwiteit was en is vir A 'n verdedigingstyl wat die werklikheid ontglip om sodoende emosionele seer te omseil en / of die benoudheid van 'n stresvolle verhouding of situasie af te weer en ook om konflikhantering te vermy. Hierdie psigiese pynstiller het egter nooit 'n blywende oplossing gebring nie (vergelyk 2.9.7.6.2). Sy kon nog altyd haar innerlike worstelinge deur middel van tekeninge uitdruk ter ontlading en momentele verligting. Frustrasie en woede is ook dikwels deur die jare op hierdie manier uitgedruk. Sy noem kreatiwiteit 'n hanteringsmeganisme wat gehelp het om haar "normaliteit" te behou. A meen dat sy daarsonder as tiener selfmoord sou gepleeg het. Oorlewing is en word ook in die hede deur die beoefening van haar kreatiwiteit volgehou. Dit is haar "ruimte" wat tydelike rustigheid en bevrediging bring. Kuns was en is 'n kompensasie vir die seer, alleenheid, die leegheid van

onbevredigde behoeftes, asook die oorweldigende gevoel van hartseer en leegheid oor haar verliese (vergelyk 2.9.7.2).

Alhoewel A wél later aanvaarding en erkenning deur middel van haar kreatiwiteit gekry het, was dit nooit 'n bewustelike motief vir haar kunsbeoefening nie. Sy reken dat die gebruikswaarde van die voorwerpe wat sy gemaak het, tóg hulle eie boodskap uitgestraal het – "Aanvaar my asseblief en gebruik my". Deur mense se aanvaarding – die koop van die produkte – het sy as méns, ook aanvaarding gekry.

Aanvanklik was A onbewus van 'n selfsoeke deur haar kreatiwiteit, maar die rustelose ongedurigheid het haar al hoe meer genoop om te weet **wie** sy is. Huidiglik sê A nog: "Ek **dink** ek is" en besef dat sy uit hierdie bose kringloop moet wegbreek om by 'n **definitiewe** identiteit uit te kom (vergelyk 2.9.7.4.). Sy wil haar identiteit vind deur die skepping van unieke, besonderse voorwerpe wat mense as kenmerkend van háár werk sal identifiseer en herken. Sy wil veral iets kleins en waardevols maak wat kwesbaarheid uitbeeld; 'n voorwerp wat tussen hande vasgehou en byna gekoester word. A meen dat sy stadigaan haar identiteit ontwikkel en die kans moet benut om aan haarself te bou – iets wat sy gedurig nagelaat het.

Huidiglik is die werk as kunsdosent in keramiek vir A vervullend omdat sy mense se kreatiwiteit ontwikkel en bevorder. Dit het ook baie selfvertroue vir haar bygevoeg. Tóg wonder A nog altyd waar sy beroepsgewys hoort. Sy voel dat sy in haar beroep inpas, en 'n effektiewe voorsitter van 'n kunsvereniging is, máár ervaar nog nie dat sy deel is van die intieme geselligheid of "losgemaal" nie. Om volledig te behoort bly vir A 'n soeke deur haar kreatiwiteit.

#### 4.7.1.2.5 Gerigtheid van die kreatiwiteitsbeoefening in die verlede en hede

Op agt-en-twintig of nege-en-twintig jaar het A besef dat kuns 'n boodskap uitstuur, met ander woorde wat 'n kunstenaar doen moet Christus se beeld dra. Sy **begeer** dat haar kreatiwiteit altyd 'n mooi beeld moet uitstraal. Sy **hoop** dat haar skeppings God verheerlik. A erken dat sy in God glo, maar sukkel want sy betwyfel haar **vermoë** om te glo. Haar kreatiwiteit is nog nie volkome daarop gerig om God te verheerlik nie, maar sy ervaar dat dit stadigaan verbeter.

Op veertig jaar jaar het 'n predikant vir A gesê dat sy, soos elke mens, koninklik is. Dit het haar laat besef wát haar dryf – nie 'n afwyking nie, maar 'n Godgegewe talent; iets waardigs waaroor sy voorheen skuldig gevoel het as gevolg van die negatiewe konnotasie daaraan verbonde. Die besef van haar identiteit in Christus is egter nog nie volkome gevestig nie.

Respondent A het haar kreatiwiteit nie Godgerig beoefen nie en kon nooit daardeur 'n oplossing vir haar probleme of negatiewe gevoelens vind nie. Die verligting van stres en seer en die verkryging van rustigheid wás en ís nog steeds net tydelik. Bevrediging is momenteel wanneer sy skep en soms daarná, maar die selfkritiek oor haar werk, kanselleer dikwels alle aangename gevoelens.

#### 4.7.1.2.6 Huidige stand van die respondent ten op sigte van kunsbeoefening

Iets het egter in respondent A begin roer want sy besef nou dat die Woord en die natuur God verbeeld, en sy begeer om deur haar skeppings die Woord te verkondig om sodoende God te verbeeld. Sy raai haar studente aan om só voortreflik te skep dat hulle produkte selfs in 'n kerk tuishoort.

A maak grotendeels op haar eie krag staat. Huidiglik sukkel sy om te fokus op 'n holistiese geheel – die skepping van 'n rééks produkte in plaas van los stukke. Haar perfeksionisme en fel selfkritiek veroorsaak dat sy gereeld ontevrede is met haar skeppings.

Omdat haar geloof en vertroue in God so wankelrig is, het A ook nog nie **God** se hulp ingeroep om die strategie van "wegkruip" en vermomming van die self te laat vaar nie. Dit verhinder 'n volkome "verplasing" van haarself na die kunsproduk. Sy verduidelik dat daar dus 'n versperring is tussen haar en die kunsskepping. Dít verhinder die voornemende koper om iets daarin te "lees" en keer 'n "verbintenis" met die voorwerp. Volgens A maak dit die produk minder goed. A het godsdiens meer intellektueel in plaas van ideologies begin bekyk. Dit het haar nader aan God laat beweeg en hierdie veranderde houding teenoor God wil sy graag na haar kreatiwiteit oordra.

#### 4.7.1.2.7 Voornemens vir en verwagtinge van toekomstige beoefening van kreatiwiteit

'n Onlangse positiewe verandering is dat A die beoefening van haar kreatiwiteit as 'n **vreugde** in plaas van net as 'n lekkerte ervaar. Sy begeer om hierdie gevoel te behou, maar besef dat dit 'n fokusverskuiwing na Gód vereis. Dit is selfs positief dat sy iets voortrefliks in haarself ontdek het – 'n empatie vir mense, asook die vermoë om na hulle te luister en in nood by te staan. Dit is dan haar voorneme om in die toekoms haar kleikuns ook te gebruik as terapie vir gestresde en bekommerde mense.

### 4.7.2 RESPONDENT B

Respondent B is ‘n 45 jarige getroude dame, die oudste van vier kinders – drie dogters en ‘n seun.

#### 4.7.2.1 Agtergrond van die respondent

##### 4.7.2.1.1 Tipe ouerhuis

Respondent B se ouers was nie-Christene; die atmosfeer in die ouerhuis was gespanne; kommunikasie, sowel as konflikhantering tussen ouers en kinders was vurig en aggressief; die opvoedingstyl was rigied, asook outokraties en ‘n liefde-haat verhouding het tussen die ouers geheers.

##### 4.7.2.1.2 Die optrede van die ouer(s) teenoor die kind

Respondent B se vader was een van agt kinders, het arm grootgeword met ‘n oorheersende, hardvogtige, straffende moeder en ‘n passiewe, onbetrokke vader. B se vader was prominent, manipulerend en aggressief. In die verlede was haar verhouding met hom verwyderd en huidiglik is dit beperk tot beleefde kontak. As kind het B sy fisiese afknouery en emosionele afkraak gevrees, maar het hom tóg verafgod en bewonder (vergelyk Plath in 3.4.1.2). Al wou sy hom behaag en sy goedkeuring, asook aanvaarding hê, het sy soms as gevolg van haar uitwaartse temperament teruggepraat tydens sy verbale aanvalle. Hoe meer sy hom met haar tekeninge probeer beïndruk het, hoe meer het hy én haar moeder dit verwerp totdat sy vir ‘n tydjie ophou teken het. Dit het egter soveel frustrasie veroorsaak omdat die beelde en idees in haar kop gestoei het om tot uiting te kom, dat sy maar weer begin skets en teken het. Sy voel dat die ontmoediging van haar kuns, veral deur haar vader, ‘n groot remming was in haar kunsbeoefening (vergelyk 3.3.5.2.2 – die vader-dogter verhouding).

B se vader het:

- haar fisies en emosioneel seergemaak, asook as kleuter betas;
- haar nooit aanvaar en onvoorwaardelike liefde betoon nie, nog minder respek óf sensitiwiteit vir haar gevoelens,behoeftes of opinies gehad nie;
- glad nie in haar aktiwiteite, verál kreatiwiteit, belanggestel nie.

Sy aand- en oggend soengroet en somtydse drukkies, was vir B ‘n ritueel; ‘n voorgee ter wille van die skyn van “familiewees”. Die broer en susters toon egter geen toegeneentheid teenoor

mekaar nie en B se toenadering word meesal afgewys. Vir B was haar vader se inkonsekwentheid met betrekking tot kuisheid verwarrend – vermanings daaroor en andersins aanmoediging tot ontbloting van haar liggaam. Sy het latere seksuele verhoudings verafsku, maar wél liggaamlike betasting in drie verhoudings toegelaat – byna uit leedvermaak teenoor haar vader. Tóg het sy vuriglik 'n rein lewe begeer.

B het baie leemtes in die vader-dogter verhouding ervaar, naamlik:

- sy waardering en erkenning wat haar "groot" moes laat voel;
- die onvermoë van haar vader om haar vrouwees te bevestig, asook haar selfbeeld op te bou;
- die aanmoediging van haar kreatiwiteit;
- die geleentheid om van mans en verhoudings met hulle te leer;
- sy geestelike leierskap as hoof van die huis.

Sonder die liefdevolle omgang met 'n vader, het B vreesagtig teenoor gesagsfigure gestaan. Later het sy hierdie vrees oorwin, terugbaklei en op haar regte gestaan. Die gebrekkige vader-dogter verhouding het ook 'n wantroue teenoor mans laat ontstaan. Sy was aanvanklik ook vyandig teenoor haar man van wie sy die ergste verwag het – 'n monster wat haar vir die geringste rede sou verwerp. Gaandeweg het sy liefde egter haar wantroue oorwin. Sulke afleidings oor 'n nuwe persoon en verplasing van emosies, gekoppel aan 'n verwerpende ouer, kom volgens Berk & Anderson (2000:546) dikwels voor.

B se moeder, uit 'n vooraanstaande huis, is bederf deur haar vader, maar sleg afgekraak en gemanipuleer deur haar moeder. Oënskynlik het sy geswig voor B se sjarmante, aantreklike vader. Haar lewe met hom was 'n herhaling van haar verhouding met háár moeder. B onthou haar passiewe, apatiese moeder se oë as hartseer en doods. Haar moeder se erfgeld wat deur B se vader beheer is, is later deur hom uitgemors.

In die verlede was B se verhouding met haar moeder soms goed, maar huidiglik is dit oppervlakkig. B het haar moeder liefgehad, maar was diep teleurgesteld oor hulle gebrekkige kommunikasie. Later het haar moeder se selfsug en selfgesentreerdheid B frustreer en kwaad gemaak.

B se moeder:

- wou nooit naaldwerk of enigiets kreatief saam met haar doen terwyl sy dit só sterk begeer het;
- was klaerig, afwysend, afbrekend en krities, sowel as fisies afknouerig;
- was dikwels ontwykend en onbetrokke by B se lewe;
- het vir B geen leiding gegee nie, verál met betrekking tot vrouesake en seks waaroor haar váder haar ingelig het.

B het baie leemtes in die moeder-dogter verhouding ervaar, naamlik:

- die insette ván en emosionele verbintenis met ‘n vrou;
- die leer van vrouwees, die huwelik en oor mans;
- die ontdekking van haar identiteit as vrou;
- vertroulike gesprekke mét en selfopenbaring téénoor ‘n vrou.

As gevolg van beperkte kommunikasie met haar moeder / ‘n vrou, het B minderwaardig teenoor meisies gevoel. Daarom het sy moeilik met hulle vriende gemaak en selfs látere vriendskappe met vrouens is bemoeilik (vergelyk die moeder-dogter verhouding in 3.3.5.1.1).

#### 4.7.2.1.3 Uitwerking van die ouerverwerping op die respondent

Daar sal verwys word na onbevredigde behoeftes; die boodskappe van die ouer/s na die kind omtrent die self; die gevolglike negatiewe gevoelens; die verliese wat die respondent as gevolg van die ouerverwerping gely het; etlike impakterende gebeure in die kinderjare; pynlike geleenthede in die kinderjare.

**i) Onbevredigde behoeftes**

**a) Behorend**

B het in die kinderjare en tót in volwassenheid in haar ouerhuis onbemind, onwelkom en uitgesluit gevoel – ook van spesiale voorregte. Sy het geen aanvaarding en ware liefde ervaar nie wat ‘n gevoel van behorendheid gevestig het.

**b) Waarde**

Alhoewel B soos ‘n slaaf in die huis gewerk het, is sy voor mense sleg behandel en afgekraak. Sy het ‘n hunkering en verlange gehad na verkeer met die ouers, sowel as na menswaardige behandeling. B wou ná die geboorte van die enigste seun, 5 jaar ná haar, glad nie ‘n dogter wees nie omdat sy waargeneem het hoe hý begunstig word. Háár kreatiewe talent is voortdurend onderdruk terwyl sýne op álle gebiede aangemoedig en ondersteun is. Sy het altyd kritiek in plaas van lof gekry, minagting vir haar kreatiwiteit in plaas van erkenning en waardering, ten spyte van erkennings daarvoor op skool.

**c) Bevoegdheid**

B het nooit enige stimulasie of aanmoediging gekry nie – veral nie vir haar kreatiwiteit nie. Alle beroepe is afgewys op grond van haar “domheid” en veral ‘n loopbaan in die kunste is met veragting bejeën. Nét ‘n sekretariële kursus was, volgens haar vader, binne haar “intellektuele vermoë”. Ironies genoeg is B in die kursus aangewys as die top-student van die jaar, maar sy is aangesê om nie daaroor te “brag” nie. B se vegtersgees het haar egter voortgedryf om op eie houtjie ‘n onderwysloopbaan aan te durf.

**d) Veiligheid**

Die atmosfeer in B se ouerhuis en hulle optrede, asook gesindheid teenoor haar, het nie geborgenheid geskep nie. Sy het emosioneel onveilig gevoel en etlike vrese gehad. Die magteloosheid en hulpeloosheid het B sonder lewensbeheer laat voel.

**ii) Boodskappe van die ouers na die kind se self**

Die boodskappe wat B omtrent haarself van haar ouers ontvang het, was:

- jou opinie is waardeloos;
- jy is vieslik, vet en lelik;
- jy is lui en dom;
- jy fouteer altyd en moet skuld aanvaar.

Die gebrek aan positiewe boodskappe omtrent haarself, het die opbou van ‘n gesonde selfbeeld by B verhinder. Sy het misbruik, minderwaardig en skuldig gevoel, verál oor haar ouers se rusies oor haar en haar onvermoë om hulle tevrede te stel. Deesdae voel sy skuldig wanneer sy emosioneel beheer met haar kinders verloor en betwyfel dan haar opvoedingsvermoë. Sy

voel nog steeds verneder en seergemaak wanneer haar man speels na haar "swak punte" verwys.

**iii) Negatiewe gevoelens**

As kind én in volwassenheid het B baie negatiewe emosies ervaar – mismoedigheid, pessimisme, hopeloosheid, ongelukkigheid, hartseer en verlorenheid. Sy het soms gevoel asof sy in 'n donker gat was. Dit is te verstane dat B emosioneel platgetrap was, haar lewe gehaat het en onmagtig gevoel het om dit te verander. Op 'n stadium wou sy as tiener wegloop as gevolg van haar vasgekeerdheid. Tydens haar ernstige siekte op 25 jaar, toe sy géén kreatiwiteit kon beoefen nie, het sy met selfmoord gedreig. Laasgenoemde het geen indruk op haar ouers gemaak nie, behalwe om kwaai vermanings uit te lok. Hulle gebrek aan omgee het B diep seergemaak. Sy het totaal oorweldig, asook geïsoleerd in haar "depressiewe gemors-lewe" gevoel. Huidiglik toon sy soms nóg oorreaksies wanneer:

- sy oorweldig voel deur haar kinders se veeleisendheid;
- haar man té veel opdragte gee;
- sy almal moet tevrede stel.

**iv) Verliese wat die respondent as gevolg van ouerverwerping in die kinderjare gely het**

By gebrek aan leiding met betrekking tot kommunikasie, was B dikwels ondiplomaties-uitgesproke óf te reguit en het mense aanstoot gegee. In die huwelik het sy en haar man aanvanklik verby mekaar gepraat. Haar ongefokusde luister veroorsaak nou nog misverstande.

B se emosionele veiligheid was wankelrig en daarom was selfopenbaring in die huwelik vir 'n lang tyd moeilik. Vermyding van verwerping het haar dikwels laat onttrek. Konflikhantering in die huwelik was problematies as gevolg van die afwesigheid daarvan in die ouerhuis. Weer eens was onttrekking uit die situasie 'n opsie. Die hantering van emosionele kwessies met haar kinders is huidiglik steeds 'n probleem.

B het lewensvaardighede, veral die beoordeling van mense ontbreek. Haar liggelowigheid en verlange na geselskap, het haar dikwels die slagoffer gemaak van mense wat haar goedheid uitgebuit het. Huidiglik gee die Heilige Gees vir haar al hoe meer 'n onderskeidingsvermoë. 'n Sorgvrye lewe en lag in die kinderjare het B misgeloop. Vir lank het sy deur haar kreatiwiteit na geluk gesoek en dit eers later in God gevind.

Sy betreur dit dat haar talente, veral die kreatiwiteit, nooit ten volle ontwikkel is nie. Dít is iets wat sy die meeste in haar kinderjare sou wou verander. B voel dat sy soveel beroepsdrome en-ideale moes afstaan omdat haar ouers geen aandag aan haar óf haar talente gegee het nie.

Huidiglik ervaar B die afwesigheid van ‘n ware familie en liefdevolle ouers as die grootste negatiewe belewenis in haar lewe. Met God se hulp is dit in die hede ‘n gevoel van spyt eerder as die pyn en seer van die verlede.

Met verwerpende, nie-Christelike ouers was B geestelik afgeskeep. Vir haar was God ‘n ver, wrede, ontevrede persoon wat straf en wag dat sy “in lyn” moet kom. Tóg het sy van kleinsaf ‘n verlange na God gehad en wou Hom teken. Dít is deur haar moeder verbied en as verregaande beskryf. B het egter in Graad 11 in ‘n charismatiese kerk tot bekering gekom, maar volharding was moeilik as gevolg van die spot en minagting daarvoor tuis. Nadat sy van haar siekte herstel het, het sy besef dat geestelike groei en volharding wég van die ouerhuis sou moes geskied.

**v) Impakterende gebeure in die kinderjare**

Respondent B onthou vier gebeure in die kinderjare wat haar die langste bygebly het:

- sy, wat as vyfjarige dogtertjie, ná haar boetie se geboorte, eensaam buite ronddwaal met haar pop terwyl niemand van haar notisie neem nie. Dit het haar alleen, verstote en ongeliefd laat voel;
- wanneer almal in die gesin Milo gedrink het, is sy dit verbied wees haar “molligheid”. Sy was kwaad oor die onregverdigheid daarvan en het ook uitgestoot gevoel;
- sy het eenkeer ‘n Zoo-koekie gegaps omdat dit vir haar verbode was, is daarna in haar kamer toegemaak en moes ‘n hele pakkie opeet. Vir haar was dit onregverdig en sy was verskriklik kwaad daaroor;
- haar vader het haar kamer binnegekom en die sportliedjies wat sy vir die skool geskryf het, uit die tikmasjien geruk en dit opgeskeur. Dit het haar verneder agtergelaat, asook woedend en platgeslaan oor die onregverdigheid.

**vi) Pynlike geleenthede in die kinderjare**

Respondent B onthou drie geleenthede in haar kinderjare wat baie pyn veroorsaak het:

- op 5 jaar het haar vader haar forseer om vir ‘n foto te poseer – hy het ‘n huilende kind gehaat en wou haar wys hoe sy al huilend lyk met haar vuis in die mond. Sy wou nie, maar is met ‘n loesing gedreig as sy nie poseer nie. Later is hierdie foto herhaaldelik aan almal gewys tot haar uiterse vernedering en seer;
- haar vader was een Sondagmiddag dronk en die ouers het in die motor ten aanskoue van die kinders só baklei dat B ‘n ongeluk gevrees het. Later het die geveg tuis aggressiewer geword, haar moeder is platgeslaan en almal was histeries;
- die dosent by die kollege het vir haar vader die bewys van haar hoë IK gegee en gepleit dat sy na die universiteit oorgeplaas moes word. Haar vader het dit as niks wonderliks afgemaak nie en finansiële bystand geweier.

#### 4.7.2.1.4 Hantering van die ouerverwerping deur die respondent in die verlede en hede

Alhoewel B in die huwelik onttrekking as ‘n gedragstrategie gebruik het ter vermyding van verwerping, was dit nie ‘n gedragspatroon wat sy teenoor ander mense openbaar het nie. Verwarring as gevolg van die onbevredigde behoefte aan liefde en behorendheid, het B agter ‘n masker van vrolikheid en gelukkigheid weggesteek. In die Hoërskool het B ‘n nar-rol aangeneem om ‘n soort aanvaarde identiteit te verkry en die gevoel van naamloosheid te hanteer (vergelyk Mansfield in 3.4.1.3 wat ook voorgee as ‘n verdedigingstrategie gebruik het). Sy het ook in die klas by haar medeleerlinge aandag gekry deur haar skerpsinnige, humoristiese opmerkings oor onderwysers.

Woede is deur B in die ouerhuis uitgedruk deur sporadiese woedeuitbarstings óf deur die breek van ‘n voorwerp. Hierdie gedrag het vir ‘n lang tyd ook in die huwelik voorgekom. Die hantering van emosionele kwessies met die kinders, veroorsaak huidiglik steeds frustrasie wat B té driftig en vurig laat ontplof.

Selfverwerping is een van die maniere waarop ‘n persoon verwerping hanteer – soms met vernietigende gevolge. B het tót in volwassenheid haarself gereeld geknyp en seergemaak. Die fokus op die fisiese pyn het B se emosionele pyn tydelik verlig en ook die woede as gevolg van onregverdige behandeling uitgedruk. Welch (2004:5-6) noem dat selfbesering ‘n bose kringloop is van emosioneel-ontwrigtende omstandighede – verligting – skuld – ‘n onveranderde situasie.

Die onbevredigde behoefte aan veiligheid, het B buite beheer laat voel. Kos, soos haar kreatiwiteit, was ‘n kruk én kon beheer word. Kompulsiewe eet het voorgeduur totdat sy op ses-

en-twintig jaar uit die ouerhuis weg is. Nóg 'n gevolg van die angs en onsekerheid, was 'n sensitiwiteit vir kritiek en konfrontering wat vinnige verbale verdediging uitgelok het. In die huwelik het dit baie probleme veroorsaak.

Die strategieë wat B gebruik het om die ouerverwerping te hanteer, word in 4.7.2.2.5 by die motiewe vir kreatiwiteitsbeoefening genoem.

#### 4.7.2.2 Lewensverandering

Drie jaar gelede het B se oorreaksies tuis op berading uitgeloop. Die mededeling oor verwerping deur haar ouers in die kinderjare was vir B 'n openbaring, want sy het dit nooit besef nie. Dít bevestig Sorge (1999:2) se opinie dat kinders verwerping nie verstaan óf besef nie, maar net voel. B het vir jare 'n onverstaanbare hartseer ervaar en sekere reaksies was onbegryplik. Sy het ook altyd skuldig gevoel asof sý 'n fout was; 'n swartskaap en 'n "depro nut-case". Die besef van verwerping was vir B 'n bevryding van die skuld oor háár aandeel in die verwerping. Dit het ook insig gegee in die foutiewe motiewe vir die beoefening van haar kreatiwiteit.

B het oorgegee aan God en op Hom begin fokus. Sy het onderskei tussen God en haar aardse vader en Hy het 'n liefdevolle Vader geword. Saam met sy Seun, Jesus Christus, die grootste Geneesheer, loop sy oorwinnend die genesingspad. Sy het nou 'n goeie selfbeeld, is self-waarderend en het haarself lief, sy voel veilig, vry, asook vergewe. Alhoewel sy nog soms met oorsensitiwiteit, bekommernis en frustrasie, asook 'n humeur en oormatige kritiek sukkel, het die Here al baie aan haar verander en dit verbeter steeds. B is nou tevrede met haar liggaam en haarself – sy voel nie meer lelik nie en kan mense se komplimente as opreg aanvaar.

#### 4.7.2.3 Die beoefening van kreatiwiteit deur die respondent in die verlede en hede

##### 4.7.2.3.1 Eerste aanduiding of beoefening van kreatiwiteit

B het vir die eerste keer op vier of vyf jaar van haar skeppingsdrang bewus geword. Sy wou gedurig verf en goedjies maak. By haar ouma het sy haar verlustig in die teken- en inkleurboekies, vir ure na prentjies gekyk en dan wysies en woorde daaroor opgemaak. Op kleuterskool kon B heerlik verf en met klei speel. In die Laerskool was die kunsklas vir haar 'n belewenis. Sy het ook nog steeds gediggies, sowel as storietjies geskryf én geïllustreer. Haar ouers was glad nie in haar kreatiwiteit geïnteresseerd nie. Wanneer haar vader houtwerk gedoen het, wou sy baie graag houtjies kap en iets daarmee maak, maar is weggejaag.

#### 4.7.2.3.2 Herhaaldelike gebruik van sekere temas in die kreatiwiteitsbeoefening

Respondent B het van kleinsaf en in volwassenheid groot oppervlaktes verkies en die hele papier vol geteken met esteties-mooi dinge wat sintuiglik beleef kon word – reën, bome, blommetjies, vlindertjies en voëltjies.

In die Hoërskool, op Kollege en in latere volwassenheid, het B aanhoudend ronde vorms geteken. Haar skilderstukkies was dikwels patroonagtig en simmetries – 'n herhaling van dieselfde patroon. Alles moes mooi, perfek en gestruktureerd wees. Ander tye het sy harde, kleurvolle strepe getrek en die produk was dan meer abstrak. Die hoeke van die papier is ook versier of vol geteken. Soms het B swart gebruik, alhoewel sy nou nog veel eerder helder kleure verkies (sien figuur 24).



Figuur 24

#### 4.7.2.3.3 Kunsmedium

B se kreatiwiteit is veelsydig, naamlik visueel en literêr. Sy verkies egter skilder of teken as medium omdat dit nie maklik ontleedbaar is nie, meer vervullend, ontspannend, asook stimulerend is, en direkte resultate lewer.

Volgens B verg skryf meer isolasie, sowel as konsentrasie, meer inkyk in die siel, en is 'n gevaar vir selfopenbaring. In die Hoërskool het die taalonderwyser geen begrip vir haar "diep" opstelle gehad nie en dit afgekraak. Wanneer B 'n voorwerp waargeneem het, het sy dit 'n naam gegee en 'n storie met 'n les, asook 'n gelukkige einde, daaroor geskryf. Dit doen sy nog

in volwassenheid.  Skrywe oor die natuurelemente en estetiese gewaarwordinge het vir B 'n gevoel van vryheid en onbeperktheid gegee.

#### 4.7.2.3.4 Motief / motiewe vir die beoefening van kreatiwiteit in die verlede en hede

Omdat B gereken het dat die onderwysberoep iets kreatiefs sou insluit, het sy op twintig jaar 'n studente-lening aangegaan en drie jaar later as onderwyser gekwalifiseer.

Op Kollege was B se kunstake altyd meer kreatief as ander studente s'n en sy het ook van meer tegnieke gebruik gemaak.  Hiervoor is sy beloon met lof van die dosente wat haar menswaardig en waardevol laat voel het.  Omdat haar innerlike bronne só uitgeput was, was B aangewese op mense van **buite** die ouerhuis vir aanvaarding, lof en waardering en stimulasie vir haar kreatiwiteit. Laasgenoemde was uitstaande en een dosent het haar as universiteitsmateriaal bestempel as gevolg van haar talent en hoë intellek.  Hierdie goedkeuring en erkenning het B vir die eerste keer 'n ware identiteit gegee (vergelyk 2.9.7.4).

As onderwyser het B die kinders intellektueel deur middel van kreatiwiteit gestimuleer, vir hulle stories geskryf en plakkate ontwerp wat in die klaskamer gebruik is.  Ander onderwysers het die plakkate bewonder en haar daaroor gekomplimenteer.  Weer eens het B waardig, gewaardeerd en nuttig gevoel.

Op ses-en-twintig jaar het B geroepe gevoel vir die sending en is uit die ouerhuis weg.  By 'n sendingkantoor het sy die nuusblad behartig en besef dat haar literêre werk van hoogstaande gehalte was.  Die soeke na aanvaarding, goedkeuring en erkenning het egter nie aan B se verwagtinge voldoen nie want haar literêre bydrae is soms afgekraak deur die leier, sowel as deur die predikant.  Sy het weer eens verwerping ervaar, veral van haar kreatiwiteit.

Respondent B het nooit regtig kreatiwiteit as 'n middel vir gevoelsuiting gebruik nie want sy het uitdrukking van emosies gevrees as gevolg haar ouers se ontmoediging daarvan.  Sy was meesal só emosioneel afgeplat dat gevoelsuiting nie in haar kreatiwiteit voorgekom het nie, behalwe vir die hunkering en verlange na geluk en 'n mooi lewe.  Dít het tot uiting gekom in die tekeninge van huisies met 'n blomtuin, dogtertjies met mooi rokkies óf die natuurskoonheid.

Daar was 'n soeke na volmaaktheid en vrede deur haar kreatiwiteit.  Op Kollege het die lof en waardering vir haar kreatiwiteit,  B soos 'n "iemand" laat voel.  Die besef dat sy kon skep en iets voortbring, het 'n identiteit laat ontwaak waarop sy wou voortbou deur die beoefening van haar kreatiwiteit.  B het deur haar kreatiwiteit ontvlugting gesoek van die onaangename situasie in

haar ouerhuis. In fantasie het sy van die harde werklikheid ontsnap. In hierdie fantasiewêreld was sý in beheer en het dit “goedgegaan”. Dit was ‘n “veilige” plek vol geluk en mooi dinge - ‘n droomwêreld waardeur sy die werklikheid kon trotseer. Hierdie skyn-volmaakte situasie het eerder afsondering as genesing aangemoedig (vergelyk 2.9.7.6.1). Dit het haar egter baie depressief gemaak en frustreer want trotsering van die onveranderde werklikheid was nóg erger. Selfs ná B se huwelik het sy nog altyd gefantaseer en haar drome uitgeleef deur glasverfkuns.

Kreatiwiteit was vir haar soos ‘n pleister op ‘n seer; ‘n vriend en metgesel wat tydelik kalmte en rus gebring het. B reken dat haar lewe daarsonder ‘n groter hel sou gewees het want in eensaamheid kon sy iets moois maak en momenteel beter voel oor die produk wat voortgebring is. Kreatiwiteit was dus ‘n teenvoeter vir eensaamheid, teleurstelling en verliese, asook ‘n manier om haar gevoelens van wanhoop en magteloosheid te hanteer (vergelyk 2.9.7.2).

Omdat B nooit die ouerverwerping as sulks besef het nie, het sy nooit deur middel van haar kreatiwiteit daaroor gerou nie. Sy het eers drie jaar gelede die verliese ingesien en was deur die jare slegs van die léémtes bewus; leemtes wat die kreatiwiteit moes probeer vul en die tye van onverstaanbare hartseer moes stil.

**4.7.2.3.5 Gerigtheid van die kreatiwiteitsbeoefening in die verlede en hede**

Respondent B erken dat sy nooit God se hulp ingeroep het vir die hantering óf verwerking van die seer van die ouerverwerping nie. Haar beeld van God was nog té verwronge ten spyte van die nader beweeg na Hom. Eers ná die besef van die verwerping, het B haar tevergeefse soeke na identiteit, geluk en vrede, waarde en erkenning deur haar kreatiwiteit, verstaan. Alle “belonings” of “kompensasies” vanuit die kreatiwiteitsbeoefening was tydelik en moes voortdurend volgehou word vir emosionele vervulling.

Haar ware identiteit in Christus kon B nooit in haar kreatiwiteit vind nie. Drie jaar gelede het sy vir die eerste keer ingesien dat haar kreatiewe talent ‘n Godgegewe gawe is. B is daarvan oortuig dat sý as mens, anders sou gewees en ontwikkel het, indien sy vroeër haar Godgeskapenheid besef het. Sy is ook daarvan oortuig dat Godgeïnspireerde skilder of skryf soveel meer terapeutiese waarde sou gehad het. B betreur veral die feit dat haar kreatiwiteit vir só lank nie tot God se eer en verheerliking aangewend was nie, maar vir eie gewin.

Die wete dat God ‘n ware Vader is en nie ouers nie, is vir B ‘n bate vanuit die slegte kinderjare. Hy is alles en die enigste Heler van die seer wat sy so lank saamgedra het. Geld was volop in

haar ouerhuis, maar dit kon nie **geluk** koop nie. Sy weet nou dat genot in eenvoudige dinge lê en dat vrede met God die hoogste geluk is.

#### 4.7.2.3.6 Huidige stand van die respondent ten opsigte van kunsbeoefening

Met die sielerus wat God gebring het, vind B deesdae genoegdoening in kunstige naaldwerk vir haar twee talentvolle dogters se musiekuitvoerings. Aanvanklik het B die naaldwerk begin uit leedvermaak – om haar vader te wys dat sy dit kán doen. Met die omvorming van haar denke deur God, begeer sy nou om met haar gawe te **dien**, asook om **God te eer** en sy voel vervuld. Dit verskaf haar ook groot genot om die kinderstories wat sy vir haar dogters skryf dramaties voor te lees.

Tot drie jaar gelede was B se emosionele behoefte om voortdurend onder iemand se "vlerk" te wees – 'n kunsmaat saam met wie sy iets kunstigs kon doen. Toe hierdie kruk haar faal, het God haar oortuig dat sy op haar eie kon aangaan met Hóm, die grootste Skepper en kunstenaar as hulp. Inaggenome haar gebrek aan opleiding in naaldwerk, is B verstom oor haar kundigheid en haar unieke skeppings. Sy skryf dit slegs toe aan God se inspirasie en bekwaammaking.

#### 4.7.2.3.7 Voornemens vir en verwagtinge van toekomstige beoefening van kreatiwiteit

B wil graag in die toekoms 'n ontwerpkursus aanpak, asook kinderboekies skryf, self illustreer en 'n uitgewer daarvoor soek. Sy besef nou eers dat haar skryftalent **bruikbaar** kan wees. Sy wil egter alles doen uit dankbaarheid teenoor God vir haar kreatiewe talente en vir ander daarmee genot verskaf. In haar hart koester B groot verwagtinge vir die toekomstige beoefening van haar kreatiwiteit. Sy ervaar ook dat God besig is om haar na groter hoogtes te lei, verál met betrekking tot haar kreatiwiteit.

### 4.7.3 RESPONDENT C

Respondent C is 'n 37 jarige getroude man, die oudste van twee broers. Hy was 'n buite-egtelike kind, die ouers moes trou en is geskei toe C vier jaar oud was.

#### 4.7.3.1 Agtergrond van die respondent

#### 4.7.3.1.1 Tipe ouerhuis

C het in latere kontak sy biologiese vader as effens passief ervaar en hulle verhouding is nog neutraal. Tydens hierdie kontakte het C se broer alle aandag gekry omdat hy, soos die vader, 'n sport-entoesias was. Dit het C baie verwerp laat voel.

In sy tiende jaar is C se moeder weer getroud met ‘n welgestelde, nie-Christen man wat ‘n drankprobleem gehad het. Die atmosfeer in hierdie huis was gespanne, kommunikasie was luid en C se moeder is mishandel. ‘n Halfbroer en –suster het bygekom en bakleiery tussen die kinders het C dikwels laat onttrek. Die stiefvader se opvoedingstyl was rigied, asook outokraties, hy was prominent, manipulerend en hardhandig. C se verhouding met hom was sleg. Alhoewel C se moeder ook prominent en manipulerend was, en haar liefde taamlik versmorend, was C se verhouding met haar tog liefdevol en naby.

#### 4.7.3.1.2 Optrede van die ouers

Respondent C se stiefvader het sonder ouers grootgeword want hy is op drie jaar wees agtergelaat na sy ouers se motorongeluk.

Die stiefvader was verbaal-afbrekend en beledigend, asook erg fisies mishandelend. Hy het:

- nie na C se mening of insette geluister nie óf C toegelaat om sy opinie te lug nie;
- nie C se gevoelens gerespekteer nie;
- geen liefde getoon nie;
- C onregverdig behandel want ander reëls het vir die stiefpa se eie kinders gegeld.

Die kontakpunt tussen C en sy stiefvader was kreatiwiteit waarby laasgenoemde aktief betrokke was en waarin C ook aangemoedig is. Die stiefvader se optrede was egter verwarrend want hulle kon ‘n diep gesprek oor kuns voer en die volgende oomblik sou hy verander. Hierdie fluktuasie het C laat onttrek en hom baie versigtig, sowel as agterdogtig, teenoor mense gestem.

Toe C aan die einde van Graad 7 as ‘n rebel uitgekryt is, is hy koshuis toe gestuur tot die einde van Graad 10. Daarná het C homself met buitemuurse aktiwiteite oorlaai en veral met sy kreatiwiteit, só besig gebly dat hy onder die stiefvader se voete uit was. Respondent C wou tweekeer van die huis wegloop omdat sy huislike situasie ondraaglik was en hy vermy nou nog beheersugtige outokrate.

Die swak verhouding met ‘n vader of manlike figuur, het leemtes in C se lewe gelaat, naamlik:

- versterking van sy manwees wat hom sy manlike identiteit laat bevraagteken het en hom met homoseksuele verhoudings laat eksperimenteer het;

- die min insette van ‘n vader het C se reis na manlikheid bemoeilik sodat hy tot op agt-en-twintig jaar daarmee gesukkel het;
- die afwesigheid van ‘n versorgende vader;
- die ontbering van fisiese kontak en die toegeneentheid van ‘n vader het C op verkeerde maniere na liefde laat soek.

C se moeder het ook nie ‘n goeie verhouding met haar ouers gehad nie.  Sy was van Graad 1 tot Graad 12 in die koshuis.  Sy het egter vir C emosionele koestering gegee en as arbiter tussen hom en sy stiefvader opgetree.  Omdat sy ‘n “lostong” was en soms gejok het, is sy vrymoedigheid om dinge met haar te deel, benadeel.  Teen Graad 12 het sy van hom haar vertroueling gemaak en hý moes luister.  Die gevolg was dat sy hóm as mens, glad nie geken het nie.  Hy meen ook dat sy haar ware self weggesteek het sodat wedersydse selfopenbaring tussen hulle onmoontlik was.

Die oppervlakkige moeder-seun verhouding het ook leemtes in C se lewe gelaat, naamlik:

- die insette van ‘n vrou en moeder in die lewe van ‘n seun;
- vertroulike gesprekke oor die liefde en huwelik vanuit ‘n vrou se oogpunt;
- waardering van haar kant vir sy kreatiwiteit.

(vergelyk die moeder-seun verhouding in 3.3.5.1.2)

#### 4.7.3.1.3 Uitwerking van die ouerverwerping op die respondent

Daar sal verwys word na die onbevredigde behoeftes, die boodskappe van die ouer / s na die kind se self;  die gevolglike negatiewe gevoelens;  die verliese wat die respondent as gevolg van die ouerverwerping gely het;  impakterende gebeure in die kinderjare en pynlike geleenthede in die kinderjare.

**i) Onbevredigde behoeftes**

**a) Behorend**

C het alleen, uitgelaat, onwelkom en ongeliefd gevoel met niemand wat hom verstaan het nie.  Die tekort aan vaste gesinstyd, het ‘n gevoel van ongeborgenheid laat ontstaan.  Omdat hy nie aanvaar is nie, kon hy in baie situasies nie nee sê nie uit vrees vir verwerping en het ter wille van gewildheid verkeerde keuses gemaak.

**b) Waarde**

C het gevoel dat hy misbruik, nie goed genoeg en soms waardeloos was. Sy kreatiwiteit het hom darem opgehef, maar hy het jaloers op ander gebly en hulle baie gekritiseer.

**c) Veiligheid**

C was emosioneel onveilig en het dikwels magteloos gevoel.

**ii) Boodskappe van die ouer(s) aan die kind se self**

C het die volgende boodskappe van sy stiefvader ontvang:

- jy is ‘n mislukking;
- jy is nie manlik genoeg nie;
- jy is nie goed genoeg nie en sal dit nooit maak nie.

C is lank nadat hy uit die ouerhuis weg is, nóg deur hierdie boodskappe “regeer” wanneer hy voor mense moes optree – kopstemme wat soos ‘n bandopnemer bly afspeel soos Seamands (1998:100) dit gestel het. Omdat hy nou met God se genade anders dink, voel hy in die hede die effek soms fisies, maar nie meer affektief nie en daarom beïnvloed dit nie meer sy optrede nie.

**iii) Negatiewe gevoelens**

Die negatiewe boodskappe wat C van sy stiefvader ontvang het, het hom vernederd, verwerp, geïsoleerd, frustreerd en ontevrede laat voel. Sy lae selfbeeld en self-veroordeling is versterk deur die name wat skoolkinders hom genoem het, onder andere sissie, moffie, “loser”. Negatiewe gevoelens soos pessimisme, depressie, hulpeloosheid en wanhoop het hom dikwels oorheers. Huidiglik word hy soms mismoedig, maar dit duur nie lank nie. Hy erken dat hy vóór sy inkeer baie selfgefokus was in plaas van Godgerig, verál met betrekking tot sy kreatiwiteit.

**iv) Verliese wat die respondent as gevolg van die ouerverwerping in die kinderjare gely het**

C het stabiliteit in sy kinderjare ontbeer want ná die ouers se egskeiding het hy en sy moeder baie rondgetrek wat wortelskiet op ‘n plek bemoeilik het. Gesinstyd het nie bestaan nie, ook nie in die nuwe gesin nie. Die leiding van ‘n vader op pad na manwording was afwesig (vergelyk die vader-seun verhouding in 3.3.5.2.1). Tydens ‘n seminaar oor emosionele genesing by die

kerk, is C se verlies op agt-en-twintig jaar ontbloot. Hy het besef dat hy glad nie oor die onderwerp kon praat nie en, vanuit sy leegheid, nie ander kon bedien nie.

Die grootste verlies wat C gely het was die verkryging van ‘n gesonde Godspersepsie. As gevolg van die afwesigheid van sy biologiese vader, ‘n dominerende stiefvader en ‘n organiserende Duitse oupa, het hy nie geweet hoe om God, die **Vader** te benader nie. Hy het onwaardig vir God se liefde gevoel en gedink dat hy gedurig moes presteer, asook vir God moes wérk, om vir Hom aanvaarbaar te wees. Alhoewel hy in Graad 3 sy hart vir die Here gegee het, was sy godsdiens sonder spontaniteit en ‘n nabootsing van ander se optrede. Dit was ook baie vergeestelik en is eers later deur Woordkennis meer prakties gemaak. Vir C was sy godsdiens aanvanklik ‘n ontsnapping en nie ‘n realiteit nie. Die stryd met God het oorgespoel na sy kreatiwiteit en uiteindelik gelei tot ‘n selfmoordpoging in 2003. C het tot op daardie stadium nooit besef dat hy ook met sy emosionele verwonding na Jesus Christus kon gaan nie.

**v) Impakterende gebeure in die kinderjare**

Een gebeure uit die kinderjare het Respondent C lank bygebly:

- as bang, tienjarige seuntjie moes hy in die donker die asblik na die pad sleep. Die hele tyd het hy sy biologiese vader verkwalik omdat hy hom in die steek gelaat het en eers jare later teenoor die terapeut, die opgekropte woede teenoor sy vader erken.

**vi) Pynlike geleenthede in die kinderjare**

Respondent C onthou twee pynlike geleenthede in die kinderjare:

- sy biologiese vader moes hom en sy boetie soms vir besoektye kom oplaai, maar het dikwels nooit opgedaag nie. C onthou een spesifieke keer in Graad 6 toe hulle tot laat vir hom gewag het. Sy verskoning was dat hy vergeet het om te laat weet dat die motor gebreek het. C se teleurstelling en pyn van verwerping was só groot dat hy besluit het om sy vader nooit weer te glo nie. Na aanleiding van hierdie episode het hy ‘n gediggie geskryf, naamlik: *Opwindende ontnugtering op die voorstoep by my tas:*
  *“Ek staan by die hek vir jou en wag*

  *Jy’t belowe jy sou 12h00 kom maar ek is seker lekker dom*

  *want toe die haan 15h00 kraai was dit die derde keer*

*wat niks op die opteldag gebeur*

*Nou kan jy maar vir my  reaksie wag want dalk glo ek jou woorde weer eendag."*

- in Graad 7 het sy stiefpa se kamerinspeksie daarop uitgeloop dat ál C se goed uit die kas uitgegooi is. Hy het die stiefpa gevloek en is toe met vuiste en 'n gordel bygedam. Toe hy daarna onderworpe op die bed in 'n bondeltjie gelê het, het die stiefpa hom triomfantlik ingelug dat hy tot Graad 8 koshuis toe sou gaan – 500 kilometer ver van die huis af.

**4.7.3.1.4  Hantering van die ouerverwerping deur die respondent in die verlede en hede**

Om die ouerverwerping te hanteer het verskeie gedragstrategieë by C ontstaan. Om verwerping te vermy, het C dikwels uit situasies onttrek.  Sy verwarring – 'n uitvloeisel van sy gebrek aan behorendheid – het hom in die Hoërskool 'n dubbele rol laat speel om die seer weg te steek (vergelyk ook Respondent A en B in 4.7.1 en 4.7.2, asook Mansfield in 3.4.1.3, se gebruik van voorgee as verdedigingstrategie).  Hoogmoed, asook oormatige kritiek, is ook voorgehou en sy goeie toneelspel is gebruik om die onderwysers, sowel as sy moeder te manipuleer om sy sin te kry.

Omdat C so onwaardig gevoel het, het hy baie dinge gedoen om raakgesien te word.   Hy het gepoog om mense se aanvaarding te kry deur die deelname aan baie buitemuurse aktiwiteite. C erken dat hy 'n "applous-verslaafde" was – op én van die verhoog af.  Die poging om homself, verál deur middel van sy kreatiwiteit, met lof te oorlaai het 'n bose kringloop in sy lewe geword.

Deur die slaafse uitvoering van sy stiefvader se wense en bevele, het C goedkeuring verdien. Later het perfeksionisme hom baie in sy lewe én verhoudings gekniehalter – alles moes perfek gedoen word sonder uitwysing van enige foute.  Baie hoë verwagtinge is ook aan mense gestel wat veral sy verhouding met sy kinders benadeel het.  Hierdie "foutloosheid" moes hom goed laat voel, ander se goedkeuring verdien en hom selfwaarde gee.  Tog was hy nooit tevrede nie.

Die emosionele onveiligheid wat C belewe het, het hom baie wantrouig gemaak.  Hy was ook baie versigtig met betrekking tot emosionele kwessies en vreemde mense, asook sensitief vir mense se opregtheid en motiewe.  Laasgenoemde gedrag toon hy nog in die hede.  C het aanvanklik moeilik liefde aanvaar want hy het gewonder wat van hom in ruil verwag word.  Hy het eerder op hom homself staatgemaak as om te glo dat ander in sy behoeftes kan voorsien. Sy vrou het egter 'n vertroueling geword en met haar deel C alles.

Sy werk, veral die kreatiwiteit, het ‘n beskermingsmuur geword.  In 2003 het C besef dat die “besig-bly”, wat in die Hoërskool as ‘n hanteringsmeganisme begin het, ‘n gedragspatroon geword het wat tot totale uitbranding gelei het.

Wanneer C homself vergelyk met sy vrou, wat ook ouerverwerping ervaar het, reken hy dat mans dit hanteer deur die najaag van prestasie en status eerder as ‘n kwaai emosionele reaksie daarop. Hý wou net bly **doen**, het emosioneel toegemaak, hard geword en die wêreld weggeleef  (vergelyk hierdie gedragspatroon veral by Lowell in 3.4.2.4 en Picasso in 3.4.3.2).

#### 4.7.3.2  Die beoefening van kreatiwiteit deur die respondent in die verlede en hede

##### 4.7.3.2.1  Eerste aanduiding / beoefening van kreatiwiteit

C het op 10 jaar in ‘n joernaal gebede en gesprekke met God begin neerskryf as ‘n uitlaatklep vir die moeilike situasie in sy ouerhuis.  Kreatiwiteit het hom ruimte en ‘n “eie stem” gegee.  In die Laerskool het hy toneelstukkies geskryf, aan ‘n skryfskool behoort, asook stukkies vir die kerk geskryf.  In die Hoërskool het C veral vanaf Graad 10 produksies geskryf wat hy ook self opgevoer het.

##### 4.7.3.2.2  Herhaaldelike gebruik van sekere temas in die kreatiwiteitsbeoefening

Herhaaldelike temas het in C se skryfwerk voorgekom, naamlik:

- ‘n hoofkarakter wat na ‘n sinvoller verhouding met ‘n gesags- of vaderfiguur soek;
- ‘n soeke na die realiteit van wie God is;
- ‘n karakter met ‘n Godsbeeld-probleem wat sóms in die stuk opgelos word of glád nie uitgesorteer word nie;
- ‘n karakter wat na identiteit soek.

As realis wou C nooit deur sy karakters ontvlug nie, maar het eerder **besef** dat hulle hysélf was en dat hy déúr hulle die waarheid wou beleef.  Daarenteen het Lawrence en Fleming óók onbevredigde behoeftes en manlike identiteit deur hulle karakters probeer beleef, maar sónder om te besef óf te erken dat dit eintlik hulle sélf was (vergelyk 3.4.2.2 en 3.4.2.3).  Sien Figuur 25a-d vir voorbeelde van  B se gedigte.

**Figuur 25. Gedigte van Respondent C**

**25a. SMELTKROES** (die tema is die suiweringsproses waardeur die mens soms gaan en die hoofletter “Ek” verwys na die geestelike mens en die kleinletter “e” na die vleeslike mens; die “Pottebakker”, “Hy”, “Sy” en “Hom” verwys na God).

Stilstipstaar Hy my
totdat Sy brandblik brand in my
En ek Hom reflekteer tot in die diepte
van die my die ek uitvlam tot

‘n nikswerd
en daar

in die my, oorbly
net die Ek- is en in- my ek, die Ek gestalte kry
Dan ruk die pottebakker my uit
en brei die klei totdat elke been
in my verbruiseld hooplê soos ‘n
Lam ter slagting

Vorm, druk, ontvou…..dan die beeld:
‘n Ek-is binne-in die ek…..onmiskenbaar
Hy ingesmeltkroes in my,
met net die smeltkroesletsels aan
my hande, voete en sy wat my onlosmaaklik
verbonde aan Hom maak.

**25b. WOEDE!** (‘n uitdrukking van woede teenoor God as gevolg van die digter se magteloosheid dat hy nie kan doen wat hý wil nie, maar moet luister na wat die Váder se wil vir sy lewe is; die “jy,” “jou” en “Jou” verwys dan na God)

Skraap ek my laaste bietjie energie
vanuit my donker leegheid op
en spoeg die helper in sy gesig

Hoekom bly jy kyk?
Jou kyk versmelt niks, want
ek
Is
klip

Dan lag ek uit my leegheid en
smaak die bloed in my mond.....
Klip kan nie bloei nie
Klip is klip – waarvandaan die bloed?

My hart roep luider as my klip
en harder as wat ek kan spoeg
bly steeds Jou liefdesblik.

**25c. SELF** (die digter gee uitdrukking aan sy besef dat die “eie ek” – die “jy” en “jou” – nog prominent is, daarom is die self ‘n remming want self is vlees en begeer volgens Romeine 7:15-23 lynreg teen wat die Gees wil; die “Seun”, “Hy” en “Hom” verwys na God).

Sleep jy die jou wragtag nog steeds saam
teen hiedie steilte waarteen jy so
moeg is dat jy eintlik elke las moet af

gooi sodat jy vlugvoetig agter die
Seun kan aanspring.

Omrede Hy so vinnig beweeg dat
die Self nooit sal kan byhou nie
want die self is ‘n doodsbeker
wat jou vashou in die gat van elke swartblokkie.

Gooi af die las – die self wat
so maklik verstrik sodat die ek
Hom kan inhaal om vlugsoortig
soos Hy te skyn om elke
swart blokkie diep blywend te
verwit.

**25d. SKAAKMAT** (geskryf net voor die gepoogde selfmoord en toon die digter se vasgekeerdheid; die “Koning” verwys na God).

Die klein wit blokkie in my doolhoof van swart
word al kleiner om my voete tot
ek net elke snaarstywe spoor meet
Ek is vas!!

Terug is geen opsie want die Koning staan reg agter my
Sy asem in my nek
Ek is vas!!

Na beide flanke kan ek nie
vorentoe is doodswart…..
Die klein wit blokkie in my doolhoof

druk my van balans af tot ek

kantel en die doodswart my insluk

‘n Gesperde kaak waarin ek verdwyn

en die Koning triomfantelik huil.

Veral gedig b en d, en tot ‘n mate c, toon die digter se **worstelstryd met God**. Daar is soms ‘n **leegheid en doodsheid** in die gedigte; die digter se **vasgekeerdheid, gejaagdheid of ‘n wegvlug** kom dikwels na vore; sy **wanhoop en desperaatheid** word ook uitgebeeld.

#### 4.7.3.2.3 Kunsmedium

C kan homself meer en beter in taal uitdruk en is sterk verbaal. Hy was nooit bang om sy kwesbaarheid tot uiting te laat kom nie óf homself te openbaar en sy siel bloot te lê nie. Dig is vir hom persoonlik, diep, asook donker, en minder toeganklik vir die leser omdat die meeste mense dit nie snap nie. ‘n Gedig kommunikeer baie meer in min woorde en is ‘n spieël van die siel.

Hy skryf graag teaterstukke met ‘n les en hou van epiese werk omdat dit hom nie tot ‘n spesifieke styl beperk nie. Deesdae bespreek hy die les in die stuk graag met tieners sodat hulle iets daaruit kan leer. Vir C is die koorsang eenkeer per week ontspannend en opheffend. Hy skryf ook nog altyd liedere wat hy self toonset.

#### 4.7.3.2.4 Motief / motiewe vir die beoefening van die kreatiwiteit

In sy skryfwerk het C na die volgende gesoek:

- identiteit;
- aanvaarding van homself én aanvaarding deur ander;
- God en ‘n dieper verhouding met hom;
- erkenning en waardering van mense, wat hom byna kompulsief gedryf het.

Die beoefening van kreatiwiteit was ook ‘n onbewustelike terapie. Alhoewel C deur middel van kreatiwiteit sy strydvrae wou deurwerk, het hy dit nooit doelbewus terapeuties beoefen nie. Tog was die verplasing van eie gevoelens en selfsoeke na fiktiewe karakters, ‘n poging om selfkennis en selfbegrip te verkry (vergelyk 2.9.7). Hy het eers later besef dat sy kreatiwiteit

gereedskap in God se hand kán wees om seer te verwerk.  Ná hierdie besef was sy produksies vir hom ‘n belewenis.

Kreatiwiteit hét worstelende emosies en probleme uitgedruk, maar nie opgelos nie.  C wou sy lewe in ‘n raamwerk plaas en op die verhoog sien afspeel – ‘n objektivering daarvan sodat hy sin daaruit kon probeer maak.  Dit was egter nie heeltemal suksesvol nie.  Uitdrukking en ontlading van emosies het C eerder verstrik in ‘n verslawingspatroon van onophoudelike kreatiewe skepping (vergelyk 2.9.7.1).

Werksbeheer het versadiging en vervulling van die leemtes (soos by A en B) versinnebeeld, sowel as die hantering van die magteloosheid met betrekking tot die buitewêreld (vergelyk 2.9.7.2).  C se kreatiewe taak, asook mense en hulle opinies, was vir hom van die uiterste belang, maar het geensins sy innerlike dors geles nie (vergeyk 2.9.7.3).

**4.7.3.2.5  Gerigtheid van die kreatiwiteitsbeoefening in die verlede en hede**

C het voor sy inkeer net op die méns gefokus, maar eers later besef dat daar ‘n koppeling is tussen God en mens.  Hy sê Jesus is sy broer en God die Vader is sy Pappa, en dat die Heilige Gees in hom woon as ‘n seël van die belofte.  Die Vader het hom lief en verander daagliks sy vleeslike mens om eendag volkome voor Hom te staan.  Hy het vóór 2003 nie tot God se verheerliking sy kreatiwiteit beoefen nie, maar het sy posisie as skrywer misbruik om erkenning te kry.  Al het Christene hom op ‘n stadium gewaarsku, moes God sy trots en selfregverdiging deurbreek.

Die selfmoordpoging van 2003 was ‘n finale bewys van die mislukking van sy kreatiwiteit om die ouerverwerping van die kinderjare te verwerk.  Dit was ‘n kulminasie van baie dinge, naamlik:

- die konstante worsteling om ‘n vaste identiteit te kry;
- die chroniese soeke na aanvaarding;
- die innerlike wroeging oor sy verliese;
- die baie verantwoordelikhede en die baie rolle war hy moes speel;
- fisiese en emosionele uitputting of  uitbranding as gevolg van sy kompulsiewe werksywer;
- sy verhouding met God vir wie hy aanvaarbaar wou wees soos vir die twee aardse vaders in sy lewe;  sy gevoel dat hy en God onversoenbaar is;  dat hy deur God bedrieg is en in ‘n gat vol wanhoop, verlatenheid, asook hopeloosheid verval.

C weet egter dat God op díe spesifieke aand ingegryp het en sy lewe gered het. In terapie is hy met sy seer gekonfronteer en moes deel met sy onderdrukte woede teenoor sy biologiese vader. Een fout van die terapeut was dat hy nie C se kreatiwiteit as instrument tot genesing uitgewys het nie, en nog minder kunstenaars verstaan het. C weet egter nou dat God sy kreatiwiteit as instrument tot heling kán gebruik ás dit Godgerig en sáám met Hom beoefen word. Selfs ná die selfmoord het C wéér kerkmense probeer beïndruk met 'n skouspelagtige Christelike opvoering, maar skielik het hy besef dat God nie sy eer met iemand déél nie en dat hy dit van God wegsteel.

Ná 2004 was C se temas Godgerig en hy wou vir mense wys dat God die weg na hoop is. 2005 was die finale kentering waarna C glad nie meer op die voorgrond wou wees nie. Hy begeer om deur sy opvoerings te help. Hy ervaar dat God sy kreatiwiteit soveel meer in ander se lewens gebruik vandat hý weggeskuif het. Die laaste drie jaar is sy skrywery hoofsaaklik Bybels-gefundeerd. Hy besef egter dat hy nie altyd liturgiese teaterstukke hóéf te skryf nie want die Heilige Gees spreek ook deur sogenaamde sekulêre stukke.

Die seer van die kinderjare is nooit deur die beoefening van sy kreatiwiteit verwerk nie want C weet nou dat nét God kan vrymaak en heel. Ná die ommekeer in sy lewe het C besef dat die oplossing nie in kreatiwiteit as sulks gelê het nie want dit was nie waarvoor God dit bestem het nie. Die Heilige Gees was onbetrokke in sy kreatiwiteitsbeoefening en daarom het dit nie gehelp nie. C voel nou "tuis" met homself en weet dat hy nie hoef te presteer óf mense se aanvaarding en erkenning verkry nie. Hy weet wie hy in Christus is en besef dat sy kreatiwiteit nie meer ter wille van mense se lof is nie.

Vanaf 2005 het C dinge van die verlede sáám met God in sy skrywe uitgesorteer. Sónder God was alles tevergeefs, maar nóü is die Heilige Gees sy vennoot en stap hy én God die lewenspad. Hy weet dat God sy lewe beplan het, en dat, ten spyte van sy "dwalinge", God hom nóóít in die steek gelaat óf verlaat het nie. Hy beskou etlike dinge as bates uit sy moeilike kinderjare: die medelye wat hy koester teenoor kinders wat swaarkry; sy besondere slag om met tieners te werk en vir hulle lewenswaarhede, asook lesse uit sy teaterstukke te leer; sy begeerte om mense se gedrag te verstaan; en sy passie om ouers toe te rus om hul kinders gekoester te laat voel. Vir C is al hierdie dinge maniere om God én sy medemens te dien.

#### 4.7.3.2.6 Huidige stand van die respondent ten opsigte van kunsbeoefening

Alhoewel C nie ‘n voltydse beroep as skrywer beoefen nie, skryf hy nog musiekblyspele en toneelstukke op aanvraag vir kerke en skole. Hy voer gereeld ‘n poppespel op by kultuurfeeste en sy kinderstories wat hy self dramatiseer, word gereeld op DVD opgeneem vir ‘n bekende Christelike uitgewer. Soms dig hy ook nog wanneer die lus of behoefte hom pak.

#### 4.7.3.2.7 Voornemens vir en verwagtinge van toekomstige beoefening van kreatiwiteit

C wil graag ‘n digbundel publiseer, en alhoewel dit alreeds geproeflees is, soek hy nog ‘n uitgewer. Hy is ook deur ‘n bekende filmregisseur aangemoedig om sy toneelstukke te laat publiseer as gevolg van die tekort aan Afrikaanse stukke.

Hy het ‘n optimistiese verwagting oor die toekoms en weet hy staan op die punt van groot persoonlike deurbrake, maar Gód moet die weg aanwys want sý begeertes het weggeval en hy wag geduldig op God se leiding.

## 4.8 EVALUERENDE GEVOLGTREKKING

Respondent A is die enigste een van die drie respondente wie se ouers wél Christene was en wat in ‘n stabiele atmosfeer sonder bakleiery en openlike konflik, grootgeword het. Tóg het die geweldige passiewe verwerping wat sy beleef het, oënskynlik ‘n erger uitwerking op haar gehad as die aktiewe verwerping wat B en C ervaar het. Respondent B het aktiewe, sowel as passiewe ouerverwerping ervaar, maar by haar én Respondent A se se ouers was daar geen: inagneming van hulle belange nie; aanvoeling vir hulle behoeftes en begeertes nie; warm liefde of aanvaarding nie; waardering en aanmoediging vir hulle óf hulle kreatiwiteit nie; erkenning van hulle identiteit en veral van hulle kreatiwiteit nie. B is darem nog raakgesien, is gestraf en afgekraak, en het soms ‘n bietjie flou liefde van haar vader ontvang. Daarenteen het die tótale ignorering van A haar laat wonder of sy bestaan. Dit is te verstane dat die taktiele kwaliteit van die klei-medium vir haar ‘n gevoel van wesenlikheid gegee het – iets konkreets waaraan sy kon vat en waarmee sy kon skep. Miskien sou sy eerder verkies het om soos B en C ook aktief verwerp te word deur verbale degradering en fisiese afknouery want dán was sy ten minste raakgesien.

Respondent A, die alleen-mens, altyd aangewese op haarself en losgelaat in ‘n wêreld sonder om te weet wie sy waarlik is, was onverbonde en ongeborge. Die soeke na identiteit was eers onbewustelik deur haar kreatiwiteit, maar is nou bewustelik. As gevolg van die afgesonderdheid

en ontbering van ware kontak en interaksie met die ouers, het A ‘n beskermingsmuur om haarself opgebou waaragter sy skuil ter vermyding van verdere seer. Agter hierdie muur is sy egter ‘n eensame gevangene wat die ontvangs en gee van ware liefde, asook spontane en vreugdevolle omgang met mense, moeilik vind,. Haar afsydigheid en gereserveerdheid het ook na haar kreatiewe skeppings oorgespoel.. Verál God se liefde kan nie regtig indring nie.

Watter vorm ouerverwerping ook al aanneem, is die uitwerking op die kind en later volwassene, enorm. Respondent B was: emosioneel platgeslaan; vir ‘n lang tyd onbekwaam om die uitdagings van die lewe aan te pak; soekend na geluk, vrede, rus en ‘n mooi wêreld met mooi dinge daarin, asook ook soekend na aanvaarding en waardering – veral deur middel van haar kreatiwiteit. Vir die ekstrovertiese respondent B was dit egter makliker om na mense uit te reik en sy het selfs aan haar gevoelens uitdrukking gegee, alhoewel dit dikwels op onvanpaste maniere was, soos deur selfbesering en kompulsiewe eet, asook die breek van voorwerpe.

Respondent C het as man, die ouerverwerping deur kompulsiewe kreatiwiteitsbeoefening hanteer. Sodoende kon hy konfrontering van die seer vermy en téén die ouerverwerping, wat hy wél besef het, veg. Sukses is behaal en lof, asook waardering is verkry. Albei was soete belonings vir sy behoefte aan goedkeuring, aanvaarding en erkenning. Hy het ook méér gebruik gemaak van herhaaldelike temas om sy worsteling, asook soeke uit te druk, en was in werklikheid méér suksesvol. Uiteindelik het sy pogings tot verwerking van die ouerverwerping deur kreatiwiteitsbeoefening, hom gedryf tot die afgrond van selfmoord waarvan hy deur God se ingryping gered is. Dít was die keerpunt in C se lewe, terwyl B se keerpunt die besef was van die destruktiewe uitwerking van haar optrede op haar huwelik, asook die latere besef van die ouerverwerping tydens berading. Die ommekeer in hulle lewens het albei se gerigtheid en benadering tot die kreatiwiteitsbeoefening van mensgerig na Godgerig, verander. Respondent A het nog nie só ‘n lewens-keerpunt bereik nie. Daarom poog en soek sy steeds sónder dat die fokus van haar kreatiwiteitsbeoefening Godgerig is.

Al drie respondente was in die kinderjare só oorweldig deur hulle situasie dat hulle van die huis wou wegloop. B se latere verlating van die ouerhuis in volwassenheid was ‘n desperate, maar wyse besluit. Dit het haar tóg gehelp het om ‘n mate van klaarheid te kry en spanning te verminder sodat sy die selfbesering, asook kompulsiewe eet gewoonte, kon aflê.

Respondent C se kreatiwiteit is aangemoedig en die beoefening daarvan is nooit verhinder óf verkleineer nie. Daarom was dit heel moontlik vir hom makliker om sy kreatiwiteit vryliker en veelvuldiger te beoefen. Dit het geensins gehelp om die ouerverwerping te verwerk en te heel

nie. Hy was vasgevang in die "tronk" van produsering en perfeksionisme. Respondent A word juis deur laasgenoemde gekniehalter want die "goeie" gevoelens oor die self en die oorheersende selfverkleinering is steeds teenwoordig. Alhoewel Respondent B nooit soos A en C haar kreatiwiteit as beroep kon beoefen nie, is haar huidige manier van kreatiwiteitsbeoefening tóg vervullend.

Al drie die respondente moes in hul ouerhuise met iemand meeding – A met haar susters, B en C met 'n broer. Dit het A meer laat terugtrek in minderwaardigheid en selfbeskerming, terwyl B en C se woede toegeneem het. Alhoewel A en B albei skuld vir die ouerverwerping aanvaar het, het eersgenoemde in 'n gedragspatroon vasgeval van voordurende skuldaanvaarding – óók in die huwelik. Sy geringskat haarself en is altyd die minste. Deur die inagneming van ánder se gevoelens, onderdruk en vermy sy haar eie pyn.

Dit is opmerklik dat A se selfbeeld in teenstelling met Respondente B en C, nog geensins verhoog het nie. Wanneer sy haarself evalueer voel sy nog steeds minderwaardig, waardeloos en 'n mislukking. Sy het gedurig ánder opgebou sonder om aandag aan haar eíe menswees te gee. Haar verwronge persepsies van God is júis verwant aan haar lae selfbeoordeling. Eers wanneer sy waarlik haar identiteit, waarde en uniekheid in Jesus Christus ontdek, sal haar selfbeskouing verander. Intussen weerhou die selftwyfel haar van die produsering van uitsonderlike voorwerpe.

Alhoewel die respondente almal in hul ouerhuise materiële welvaart belewe het, was hulle emosioneel arm. B en C is geseën met huweliksmaats wat 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus het en albei se huwelike is gelukkig. A geniet huidiglik meer materiële voordele, maar is ongelukkig. Die sogenaamde "vloek van verwerping" het op al drie se lewens gerus want een of albei ouers het ook ouerverwerping in húlle kinderjare beleef. Hierdie ouers het egter elkeen 'n keuse gehad om bokant die seer uit te styg; 'n keuse wat die respondente óók het, naamlik om met God se hulp die verwerping te verwerk.

Die verliese wat die respondente in die kinderjare gely het, het veral hulle menseverhoudinge beïnvloed. By A en B was daar 'n onvermoë om maklik vriende te maak, asook om mans te leer ken én te verstaan. Al drie se verdedigingsmeganisme, naamlik 'n masker van sorgeloosheid om die diep ontnugtering en seer te verbloem, het mense se hulp weggestoot en konfrontering van gevoelens verhinder; A en C wantrou mense, maar verál A is in haarself toegeskulp; C se langdurige stryd vir die bevestiging van sy manwees, het aanvanklik skewe seksuele en menseverhoudinge laat ontstaan.

Sekere gedragspatrone het by die respondente ontstaan as gevolg van woede en seer oor die ouerverwerping, maar veral oor die onvervulde behoeftes. Volwasse verdedigingstyle het hulle teen vrees en benoudhede beskerm, konfrontasie vermy en uiting van woede bewerkstellig, maar sodoende openheid met ander verhinder en verhoudings benadeel. A se self-isolering het veral haar kreatiwiteitsbeoefening benadeel wat skepping en produksie soms gestrem het en nog huidiglik 'n remming is. Die oogmerk van sekere gedragstrategieë om die ouerverwerping te hanteer, was om beter oor die self te voel. Veral perfeksionisme het C se werksinstelling en menseverhoudinge glad nie bevorder nie en die najaag van mense se erkenning het hom van God verwyder. A en B se ontsnapping van die werklikheid deur kuns, het konfrontering van die pyn, asook seer voorkóm en genesing geensins bevorder nie.

Die optrede van die ouers, veral die vaders, het 'n verwronge Godsbeeld by al die respondente gevestig. Omdat hul aardse vaders afwysend en liefdeloos was, is die vrymoedigheid om tot God te nader, in die wiele gery. Vertroue op Hom vir genesing was bykans onmoontlik. Selfs B en C se oppervlakkige verhouding met God het nie die helingsproses behelp nie want 'n oorgawe aan God het uitgebly. B en C moes hulle hele persepsie van God verander voordat 'n Goddelike genesings- en heelheidsproses kon begin. In A se geval sal dit 'n langdurige proses wees om by God uit kom – ás sy bereid is om in totale oorgawe en afhanklikheid aan sy voete te gaan sit, Hom te leer ken, asook te vertrou.

Die gebruik van herhalende temas in die beoefening van die kreatiwiteit, was 'n projeksie van gevoelens en innerlike woelinge. A se tekeninge toon nog altyd haar doelloosheid – die onvermoë om 'n oplossing te sien ten spyte van haar oënskynlike suksesvolle kunsberoep en -beoefening. B se aanhoudende skepping van "mooi" dinge, het die verlange na geluk en vrede uitgebeeld; die sirkels het haar vasgevangenheid in die bose kringloop van seer en verydeling in die ouerhuis verbeeld; en die versiering van élke hoek van 'n bladsy was 'n uiting van die gevoel van "in die hoek gedryf wees". Dit is opmerklik dat Respondent A en B albei esteties mooi dinge wou skep – 'n projeksie van albei se verlange na 'n mooier wêreld. Daarenteen het C sý soeke na identiteit en stoei met God in sy karakters uitgebeeld.

Jarelank het al drie respondente, soos die kreatiewe indiwidue in Hoofstuk 3, gepoog om die ouerverwerping in die kinderjare deur hulle kreatiwiteit te verwerk. Ontvlugting deur en terugtrek in die skepping van kreatiewe voorwerpe, het Respondent A van psigologiese ineenstorting gered. Die skepping van 'n fantasiewêreld het vir Respondent B 'n ontsnapping van die harde werklikheid voorsien. Respondent C het uiting gevind vir sy gevoelens en

innerlike woelinge deur die fiktiewe karakters in sy toneelstukke. Elkeen se motief vir die beoefening van hulle kreatiwiteit was selfgesentreerd. Afgesien van die ontvlugtings-, ontsnappings- of ontladingsmotiewe, moes die kreatiwiteit ook die gapings van onvervulde behoeftes vervul – by A is of was dit die soeke na identiteit en behorendheid, by B en C was dit erkenning, lof en goedkeuring van mense om waardig te voel.

Die kreatiwiteitsbeoefening het vir die drie respondente "belonings" gehad, soos ook vir die kreatiewe indiwidue in Hoofstuk 3, maar dit was kortstondig en tydelik. Soos 'n verslaafde wat elke keer wéér 'n inname van die verslawingsmiddel benodig, moes hierdie kreatiewe indiwidue aanhou werk, skep en produseer om emosionele vervulling en / of verligting te kry – 'n energie-dreinerende proses wat nie innerlike genesing en heelheid bewerkstellig het nie. God is nooit in die kreatiewe proses ingelaat nie. Al hét C soms 'n "godsdienstige" tema gebruik waar die karakter met God worstel, kerkliedere en toneelstukke spesifiek vir kerke geskryf en al hét B by 'n sendinggenootskap gaan werk, die sendingblad behartig en literêre bydraes daarvoor gelewer, was albei se kunswerke mensgerig. Al sóú A net voorwerpe vir die kerk skep, sonder dat dit Godgerig is, sou dit haar niks nader aan Hom bring nie. Verydeling en frustrasie was vir B en C die uiteinde en word nog stééds deur A ervaar. Selfs nie C se ontlading van emosies het hom oor die hartseer en pyn van die verlede laat rou nie. Kuns het soms al drie ontstelde gemoedere kalmeer, maar geen blywende vrede bewerkstellig nie. Slegs God kon genees, heelheid bring en vir elkeen self- en lewensbetekenis gee.

Respondente B en C het uiteindelik God gevind, na Hom gedraai vir genesing en hulle identiteit in Jesus Christus ontdek. Dít het ook die motiewe vir hulle kreatiwiteitsbeoefening verander – eers ter wille van eie gewin en bevrediging , maar nou tot Gód se eer en verheerliking. Albei het ook die begeerte om mense met hul kreatiwiteit te dien. Alhoewel B nog stry teen gewoontes en frustrasies, is sy afhanklik van God vir hulp. Respondent A is nog vasgevang in die soeke, die hartseer en die verydeling. 'n Identiteit in Christus sal die desperate kreet van "Wie is ek en waar hoort ek?", asook die vraag na waarde, stilmaak. Omdat haar ouers op alle gebiede só afwesig was in haar lewe, is dit vir haar bitter moeilik om omgang met God te bewerkstellig én Hom te vertrou. Sekere veranderinge in denke en optrede is egter verblydend. God is groot en magtig genoeg om in te gryp, asook om 'n algehele verandering te weeg te bring. Hy kán oneindig meer doen as wat sy kan bid of dink (Efes.3:20).

## 4.9 SLOT

In hierdie hoofstuk is gesoek na ‘n verklaring of verduideliking van die uitwerking van die pogings van volwasse kreatiewe indiwidue om deur hulle kreatiwiteit die ouerverwerping in die kinderjare, te verwerk. Al drie die respondente het ouerverwerping probeer verwerk deur die beoefening van hulle kreatiwiteit, maar die uitwerking op hulle lewens was minimaal want géén permanente lewensgeluk of –vervulling, en nog minder is heling van die seer, is verkry nie. In die volgende hoofstuk sal ‘n inleiding en uiteensetting gegee word oor die veranderingsproses wat in Hoofstuk 6 aangewend sal word in die pastorale bediening van die kreatiewe man of vrou wat ouerverwerping in die kinderjare deur middel van mensgerigte kreatiwiteit probeer verwerk het.

# HOOFSTUK 5

## INLEIDING TOT DIE PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE

Verandering, die derde been van die aksieproses, is volgens Heitink (1999:163) die direkte voorwerp van die Praktiese Teologie, naamlik die bemiddelingsaksie en strategie van transformasie en herskepping. Die Skrifperspektiewe in Hoofstuk 2 het gedien as inleiding van die eerste been van Ricoeur se hermeneutiese model, naamlik verstaan op die basisteoretiese vlak. Hierdeur is begrip verkry van God, die Skepper, wat as outonome Bron, soewerein is oor alle lewensareas, insluitende kultuuraktiwiteite en daarom kunsgebruik sonder Jesus Christus se oppermag in afgodsdiens laat ontaard. Wanneer kuns van God afgeskei word, verloor die kunstenaar sy of haar kunsstrewe en verydel God se bedoeling daarmee.

Dit het ook uit Hoofstuk 2 duidelik geword dat kunstenaars deur kuns vrugteloos begin soek het na lewensinvolheid nadat hulle God, die Bron van kuns, uitgeskuif het. 'n Besoedelde binneste kom nie net tot uitdrukking in kuns nie, maar ook in verkeerde houdings en optrede wat menseverhoudinge benadeel. Uit al die Skrifperspektiewe het die belangrikheid van 'n hartsvernuwing by die kunstenaar na vore gekom wat 'n gevoels-, denk- en gedragsverandering moet insluit. Hoofstuk 2 het alreeds aangetoon dat:

- nuutwording deur die verlossingsbloed van Jesus Christus die kunstenaar met God sal versoen en kommunikasie met God sal herstel;
- God weer die middelpunt van sy / haar kunsbeoefening sal moet word;
- God-gefokusde aanbidding, sowel as eerbetoon aan Jesus, nodig is om die kunstenaar wég te lei van selfgerigte en gepoogde selfgenesing, na God, die Bron van innerlike vrede en selfwaarde;
- die aanskouing van God se heerlikheid uiterlike godsdienstigheid uitwis en geloofsgerigtheid op Jesus Christus bring;
- God toegelaat moet word om kreatiwiteit te gebruik as 'n genesingsmiddel;
- die kunstenaar, verlos en genees van die wonde van die verlede deur die bloed van Jesus Christus, in afhanklikheid van God en in nou verbintenis met Hom, die stukkendheid van die ouerverwerping in sy / haar kunswerk kan weergee;

- die uitbeelding van ‘n pynlike verlede, geheel deur Jesus Christus en heelheid bemagtig deur die Heilige Gees, kan dien as ‘n getuienis van God se genesingskrag, asook om lig en hoop aan ander gewondes te toon.

Die verklaring of verduideliking van die gedrag van kreatiewe indiwidue en die uitwerking van die gebruik van hulle kreatiwiteitsbeoefening (as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare), op menseverhoudinge en op die heling van die pyn, het in die empiriese navorsing rigtingwysers vir die ontwikkeling van riglyne tot verandering gebied. Die respondente het al drie die ouerverwerping mensgerig deur middel van hulle kunsbeoefening probeer verwerk. Die terapeutiese waarde hiervan was egter beperk tot tydelik of momentele verligting, versagting, vertroosting, kompensasie en / of behoud van balans, asook normaliteit, omdat dit **sonder God se hulp** aangepak is en **die motiewe selfgefokus** was. Geen permanente emosionele gesondheid, heling en heelheid is bereik nie want die verlossende bloed van Jesus Christus het nie versoening met God bewerkstellig nie. Veral verwronge persepsies van God het vertroue op Hom kwaai geknou. Gebeure in die hede het dikwels onopgeloste pynlike gebeure van die verlede na die oppervlakte gedwing en verkeerde reaksies en optrede, veral teenoor geliefdes, ontlok. Opgekropte gevoelens het soms rasionele denke uitgewis en heftige reaksies verwek wat menseverhoudinge benadeel het. Verwronge of verkeerde denke omtrent die verlede en die self het tot negatiewe gevoelens en gedrag gelei wat onbevorderlik vir menseverhoudinge was. Skadelike gedragspatrone in verhoudings in reaksie op onbevredigde behoeftes, en gedragstrategieë as hantering van die ouerverwerping, het hulle verhouding met die self, ander en God benadeel. Innerlike worstelinge omtrent onopgeloste gevoelens en kwessies van die verlede, het herhaaldelik in kunstemas tot uiting gekom sonder enige bevryding. Verandering is nodig op die gevoels-, denk- en gedragsvlak, met die wysiging van hulle persepsie van God as ‘n allerbelangrike aspek.

In hierdie hoofstuk sal die volgende aspekte behandel word: wat verandering behels; die begrippe gesondheid, heling en heelheid in die konteks van versteuring van verhoudings weens verwerping en die Bybelse konsep van versoening; die plan vir die veranderingsriglyne; en die terapeutiese potensiaal van visuele en literêre kunsmediums.

## 5.1 WAT VERANDERING BEHELS

Die domeine van aksie moet gerig word op:

- **innerlike** verandering van die kreatiewe indiwidue ten opsigte van die verlede, sowel as van hulle verhouding met God;
- **uiterlike** verandering van die manier waarop hulle hul kreatiwiteit beoefen – ter wille van hulleself om ouerverwerping in die kinderjare te verwerk óf ter wille van God, die Gewer van die talent, se eer en verheerliking.

Ohlschlager & Scalise (2007:22) sê gedissiplineerde verandering benodig **innerlike** verlossing en **uiterlike** gehoorsaamheid, met ander woorde, die aanvaarding van ‘n nuwe hart en gedagtelewe, asook gedragsverandering. Laasgenoemde behels verandering van houdings, optrede en gesindhede deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

Die woorde van die Skrif moet soos Heitink (1999:193) voorstel, in die **hede** deur mense as vertroostend, sowel as bevrydend, ervaar word en dien as ‘n bron van inspirasie vir aksie – óók as bron van die kreatiewe handeling. Die navorser is daarvan oortuig dat kennis van die self deur middel van God, betekenis, verandering en lewensvernuwing aan die kreatiewe indiwidue sal bring (vergelyk 2.9.4 – ken God en ken jouself). Die nuwe soort bestaan wat die Gees in die hede kan open, word gekenmerk deur vryheid van álle bande, insluitende sondige gedragspatrone en gewoontes, sowel as van die seer van die ouerverwerping in die kinderjare.

Gesien vanuit die teologiese perspektief, meen De Wet (2009:21) dat die bron van verandering in die mens se geloofslewe deur God se uitverkiesende liefde ‘n aanvang neem. Dit bewerkstellig verstandsvernuwing en hartsgenesing, sowel as ‘n diensbare wil wat op God en die medemens gerig is. Daarom beklemtoon Wilson (2003:54) redding en verlossing deur Jesus Christus, want verskeie dinge gebeur met ‘n persoon wat Hom as Saligmaker aanvaar. Hy / sy:

- word ‘n nuwe mens;
- ontwikkel ‘n opgewekte lewensluim;
- neem nuwe waarhede waar;
- voel skoon van binne en buite;

- ontwikkel die potensiaal om disfunksionele gedrag uit te wis.

In 2.7 is verwys na 2 Korintiërs 5:15-17 met betrekking tot die nuutwording van die geredde mens waarin die versoeningsdaad deur die bloed van Jesus Christus, sentraal staan. Daarmee saam is verwys na Paulus se oproep ten opsigte van die bediening van versoening, naamlik die uitdra van die boodskap aan ander wat dit nog nie gehoor het nie. In werklikheid is dit diensbaarheid aan die medemens.

Hierby sluit Wright (2007:89-90) aan wanneer hy aanvoer dat:

- **gewilligheid** moet bestaan om te verander, te leer en te groei in God se liefdestaal;
- **openheid** vir verandering 'n persoon se manier is om God se hand te vat, Hom te volg en die vrees te laat vaar omdat Hy alles ten goede sal laat meewerk (Rom. 8:28) en in alle behoeftes voorsien (Fil.4:19).

Die navorser het in beradingsessies ondervind dat verandering vir sommige mense 'n "ongemaklike waagstuk" is want die oue is bekend – al is dit onaangenaam – en wegbeweeg in 'n ander, onbekende rigting, is bedreigend en skrikwekkend. Sulke mense sal dikwels halfpad opgee en verkies om vasgevang te bly in hulle ou denke, pyn, asook gewoontes, en onwillig wees om die verlede te laat los en op nuwe weë te wandel. Daarom is die **wil** en **openheid** om te verander uiters belangrik. Jesus Christus is die antwoord vir verandering (Joh.14:6) want Hy het al die genade, sagmoedigheid, wysheid en begrip wat nodig is om verandering te weeg te bring. Deur Hom in die hart in te nooi, begin die verandering plaasvind deur die inwerkende krag van die Heilige Gees.

Efesiërs 4:22-32 dui die **keuse** van verandering aan:

- aflê van die ou lewe en die sondige self (vers 22);
- word vernuwe in gees en gedagtes (vers 23);
- sit 'n nuwe self aan wat as die beeld van God geskep is (vers 24a);
- lewe volgens God se wil en wees heilig (vers 24b);
- vervang sondige gedrags- en gewoontepatrone met Goddelike patrone;
- lê valsheid af en praat die waarheid (vers 25);

- moenie sondig wanneer jy kwaad is nie (vers 26);
- hou op met steel (vers 28);
- praat opbouende en goeie dinge in plaas van vuilpraat;
- moenie verbitterd of opvlieënd wees of woedend word nie (vers 31);
- moenie vloek of skel nie;
- wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, asook vol vergewensgesindheid.

Tereg sê Wright (2007:55) dat **genade** die sleutelwoord is wat lewens en verhoudings verander; ʻn vry gawe wat tot innerlike genesing, vry van sonde en die verlede, lei en wegwassing van die seer van verwerping. Genade toon God se teerhartigheid, sy onvoorwaardelike liefde, besorgdheid en medelye – afgesien van die situasie of omstandighede.

Verandering van binne beteken vir Crabb (2007:94) om te leer om van die lewende water van God se onveranderde liefde te drink, sodat doelwitte, identiteit en vreugde die moed gee om goed te reageer op ʻn gladde óf hobbelrige lewenspad. Die navorser glo dat die instrumente van verstaan God se Woord is wat die pyn en mure van verdediging openbaar, asook deurdring tot die diepste gevoelens, gedagtes en geloofsoortuigings omtrent die self.

### 5.2 DIE BEGRIPPE GESONDHEID, HELING EN HEELHEID

Die begrippe gesondheid, heling en heelheid vloei voort uit gevolgtrekkings wat tot dusver in die navorsing gemaak is. Met die sondeval het die mens van God verwyderd geraak, probeer om sélf in behoeftes te voorsien, kuns in eie krag te beoefen en sodoende lewensbetekenis te soek. Dit het hulle kuns, hulle lewe en menseverhoudinge, maar veral hulle Godsverhouding, afgetakel en besoedel. Heling en verlossing deur Jesus Christus is die enigste manier om weer met God versoen te word. ʻn Harts- en lewensvernuwing sal tot heling en uiteindelik tot heelheid lei. Hierdeur sal die kunstenaar genoop word om weer Godsgerig kuns te beoefen.

#### 5.2.1 Gesondheid

Sonder gesondheid van die verstand, gees en emosies, sal verandering nie bewerkstellig word nie. Ongesteldheid benodig heling en dit is uiteindelik ʻn oproep tot heelheid.

In 1948 het die Wêreld Gesondheidsorganisasie gesondheid gedefinieer as die toestand van algehele fisiese, sosiale en geestelike welstand, en níe nét die afwesigheid van siekte, swakheid of gebrekkigheid nie (Wong, 2002:110; Naidoo, 2004:5). Laasgenoemde outeur sê die Oxford Woordeboek praat van gesondheid van verstand en liggaam, en die Hoog Duitse, asook die Anglo-Saksiese woorde, verwys na heel, gesond en heilig. Wong voeg by dat die woord "heel" in die Hebreeus ( *tamen, tam) en die Grieks (holos)*, onder andere voltooid, moreel volmaak of sonder gebrek beteken.

Duncan (1988:56-57) noem dat die vroegste Griekse woord vir gesondheid *isonomia* is wat balans (equilibrium) beteken. In die Ou Testament word die regte verhouding met God as basis van gesondheid beklemtoon, met ander woorde die geregtigheid wat uit geloof in gehoorsaamheid aan Hom en sy wet groei. Bakken (1985:44,46) wys daarop dat die produk van geregtigheid *shalom* is wat vrede, asook heelheid, kalmte en vervulling beteken. Vir laas-genoemde outeur is God se teenwoordigheid in die mens se lewe essensieel vir gesondheid en welstand. In Bakken se opinie bring God in baie vorms gesondheid, maar totdat die mens deur die realiteit van die Heilige Gees aangeraak is, kan hy / sy nie waarlik heel of gesond wees nie. 'n Geestelike reis word dus die bepalende faktor op die pad na heelheid.

Duncan sê ook dat verstandsgesondheid gekenmerk word deur 'n voortdurende proses van groei en volwassewording, gepaard met produktiewe gedagtes, kreatiwiteit en geluk. Dit word ook gedemonstreer as 'n vermoë om die normale lewensgebeure te trotseer en suksesvol krisisse, sowel as konflik te konfronteer (vergelyk hoe sommige van die kreatiewe indiwidue in Hoofstuk 3 onder krisisse geknak het, veral Jonker en Sexton in 3.4.1.1 en 3.4.1.4, asook Lowell 3.4.2.4). Verstandsgesondheid word, volgens Duncan, óók gekenmerk deur geestelike groei in genade, asook in kennis en ervaring van God. Gesondheid van mense reflekteer in hulle houdings teenoor die medemens, sowel as in die aanvaarding van rentmeesterskap van God se skepping (59). Verantwoording doen vir die manier waarop die gawe van kreatiwiteit gebruik is, gaan deel wees van hierdie rentmeesterskap.

Opsommend sê Anderson (1989:109) dat God die mens geroep het tot:

- gesondheid en nie siekte nie;
- veiligheid in verhoudings en nie verskrikking nie;
- selfrespek en nie selfveroordeling nie;

- emosionele, geestelike en fisiese welstand en nie seerkry nie.

In Hoofstuk 2 is geïdentifiseer dat die mens se wegdraai van God na die sondeval ook kreatiwiteit, God se pragtigste gawe aan die mens, verdorwe het. Veral gebondenheid aan 'n pynlike verlede verhard dikwels die hart sodat lofrede aan God vervaag. Vals gode soos sukses, asook aanvaarding, lof en goedkeuring van mense, word aangehang, sodat kunstenaars dikwels God vervloek en verontagsaam. Sonder God word die kuns, sowel as die innerlike van die mens en menseverhoudinge, beïnvloed. Die selfgesentreerde onafhanklikheid van God voorsien geen antwoorde, lewensin óf geluk vir die soekende kunstenaar nie.

Hierdie Skrifperspektiewe toon dan ook dat **God se teenwoordigheid** in 'n kunstenaar of enigeen se lewe, gesondheid en welstand verseker. Sonder 'n verhouding met Hom word die mens se lewe en verhoudings omvergegooi, en veral die verbintenis met God word verbreek. Wanneer die lewens van die kreatiewe indiwidue in Hoofstuk 3 in oënskou geneem word, is dit duidelik na aanleiding van die betekenis van gesondheid, dat nie een van hulle "gesond of heel" was nie. Die respondente in Hoofstuk 4 was ook nie heel nie – totdat B en C by Jesus Christus uitgekom het en Sy verlossing die versoening met God kon teweegbring. Omdat Respondent A nog nie 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus het nie, en nog nie by die kruis van Jesus uitgekom het nie, ontwyk volkome verstands- en geestesgesondheid haar nog altyd.

### 5.2.2 Heling of genesing

Ongesteldheid benodig heling of genesing wat Duncan (1988:26) definieer as die herstel van benadeelde gesondheid, wat in Christelike konteks aangebring is deur sonde en deur die genade reggestel kan word. Die gawe van hierdie genade is **verlossing** deur Jesus Christus. Volgens Bakken (1985:46) beteken die kernwoord van verlossing, naamlik, *salvus*, heling of genesing – 'n oorvloedige lewe van heelheid; 'n nuwe skepping wat die vervulling is van die uiteindelike betekenis in die mens se bestaan. Daarom is genesing vir Bakken (107) om:

- transformeer te word;
- die risiko van verandering te waag;
- verder as vroom uitinge te beweeg na 'n ware ontmoeting met die opgestane Christus;
- 'n persoon vry te stel om God se mens te wees in hierdie gebroke wêreld.

Die vervreemding van die self, God en ander, wat die kreatiewe indiwidue en die respondente ervaar het, kan deur die verlossing van Jesus Christus omskep word sodat die drie dimensies weer verenig kan word. Eldredge (2003:52) praat van 'n "diep stroom van restourasie" wat Jesus vir die liggaam en die siel bied (Matt.13:15).

Gardner (2005:35, 40, 42) juig oor die herstellende en genesende God wat 'n persoon na Hom toe lei om die gemeenskap met Hom te herstel, asook om 'n onbelemmerde beskouing van God en 'n verstandsvernuwing te bewerkstellig (Rom.12:2). Monroe & Schwab (2009:121) se definisie van innerlike heling is dat dit 'n Goddelike werk is wat ná pynlike of verwronge persepsies, ervaringe, gewoontes of emosies, groei of positiewe, geestelike veranderinge in 'n persoon te weeg bring.

Die navorser stem nie saam met McNiff (2004:135) dat heling deur kuns die persoon in staat stel om uiteindelik met sy / haar kreatiewe gees saam te lewe nie. Eers wanneer **God** wonde heel, en die kreatiewe indiwidu omskep tot 'n nuwe mens, sal harmonie met God die persoon in staat stel om kreatief met sy / haar gees te lewe. Indien kuns, nes heling, 'n proses is wat teenstrydige magte in 'n nuwe en meer produktiewe verhouding verander, soos McNiff beweer, is dit onverklaarbaar waarom talle kreatiewe indiwidue nooit heling ontvang het nie.

Die respondente en alle ander kreatiewe indiwidue wat innerlik verwond is as gevolg van ouerverwerping in die kinderjare, het **Goddelike** heling nodig. Dit kan slegs geskied deur die verlossende bloed van Jesus Christus wat oor die seer kan vloei om diep, blywende innerlike genesing te bring.

In lig van die sondeval wat afskeiding en verwydering van God, ook by die kunstenaar, gebring het, is dit net die genesing van verlossing deur Jesus Christus wat hom / haar sal omskep sodat versoening, herstelde gemeenskap en hereniging met God kan plaasvind. Die herstelde harmonie met God sal die kunstenaar in staat stel om ook in eenstemmigheid met die medemens saam te lewe.

### 5.2.3 Heelheid

Die wortels van heelheid en holisme is afgelei van die Griekse woord *holos* wat heel beteken (Wong, 2002:4). Weer eens sê die outeur is "heilig" afgelei van *holi,halig,haleg*, gekoppel aan heel en beliggaam die idee van heelheid. Duncan (1985:48,59) konstateer dat heelheid verwys na die gesondheid wat benodig word in alle interverwante aspekte van die mens se wese – 'n harmonieuse byeenvoeging van dele om 'n verenigde geheel te vorm; 'n heilige harmonie. Die

enigste heiligheid is ín en déúr Jesus Christus wat die mens heilig. Volgens Duncan is die teenwoordigheid en krag van die Heilige Gees nodig om die mens te bemagtig om na heelheid te beweeg. Ward (1999:151) se oortuiging is dat die motief vir heelheid heiligheid moet wees in plaas van geluk wat ‘n neweproduk is en nie die eindpunt nie. God se voorneme om die mens tot emosionele heelheid te help is om hom / haar te help om reg te lewe – redding ván iets vír heiligheid. Daarom meen Ward dat die groei in heiligheid in hierdie lewe, ‘n vooruit sien is na die ervaring in die volgende lewe wanneer emosionele vervulling voltooi sal wees (Openb. 21:14).

Vir Buechner (1992/3:45-47) behels heelheid om die wêreld as heel te sien – die lig én donkerte daarvan, maar sonder om verdeel te word. Deur Jesus Christus se aanraking kan die mens in die wêreld ánders wees want die weg van heelheid lê in die vrede van Jesus Christus – die Hebreeuse woord *shalom* wat ook heelheid beteken (Jer. 33:6). Gardner (2005:31) dui aan dat Jesus Christus *shalom* is; vleesgeworde mens wat waarheid, orde en vrede na die wêreld gebring het. Vir Ellison & Chin (2007:16) is vrede te vinde in die gelykvormigheid aan die beeld van die Seun deur middel van ‘n hartsvernuwing (Rom.8:29).

Die sondeval het die gemeenskap met God en die vrede vernietig, maar Jesus se kruisdood voorsien die enigste weg tot herstel omdat die mens deur Hom met God versoen word (Joh.3:16). Jesus Christus se sending was om die heelheid, vrede en vreugde van die vervreemde mensdom te herstel (Luk.4:18, 19).

Gardner (2005:28, 37) meen elkeen is geskape om God se beeld te weerkaats, asook om heelheid, vrugbaarheid en groei in Hom te ervaar. Hy sê God se aanraking sal die hart genees; vreugde hernu; en die persoon weer volledig maak. Laasgenoemde is ‘n herbevestiging van God se oorspronklike voorneme vir elkeen se lewe – ‘n lewe van heelheid sonder littekens.

Wong (2002:101, 113) verwerp psigoloë se terme vir heelheid, naamlik volwassenheid, gesonde persoonlikheid, selfverwesenliking, egtheid of betroubaarheid wat in sý opinie níe dieselfde as heelheid is nie. Die outeur maak ‘n kragtige stelling – **Christelike heelheid** is die antwoord op menslike verlorenheid. Alhoewel die navorser saamstem dat die gebroke persoon op ‘n **Christelike wyse** heel moet word, is die terme van die psigoloë nie heeltemal onvanpas nie – volwasse gevoelens en optrede ís nodig by verandering. Om ‘n gesonde persoonlikheid te hê is die mikpunt van elke mens en impliseer tóg afwesigheid van siekte – emosioneel óf fisies; om die self te verwesenlik is selfs Gód se ideaal vir elke mens, en egtheid, asook betroubaarheid, is eienskappe van ‘n heel mens.

Voorts voer Wong aan dat hierdie heelheid twee dinge veronderstel, naamlik:

- afhanklikheid van God vir heelheid in alle menslike dimensies;
- ’n onderskeid tussen God en mens – die Skepper en die skepsel.  Die mens se bestaanservaring bevestig dat sy / haar pogings om heelheid te kry ontoereikend is want menslike wysheid is beperk en die mens se oogmerk mis die teiken vér.

Wong se gevolgtrekking is dat mense nie hullesélf uit die afwaartse spiraal kan trek nie omdat miljoene probeer en misluk het.  Die mens het Een nodig wat Skepper én Verlosser is om die pad na die allesomvattende heelheid aan te dui;  ‘n gawe wat nie deur ménse beraam is nie, maar deur die krag wat van Gód kom.

Hierdie gevolgtrekking word bevestig in die lewens van die kreatiewe indiwidue in Hoofstuk 3 en die respondente in Hoofstuk 4.  Almal van hulle het op hul éie manier probeer om, deur die beoefening van hulle kreatiwiteit, uit die spiraal van ouerverwerping te kom, maar jammerlik gefaal.

In Hoofstuk 2 is al daarop gewys dat God se oorspronklike plan met kreatiwiteit, naamlik die kommunikering van Homself en sy Seun aan die mens, herstel moet word, maar dat die mens ontoereikend is om hom- of haarself te help of sélf te red en die versoening met God te bewerkstellig.  Nie eers Christelike kuns kan God, die enigste Redder, vervang en dus verlos nie.  Die kruisdood van Jesus Christus is die énigste manier om die rekonsiliasie waarna Paulus in Romeine 3:25 en 2 Korintiërs 5:17-18 verwys, te bewerkstellig en om ‘n totale transformasie in die persoon te laat plaasvind.  Nét God se aanraking kan omvorm en die Heilige Gees sal die volledige heelheid bemagtig.  God se versoening deur Jesus Christus sal in ‘n kunswerk getoon word ás die kunstenaar se heilige lewe koppel met God en sy / haar lewensverandering.  Verlossingskuns sal op die verlossingsdaad fokus, asook op die nuwe verlossingslewe en die vrede van Christene tydens hulle lewenstryd.  Die kunswerk van ‘n verloste kunstenaar, wat aan God se besieling onderworpe is, sal voortvloei uit ‘n geheiligde en gereinigde binneste om vir die wêreld lig en hoop te bring.  Boweal sal die versoeningsopdrag van 2 Korintiërs 5:19 uitgevoer word wanneer kuns ‘n verklaring en getuienis is van Jesus Christus se triomf oor sonde en die dood, sy verlossing en vergifnis, asook van God se genesingskrag.  Lewensvernuwing in Jesus Christus en vrymaking van die pynlike ouerverwerping in die kinderjare, sal die kunstenaar in die hede omvorm met die oog op ‘n

nuwe toekoms waarin hy / sy heelheid sal ervaar en dit deur opbouende kunsbeoefening, asook in liefdevolle menseverhoudinge, sal aantoon.

## 5.3 DIE PLAN VIR DIE VERANDERINGSRIGLYNE

Die plan waarvolgens die riglyne vir verandering sal geskied, is die volgende:

- definisie van die probleem;
- diagnosering van die probleem;
- doelwit van die verandering;
- metode ter bereiking van die doelwit;
- ontwikkeling van strategieë vir die geïnisieerde veranderingsproses.

In hierdie veranderingstrategieë moet die navorser volgens De Wet (2009:11) in ag neem dat mense se geloofsdade tussen twee trekkragte uitgevoer word, naamlik:

- die gehoorsame aspirasies om God se wil te doen én teëstand of verset teen sy wil;
- die seëvierende sterkte van God se genade wat baie groter is as die volgehoue ongehoorsaamheid van die mens.

### 5.3.1 Definisie van die probleem

Die aanmeldingsprobleem gaan bepaal wat die oorspronklike situasie is van waar die navorser voorstelle vir verandering kan begin. Vir die bepaling van die inisiële situasie sal op die empiriese navorsing teruggeval moet word, byvoorbeeld oorreaksies in die huwelik, ongesonde menseverhoudings en / of ongefokusde werksinstelling. Daar sal egter in gedagte gehou word dat die wortels van die aanmeldingsprobleme veel dieper lê.

### 5.3.2 Diagnosering van die probleem

Diagnosering is die bepaling van wat verkeerd is, afgelei van kennis verkry omtrent die persone en die resultate van die vergelykingsprosesse wat nagevors is. In hierdie studie blyk dit dat die kreatiewe indiwidue hulle kreatiwiteit gebruik het in ‘n poging om ouerverwerping in die kinderjare te probeer verwerk, maar nie daarin geslaag het om die seer uit te wis nie.

### 5.3.3 Doelwit van die verandering

Die bedoeling met die verandering is om die kreatiewe indiwidue te laat insien hoe die ouerverwerping in die kinderjare, hulle denke, gevoelens en optrede teenoor hulleself, ander en God, negatief beïnvloed het. Daarom moet hulle deur die gebruik van hulle kreatiwiteit in die **hede** weer met die **verlede** kontak maak sodat die seermakende gebeure herleef en gekonfronteer kan word. Op hierdie manier behoort die onverwerkte gevoelens, gekoppel aan die onaangename gebeure, na die oppervlakte te kom waar dit trotseer kan word. Sodoende sal die persoon oor die seer en die verliese wat gely is, kan **rou**.

Dit is belangrik dat die persoon moet besef dat negatiewe beskouings / denke en negatiewe gevoelens, dikwels hulle reaksies en optrede in die verlede negatief bepaal het en heel moontlik nóg in die hede beïnvloed.

Die belangrikste doelwit is om vir die kreatiewe indiwidue:

- selfkennis deur middel van Godskennis te gee;
- die bevryding van kettings van die verlede deur Jesus Christus aan te dui;
- na die genesingspad te lei deur die verlossing van Jesus Christus;
- by die heelheid in Jesus Christus te bring.

Sodoende sal hulle as nuwe, **heel** mense in Christus kan lewe om deur hulle kreatiwiteit ‘n magtige getuienis van sy genesende genade te wees.

### 5.3.4 Metode ter bereiking van die doelwit

Die kreatiewe indiwidue sal op die volgende vlakke die probleem van die onverwerkte seer uit die kinderjare deur middel van hulle eie kreatiewe medium hanteer:

- konatiewe / wilsvlak;
- affektiewe / gevoelsvlak;
- kognitiewe / denkvlak;
- gedragsvlak.

### 5.3.5 Strategieë in die geïnisieerde veranderingsproses

Die geïnisieerde veranderingsproses moet georganiseer word, met ander woorde met watter inhoud gedeel moet word, en in watter fase van die proses. Daar sal nie van die drie vlakke van die hermeneutiese aksieprogram afgewyk word nie en daarom sal elke vlak in drie fases hanteer word, naamlik:

- **identifisering** ter wille van verstaan;
- **interpreteer** ter wille van verklaar en verduideliking;
- **inkeer en opgee van verkeerde optrede, internalisering van God se Woord en inkorporering van die verlede in die hede** ter wille van verandering.

## 5.4 DIE TERAPEUTIESE POTENSIAAL VAN VISUELE EN LITERÊRE KUNSMEDIUMS

Omdat die kreatiewe indiwidue hul eie kunsmedium gaan gebruik ter bereiking van verandering, beskou die navorser dit as belangrik om na die potensiale van die literêre en visuele kunsmediums te verwys.

Birtschnell (1984:36) het al in die tagtigerjare gewaarsku dat **kuns** en **kunsterapie** verskil. Die outeur glo dat, alhoewel verskeie vorms van estetiese werksaamheid opsigself bevredigend mag wees, dit níe emosies en konflikte naby genoeg aan die oppervlakte bring nie. Indien dit wél gebeur, hou die kreatiewe indiwidu nie lank genoeg daaraan vas om daarmee te werk nie. Daarom beklemtoon Birtschnell dat: die netjiese, elegante verklaring van estetiese skepping losgemaak moet word; die vernis van ordelikheid afgebreek moet word; teruggegaan moet word na die onderliggende onrus wat bestaan het vóórdat dit opgeruim en aanvaarbaar gemaak is. Die navorser stem saam met Birtschnell dat die kreatiewe indiwidue met God se hulp sy of haar kunswerk intensief sal moet **eksploreer en ontleed** om die weggesteekte / verskuilde denke en emosies na die oppervlakte te laat kom. Sodoende kan die diepgesetelde innerlike woelinge ontbloot, asook daarna deurgewerk word, en God se helende krag kan oor die wonde vloei.

Talerico (1986:231, 243-244) sluit by Birtschnell aan wanneer hy ‘n kragtige uitspraak maak, naamlik dat ál die ekspressiewe kunste nie aanspraak kan maak op **genesing** nie, maar op **verheldering**. Hierdie ekspressiewe middels wis nie die probleme uit nie, maar moedig wél die **eksplorasie en uitdrukking** van gevoelens aan. Die outeur meen dat die term “ervaring” in

plaas van terapie, dalk meer gepas is want die kreatiewe of ekspressiewe metode moedig die volgende aan:

- die uitdrukking van gevoelens;
- selfvertroue deur waag;
- kommunikasie met die onbewuste;
- ontwikkeling van nuwe insigte;
- oplossing van konflik;
- vermindering van angs.

Baer (1985:211-213) noem ook hierdie **ervaringsaspek** van ekspressiewe kuns – die probleme en traumas wat verwyderd en geïsoleerd in die verlede lê, moet in die héde ervaar word, waar dit geassimileer en geïntegreer kan word. Dit is hierdie ervaringsaspek wat die navorser graag in die veranderingsproses wil gebruik.

### 5.4.1 Visuele kuns

Rubin (2010:87-88, 91, 117, 169) noem die volgende voordele van visuele kuns. Dit:

- verenig die uiterlike, sowel as die innerlike wêreld en bring orde uit die chaos;
- voeg die innerlike en uiterlike realiteite in 'n nuwe geheel saam;
- kan uitdruk wat in woorde onmoontlik is;
- kan strydige gevoelens soos liefde en haat in een kunswerk uitdruk, asook saamvoeg om innerlike psigologiese integrering te kry;
- ontbloot die onbewuste stof omdat dit deur verdedigings sny;
- omvorm verbaal-weerstandigheid teen berading tot toeganklikheid.

Rubin se uitspraak dat visuele kuns minder bedreigend is, koppel met Respondent B (in 4.7.2 ) se voorkeur vir skilder of teken omdat dit nie die self openbaar nie.

Allen (1995:28-29) wys daarop dat emosies deur skilder sigbaar gemaak en geëksploreer kan word deur kleur. Dit word dan 'n **fisiese** ervaring wat die bewuswording van emosies moontlik

maak. Aan die anderkant gee beeldhouwerk **drie-dimensioneel** vorm aan ervaring (32). Allen het deur die aanraking en vorming van klei in ‘n beeld of voorwerp, met hierdie medium ‘n verhouding gevorm wat op sy beurt ‘n verhouding met haar ware self geskep het (118). Daar is voorheen in 2.9.2 verwys na Allen se kuns en die taktiele kwaliteit van klei wat haar toegelaat het om haar eie kwesbaarheid in te sien sodat sy stadigaan besef het dat verbindings gemaak word deur ánder mense nodig te hê. Sodoende het sy uit haar isolasie gekom en ander in haar hartseer betrek (vgl. die waarde wat die klei-medium vir Respondent A in 4.7.1 gehad het, máár dat dit haar nog glad nie na mense laat toetree nie want die passiewe verwerping is steeds diep vasgelê en onverwerk).

Mc Niff (2004:76) gee ‘n paar riglyne vir die beskouing van die visuele produk, naamlik:

- wees oop vir wat die beeld uitdruk;
- aanvaar dit;
- eksploreer dit;
- praat mét die beeld / skildery/ tekening;
- kyk na dinge wat beklemtoon of uitgelaat is, asook na die kleure wat gebruik is – die rede daarvoor en waarom dit fluktueer.

Kaplan (2000:97) voeg by dat **verbale terapie** ook by die beoefening van visuele kuns gebruik kan word. Waarneming van die fisiese kwaliteite van ‘n skildery of tekening kan met “praat” daaroor, gekombineer word, onder andere met betrekking tot tekstuur, vorms, kleure, kontraste, en so aan. Die “praat” óór die beeld lei tot die meer intieme en verbeeldingryke stap van “praat” mét die beeld wat byna dieselfde is as die vry-assosiasie tegnieke wat die “onbewustelike uitdrukkings” in staat stel om die “bewuste verstand” te uitoorlê.

Hierdie dialoë help mense om méér in hulle skildery / tekening te sien want laasgenoemde kommunikeer iets. Die berader kan vra: “Wat voel jy, alhoewel jy dit nie direk in jou uitbeelding toon nie? Watter gevoel druk jy eintlik uit? Wat is die tema van jou skildery / tekening en waarom juis hierdie tema?” Die navorser reken dat hierdie terapie ook by die literêre kuns aangewend kan word want die skrywer of digter kan gevra word: “Wat beeld jou gedig, metafoor of storie uit? Watter betekenis lê agter jou woorde? Watter gevoelens druk jy uit? Watter reël is die sleutel tot jou gedig of paragraaf? Wat wil jy eintlik in die storie of gedig sê?”

Net soos enige kunsmedium hét die visuele kuns baie voordele wat met **God** se hulp benut kan word. Sonder God sal dit egter faal soos in die lewe van Van Gogh en Picasso gesien kan word (vergelyk 3.4.3.1 en 3.4.3.2).

### 5.4.2 Literêre kuns

#### 5.4.2.1 Skryf

‘n Persoon kan konfrontering van innerlike magte weerstaan. Daarom is die doelwit van skryfterapie om hierdie weerstand te deurbreek, asook om verby ontwykende selfbedrog te kom (Hickey, 1999:102, 104). Die poging om waarnemings as woorde vas te vang, kan ‘n geleidelike distansiëring en losmaking van die direkte ervaring van die sensasies bewerkstellig. Die outeur reken dat dit die persoon bemagtig om hierdie pynlike sensasies te trotseer. Tydens hierdie terapie skryf die persoon óór die pynarea met die doel om déúr die pyn te kom (116).

Dalley (1994:34) voer aan dat ‘n persoon op een of ander manier ‘n karakter in ‘n verhaal kan verander en sodoende verbloem dat dit eintlik hy / sy is. Pynlike ervarings en die emosies wat daarmee gepaardgaan, word dan deur die hoofkarakter beleef. Die **positiewe** gevolg is dat die distansiëring die pynlike konfrontasie kan vergemaklik. Respondent C hét hierdie voordeel gehad en selfs besef dat die fiktiewe karakter(s) hý is, maar dit het nie genesing van die seer van ouerverwerping gebring nie. Die **nadeel** van hierdie uitbeeldings is egter wat in Hoofstuk 2 (vergelyk 2.9.4) uitgewys is, naamlik dat persoonlike betrokkenheid, sowel as die seer, vermý kan word. Sodoende bly die persoon wegkruip agter die fiktiewe karakter(s) sodat rou nie kan plaasvind nie (vergelyk Lawrence en Fleming in 3.4.2.2 en 3.4.2.3).

Die voordele van skriptoterapie het egter sónder God in die lewens van etlike kreatiewe indiwidue gefaal – self toe dit deur psigiaters voorgeskryf is (vergelyk Plath en Sexton in 3.4.1.2 en 3.4.1.4, asook Lowell in 3.4.2.4).

#### 5.4.2.2 Poësie

Greenwald (1969:142) beskou poësie as terapeuties omdat dit:

- die bewussyn van innerlike reaksies vermeerder;
- ‘n deel van die onbewuste bewustelik maak;
- tot ‘n uitgebreide bewustheid en begrip lei van eie gedrag en die impak daarvan op ander.

Poësie het volgens Jones (1969:225) twee moontlikhede as terapeutiese gereedskap, naamlik die oopmaak en openbaring van drome van die kinderjare en die omsetting van hierdie drome in sosiaal-aanvaarbare, dog aangename, volwasse vorms. Digkuns voorsien ook volgens Heninger (1978:56) 'n vermomming wat die skrywer (en leser) toelaat om onaanvaarbare, emosioneel-belaaide idees en onbewustelike konflikte te bespreek. Laasgenoemde kan versperrings omseil om weggesteekte dinge na die oppervlakte te laat kom vir makliker konfrontering. Omdat dit die ego ontbloot, kan dit ook ondersoek en georganiseer word. Die duidelikheid wat vanuit die digkuns verkry word, is verwant aan insig. Gedigte kan meer self-inkyk voorsien vir 'n meer intieme bekendmaking van onbewuste idees en gevoelens.

Indien ál die genoemde funksies van digkuns waar is, bly dit onverklaarbaar waarom hierdie terapie, voorgeskryf deur psigiaters, by Plath en Sexton (vergelyk 3.4.1.2 en 3.4.1.4) en Lowell (vergelyk 3.4.2.4) gefaal het. Weer eens kon hierdie terapie ook nie die seer van ouerverwerping sonder God deurwerk en genees nie.

Tenslotte meen die navorser dat élke kunsvorm afsonderlike terapeutiese potensiaal het. Dit moet egter Gódgerig wees en met sý hulp gedoen word. As dit ménsgerig is, sal dit misluk soos in die geval van die kreatiewe indiwidue in Hoofstuk 3 en die respondente in Hoofstuk 4, wat maar voorbeelde was van talle ander kreatiewe mense wat in die verlede verydeling en wanhoop ervaar het. Baie ander kreatiewe indiwidue mag in die toekoms in dieselfde doodloopstraat beland.

**Mensgerigte / antroponome** kreatiwiteit word vir eie gewin aangewend sonder enige ingesteldheid óp of betrokkenheid bý God. Die gebruik van kreatiwiteit as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare geskied sonder God se hulp óf bystand deur eie krag en vaardighede. Die fokus is op vervulling van die persoon se eie behoeftes, asook psigologiese leemtes, verligting van en ontlading van pyn, uitdrukking van emosies, soeke na die self en ontvlugting van die werklikheid. Antroponome kreatiwiteitsbeoefening is **self**gesentreerd en gerig op **self**heling, asook **self**verbetering, en sluit God, die Gewer van die talent, heeltemal uit.

Daarenteen word **Godgerigte / teonome** aan God se hand beoefen – al ís dit vir terapeutiese doeleindes. Dit is gemik op sý troos, hulp, opheffing en heling onder leiding van die Heilige Gees. Die uiteindelike doel is dat die kunsproduk tot God se eer en verheerliking sal dien en aangewend word, sowel as om 'n getuienis te wees van God se helende krag en genade. Die persoon beoog ook dat die kreatiwiteit diensbaar sal wees en iets vir die medemens sal beteken: dit kan bemoedig of aanmoedig; die oorwinningskrag van Christus oor ellende en pyn

verkondig;  die liefde van God vergestalt deur sy Seun, Jesus Christus, uitstraal;  en Christelike hoop na ‘n chaotiese, wanhopige wêreld oordra.

**5.5  SLOT**

In hierdie hoofstuk is gekyk na die aspekte wat die derde been van die hermeneutiese sirkel, naamlik verandering behels, maar veral na die plan en strategieë vir die aanpak van die veranderingsriglyne.  In die volgende hoofstuk sal die teoretiese oorwegings aangewend word vir die ontwerp van riglyne vir die praksis van die pastorale bediening van die kreatiewe man / vrou wat ouerverwerping in die kinderjare tot ‘n meerdere of mindere mate deur middel van mensgerigte kreatiwiteitsbeoefening probeer verwerk het.

# HOOFSTUK 6

# VERANDERING DEUR MIDDEL VAN PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE

## 6.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk het dit gegaan om die strukturering en teoretiese onderbou van verandering as derde been van die hermeneutiese sirkel. In hierdie hoofstuk gaan dit om die praktykteoretiese toepassing van die veranderingsriglyne in die konkrete pastorale situasie, naamlik die begeleiding van die kreatiwe man / vrou wat ouerverwerping in die kinderjare deur mensgerigte kreatiwiteit probeer verwerk het.

Die navorser het in die inleiding van Hoofstuk 3 gesê dat begrip en kennis, verkry vanuit die metateoretiese ondersoek, geïntegreer sal word by die uitwerk van die praktykteorie ter wille van verandering. Daarom sal die volgende aspekte in die veranderingstrategie aandag kry:

- die potensiaal van die kreatiewe indiwidue se **kunsvorms** by die gebruik van terapie;
- die doel en rede vir die kreatiewe indiwidue se **handelinge** en die aanleer van alternatiewe optredes;
- die **situasie of omstandighede** waarin die indiwidue optree sodat die persoon begelei kan word om die situasie vanuit 'n ander perspektief te bekyk;
- die oogmerk en bedoeling van die keuse van spesifieke **optrede** en die gebruik van verskillende **strategieë** sodat die persoon begelei kan word tot wysiging van ondoeltreffende en / of skadelike optrede en strategieë.

Kennis verkry vanuit die Skrifondersoek in Hoofstuk 2, sal ook geïntegreer word, naamlik die wegdraai van die self na God en verál die noodsaaklikheid van versoening met God deur die verlossing van sy Seun, Jesus Christus, vir die verkryging van volkome heling en heelheid. Die insig met betrekking tot die belangrikheid van 'n veranderde beskouing van God, verkry vanuit Hoofstuk 3 en 4, sal beslis ook in ag geneem word. Die empiriese navorsing van Hoofstuk 4 het ook die noodsaaklikheid van 'n totale oorgawe aan God getoon, in plaas van net 'n oppervlakkige verhouding met Hom wat geensins sy hulp inroep in die genesingsproses nie. Hoofstuk 4 het ook aan die lig gebring dat die **besef** van die ouerverwerping belangrik is vir die gevolglike rouproses en daarom is identifisering die eerste stap tot verandering.

## 6.2 UITEENSETTING VAN DIE PLAN VIR VERANDERING TOEGEPAS OP DIE PASTORALE SITUASIE VAN VERWERKING VAN OUERVERWERPING

Daar is in 5.3.5. genoem dat die veranderingsriglyne op vier vlakke sal geskied, naamlik die konatiewe, affektiewe, kognitiewe en gedragsvlak en dat gehou sal word by die drie-fase hermeneutiese aksieplan. Daarom is die eerste fase **identifiseer** ter wille van verstaan; die tweede fase **interpreteer** ter wille van verklaar of verduidelik; die derde fase **inkeer en oorgee** ter wille van verandering.

Op die **affektiewe vlak** sal die volgende aspekte telkens aandag kry:

- negatiewe gebeure in die verlede en emosies verbonde daaraan;
- herroeping van pyn uit die verlede;
- verliese uit die verlede en ervaring van verdriet daaroor;
- negatiewe gevoelens oor die self as gevolg van onbevredigde behoeftes in die kinderjare;
- vals geloofsvoorstellings, negatiewe emosies en selfverydelende gedrag.

Op die **kognitiewe vlak** sal die volgende aspekte telkens aandag kry:

- negatiewe of verwronge persepsies oor God;
- negatiewe denke oor die self en negatiewe selfspraak;

Op die **gedragsvlak** sal die volgende aspekte telkens aandag kry:

- gewoontepatrone in verhoudings;
- gedragstrategieë as verwerking van ouerverwerping;
- herhaaldelike gebruik van sekere temas in die kreatiwiteitsbeoefening.

Die beradene sal somtyds gevra word om **uit te beeld** wat beteken dat sy / haar eie kunsmedium gebruik kan word. Visuele uitbeelding kan deur middel van kleimodellering, teken, skilder of beeldhouwerk wees. Omdat laasgenoemde egter tydrowend sal wees, kan die beeldhouer soms van tekeninge en soms van klip gebruik maak. Literêr kan die uitbeelding skryf of dig wees. Die uitbeelding sal telkens as tuiswerk vir die beradene dien. Op ander tye sal die beradene gevra word om slegs ‘n kreatiewe **visualisering** (denkbeeld) te gebruik. Dit is

juis vir die navorser belangrik dat die beradene se kunsmedium as ‘n integrale deel van die berading gebruik moet word, omdat Respondent C (4.7.3) genoem het dat hy dít veral as ‘n leemte in sý terapie sessies ervaar het.

Die berader sal enige beskouing of waarheid omtrent elke aspek wat vooraf genoem word, verbaal met die beradene behandel voordat die proses van identifisering, interpretering óf verandering begin. Genoemde teksverse sal hardop deur die berader óf die beradene voorgelees word. Elke antwoord van die beradene wat tuis óf tydens die sessie gegee is, sal met die berader bespreek word. Die uitbeeldings kan die berader die geleentheid gee om die vrae wat in 5.4.1 uiteengesit is, te vra as deel van die **verbale** bespreking met betrekking tot die kreatiewe uitbeelding, hetsy dit visueel of literêr is. Bespreking sal veral in die interpreteer fase met die persoon plaasvind. Die beradene sal deurgaans na die bylaes verwys vir die voltooiing van praktiese werksopdragte.

## 6.3 INLEIDING VAN VERANDERING IN DIE PASTORALE SITUASIE VAN OUERVERWERPING

### 6.3.1 IDENTIFISEER TER WILLE VAN VERSTAAN

Identifiseer beteken om uit te ken of te herken. Deur introspeksie en deurdringende analise moet alles met betrekking tot ouerverwerping in die kinderjare oopgemaak en deurgrond word sodat dit **verstaan** kan word. Die beradene moet nie net **besef** dat die ouerverwerping plaasgevind het nie, maar dit ook **erken**. Identifisering van wat gebeur het, wat gedink en gevoel is, help die persoon om die impak van die ouerverwerping te verstaan. Vir verandering word identifisering en konfrontasie benodig.

#### 6.3.1.1 Konatiewe / wilsvlak

Die beradene moet inisieel identifiseer wat hy / sy in die veranderingsproses wíl bereik. Dit is ook belangrik dat die persoon ‘n wilsbesluit moet neem ten opsigte van:

- **selfopenbaring** wat ‘n eksplorasie en ontdekking is van die verlede én die hede ter wille van insig in sy / haar emosies, denke, optrede of reaksies;
- **waarheid** want selfbeskermingstrategieë wat dít vermy, moet laat vaar word anders sal die pyn voorduur;
- **eerlikheid** met die self en God wat nodig is want vryheid vereis eerlikheid, nederigheid en

afhanklikheid van God.  Daarom moet die slegte dinge van die verlede, asook sonde, eerlik en onomwonde gekonfronteer word;

- **emosies** wat intens belewe, gekonfronteer en uitgedruk moet word;
- **konfrontering** van die negatiewe gebeure en pyn van die verlede, asook verliese wat gely is;
- **erkenning en konfrontering** van verkeerde denkpatrone, asook onaanvaarbare reaksies, optrede en / of gewoontes.

Die berader begeer dat die beradene die **wil** moet hê om met God se hulp ál die aspekte wat op elke vlak hanteer sal word, te identifiseer ter wille van verstaan, dit later te interpreteer ter wille van verklaar en uiteindelik tot inkeer kom en alle verkeerde emosies, gedagtes en gedrag opgee ter wille van verandering.

#### 6.3.1.2 Affektiewe / gevoelsvlak

Studies het getoon dat 'n kind verwerping affektief ervaar, met ander woorde dit **voel**, eerder as om dit op die kognitiewe vlak te besef óf te beredeneer (vergelyk Respondent B in 4.7.2). Daarom verkies die navorser om die volgorde van eers dink, dan voel en daarna optree of reageer, om te ruil en die gevoelsvlak vóór die denkvlak te hanteer.

Anderson (1989:56) glo dat selfontdekking begin met die herstel van die volle omvang van menslike emosie as 'n integrale deel van God se beeld waarin elke mens geskape is.  Herstel van hierdie beeld behels die herstel van die self volgens God se oorspronklike plan en wat in sy eie persoon geopenbaar is.  Gevoel, veral liefde, het sy regmatige plek in die mens se ervaring van sy / haar verhouding met God (59).  Die outeur konstateer verder dat die kern van die self net benader word deur negatiewe of positiewe emosies wat die self aan pyn, sowel as heling, ontbloot (64).  Selfontdekking begin met die **kennis** van hierdie emosies wat verwronge mag wees deur foutiewe interpretasies van ervarings in die verlede.

Navonne (1990:6) beweer dat emosies 'n invloed het op mense se visie van die wêreld én die self.  Volgens Navonne is die affektiewe geheue die emosionele lewensgeskiedenis van die persoon.  Die totaliteit van emosionele houdings oorleef die herinneringe aan die gebeure wat juis tot die vorming daarvan gelei het. Vasgevangenheid in negatiewe emosies dui op emosionele en geestelike probleme want onderdrukte emosies kom later tot uitbarsting wanneer iets of iemand dit ontlont (Kraft, Kearney & White, 1993: 51).  Daarom is die **reaksie** op seerkry

dikwels ‘n groter probleem as die eintlike gebeure omdat dit ‘n persoon se fisiese, emosionele en geestelike gesondheid, asook verhoudings met God, die self en ander, beïnvloed.

Deur die herkenning en uitdrukking van emosies is dit belangrik vir die beradene om te besef dat:

- dit reg is om seer te hê want pyn is deel van die lewe;
- seer emosies nie vansélf sal verdwyn nie omdat dit innerlike genesing, verál gebed benodig;
- onderdrukking van emosies nie die oplossing van die wonde en pyn is nie want naderhand verdwyn die vermoë om te voel heeltemal;
- ontkenning van emosies geen toerusting gee om ontsteltenis te hanteer nie.

Ten einde tot uitdrukking van emosies te kom, kan die volgende versoek aan die beradene gerig word ter uitbeelding van die drie oorwegende negatiewe emosie wat in die kinderjare beleef is, asook:

- 3 of 4 ander negatiewe emosies wat die meeste in die kinderjare beleef is;
- die negatiewe emosies wat huidiglik nog altyd beleef word.

#### 6.3.1.2.1 Identifisering van negatiewe gebeure en / of belewenisse in die kinderjare en die emosies verbonde daaraan

Die respondente in 4.7 het almal negatiewe gebeure in die kinderjare ervaar wat jarelank bly vassteek het. Om by insig van die kernoorsake van reaksies en gevoelens uit te kom, moet hierdie negatiewe gebeure herroep word sodat die onderdrukte emosies verbonde daaraan, na die oppervlakte kan kom.

Ansel (1978:13, 15) wys daarop dat ‘n persoon ‘n gebeure sal waarneem en op sy / haar eie manier beoordeel. Laasgenoemde is eintlik “illusies” want dit is waarnemings wat níe altyd die ware karakter van die ervaring weergee nie. ‘n Persoon kán vasgevang wees in ‘n stelsel van illusies wat sy / haar lewe vorm. Volgens die outeur word die gebeure egter eers ‘n **ervaring** wanneer die persoon kies om ‘n baie persoonlike betekenis daaraan te heg. Jones (2004:6 ) stem saam dat herinneringe die gevolg is van interpretasie van die verlede wat beteken dat dit wél **her**interpreteer kan word.

Ten einde die betrokke aspekte uit die kinderjare te herroep en tot uitbeelding daarvan te kom, kan die volgende versoek tot die beradene gerig word om die volgende **uit te beeld**:

- dinge van jou kinderjare – eerstens die goeie of gerusstellende aktiwiteite, plekke, speelgoed en ervaringe en tweedens die slegte, ontstellende gebeure of ervarings;
- die vroegste geheue of geheuefragmente wat die sleutel is tot die res van die lewensverhaal;
- sekere voorvalle in die kinderjare wat 'n onuitwisbare indruk op die gemoed gemaak het omdat dit só pynlik was, sowel as die gepaardgaande emosies verbonde daaraan.

Die beradene kan ook gevra word om te **identifiseer**:

- watter leuens hy / sy gedurig vir die self in die algemeen oor die negatiewe gebeure vertel het en die gepaardgaande emosies wat ervaar is (gebruik Bylaag B – 1a en b);
- watter 5 / 6 die ergste negatiewe gebeure in die kinderjare was, met die gepaardgaande emosie en gevolglike optrede (gebruik Bylaag B - 2).

Daarna kan die beradene versoek word om **mondelings te vertel** hoe hy / sy voortdurend kreatiwiteit gebruik het om die belewenis van die negatiewe gebeure uit te druk.

#### 6.3.1.2.2 Identifisering van die pyn van die verlede

Onverwerkte pyn vanuit die verlede het die respondente gemartel en soms onverklaarbare hartseer laat belewe. Horovitz en Darby (1994:14) wys op die noodsaaklikheid van **herlewing** van die pyn want dit herverbind die persoon met die oorsprong van sy / haar ongemak en is die voorbereiding vir die insluiting van die geestelike dimensie, naamlik God se genesing.

Seamands (2002:13) meen dat herinneringe die ervaring van die héle persoon is en nie net breingestoorde prente van die verlede nie. Dit sluit gevoelens, konsepte, patrone, houdings en neigings tot dade in. Wanneer die slegte herinneringe toegesluit bly vir bewuste herroeping en direkte toetrede tot die verstand, sypel hulle in die persoonlikheid op vermomde maniere in (37). Die skryfster Pat Allen (1995:9) stem saam dat die **mag** van beelde uit die kinderjare nie verdwyn nie want in haar lewe het dit uitgelek in onvanpaste woorde en dade. Sy reken dat ongeuiterde gevoelens in woede, bitterheid, hopeloosheid, asook in liggaams- en sielsiektes, kan voortwoeker.

Voorts sê Seamands dat pyn vier gemene delers het – seer, vernederings, verskrikkings en haat (78-79).  Die vrees vir verdere verwerping of seer vermeerder en beïnvloed volgens Seamands die manier waarop die persoon die lewe  en lewenservaringe waarneem – deur die filtreerder van die pynlike herinneringe.

Ten einde die pynlike herinneringe van die kinderjare te herroep, kan die beradene versoek word om een van die volgende **uit te beeld**, en die ander pynlike geleenthede kreatief **visualiseer**:

- die geleenthede toe die vader en / of moeder hom / haar  seergemaak (verwerp) het –

  voel die pyn of seer intens en konfronteer dit sonder vermyding / onderdrukking daarvan;
- die ervaring van vernedering geassosieer met die pyn;
- die verskrikkings (indien enige) verbonde aan die pyn;
- die haat of gegriefdheid as gevolg van die pyn.

Die beradene kan ook gevra word om te **identifiseer** in watter mate en hoe die pyn in sy / haar kreatiwiteit tot uiting gekom het.

**6.3.1.2.3  Identifiseer die verliese van die kinderjare en voel verdriet daaroor**

Die respondente in 4.7 het almal die verliese wat hulle as gevolg van die ouerverwerping in die kinderjare gely het, erken.  Dit het hulle dwarsdeur hulle lewens gestrem en dikwels goeie gevoelens, asook nie-destruktiewe volwasse optrede, inhibeer.

Vir Horowitz en Darby (1994:14) is dit essensieel dat die gevoelens verbonde aan die verliese gelug, ondersoek en aanvaar moet word sodat alle simptome wat uit die onversetlike houvas daarvan verrys, uitgewis kan word.

Ten einde die verliese wat in die kinderjare gely is, te identifiseer, kan die beradene gevra word om die verliese met die gepaardgaande emosies **neer te skryf** en aan te dui watter die grootste hartseer veroorsaak het óf die ergste invloed op die beradene se lewe gehad het.

Die beradene moet ook **identifiseer** in watter mate en hoe kreatiwiteit gebruik is om hierdie verliese te verwerk.

#### 6.3.1.2.4 Identifiseer negatiewe gevoelens oor die self as gevolg van onbevredigde behoeftes in die kinderjare

Die drie respondente in 4.7 het as gevolg van onbevredigde behoeftes baie negatiewe gevoelens en persepsies oor hulleself gekoester. Hierdie gevoelens moet nou geïdentifiseer en uitgedruk word.

Die beradene kan gevra word om te **vertel** hoe die kind van die verlede oor hom- of haarself gevoel en hom- of haarself waargeneem het. Daarna kan die beradene gevra word om **uit te beeld** hoe hy / sy in die hede oor die self voel en die self waarneem.

Die gebrek aan **behorendheid** as gevolg van die afwesigheid van ouers se onvoorwaardelike liefde en aanvaarding, kan gevoelens van ongeliefdheid, onverbondenheid, uitgeslotenheid, verstotenheid, naamloosheid, rusteloosheid en woede laat ontstaan.

Anderson (1989:18, 26, 29) beweer dat selfidentiteit in verhoudings ontdek, asook bevestig word en later deur dade en verhoudings bepaal word. Die groei van die persoon tot selfidentiteit vind in 'n konteks van sosiale en geestelike interaksie plaas met liefde as die motiveringskrag. Dán word selfidentiteit verkry as 'n besondere vorm van die beeld van God. Die outeur dink nie dat die **uitwissing** van die self die liefde vir God onmoontlik maak nie, maar eerder die **mislukking** van die self om die destruktiewe en vernietigende gevolge van die sonde (ook van ouerverwerping ) te oorkom.

Die beradene kan versoek word om die volgende te **identifiseer:**

- watter gevoelens as gevolg van die gebrek aan behorendheid ervaar is of nog ervaar word;
- hoe hy /sy deur kreatiwiteit die gapings probeer vul het – die soeke na identiteit, liefde, aanvaarding en behorendheid.

Dit kan aan die beradene gestel word om die kind van die verlede met die verlange na liefde en aanvaarding te **visualiseer of uit te beeld** en daarna **mondelings te praat** oor die gevoelens van die kind van die verlede wat voortdurend na identiteit (indien wel) bly soek het.

Wanneer die ouers nalaat om **waarde** by die kind te vestig deur erkenning, waardering en lof vir optrede of prestasies, voel die kind onwaardig en nooit goed genoeg in vergelyking met ander nie. Beherende gedrag, wegslyting van vertroue en eiewaarde óf belediging beskadig die slagoffer se selfwaarde (Eliott-Wright, 2007:4). Die persoon word gekenmerk deur 'n negatiewe

selfagting en magteloosheid wat uiteindelik ook tot negatiewe gedrag lei. Anderson (1989:105-106) beklemtoon dat ‘n gebrek aan selfagting sondig is want dit skend God se enkel omvattende liefdesopdrag wat Hom, die naaste én die self insluit (Matt. 22:37-39).

Soms word die onaanvaarbare self van die intellek afgeskei en laasgenoemde van gevoel, wat ‘n skeuring binne die self veroorsaak (vergelyk 3.3.4).

Die beradene kan versoek word om te **identifiseer:**

- watter gevoelens as gevolg van die gebrek aan waarde ervaar is / nog ervaar word;
- watter dele van die self vir hom / haar onaanvaarbaar is omdat dit vir die ouer(s) afstootlik was;
- hoe hy / sy deur kreatiwiteit die gebrek aan waarde probeer vul het.

Daarna kan dit aan die beradene gestel word om die volgende te **visualiseer**:

- die kind van die verlede wat onwaardig voel en bly soek na goedkeuring en waardering;
- die verdeelde kind (en volwassene) wat verskeurd is in die self.

Die ouers se omgee en troue versorging gee aan die kind die gevoel van fisiese en emosionele **veiligheid**. ‘n Gebrek aan hierdie veiligheid laat die persoon sonder emosionele beskerming en verwek gevoelens van vrees en angs, magteloosheid en hulpeloosheid, asook wantroue teenoor ander mense. Die belewenis van gebrek aan beheer, kan selfs tot manipulering van ander lei. Coetzer (2006:18) betreur dit dat God se volk in die Bybel menigmaal hulle sekuriteit in dinge soos rykdom, hulp van mense en hulle eie krag gesoek het, in plaas van by God (Spr. 28:10). Dit is ‘n fout wat die kreatiewe indiwidue óók gemaak het en dit het uitgeloop het op ‘n lewe sonder rus en vrede. Die Woord waarsku elkeen om níe op enige iets behálwe God, staat te maak nie (Ps. 146: 3-5; 147:10-11; Jer. 17: 5 - 8).

Ten einde die gevoelens van onveiligheid wat in die kinderjare ervaar is te verwerk, kan die beradene gevra word om die volgende te ***identifiseer:***

- watter gevoelens as gevolg van die gebrek aan veiligheid ervaar is;
- hoe hy / sy deur kreatiwiteit hierdie gaping uitgedruk en probeer vul het.

Daarna kan die beradene **visualiseer** of selfs **uitbeeld** hoe die verlange na veiligheid en sekuriteit hom / haar gedurig daarna laat soek het, asook in watter dinge vals sekuriteit gevind is.

#### 6.3.1.2.5 Identifiseer vals geloofsvoorstellings, negatiewe emosies en selfverydelende gedrag

‘n Verband bestaan tussen verkeerde geloofsvoorstellings, negatiewe gevoelens en gedrag. Gould (2006:265) meen dat psigologiese disfunksionering die gevolg is van vals / verkeerde geloofsoortuigings wat op die affektiewe vlak van die persoon se ervaringskennis voorkom. Daarom is emosionele heling nodig vir die vervanging van hierdie geloofsoortuigings met die waarheid.

‘n Persepsie soos: “Ek kan nie slaag nie want my ouer / s het gesê ek sal altyd misluk”, “ek sal nie ver kom met my doodgewone kuns nie omdat my pa so gedink het” of “my kuns sal niks wonderliks oplewer nie want my ouers het gereken dit is maar gewoon”, mag tot gevoelens van magteloosheid, moedeloosheid en angs lei. Die persoon voel oorweldig, is bang om te waag, vrees mislukking en word soms “verlam” tydens ‘n optrede voor mense (vergelyk Respondent C in 4.7.3 wat jarelank beïnvloed was deur sy stiefpa se negatiewe boodskappe aan hom omtrent sy vermoëns en Respondent B in 4.7.2 wat bly glo het dat ‘n skryftalent nie ‘n beroep kan wees nie).

Die vals oortuigings is selfverydelend en behou die ouer / s se beheer oor die persoon se lewe omdat die “kopstemme” omtrent die self sy / haar lewe én optrede regeer.

Die beradene kan gevra word om na aanleiding van Bylaag C – 1a te **identifiseer** watter vals geloofsvoorstellings omtrent die self sy / haar lewe oorheers en watter uitwerking dit op sy of haar gevoelens en optrede het. Daarna word besluit watter uitwerking hierdie vals geloofsvoorstellings op die beoefening van kreatiwiteit het en **mondelings** daaroor ge**praat**.

### 6.3.1.3 Kognitiewe of denkvlak

#### 6.3.1.3.1 Identifiseer negatiewe of verwronge persepsies van God

Ouers se negatiewe of onredelike gedrag skep meesal vals opvattings van God wat internaliseer word. Al die respondente in 4.7, asook die kreatiewe indiwidue in Hoofstuk 3, het geworstel met hul verhouding met God.

Ervaringe, herinneringe en gevoelens speel ‘n belangrike rol in die vorming van die prentjie van God, met die mees bepalende faktor die “gevoel” van wie God is en hoe Hy waarlik is (Seamands,2002:94). Die outeur wys daarop dat die denke en die gevoel omtrent God innerlike konflik veroorsaak omdat die “kop-teologie” en die “gebeds-teologie” verskil (vergelyk Respondent A en C in 4.7.1 en 4.7.3). Seamands beklemtoon dat géén blywende geestelike oorwinning in ‘n persoon se lewe sal kom nie sonder ‘n **denkprentjie** en ‘n **gevoelde, deurleefde bewussyn** dat God waarlik goed, liefdevol en genadig is.

Volgens Evans en Billington (1994:129) is ouers vir ‘n kind soos God vir ‘n volwassene – beskermer, voorsiener en versorger. Wanneer ouers hierdie rol aanvaar, word die kind in ‘n veilige omgewing groot en het later ‘n duideliker konsep van God. Die outeurs beklemtoon dat geen vryheid sonder die regte begrip van God bestaan nie. Wanneer God betwyfel word, ontstaan ‘n selfstandige vasbeslotenheid om te oorleef wat interaksies met selfgesentreerdheid besmet (Crabb, 2005:126).

Omdat ouers in God se plek staan vir hul kinders, gaan God verstaan word deur middel van waarneming van ouers se eienskappe en gedrag. Rickey en Rickey (1998:115-116) noem dat ‘n gesonde konsep van God nie gevorm kan word met emosioneel- of fisies afwesige óf verwerpende ouers nie (vergelyk al drie die respondente in 4.7.1 - 4.7.3). Die outeurs meen dat **vrees** vir die vader na Gód verplaas sal word en die opvatting mag wees dat Hy vir die persoon wag om te fouteer of te misluk (vergelyk veral Respondent B in 4.7.2 ).

Skade in die kinderjare as gevolg van onbevredigde behoeftes verwek ‘n onvermoë om God te **vertrou** en op Hom én sy beloftes staat te maak. Dit sal nóg moeiliker wees om soos Job te glo dat Hy alle gebeure beheer.

Ouers wat kinders nie onvoorwaardelik liefhet en aanvaar nie, laat die volwassene glo dat Gód se **liefde** verdien moet word, veral deur dade (vergelyk Respondent C in 4.7.3). Wanneer ouers nie ‘n kind se eiewaarde opgebou het nie, glo en voel die volwassene dat hy / sy ook vir Gód onwaardig is (vergelyk Respondent A, B en C in 4.7.1 - 4.7.3). Omdat ‘n kind by gebrek aan sekuriteit en veiligheid, vreesagtig voel, ontwikkel ‘n **wantroue** teenoor mense én God.

Die navorser moes dikwels kliënte se **woede** teenoor God aanhoor; woede teenoor die ouer(s) wat na God verplaas is, sowel as direkte woede teenoor Hom omdat Hy nie ingegryp het nie en die verwerping toegelaat het.

Seamands (2002:103) beskou die volgende probleme as die mees algemene wat voorkom na aanleiding van die verwronge beeld van God. Die volwassene:

- voel nie vergewe nie;
- kan nie God liefhê, vertrou en oorgee aan Hom nie;
- het intellektuele vrae en teologiese twyfel;
- is neuroties-perfeksionisties.

Dit kan aan die beradene gestel word om die volgende **take uit te voer**:

- sy / haar persepsies van God te identifiseer deur die gebruik van Bylaag D – 1a;
- die woede teenoor die ouer(s) tuis neer te skryf;
- die woede (indien dit bestaan) teenoor God neer te skryf.

Die beradene kan daarna versoek word om sy / haar aardse vader **uit te beeld**. ‘n Dier kan selfs gekies word waarmee gepoog word om die vaderfiguur uit te beeld (by ‘n volgende sessie kan verduidelik word waarom juis hierdie spesifieke dier gekies is en wat hy / sy omtrent die vader wil "sê”).

Die beradene kan gevra word om hy / sy in verhouding met die ouer(s) te **visualiseer** en **mondelings te noem** hoe hy / sy oor die ouer(s) dink en voel, en daarna hoe oor God gedink en gevoel word.

#### 6.3.1.3.2 Identifiseer negatiewe denke oor die self en negatiewe selfspraak

Baie van die opinies oor die self spruit uit dinge wat ouers oor die kind te kenne gegee of direk gesê het. Hy / sy dink dalk: “Ek is dom, lelik, lomp, vet, ‘n stuk gemors of waardeloos”. Die persoon is geneig tot selfkritiek, selfverkleinering of selfafkraking. Wright (2007:63) waarsku dat ‘n persoon hom / haar kan toesluit in wat gedink of geglo word – wég van hoop en geloof wat na seëning lei. Naderhand identifiseer die persoon hom- of haarself met die negatiewe geloof of beskouing omtrent die self in plaas daarvan om die genot van versekering en vryheid as kind van God te ervaar.

Wright definieer selfspraak as daaglikse gesprekke met die self wat emosies inisieer én intensifiseer (101). Dit is ook ‘n stel evaluerende gedagtes omtrent voorvalle of feite vanuit die

verlede óf in die hede wat met die persoon verband hou. Wat die persoon vir hom- of haarself vertel, is egter soms nie duidelike stellings nie, maar eerder indrukke wat dikwels ongeloofwaardig is. Hierdie “gedagtes” rig die manier waardeur die persoon teenoor ander optree. Wanneer hierdie gedagtes juis negatief is, hou dit hom / haar in die verlede vasgevang en saboteer die toekoms omdat dit sélfgesentreer in plaas van Gódgesentreer is.

Ten opsigte van hierdie saak kan die beradene gevra word om te **identifiseer** watter negatiewe boodskappe hy / sy van die ouers omtrent die self ontvang het deur gebruik te maak van die inhoud van Bylaag E – 1a en ook in te vul wat hy / sy gevolglik omtrent die self bly glo het.

Daarna kan dit aan die beradene gestel word om **uit te beeld** hoe negatiewe denke oor die self sy / haar lewe beheer.

Die beradene moet deur die gebruik van Bylaag E – 2 die daaglikse of weeklikse negatiewe selfspraak na aanleiding van ontlonters of aktiveerders invul, asook hoe hierdie selfspraak sy / haar emosies en optrede beïnvloed.

#### 6.3.1.4 Gedragsvlak

##### 6.3.1.4.1 Identifiseer gewoontepatrone in verhoudings

Al die respondente wie se optredes in 4.7 empiries nagevors is, het sekere gedragspatrone in verhoudings openbaar. A, B en C was soms huiwerig om tot mense toe te tree óf wantrouig teenoor mense; al drie het soms onttrek uit emosioneel-belaaide situasies uit vrees vir verwerping óf uit ‘n onvermoë om dit te hanteer; B was baie sensitief vir verwerping en dikwels verbaal-defensief; A het vir baie lank ‘n slagoffer-mentaliteit gehad en altyd skuld aanvaar; B was jarelank afhanklik van mense se hulp vir die beoefening van haar kreatiwiteit; al drie het voorgegee en ‘n masker van sorgeloosheid gedra; A, B en C het hul identiteit deur middel van hul kreatiwiteitsbeoefening gesoek; B en veral C het mense se erkenning en aanvaarding gesoek deur hul kreatiwiteit - soos baie van die kreatiewe indiwidue in Hoofstuk 3 ook gedoen het.

Dit kan gebeur dat ouerverwerping volwassenes noop om oorafhanklik van ‘n geliefde of vriend te wees soos in die lewens van Jonker, Sexton en Van Gogh te siene is (vergelyk 3.4.1.1 en 3.4.1.2, asook 3.4.3.1). Dit het hulle dikwels veeleisend en selfsugtig in verhoudings laat optree. Ander verwerptes kan aggressief en afbrekend teenoor ‘n geliefde optree (vergelyk

Lawrence, Fleming, Lowell en Picasso in 3.4.2.2 – 3.4.2.4, asook 3.4.3.2). Jare gelede het Murphee (1976:17) al verklaar dat álle eksterne verhoudings met mense 'n weerspieëling is van die soort interne verhouding met die self. Daarom vind **innerlike** konflik meesal uitdrukking in **uiterlike** konflik.

Volgens Seamands (2002:29) leer mense verkeerde maniere van omgang met mense en hantering van lewensituasies aan. Hierdie gedrag word dan die basis van persoonlikheidspatrone. Die outeur voeg by dat die gewig van die pynlike herinneringe wat nie gekonfronteer is nie, die persoon aftrek sodat emosionele en persoonlikheidsvordering naderhand onmoontlik word (61). Rickey en Rickey (1998:70) bevestig Seamands se uitspraak wanneer hulle noem dat 'n persoon vasgevang kan word in kinderagtige denke, gevoel én gedrag wanneer emosionele ontwikkeling in die kinderjare op een of ander manier gestuit word. Die persoon tree op soos dit hom / haar pas en vertroue in God is onmoontlik. Kelsey (1986:50) het jare tevore al gepraat van 'n "infantiele koning" wat sélf alles op sy / haar manier wil beheer en bestuur eerder as om 'n Verlosser te soek wat rééds bestuur en kan help met die bereiking van die lewensbestemming.

Die beradene kan gevra word watter gedragspatrone na eie oordeel in sy / haar gedragslewe na vore kom deur die inhoud van Bylaag F – 1 vir die kriteria daarvan te gebruik en daarna te **visualiseer** hoe opgetree word wanneer behoeftes nie bevredig word nie.

#### 6.3.1.4.2 Identifiseer gedragstrategieë om die ouerverwerping te hanteer

Die kreatiewe indiwidue in Hoofstuk 3 (3.4) en die respondente in Hoofstuk 4 (4.7) het verál met betrekking tot hulle kreatiwiteit, sekere gedragstrategieë gehad waarmee hulle die ouerverwerping hanteer het.

Mense beweeg wég van God in verkeerde rigtings om hulle sieledors te les en weier om God te vertrou. Crabb (2007:58-59) betreur dit dat hulle daarop aandring om beheer te behou en om selfbevrediging te verwek én te vind. **Selfbestuur** en **selfbeskerming** word dan die norm. Baker (2007:16-17) beweer dat mense probeer om hulle beeld, situasies, probleme en pyn, asook ander mense, te beheer. Dit is juis die behoud van onafhanklikheid wat tot verkeerde strategieë lei waardeur gepoog word om die begeerde lewe te vind. Baker sê die uiteinde is egter vrees, moegheid, frustrasie en mislukking want om God te probeer wees is hopeloos en verydelend.

Ten einde gedragstrategieë te **identifiseer** kan dit aan die beradene gestel word om te besluit:

- watter aspekte van sy / haar lewe hy / sy wil beheer en daarom sekere strategieë aanwend ter bereiking daarvan;
- wat die uitwerking van hierdie pogings op sy / haar lewe is.

Deur die gebruik van die inhoud van Bylaag G – 1 kan die beradene gevra word om die gedragstrategieë wat hy / sy gebruik om die ouerverwerping te verwerk te **identifiseer**.

**Perfeksionisme** laat 'n persoon op die oppervlakte beter oor die self voel, maar die innerlike ontevredenheid en selfveragting bly voortduur. Die drang na volmaaktheid word 'n selfverydelende kringloop. Respondent A se perfeksionisme is en was 'n struikelblok in die vrye beoefening van haar kreatiwiteit omdat dit nog altyd selfkritiek verwek het (vergelyk 4.7.1). Respondent C se perfeksionisme in sy kreatiwiteitsbeoefening moes sy eiewaarde verhoog, maar ook vir hom erkenning en lof verkry. Sy verhoudings, veral met sy kinders, is geskaad as gevolg van sy oormatige vitterigheid en kritiek (vergelyk 4.7.3).

In hierdie verband kan die volgende versoeke aan die beradene gerig word om deur die gebruik van Bylaag G - 1 te **identifiseer** waarin hy / sy perfeksionisties is (indien van toepassing), hoe dit tot uiting kom en daarna te **visualiseer** watter uitwerking hierdie perfeksionisme op hom / haar en andere het.

**Verslawing** aan die aanhoudende produsering van iets kreatiefs, is 'n ontsnapping van pyn (vergelyk veral Respondent C in 4.7.3 se kompulsiewe produsering en Respondent A in 4.7.1 wat van kleins af deur haar kuns van die werklikheid ontsnap het, asook 2.9.1 en 2.9.2 - motiewe vir die beoefening van kreatiwiteit). Met die verslawing aan 'n pynlike lewenswyse kan mense dikwels geen alternatief visualiseer nie. Daarom veroorsaak die idee van wegbreek van die bekende, dog "pynlike tuiste", 'n stryd.

Ten opsigte van hierdie saak kan die versoek tot die beradene gerig word om die volgende te **identifiseer**:

- waaraan hy / sy verslaaf is;
- waarvan hy / sy wil ontsnap;
- in watter mate sy / haar kreatiwiteitsbeoefening eerstens 'n verslawing en tweedens 'n ontsnapping is.

Die beradene kan gevra word om ook **uit te beeld** hoe hy / sy deur die verslawings probeer ontsnap en watter uitwerking dit op sy / haar lewe het.

**Selfbeskermingsmure** om die self uit vrees vir verwerping, verhinder interpersoonlike toegang en wisselwerking met mense. Evans (2004:18) waarsku dat dit wél emosies beskerm, maar emosionele groei belemmer, asook verhoudings en geleenthede in die wiele ry. Selfbeskerming verhinder ook pogings om lief te hê omdat die geleentheid om wég van die pyn te beweeg vir die persoon belangriker is as om ware nabyheid aan God en andere te bereik (Crabb, 2007:108). Veral Respondent A in 4.7.1 se onvermoë en / of onbereidheid tot selfopenbaring is 'n struikelblok in die produsering van "sprekende" kunswerke, asook 'n probleem in haar menseverhoudinge.

Die berader kan oorweeg om die volgende versoeke tot die beradene te rig:

- **identifiseer** sy / haar teleurstelling as 'n slagoffer en konfronteer, asook bepaal, watter skade die siel aangedoen is deur ander mense se sondigheid;
- **identifiseer** waarteen hy / sy die self wil beskerm;
- **identifiseer** watter strategieë hy / sy gebruik om die self te beskerm teen verdere teleurstelling en / of verwerping.

Daarna kan die beradene **visualiseer** hoe hierdie strategie gebruik word en wat die uitwerking daarvan is op hom / haar as mens, op verhoudings, sowel as op die kreatiwiteitsbeoefening.

**Selfbesering en kompulsiewe eet** is 'n manier om stres en emosies te ontlaai, maar dit gee ook 'n gevoel van beheer – met destruktiewe gevolge. Net Respondent B in 4.7.2 het hierdie gedrag geopenbaar, maar dit is genadiglik beëindig toe sy die ouerhuis verlaat het.

Ten opsigte van hierdie aspek kan **geïdentifiseer** word (indien van toepassing) watter stres en emosies deur middel van selfbesering / kompulsiewe eet ontlaai word óf waarvan hy / sy in beheer wil voel.

Die beradene kan (indien dit van toepassing is) versoek word om **uit te beeld** watter uitwerking hierdie strategie op sy / haar lewe het veral met betrekking tot die bose kringloop van ontlading, skuld en onveranderde omstandighede.

**Najaag van mense se erkenning, goedkeuring en / of lof** gee 'n gevoel van geborgenheid, identiteit en waarde wat as gevolg van ouers se gebrekkige aanvaarding, liefde en waardering

vir die kind verlore gegaan het (vergelyk veral Respondent B in 4.7.2 en C in 4.7.3 sowel as Plath en Sexton in 3.4.1.2 en 3.4.1.4 en Picasso in 3.4.3.2, maar ook 2.9.3 – motiewe vir die beoefening van kreatiwiteit).

Die beradene kan in hierdie opsig gevra word om te **identifiseer** wat hy / sy doen om mense se erkenning, goedkeuring en lof te verkry en daarna te **visualiseer** hoe hierdie strategie gebruik word en die uitwerking daarvan. Die berader kan dan die beradene uitvra oor die aard van die bevrediging wat hierdie strategie gee.

**Ontsnapping deur fantasie of fiksie** skep dikwels ʻn "beter" wêreld en is ʻn wegkom van die werklikheid. Pieterse (2006:51) wys daarop dat hierdie innerlik-beheerde wêreld, oënskynlik pyn en angs verlig. Die ontnugtering is egter kwaai wanneer die besef van die werklikheid elke keer terugkeer. Paula White (2006:127) het persoonlik ervaar dat fantasie meer aanloklik is as die werklikheid want in die gedagtewêreld kom bevrediging maklik. Sy waarsku egter dat ʻn mens naderhand kan probeer om iemand ánders te wees in plaas van die persoon wat Gód geskape het. Sy het in ʻn fantasiewêreld geleef, voorgegee en gehoop, maar dit was uiteindelik selfvernietigend. Veral Lawrence en Fleming het deur die skepping van hulle karakters van hulle eie onaanvaarbare werklikhede ontvlug, maar nooit tot ware heling gekom nie (vergelyk 3.4.2.2 en 3.4.2.3, asook 2.9.6 – motiewe vir die beoefening van kreatiwiteit). Ook Respondent B in 4.7.2 het deur fantasie die wrede werklikheid van haar situasie in die ouerhuis hanteer en dit het deur die jare ʻn gedragspatroon geword, selfs ná haar huwelik.

Ten opsigte van hierdie aspek kan die versoek aan die beradene gerig word om te **identifiseer** waarvan hy / sy deur fantasie wil ontsnap, hoe dit in kreatiwiteit bewerkstellig word en die uitwerking daarvan op sy / haar situasie.

#### 6.3.1.4.3 Identifiseer die herhaaldelike gebruik van sekere temas in die beoefening van die kreatiwiteit

Al drie die respondente het sekere temas herhaaldelik in hul kreatiwiteitsbeoefening gebruik. Hierdie verskynsel het ook in die lewens van die kreatiewe indiwidue in Hoofstuk 3 voorgekom (vergelyk Jonker, Plath, Mansfield en Sexton in 3.4.1.1 - 3.4.1.4, asook Lawrence in 3.4.2.4 en selfs Picasso in 3.4.3.2 wat temas herhaal het wanneer hy met woede vir vrouens of seer behep was).

Volgens Betensky (1973:337-338) vervul herhaling ‘n funksie. Dit kan:

- ‘n vorm van sekuriteit wees want die kreatiewe indiwidu hoef nie nuwe situasies te trotseer nie;
- ‘n ontsnapping wees van ‘n emosioneel-moeilike situasie wat nie gekonfronteer hoef te word nie.

Die beradene kan gevra word om te noem watter afleidings gemaak word uit die herhalingspatrone wat uit sy / haar werke blyk deur hom- of haarself die volgende vrae te vra:

- watter kleure, patrone, lyne of uitbeeldings hy / sy in **visuele** kunswerke herhaal;
- watter gesig / tipe gesig, persoon / tipe persoon hy / sy in **visuele** kunswerke herhaal;
- watter plek, situasie, probleem / emosie hy / sy in **visuele** kunswerke herhaal;
- watter karakter / tipe karakter hy / sy in **literêre** kunsbeoefening herhaal;
- watter plek, situasie, probleem / emosie hy / sy in **literêre** kunsbeoefening herhaal.

### 6.3.2 INTERPRETERING TER WILLE VAN VERKLAAR EN VERDUIDELIK

Die identifiseringsfase het die beradene se situasie verhelder en insig gegee in die seer van ouerverwerping in die kinderjare sodat die probleem beter verstaan kon word. Die persoon se gevoelens, denke en gedrag is oopgemaak, bekyk en gekonfronteer en nou kan wat geïdentifiseer is, geïnterpreteer en verklaar word. **Redes** vir die denke, gevoelens en optredes moet nou aan die **bron** van die probleem, naamlik die ouerverwerping in die kinderjare, gekoppel word. Selfs die sukses of mislukking van die pogings om die ouerverwerping deur middel van kreatiwiteitsbeoefening te hanteer, moet beoordeel word. Die navorser wil ook graag in hierdie fase hê dat die beradene ‘n visie van heelheid moet kry en ‘n lewe vry van die seer van die verlede moet visualiseer. Sodoende sal hy / sy eintlik die begeerte uitspreek waar hy / sy in die toekoms wíl wees en wat hoop by hom / haar hoop sal vestig.

#### 6.3.2.1 Konatiewe / wilsvlak

Die beradene moet hom- of haarself afvra waarom ‘n onwilligheid bestaan om:

- te erken dat eie beheer onsuksesvol is om die seer van die ouerverwerping te hanteer;

- in afhanklikheid van God die ouerverwerping te hanteer;
- ‘n oorgawe aan God te maak;
- God se hulp in die hantering van die ouerverwerping te vra en / of te aanvaar;
- die self te openbaar en die waarheid aan te hang deur die afgooi van alle selfbekermingsmaskers;
- eerlik te wees met die self en God;
- emosies uit te druk en te konfronteer;
- verkeerde denkpatrone, asook verkeerde reaksies, optrede en / of gewoontes te erken.

**6.3.2.2 Affektiewe of gevoelsvlak**

**6.3.2.2.1 Interpreteer die negatiewe gebeure en emosies verbonde daaraan**

Die beradene kan gevra word om weer te kyk na die leuens wat hy / sy gewoonlik oor die negatiewe gebeure in die kinderjare bly glo het (vergelyk Bylaag B – 1), asook na die ergste negatiewe gebeure of voorvalle met die gepaardgaande emosies wat geïdentifiseer is (vergelyk Bylaag B – 2). .

Die beradene kan daarna versoek word om met verwysing na Bylaag B– 2 die denk-kolom in te vul met betrekking tot die beskouing (denke) wat omtrent elkeen van die negatiewe gebeure van die kinderjare gehuldig is en daarna te **interpreteer / verklaar**:

- watter optrede ná elke gebeure getoon is;
- watter emosie en optrede voorgekom het na aanleiding van wat hy / sy omtrent elke gebeure bly glo het;
- waarom hy / sy soms in sekere situasies oorreageer - kyk na die aktiveerder, die denke daaroor of beskouing daarvan, die gevolglike emosies, sowel as optrede en besluit of dit dalk ooreenkom of ooreengekom met een van die gebeure in die kinderjare;
- waarom sekere gebeure in die hede wéér emosies soos in die kinderjare opwek (bepaal telkens die bron);
- waarom sekere emosionele invloede sy / haar lewe oorheers en in kreatiwiteit tot uiting kom;

- waarom hy / sy dink God begeer dat die gebeure van die verlede hom / haar níe vasgevang moet hou nie.

Die beradene kan gevra word om te **visualiseer** hoe hy / sy graag in die toekoms oor sommige van die mees negatiewe gebeure in die kinderjare sou wóú dink en voel.

**6.3.2.2.2 Interpreteer en verklaar die pyn van die verlede wat herroep is**

Die beradene word gevra om weer te kyk na die geleenthede waar seerkry beleef is (soos dit in die vorige rondte van die pastorale proses geïdentifiseer is ter wille van verstaan) en dan te poog om die volgende te **interpreteer** en te **verklaar**:

- waarom hy / sy soms in die hede onverklaarbaar hartseer is;
- waarom die seerkry-geleenthede hom / haar as kind só erg geraak en bygebly het - besluit hoe die geleenthede destyds beskou / daaromtrent geglo het;
- waarom hy / sy soms in sekere situasies op verkeerde maniere teenoor geliefdes optree - bepaal die bron deur te besluit wanneer dit gebeur (die aktiveerder), die denke daaroor en gepaardgaande gevoel;
- waarom die pyn onbewustelik in sy / haar kreatiwiteit herhaaldelik en onophoudelik tot uitdrukking kom;
- waarom God nie wil hê dat die pyn van die verlede hom / haar gevange moet hou nie.

Die beradene kan gevra word om die volgende te **visualiseer**:

- die hartseer of seer kind van die verlede wat na vreugde verlang;
- hoe hy / sy in die toekoms die self sonder die seer sou wóú uitbeeld.

**6.3.2.2.3 Interpreteer en verklaar die verliese van die verlede**

In die verstaanfase van die pastorale proses het die verliese wat in die kinderjare gely is as gevolg van ouerverwerping, ter sprake gekom. Die beradene kan, op grond van die manier waarop hy / sy die verliese geïdentifiseer het, gevra word om die houvas daarvan op sy / haar lewe aan die hand van die volgende te **interpreteer** en te **verklaar**:

- waarom hy / sy dalk nog in die hede as die "beroofde kind" van die verlede lewe en hoe dit optrede beïnvloed;
- waarom die verliese wat in die kinderjare gely is sy / haar lewe en / of verhoudings nog beïnvloed;
- waarom hy / sy soms só verdrietig voel oor wat verloor is;
- waarom die hartseer wat hy / sy meesal onbewustelik ervaar, voortdurend in kreatiwiteit tot uiting kom;
- waarom God begeer dat hy / sy uiteindelik klaar moet rou oor die verliese van die verlede en ophou treur daaroor.

Aan die beradene kan gevra word om die kontras tussen die treurende, "beroofde kind" van die verlede en die begeerde, volwasse toekomsbeeld van hierdie kind **uit te beeld**.

#### 6.3.2.2.4 Interpreteer die gevoelens omtrent die self na aanleiding van die onbevredigde behoeftes

Die beradene kan gevra word om weer te kyk na die gevoelens wat omtrent die self na aanleiding van onbevredigde behoeftes in die pastorale proses van identifisering ter wille van verstaan, geïdentifiseer is en hoe dit hom / haar laat optree het. Daarna kan die beradene gevra word om die volgende te **interpreteer** en te **verklaar**:

- waarom hy / sy deur kreatiwiteit identiteit bly soek het;
- waarom hy / sy die erkenning en goedkeuring van mense deur kreatiwiteit bly soek het;
- waarom hy / sy die lof en waardering van mense deur kreatiwiteit bly soek het;
- waarom hy / sy altyd mense naby hom / haar wil hê of van mense afhanklik is, selfs vir die beoefening van kreatiwiteit;
- waarom hy / sy soms oorreageer wanneer behoeftes nie vervul word nie;
- waarom hy / sy soms ongeliefd, waardeloos of onveilig voel;
- waarom alle pogings om hierdie behoeftes deur kreatiwiteitsbeoefening te vul, nie blywende sukses toon of nie bereik wat beoog word nie.

Daar kan ook aan die beradene gevra word om die volgende te **visualiseer** en **uit te beeld**:

- hoe hy / sy soms oor die self voel en hoe dit sy / haar lewe in die hede beïnvloed;
- sy / haar tevergeefse pogings om identiteit, waarde of sekuriteit te vind;
- hoe hy / sy die self in die toekoms sou wóú sien.

**6.3.2.2.5 Interpreteer / verklaar die vals geloofsvoorstellings, negatiewe emosies en selfverydelende gedrag**

Die beradene word gevra om te kyk na die vals geloofsvoorstellings omtrent die self, asook die gepaardgaande emosies en gevolglike gedrag, wat deur middel van Bylaag F in die pastorale proses van identifisering ter wille van verstaan, geïdentifiseer is. Daarna kan die beradene versoek word om te **interpreteer** en te **verklaar**:

- wat die bron van hierdie vals gelowe oor die self is;
- waarom sy / haar lewe deur hierdie vals gelooofvoorstellings oorheers word;
- waarom hierdie vals geloofsvoorstellings sy / haar gedrag so erg beïnvloed;
- waarom hierdie geloofsvoorstellings selfs sy / haar kreatiwiteitsbeoefening beïnvloed;
- waarom die gedrag wat hy / sy as gevolg van hierdie vals gelowe oor die self openbaar, selfverydelend is;
- waarom hy / sy dink dat dit God bedroef omdat hierdie dinge oor die self geglo word.

Die beradene kan ook versoek word om die volgende te **uit te beeld**: sy / haar lewe en optrede oorheers deur die vals gelowe oor die self en daarna te **visualiseer** hoe hy / sy in die toekoms anders sou wóú optree - bevry van hierdie vals gelowe oor die self.

**6.3.2.3 Kognitiewe / denkvlak**

**6.3.2.3.1 Interpreteer die negatiewe of verwronge persepsies oor God**

Die beradene word gevra om te kyk na die persepsies wat oor God in die eerste fase van verstaan in die pastorale proses deur middel van Bylaag D – 1 geïdentifiseer is, asook die uitbeelding van die aardse vader en opvattings oor hom. Die beradene kan na aanleiding hiervan gevra word om die volgende te **interpreteer** en te **verklaar**:

- in watter situasie sy / haar persepsies en gevoelens oor God ontstaan het;
- waarom die beeld van die Hemelse Vader ooreenkom met díe van sy / haar aardse vader;
- waarom die optrede en behandeling van die ouer (s) sy / haar denke oor God en gevoelens teenoor Hom in die verlede beïnvloed het en in die hede nog altyd beïnvloed;
- waarom hy / sy vir die ouer(s) kwaad is en dit na God verplaas het;
- waarom die skewe beeld van God sy / haar lewe en Godsverhouding beïnvloed.

Die beradene kan versoek word om die volgende te **visualiseer**:

- hoe hy / sy winkel toe gaan en 'n "veranderde" pappa gaan uitkies wat ánders teenoor hom / haar sal optree en wat hom / haar ánders oor God sal laat dink en voel;
- hoe hy / sy in die toekoms graag oor God sou wóú dink en voel.

**6.3.2.3.2 Interpreteer / verklaar die negatiewe denke oor die self en negatiewe selfspraak**

Die beradene word versoek om te kyk na die negatiewe denke oor die self na aanleiding van die ouer(s) se boodskappe aan die kind in die kinderjare (vergelyk E – 1) en sy / haar gereelde negatiewe selfspraak (vergelyk E – 2) wat in die eerste fase van die pastorale proses van verstaan, geïdentifiseer is. Die beradene kan dan gevra word om die volgende te **interpreteer en te verklaar:**

- waarom hy / sy sekere dinge van die self dink, met ander woorde wat die bron van hierdie denke is;
- waarom hy / sy nog in die hede met die ouers se persepsie van hom / haar ooreenkom;
- waarom hy / sy in sekere situasies negatief met die self praat – bepaal die aktiveerder, die beskouing daarvan of denke daaroor, die gevolglike gevoelens en optrede;
- waarom hierdie negatiewe denke ook soms of altyd sy / haar kreatiwiteitsbeoefening beïnvloed.

Die beradene word daarna gevra om te **visualiseer** hoe hy / sy graag in die toekoms sonder hierdie negatiewe denke oor die self sou wóú lewe.

#### 6.3.2.4 Gedragsvlak

##### 6.3.2.4.1 Interpreteer gewoontepatrone in verhoudings

Die beradene het in die verstaan-fase van die pastorale proses sekere gewoontepatrone geïdentifiseer wat in verhoudings openbaar word (vergelyk F – 1). Die versoek kan nou aan die beradene gerig word om die volgende te **interpreteer en te verklaar:**

- sy / haar optrede deur die bepaling van die aktiveerder wat hierdie optrede ontlont, dán wat hy / sy daaroor dink en daarna voel;
- waarom hy / sy juis hierdie patroon volg en wat daarmee bereik wil word;
- wat die bron van die gewoontepatroon is;
- watter invloed / uitwerking hierdie gedragspatroon op sy / haar menseverhoudinge het;
- wat die "beloning" van die optrede is of in hoe 'n mate dit hom / haar "baat";
- waarom hierdie gedragspatroon skadelik is – eerstens vir sy / haar menseverhoudinge, tweedens vir sy / haar kreatiwiteit en daarom verander moet word..

Die beradene kan gevra word om te **visualiseer** hoe hy / sy in die toekoms graag in elke situasie sou wóú optree.

##### 6.3.2.4.2 Interpreteer gedragstrategieë as verwerking van ouerverwerping

Die beradene het deur middel van Bylaag G – 1 in die verstaan-fase van die pastorale proses, die gedragstrategieë wat hy / sy veral deur die kreatiwiteitsbeoefening gebruik het om die ouerverwerping te hanteer, geïdentifiseer. Die beradene kan gevra word om die volgende te **interpreteer en** te **verklaar:**

- waarom hy / sy die strategie(ë) gebruik, dus - wat die oogmerk of doel daarvan is;
- watter "beloning" uit die gebruik van die strategie(ë) verkry word, indien enige;
- hoe hy / sy voel wanneer daar géén "beloning" ervaar word nie;
- waarom die "kompensasie" uit die gebruik van die strategie(ë) nie blywend is nie;
- wat die onderliggende rede is vir die gebruik van die strategie(ë);

- hoe hy / sy kreatiwiteit inspan om die oogmerke van die strategie(ë) te bereik;
- watter uitwerking die gebruik van die strategie(ë) uiteindelik op die self, sy / haar menseverhoudinge, asook op die Godsverhouding, het;
- waarom die beheer wat hy / sy self oorgeneem het om die ouerverwerping te probeer verwerk, nie suksesvol was nie;
- waarom die gebruik van hierdie strategie(ë) heeltemal ondoeltreffend is of was om ouerverwerping te hanteer;
- waarom die gebruik van hierdie strategie(ë) moet verander;
- waarom hierdie strategie nie vir God aanneemlik is nie..

Aan die beradene kan gevra word om die tevergeefse stryd om die ouerverwerping deur die gebruik van hierdie strategieë te hanteer, **uit te beeld** en daarna te **visualiseer** hoe hy / sy die ouerverwerping deur kreatiwiteitsbeoefening in die toekoms sou wóú hanteer.

#### 6.3.2.4.3 Interpreteer die herhaaldelike gebruik van sekere temas in die kreatiwiteitsbeoefening

Die beradene het in die loop van die eerste fase van die pastorale proses sy / haar kunsproduk bekyk om enige moontlike temas wat herhaaldelik in die kreatiwiteitsbeoefening voorkom, te identifiseer. Nou kan dit aan die beradene gestel word om die volgende te **interpreteer en** te **verklaar:**

- waarom hy / sy die spesifieke tema bly herhaal;
- watter kwessie of probleem hy / sy nie wil konfronteer nie;
- hoe die gebeure, pyn en verliese van die kinderjare, die optrede van die ouer(s) teenoor hom / haar en onbevredigde behoeftes vanuit die verlede, in hierdie tema(s) uitgedruk word;
- wat die uitwerking van die herhaaldelike gebruik van die tema is;
- waarom God sal begeer dat hy / sy die innerlike stryd oor sekere dinge op 'n ander manier hanteer en uitdruk;

- waarom die herhaaldelike gebruik van die tema(s) nie bevorderlik is vir die self óf sy / haar kuns nie en daarom moet verander;

- hoe God sou wou hê dat hy / sy kreatiwiteit moet gebruik in plaas daarvan om kwessies van die verlede daardeur te probeer uitsorteer.

Aan die beradene kan gevra word om **uit te beeld** hoe hy / sy vasgedraai is in die herhaaldelike gebruik van ‘n tema en daarna te **visualiseer** hoe hy / sy in die toekoms gevoelens teenoor die ouer(s), ‘n sekere situasie, gebeure, voorval(le), negatiewe emosies, verliese óf onbevredigde behoeftes sou wóú uitdruk.

**In ‘n terugblik op die aanwending van kreatiwiteit om ouerverwerping in die kinderjare te probeer verwerk,** kan aan die beradene gevra word om die volgende te **interpreteer:**

- watter sukses (indien wel) hy / sy behaal het met hierdie metode;

- waarom hierdie metode nie suksesvol is of was om blywende rus, vrede, geluk en vervulling van die onbevredigde behoeftes te bring nie;

- watter foute hy / sy in die beoefening van die kreatiwiteit gemaak het en God, die Gewer van sy / haar talent, teleurgestel het.

Die beradene kan versoek word om die gelykenis van die talente in Matteus 25:14-29 **uit te beeld**, maar van toepassing op sy / haar kreatiwiteit te maak – met ander woorde God het die kreatiewe talent aan hom / haar toevertrou en Hy gaan eendag verantwoording van die gebruik daarvan eis. Daarna kan die beradene gevra word om te **visualiseer**:

- hoe hy / sy in die toekoms met Gód se hulp die ouerverwerping deur kreatiwiteit sal wil verwerk;

- hoe hy / sy graag in die toekoms God én die medemens deur middel van kreatiwiteit sal wil dien;

- waar hy / sy graag oor 5 of 10 jaar sou wóú wees met betrekking tot sy / haar kreatiwiteit;

- wat hy / sy graag in die toekoms sou wóú wees (kies ‘n voorwerp en verduidelik die keuse aan die berader).

### 6.3.3 INKEER EN OPGEE TER WILLE VAN VERANDERING

Nadat die beradene die seer van die ouerverwerping in die kinderjare geïdentifiseer het ter wille van verstaan en geïnterpreteer het ter wille van verklaar, moet hy / sy uiteindelik tot inkeer kom en verkeerde denke, gevoelens, optrede en reaksies opgee ter wille van verandering. Die beradene moet:

- berou toon oor alle verkeerde of negatiewe denke en emosies, asook destruktiewe optrede, reaksies en / of gewoontes;
- God toelaat om ál hierdie verkeerdhede te **verander**, dan hierdie dinge **aflê** en met Goddelike denke en gedrag **vervang**;
- al die verwerkte herinneringe en kwessies van die verlede in sy / haar lewe **integreer** sodat die beste daaruit gehaal kan word;
- God se Woord **internaliseer** sodat dit kan insink en die nuwe rigting wat hy / sy inslaan, kan instandhou.

In hierdie veranderingsfase sal die beradene moet besluit watter rol God in sy / haar genesing moet speel. Die essensie van enige verandering is die wegdraai van die wêreld, eie begeertes en sélf beheer, na die Seun van God en Verlosser van die mensdom – Jesus Christus,

Wanneer die beradene gevra gaan word om die Woord te bestudeer en te internaliseer, is daar etlike voorbehoude. Crabb (2007:176-177) waarsku dat die Woord níks beteken tensy dit tot **persoonlike impak** lei nie. Die teks moet die persoon se lewe beïnvloed en hom / haar meer liefdevol maak sonder om net kopfeite te wees. As die persoonlike aspek, naamlik selfontbloting, misgeloop word, word die lig van die Woord uitgedoof. Die Woord moet die gedagtes en hartsinhoud binnedring sodat die manier(e) waarop liefde geskend is of word, duideliker gesien kan word. Crabb raai aan dat 'n persoon die Woord in 'n gesindheid van nederige afhanklikheid moet nader met die doel om:

- God, die self en ander beter te leer ken om sodoende meer liefdevol te word;
- die self te ontbloot sodat sondighede en bedrieglike dwaashede blootgelê kan word.

Vir die navorser is Jeremia 31:33 vol betekenis – God se Woord moet op die **harte** geskryf en in die **gedagtes** vasgelê word.

#### 6.3.3.1 Konatiewe of wilsvlak

Die beradene moet ter wille van verandering die volgende wilsbesluite neem:

- Jesus Christus vertrou om hom / haar te ondersteun wanneer hy / sy die seer en pynlike areas weer moet konfronteer en verander;
- elke area van die seer, sonde en onvergewensgesindheid aan Christus oorgee;
- die Heilige Gees vra vir heling, oorkoming en die verwydering van die slegte vrugte of gevolge van ouerverwerping uit die hart;
- antwoorde en oplossings uitdaag;
- bereid wees vir die aanvaarding en toepassing van God se oplossings;
- deur geloof die krag en liefde van God toeëien;
- verantwoordelikheid neem vir sy / haar woorde en aksies, asook vir ‘n daadwerklike uitwissing van die gevolge van verwerping;
- besluit om te lewe as ‘n aanvaarde kind van God;
- die Heilige Gees vertrou vir leiding, groei en emosionele volwassewording.

(Pieterse, 2006:144-145)

#### 6.3.3.2 Affektiewe / gevoelsvlak

Emosies van pyn en seer spoel soos ‘n vloedgolf oor die denke. Die mens kan nie sonder emosies lewe nie, maar ook nie déúr emosies nie want dít sal volgens Ward (1999:13), die verhouding met God en die naaste beskadig. God het nooit bedoel dat sy kinders deur emosies oorweldig moet word nie, maar dat dit onder beheer van die Heilige Gees **benut** moet word. Daarom moet dissiplinering van emosies deur middel van die denke geskied (Rom. 12:2; 2 Kor. 10:5).

##### 6.3.3.2.1 Inkeer en opgee van negatiewe gebeure en die emosies verbonde daaraan

Die gebeure van die verlede moet anders beskou word sodat ‘n nuwe waarheid, gevoel en reaksie daaromtrent verwek kan word. Deur **God** se bril kan die verlede vanuit ‘n ander perspektief gesien word sodat dit in die persoon se lewe geïntegreer kan word.

Rockey en Rockey (1998:66) waarsku dat ‘n persoon met ‘n verstand vól van pynlike gevoelens van onregverdighede vanuit die verlede, níe vry is om geestelike waarhede te ontvang óf die herstel wat God bied, te aanvaar nie. Dáárom was dit belangrik dat gevoelens en gedagtes verstaan en daarna geïnterpreteer en verklaar moes word deur die besef van die **oorsprong** daarvan, asook die negatiewe gevolge daarvan, naamlik verkeerde optrede. Bogenoemde outeurs is daarvan oortuig dat pynlike herinneringe deur God se genade omvórm kan word sodat dit nie meer dade beheer nie. Kinderagtige emosionele reaksies kán na volwasse reaksies en optrede verander word soos Christus dit sou begeer. Jones (2004:4) beaam dat God die negatiewe herinneringe wil transformeer na iets goeds; iets wat die persoon meer gelykvormig aan Jesus Christus sal maak. Ashbrook (1996:175) stel voor dat die persoon ‘n patroon van gebeure moet skep deur sifting en sortering inneem van wat saak maak en loslating van wat onbelangrik is.

Die beradene kan gevra word om weer te kyk na die negatiewe gebeure, asook die leuens wat daaromtrent vasgelê is, soos dit in Bylaag B – 1a en 1b, asook B – 2 geïdentifiseer is. Die beradene moet God toelaat om die waarheid aangaande die situasie in die geheueprentjie te openbaar sodat die vals gelowe daaraan verbonde, ontkoppel en verander kan word. Die navorser begeer dat die beradene die pynlike verlede sal lóslaat en na aanleiding van Jesaja 43:18-19 in die geestesoog ‘n nuwe toekoms sal sien.

God moet toegelaat word om die negatiewe gebeure van die verlede tot die persoon se eie beswil om te keer sodat ryke seën daaruit kan spruit (Rom. 8:28). Deur die herstel van geloof, sal hoop en liefde volg. Uiteindelik sal die persoon kan aanvaar dat álle dinge, ook die slegtes, van een God kom wat ‘n doel daarmee het. In Josef se lewe het die negatiewe gebeure ‘n rol gespeel in God se plan vir die redding van ‘n hele volk, asook sy eie familie (Gen.41:51; 45:5, 8; 50:20).

**Aktiwiteit met die oog op verandering**

Die beradene kan gevra word om te kyk na die leuens wat in die algemeen na aanleiding van die negatiewe gebeurlikhede vasgelê is en in die oop spasie in Bylaag B – 1a die leuen te vervang met ‘n volwasse, rasionele, feitelike waarheid. Gebruik daarna Bylaag B – 3 en verander die beskouing (denke) omtrent elke negatiewe gebeure wat in Bylaag B – 2 ingevul is, vul dan in hoe die gevoel daaromtrent en gevolglike reaksie daarop, verander sodat ‘n ontlonter (trigger) in die hede nie meer dieselfde reaksie gaan uitlok nie.

Die beradene kan versoek word om die volgende **uit te beeld**:

- die las wat die gebeure van die verlede vir baie jare op hom / haar gelê het, maar die kontras wat Jesaja 43:18-19 verwoord;
- hoe Filippense 3:13 waar Paulus éérs vergeet wat agter is en hom dan na die toekoms uitstrek, op hom- of haar van toepassing gemaak word.

Die beradene kan dan gevra word om die volgende te **visualiseer**:

- hoe hy / sy die negatiewe gebeure deur God se bril bekyk;
- hoe God die negatiewe gebeure van die verlede omskep om 'n positiewe rol in sy / haar lewe te speel;
- watter bate of goeie dinge dit alreeds in sy / haar lewe opgelewer het;
- watter plan hy / sy dink God vir sy / haar lewe het ten spyte van die pynlike gebeure van die verlede (neem die voorbeeld van Josef se lewe in ag);
- hoe hy / sy kreatiwiteit gaan gebruik sodat iets positiefs en opbouends uit die ervarings van die verlede kan voortvloei.

#### 6.3.3.2.2 Inkeer en opgee van die pyn van die verlede

Na die identifisering van die geleenthede van seerkry in die verlede en die gepaardgaande emosies, is die uitwerking op die denke en gedrag geïnterpreteer. Nou kan die persoon die pyn verwerk, klaar daaroor rou en in sy / haar lewe integreer. Die seerste terugkerende herinneringe kan deur gebedsterapie genees word. Met behulp van en onder leiding van die Heilige Gees, word seerkry-geleenthede, gepaard met die ervaring van die kwaai pyn, gevisualiseer en daarna Jesus Christus wat inkom en sy hande op die persoon lê. Hierná bid die berader vir Jesus Christus se genesing van die pyn. Wanneer die pyn verwerk is, sal die boosheid daarin nie meer bedreigend wees nie want dit is volgens Ochs (1994:94) in 'n "ander omhulsel".

Deur die **erkenning** van die teenwoordigheid en mag van pynlike herinneringe, asook die **verwydering** van die negatiewe emosies gekoppel daaraan, kan die persoon hoop om op 'n volwasse manier te reageer. Sodoende kan die rasionele brein in plaas van die gevoelsbrein gebruik word. Rickey en Rickey (1998:116, 225) meen dat die oopmaak van die bron van die

pynlike emosies, vir God toestemming gee om ‘n innerlike volwassewordings- en suiweringsproses te begin. Die leegmaak van die pyn skep ‘n ruimte vir die inwoning van die Heilige Gees wat Gids, sowel as Trooster sal wees, en die persoon se verwarring met sy vrede sal vervang. Die pyn van die verlede moet losgelaat word sodat dit kan ophou seermaak en die toekoms op ‘n nuwe manier aangepak kan word.

Evans (2004:124) betreur dit dat ‘n persoon se identiteit só aan pyn verbonde kan wees dat erkenning en aflegging daarvan moeilik is want daarsonder is hy / sy ‘n vreemdeling vir die self. Soms reken die persoon dat hy / sy in elk geval nie beter verdien nie.

Vir Augustine (2005:79) is om oor te begin by God altyd ‘n núwe begin want sy mag in die hede word nie beperk deur die gebeure van die verlede nie. Laasgenoemde outeur glo dat die Heilige Gees nuwe lewe inblaas, herstel, verjong, herlaai en verlewendig. Die navorser is daarvan oortuig dat die verlede nie die toekoms dikteer nie omdat God met die mens na die toekoms kyk en beweeg. Satan wil die mens aan die verlede met al die pynlike herinneringe vasgeketting hou. God belowe deur sy Seun, Jesus Christus, loslating van gevangenes – uit watter tronk ook al – en vryheid in Hom (Luk. 4:18, ‘n eggo van Jes. 61:1). Vir Ochs (1994:94) is hierdie vryheid nie net die afwesigheid van beperkings nie, maar die **kreatiewe vermoë** om nuwe wêrelde voor te stel en op te voer – vryheid van optrede in plaas van reaksie.

Daar kan aan die beradene gevra word om die volgende briewe aan die ouer(s) te skryf:

- die eerste een waarin hy / sy die pyn wat sekere geleenthede veroorsaak het taamlik kras uitdruk;
- die tweede een waarin hy / sy spyt en hartseer uitspreek oor die versteuring van die verhouding met die ouer(s).

Daarna kan die beradene versoek word om die volgende te **visualiseer**:

- sy / haar vasgevangenheid in die pyn van die verlede, maar hoe dit losgelaat en vir Jesus oorgegee word vir sy genesing;
- die genot van die verdiende vryheid omdat hy / sy vir God kosbaar is;
- hoe hy / sy verder as die pyn sien – die uitbeelding van ‘n toekoms vol vryheid van die terugkerende pynlike herinneringe.

Die beradene kan ook gevra word om die kontras tussen die pynbelaste en die bevryde mens **uit te beeld**.

Gould (2006:270) stel ‘n paar aktiwiteite voor wat met mediterende gebed gepaard kan gaan. Die beradene moet die kinderjare as ‘n kruik voorstel en dit só agtereenvolgens **uitbeeld**:

- gebreek en in stukke;
- versamel die stukke en neem dit na Jesus;
- hou die stukke in jou hande en luister na God se troos vir gebrokenheid (Ps. 147:3);
- sien die stukke bymekaar kom om ‘n pragtige kruik te vorm (Jer. 18:6 - 8).

**Simboliese uitdrukking** van gevoelens kan ook uitgebeeld word:

- woede en pyn deur ‘n **glas** wat breek, maar daarna versigtig heelgemaak word;
- stukkies opgeskeurde **papier** en daarna die bymekaar pas in ‘n patroon;
- ‘n bloeiende **wond** en die aansit van ‘n **pleister** wat die seer en behoefte aan God se genesing erken (Jes. 30:26).

#### 6.3.3.2.3 Inkeer en opgee van die verliese van die verlede, dan ervaring van verdriet en rou daaroor

Die verliese van die verlede is geïdentifiseer en die uitwerking daarvan op die beradene se lewe is geïnterpreteer. Nou moet oor hierdie verliese gerou word. Die belangrikheid van rou, ‘n natuurlike reaksie op die verlies van iets kosbaars, is in 3.3.6. aangedui. Daarom moet die emosies verbonde aan die verliese finaal hanteer, deurgewerk en uitgedruk word sodat aanvaarding en berusting daaromtrent kan plaasvind.

Die beradene kan gevra word om die volgende te **visualiseer**:

- wat hy / sy in die kinderjare verloor het;
- die loslating van die verliese terwyl vasgehou word aan Psalm 17:3; Jesaja. 43:2, 44:8; 2 Korintiërs 1:3-5 vir moed, troos en krag;
- Joël 2:25 as ‘n hoopvolle verklaring oor die toekoms, naamlik dat God vir die verlore jare sal vergoed.

#### 6.3.3.2.4 Inkeer en opgee van die negatiewe gevoelens oor die self na aanleiding van onbevredigde behoeftes

Die beradene het hom- of haarself beoordeel om die gevoelens omtrent die self wat na aanleiding van onbevredigde behoeftes ontstaan het, te identifiseer. Daarna is die uitwerking van hierdie negatiewe gevoelens geïnterpreteer, veral die gebruik van kreatiwiteitsbeoefening om die gapings van die onbevredigde behoeftes te vul, sowel as die foutiewe of destruktiewe reaksies en dade teenoor die self, ander en God. Laasgenoemde moet met konstruktiewe, volwasse gedrag vervang word. Die goeie en die minder aangename omtrent die self moet geïntegreer word en onbevredigde behoeftes moet op ‘n ander manier vervul word.

Die beradene kan versoek word om **neer te skryf** watter onvervulde behoeftes God in sy / haar lewe moet vervul en die manier waarop Hy dit moet doen. In ‘n volgende sessie kan hy / sy dit met die berader bespreek, tesame met die implikasies van wat Jesus in Matteus 6:8 en 7:7-8 sê rakende die vervulling van behoeftes, asook Paulus se woorde in 2 Korintiërs 9:8 en Filippense 4:19.

Die beradene se behoefte om te weet wie hy / sy is en waar hy / sy hoort, het ‘n voortdurende soeke na **identiteit** en **behorendheid** laat ontstaan. Daarom moet ‘n nuwe identiteit in Christus gevestig word.

Navonne (1990:21-22) meen selfkennis kom met onkunde ooreen – hoe meer die persoon probeer om hom- of haarself te verstaan, hoe groter word die raaisel omtrent die self. Die outeur glo dat slégs die **Christendom** (vergelyk ook 5.2.3 – heelheid) ten volle die menslike soeke na selfbegrip, selfintegrasie en selfoorgawe kan verduidelik. Die navorser is daarvan oortuig dat die mens se identiteit níe deur sy / haar agtergrond óf ervarings bepaal word nie; betekenis nie op dade baseer is nie en selfbeeld nie afhanklik is van die ouers se negatiewe boodskappe omtrent die self nie. Dit is wél afhanklik van God wat elkeen na sy beeld geskape het (Gen. 1:27), net minder as die engele in die hemel (Ps. 8:6). God weet wie elke mens is want Hy het elkeen gemaak en dít is die identiteit wat die moeite werd is. Anderson & Park (2003:25) stem saam dat die bou van ‘n ware selfbeeld by die betekenis van geskapenheid na God se beeld begin.

Die beradene kan versoek word om die volgende **uit te beeld of te visualiseer**:

- sy / haar identiteit na aanleiding van sy / haar Godgeskapenheid;

- sy / haar kindskap in God (Rom. 8:17; Gal. 4:7; 1 Joh.3:2).

Toe Jesus Christus op aarde was, het Hy dikwels verwerping beleef, maar was daardeur onaangeraak omdat sy identiteit in sy Vader geanker was.

Die beradene kan gevra word om die volgende Skrifwaarhede oor die self in Bylaag H – 1 -3 te **internaliseer**. Daarna kan die beradene versoek word om die volgende te **visualiseer**:

- wat Jesaja 43:4 van hom / haar sê - ‘n “nuwe” persoon met ‘n nuwe identiteit;
- hom / haar vóór en nádat hy / sy ‘n identiteitsverandering in Jesus Christus ondergaan het.

Die beradene kan ook gevra word om die verskil tussen die ou, vleeslike mens en die nuwe geestelike mens in Christus **uit te beeld**.

Vir ‘n persoon wat nie weet waar hy / sy **hoort** nie, nooi Jesus Christus uit: “Kom na my toe almal wat uitgeput en oorlaai is . . .” (Matt.11:28). Die Verlore Seun, as voorbeeld van elke verlore sondaar, is terugverwelkom in die vaderhuis nadat hy afgedwaal het. Vir Navonne (1990:218) behels hierdie “tuiskoms” ‘n herstelde vertikale verhouding van seuns- of dogterskap en ‘n herstelde horisontale verhouding van broeder- of susterskap met ander. In Johannes 14:2-3 belowe Jesus: “In die huis van my vader is daar baie woonplek.....(of spesifiseer Vertaling 1953 of so”. Daar ís dus ‘n veilige plek vir elkeen; ‘n plek by die Hemelse Vader waar hy / sy hoort en eendag welkom sal wees. Jesus Christus het ook belowe dat Hy niemand wat na Hom toe kom sal verwerp nie (Joh.6:37).

Die beradene kan versoek word om die volgende te **visualiseer**:

- Jesus se uitnodiging in Matt. 11:28 om na Hom te kom;
- hoe welkom en tuis hy / sy by die Hemelse Vader voel.

Daarna kan die beradene gevra word om die volgende **uit te beeld:**

- sy / haar gevoel(ens) omtrent die deelwees van God se familie (Rom. 8:16-17 ; Gal. 4:7);
- die kontras tussen onwelkom voel en iewers te hoort.

Die naarstiglike soeke na mense se **aanvaarding en goedkeuring**, maak van die persoon ‘n “applous-verslaafde” – die woorde van Respondent C in 4.7.3 Só ‘n persoon is verheug wanneer hierdie verlange gevul word, maar mismoedig by gebrek daaraan (vergelyk veral

Sexton in 3.4.1.4.). Deur Jesus Christus se kruisdood word elkeen in **liefde** aanvaar as God se geliefde kinders en erfgename (Rom. 8:16-17, Titus 3:5a). In 1 Johannes 3:16 kom die bevestiging van wat liefde is – Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Met 'n nuwe identiteit in verhouding met die Vader, kom ook innerlike aanvaarding sodat vatbaarheid vir uiterlike verwerping verminder word. Wanneer die selffokus omswaai na 'n **God**fokus, is goedkeuring van mense nie meer nodig nie want die liefde van God deur Jesus Christus, is voldoende. Die selfverwerping deur onnodige ontleding van swakhede, tekortkominge en onvermoë verdwyn, en 'n nuwe mens verrys volgens 2 Korintiërs 5:17 (vergelyk 2.7).

Toe Paulus sy ware identiteit ontdek het, het hy nie meer op die vlees, sy prestasies óf kwalifikasies geroem nie. By hom het die aanvaarding en goedkeuring van mense oorbodig geword toe Christus álles vir hom geword het (Fil. 3:8-10). Gód se goedkeuring het die fokus geword in plaas van eie gewin. Paulus het homself ingespan om die hemelse prys te behaal (Fil. 3:14) en aan die einde van sy lewe geweet dat die oorwinnaarskroon vir hom wag (2 Tim 4:8).

Daar kan aan die beradene gevra word om te **visualiseer** hoe sy / haar fokus nou op Jesus Christus gevestig is (Hebr. 12:2). Daarna kan die beradene versoek word om die volgende **uit te beeld**:

- hoe God hom / haar deur sy Seun, Jesus Christus aanváár (Rom. 8:16-17);
- God se onwankelbare liefde vir hom / haar volgens Jesaja 54:10;
- Jesus se beskermende liefde gedurende die lewenstorms deur die gebruik van iets simbolies soos byvoorbeeld 'n gloeilamp / kers.

Die waarheid oor die mens se **waarde** word deur Jesaja 43:4 beklemtoon: "Omdat jy vir my kosbaar is, omdat Ek jou hoog ag en jou liefhet". Dawid verwonder hom oor die feit dat God elkeen alrééds in die moederskoot geken het (Ps. 139:16), 'n waarheid wat Jeremia 1:5 bevestig. Die mens se waarde was só hoog dat 'n duur prys vir sy / haar redding betaal is – die bloed van Jesus Christus (1 Pet. 1:18-19). God vergelyk ook niemand met 'n ander een nie omdat Hy na die hárt en nie na die vóórkoms kyk nie (1 Sam. 16:7) en elkeen is uniek en besonders geskape (Ps.139:15). Wright (2007:65) is daarvan oortuig dat selfwaarde gebaseer is op wat Gód gewillig is om te doen – deur die kruisdood en opstanding. Daarom is selfwaarde wat die persoon is en nie wat hy / sy doen nie. Anderson & Park (2003:67) beklemtoon dat die

mens nie werk met die hoop dát God hom / haar eendag sal liefhê en aanvaar nie, maar ómdat God hom / haar rééds liefhet en aanvaar.

Anderson (1989:99, 101) sê treffend dat die evangelie die **wegroep van die self na Jesus toe** verkondig omdat die self die probleem is en Jesus Christus die oplossing. Verder beklemtoon Anderson dat God se beeld alleenlik deur Goddelike liefde en genade herstel word (104). Dít sal die persoon 'n positiewe selfagting gee wat gevoelens van **selfwaarde** bemagtig en die self sal bevry van die sondige gewoonte om selfvervulling deur selfbevrediging te vind. Die sondige selfgesentreerde selfkern moet deur 'n **Christus**-self, wat in God se genade gegrond is, vervang word. Dán sal *shalom* volg – vrede, gesondheid, heelheid en versoening (vergelyk ook 5.2.3 – heelheid). Vir Anderson is die sleutel tot selfvervulling nie uitwissing van die self nie, maar die hérontdekking van die self as 'n waardevolle voorwerp van God se liefde (142). Met hierdie herstel kan die persoon hom- of haarself seën in plaas van beskuldig, asook God en ander se seëninge ontvang (Rom 7:22).

Crabb (2005:14-15) beaam dat die lof van God, wegdraai van **selfgesentreerdheid** verg. Die mens se agenda is om die wêreld reg te maak sodat hy / sy self "reg" kan wees. Gód se agenda is egter die bymekaar bring van alle dinge in Christus totdat elke knie voor Hom buig. Die navorser wil ook beklemtoon dat die mens God níe op sy / haar eie terme, soos van Gogh, kan volg nie want die mens moet in dieselfde rigting as God beweeg. Crabb (20, 25, 50, 57) bepleit vier dinge wat elkeen moet besef, naamlik dat:

- die mens vir Gód bestaan en nie andersom nie;
- persóónlike vervulling nie die hoogste waarde is nie, maar wel Gód se eer;
- God gevind moet word ter wille van genieting van wie Hý is, in plaas daarvan om Hom te gebruik vir die verkryging van dinge waaraan ménslike waarde geheg word;
- die mens Gód in plaas van ántwoorde moet begeer, om sodoende rus in sy goedheid te ervaar ten spyte van omstandighede.

Die beradene kan gevra word om die volgende **uit te beeld**:

- sy / haar ou waardelose self en daarna die nuwe waardevolle self;
- die kontras tussen die **self**gesentreerde en die **God**gesentreerde self ;

- sy / haar vrugtelose pogings om deur kreatiwiteit waarde te kry deur mense se lof en erkenning;
- die veranderde manier wat hy / sy kreatiwiteit gebruik ter vervulling van 1 Korintiërs 10:31.

Vir diegene met 'n onbevredigde behoefte aan **veiligheid**, sê Dawid dat God die redding is, en dat hy daarom nie vrees nie (Ps. 27:1-3). Gardner (2005:149) noem **vreesloosheid** 'n toestand van **sorg**loosheid en God is sonder kommer, vrees en tekort. Daarom het elkeen wat ín Hom is, ook hierdie eienskappe.

Die woorde "Moenie bang wees nie, Ek is by jou" kom herhaaldelik in die Bybel voor soos in Jesaja 41: 9-10, 13-14. Elkeen kan in God se omringende teenwoordigheid veiligheid ervaar (Ps. 3:1-4; 5:12; 32:10; 34:7; 125:1-2; Sag. 2:4-5).

Die beradene kan versoek word om die volgende te **visualiseer**:

- hom- of haarself as veilig en geborge by God;
- Psalm 144:1-2 – God die rots, krag, skuilplek, redder en beskermer;
- hoe God die gate van onbevredigde behoeftes vol maak met sy uitgietende liefde en seëninge.

#### 6.3.3.2.5 Inkeer en opgee van vals geloofsvoorstellings, negatiewe emosies en selfverydelende gedrag

Valse geloofsvoorstellings oor die self, die gevolglike negatiewe emosies en selfverydelende gedrag is geïdentifiseer, daarna is die volle impak op gedrag geïnterpreteer deur verklaring van die bron van die gelowe. Niemand hoef vasgevang te bly in die siklus van herhaaldelike selfverydelende gedrag nie. Die besef van Gód se beskouing oor elke mens se vermoë, moet hierdie vals gelowe uitwis sodat doelgerigte, positiewe gedrag die selfvernietigende gedrag kan vervang.

Sefanja 3:17 sê dat God oor die mens jubel en juig – asof Hy opgewonde is oor elkeen. Die grootste bemagtigende waarheid lê in die woorde van Paulus in Filippense 4:13 dat elkeen in staat is tot alles deur Christus wat die krag gee. Selfs Dawid het mét God kans gesien vir die onmoontlike (Ps.18:30, 33-34). God bekwaam en gee die vermoëns. Elkeen kán omdat God hom / haar laat slaag. Daarom is sukses afhanklik van sý hulp, inspirasie, bystand en krag, verál met betrekking tot kreatiwiteitsbeoefening.

Die beradene kan gevra word om die ouer(s) se opinie oor hom / haar te hersien (vergelyk Bylaag C – 1a), dit te toets aan feite oor die self, met ander woorde daaroor te redeneer met die rasionele brein en daarna hierdie feitelike waarheid in die oop spasie onder die ouer se opinie in te vul (gebruik Bylaag C – 1b).

Die beradene kan versoek word om die volgende te **visualiseer**:

- sy / haar reaksie op Sef. 3:17 met betrekking tot selfvertroue deur God se dink van hom / haar;
- wat hy / sy met God se krag kan vermag (Ps.18:30, 33-34).

Die beradene kan daarna gevra word om die teenstelling **uit te beeld** tussen die mens wat volgens die vals geloofsvoorstellings gelewe het en die nuwe bemagtigde mens.

Ook die volgende kan van die beradene gevra word: om op te hou om die uitsprake omtrent die self vanuit die kinderjare te glo; die vals gelowe deur God se Woord te bestraf en volgens die Skrifwaarhede te leef. Daarna kan die beradene versoek word om die 20 "Ek kan's" van sukses met verwysing na Bylaag C – 2 te bekyk, te bedink, en mettertyd hierdie bemagtigende Skrifwaarhede te memoriseer. Sodoende gaan die Skrifwaarhede **internaliseer** word en toepaslik gebruik word wanneer 'n spesifieke behoefte aan bemagtiging bestaan.

#### 6.3.3.3 Kognitiewe of denkvlak

##### 6.3.3.3.1 Inkeer en opgee van die verwronge / verkeerde persepsies van God

Elke verkeerde opvatting van God wat in Bylaag D – 1a geïdentifiseer is, moet verander en vervang word met 'n nuwe beeld van God. Om te glo en te vertrou dat God wonde kan genees is moeilik wanneer ouers 'n swak model van sy liefde, geduld, genade en vergifnis was. 'n Ommekeer sal moet kom in die beradene se Godspersepsie, verál met betrekking tot die kontras tussen God se karaktereienskappe en díe van die ouer(s). God is die model (1 Joh. 4:16) en Hy is volmaak en onsterflik terwyl ouers net die teenoorgestelde is. Daarom demonstreer húlle gedrag níe God se aard nie en moet sy karakter geskei word van mense se mislukkings. Ouers wás verkeerd en hét daarin gefaal om God se liefde en karakter te vertoon, maar hulle moet van oordeel en onvergewensgesindheid losgelaat word sodat God se ware aard ontdek kan word. Laat God se **krag** eerder ouers se swakhede in die skadu stel. Die Heilige Gees moet die waarheid oor God deur die Woord oordra en inskerp.

Die beradene kan gevra word om God se eienskappe in Bylaag D - 2, asook wat Hy gee in D -3, te bestudeer en te **internaliseer**, en daarna die persepsies oor God wat geïdentifiseer is, in die oop spasie onder die verkeerde persepsie te verander (vergelyk Bylaag D – 1b).

Die volgende **aktiwiteit** kan aan die beradene toevertrou word:

- gebruik twee kolomme en maak 'n lys van die aardse vader se negatiewe eienskappe. Skryf langsaan 'n teks wat God se teenstellende eienskap bevestig (vergelyk Bylaag D – 2);
- gebruik weer twee kolomme en maak 'n lys van wat nie van die aardse ouer(s) ontvang is nie. Skryf dan langsaan wat God gee (vergelyk Bylaag D - 3 )) en hoe Hy in die onbevredigde behoefte(s) kan voorsien.

Omdat die ouer-kind verhouding versteur is, moet die persoon God leer ken as 'n **sorgsame, liefdevolle Vader**. Paulus praat in Romeine 8:15 en Galasiërs 4:6 van Abba (Pappa) om die intieme God-kind verhouding uit te druk. God is 'n model vader, sonder gelyke (vergelyk Bylaag I – 1, asook Bylaag I – 2 om te sien hoe Hy almal se Vader geword het) God is ook soos 'n moeder wat rus en tevredenheid gee (Ps.131:2), vertroos (Jes. 66:13 – 1953-vertaling), asook teer, beskermend en versorgend is (Deut. 32:11, Matt.23:37 en Luk. 13:34).

Die beradene kan gevra word om die volgende **uit te beeld**:

- 'n paar van God se vaderlike eienskappe wat vir hom / haar die kosbaarste is;
- God se moederlike eienskappe.

Geloof in God se **almag** moet opgebou word, naamlik dat Hy die onmoontlike kan doen, anders sal die persoon ook geen vertroue in sy genesingskrag hê nie. In Abraham se lewe is God se belofte in Genesis 18:14 om die onmoontlike te doen, nagekom en in Jeremia 32:17, asook Matteus 19:26 word 'n retoriese vraag gevra asof géén twyfel omtrent sy almag bestaan nie. Paulus stel dit treffend in Efesiërs 3:20, naamlik dat Hy magtig is om oneindig meer te doen as wat die mens bid of dink.

Smith (2005:86) verwys op 'n treffende manier na die Pottebakker as beeld van God se **genesing**. Hy sê die mens bring die gebreekte stukke of die gemors van sy / haar lewe na God, die groot Pottebakker, wat dit omvorm tot 'n bruikbare voorwerp. Jesaja 29:16 en 45:9, asook Jeremia 18:6 noem die Pottebakker wat die klei vorm na sy goeddunke.

Daar kan van die beradene versoek word om te **visualiseer** hoe sy / haar gebroke lewe na God, die Hemelse Pottebakker, geneem word vir heling en omvorming.

Die persoon moet 'n begrip van die grootheid van God se **liefde** verkry sodat Hy beminlik word en hom / haar na 'n liefdevolle mens kan omskep (vergelyk Bylaag I - 3 vir God se liefde).

Die beradene kan gevra word om 'n paar aspekte van God se liefde wat vir hom / haar die meeste beteken te **visualiseer** óf om God se allesomvattende liefde **uit te beeld**.

Die besef dat Jesus Christus, die Seun van God, met die mens kan identifiseer, kan vir die persoon van groot troos wees. Deur sy wonde het die mens se pyn ook sýne geword (Hebr. 4:15). Jesus verstaan wonde, seer en pyn want Hy het dit sélf nie vrygespring nie (Jes. 53:3, 10). In sy aardse lewe het Hy óók onder verwerping deurgeloop (Jes.53:3; Mark. 6:1-3) en aan die kruis die érgste verwerping ervaar toe God, sy Hemelse Vader, Hóm verlaat het (Matt. 27:46).

Die berader kan die beradene vra **om mondelings** te probeer beskryf hoe die besef van Jesus se begrip van en identifisering met sy / haar seer van verwerping, hom / haar impakteer

Dit is ook belangrik dat **vertroue** in God opgebou en gevestig word. In Deuteronomium 31: 6, 8 belowe God: "Moenie bang wees nie,.....die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie...". Jesaja 33:16 sê Hy is die Een op wie jy jou lewe lank kan vertrou. In 2 Timoteus 4:16-17 noem Paulus hoe almal hom in die steek gelaat het, maar God het hom bygestaan en krag gegee. Hebreërs 13:5 eggo die belofte in Deuteronomium, naamlik dat God nooit iemand in die steek sal laat nie. Crabb (2005:57) beklemtoon dat vertroue in God, die vrees vir alleenheid in 'n onbetroubare wêreld verwyder, asook die woede teenoor God omdat Hy niks gedoen het ter beskerming van die seerkry nie. Deur vertroue in en gehoorsaamheid aan God lewe die mens in harmonie met Hom (Anderson & Park, 2003:113).

Die beradene kan gevra word om een van die genoemde tekste met betrekking tot God se ewige trou **uit te beeld**.

Ten slotte praat Eckman (2008:9) van vier ervaringe met God wat lewensveranderend is, naamlik:

- om 'n **nuwe en ander** Vader te hê gee 'n duidelike bewussyn dat jy 'n Abba-Vader in die hemel het en nie verwaarloos, verag óf verlaat is nie;

- die Vader se **liefde vir en behae in jou** gee die wete van die genot en vreugde wat Hy in jou vind;
- die Vader se **perspektief op jou** laat jou besef dat sý siening van jou ánders is as jou eie;
- die Vader se **evaluasie van jou** gee die oortuiging dat wíe jy is vir Hom belangriker is as wat jy dóén.

Die beradene kan versoek word om die volgende te **visualiseer**:

- die ou en nuwe beeld wat hy /sy van God ontvang het met die klem op die algehele teenstelling tussen die twee;
- sy / haar nuwe persepsie van God met klem op die impak en verandering wat dit in sy / haar lewe en kreatiwiteitsbeoefening teweeggebring het;
- hoe God agter hom / haar staan terwyl gewerk word om te inspireer en te bemagtig;
- hoe opgewonde God is oor sy / haar vordering met 'n kunswerk en sy angstige wag op die voltooiing daarvan.

Die beradene het ook 'n belangrike aandeel daarin om beter te lewe en te groei in sy / haar nuwe verhouding met God (vergelyk Bylaag J). Verantwoordelikheid moet geneem word om daagliks nader aan God te beweeg en in sy genade te groei.

#### 6.3.3.3.2 Inkeer en opgee van die negatiewe denke oor die self en negatiewe selfspraak

Die beradene het negatiewe denke en negatiewe selfspraak in die studie geïdentifiseer (vergelyk Bylaag E – 1a en E – 2). Daarna is hierdie denke geïnterpreteer deur die vasstelling van die oorsprong, naamlik die ouer(s) se voortdurende negatiewe boodskappe aan die kind omtrent hom- of haarself.

Omdat die oorsaak van negatiewe gevoelens en optrede in die verstand lê, het Paulus in Romeine 12:2 almal aangeraai om God toe te laat om hulle **denke** te vernuwe. Dit is belangrik om by Hom te leer om nuwe gedagtes, waarmee God tevrede sal wees, te dink (Fil.4:8, Kol.3:2). Elke gedagte moet ook vasgegryp en onder sy beheer gebring word (2 Kor. 10:5). Gedagtig aan alles wat God van elke mens dink, moet die persoon sy / haar nuwe identiteit in Christus, daagliks aangryp en internaliseer (vergelyk Bylaag H – 1-3).

Ohlschlager en Scalise (2000:21) betreur dit dat ‘n persoon kan lewe volgens wat hy / sy gló – ‘n stelsel van leuens wat oor hom / haar vertel is óf gedurig te kenne gegee is. Verkeerde, verwronge gedagtes en geloofsvoorstellings bemiddel verkeerde reaksies deur negatiewe selfspraak.

Die navorser wil beklemtoon dat God se waarheid die valshede moet vervang sodat sy **liefde en waarheid** die hart kan beheer in plaas van sondige of verwronge denkpatrone. Hiermee stem Wilson (2003:56) saam wanneer hy byvoeg dat God se Woord verlig en as waarheid aangeneem moet word. Hebreërs 4:12 toon dat God se Woord kragtig is wanneer dit gebruik word om heling te bewerkstellig.

Wright (2007:35) wys daarop dat **waarheid** van God kom en dat die Hebreeuse woord vir waarheid *emet*, van dieselfde woord as *amen* spruit. Die outeur meen dat God orde en vrede en heelheid bring wanneer Hy praat (Ps. 33:6). Daarom herstel waarheid die orde en dus vrede met God *shalom* – ‘n toestand van heelheid (vergelyk ook 5. 2.3).

Gardner (2007:41) beskou die waarheid as die teenwoordigheid van die stem van Jesus Christus. In sý teenwoordigheid word die herstel van intimiteit met God, die bron van genesing, herstel. Gardner is daarvan oortuig dat God níe begeer dat ‘n persoon moet lewe onder die mag van “giftige videobande” wat in die hede in sy / haar kop of emosies afspeel nie (51, 55). Die vurigheid van God se waarheid vernietig die valshede wat die persoon omtrent hom- of haarself geglo het en waardeur hy / sy beheer is.

Die navorser reken dat die verstand vól van Christus moet wees; ‘n wyse, begrypende verstand, gerig op een ding – Christus (Ef. 4:24). Volgens Kolossense 3:10 is die doel van die nuwe self Godgelykheid deur die krag van die Heilige Gees en suiwering van die verstand met die Woord. In God se oë tel die werkinge van die verstand dieselfde gewig as gedrag. Die woord “hart” in Spreuke 23:12 (Ou vertaling noem) sal hedendaags as “verstand” vertolk word. In die Nuwe Testament gebruik Jesus Christus die woord met dieselfde betekenis (Matt. 9:4).

Die volgende **aktiwiteit** kan aan die beradene toevertrou word: kyk na die negatiewe denke oor die self na aanleiding van ouer(s) se boodskappe aan die self in die kinderjare, (vergelyk E – 1a), beskou hierdie verwronge gedagte as ‘n volwassene en redeneer rasioneel daaroor, met ander woorde bedink dit feitelik en vul dan ‘n nuwe waarheid oor die self in die oop spasie onder die ouer(s) se boodskap in (gebruik weer Bylaag E – 1a om E – 1b te voltooi).

Daarna kan die beradene gevra word om iets van God se waarheid oor hom / haar te **visualiseer**, asook hoe God vrymaak van die vals / negatiewe denke oor die self.

Die volgende **aktiwiteit** kan aan die beradene toevertrou word: kyk na die negatiewe selfspraak wat in die verstaan-fase van die pastorale proses geïdentifiseer is (vergelyk Bylaag E – 2) en verander die negatiewe selfspraak telkens deur die denke oor die aktiveerder te verander, en daarna die gevolglike emosie en optrede (vergelyk Bylaag E – 3).

Die beradene kan daarna gevra word om die volgende te **visualiseer**:

- iets van God se waarheid oor hom / haar;
- hoe God hom / haar bevry of losmaak van die vals / negatiewe denke oor die self.

#### 6.3.3.4 Gedragsvlak

##### 6.3.3.4.1 Inkeer en opgee van verkeerde gedragspatrone in verhoudings

Die beradene het in die verstaan-fase van die pastorale proses geïdentifiseer watter gedragspatrone ontwikkel het in reaksie op onbevredigde behoeftes (vergelyk Bylaag F – 1). Daarna is die rede of bron van hierdie gedragspatrone geïnterpreteer, asook die uitwerking op verhoudings.

Wright (2007:67) betreur dit dat gebonde mense núwe tronke skep deur hulle reaksies en optrede na aanleiding van pyn. Die outeur reken dat 'n gewilligheid moet bestaan om te groei in God se liefdestaal (89). Ochlschlager en Scalise (2007:21) voeg by dat mense dikwels voortgaan met die nadelige gewoontepatrone van **veg** (soos aanval), **vrees** (soos selfbeskermingsmure) en **vlug** (soos ontvlugting en ontkenning) in plaas daarvan om tot 'n Goddelike oplossing te kom. Die outeurs raai aan dat die persoon tot God moet roep vir bemagtiging om die drie V's te rekonstrueer en omvorm. Die Heilige Gees moet ook uitgenooi word om die persoon te leer om:

- die gewoontepatrone te gebruik om teen Satan, die wáre vyand, te **veg**, in plaas van God en die geliefdes;
- in die arms van die Verlosser, Jesus Christus, in te **vlug**, in plaas daarvan om na drank of dwelms, werk of kos, te gryp;

- God te **vrees** deur erkenning van sy majesteit, soewereiniteit en aanvaarding, asook belydenis van die vrees – ook vrees vir verwerping. Sodoende kan vanuit Gód se sterkte opgetree word.

Die beradene kan gevra word om die volgende **uit te beeld**:

- hoe hy / sy voorheen geveg, gevlug of gevrees het;
- hoe hy / sy die beheer van sy / haar lewe aan God oorgee vir bemagtiging om die verkeerde gedrag te verander.

**Berou** oor verkeerde optrede teenoor geliefdes, is pynlik, maar nodig vir die bewerkstelliging van verandering. Volgens Paulus bring Godvresende hartseer berou (2 Kor. 7:8-10). Mac Donald (1988:156-157) beweer dat berou, geïnisieer deur die Heilige Gees, 'n gawe is wat **insig** gee in gebrokenheid en 'n **bewustheid** dat iets moet verander. Dit is óók 'n gawe omdat 'n persoon van die "gebroke rigtings" van die wêreld kan wégdraai en 'n nuwe wêreld kan opbou. Evans en Billington (1994:186) voeg by dat berou die oë oopmaak vir **sonde** en **destruktiewe gedrag**, asook **nederigheid** produseer in plaas van selfbeskermende trots.

Pieterse (2006:139) toon aan dat die beradene juis die **sondigheid** van ouerverwerping moet besef omdat dit aanleiding gee tot vérdere sonde teenoor:

- **die self** – veragting , verkleinering of haat van die self benadeel potensiaal;
- **ander** – verkeerde reaksies en optredes beïnvloed verhoudings negatief;
- **God** – afkraking van die self as minderwaardig terwyl hy / sy God se skepsel is, skaad die self én die Godsverhouding.

In hierdie verband kan die beradene gevra word om sy / haar berou oor sondige optrede en gewoontes teenoor ander, die self en God in die vorm van 'n gebed **uit te beeld en te verwoord**.

Gedragsverandering begin by gedagtebeheer en word voorgesit deur die bestuur van emosies – altwee onder beheer van die Heilige Gees (vergelyk Bylaag F – 2 vir stappe tot gedragsverandering, asook die gespreksituasie ná identifisering van onbevredigde behoeftes (vergelyk F – 3).

Die beradene het in die verstaan-fase van die pastorale proses vyf gedragspatrone geïdentifiseer, naamlik: isolering, aggressie, indirekte aanval, self-medikasie en verbale defensiwiteit (vergelyk Bylaag F – 1).

**Isolering** (wegsteek of opkrop van emosies en voorgee) bevorder nie verhoudings nie. Die persoon moet ophou om gevoelens weg te steek of op te krop en waag om gevoelens te wys of uit te druk, ook in kreatiwiteit, eerder as om ‘n uitbarsting te veroorsaak. Groei tot heelheid kan nie begin terwyl selfbedrog óf selfbeskerming bestaan nie. Daarom moet die persoon hom- of haarself wees sonder die voorgee-masker. In Wright (2007:19) se opinie is die self die mens se grootste vyand wat hom / haar in gebondenheid opgesluit hou en in die pad van eie heling staan. Ochs (1994:10) benadruk ook dat die áflegging van die valse self die persoon se visie belig, en hom / haar ‘n óóp begrip van die werklikheid gee. Daarom bepleit Crabb (2007:12, 36) géén voorgee, want die bewussyn van God se diepe liefde wat die persoon se siel binnedring moet die persoon laat besef dat God iemand kan liefhê soos hy / sy is - nog sondig, selfgesentreerd en vol selfbedrog en selfgeregtigheid. White (2006:112) sê dat sy vir ‘n lang tyd ‘n rol gespeel het en ‘n masker gedra het totdat sy besef het dat God met háár wou werk, die ware Paula wou ken, skynheiligheid verafsku en haar wou genees. ‘n Gedurige voorgee van “goedgaan” verhinder die moontlike hulp, ondersteuning, bemoediging en / of troos wat die persoon dalk van ander mense kan ontvang. Veral geliefdes wil die persoon se innerlike leer ken.

In hierdie verband kan die beradene gevra word om die volgende **uit te beeld**:

- hoe hy / sy die masker(s) van voorgee afstroop en te voorskyn kom in die gedaante van God se spesiale, unieke kind;
- hoe hy / sy die prop op die bottel vol opgekropte emosies afhaal en daaroor praat.

**Aggressie of aanval** in watter gedaante ook al, stoot mense af en maak seer sodat gesonde verhoudings gestuit word (vergelyk die raad vir veg wat voorheen bespreek is). Gebruik die strategie vir gedragsverandering (vergelyk Bylaag F – 2 en 3 ).

Die beradene kan versoek word om die volgende te **visualiseer**:

- die mens wat hy / sy voorheen was wat God en geliefdes beveg het;
- hoe hy / sy nou teen Sátan veg in plaas van teen die verkéérde mense en die veranderde uitwerking wat dit op verhoudings het.

**Indirekte aanval** (afsydigheid, onttrekking of stilstuipe) in plaas van konfrontering van die situasie, vervreem mense en is nie ‘n oplossing vir konflik of moeilike situasies nie. Die strategie vir gedragsverandering moet gebruik word (vergelyk Bylaag F – 2).

**Self-medikasie** (dwelms of alkohol, kos of kompulsiewe werk) vermy die situasie en die probleem tydelik, maar veroorsaak méér probleme in plaas daarvan om ‘n oplossing te bring (vergelyk die raad vir vlug wat voorheen bespreek is). God gee die krag en vermoë om die moeilike situasie of probleem te konfronteer en te hanteer.

Die beradene kan gevra word om die volgende **uit te beeld**:

- hy / sy as die vlugtende figuur wat net nooit tot ruste kom nie;
- hy / sy wat in God se arms invlug en die uitwerking daarvan op die self..

**Verbale defensiwiteit** - verontskuldiging en verskonings in reaksie op kritiek op die self en / of die kreatiwiteit, laat die sensitiwiteit vir verwerping voorbestaan en selfs verskerp. Daarom moet dit op ‘n ander manier hanteer word. Beoordeel die kritiek rasioneel en besluit wat geregverdig is en wat dalk ten goede gebruik kan word, maar hanteer onregverdige kritiek met die wete van die nuwe identiteit in Christus. Die gevoeligheid kan losgelaat word, terwyl die selfwaarde en mag behou word deur ‘n nie-defensiewe reaksie op kritiek, soos byvoorbeeld: “O, ek sien” , “ek sal daaroor dink”, “alles reg, as dit jou opinie is “ óf “jy het die reg op jou mening en ek op myne”. Sodoende word konflik ook voorkom.

Die beradene kan versoek word om te **visualiseer** hoe hy / sy sterk staan teen die aanslae van kritiek met ‘n Goddelike pantser – sý liefde, aanvaarding en goedkeuring.

Die beradene kan daarna gevra word om meer dikwels op ander se behoeftes te fokus, veral díe van geliefdes en aan maniere te dink om húlle behoeftes te vervul. God sal sy / haar behoeftes vervul want Hy weet wat hy / sy benodig (Jes. 58:11; Fil. 4:19). Baker (2007:141) stel voor dat die persoon daarop moet fokus om goed te **doen** in plaas daarvan om goed te **voel**. God moet die middelpunt van die persoon se lewe word want dan sal Hý die drie basiese behoeftes na liefde en aanvaarding (behorendheid), waarde en veiligheid bevredig. As God die sieledors les (Joh. 4:13-14) en ál die emosionele gapings / leemtes vul, sal die persoon van sy liefde oorloop (Joh. 8 :37-38) om die naaste te dien en te bemin in plaas daarvan om mense te benodig.

Die opdrag kan gegee word dat die beradene na aanleiding van die riglyne ter verandering van verkeerde gedrag (vergelyk Bylaag F – 2 en 3), in die oop spasie 'n veranderde gedrag moet invul (vergelyk Bylaag F – 4).

**6.3.3.4.2 Inkeer en opgee van verkeerde gedragstrategieë ter hantering van die ouerverwerping**

Die beradene het in die verstaan-fase van die pastorale proses ses verkeerde strategieë geïdentifiseer om die ouerverwerping in die kinderjare veral deur kreatiwiteitsbeoefening, te hanteer (vergelyk Bylaag G – 1). Daarna is die voorkoms, redes en doel van die gebruik van hierdie strategieë, asook die effektiwiteit daarvan, geïnterpreteer en verklaar. Al hierdie gedragstrategieë, wat dui op die persoon se manier om sélf die lewe te beheer, moet nou met effektiewe, konstruktiewe optrede vervang word sodat die ouerverwerping met God se hulp anders hanteer kan word.

Die beradene kan gevra word om te **visualiseer** hoe hy / sy sélf sy of haar lewe probeer beheer het en die uitwerking wat dit gehad het of nog altyd het.

**Perfeksionisme** verhinder eerder as om te help (vergelyk Respondent A in 4.7.1 en C in 4.7.3). Hayward (2007:88) sê dit versmoor eerder as om lewe in die self en ander te blaas.

Met 'n Goddelike rustigheid en tevredenheid, gebaseer op Gód se aanvaarding en goedkeuring, is die drywende / dringende kompulsie om iets perfek te doen, onnodig. Nét God is volmaak en Hy verwag slegs dat sy kinders hulle talente en gawes na die beste van hul vermoëns sal gebruik – tot sý eer en verheerliking.

Die beradene kan versoek word om die negatiewe uitwerking van perfeksionisme op die self (indien van toepassing) **neer te skryf** en daarna te **visualiseer** hoe hy / sy bevry is van die drang na volmaaktheid om beter oor die self te voel omdat die wete gekom het van waardevolheid vir God – ten spyte van dade of prestasies..

Navonne (1990:39) beklemtoon dat die betekenis van waarheid, goedheid, geluk en lewe waarna die mensdom strewe, nét in Jesus Christus duidelik word en in elke mens se lewenstorie beantwoord word. Wright (2007:60, 62) kan nie verstaan waarom mense die vryheid wat hulle begeer, nie by **God**, die Skepper soek nie. In plaas daarvan maak hulle gebruik van nagemaakte, wêreldse hanterings-, onvlugtings- of ontsnappingsmiddels, soos fantasie, verslawing aan werk, lof van mense, prestasie óf sukses.

Baie van die kreatiewe indiwidue en Hoofstuk 3 was verslaaf aan werk (vergelyk veral Plath, Mansfield en Sexton in 3.4.1.2 - 3.4.1.4, asook Lowell en Picasso in 3.4.2.4 en 3.4.3.2 en Respondent C in 4.7.3); Sexton was óók verslaaf aan pille en Plath, maar veral Lowell, het alkohol misbruik terwyl Marais (3.4.2.1) aan morfien verslaaf was. Vir almal was hierdie verslawing ‘n ontsnapping van die werklikheid óf die pyn. Smith (2007:188-189) stel dit treffend, naamlik dat enige verslawing **sielsbevrediging** belowe, maar dit nooit doen nie. Die siel sal ontevrede bly met alle plaasvervangers vir God omdat vryheid in Christus nie bestaan nie (Mark.1:15). Ganz (2002:10, 15) bevestig dat ware vryheid elke keer verwesenlik word wanneer ‘n gelowige probeer om in teenstelling met selfbelang te kies wat God sal verheerlik.

Die outeur beklemtoon dat Bybelse vryheid altyd in kontras met gebondenheid uitgespreek word; dit is altyd vryheid **van** iets en vryheid **vir** iets anders (Gal. 5:1) – bevry van sonde maar slawe van geregtigheid én vir God (Rom. 6:18, 22). Bybelse vryheid is dus verslawing van ‘n **nuwe** en **goeie** soort wat op heiligheid en lewe uitloop in plaas op verslawing aan sonde en die self wat vernietigend is. Loskom van verslawing eis egter die lewe terug sodat die persoon volgens God se wil kan lewe. Daarom beklemtoon Navonne (1990:199) dat vryheid van hart en verstand beteken om nie gebonde te wees aan iets wat níe deur die Heilige Gees geïnspireer is nie. Soeke na hierdie vryheid is die soeke na die wáre lewensverhoudinge.

Vir hierdie doeleindes kan die beradene gevra word om **uit te beeld** hoe hy / sy wegbreek van die gebondenheid van enige verslawing in sy / haar lewe en soos ‘n vlinder uit die kokon vlieg omdat hy / sy vry is om volgens die nuwe identiteit in Christus te lewe.

**Selfbesering**

Omdat selfbesering volgens Welch (2004:26) altyd privaatheid verkies, moet God se pad van lig en openheid gevolg word. Die persoon kan met iemand wat vertrou word praat, sodat moontlike hulp verleen kan word. Alternatiewe maniere moet gevind word om emosies te ontlaai en om die stresvolle situasies te hanteer. Selfbesering volg ‘n patroon en daarom kan die situasies, tye en plekke wanneer die persoon kwesbaar is, antisipeer word sodat die alternatiewe planne waaroor vooraf besluit is, dadelik in werking gestel kan word.

Die beradene kan versoek word (indien dit op hom / haar van toepassing is) om die volgende te **visualiseer**:

- hoe hy / sy emosies “uitskree” as ‘n aanduiding van krete vir hulp;

- hoe hy / sy God se lig op die stres en of probleem laat val.

**Selfbeskermingsmuur**

Deur die gevoel van veiligheid in God se liefde en aanvaarding, kan die persoon die selfbeskermingsmuur afbreek sodat mense “ingelaat” word in die nuutgevonde self.

Die beradene kan in hierdie verband versoek word om **uit te beeld** hoe hy / sy die mure van selfbeskerming om die self afbreek en tot mense toetree omdat veiligheid en geborgenheid nou in God se liefde gevoel word.

**Goedkeuring en erkenning van mense**

Baie van die kreatiewe indiwidue in 3.4 het die ouerverwerping probeer hanteer deur die najaag van mense se lof, erkenning en sukses of prestasie omdat dit die onbevredigde behoefte aan selfwaarde vervul het. Respondent B in 4.7.2, maar veral C in 4.7.3, het hierdie strategie gebruik. Ochs (1994:89) meen die beradene moet insien dat baie van die soeke na die goedkeuring en erkenning van mense, wat nie as standaard kan dien nie, ‘n vermorsing van tyd was. Die inspanning van energie om **sukses** te behaal, was ook dikwels op skyn, in plaas van op realiteit, gebaseer. Gardner (2007:30) se slotsom is dat die wêreld wérk om aanvaarding te kry, maar diegene ín Christus kry juis aanvaarding as gevolg van hulle aanvaarding in Hóm. Die navorser wil ook verwys na Efesiërs 1:4 wat aandui dat almal aanvaar is – soos ouers kies om vrywillig ‘n aangenome kind te bemin, só kies God uit vrye wil, om elkeen lief te hê (vergelyk ook 6.3.3.2.4 - identiteit, geborgenheid, waarde en veiligheid in Christus).

Die beradene kan gevra word om die volgende te **visualiseer**:

- hoe hy / sy tevergeefs soek na rus, vrede en geluk deur die najaag van mense se erkenning, goedkeuring en erkenning;
- hoe hy / sy óók soek na waarde deur sukses en prestasie, maar leeg bly;
- die veranderde soeke na God se koninkryk.

Die beradene kan daarna versoek word om die volgende **uit te beeld**: die kontras tussen hom / haar as tevergeefs-soekende mens en die een wat eerstens rus in God gevind het en tweedens vreugde vind in die soeke na God se koninkryk.

**Ontvlugting** van die werklikheid deur fantasie of fiksie in kreatiwiteit, probeer 'n mooier of beter wêreld optower, maar skep groter ellende want die bagasie van die verlede bly vassteek; die pyn bly knaag; en verwronge verhoudings bly onopgelos. Ochs (1994:101) voer aan dat die werklikheid moet verander en 'n núwe een moet opgebou word. Die outeur sê dat die verlede in die hede effektief word wanneer die herinneringe van die verlede opgeëis word, met betrekking tot alle kwesbaarheid, woede, naamlose vrese én kreatiwiteit wat gebruik is om die hantering van beproewings te omseil. Crabb (2007:36) konstateer dat 'n Bybelse verandering konfrontasie van die presiese werklikheid benodig - met al die vrese, seer, gekrenkthede en selfbeskermingsmotiewe. Die outeur glo dat die mens júís God leer ken te midde van die verwarrende werklikheid. Navonne (1990:127-128) spreek 'n waarheid uit, naamlik dat Jesus Christus vir die persoon 'n **nuwe, unieke** manier gee om in die wêreld te wees, en laasgenoemde, asook die self, ánders te ervaar. Jesus verpersoonlik 'n nuwe visie en 'n nuwe bewussyn van die werklikheid, sowel as 'n nuwe manier van verbinding daarmee.

Vir Jacobs (1988:79) is Christenskap níe 'n ontsnapping van die hardheid van die wêreld nie. **Godsdienstige beeldrykheid** het 'n positiewe kwaliteit – dit help aanpassing by die harde werklikheid. Dikwels verrys angste vanuit die leegheid en verlies aan betekenis wat soms die bewustheid van die werklikheid vergesel, maar sáám met God kan alle kreatiewe indiwidue egter die werklikheid en alle angste konfronteer. Metafore en / of hulle verbeelding kan **Godgerig** op verskillende maniere deur hulle kunsmedium gebruik word om tot genesing te kom. Wegkruip in verhale of enige bedekking, sal volgens Jacobs onnodig wees wanneer die self in God se storie geplaas word en begrip oopbreek.

Die beradene kan versoek word om die volgende **uit te beeld**:

- hoe hy / sy vreesloos tot die werklikheid toetree omdat dit nou anders lyk wanneer dit deur die lense van Christus bekyk word;
- hoe hy / sy wegdraai van fantasie en saam met God die angste en pyn van die werklikheid aandurf.

Die beradene kan deur die gebruik van Bylaag G -2 die gedragstrategieë wat in Bylaag G – 1 geïdentifiseer is, verander.

Die beradene kan versoek word om in die vorm van 'n gebed die volgende **uit te beeld**: sy of haar besluit om God die Koning van sy / haar lewe te maak en die beheer van sy / haar lewe

aan Hom oor te gee met betrekking tot die seer van die verlede, mense, verhoudings, en alle situasies, asook probleme in die hede.

#### 6.3.3.4.3 Inkeer en opgee van die herhaaldelike gebruik van sekere temas in die beoefening van die kreatiwiteit

Die temas wat in die kreatiwiteitsbeoefening herhaaldelik gebruik is, is in die verstaan-fase van die pastorale proses geïdentifiseer. Daarna is die redes daarvoor geïnterpreteer en verklaar. Die onopgeloste kwessies óf die onverwerkte, worstelende gevoelens is in die eerste twee vlakke deur God se hulp gekonfronteer en uitgesorteer. Nou kan dit finaal afgelê word.

Met die besef van God se vaderlike eienskappe (vergelyk Bylaag I - 1, asook Bylaag I – 2 en 3), kan **God as Vader** aanvaar word en die voortdurende soeke na 'n vaderfiguur in die temas van die persoon se kreatiwiteitsbeoefening kan beëindig word (Jes. 64:8).

Die beradene kan gevra word om sy / haar nuwe beeld van God die Vader te **visualiseer** en hoe dit die honger na 'n vaderfiguur stil.

Die aanvaarding van 'n **identiteit** en **geborgenheid** in Christus kan die voortdurende soeke na die self en waar hy / sy hoort, tot 'n einde laat kom.

Die beradene kan gevra word om **mondelings te beskryf** hoe hy / sy nou oor die nuwe identiteit in Christus voel, naamlik die besit van 'n nuwe naam en die besef van behorendheid, asook geliefdheid.

Die internalisering van God se eienskappe (vergelyk Bylaag D – 2 en 3) en die nuwe beskouing van God, bring 'n einde aan die **worsteling met God en bakleiery teen hom**.

Die beradene kan ten opsigte hiervan versoek word om die kontras tussen die veg teen God God en die rus wat in Hom gevind is, **uit te beeld**.

Die beheptheid met die **gebeure** in die kinderjare én die **pyn verbonde aan sekere geleenthede** moet finaal losgelaat word deur die keuse om toe te laat dat die genesende bloed van Jesus Christus oor al die seermakende herinneringe en pyn spoel.

Die beradene kan gevra word om juigend **uit te beeld** hoe Jesus Christus se bloed die pyn van die verlede uitwis en genesing bring.

Die aanhoudende **uitdrukking van hartseer** was sonder die besef dat dit eintlik die gevolg is van die leemtes wat die verliese in die kinderjare gelaat het. Omdat treur en rou daaroor plaasgevind het en God se liefde, belofte van voorsiening en sy teenwoordigheid, die gate gevul het, kan dit aanvaar word sodat die persoon tot berusting kan kom (vergelyk Bylaag I – 3 met betrekking tot God se liefde).

Die beradene kan versoek word om te **visualiseer** hoe God al die leemtes van die verliese wat in die kinderjare gely is, vul.

Die **fiksasie met 'n persoon / persone** in die kinderjare, asook sy / haar negatiewe optrede, moet voor Jesus se voete neergesit word sodat die woede deur vergifnis uitgewis word. Mense van die verlede kan nie voortgaan om seer te maak nie, tensy hy / sy aan die pyn vasklou as gevolg van onvergewensgesindheid. Volgens Augustine (2005:64,67,87) beëindig vergifnis juis die afwaartse spiraal van woede en bitterheid. Die outeur beklemtoon dat vergifnis die manier waarop die persoon onthou word, verander. Dit stel hom / haar in staat om die pyn geassosieer met die persoon, óók te laat vaar in plaas daarvan om dit herhaaldelik te hersien.

**Vergifnis:**

- is 'n Bybelse opdrag (Matt. 5:23-24, 43-48; Matt. 6:12; Luk.6:27-28). Jesus Christus het vir almal die voorbeeld gestel toe Hy sy oortreders vergewe het (Luk. 23:34; Rom. 12:19-20);.
- is reddende genade wat die destruktiewe weg van wraak voorkom;
- is 'n wilsbesluit – 'n persoon kies om te vergewe, moet dit begeer en God se hulp en genade vra om dit te kan doen;
- moet in 'n gebroke verhouding losgelaat word anders sal die seer in huidige en toekomstige verhoudings invloei en vrede dwarsboom;
- bevry die slagoffer om van God te ontvang wat Hy vir hom / haar in gedagte het deurdat die oortreder vergewe word;
- bevry die houvas wat die oortreder oor die slagoffer se lewe het;
- kan nie die verlede ongedaan maak nie, maar dit stel die slagoffer in staat om die seer van die verlede te aanvaar en van vooraf met God se genade voort te gaan;

- sluit liefde in want Gód is liefde (1 Joh.4:8c). Dus word haat en bitterheid uitgesluit en die persoon kan betekenisvol lewe want sónder liefde is die lewe sonder betekenis.

In hierdie verband kan die beradene gevra word om die volgende te **visualiseer**:

- hoe Jesus hom / haar na die oortredende ouer(s) neem en hoe hy / sy die ouer(s) deur sy oë bekyk;
- hoe hy / sy die pyn, geassosieer met die ouer(s) loslaat;
- hoe vergifnis van die ouer(s) hom / haar bevry van die ouer(s) se houvas oor sy / haar lewe.

Omdat die **woede** saam met die ander negatiewe emosies gekonfronteer, ervaar en ook verwerk is en die oortreder vergewe is, sal hierdie opstuwende emosie tot bedaring kom.

Die beradene kan op hierdie stadium gevra word om **uit te beeld** hoe hy / sy as gevolg van vergifnis, sonder woede na die verlede kan kyk en oor die ouer(s) kan voel, asook in die vorm van 'n gebed vergifnis oor die ouer(s) uitspreek.

### 6.4 INTEGRERING

Alles wat met die persoon gebeur het, kan met God se hulp in sy / haar lewe ingeweef (integreer) word om 'n wonderlike patroon te vorm.

Navonne (1990:172) beskou lyding, swaarkry, hartseer en siekte vir die volgelinge van Jesus Christus, níe as 'n oorsaak vir bitterheid, haat of wanhoop nie, maar 'n **geleentheid** vir groei in hoop en liefde. Alhoewel die redes vir beproewing onverstaanbaar is, is dit volgens Coetzer (2006:19) belangrik om te glo dit deel uitmaak van 'n groter lewensplan. Die uiteindelike verwesenliking van God se roeping vir die persoon wat deur Hóm bemoedig is, is om ánder op dieselfde manier op te beur (2 Kor.1:4). Vir Jacobs (1988:72) behels persoonlike volwassenheid om lig en skaduwee óf die goeie en slegte ervaringe te integreer. Hierdie lewenslange taak wat al in suigelingskap begin, kan deur 'n godsdienstige geloof behelp word.

Die beradene kan versoek word om te **visualiseer** hoe die lig en skaduwee, die goeie en slegte ervaringe in sy / haar verlede geïntegreer word om iets mooies te voorskyn te bring, byvoorbeeld 'n tapisserie.

Gardner (2007:80) gebruik 'n treffende beeld van ervarings en wonde van die verlede wat in **God se hande** lê. Volgens bogenoemde outeur beteken die Hebreeuse woord *yad* 'n hand wat

vorm soos klei – deur ‘n voorsienende God wat mag en kennis van die persoon het. Só ‘n hand omvat die mens se lewe; ‘n hand wat die verlede, hede én toekoms in sy ferm, teer greep vashou. Gardner meen dat geneesde wonde ook gereedskap in God se hande word ter wille van genesing in ánder se lewens.

Die beradene kan gevra word om die volgende te **visualiseer**

- hoe sy / haar verlede in God se hande lê of deur sy hande omvou word;
- hoe God die geneesde wonde in ander mense se lewens kan gebruik deurdat hy / sy in kreatiwiteit kan getuig van sy krag en helingsgenade.

Smith (2006:260) is daarvan oortuig dat God die pyn van die verlede kan gebruik om die siel tot sý verheerliking te vorm, asook probleme, hartseer, foute en tekortkominge tot sý eer te omskep. Jesaja 48:10 praat van loutering in die smeltkroes van ellende. Loutering bring altyd suiwering soos goud wat in die vuur getoets word en kan ‘n egtheid van geloof produseer (ook 1 Pet. 1:7). Paulus se woorde in Romeine 8:28 is voorwaar ‘n vertroosting en belofte – “...God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet,... ”. Die beradene moet God toelaat om die beste uit die seer van die verlede te haal en die pyn te omskep tot ‘n bate. ‘n Gewilligheid moet bestaan om aan die Hemelse Pottebakker onderworpe te wees sodat Hy iets waardevols uit die persoon se lewe kan maak; ‘n lewe wat vir Hom aanneemlik sal wees.

Die beradene kan versoek word om te **visualiseer** hoe God die pyn, swaarkry en hartseer van die verlede tot sy verheerliking kan omskep deurdat hy / sy kreatiwiteit kan gebruik om iets van sy hoop na ander oor te dra.

Daarna kan die beradene gevra word om die woorde van ‘n lied op een of ander manier vas te lê – op doek, op papier in ‘n tekening, as ‘n gedig of uitgebreide paragraaf en sodoende dit sy / haar eie te maak: “Jesus, wees die sentrum van my lewe, wees my bron, wees my lig, wees my hoop, wees my lied”.

### 6.5 DIE BELOFTE VAN ‘N TOEKOMSVERWAGTING

Paulus jubel in Romeine 8:37 oor die feit dat elkeen meer as ‘n oorwinnaar is deur Christus wat die krag gee. Elkeen kry dus meer by as wat hulle oorspronklik gehad het. Die verliese word uitgewis deur die menigvuldige rykdom in Jesus Christus. Vir Paulus was dit genoeg net om Christus te ken en ál die ander dinge was waardeloos. Geen wonder dat hy die verlede agtergelaat het en in die **toekoms** belê het nie. Daarenteen het Lot se vrou in Genesis 19:26

téruggekyk en nooit haar nuwe toekoms betree nie.  Toewyding aan ‘n lewe sonder ‘n belegging in die toekoms, is leeg en nutteloos is.  Daarom moet die beradene wegbeweeg van die verlede en kanse in die **hede** benut sodat die **toekoms** ‘n glinstering van hoop sal wees.

Die Woord is vól seënryke beloftes vir elkeen wat hulle vertroue en hoop in God stel.  Sy bedoeling is om goeie dinge te gee, asook ‘n toekoms, ’n verwagting (Jer.29:11).  In 1 Timoteus 4:8 praat Paulus van ‘n belofte van lewe, vir nou en die toekoms vir díe wat in toewyding aan God lewe;  Dawid sê in Psalm 146:5 dat dit sal goed gaan met die mens wat hulp van God ontvang en hoop op Hom vestig;  in Psalm 147:11 noem Dawid dat God dit op prys stel dat Hy gedien word en hoop op sy trou gevestig word.

Die beradene kan gevra word om die volgende **uit te beeld**:

- hoe hy / sy die rug draai op die verlede, elke geleentheid in die hede vasgryp en hoopvol  na die toekoms uitreik;
- sy / haar hoop vir die toekoms op ‘n simboliese manier, byvoorbeeld deur ‘n roosknop wat oopgaan;
- hoe iets goeds of mooies uit die hartseer van die verlede geproduseer word deur ‘n simboliese versinnebeelding, byvoorbeeld ‘n pêrel uit die wrywing van die sandkorreltjie in ‘n oester.

Ten slotte kan die beradene versoek word om die volgende te **visualiseer**:

- die pynlike verlede, maar oorvleuel met God se belofte van herstel en genesing soos in Jesaja 30:26;
- hoe hy / sy in die toekoms God vreugdevol deur middel van kreatiwiteit wil eer en verheerlik.

Die beradene kan ook gevra word om in die vorm van ‘n **toewydingsgebed** sy / haar kreatiwiteit  aan God oor te gee sodat Hy dit tot sy eer en verheerliking kan gebruik.

### 6.6  SLOT

In hierdie hoofstuk is riglyne gegee vir die begeleiding van die kreatiewe man / vrou wat mensgerig deur hulle kreatiwiteit die ouerverwerping in die kinderjare probeer verwerk het.  Die riglyne is Godgerig en beoog verandering van negatiewe denke, gevoelens en gedrag sodat die persoon se verhouding met God en mense, veral geliefdes, só getransformeer sal word dat dit

God sal behaag. Boweal moet die kreatiwiteitsbeoefening in die toekoms tot sy eer en verheerliking, asook tot diens van die medemens, geskied. In die laaste hoofstuk sal samevattende gevolgtrekkings oor die studie gegee word en aangedui word in hoe ‘n mate die doelwitte wat vir die studie gestel is ter sprake gekom het.

# HOOFSTUK 7

## SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

### 7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word samevattende gevolgtrekkings gegee van die navorsing oor kreatiwiteit by volwassenes as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare, asook van die pastorale riglyne wat gebied kan word om die kreatiewe man / vrou wat mensgerig die ouerverwerping probeer hanteer het, op 'n Godgerigte manier te begelei. Die gevolgtrekkings geskied vanuit die navorser se vertrekpunt as Christen en word volgens hoofstukindeling van die navorsingsverslag aangebied. Enkele moontlikhede vir verdere navorsing word ten slotte aangedui.

Die navorser het met die hermeneutiese model vanaf Hoofstuk 2 en 3 (verstaan) 'n lyn gevolg na verklaar in Hoofstuk 4, tot verandering in Hoofstuk 5 en 6. In Hoofstuk 2 moes die navorser vanuit 'n Bybelse perspektief kreatiwiteit **verstaan** – onder andere die bron van kreatiwiteit, die verdorwenheid daarvan, die motiewe vir beoefening van kreatiwiteit, die oppervlakkige terapeutiese waarde van mensgerigte kreatiwiteit, sowel as die waarde van Godgerigte kreatiewe terapie.

In Hoofstuk 3, die metateorie, het 'n literatuurstudie van sekere aspekte met betrekking tot kreatiwiteit, asook die lewens van kreatiewe indiwidue, verdere begrip gebring sodat die navorser die volgende aspekte in die lewens van hierdie indiwidue kon **verstaan**: hulle situasie vanuit die verlede en in die hede; die invloed van die ouerverwerping op hulle denke, gevoelens, optrede en reaksies, maar veral op hulle Gods- en menseverhoudinge; die uitwerking van die gebruik van hulle kreatiwiteit as verwerking van die ouerverwerping.

Die empiriese studie in Hoofstuk 4 van drie kreatiewe indiwidue wat ouerverwerping in die kinderjare ervaar het en hulle kreatiwiteit aangewend het in 'n poging om die seer van die ouerverwerping te verwerk, het bygedra om 'n **verklaring of rede** te gee vir: die invloed van ouerverwerping in die kinderjare op die volwassenes se lewens – hulle denke, gevoelens en optrede, asook Gods- en menseverhoudinge; gebruik van kreatiwiteit as verwerking van die ouerverwerping; die onsuksesvolheid van die kreatiwiteitsbeoefening om die seer van die verlede te verwerk.

In Hoofstuk 5, as ‘n inleiding tot die veranderingsriglyne, het die navorser aanbeweeg na die praksis – die eintlike doel van die Praktiese Teologie – **verandering of wysiging** van verkeerde of negatiewe denke, gevoelens, optrede en gewoontes deur middel van ‘n diepe, opregte hartsverandering sodat God die sondige, selfgesentreerde persoon tot sy eer kan omvorm.

In Hoofstuk 6 het die navorser op grond van kennis wat verkry is uit die vorige hoofstukke (veral 3 en 4) riglyne daargestel om ‘n kreatiewe man / vrou wat ouerverwerping in die kinderjare probeer verwerk het deur middel van mensgerigte kreatiwiteitsbeoefening, Godgerig te begelei tot **verandering** – verwerking en heling van die seer van die verlede. Die oogmerk was dat hulle gedagtes, gevoelens en optrede getransformeer sal word om vir God behaaglik te wees; hul kreatiwiteit aangewend sal word tot eer van God en in diens van die naaste; vreugdevolle, vervullende en verrykende menseverhoudinge sal belewe; en bowenal in ‘n liefdevolle, tere verhouding met God sal staan en te alle tye sy goedkeuring sal wegdra, asook Hom behaag.

## 7.2 HOOFSTUK 2: VERSTAAN OP DIE BASISTEORETIESE VLAK DEUR ‘N ONDERSOEK VAN SKRIF EN TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE

Die oogmerk van hierdie hoofstuk was om vas te stel watter perspektiewe die Skrifte en teologie bied oor kreatiwiteit in die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare.

Uit die basisteoretiese navorsing kan vanuit die helder lig en rigtinggewende elemente wat uit die Skrif voortvloei die volgende gevolgtrekkings gemaak word.:

Kuns wys altyd na God - die Skepper, Bron en Gewer van kuns wat oppermagtig is oor alle lewensareas, insluitende die kunste én is ‘n uitdrukking van die mens se ooreenkoms met God se skepping. As beelddraer van God moet die kunstenaar in nederigheid Hom verheerlik, sy soewereiniteit in alle werksaamhede erken en die kultuurmandaat, asook sy drievoudige bediening van priester, profeet en koning, nakom.

Al is kuns buitengewoon, mag dit nooit ‘n afgod en ‘n substituut vir God word nie. Die Godgegewendheid van kuns en die kunstenaar se uitdrukking daarvan deur kreatiwiteit, is ‘n onlosmaaklike affiliasie. Die kunstenaar se motief vir die kunsskepping kan bespeur word want die kunswerk is ‘n versinnebeelding van die kunstenaar se innerlike.

Met die sondeval het die mens téén God gekies het en die kuns ook verder met sondige dryfvere besoedel. ‘n Kunstenaar se vasgevangenheid aan die verlede, kan sy / haar hart

verhard en eerbetoon aan God laat wegsterf.  Toegespits op die aanbidding van vals gode, verwens en negeer arrogante, eiegeregtige kunstenaars God in hulle pogings om sélf hulle behoeftes te vervul.  Jesus Christus het egter die taak van die eerste Adam oorgeneem. Verlossing deur Hom versoen en herverbind die mens met God, maar bevry ook die kuns van verdoemenis.

Weens die proses van sekularisasie in die Westerse kultuur word die soewereiniteit van God en die normatiwiteit van sy wil nie noodwendig erken in kontemporêre uitdrukking van kuns nie. Vanaf die Renaissance is die mens selfgefokus en menslike genot, asook ontspanning het die oogmerk van kuns geword.  In die soeke na betekenis gaan die kuns agteruit nés die innerlike van die mens.  Omdat mense in die wêreld van massaproduksie hulle identiteit en rigting verloor het, word hulle leegheid in die kunste weerspieël.  Daarom word antwoorde in seks óf in ‘n mengsel van godsdiens en die sekulêre gesoek.  Slegs ‘n hartsvernuwing by die mens kan die degenerasie en uitsterwing van ‘n kuns sonder God, voorkóm.

Mensgerigte kuns met selfvervulling en selfgenesing as dryfveer, is ‘n verset teen God se wil. Kuns is nooit sélfverlossend en ‘n plaasvervanger vir God, die enigste Redder nie.  Onder Christus se gesag kán kuns egter bevrydend wees en lewe, asook hoop gee.  Al ontmasker Christelike kuns die sonde en destruktiewe gevolge daarvan (soos in die geval van ouerverwerping), sal dit daarmee saam die vreugde en oorwinning wat Jesus Christus verkry het, toon  Die Heilige Gees kan die kunswerk van ‘n kunstenaar wat getuig van God se helingskrag, veral met betrekking tot ouerverwerping, gebruik.

‘n Christen kunstenaar se denk- en gedragsverandering sal hom / haar noop om ooreenstemmend met God se wil te lewe, sowel as te werk.  Jesus Christus se liefde  omvorm die kunstenaar se verbeelding en beïnvloed die waarneming van die werklikheid, die kunswerk én die beweegrede daartoe.  Ten spyte van kunsvryheid, is die Christelike kunstenaar beperk omdat hy / sy eendag aan God verantwoording sal moet doen.  In onderworpenheid aan God kan ‘n kunstenaar selfs die gebrokenheid van die seer van ouerverwerping uitbeeld.  Versoen met God deur die bloed van Jesus Christus sal ‘n kunstenaar deur sy / haar kreatiwiteit die versoeningsboodskap versprei wat ook vergifnis en rekonsiliasie met die verwerpende ouer insluit.

‘n Kunstenaar kan mens- of Godgerig ingestel wees.  Teonome kreatiwiteit word aan die Heilige Gees oorgegee en heling van die ouerverwerping word dan as ‘n genadewerking van God waargeneem.  In ‘n poging om die pyn van ouerverwerping te verwerk, fokus die kunstenaar op

mense se guns sodat die hulde wat Jesus toekom, by mense beland. Godgerigte verering lei die selfgesentreerde kunstenaar egter wég van sy / haar eie pogings tot selfgenesing na Gód, die Bron van eiewaarde en innerlike vrede.

Kunsbeoefening met ‘n verkeerde motief, onteer nie net God, die Skepper en Gewer daarvan nie, maar laat die kunstenaar nog meer frustreerd, verydeld en uiteindelik wanhopig. Oplossings word nooit verkry nie, maar slegs verligting.

Kuns, onderwerp aan God, het terapeutiese waarde want net Hý kan lewensbetekenis bring. Dit is bewys deur die lewens van etlike kreatiewe indiwidue wat eers **mensgerig** ouerverwerping onsuksesvol in die kinderjare deur hulle kreatiwiteit probeer verwerk het. Ná oorgawe aan God en **Godgerigte** kreatiwiteitsbeoefening, het heling en heelheid gekom. Sonder God het kreatiwiteit beperkte waarde en geen bevrydings kan aan kuns toegeskryf word nie want Jesus Christus is die enigste Verlosser.

Hierdie hoofstuk het vanuit Skrifperspektiewe merkers aangetoon vir die daarstelling van die praktykteoretiese veranderingsriglyne, veral met betrekking tot: Godgerigte kreatiwiteit wat ‘n dankoffer aan God is en Hom verheerlik; die aflegging van “vals gode” in die vorm van eer en erkenning van mense; en die noodsaaklikheid van ‘n hartsverandering by die kreatiewe indiwidu deur die verlossende bloed van Jesus Christus wat versoening met God, die Vader, sal bewerkstellig.

## 7.3 HOOFSTUK 3: VERSTAAN OP DIE METATEORETIESE VLAK MET BEHULP VAN PERSPEKTIEWE WAT DEUR LITERATUURSTUDIE BEKOM IS

Die oogmerk van hierdie hoofstuk was om te bepaal of ‘n literatuurstudie van sekere aspekte rakende kreatiwiteit, asook die lewens van bekende kreatiewe persone, enige vernuwende perspektiewe bied oor kreatiwiteit in die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare.

Uit ‘n studie van relevante literatuur oor kreatiwiteit het die volgende aan die lig gekom:

Psigologiese navorsingstudies toon hoë tellings van psigopatologie by kunstenaars wat negatiewe ervarings in die kinderjare beleef het. Hierdie negatiewe ervarings kan deel wees van die faktore wat ‘n persoon vir intensiteit in die beoefening van kreatiwiteit en / of verstandelik versteurdheid kan voorbestem. Alhoewel poësie veronderstel is om terapeuties te wees, weerhou dit nie die vernietigende verstandsmagte nie.

Die risiko vir depressie word grootliks verhoog deur lae selfwaarde en negatiewe belewenisse in die kinderjare.  Onopgeloste verdriet, woede, die afwesigheid van ‘n verbondenheidsfiguur en onverwerkte spanning is bevorderlik vir depressie.  Alhoewel die kreatiewe handeling die onbewustelike emosies ontbloot, verhoog dit die depressie.

Dit is opmerklik uit die navorsing dat selfmoord meer onder digters en skrywers voorkom, met die jonger persone wat ‘n profiel van ‘n groter risiko toon.  Baie redes word aangevoer vir selfmoord by kunstenaars, maar geen uitsluitsel is nog verkry nie.  Selfs skriptoterapie as versterking van psigiatriese behandeling het by etlike kunstenaars misluk.

Dit blyk dat vroeë ervarings met ouers, veral die moeder, die latere gang van verhoudings in ‘n groot mate kan beïnvloed.  Geborge objekverbondenheid skep beskerming en egosterkte wat die persoon pantser teen toekomstige probleme, mislukkings en / of liefdesteleurstellings.  Albei ouers speel belangrike rolle in hul seuns en dogters se lewens.  In baie van die kunstenaars wat bestudeer is, het die emosionele afwesigheid van en / of verwerping deur die ouer(s) ‘n groot rol in die aansporing tot kreatiwiteit, asook in hulle ontsporing gespeel.

‘n Kunstenaar wat die verliese van die kinderjare nie erken en daaroor treur nie;  die verwerpende ouer(s) nie afskei en loslaat nie;  en aggressie nie stopsit nie, kom nooit tot vernuwing nie.  Produktiewe rou bevorder groei sodat die ouer(s) se positiewe én negatiewe eienskappe geïntegreer kan word.

‘n Studie van die lewens van tien kreatiewe indiwidue wat ten opsigte van die verband tussen hulle kinderjare en beoefening van kreatiwiteit in hulle volwasse jare ondersoek is, het hoofsaaklik aan die lig gebring dat:

- hulle lewens en menseverhoudinge deur ouerverwerping in die kinderjare ontwrig was;
- hulle die seer van die verlede in eie krag sónder God deur kreatiwiteitsbeoefening probeer verwerk het;
- hulle geen blywende oplossings óf genesing gevind het nie en daarom nooit tot heelheid gekom het nie.  (Inteendeel, vyf van hulle het selfmoord gepleeg terwyl die ander se lewens tót hulle dood leeg, ongelukkig en sinloos was);
- hulle kuns wat God moes verheerlik, vermors is op die najaag van vrede en geluk wat hulle bly ontwyk het.

Die mens se geneigdheid om ná die sondeval sélf sy / haar behoeftes te vervul, soos in Hoofstuk 2 uitgewys is, het duidelik na vore gekom in die lewens van die tien indiwidue wat almal deur die gebruik van hulle kreatiwiteit ouerverwerping in die kinderjare probeer verwerk het in ‘n poging op hulle eie manier genesing te vind.

Die literatuurstudie het ‘n gaping in die bestaande studies aangedui, naamlik dat niemand nog werklik die uitwerking van Godgerigte kunsterapie bestudeer het nie, verál met betrekking tot die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare óf die vraag gevra het waarom skriptoterapie (selfs visuele kuns in Van Gogh en Picasso se geval) nie geslaag het om innerlike genesing en heelheid te bring nie.

Twee vernuwende insigte ten opsigte van verstaan op die metateoretiese vlak, het na vore gekom, naamlik:

- die kunstenaars se persepsie van God, verkry van ouers se behandeling van hulle in die kinderjare en / of gebrek aan die ouer(s) se verhouding met Jesus Christus, was ‘n versperring in die soeke na en / of vind van God;
- kreatiwiteitsbeoefening in die genesingsproses is in die lewens van drie van die kreatiewe indiwidue selfs deur psigiaters as deel van terapie ingespan, maar geen innerlike genesing is verkry nie.

Die insigte wat uit hierdie hoofstuk verkry is, kan dien as merkers vir die praktykteoretiese veranderingsriglyne, veral ten opsigte van die verandering van die persepsie van God en die belangrikheid van Godgerigte kreatiwiteitsbeoefening in die genesingsproses.

## 7.4 HOOFSTUK 4: VERKLARING EN VERDUIDELIKING VAN DIE MISLUKKING VAN KREATIWITEITSBEOEFENING BY VOLWASSENES AS VERWERKING VAN OUERVERWERPING IN DIE KINDERJARE DEUR MIDDEL VAN ‘N EMPIRIESE STUDIE

Die oogmerk van hierdie hoofstuk was om vas te stel of enige vernuwende insigte na vore kom met betrekking tot die aangeleentheid van kreatiwiteitsbeoefening in die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare.

In die navorsing is daarop gefokus om ’n moontlike verklaring te gee vir die mislukking van die drie respondente (soos blyk uit die empiriese studie wat in hierdie hoofstuk beskryf word) en die kreatiewe indiwidue (wat in Hoofstuk 3 ter sprake gekom het) se pogings om deur hulle

kreatiwiteitsbeoefening die ouerverwerping in die kinderjare te verwerk. Die volgende gevolgtrekkings kan na aanleiding van die studie gemaak word:

- kreatiwiteit as hulpmiddel tot verwerking van die seer, het in die lewens van die drie respondente verlore gegaan omdat die kreatiwiteit sónder God se hulp selfgerig en selfgesentreerd beoefen is;
- uit die inligting wat bekom is, het dit geblyk dat respondente se motiewe vir die kunsbeoefening veral sentreer het rondom selfheling en –verbetering, die soeke na identiteit en selfwaarde, die vervulling van die innerlike gapings van onbevredigde behoeftes en hartseer oor verliese in die kinderjare;
- die verering van God, die Gewer van hulle talent, het tot 'n groot mate nie tot sprake gekom in die kunsbeoefening van die respondente nie;
- heling, versoening met God, herstelde gemeenskap met Hom en uiteindelik heelheid, het eers by twee van die drie gekom deur die verlossing van Jesus Christus.

Hoofstuk 4 was 'n bevestiging van Hoofstuk 3 met betrekking tot die verwronge beskouing van God wat Godgerigte kreatiwiteitsbeoefening erg belemmer óf voorkom het. 'n Vernuwende insig het egter aan die lig gekom: die aanname wat uit Hoofstuk 3 gemaak is dat géén verbintenis met God die hoofoorsaak is waarom die kreatiewe indiwidue hulle kreatiwiteit mensgerig beoefen het, is in Hoofstuk 4 verkeerd bewys. Twee van die respondente was nie heeltemal van God vervreem nie en hét 'n oppervlakkige verhouding met Hom gehad: Respondent B het selfs by 'n sendinggenootskap in diens van God gestaan en dáár die nuusbrief behartig; Respondent C het vir kerke toneelstukke met godsdienstige temas geskryf en dikwels in sy toneelstukke sy worsteling met God as tema aangewend om klaarheid te kry. Nie een van die twee het egter besef dat God ook op 'n persóónlike vlak ingeroep moes word om die seer van die verlede aan te raak en te genees nie.

Die empiriese navorsing het nóg 'n vernuwende insig gebring, naamlik dat die besef en erkenning van verwerping belangrik is vir die rouproses. Dit was eintlik net Lowell (vergelyk 3.4.2.4) wat geskryf het oor die verwerping wat hy by sy moeder ervaar het, máár hy het nooit daaroor gerou en dit losgelaat nie. Respondent C het óók die ouerverwerping besef, maar sonder God in die genesingsproses het hy, soos al die ander kreatiewe indiwidue in Hoofstuk 3, nie tot heelheid gekom het nie..

Die empiriese studie het riglyne aangedui vir die praktykteoretiese verandering, naamlik dat wysiging nodig is op die vlakke van die wil, die denke (wat onder andere ‘n verandering van die Godspersepsie insluit), die gevoel en gedrag.

## 7.5 HOOFSTUK 5: INLEIDING TOT DIE PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VIR VERANDERING

Basiese merkers vir die teologies-teoretiese vertrekpunte waarmee die pastorale studie van ‘n kunstenaar wat ouerverwerping in die kinderjare beleef het, met die oog op verandering gestruktureer kan word, is die volgende:

- ‘n diepgaande innerlike verandering sal ‘n uiterlike verandering teweegbring met betrekking tot houdings, reaksies en optrede;
- hierdie verandering kan alleen plaasvind deur die genadige werking van ‘n liefdevolle God wat deur sy Seun, Jesus Christus, verlossing bewerk;
- deur die Woord sal die mens Gód, sowel as die sélf leer ken, en begrip van die Almagtige God sal verandering laat deurbreek;
- verandering is ‘n keuse en sonder gewilligheid, asook openheid tot verandering, word die vernuwingsproses gedwarsboom.

In lig van die Skrifperspektiewe in Hoofstuk 2 is gesondheid, heling en heelheid as sleutelbegrippe in die strukturering van verandering aangedui. God se teenwoordigheid, die aanraking van die Heilige Gees, geestelike groei in genade, sowel as kennis en ervaring van God deur ‘n verhouding met Hom, is ‘n vereiste vir ware fisiese, emosionele en verstandsgesondheid. Sonder die verlossende bloed van Jesus Christus word heling en versoening met God nie bewerkstellig nie. Heelheid of heiliging of byeenbringing van dele in ‘n harmonieuse geheel, kom in en deur Jesus Christus. Sy vrede, wat gelykvormigheid aan die beeld van die Seun veronderstel, bring ‘n hartsvernuwing terwyl die krag, asook die teenwoordigheid van die Heilige Gees, heelheid bemagtig.

Die plan waarvolgens die riglyne vir verandering sal geskied is die volgende:

- definisie van die probleem;
- diagnosering van die probleem;

- doelwit van die verandering;
- metode ter bereiking van die doelwit;
- ontwikkeling van strategieë vir die geïnisieerde veanderingsproses.

Die aanname dat die terapeutiese voordele van visuele en literêre kreatiwiteitsbeoefening op ‘n ervaringsvlak lê en eerder verhelderend in plaas van genesend is, is vir die navorser meer aanvaarbaar. Ekspressiewe kuns - visueel of literêr - het wél terapeutiese voordele, maar sónder die hulp van God, die Bron en Gewer van die kreatiewe talent, gaan dit faal soos in die lewens van die kreatiewe indiwidue in Hoofstuk 3 en 4.

### 7.6 HOOFSTUK 6: VERANDERING DEUR MIDDEL VAN PRAKTIES-TEORETIESE RIGLYNE

Die oogmerk van hierdie hoofstuk was om prakties-teoretiese riglyne te formuleer vir die pastorale bediening van die kreatiewe man / vrou wat in ‘n mindere of meerdere mate gepoog het om deur kreatiwiteitsbeoefening ouerverwerping in die kinderjare te verwerk.

Vanuit die verstaan op die basisteoretiese vlak is met die rigtinggewende teoretiese merker gewerk dat kreatiwiteit wél ‘n herstel- en helingswaarde het indien dit **Godgerig** beoefen word.

Vanuit die element van verstaan op die metateoretiese vlak, asook vanuit die verklaringsmoontlikhede wat in die empiriese navorsing na vore gekom het, het ‘n profiel gematerialiseer van hoe dit lyk waar uitlewing van kreatiwiteit in die verwerking van seer op ‘n Godgerigte wyse gekanaliseer word. Dit het geblyk dat ouerverwerping in die kinderjare ‘n beduidende invloed gehad het op die wils-, gevoels-, en denkvlak, asook op die gedrags- en verhoudingsvlak van die betrokke kreatiewe indiwidue op wie se lewens die fokus van ondersoek geval het. Daarom is al hierdie vlakke in die voorgestelde pastorale riglyne vir die bediening van die genade van God aan kreatiewe indiwidue wat ouerverwerping in die kinderjare beleef het, aangespreek. In die voorgestelde pastorale riglyne is gepoog om die kreatiewe aktiwiteit van die beradene as integrale deel van die veranderingsproses te betrek.

‘n Drie-fase model, gegrond op die drie-been hermeneutiese model van Ricoeur wat in die navorsing gebruik is, is daargestel:

- Fase 1 – identifikasie ter wille van verstaan deur middel van uitkenning, herkenning en erkenning, veral deur introspeksie en indringing omtrent alles met betrekking tot die ouerverwerping;
- Fase 2 – interpreteer ter wille van verklaar, met ander woorde koppeling van alle gevoelens, denke en optrede aan die bron van die probleem, asook beoordeling van en begrip vir die uitwerking van kreatiwiteit in die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare;
- Fase 3 – inkeer met betrekking tot verkeerde of negatiewe denke, gevoelens en gedrag, asook opgee daaarvan ter wille van verandering. In hierdie fase is die internalisering van die Woord belangrik, sowel as die sinvolle integrering van die verlede in die hede.

Die uiteindelike doel met die veranderingsriglyne is dat die kreatiewe man / vrou in die toekoms sy / haar kreatiwiteit tot eer van God en diens aan die medemens sal gebruik.

## 7.7 FINALE BEVINDING

Wanneer kunstenaars se selfgerigte pogings misluk het om alles wat in hulle lewens uitmekaar geval het, bymekaar te hou, het die pyn na die oppervlakte gekom en die besef dat ál die beheermaatreëls tevergeefs was, het oorweldigend na vore getree. Frustrasie, vrees en wanhoop het hulle oorspoel en soms is die stryd gewonne gegee. Hierdie verydeling en teleurstelling kan die oorsaak wees van talle kunstenaars se selfmoord of selfs vir hulle vernietigende verslawings aan alkohol of dwelms.

God het nooit bedoel dat kreatiwiteit ‘n selfherstel of selfverlossingsmetode moet wees nie want die vreugde waarvoor Hy dit bestem het, sal nooit deur die kunstenaar óf die medemens ervaar word in die konteks van selfgerigte kunsbeoefening nie. Deur ‘n blywende vervulling met Jesus Christus sal “vals” gode hul aantrekkingskrag verloor, ou identiteite sal afgegooi word en die verlossende liefde van Jesus Christus, sal vir die kunstenaar ‘n nuwe skat gee – ‘n gesuiwerde hart, versoening met God en ‘n lewe in verhouding met Hom. ‘n Fokus op Gód en ‘n belewenis van bevryding van verwonding van die ouerverwerping in die kinderjare, sal kreatiewe indiwidue se kuns soos nardussalf op Jésus Christus se voete laat beland – tot sy eer en verheerliking.

## 7.8 SLOT

Die probleemstelling het aan die lig gebring dat etlike menings oor die genesingswaarde van kreatiwiteit bestaan, maar dat teoloë hierdie aanname afkeer as die kreatiwiteitsbeoefening nie

op God gefokus is nie. ‘n Leemte is bespeur in navorsing oor die verskil tussen die uitwerking van antroponome en teonome kunsbeoefening in die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare; ‘n leemte wat die navorser graag wou aanspreek.

Die navorser het die navorsingsvraag wat naamlik handel oor die vasstelling van die uitwerking van die beoefening van kreatiwiteit in die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare op die kreatiewe volwassene, beantwoord – hierdie volwassene het verligting en versagting van die pyn van die verlede verkry, maar nie algehele genesing daarvan en heelheid nie. Die doelstelling is nagekom, naamlik om die uitwerking van kreatiwiteit in die verwerking van ouerverwerping aan te toon, veral deur middel van die tien kreatiewe indiwidue in Hoofstuk 3 en die drie respondente in Hoofstuk 4. Die gestelde doelwitte met betrekking tot die verkryging van skaduperspektiewe oor kreatiwiteit as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare, is bereik, vernuwende perspektiewe is ook verkry uit die literatuurstudie van aspekte van kreatiwiteit en die lewens van bekende kreatiewe indiwidue. Die empiriese ondersoek het ook vernuwende insigte gebring wat veral in die formulering van die praktykteoretiese veranderingsriglyne in ag geneem is.

Deurgaans is die sentraal teoretiese argument in gedagte gehou, naamlik dat kreatiwiteit in die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare wél ‘n uitwerking op die kreatiewe volwassene het. Die navorser het indringend gekyk na die kreatiewe volwassene se emosies, denke en optrede, asook na hulle menseverhoudinge, om te bepaal of hulle kreatiwiteitsbeoefening in die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare enigsins ‘n uitwerking op hulleself en hulle lewens gehad het. Bevindinge het bevestig dat die beoefening van kreatiwiteit in die verwerking van ouerverwerping wél ‘n uitwerking op kreatiewe volwassenes het, maar die navorser het nie verwag dat die uitwerking só beperk sou wees en dat dit geensins permanent heilsaam op enige van die tien kreatiewe indiwidue óf die drie respondente wat onderskeidelik in Hoofstuk 3 en 4 bestudeer is, sou inwerk nie. Vyf van die tien in Hoofstuk 3 het selfmoord gepleeg en die een respondent in Hoofstuk 4 het selfmoord gepoog. Die ander vyf kreatiewe indiwidue in Hoofstuk 3 en die ander twee in Hoofstuk 4, het misrabele, ongelukkige en / of onvervulde lewens gely. Bevindings het getoon dat die mens- of Godgerigtheid van die kunsbeoefening die positiewe óf negatiewe uitwerking daarvan op die kreatiewe volwassene bepaal en dat elkeen se beskouing van God hierdie gerigtheid grootliks beïnvloed. Nogtans bly die mens se verdorwe hart, wat altyd neig om wég van God te beweeg, die grootste rede vir die mislukking van die sukses van kreatiwiteitsbeoefening as ‘n middel in die verwerking van ouerverwerping in die kinderjare.

## 7.9 MOONTLIKE VERDERE NAVORSINGSTEMAS

Die volgende navorsingstemas en navorsingsvrae kan moontlik vir verdere verkenning van hierdie ondersoekterrein oorweeg word:

- Die verband tussen die kreatiewe persoon se geslag of temperament en die manier waarop die ouerverwerping hanteer word.
- Kan die teenwoordigheid van ‘n huweliksmaat, verloofde of vriend wat wáárlik Jesus Christus ken, ‘n stabiliserende en helende uitwerking op die kreatiewe persoon uitoefen?
- Is daar ‘n verskil in helingswaarde tussen die beoefening van visuele en literêre kuns? ;
- Beïnvloed die kreatiewe persoon se beeld of persepsie van God die Godgerigtheid van die kreatiwititeitsbeoefening?

# OPSOMMING

## KREATIWITEIT BY VOLWASSENES AS VERWERKING VAN OUERVERWERPING IN DIE KINDERJARE: 'N PASTORALE VERKENNING


Die doel van hierdie studie was om aan te toon watter uitwerking kreatiwiteit as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare op volwassenes het.

Die studie is gedoen aan die hand van 'n prakties-teologiese inkleding van Ricoeur se driebeen hermeneutiese model, naamlik:

- verstaan op 'n basisteoretiese vlak deur middel van Skrifperspektiewe, asook op 'n metateoretiese vlak deur middel van 'n literatuurstudie.
- verklaar op grond van empiriese navorsing gedoen deur middel van onderhoude.
- verander deur middel van prakties-teoretiese riglyne vir die begeleiding van die kreatiewe man / vrou wat ouerverwerping in die kinderjare deur middel van mensgerigte kreatiwiteitsbeoefening probeer verwerk het.

Met die sondeval het die mens van God weggedraai en self behoeftes probeer vervul. Kuns is ook besoedel en kunstenaars beweeg weg van God, die Skepper en Bron van hulle kreatiwiteit, om hulle kuns op 'n selfgesentreerde en verwaande wyse te beoefen. Kreatiwiteit word met 'n verkeerde motief as 'n selfhelp- of selhelingsmiddel gebruik om onverwerkte seer uit die verlede te verwerk. Die eer wat God toekom gaan verlore en sonder God gaan die mens, sowel as die kunste, agteruit. Kuns toon 'n terapeutiese waarde om ouerverwerping te verwerk indien dit Godgerig beoefen word, maar andersins is die sukses daarvan tydelik en oppervlakkig.

Die literatuurstudie van tien bekende kreatiewe indiwidue het getoon dat die terapeutiese uitwerking van hulle kreatiwiteitsbeoefening as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare, jammerlik misluk het en vir almal in verydeling geëindig het. Hulle lewens was 'n voordurende soeke na heling en heelheid, asook na vrede, betekenis en geluk terwyl hulle menseverhoudings destruktief en / óf gebroke en ongelukkig was.

Die empiriese navorsing met drie kreatiewe indiwidue wat ouerverwerping in die kinderjare ervaar het, en hul kreatiwiteit as verwerking daarvoor gebruik het, het 'n verklaring gegee vir die uitwerking daarvan op hierdie indiwidue, asook die kreatiewe indiwidue van die literatuurstudie. Die kreatiwiteitsbeoefening was mensgerig in plaas van Godgerig en het gefaal om die seer van

die kinderjare te verwerk, asook om heling. heelheid en innerlike vrede, te bewerkstellig vir ‘n gesonde verhouding met God, die self en ander mense, veral geliefdes.

Ter verandering is praktiese riglyne daargestel om kreatiewe volwassenes wat ouerverwerping in die kinderjare ervaar het, deur middel van die gebruik van hulle kunsmedium, te begelei om met God se hulp die herstel en helingspad aan te pak. Die belangrikste doel is om elkeen vir verlossing by die kruis van Jesus Christus te bring sodat hy of sy in die toekoms sy / haar kreatiwiteit Godgerig en tot sy eer sal beoefen, asook tot diens aan die naaste.

**SLEUTELTERME:**

- Ouerverwerping
- Kreatiwiteit
- Menseverhoudinge
- Mensgerigte kuns
- Godgerigte kuns
- Heling en heelheid

## ABSTRACT

## CREATIVITY IN ADULTS AS A MEANS OF COMING TO TERMS WITH PARENTAL REJECTION DURING CHILDHOOD: A PASTORAL EXPLORATION

The purpose of this study was to show the effect of creativity on adults as a means of coming to terms with parental rejection experienced in childhood.

The study was done according to a practical theological interpretation of the three-phase hermeneutical model of Ricoeur, namely:

- understanding according to Scriptural perspectives (basis-theoretical), as well as on a metatheoretical level by means of a literature study;
- interpreting by means of an empirical research in the form of interviews with respondents;
- change by means of practical theoretical guidelines for the creative adult who processed parental rejection experienced in childhood by the pursuing of person-directed creativity.

Understanding on the basis-theoretical level showed the following:

With the fall in paradise, man rejected God and tried to fulfil his / her own needs independently. The arts were also contaminated and artists moved away from God, the Creator and Source of their creativity, to pursue their art in a self-centred and arrogant way. Creativity is being used with wrong motives as a method of selfhealing to process unresolved pain from the past. The honour which God deserves is lost and without Him mankind, as well as art, deteriorates. Art does show therapeutic value if it is directed towards God, but otherwise the success is temporary and superficial.

The literature study of ten well known creative individuals showed that the therapeutic effect of the pursuit of creativity to process parental rejection in childhood, failed sadly and ended in disillusionment for all of them. Their lives were a continuous search for healing and wholeness, as well as peace, meaning and happiness, whereas their personal relationships were destructive and / or broken and unhappy.

The empirical research with creative adults who experienced parental rejection in childhood, and used their creativity as a means of processing it, provided an explanation for the effect of this on these creative adults. Their creativity was directed at the self instead of at God and

failed to process the hurt of childhood, as well as bringing about inner peace for a healthy relationship with God, the self and others, especially loved ones..

To effect change, practical theoretical guidelines were established to guide the creative man or woman, who experienced parental rejection in childhood, by the use of their creative medium, to embark on the road to recovery and healing with God’s help. The main goal of the practical guidelines is bringing redemption to the creative person through Jesus Christ so that he / she will use his or her creativity in future to honour and praise God, as well as to serve the fellowman.

**KEYWORDS**

- Parental rejection
- Creativity
- Social relationships
- Self-directed art
- God-directed art
- Healing and wholeness

# BYLAAG A

## TRANSKRIPSIE VAN SESSIES MET RESPONDENT B TER ILLUSTRASIE VAN DIE GEBRUIK VAN KODERING

### UITEENSETTING VAN KODES

**OP –** ouer(s) se persoonlikheid

**OH –** kinderjare in die ouerhuis

**OV –** verhouding met die ouer(s)

**OVL –** leemtes in verhouding met die ouer(s)

**OA –** ouer(s) se agtergrond

**OO –** ouer(s) se optrede

**VUW –** uitwerking van verwerping op kind (en later volwassene)

**1 –** behoefte bevrediging

**2 –** boodskappe van die ouer(s) en die invloed op die selfbeeld

**3 –** negatiewe emosies

**4 –** verliese gely

**5 –** impakterende gebeurlikhede

**6 –** pynlike geleenthede in die omgang net die ouer(s)

**7 –** latere menseverhoudings in volwassenheid (is op verskillende plekke in die onderhoud ingewerk)

**VHAN –** hantering van verwerping deur die kind (en later volwassene)

**1 –** gewoontepatrone in verhoudings

**2 –** gedragstrategieë

**VL –** volwasse lewe van die indiwidu (uit die ouerhuis)

**LV –** lewensverandering

**KREATIWITEITSBEOEFENING:**

**KA –** aanvang van kreatiwiteit

**1 –**vroeë kunsbeoefening

**2 –** latere kunsbeoefening

**KOR –** ouer(s) se reaksie op kreatiwiteitsbeoefening

**KLB –** latere kreatiwiteitsbeoefening

**KMED –** kunsmedium

**KTEM –** herhaaldelike temas gebruik in kreatiwiteitsbeoefening

**KMOT –** motief / we vir kreatiwiteitsbeoefening

**KEF –** effektiwiteit van kreatiwiteitsbeoefening

**KGER –** gerigtheid van kreatiwiteitsbeoefening

**KHB –** huidige kreatiwiteitsbeoefening

**KTOEK –** toekomstige voornemens vir en verwagtings van kreatiwiteitsbeoefening

**ERVARINGSGESKIEDENIS - (Sien Addendum op bladsy 449).**

**Onderhoud 1 en 2:** Bespreking van voor-af ingevulde ervaringsgeskiedenis vraelys. Op die ervaringsgeskiedenis vraelys is ook kodes aangebring met betrekking tot die aspekte wat ter sprake is en wat in die geskrewe onderhoud met die respondent geÏntegreer is, maar nie hieronder genoem is nie.

Inligting in verband met die ouers verkry vanuit ervaringsgeskiedenis-vraelys:

Ouers nie-Christene; verhouding tussen hulle; liefde-haat; atmosfeer in ouerhuis: gespanne; kommunikasie: tussen ouers vurig, aggressief en onstabiel, met kinders onstabiel en vol uitbarstings, met haar negatief en dominerend; konflikhantering: tussen ouers geskreeu en aggressief, tussen kinders emosievol en onvergewensgesind, met haar hard, veroordelend en afbrekend; opvoedingstyl: outokraties en rigied; finansiële lewenstyl as kind: ryk (**OH**).

Tipe ouer: 1 - pa - prominent, manipulerend en buffelagtig; 2 - ma - passief, selfgefokus en somtyds buierig (**OP- 1 en 2**).

Beskryf jou verhouding met jou ouers in die verlede en hede:

1 - pa – verwyderd (verlede), beleefde kontak (hede);

2 - ma - somtyds goed (verlede), oppervlakkig (hede) (**OV-1 en 2**).

**Onderhoud 3:** Ouer(s) se agtergrond; kinderjare in ouerhuis met betrekking tot verhouding met die vader.

Wat weet jy van jou ouers se agtergrond en hulle kinderjare? (**OA**)

Vader – uit groot gesin van agt seuns; passiewe, onbetrokke pa, harde straffende ma, baie bakleiery onder seuns.

Moeder – ouers was baie ryk, bederf deur pa, maar afgekraak en verskreeu deur ma.

Vertel my van jou kinderjare in jou ouerhuis, eerstens in verhouding met jou vader (**OO - 1**):

Ek't hom gevrees, maar het ook sy goedkeuring begeer; as tiener teruggepraat en is as 'n rebel bestempel; hy't my emosioneel onveilig laat voel, nie in my belanggestel en emosioneel afgekraak, my fisies seergemaak en op 5 / 6/ 7 jaar liggaamlik betas, maar ek't nie die emosionele energie gehad om dit te hanteer nie – ma sou nie geluister / geglo het nie. [Ek't "uit" gevoel en onaanaanvaar (**VUW**)].

Na my broer se geboorte toe ek 5 jaar oud was, het ek heeltemal verwerp gevoel, wou nie meer 'n meisie wees nie; hy was die gunsteling, is "geboost", geld is op hom uitgegee terwyl my talent onderdruk is. Ek moes alles self doen, hy het altyd alles gekry, maar vir my is alles geweier, hy is orals aangery, maar ek moes fietsry. Ek't tuis soos 'n slaaf gewerk en kosgemaak, wou ook hiervoor pa se goedkeuring kry, maar is nie raakgesien en voor mense sleg behandel. [Ek't misbruik gevoel (**VUW**)].

Ek't in Graad 11 by 'n charismatiese kerk tot bekering gekom, maar is tuis daarmee gespot en het gevoel my godsdiens is abnormaal. Pa se inkonsekwentheid met betrekking tot moraliteit het my verwar, ek is daarteen gewaarsku wanneer ek uitgaan, maar aangemoedig om myself meer as vrou te "vertoon". Ek wou rein lewe, maar het in drie liggaamlike verhoudings betasting toegelaat – byna om pa te "spite" wat dit tog verwag het.

Op 22 jaar – ek't baie siek geword, is van treurigheid beskuldig en geïgnoreer, het alleen en geïsoleerd gevoel, veral ook as gevolg van geen kreatiwiteitsbeoefening. Ek't met selfmoord

gedreig, wat geen indruk gemaak het behalwe ‘n skerp veroordeling. [Ek’t ‘n”depro-gemors” gevoel, alles waarvoor ek lief was is altyd afgewys.

Ek’t ongelukkig grootgeword, was eensaam, onvervuld, bang en afgekraak, was dikwels verward, bang, onseker, onveilig, bang om op ander staat te maak, gedink ek is ‘n “fout” en kwaad vir God daaroor; ek was bang vir die dood, die toekoms, my pa, mislukkking, die donker en God; ek was dikwels pessimisties, selfmoordagtig, mismoedig, hopeloos, lewensmoeg, magteloos om my lewe te verander (**VUW – 3: negatiewe emosies**]. My selfbeeld was laag, ek was self-veroordelnd en vol selfhaat, het minderwaardig en waardeloos gevoel, ongeordend (**VUW – 2: uitwerking van ouer(s) se boodskappe op selfbeeld**). Ek was kwaad, maar kon dit nie uiter, het later as tiener my pa en onderwysers “geback-chat”, soms was ek nog ongekontroleerd kwaad (**VUW – 3: negatiewe emosies**).

Watter leemtes het jy in jou verhouding met jou vader ervaar? (**OVL -1**)

Die waardering / erkenning om my”groot” te laat voel; my beeld van vrouwees is benadeel – hy’t my lelik laat voel; hy was nie ‘n geestelike leier in die huis en het my nie van God geleer nie; hy’t nie my selfbeeld opgebou nie, maar afgekraak; hy’t my nie van mans geleer en hoe om hulle te hanteer nie; hy’t my nie as dogter na die toekoms gerig nie.

**Onderhoud 4:** kinderjare in die ouerhuis met betrekking tot verhouding met die moeder

Vertel my van jou kinderjare in die ouerhuis in verhouding met jou moeder (**OO - 2**):

Sy was afbrekend en afknouerig, maar het darem altyd my humor geniet; sy’t altyd teen my kant gekies; ek wou haar help om dingetjies te doen, maar is altyd weggejaag; ek wou dinge soos naaldwerk saam met haar doen, maar kon nooit; ek was lief vir haar, maar sy’t my frustreer en kwaadgemaak met haar selfsug en selfgesentreerdheid; net soos by pa mag ek nie ‘n fout gemaak het nie; [ek moes altyd die skuld vir alles aanvaar en het altyd skuldig gevoel oor my ouers se rusies, my broer en susters se bakleiery met my, en omdat ek soms geweier het om dinge te doen (**VUW-3 – negatiewe emosies**)].

Watter leemtes het jy in jou verhouding met jou moeder ervaar? (**OVL – 2)**

Ek’t geen leiding van haar gekry nie; nooit iets saam met haar gedoen nie; geen band met ‘n vrou gehad – die wedersydse selfopenbaring en vertroulikheid tussen vrouens, kommunikasie met ‘n vrou en vertoulike gesprekke; ek kon nie leer van vrouwees en my identiteit of opheffing en stigting van my as toekomstige vrou; nie die vaardigheid geleer om met mans om te gaan.

Ek is meesal gekritiseer oor prestasies, nie aangemoedig of waardering vir enige van my talente, veral my kreatiwiteit, gekry nie (**VUW- 1 - behoefte bevrediging**). Ek het gevoel ek's nie belangrik nie want my opinie tel nie; dis nie die moeite werd om na my te luister nie; ek's nie respekwaardig nie (**VUW-2 – boodskappe van ouers**).

Hoe het jou lewe ná Graad 12 verloop? (**VL – volwasse lewe**).

Ek wou 'n dokter word, maar volgens my pa was my IK net genoeg vir 'n sekretariële kursus. In laasgenoemde is ek aangewys as die beste student van die jaar, maar ek moes nie daaroor "brag" nie. Ek't besluit onderwys sou kreatiwiteit insluit; het 'n studentelening aangegaan, gesukkel sonder hulp en ekstra finansies, maar gekwalifiseer, 4 / 5 jaar skoolgehou, op 26 jaar uit ouerhuis om te werk by 'n sendingvereniging. Die Here het 'n wonderlike Christen man na my gestuur met wie ek op 28 jaar getroud is en natuurlik deur my pa gekritiseer is.

**Onderhoud 5:** die uitwerking van die ouers se verwerping (behandeling) op die respondent

Watter uitwerking het jou ouers se behandeling op jou gehad? (**VUW**).

Ek het oor die algemeen uitgestoot gevoel, is gekritiseer en het altyd emosioneel onveilig gevoel; was altyd bang; wou as tiener op 'n stadium wegloop agv. emosionele ontsteltenis; nie geweet waar ek inpas of wie ek is nie – het soos 'n "weirdo" gevoel; was emosioneel afgeskeep en het min liefde gekry, drukkies van pa was 'n "show" van familiewees en was vals (**VUW-1 – behoefte bevrediging**). Ek het gevoel ek's 'n vieslike mens, is vet, vir niks goed nie, net 'n "rubbish", dom en nutteloos (**VUW-2 – boodskappe van ouers**). Ek't vasgekeer gevoel in my ondraaglike situasie; emosies het op- en afgegaan; was hartseer en sensitief vir kritiek en bang vir verwerping; ek't dikwels seer, hulpeloos en magteloos gevoel; was frustreerd want alle deure is altyd toegeklap (**VUW- 3 – negatiewe emosies**).

Watter verliese het jy in jou kinderjare gely en hoe het dit jou latere menseverhoudings beïnvloed? (**VUW- 4 – verliese gely**)

1) Geen "oefenveld" met mans gehad nie – in Graad 12 in 'n emosioneel-manipulerende en teisterende verhouding met 'n seun beland; 2) agv. wanverhouding met ma het ek moeilik met

meisies "gebond"; in die laerskool moeilik maats gemaak en was dikwels op my eie; later het ek wild en sportief geword en met die seuntjies gespeel; het minderwaardig teenoor meisies gevoel en op hoërskool ook meer seunsvriende gehad; dikwels verwerping by maats ervaar en is name genoem – Diklip, Snorretjie, Vetgat; 3) leierskapeienskappe op Hoërskool onderdruk,

nie raakgesien, maar is meer op Kollege getoon en ek’t beter verhoudings gehad; 4) geen veiligheid en sekuriteit gehad; 5) was sosiaal- geïsoleerd wat my groepsaanpassing benadeel het; 6) geen ouerbetrokkenheid by skoolaktiwiteit gehad en skaamte oor die onderwysers se reaksies daarop; 7) soveel beroepsdrome afgestaan; 8) nie ‘n sorgvrye kinderjare gehad en baie lag en geluk misgeloop; 9) ouers het geen verbeeldingswêreld vir my as kind geskep nie; 10) emosionele onsekerheid het my in huwelik dikwels laat toeslaan agv. vrees vir verwerping; 11) geen gevoelsuitdrukking in ouerhuis toegelaat, wat latere selfopenbaring in die huwelik bemoeilik het en my ook laat sukkel met hantering van emosionele dinge mbt. my kinders; 12) kommunikasie in huwelik aanvanklik belemmer agv.min kommunikasie met ouers en kan nou nog nie goed luister nie; 13) nie emosioneel leer “cope” met die realitieite van die lewe nie; 14) ontneem van “tools om te baklei en konflik in huwelik te hanteer as gevolg van slegte voorbeeld van konflikhantering in my ouerhuis; 15) tekort aan sosiale vaardighede – ek’s té reguit en uitgesproke met mense sonder om te besef dat ek emosioneel seermaak, ek’t ook te gou mense vertrou en is uitgebuit.

Het jy as gevolg van die ouerverwerping verliese gely in jou verhouding met God?

Ek was sonder geestelike insig en verward; God was ‘n ver, ontevrede, straffende God wat wag dat ek in “lyn” moet kom. Alhoewel Hy ver gevoel het, wou ek as kind Hom teken wat ma as verregaande bestempel het. Ek kon nie ná my bekering in God groei nie; dit op 26 jaar besef en is weg uit ouerhuis na sendingstasie, gevoel God roep my, wou iets vir mense beteken; het daar uitgevind Christene is soms té radikaal of té eng.

**Onderhoud 6:** uitwerking van die ouerverwerping in die kinderjare op die respondent - deel 2

Watter gebeure in jou kinderjare steek by jou vas omdat dit soveel impak op jou gehad het? (**VUW-5 – impakterende gebeure**)

Ek, alleen ná my boetie se geboorte; ek is Milo verbied; ek moes ‘n pak Zoo-koekies opeet; pa het my sportliedjies opgeskeur.

Watter pynlike geleenthede met jou ouer(s) kan jy vanuit jou kinderjare onthou? (**VUW-6 – pynlike gebeure**)

Ek moes huilend poseer vir ‘n foto wat later vir almal gewys is; die bakleiery in die motor en tuis toe pa dronk was; pa weier bystand dat ek universiteit toe gaan ten spyte van dosent se pleitrede as gevolg van my hoë intelligensie.

Watter uitwerking het die ouerverwerping op jou latere menseverhoudings gehad? (**VUW-7 – latere menseverhoudings)**

Ek't vir lank verwag dat my man 'n monster was; omdat ek altyd die skuld vir alles gekry het, was ek bang vir raas en het die ergste van hom verwag; ek was dikwels vyandig teenoor hom en het gedurig verwerping verwag wat my soms laat toeslaan het; ek was bang vir gesag, maar het later my man begin staan; ek voel oorweldig en ontsteld wanneer die kinders té veel eise aan my stel of wanneer my man té veel opdragte gee ivm.my besigheid tuis; wanneer die kinders my ignoreer voel ek kwaad en wil ontplof; ek wil nog nie by die mense betrokke raak, omdat ek dikwels teleurgesteld en seergemaak is; ek's nog sensitief vir kritiek want my man se goedbedoelde grappe oor ek 'n "moeilike mens" is of ons "moeilike huwelik", laat my seer en afgekraak voel; ek vrees nog onsekerheid en kan dit nog nie hanteer nie; finansiële onstabiliteit laat my stres, dan voel ek die lewe is weer buite beheer, sal nie verander nie, ek kry weer negatiewe gedagtes en voel ontmoedig; dis moeilik vir my om altyd met mense ferm te wees, maar het geleer om grense te stel.

**Onderhoud 7:** Hantering van die ouerverwerping met betrekking tot menseverhoudings en gedragstrategieë; lewensverandering.

Hoe het jy die ouerverwerping hanteer en in watter mate het dit oorgespoel na jou **menseverhoudings**? (**VHAN – 1 en 2**)

Aggressie getoon, mondelings teruggekap, soms goed stukkend gegooi, ook later in huwelik; was oorbeskermend oor myself in huwelik en verbaal verdedigend; front voorgehou en doen dit steeds; was in die klas die nar; in huwelik dikwels onttrek uit moeilike emosionele situasies uit vrees vir verwerping; ek't altyd my ruimte beskerm en verdedig – my goed moenie omgekrap / gebruik word nie (**VHAN – 1: gewoontepatrone in verhoudings**).

Het jy spesifieke strategieë gebruik om die ouerverwerping te hanteer?

Ek het in my kreatiwiteit gefantaseer as wegkom van die werklikheid; was in my jong dae perfeksionisties; ek was tot my verblyf in ouerhuis selfbeserend wat stres en woede ontlaai het en 'n kompulsiewe eter; mense se lof, erkenning en waardering het my identiteit gevestig (**VHAN – 2: gedragstrategieë**).

Waar het die kentering in jou lewe gekom? (**LV**)?

Toe my man 3 jaar gelede my seep gebruik het, het ek ontplof en hy het berading voorgestel as gevolg van my oorreaksies;  in eerste sessie het ek gehoor van verwerping, was aflaai van 'n las, besef slegte verhouding met ouers was nie my skuld en kreatiwiteit was 'n talent;  verklaring gekry vir my voortduerende hartseer;  kon nooit rou want ek het nie verwerping besef;  in oorgawe na God gedraai en alles aan Hom toegewy;  het nou 'n goeie selfbeeld, is self-waarderend, het myself lief, voel veilig, vry en vergewe;  sukkel nog met oorsensitiwiteit, frustrasie en bekommernis, 'n somtyse humeur en oorkritiesheid, maar God verander my daagliks en dit verbeter;  ek's tevrede met my liggaam en myself, voel nie lelik, aanvaar mense se komplimente as opreg;  het innerlike veiligheid en klou nie meer vas aan mense want God is my bron van sekuriteit;  ek's nou mededeelsaam in plaas van mededingend;  het wysheid bygekry en die feëverhaal mentaliteit is weg;  het 'n onderskeidingsvermoë met betrekking tot mense, is nie meer so naiëf-vertrouend, word minder uitgebuit;  behoefte aan skares, sosiale verkeer en plesier hê is weg;  my Godsbeeld het verander - besef net by God is ware begrip, het onderskei dat God anders as my pa is, Hy het my vader geword, my oë is op Hom in alles, veral my kreatiwiteit;  ek't geen wrok teen my ouers, het vergewe, maar is hartseer oor die gebrek aan 'n normale familie en my kinders se verwerping deur grootouers.

**Onderhoud 8:** vroeë kreatiwiteitsbeoefening;  ouer(s) se reaksie op die kunsbeoefenig;  latere kreatiwiteitsbeoefening;  verkose kunsmedium.

Hoe het jy aanvanklik van jou kreatiwiteit bewus geword en wat was jou ouers se reaksie daarop?  (**KA-1 – vroeë beoefening**)

Ek was van kleins af kreatief;  wou houtjies kap en daarmee speel wanneer my pa houtwerk gedoen het, maar is weggejaag;  wou op so 5 jaar altyd iets maak, het met modder gebou;  in kleuterskool was gunsteling klas "crafts", kon daar verf en met klei speel;  ek't myself in kamer toegemaak, geteken en geverf;  by my ouma was tekenboekies en ek kon prentjies kyk;  op 'n stadium is al my prentjies in die laerskool gekies vir 'n uitstalling, ek't tog gevoel ek beteken iets en is spesiaal;  frustrasie oor ignorering daarvan deur ouers, hulle gesê ek's anders, ek's afgekraak oor my kuns, ouers het gesê ek is moeilik om mee saam te wees en het 'n kunstenaarstemperament  [**KOR**];  ek't in laerskool ook geskryf en later 'n kompetisie gewen, maar dit was vir ouers nie die moeite werd om te reageer {**KOR**];  wou op 'n stadium my lappop aantrek, maar ma wou nie help;  in hoërskool het taalonderwyser nie my "diep" opstelle verstaan nie, my gepenaliseer, my talent nie waardeer;  ek't in laer- en hoërskool gediggies

geskryf of liedjies opgemaak en almal wysies gegee;  in die hoërskool ook geteken en klere ontwerp;  kuns is altyd tuis as ‘n tydmors beskou en was beslis nie ‘n beroep nie [(**KOR**)].

Hoe het jou latere beoefening van kreatiwiteit verloop?  (**KA-2 – latere kunsbeoefening**)

Op Kollege was kuns ‘n vak;  my take was meer kreatief as ander s’n, ek’t ook meer tegnieke gebruik;  die erkenning en lof van die dosent het my goed laat voel;  my innerlike bronne met betrekking tot kreatiwiteit was uitgeput, ek was emosioneel leeg, moes daarom op ander staatmaak om my te “boost”;  het ook op Kollege nuusbriewe geskryf;  tydens my skoolhou-jare het my plakkate vir die klaskamer lof by onderwysers uitgelok;  ek’t ook mooi storietjies vir my klassies geskryf en dit dramaties voorgelees, kinders intellektueel met kreatiwiteit gestimuleer; voorwerpe het altyd name gekry en ‘n storie geword;  ek kan ook kort, snaakse rymgediggies skryf.

By die sendinggenootskap het ek die nuusblaadjie behartig;  ek’t besef my literêre talent is goed, maar is dikwels afgekraak en gekritiseer, selfs deur die predikant;  ek’t eers later besef dat skryf ‘n talent is en as ‘n beroep gebruik kan word;  ek besef nou kreatiwiteit is ’n integrale talent en stimuleer my kinders daarmee.

Ek was aanvanklik in huwelik frustreerd want toegang tot kreatiwiteit was beperk;  het later weer

begin verf, lap- en glasverfwerk gedoen, kunstige tafeldoeke gemaak en die kinderkamers versier.

Watter kunsmedium verkies jy?  (**KMED**)

Verf – meer bevredigend, vervullend, ontspannend, stimulerend, gee direkte resultate.

Skryf – moet myself meer blootstel en dit word deur ander vertolk;  kan nie my gevoelens in kuns waag;  ‘n mens moet meer “broei” oor skryf, dit verg meer isolasie en konsentrasie.

**Onderhoud 9:**  Temas en motiewe in kreatiwiteitsbeoefening

Oor watter temas het jy geskryf en wat het jy geverf?  Het jy temas herhaal?  (**KTEM**)

Ek’t blomme, bome, voëltjies, vlindertjies, water, reën geteken / geverf – alles elemente in die natuur, daar is ‘n ontvlugtingselement in die natuur;  dinge wat ek geverf het moes esteties mooi wees en deur die sintuie waargeneem kon word;  in die laerskool het ek huisies en dogtertjies met mooi rokkies geteken, skippies en vissies – alles wat geluk beteken;  ek’t geskryf oor

diertjies of die natuur en doen dit nou nog, die storie eindig altyd gelukkig en het ‘n lessie daarin.

Ek’t van ronde vorms gehou – dalk aas gevolg van .my verlange na volkomenheid óf my vasgevangenheid in die doellose sirkelgang;  ek’t altyd in die middel begin, van groot oppervlaktes gehou en altyd die hele papier vól geteken;  in die hoërskool was my tekeninge patroonmatig en ‘n simmetriese herhaling – ek was daagliks vasgevang in dieselfde patroon; ek’t altyd die hoeke versier – gevoel ek’s in ‘n hoek vasgekeer;  het ‘n perfeksionistiese streep ontwikkel – alles moes volgens lyne en spasies, mooi en perfek, geroetineerd en gestruktureerd wees;  ek het harde, kleurvolle strepe gebruik, was meer dikwels abstrak en onrealisties – byna asof die werklikheid onaanvaarbaar was;  ek was meesal lief vir helder kleure, maar tog soms in ‘n depro-bui swart gebruik;  het nie mensebeelde herhaal want ek’t mense gevrees;  wou altyd onversteurd, privaat en in ‘n geslote ruimte my kuns beoefen.

Waarom het jy jou kreatiwiteit beoefen en het dit enige “beloning” vir jou gebring?  (**KMOT**)

Ek kon nooit emosies in kuns uitdruk – in ouerhuis is dit ontmoedig;  ek’t geluk en vrede gesoek in my kuns;  wou erkenning en waardering kry, wou waardig voel;  lof van dosente het my soos “iemand” laat voel en selfwaarde gegee;  onderwysers se lof vir my klasplakkate het waarde toegevoeg;  gevoel ek kan iets voortbring en het waarde;  kon nie myself in kuns soek nie want ek was uitgebrand, maar wou my identiteit vind.

Kuns het vrede en rustigheid gebring;  was my eie beheerde wêreld waar dit goed gegaan het en ek met my drome kon eksperimenteer;  kuns was ‘n balsem soos ‘n pleister op ‘n seer;  het my ‘n plekkie van my eie gegee – ek was die enigste kreatiewe een in familie en het “hoër” gevoel;  dit het ook kalmte en rus gebring;  was ‘n vriend en metgesel;  in fantasie kon ek my eie droomwêreld optower, ek’t ook in huwelik bly fantaseer;  dit het eensaamheid verlig want ek het iets moois gemaak;  sonder kreatiwiteit sou die lewe ’n groter hel gewees het;  ek’t in my stories en prentjies “verlore” geraak, ontsnap daardeur.

Hoe effektief was die kreatiwiteit om die seer van die ouerverwerping te verwerk? (**KEF**)

Ek’t nooit my identiteit in kunsbeoefening gevind nie, eers later in Christus;  alle verligting was tydelik, soms net vir ‘n oomblik, ek moes altyd daarna terugkeer om weer beter te voel;  dikwels baie frustrasie want ek kon nie bereik wat ek wou;  ook depro en frusatrasie oor werklikheid waarna ek moes terugkeer na ontsnapping deur fantasie;  ek kon nie die hartseer wegwerk om blywend gelukkig en vredevol te voel nie, was ‘n doodloopstraat.

**Onderhoud 10:** Gerigtheid van kreatiwiteit, huidige kreatiwiteitsbeoefening, voornemens en verwagtings van die toekoms, veral met betrekking tot kreatiwiteitsbeoefening

Op wie was jou kreatiwiteit gerig voor jou oorgawe 3 jaar gelede? (**KGER**)

Beslis nie op God nie; sou dalk gouer beter gegaan het as dit nie mensgerig was nie; ek het jarelank net ter wille van myself my kreatiwiteit beoefen; het eers later besef dat ek ‘n beelddraer van God is, dat God my die talent gegee het en dat ek dit vir Hom moet beoefen.

Hoe beoefen jy huidiglik jou kreatiwiteit? (**KHB**)

Ek’t eers naaldwerk begin om pa te “spite”, te wys ek kan. Nou – vir my vervullend, ek “dien” my kinders met mooi rokkies vir hulle optredes; God help my om kunstig te werk sonder enige opleiding; ek help dikwels ander met hulle lappies- of hekelwerk, dis vir my lekker om deur middel van my kreatiwiteit uit te reik; ek kan ook nou iets kreatiefs doen sonder die ondersteuning van ‘n “kunsmaat” – God is my bron van hulp en inspirasie, ek kan werk en op my eie aangaan met die grootste Skepper aan my sy – my Hemelse Vader.

Wat is jou voornemens en verwagtings oor die toekoms, veral wat jou kreatiwiteit betref? (**KTOEK**)

Ek wil nog ‘n ontwerpkursus doen, maar God sal die pad oopmaak; ek wil kinderstories skryf, self illustreer en dit laat publiseer – dit moet iets in kinders se lewens beteken; ek’s onseker en bekommerd oor finansies, maar is positief en hoopvol want God sal sorg; in my ouerhuis was welvaart, maar nie geluk nie – ‘n gelukkige huwelik, die genot van eenvoudige dinge wat nie geld kos nie en die dien van mekaar ook in klein dingetjies wat baie meer as rykdom beteken.

**BYLAAG B – DEEL 1**

**a) Identifiseer** watter leuens jy vir jouself omtrent die gebeure vertel het deur ‘n regmerkie aan die einde van die leuen te maak:

i) Wat gebeur het was my skuld;

________________________________________________________________________

ii) Ek moet ‘n slegte persoon wees om dit te veroorsaak het;

________________________________________________________________________

iii) As ek anders opgetree het, sou dit nie gebeur het nie;

________________________________________________________________________

iv) Ek verdien om só behandel te word;

________________________________________________________________________

v) Daar is iets met my verkeerd wat sulke optrede veroorsaak;

________________________________________________________________________

vi) Ek is nie waardig om bemin te word nie;

________________________________________________________________________

vii) Die toekoms sal net dieselfde wees.

________________________________________________________________________

**b) Identifiseer** watter emosies jy die meeste as gevolg van die negatiewe gebeure ervaar het deur die emosie te onderstreep:

seer woede vernedering angs depressie skaamte.

**c) As aktiwiteit vir die veranderingsfase: wysig die leuens wat gedurig in die algemeen vir die self omtrent die negatiewe gebeures vertel is deur ‘n volwasse waarheid in die oop spasie by B –1a in te vul.**

**BYLAAG B – DEEL 2**

**Identifiseer 5 / 6 van die ergste gebeure in jou kinderjare. Vul die gebeure (aktiveerder), die gepaardgaande emosie en die gevolglike optrede / reaksie, maar laat kolom 2 oop wat eers in die interpretasie- fase ingevul word.**

| Aktiveerder | Beskouing/Denke | Emosies | Optrede/Reaksie |
|---|---|---|---|
| 1. | | | |
| | | | |
| 2. | | | |
| | | | |
| 3. | | | |
| | | | |
| 4. | | | |
| | | | |
| 5. | | | |
| | | | |
| 6. | | | |
| | | | |

**BYLAAG B – DEEL 3**

**Vul weer die gebeure in, maar wysig die beskouing / denke daaromtrent. Vul daarna in hoe dit nou jou emosie en jou gevolglike optrede / reaksie omtrent die gebeure verander.**

| Nuwe beskouing/Denke | Nuwe gevoel | Nuwe Reaksie/Optrede |
|---|---|---|
| 1. | | |
| | | |
| 2. | | |
| | | |
| 3. | | |
| | | |
| 4. | | |
| | | |
| 5. | | |
| | | |
| 6. | | |
| | | |

**BYLAAG C – DEEL 1**

**a) Identifiseer jou ouer(s) se opinies oor jou wat jou lewe oorheers en vals geloofsvoorstelling by jou laat ontstaan het oor jou vermoëns**

**Ouer(s) se opinie**

______________________________________________________________________

**Nuwe waarheid** ______________________________________________________

**Ouer(s) se opinie**

______________________________________________________________________

**Nuwe waarheid**______________________________________________________

**Ouer(s) se opinie**

______________________________________________________________________

**Nuwe waarheid** ______________________________________________________

**Ouer(s) se opinie**

______________________________________________________________________

**Nuwe waarheid** ______________________________________________________

**b) Verander in die veranderingsfase die ouer(s) se opinie deur dit met 'n feitelike of rasionele waarheid oor jouself in die oop spasie in C – 1a te vervang, byvoorbeeld: "Jy sal nooit slaag nie" , maar nuwe waarheid – "Dit is nie waar nie want ek het gegradueer" of "Ek is suksesvol in baie dinge".**

**BYLAAG C – DEEL 2**

**DIE TWINTIG "EK KAN'S" VAN SUKSES**

1. Waarom sal ek sê ek kan nie terwyl die Bybel sê ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee (Fil. 4:13)?

2. Waarom sal ek gebrek ly as ek weet God sal ryklik in elke behoefte van my voorsien volgens sy oorvloedige rykdom in Jesus Christus (Fil. 4:19)?

3. Waarom sal ek vrees as die Bybel sê God het my nie 'n gees van lafhartigheid gegee nie, maar een van krag en selfbeheersing (2 Tim. 1:7)?

4. Waarom sal ek 'n tekort aan geloof hê om my roeping te vervul as ek weet God het my 'n maat geloof toebedeel (Rom. 12:3)?

5. Waarom sal ek swak wees as die Bybel sê dat die Here die krag van my lewe is en dat ek krag sal openbaar en daadwerklik sal optree omdat ek God ken (Ps. 27:1; Dan. 11;32)?

6. Waarom sal ek Satan toelaat om oor my lewe te heers as Hy wat in my is, groter is as hy wat in die wêreld is (1 Joh. 4;4)?

7. Waarom sal ek neerlaag ly as die Bybel sê dat God my altyd tot oorwinning lei (2 Kor. 2:14)?

8. Waarom sal ek 'n tekort aan wysheid hê as Christus vir ons die wysheid geword het wat van God kom en God my ryklik wysheid skenk as ek daarom vra (1 Kor. 1:30; Jak. 1:5)?

9. Warom sal ek teneergedruk wees as ek God se liefde, ontferming en trou kan onthou en hoop het (Klaagl. 3:21-23)?

10. Waarom sal ek my bekommer en verknies as ek my sorge kan werp op Christus wat vir my omgee (1 Pet. 5:7)?

11. Waarom sal ek ooit in slawerny wees as ek weet dat daar vryheid is waar die Gees van die Here is (Gal. 5:1)?

12. Waarom sal ek oordeel ervaar terwyl die Bybel sê dat ek vry van oordeel is omdat ek in Christus is (Rom. 8:1)?

13. Waarom sal ek eensaam voel terwyl Jesus gesê het Hy is altyd met my en Hy sal my nooit begewe of verlaat nie (Matt. 28:20; Heb. 13:5)?

14. Waarom sal ek voel asof ek beskuldig word of dat ek ‘n slagoffer van ongeluk is wanneer die Bybel sê dat Christus my van die vloek van die wet vrygespreek het sodat ek sy Gees kan ontvang (Gal. 13, 14)?

15. Waarom sal ek ontevrede voel wanneer ek, soos Paulus, kan leer om in alle omstandighede tevrede te wees (Fil. 4:11)?

16. Waarom sal ek waardeloos voel wanneer Christus namens my die sonde geword het sodat ek die geregtigheid van God in Hom kan word (2 Kor. 5:21)?

17. Waarom sal ek aan ‘n vervolgingswaan ly wanneer ek weet dat niemand teen my kan wees as God vir my is nie (Rom. 8:31)?

18. Waarom sal ek verward wees terwyl God die outeur van vrede is en Hy my kennis gee deur sy Gees wat in my woon (1 Kor. 14:33;  2:12)?

19. Waarom sal ek soos ‘n mislukking voel wanneer ek die oorwinnaar van alle dinge deur Christus is (Rom. 8:37)?

20. Waarom sal ek die sorge van die lewe my laat onderkry terwyl ek bemoedig kan word deur die wete dat Jesus die wêreld en al sy moeilikhede oorwin het (Joh. 16:33)?

(Anderson & Park, 2003:93-95)

**BYLAAG D – DEEL 1:**

**a) Identifiseer jou persepsies oor God deur ‘n reg merkie langs die steling te maak**

**b) As ‘n nuwe persepsie van God, vul in die oop spasie in D – 1a ‘n Skrifwaarheid in om jou wanpersepsie van Hom teë te staan nádat D – 2 en 3 bestudeer is.**

**a) Wanpersepsies van God**

- Ek is onwaardig vir God se liefde;

  ______________________________________________

- Ek kan God nie vertrou nie;

  ______________________________________________

- Ek moet iets doen / presteer om vir God aanvaarbaar te wees;

  ______________________________________________

- Ek dink nie God het my onvoorwaardelik lief nie;

  ______________________________________________

- Ek vrees God want Hy wag dat ek fouteer / misluk en sal my straf;

  ______________________________________________

- God is ver en verwyderd;

  ______________________________________________

- God hoor nie as ek bid nie;

  ______________________________________________

**BYLAAG D – DEEL 2**

**GOD SE EIENSKAPPE**

1. **God bestaan van ewigheid af – Hy is nie geskep nie en het geen begin / einde nie** (Ps. 90:2).

2. **God is almagtig** (Gen. 17:1, 35:11; Eks. 6:2; Job. 42:2; Ps. 91:1; Jes. 37:16, 48:13, 51:15; Ef. 3:20; 2 Kor. 6:18; Open. 1:18, 4:8, 11:17).

3. **God is alomteenwoordig** (Ps. 139:7-10).

4. **God is alwetend en sal nooit onverhoeds betrap word nie** (Ps. 147:5; Rom. 11:33-36).

5. **God is heilig, daar is niemand soos Hy nie, Hy is absoluut volmaak, anders as enigeiemand, asook rein en regverdig** (Lev. 11:44; 1 Sam. 2:2; Ps. 22:4, 99:3; Jes. 6:3; Open. 15:14).

6. **God is groot en goed** (Ps. 25:8, 68:11, 145: 3, 7, 9; Hos. 3:5).

7. **God is regverdig en straf die skuldiges, maar beloon die regverdiges** (Deur. 32:4; Esra 9:15; Neh. 9:8; Ps. 7:10, 12, 119:137, 145:8; Jer. 12:1; Joh. 17:25).

8. **God is genadig** (Ps. 112:4; Rom. 9:15).

9. **God is liefde – onselfsugtig en alles vir die mens se beswil** (Ef. 2:4-7; 1 Joh. 4:8).

10. **God is geduldig en lankmoedig** (Ps. 103:8, 145:8).

11. **God is onveranderlik** (Deut. 32:4; Jes. 41:13; Mal. 3:6; Jak. 1:17).

12. **God is aanbiddelik** (Ps. 29:2, 32:6, 95:6; Matt. 4:10, 28:9; Joh. 4:23; Open. 7:11).

13. **God is ‘n Heerser** (Eks. 21:5-6; Rom. 1:21-25).

14. **God is betroubaar** (Ps. 25:3, 93:5, 111:7;Jes. 33:6, 45:23, 49:23, 50:7; 1 Tim 1:15, 4:9; 2 Tim. 2:11; Titus 3:8; Open. 21:5).

15. **God is enig en onvergelyklik** (Deut. 6:4; Jes. 40:18, 26, 45:4c, 22, 46:9; Mark. 12:29; 1 Kor. 8:6).

16. **God is getrou** (Ps. 146:6; 1 Kor. 1:9; 2 Tess. 3:3; Heb. 10:23).

**17. God is ondeurgrondelik** (Ps. 145:3; Pred. 3:11, 8:17, 11:5; Jes. 55:8-9).

**18. God is magtig** (Deut. 10:17; Neh. 9:32; Job. 12:13; Jes. 63:1; Rom. 11:23; 2 Kor. 9:8).

**19. God is hoop** (Rom. 15:13).

**20. God is waarheid** (Deur. 32:4).

**21. God is kragtig** (Ps. 118:15, 16; Luk. 19:37; 1 Kor. 2:5, 6:14; Heb. 4:12; 1 Joh. 4:4).

**22. God is majesteit** (Ps. 8:2, 21:6, 104:1; 2 Pet. 1:16).

**23. God is wysheid** (Esra 7:25; Job. 12:13; Rom. 11:33; 1 Kor. 1:24; Ef. 3:10).

**24. God wonderbaar en wonderlik** (Ps. 119:129, 139:14, 145:5; Jes. 9:5; Joël 2:26; 1 Pet. 2:9).

**25. God is vrede** (Rig. 6:24; Jes. 9:6; Rom. 5:1; 1 Kor. 14:33; Fil. 4:7; Kol. 3:15).

**26. God is lig** (Job. 36:3; Ps. 36:10, 43:3; Joh. 12:36 - Jesus; 1 Joh. 1:5).

**27. God is ewig** (Gen. 21:33; Eks. 15:18; Deut. 33:27; Ps. 90:2; Jes. 9:5, 26:4, 40:28; Rom. 1:2, 16:26).

**28. God is sterk** (Deut. 4:34; Jos. 4:24; Neh. 1:10; Ps. 24:8; Jes. 9:5; Open. 18:8).

**29. God is goedertierend en barmhartig** (goedertierend - Ps. 147:3; Jer. 3:12; Luk. 6:35; 1 Pet. 2:3; barmhartig - Eks. 34:6; Deut. 4:31; 2 Kron. 30:9; Ps. 103:8, 145:8-9; Heb. 2:17, 8:12).

**30. God is ‘n vader vir die vaderlose** (Ps. 27:10, 68:6).

**31. God is ‘n leidsman / rigtinggewer** (Spr. 8:32; Jes. 48:17; Matt. 6:13).

**32. God is ‘n raadgewer / raadsman** (Eks. 18:19; Ps. 32:8, 73:24; Jes. 9:6).

**33. God is ‘n herder** (Gen. 48:15; Ps. 23:1; Jes. 40:11; Jer. 3:15; 1 Pet. 2:25).

.

**BYLAAG D – DEEL 3**

**WAT GOD BY UITNEMENDHEID GEE / DOEN**

1. **God gee onvoorwaardelike liefde** (Ps. 103:17; Jer. 31:3, 43:4; Ef. 2:4, 3:18-19; Kol. 3:12; 2 Tess. 2:16, 3:3; 1 Joh. 4:19).

2. **God gee vrede en rus, asook blydskap** (1 Kron. 22:9; Ps. 29:11; Jes. 26:12; Joh. 14:27; Rom. 1:7; 2 Tess. 3:16; Matt. 11:28; Ps. 4:8, 43:4; Rom. 15:13).

3. **God gee genade** (Rom. 5:15; 1 Kor. 1:4; 2 Kor. 12:9; Ef. 1:2).

4. **God gee krag** (Deut. 6:18; Ps. 18:33; Ef. 1:19; Gal. 3:5).

5. **God gee troos en bemoediging** (Rom. 15:5).

6. **God gee die Heilige Gees as Trooster, blydskap en bemagtiger** (Joh. 14:16, 26; Joh. 15:26; Joh. 16:7; Hand. 1:8; Rom. 14:17, 15:13; Ef. 3:16; Gal. 5:22).

7. **God gee sy ewige bystand en teenwoordigheid** (Gen. 21:22; Deut. 31:6; Ps. 16:8, 27:10; Jes. 33:6; 2 Tim. 4:16-17; Hebr. 13:5).

8. **God gee raad** (Eks. 18:19; Ps. 32:8, 73:2; Jes. 9:6) en **gee rigting / lei** (Spr, 8:32; Jes. 48:17; Matt. 6:13)

9. **God troos / ontferm** (Ps. 86:17, 94:19; Jes. 66:13; 2 Kor. 1:3-6, 7:6).

10. **God versorg** (Ps. 37:15; Jes. 40:11; Matt. 6:25-32; Fil. 4:6; 1 Pet. 3:12, 5:7).

11. **God help / red en voorsien** (Jes. 50:7; Sef. 3:17; Hebr. 13:5; Gen. 22:8; Fil. 4:19).

12. **God beskerm** (Jos. 1:9; Ps.27:1, 91:14-15; Jes. 41:13, 42:6; Jer. 16:19; 2 Tim. 4:16-17).

13. **God genees** (Eks. 15:26; Ps. 147:3; Jes. 30:26).

14. **God bewaak / bewaar** (Job. 7:20; Ps. 121:3-8; Fil. 4:7; 2 Tess. 3:3).

15. **God onderrig** (Eks. 18:20; Deut. 4:36; 1 Sam. 12:23; Ps. 32:8; Jes. 28:26; Joh. 6:45; Ef. 4:21; 1 Tess. 4:9).

16. **God beantwoord / hoor gebed** (Ps. 1:15, 4:4, 86:7, 102:18; 1 Joh. 5:14-15).

**BYLAAG E – DEEL 1**

**a) Identifiseer die negatiewe boodskappe wat van jou ouer(s) omtrent jouself ontvang is wat negatiewe denke oor jouself laat posvat het.**

**Boodskap**_______________________________________________

**Feitelike waarheid** __________________________________________

**Boodskap**_______________________________________________

**Feitelike waardheid**__________________________________________

**Boodskap**_______________________________________________

**Feitelike waarheid**__________________________________________

**Boodskap**_______________________________________________

**Feitelike waarheid**__________________________________________

**Boodskap**_______________________________________________

**Feitelike waarheid**__________________________________________

**Boodskap**_______________________________________________

**Feitelike waarheid**__________________________________________

**b) Vul by die veranderingsfase 'n feitelike waarheid oor jouself in die oop spasie onder die negatiewe boodskap in E – Ia, in.**

**BYLAAG E – DEEL 2:**

**Identifiseer jou negatiewe selfspraak ten op sigte van die Aktiveerder (gebeure), jou Selfspraak (beskouing / denke), jou Emosie en daarna jou Optrede / Reaksie.**

| **Aktiveerder** (Gebeure) | **Beskouing** (Selfspraak) | **Emosies** | **Optrede/Reaksie** |
|---|---|---|---|
| **1.** | | | |
| | | | |
| **2.** | | | |
| | | | |
| **3.** | | | |
| | | | |
| **4.** | | | |
| | | | |
| **5.** | | | |
| | | | |
| **6.** | | | |
| | | | |

**BYLAAG E – DEEL 3:**

**Vul in die veranderingsfase weer die gebeure (aktiveerder) in, maar wysig nou jou negatiewe selfspraak (beskouing) oor die gebeue en daarna hoe dit jou negatiewe emosie en optrede / reaksie sal verander.**

| **Nuwe beskouings / denke**<br>(Nuwe Selfspraak) | **Nuwe emosie** | **Nuwe Optrede/Reaksie** |
|---|---|---|
| **1.** | | |
| | | |
| **2.** | | |
| | | |
| **3.** | | |
| | | |
| **4.** | | |
| | | |
| **5.** | | |
| | | |
| **6.** | | |
| | | |

**BYLAAG F – DEEL 1**

**Identifiseer watter gewoontepatrone in verhoudings op jou van toepassing is en spesifiseer hoe jy optree.**

**a) Isoleer / opkrop** (sê / doen niks, steek gevoelens weg, voorgee)

______________________________________________________________________

**b) Aanval** (gil, slaan, breek goed, kwaai kyke, intimideer)

______________________________________________________________________

**c) Indirekte aanval** (afsydigheid, sarkasme, sinisme, onttrekking, die rug draai / ignoreer)

______________________________________________________________________

**d) Self-medikasie** (dwelms, alkohol, kos, seks, werk, T.V. kyk)

______________________________________________________________________

**e) Verbale defensiwiteit** (verdedig die self deur middel van argumente, verduidelikings, verontskuldigings, kwaai terugkap)

______________________________________________________________________

**Bestudeer ná voltooiing van F - Deel 1, F – Deel 2 en 3 vóórdat Deel 4 aangepak word.**

**BYLAAG F – DEEL 2**

**STAPPE TOT GEDRAGSVERANDERING**

**1. Stop die verkeerde gedrag** – sien ‘n groot rooi verkeerslig met ‘n afkeurende gesig wat jou aangluur.

**2.** Besluit wat jy **dink en voel.**

**3.** Vra jouself af of die **situasie / aktiveerder** die sterk emosie regverdig.

**4.** Besluit of die **emosie en optrede** bevorderlik is vir jouself, ander én God.

**5.** Identifiseer watter van jou **behoeftes onbevredig** is, byvoorbeeld aanvaarding / respek.

**6.** Neem ‘n **wilsbesluit** om dadelik ánders op te tree.

**7. Gee oor aan God** – die gedagtes, gevoelens en gedrag.

**8. Stap saam met God** die veranderingspad.

**BYLAAG F – DEEL 3**

**GESPREKSITUASIE NA IDENTIFISERING VAN ‘N ONBEVREDIGDE BEHOEFTE**

**Die volgende gesprek kan dan plaasvind:**

Pers.A. “Ek voel dat jy my nie nou gerespekteer / aanvaar het nie”.

Pers.B. “Wat het ek gedoen om jou te laat voel dat ek jou nie .......?”

Pers. A. “Jy het.......”.

Pers. B. “Hoe sal jy graag wil hê dat ek in die toekoms moet optree sodat jy gerepekteer / aanvaar voel?”

Indien die 2de persoon kan leer om só te reageer, sal kommunikasie bevorder word en die 1e persoon sal leer om elke keer gevoelens te uiter, in plaas daarvan om in woede uit te bars.

**BYLAAG F – DEEL 4**

**Vul by die veranderingsfase 'n gewysigde optrede in die oop spasie onder die verkeerde gedragspatroon wat in F – Deel I geÏdentifiseer is, in.**

**a) Isoleer / opkrop** (sê / doen niks, steek gevoelens weg, voorgee)

______________________________________________________________________

**b) Aanval** (gil, slaan, breek goed, kwaai kyke, intimideer)

______________________________________________________________________

**c) Indirekte aanval** (afsydigheid, sarkasme, sinisme, onttrekking, die rug draai / ignoreer)

______________________________________________________________________

**d) Self-medikasie** (dwelms, alkohol, kos, seks, werk, T.V. kyk)

______________________________________________________________________

**e) Verbale defensiwiteit** (verdedig die self deur middel van argumente, verduidelikings, verontskuldigings, kwaai terugkap)

______________________________________________________________________

**BYLAAG G – DEEL 1**

**Identifiseer die gedragstrategieë wat jy gebruik om die ouerverwerping in die kinderjare te verwerk waarvan die meeste deur middel van jou kreatiwiteit is.**

**Identifiseer** watter strategieë jy veral in jou kreatiwieitsbeoefening, gebruik om jou lewe self te beheer in ‘n poging om die ouerverwerping in die kinderjare te verwerk, asook hoe jy dit doen:

- perfeksionisme;

  ______________________________________________________________________

- verslawing aan werk, kos /  substanse;

  ______________________________________________________________________

- selfbeskermingsmure

  ______________________________________________________________________

- najaag van mense se erkenning, goedkeuring en / of lof;

  ______________________________________________________________________

- ontvlugting deur fantasie / fiksie.

  ______________________________________________________________________

**BYLAAG G – DEEL 2:**

**By die veranderingsfase vul in die oop spasie 'n gewysigde strategie in onder die strategie wat reeds in G – 1 geÏdentifiseer is.**

- perfeksionisme;

  ______________________________

- verslawing aan werk, kos / substanse;

  ______________________________

- selfbeskermingsmure

  ______________________________

- najaag van mense se erkenning, goedkeuring en / of lof;

  ______________________________

- ontvlugting deur fantasie / fiksie.

  ______________________________

**BYLAAG H – DEEL 1**

**JOU IDENTITEIT IN CHRISTUS**

Ek is die sout van die aarde (Matt. 5:13).

Ek is die lig van die wêreld (Matt. 5:14).

Ek is ‘n kind van God (Joh. 1:12).

Ek is Christus se vriend (Joh. 15:15).

Ek is ‘n slaaf van die geregtigheid (Rom. 6:18).

Ek is in diens van God (Rom. 6:22).

Ek is ‘n seun van God; God is my geestelike Vader (Rom. 8:14, 15; Gal. 3:26; 4:6).

Ek is ‘n mede-erfgenaam van Christus wat sy erfenis met my deel (Rom. 8:17).

Ek is een met die Here en my gees is een met sy Gees (1 Kor. 6:17).

Ek is ‘n lid van Christus se liggaam (1 Kor. 12:27; Ef. 5:30).

Ek is nuut geskep (2 Kor. 5:18, 19).

Ek is ‘n erfgenaam van God omdat ek ‘n seun van God is (Gal. 4:6,7).

Ek is ‘n heilige (Ef. 1:1; 1 Kor. 1:2; Fil. 1:1; Kol.1:2).

Ek is ‘n lid van God se familie (Ef. 2:19).

Ek is geregtig en heilig (Ef. 4:24).

Ek is ‘n hemeling wat reeds plek in die hemel het (Fil. 3:20; Ef. 2:6).

Ek gee uitdrukking aan Christus se lewe omdat Hy my lewe is (Kol. 3:4).

Ek is deur God uitverkies, geheilig en Hy het my waarlik lief (Kol. 3:12; 1 Tess. 1:4).

Ek is ‘n seun van die lig en nie van die duisternis nis (1 Tess. 5:5).

Ek is ‘n heilige deelnemer aan ‘n hemelse roeping (Heb. 3:14).

Ek het ‘n deel aan Christus; ek deel in sy lewe (Heb. 3:14).

Ek is een van God se lewende stene wat ingebou word in Christus as geestelike huis (1 Pet. 2:5).

Ek is ‘n lid van die uitverkore ras, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige nasie, God se eiendomsvolk (1 Pet. 2:19, 20).

Ek is ‘n vyand van die duiwel (1 Pet. 5:8).

Ek is ‘n kind van God en ek sal soos Christus wees wanneer Hy terugkom (1 Joh. 3:1, 2).

Ek is uit God gebore en die Bose – die duiwel – kan my nie aanraak nie (1 Joh. 5:18).

Ek is nie die groot “Ek is” nie (Eks. 3:14), maar deur die genade van God is ek wat ek is (1 Kor. 15:10).

(Anderson & Park, 2003: 72-73)

**BYLAAG H – DEEL 2**

**DRIE WAARHEDE OOR JOU IDENTITEIT**

**Ek is aanvaar**

| | |
|---|---|
| Joh. 1:12 | Ek is God se kind |
| Joh. 15:15 | Ek is Jesus se gekose vriend/in |
| Rom. 5:1 | Ek is deur God geheilig en aanvaar (geregverdig) |
| 1 Kor. 6:17 | Ek is verenig met die Here en een met Hom in die Gees |
| 1 Kor. 6:20 | Ek is teen 'n prys gekoop – ek behoort aan God |
| 1 Kor. 12:27 | Ek is lid van Christus se Liggaam; deel van sy familie |
| Efes. 1:5 | Ek is aangeneem as God se kind |
| Ef. 2:18 | Ek het direkte toegang tot God deur die Heilige Gees |
| Kol. 1:14 | Ek is teruggekoop (gered) en al my sondes is vergewe |
| Kol. 2:10 | Ek is volledig in Christus |

**Ek is veilig / geborge**

| | |
|---|---|
| Rom. 8:1-2 | Ek is vry van straf / veroordeling |
| Rom. 8:28 | Ek is verseker dat alle dinge ten goede sal saamwerk |
| Rom. 8:31 | Ek is vry van enige veroordelende aanklagte teen my |
| Rom. 8:35 | Ek kan nie van die liefde van Christus geskei word nie |
| 2 Kor. 1:21 | Ek is gevestig, gesalf en verseël deur God |
| Kol. 3:3 | Ek is weggesteek met Christus in God |
| Fil. 1:6 | Ek is seker dat die goeie werk wat God in my begin het, voltooi sal word |
| Fil. 3:20 | Ek is 'n burger van die hemel |

| | |
|---|---|
| 2 Tim. 1:7 | Ek is nie ‘n gees van vrees gegee nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing |
| Heb. 4:16 | Ek kan in tyd van nood, genade en barmhartigheid vind |
| 1 Joh. 5:18 | Ek is uit God gebore en die bose kan my nie aanraak nie |

**Ek is belangrik**

| | |
|---|---|
| Matt. 5:13 | Ek is die sout en lig vir almal om my |
| Joh. 15:1, 5 | Ek is deel van die ware wynstok, verbonde aan Christus en instaat om baie vrugte te dra |
| Hand. 1:8 | Ek is ‘n persoonlike getuie van Christus |
| 1 Kor. 3:16 | Ek is God se tempel, ‘n woonplek waar die Heilige Gees lewe / woon |
| 2 Kor. 5:17-19 | Ek het vrede met God, en Hy het my die werk gegee om ook met ander mense vrede te maak; ek is ‘n bedienaar van versoening |
| 2 Kor. 6:1 | Ek is God se mede-werker |
| Ef. 2:6 | Ek is gesetel in die hemel met Christus |
| Ef. 2:10 | Ek is God se vakmanskap – sy handewerk – nuut gebore in Christus om sy werk te doen |
| Ef. 3:12 | Ek mag God met vryheid en vertroue nader |
| Fil. 4:13 | Ek kan alles doen deur Christus wat my die krag gee |

(Anderson & Park, 2003:46-47)

**BYLAAG H – DEEL 3**

**WAT JY IN CHRISTUS IS EN KAN DOEN**

**Jy is:**

- God se ambassadeur en verteenwoordiger op aarde (2 Kor. 5:20)
- ‘n broer en suster van Jesus Christus (Heb. 2:11-12)
- mede-erfgenaam saam met Christus (Gal. 4:5-7)
- kind van God (Ef. 1:4-6; 1 Joh. 3:1)
- van oneindige waarde (1 Pet. 1:18)
- ‘n spesiale, unieke en besonderse skepping van God (Ps. 139:13-16)
- ‘n Godgeskape wese met God se natuur in jou, met eer en heerlikheid gekroon (Gen. 1:27; Ps. 8:6)

**Jy kan:**

- die lewe doelgerig en sinvol begin inrig in ooreenstemming met jou besonderse skeppingsdoel (Ef. 1:4-5,11)
- met waardigheid en vertroue begin optree want jou waarde word deur Christus bepaal en deur Hom is jy tot alles in staat (Fil. 4:13)
- begin uitsien na die toekoms omdat jy glo dat jou arbeid in die Here nie tevergeefs sal wees nie (1 Tim. 6:19; 2 Tim. 4:8)

(Thurman, 1999:219-225; Anon, 2002:51)

**BYLAAG I - DEEL 1**

**GOD, DIE MODEL VADER**

**Hy is:**

- barmhartig en vol ontferming (Ps. 103: 13-14);
- genadig en regverdig (Luk. 6:36);
- medelydend en vergewend (Luk. 15:20-24);
- versorgend en vol omgee (Eks. 9:5; Luk. 11:11-13);
- geduldig (Jer. 31:3).

**BYLAAG I - DEEL 2**

**HOE GOD ONS VADER GEWORD HET**

- **Hy het ons gemaak –** Gen. 2:7, 64:8; Ps.8:6, 119:73, 139:14; Ef. 4:24.
- **Hy het ons gekies –** Joh. 15:16; Rom. 8:29; Ef. 1:4-5; Kol. 3:
- **Hy het ons met Hom versoen deur Christus –** Joh. 10:15; 1 Kor. 3:23; Kol. 1:15, 19,22; Kol. 2:9.
- **Hy het ons as kinders aangeneem –** Joh. 1:12; Rom. 8:15-16; Gal. 4:6-7; Ef. 2:19; 1 Joh. 3:1.

**BYLAAG I - DEEL 3**

**GOD SE LIEFDE**

**Sy liefde is:**

- onwankelbaar, onveranderlik en ewig (Deut. 32:4; Jes. 54:10);
- lojaal en intens (Jes. 63:15);
- vol toegeneentheid (Ps. 103:8);
- teer en vol medelye (Jer. 3:20; Hosea 11:3-4);
- helend (Ps. 147:3; Jes. 29:6; Jes. 45:9; Jer. 18:6);

- onvoorwaardelik (Ps. 103:17; Jes. 31:3, 43:4;  Ef. 2:4, 3:18-19;  Kol. 3:12;  2 Tess. 2:16, 3:3;  1 Joh. 4:19);
- onbegrens in grootte (Ef. 3:19);
- innig en barmhartig (Ef. 2:4);
- offervaardig want Hy het sy Seun gegee (Rom. 5:7-8; 1 Joh. 4:9-10);
- só groot dat Hy ons sy kinders noem (1 Joh. 3:1).

**BYLAAG J**

**JOU AANDEEL OM 'N VERHOUDING MET GOD OP TE BOU**

**Leer God ken:**

1. **Lees sy Woord en hoor sy boodskap** (Ps. 119:11. 105, 133).

2. **Bid tot Hom en praat met Hom** (Jes. 49:8; Luk. 18:1; Ef. 6:18; 1 Tess. 5:17; Jak.5:16).

**Jou antwoord / aandeel:**

1. **Bemin God** (Deut. 6:5; Ps. 18:2, 31:24; Matt. 22:37; 1 Joh. 4:19).

2. **Vertrou God** (Ps. 4:16, 9:11; Jes. 36:7; Jer. 17:7; Dan. 6:24; Matt. 27:43; 2 Kor. 18:22).

3. **Dank God** (Ef. 5:20; Kol. 3:17; 1 Tess. 5:18).

4. **Gehoorsaam God** (Pred. 12:13; Ef.5:17).

5. **Dien God** (Eks. 23:25; Deur. 10:12; Ps. 100:2; Matt. 4:10; Rom. 12:11).

6. **Eer en verheerlik God** (Ps. 86:12; Joh. 5:23, 15:8; 1 Kor. 10:31; 1 Pet. 4:10-11).

7. **Aanbid God** (Neh. 8:7, 9:3; Ps. 29:2, 96:9; Luk. 4:8).

8. **Loof en prys God** (Ps. 34:2, 139:14, 145:1; Jes. 42:10; Jer. 17:14; Hab. 3:3; Joël 2:26; Luk. 18:43).

## BIBLIOGRAFIE

AKISKAL, H.S. & AKISKAL, K.K. 2007. In search of Aristotle: Temperament, human nature, melancholia, creativity and eminence. *Journal of Affective Disorders*, 100 (1-3):1-6, Jun.

ALLEN, P.B. 1995. Art is a way of knowing. A guide to self-knowledge and fulfilment through creativity. London: Shambhala Publications, Inc.

ALEXANDER, P. 1991. Rough magic. A biography of Sylvia Plath. New York: Viking Penguin.

ALPERS, A. 1980. The life of Katherine Mansfield. London: Jonathan Cape Ltd.

ALVAREZ, A. 2005. Lawrence's poetry – the single state of mind. (*In* Spender, S., ed. D.H.Lawrence. Novelist, poet and prophet. London: Wiedenfeld & Nicholson. p. 210-223.)

AMBROSE, D., COHEN, L.N.M. & TANNENBAUM, A.J., eds., 2003. Creative intelligence toward theoretic intelligence. Cresskill: Hampton Press, Inc.

ANDERSON, T. & PARK, D. 2003. Overcoming negative self-image. Ventura: Regal.

ANDERSON, R.S. 1989. Self-care. A theology of personal empowerment and spiritual healing. Wheaton: Victor Books / S.P. Publications, Inc.

ANDREJEC, V. 2004. Art and religion. Creativity and the meaning of "image" from the perspective of the ortodox icon. *Theology Today*, 61(1): 53-66, Apr.

ANNAS, P.J. 1988. A disturbance in mirrors. The poetry of Sylvia Plath. New York: Greenwood Press.

ANON. 1994. Venster op die kunste. Christelike perspektiewe. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

ANON. 2001. Die drie formuliere van eenheid. Nederlandse geloofsbelydenis. Psalmboek. Die berymde en omgedigte psalms en ander Skrifberymings. Wellington: N.G.Kerk Uitgewers.

ANON. 2002. Filadelfiia Bybelse Berading. Mod. 2. Bloemfontein: Filadelfia Opleidingsentrum.

ANON. 2004. A brief flash of genius. *Your family*, December:130-133.

ANON. Dali - skildery. [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/The_Sacrament of_the_Last_Supper [Datum van gebruik: 26 November 2010].

ANON. Folk art from the South-West - biography of Lydia Garcia. [Web:] campus.udayton.edu/marygallery/garcia.html [Datum van gebruik: 13 Desember 2011].

ANON. Picasso - skilderye. [Web:] http://www.abcgallery.com/P/picasso [Datum van gebruik: 11 Desember 2010].

ANON. Rembrandt - skildery. [Web:] http://www.1st-art-gallery.com/Rembtandt-Van-Rijn [Datum van gebruik: 12 Desember 2010].

ANON. Van Gogh - skildery. [Web:] http://www.vangoghgallery.com/painting [Datum van gebruik: 11 Desember 2010].

ANSELL, C. 1978. Psychoanalysis and poetry. (I*n* Lerner, A., ed. Poetry in the therapeutic experience. New York: Paragon Press. p.12-23.)

APPLETON, W.S. 1982. Fathers and daughters. A father's powerful influence on a woman's life. London: Papermac.

ARBONA, C. & POWER, T.G. 2003. Parental attachment, self-esteem and antisocial behaviours among African, American, European American and Mexican American adolescents. *Journal of Counseling Psychology*, 50(1):40-51.

ASHBROOK, J.B. 1996. Minding the soul. Pastoral Counselling as remembering. Minneapolis: Fortress Press.

ATKINS, R.N. 1982. Discovering daddy: the mother's role. (*In* Cath, S.H., Gurwitt, A.R. & Ross, J.M., eds. Father and child. Boston: Little, Brown & Co. p.139-149.)

AUGUSTINE, S. 2005. When your past is hurting your present. Eugene: Harvest House Publishers.

AVIS, P. 1999. God and the creative Imagination. Metaphor, symbol and myth in religion. London: Routledge.

BAARD, M., KANNEMEYER, J.C., ROETS, K., STASSEN, N. & VIVIERS, M. 2005. Eugène N. Marais. Die volledige versamelde gedigte. Pretoria: Protea Boekhuis.

BABBIE, E. & MOUTON, J. 2004. The practice of social research. New York: Oxford University Press.

BABBIE, E. 2007. The practise of social research. Belmont: Thomas Wadsworth.

BAER, B. 1985. The rehabilitation influences of creative experience. *Journal of Creative Behaviour*, 19(3):202-214.

BAILEY, C.A. 2007. A guide to qualitative field research. Los Angeles: Pine Forge Press.

BAKER, J. 2007. Life's healing choices. Freedom from your hurts, hang-ups and habits. New York: Howard Books.

BAKKEN, K.L. 1985. The call to wholeness. Health as a spiritual journey. New York: Crossroad Publishing Co.

BARNES, M.C. 1991. Yearning. Living between how it is and how it ought to be. Downers Grove: InterVarsity Press.

BARRETT, C.K. 1973. The second epistle of the Corinthians. London: Adam & Charles Black.

BARTHOLOMEW, C.G. 1994. Dominion as key to understanding art. (*In* Venster op die kunste. Christelike perspektiewe. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. p.460-485.)

BARTHOLOMEW, C. 2000. In the fields of the Lord. Carlisle: Piquant.

BASDEN, A. 1998. Summary of Dooyeweerd's Cosmonomic Philosophy. [Web:] http://www.dooy.salford.ac.uk/summary.html [Datum van gebruik: 18 Mei 2009].

BAUMEISTER, R.F. & LEARY, M.R. 1995. The Need to belong: Desire for Personal Attachment as a Fundamental Human Motivation. *Psychological Bulletin*, 117 (3):505-522.

BEGBIE, J.S. 1991. Voicing creation's praise. Towards a theology of the arts. Edinburgh: T & T Clark.

BENNETT, G.C. 1981. The play's the thing – or is it? (*In* RYKEN, L. The Christian imagination. Essays on literature and the arts. Grand Rapids: Baker Book House. p. 277-383.)

BENNETT, T. & WOLLACOTT, J. 1987. Bond and beyond. The political of a popular hero. London: MacMillan Education Ltd.

BERK, M.S. & ANDERSON, S.M. 2000. The impact of past relationships on interpersonal behaviour: behavioural confirmation in the social-cognitive process of transference. *Journal of Personality and Social Psychology*, 79(4):546-562.

BEST, H.M. 2003. Unceasing worship. Biblical perspectives of worship and the arts. Downers Grove: InterVarsity Press.

BETENSKY, M. 1973. Self-discovery through self-expression. Use of art in psychotherapy with children and adolescents. Springfield: Charles C. Thomas Publisher.

BIRTSCHNELL, J. 1984. Art therapy as a form of psychotherapy. (*In* T. Dalley, ed. Art as therapy. An introduction to the use of art as a thearpeutic technique. London: Tavistock Productions. P. 33-42.)

BOBERSTEIN, J., ed. 1975. Christ and the meaning of life. A book of sermons and meditations of Helmut Thielecke. Michigan: Baker Book House.

BOA, K. 2001. Conformed to his image. Biblical and practical approaches to spiritual formation. Grand Rapids: Zondervan.

BORQUES, M. 2008. Overcoming the seven deadly emotions. Eugene: Harvest House Publishers.

BOTHA, E.M. 1994. Laat die literatuur klink. (*In* Venster op die kunste. Christelike perspektiewe. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. p. 43-49.)

BRADSHAW, J. 1990. Home coming. Reclaiming and championing your inner child. New York: Bantam Books.

BRATCHER, R.G. & REYBURN, W.D. 1991. A Translator's handbook on the Book of Psalms. New York: Pergamon Press.

BRINK, A. 2000. The creative matrix. Anxiety and the origin of creativity. New York: Peter Lang Publishers.

BRINK, A.P. 2009. Ek en Ingrid. *Sarie*, April: 60-67.

BROWN, W.S., MURPHY, N. & MALONY,H.N., eds. 1998. Whatever happened to the soul? Scientific and theological portraits of human nature. Minneapolis: Fortress Press.

BUFFINGA, N. 1930. Religie en kunst. Holland: Amsterdam Uitgeversmaatscgappij.

BUECHNER, F. 1992/3. Journey toward wholeness. *Theology Today*, 49 (4):456-464, Jan.

BURGER, C. 1991. Praktiese Teologie in Suid-Afrika. RGN-studies in metodologie. Pretoria: RGN-Uitgewery.

BURNS, G.W. ed. 2007. Healing with stories. New York: John Wiley & Sons, Inc.

BUTSCHER, E. 1976. Sylvia Plath. Method and madness. New York: Seaburg Press.

BYBEL. 1953. Die Bybel: ou vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CALVYN, J. 1984. [1559]. Institusie van die Christelike godsdiens. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds. Vertaal deur H.W. Simpson.

CARRICK, I. 1993. Creative spirituality. Remedy for a world in crisis. Fish Hoek: Ian Carrick.

CATH, S.H., GURWITT, A.R. & ROSS, J.M., eds. 1982. Father and child. Development and clinical perspectives. Boston: Little, Brown & Co.

CHAVEZ-EAKLE, R.A., LARA, MA.C. & CRUZ-FUENTEZ, C. 2006. *Creativity Research Journal*, 18(1):27-38.

CLOUD, H. 1996. Changes that heal. How to understand your past to ensure a healthier future. Grand Rapids: Zondervan.

COCHRAINE, R. & SOBOL, M. 1980. Life stresses and psychological results. (*In* Feldman, P. & Oxford, J., eds. Psychological problems. The social context. New York: John Wiley & Sons. p. 151-182.)

COETZER, W. 2006. Die moed van 'n leeu te midde van eiese en teleurstellings van die lewe. *Die Kerkblad.* 109, Jul. p. 18-19.

COLSON, J. 2004. Reclaiming occupied territory. The great commission and the cultural commission are not in competition. *Christianity Today*, 48(8): 64.

COOMBES, H. 2001. Research using it. Hampshire: Palgrave.

CORBIN, J. & STRAUSS, A. 2008. Basics of qualitative research. London: Sage Publications, Inc.

CRABB, L. 2005. Finding God. Waynesboro: Authentic Media.

CRABB, L. 2007. Inside out. Colorado Springs: Navpress.

DALLEY, T., ed. 1984. Art as therapy. An introduction to the use of art as a theapeutic technique. London: Tavistock Productions.

DANKER, F.W. 1989. Augsburg Commentary on the New Testament. 2 Corinthians. Minneapolis: Augsburg Publishing House.

DE GRUNCHY, J.W. 2001. Christianity, art and transformation. Theological aesthetics in the struggle for justice. Cambridge: Cambridge University Press.

DEKAS, I. 2007. Back to Godly creativity. *Fokus*, (3):15.

DELAVENAY, E. 1972. D.H. Lawrence: The man and his work. The formative years: 1885-1929. London: William Heinemann Ltd.

DENZIN, N.K. & LINCOLN, Y.S., eds. 1994. Handbook of qualitative research. London: Sage Publications.

DE WET, F.W. 2009. Die implikasies van ‘n pneumatologies-bepaalde teoretiese raamwerk vir navorsingsmetodologie in prakties-teologiese wetenskapsbeoefening. *In die Skriflig*, 43(2): 1-24.

DICKENS, W.T. 2003. Hans Urs Von Balthasar’s theological aesthetics. A model of post-critical biblical interpretation. Notre Dame: University of Notre Dame.

DIETRICH, D.R. & SHABAD, P.C. 1989. The problem of loss and mourning. Psychoanalytic perspectives. Madison: International Universities Press, Inc.

DIFFY, T.J. 1985. Tolstoy’s “What is art?” London: Croom Helm.

DILLENBERGER,J., ed. 1987. Paul Tillich. On art and architecture. New York: The Crossroad Publishing Co.

DINGEMANS, G.D.J. 1996. Manieren van doen. Inleiding tot de studie van de Praktische Theologie. Kampen: Uitgeverij Kok.

DORFF, F. 1988. The art of passingover. An invitation to living creatively. New York: Paulist Press.

DREYER,Y. 1999. ‘n Besinning oor meta-en basisteoretiese aannames. *Praktiese Teologie in S.A.*, 14(1):46-62.

DRUCE, R. 1992. This day our daily fictions. An enquiry into the multi-million bestseller status of Enid Blyton and Ian Fleming. Amsterdam-Atlanta: G.A. Rodopibu.

DU BOSE, L.B. 1965. The transcendent Vision: Christianity and the visual arts in the thought of John Calvin. Louisville: Faculty of Louisville Presbyterian Theological Seminary. (M.A. Dissertation).

DU TOIT, F.G. 1940. Eugène N. Marais. Sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde. Amsterdam: N.V. Swets & Zeitlinger, B.M.

DUNCAN, D. 1988. Pastoral care and ethical issues. A ministry to wholeness. Edinburgh: The Saint Andrew Press.

ECKMAN, D. 2008. Knowing the heart of the father. Four experiences with God that will change life. Eugene: Harvest House Publishers.

EDWARDS, L.C. 1997. The creative arts. A process approach for teachers and children. Englewood Cliffs: Prentice-Hall, Inc.

ELDREDGE, J. 2003. Deep restoration. *Christian Counseling Today*, 11(4): 50-52.

ELLIOT-WRIGHT, S. 2007. Overcoming emotional abuse. London: Sheldon Press.

ELLISON, C.W. & CHIN, J. 2007. The faith factor in the therapeutic relationship. *Christian Counseling Today*, 15(2): 16-18.

ELS, J. 2008. Ligdans. Depressie-vegters se verhale van hoop. Wellington: Lux Verdi.

ESTERBURG, K.G. 2002. Qualitative methods in social research. Boston: McGraw Hill.

EVANS, J. & BILLINGTON, A. 1994. Freedom from your past. Amarillo: Majestic Media.

EVOY, J.J. 1981. The rejected: psychological consequences of parental rejection. Pennsylvania: Pennsylvania State University Press.

FARR, C. 1990. A study of the guided imagery process: awareness and the discovery of personal meaning. *Canadian Journal of Counselling*, 24(1):45-52.

FELDMAN, P. & ORFORD, J.,eds. 1980. Psychological problems. The social context. New York: John Wiley & Sons.

FIRET, J. 1977. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Kampen: J.H. Kok.

FISHER, F. 1975. Commentary on 1 & 2 Corinthians. Waco: Word Books, Publisher.

FISCHER, J.E., MOHANTY, A., HERMINGTON, J.D., KOVEN, N.S., MILLER, G.A. & HELLER, W. 2004. Neuropsychological evidence for dimensional schizotypy: implications for creativity and psychopathology. *Journal of Research in personality*, 38 (1):24-31, Feb.

FITZPATRICK, E. 2001. Idols of the heart. Learning to long for God alone. Phillipsburg: R.R. Pub-lishing Co.

FLICK, U. 2002. Introduction to qualitative research. London: Sage Publications.

FLOOR, L. 1990. Skrif en die wetenskap: is die Skrif ‘n kenbron? Studiestuk nr. 22. Departement Wetenskapsleer. Potchefstroom: PU vir CHO.

FORRESTER, D.B. (ed). 1990. Theology and Practice. London: Epworth Press.

FOURIE, C. 1998. Bitterbessie Ingrid. *Rooi Rose*, 56(8):32-35.

FRESCO, M.F. 1988. Filosofie en kunst. Assen: Van Gorcum & Comp.

FRITZ, R. 1994. Creating. Oxford: Butterworth Heinemann Ltd.

GAEBELEIN, F.E. 1981. Towards a Biblical view of aesthetics. (*In* RYKEN, L. The Christian imagination. Essays on literature and the arts. Grand Rapids: Baker Book House. p.47-54.)

GANZ, R. 2002. Free indeed. Escaping bondage and brokeness for freedom in Christ. Wapwllopen: Shepherd Press.

GARDNER, H. 1993. Creating minds. New York: Basic Books.

GARDNER, T. 2005. Healing the wounded heart. Removing obstacles to intimacy with God. Shippensburg: Destiny Image Publishers.

GEDO, J.E. 1983. Portraits of the artist. Pscychoanalysis of creativity and its vicissitudes. New York: The Guilford Press.

GEDO, J.E. 1996. The artist and the emotional world. New York: Columbia University Press.

GEORGIOU, E. 2007. Inspired by the hands of God. J*oy*, 16(4):41-45.

GILBERT, S.D. 1975. What’s a father for? New York: Parent’s Magazine Press.

GLAZER, E. 2009. Rephrasing the madness and creativity debate: what is the nature of the creativity construct? *Personality and Individual Differences*, 46 (8):755-764, Jun.

GOENS, L.M. 1999. Praising God through lively arts. Nashville: Abington Press.

GOFF, K. & TORRANCE, E.P. 1991. Healing qualities of imagery and creativity. *Journal of Creative Behaviour*, 25(4):296-303.

GOTLIB, I.H. & HAMMEN, C.L. 1992. Psychological aspects of depression. Toward a cognitive inter-personal integration. Chichester: John Wiley & Sons.

GOUDZWAARD, B. 1977. Soewereiniteit in eigen kring. Instituut vir bevordering van Calvinisme. Studiestuk nr. 118. Potchefstroom: PU vir CHO.

GOULD, J.B. 2006. Spiritual healing of disrupted childhood. *The Journal of Pastoral Care & Counseling*, 60 (3): 263-271.

GRAHAM,B. 1996. Na hoêr hoogtes. Vereeniging: CUM.

GRAY, D.E. 2004. Doing research in the real world. London: Sage Publications.

GREENWALD, H. 1969. Poetry as communication in psychotherapy. (*In* Leedy, J.J., ed. Poetry therapy. The use of poetry in the treatment of emotional disorders. Philadelphia: J.B. Lippincott Co. p. 142-154.)

GREGOR, M. & NORRIS, T., EDS. 1994. The beauty of Christ. Introduction to the theology of Hans Urs Von Balthasar. Edinburgh: T.& T. Clark.

GUASTELLO, S.J., GUASTELLO, D.D. & HANSON, C.H. 2004. Creativity, mood disorders and emotional intelligence. *Journal of Behaviour*, 38(4):260-281.

GUNSBERG, L. 1982. Selected clinical review. (*In* CATH, S.H., GURWITT, A.R. & ROSS, J.M., eds. Boston: Little, Brown & Co. p. 65-85).

HAMILTON, J. 1983. Robert Lowell. A biography. New York: Vintage Books Edition.

HANDEL, G., ed. 1988. Child socialization. New York: Aldine de Gruyter.

HANDS, D.R. & FEHR, W.L. 1993. Spiritual wholeness for clergy. A new pychology of intimacy with God, self and others. New York: Alban Institute.

HANSON, L. 1955. Portrait of Vincent. London: Chatto & Windus.

HART, T.A. & GUTHRIE, S.R., eds. 2007. Faithful performance. Enacting Christian tradition. Hampshire: Ashgate Publishing Ltd.

HAYMAN, R. 1991. The death and life of Sylvia Plath. New York: Carol Publishing Group.

HAYWARD, C. 2007. The end of rejection. Your past is not your future. Ventura: Regal Books.

HEITINK, G. 1999. Practical Theology. Grand Rapids: Eerdmans.

HEITINK, G. 1999. Practical Theology. History theory action domains. Grand Rapids: Eerdmans.

HENINGER, O.E. 1978. Poetry therapy in private practice: an odyssey into the healing power of poetry. (*In* Lerner, A., ed. Poetry in the thearapeutic experience. New York: Pergamon Press. p. 56-62.)

HENN, M., WEINSTEIN, M. & FOARD, N. 2006. A short introduction to social research. London: Sage Publications.

HENRY, C.S., SAYER, D.W. & PLUNKETT, S.W. 1996. Adolescents' perceptions of family system characteristics, parent-adolescent dyadic behaviours, adolescent qualities and adolescent empathy. *Family Relations*, 45:253-292.

HEYNS, J.A. & JONKER, W.D. 1974. Op weg met die teologie. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste treë in die praktiese teologie. Pretoria: Gnosis.

HICKEY J.W. 1999. Writing through pain. *Journal of Pastoral Counseling*, 34: 101-117.

HOFFMAN, K. 1996. Concepts of identity. Historical and contemporary images and portraits of self and family. Boulder: Westview Press.

HOLM-HADULLA, R. 1996. The creative aspect of dynamic psychotherapy. *American Journal of Psychotherapy*, 50(3):360-369.

HOROVITZ-DARBY, E.G. 1994. Spiritual art therapy. An alternate path. Springfield: Charles C. Thomas Publisher.

HOWARD, T. 1981. On evil in art. (*In RYKEN*, L. The Christian imagination. Essays on literature and the arts. Grand Rapids: Baker Book House.

HUEY-HECK, L. & KALNIN, J. 2006. The spirituality of art. Kelowna: Northstone Publishing.

HUFFINGTON, A.S. 1988. Picasso. Creator and destroyer. London: Weidenfeld & Nicolson.

HUGHES, P.E. 1989. The true image. Origin and destiny of man in Christ. Grand Rapids: Eerdmans.

HUGHES, R. 2003. The portable Picasso. Introduction by Robert Hughes. New York: Universe Publishing.

HUGHES, T. 1981., ed. Sylvia Plath. Collected poems. London: Faber & Faber.

HUIZENGA, C.N. 1981. The arts. A bridge between the natural and spiritual realms. (*In* RYKEN, L. The Christian imagination. Essays on literature and the arts. Grand Rapids: Baker Book House. p. 69-78.)

INGRAM, A. 2005. Inexpressibly dreadful: depression, confession and language in eighteenth century Britian. (*In* Saunders, C. & McNaughton, J., eds. Madness and creativity in literature and culture. New York: Palgrave Macmillan. p.88-103.)

IRVINE, C. & DAWTRY, A. 2002. Art and worship. Minnesota: The Liturgical Press.

ISRAEL, M. 1984. Healing as sacrament. The Sanctification of the world. London: Darton, Longman & Todd.

JACOBS, M. 1988. Towards the fullness of Christ. Pastoral care and Christian maturity. London: Darton, Longman & Todd.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2004. Speel die Bybel nog ‘n rol in die Praktiese Teologie? *Acta Theologica Supplementum,* 6:49-66.

JONES, R.D. 2004. Bad memories. Getting past your past. Phillipsburg: P & R Publishing Company.

JONES, R.E. 1969. The double door. Poetry therapy for adolescents. (*In* Leedy, J.J. Poetry therapy. The use of poetry in the treatment of emotional disorders. Philadelphia: J.B. Lippincott Co. p. 223-230.)

JONKER, H. 1983. Theologische Praxis. Nijkerk: Callenbach.

JOUBERT, T. 2007. Die vreemde weë van Ingrid Jonker. *Wegbreek*, Junie: 72-76.

KAPLAN, F.F. 2000. Art, science and art therapy. Repainting the picture. London: Jessica Kingsley Publishers.

KAUFMAN, J.C. 1982. Father-daughter incest. (*In* Cath, S.H., Gurwitt, A.R. & Ross, J.M., eds. Boston: Little, Brown & Co. P.497-507.)

KAUFMAN, J.C. 2001. The Sylvia Plath effect: Mental illness & eminent creative writers. *Journal of Creative Behaviour*, 35(1):37-50.

KAUFMAN, J.C. 2005. The door that leads into madness: Eastern European poets and mental illness. *Creativity Research Journal*, 17(1):99-103.

KAUFMAN, J.C. & BAER, J., red. 2006. Creativity and reason in cognitive development. Cambridge: Cambridge University Press.

KAUFMAN, J.C. & STERNBERG, R.J. 2006. The International handbook of creativity. Cambridge: Cambridge University Press.

KAVALER-ADLER, S. 1993. The compulsion to create. A psychoanalytic study of woman artists. New York: Routledge.

KAVALER-ADLER, S. 1996. The creative mystique. From red shoes frenzy to love and creativity. New York: Routledge.

KAVALER-ADLER, S. 2003. Mourning, spirituality and psychic change. A new object relations view of Psychoanalysis. New York: Brunner-Routledge.

KELLY, K. 2004. Hermeneutics in action: empathy and interpretation in qualitative research. (I*n* Terreblanche, M. & Durrheim, K., eds. Research in practise. Applied methods for the social sciences. Cape Town: University of Cape Town Press. p. 398-420.)

KELSEY, M. 1986. Christianity as psychology. The healing power of a Christian message. Minneapolis: Augsburg Publishing House.

KILBY, C.S. 1981. Christian imagination. (*In* RYKEN, L. The Christian imagination. Essays on literature and the arts. Grand Rapids: Baker Book House. p.37-46.)

KLEIN, J. 1987. Our needs for others and its roots in infancy. London: Tavistock Publications.

KRAFT, E., KEARNEY, E. & WHITE, M.H. 1993. Deep wounds. Deep healing. Discovering the link between spiritual warfare and inner healing. Michigan: Servant Publication.

KRATHWOHL, D.R. 2004. Methods of education and social science research. An integrated approach. Philadelphia: J.B. Lippincott.

KUMAR, R. 2005. Research methology. A step-by-step guide for beginners. London: Sage Publications.

LANDRUM, G.N. 1996. Profiles of power and success. Fourteen geniuses who broke the rules. New York: Prometheus Books.

LAURONEN, E., VEIJOLA, J., ISOHANNE, I., JONES, P.B., NIEMINEN, P. & ISOHANNI, M. 2004. Links between creativity and mental disorders. *Psychiatry*, 67(1):81-98.

LEALRY, B. 1994. Theological aesthetics. (*in* Gregor, M. & Norris, T.,eds. The beauty of Christ. Introduction to the theology of Hans Urs Von Balthasar. Edinburgh: T. & T. Clark. p. 23-55.)

LEEDY, J.J., ed. 1969. Poetry therapy. The use of poetry in the treatment of emotional disorders. Philadelphia: J.B. Lippincott.

LEITCH, A.H. 1981. Reality in modern literature. (*In* RYKEN, L. The Christian imagination. Essays on literature and the arts. Grand Rapids: Baker Book House. p.193-196.)

LEMMER, J.C. 1991. Hipotese – genererende ondersoeke in Prakties-Teologiese navorsing. *Praktiese Teologie in S.A.*, 6(1):10-21.

LEONARD, L.S. 1989. Witness to the fire. Creativity and the veil of addiction. Boston: Shambhala Publications, Inc.

LERNER, A. ed. 1969. Poetry in the therapeutic experince. New York: Pergamon Press.

LEWIS, M. & HAVILAND-JONES, J.M., eds. 2000. Handbook of emotions. New York: The Guilford Press.

LINDENBERG, E. 1972. Versamelde gedigte van Eugène Marais. Pretoria: Academica.

LOUW, D.J. 2001. Creative hope and imagination in a practical theology of aesthetic (artistic) reason. *Religion & Theology*, 8/3-4:327-344.

LOUW, H. 1990. Wat het geword van Ingrid Jonker? *De Kat*, 6(1):105-107.

LOWELL, R. 1976. Selected poems. New York: Farrar, Straus & Giroux.

LUCADO, M. 2004. Dit gaan nie oor my nie. Vereeniging: CUM.

LUCAS, R. 1973. Frieda Lawrence. The story of Frieda von Richthofen and D.H. Lawrence. London: Secker & Warburg.

LYNN, D.B. 1974. The father. His role in child development. Pacific Grove: Brooks / Cole Publishing Co.

MAC DONALD, G. 1988. Rebuilding your broken world. Nashville: Thomas Nelson.

MACGREGOR-HASTIE, R. 1988. Picasso's women. Luton: Lennard Publishing.

MIHÁLIK, A. 2010. Gekierang deur die liefde. *Huisgenoot, 8 April: 80.*

MAISEL, E. 2002. The Van Gogh blues. The creative person's path through depression. London: Rodale Ltd.

MANSFIELD, K. 1971. The memories of Katherine Mansfield. London: Michael Joseph.

MARIANI, P. 1994. Lost puritan. A life of Robert Lowell. New York: W.W. Norton & Co.

MARKEY, J. 1993. A journey into the red eye. The poetry of Sylvia Plath – a critique. London: The Women's Press Ltd.

MARSAK, R. 1992. Sylvia Plath. Buchingham: Open University Press.

MARSHALL, C. & ROSSMAN, G. 1989. Designing qualitative research. London: Sage Publications.

MARTIN, J.A., JNR. 1990. Beauty and holiness. The dialogue between aesthetics and religion. Princeton: Princeton University Press.

MASON, J. 2005. Qualitative researching. London: Sage Publications.

MCGEE, R.S. 1998. The search for significance. Nashville: W. Publishing.

MCNIFF, S. 2004. Art heals. How Creativity cures the Soul. Boston: Shambhala.

METELERKAMP, P. 2003. Ingrid Jonker. Beeld van die digterslewe. Vermont: Hemel & See.

MEYER, E. 2006. Jou nuwe identiteit in Christus. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

MEYERS, J. 2002. Katherine Mansfield. A darker view with a new introduction. New York: First Cooper Square Press.

MIDDLEBROOK, D.W. 1991. Anne Sexton. A biography. Boston: Houghton Mifflin Co.

MONROE, P.G. & SCHWAB, G.M. 2009. God as healer: a closer look at Biblical images of inner healing with guiding questions for counselers. *Journal of Psychology & Christianity*, 28(2): 121-129.

MONTI, A. 2003. A natural theology of the arts. Imprint of the Spirit. Burlington: Ashgate Publishing Ltd.

MOORE, H.T. 1974. The priest of love. A life of D.H. Lawrence. Carbondale: Southern Illinois University Press.

MORTENSEN, P. 1997. Arts in the social order. The making of the modern conception of art. New York: State University of New York Press.

MORTON, R.E. 1988. Anne Sexton's poetry of redemption. The chronology of a pilgrimage. Leviston: The Edwin Mellen Press.

MURPHEE, J.T. 1976. When God says you're okay. Downers Grove: InterVarsity Press.

MUSSEN, P.H., CONGER, J.J., KAGAN, J. & HUSTON, A.C. 1990. Child development and personality. New York: Harper & Row Publishers.

MYBURGH, J.L. 1982. Die werk van die Heilige Gees by kunsskepping. ‘n Teologies-etiese studie. Pothchefstroom: Werkstuk vir T.BA.Teologie.

NAIDOO, P. 2004. A critical look at health. *SA Family Pract*, 46(7): 5-7.

NAIRNE, J.S. 2006. Psychology. Belmont: Thomas Wadsworth.

NAPPA, M. 2003. Growing up fatherless. Healing from the absence of dad. Grand Rapids: Fleming H. Revell.

NAVONNE, J. 1990. Seeking God in story. Minnesota: The Liturgical Press.

NETTLE, D. 2006. Schizotypy and mental health among poets, visual artists and mathematicians. *Journal of Research in Personality*, 40 (6):876-890, Des.

NEUMAN, W.L. 1997. Social research methods. Qualitative and quantitative approaches. London: Allyn & Bacon.

NORTJÉ, M. 2000. Geen anker. *De Kat*, 15(9):86-88.

OCHSE, R. 1990. Before the gates of excellence. The determinants of creative behaviour. Cambridge: Cambridge University Press.

OCHS, C. 1994. Song of the Self. Biblical spirituality and human holiness. Valley Forge: Trinity Press International.

OCHLSCHLAGER, G. & SCALISE, E. 2007. The 5 stages of competent Christian Counseling. *Christian Couseling Today*, 15(2): 19-24.

O'HANLON, B. 2006. Pathways to spirituality. Connection, wholeness and possibility for therapist and client. London: W.W. Norton & Company.

O'LEARY, Z. 2005. Researching real-world problems. A guide to methods of inquiry. London: Sage Publications.

ORNSTEIN, A. 2006. Artistic creativity and the healing process. *Psychoanalytic Inquiry*, 26(3):386-406.

PALMER, M., ed. 1990. Paul Tillich. Writings in the philosophy of culture. Vol.2. Belyn: Walter de Gruyter & Co.

PATTON, M.Q. 2002. Qualitative research and evaluation methods. London: Sage Publications.

PATTISON, G. 1988. Art, modernity and faith. Restoring the image. London: SCM Press Ltd.

PAUW, S. 1994. Post-moderne argitektuur en kuns. (*In* Venster op die kunste. Christelike perspektiewe. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. p. 145-160.)

PENNEBAKER, J.W.; ZECH, E. & RIMÉ, B. 2001. Disclosing and sharing emotion: psychological, social and health consequences. (*in* STROEBE, M.S.; HANSON, O.; STOEBE, W. & SCHUT, H., eds. Handbook of bereavement research. Consequences, coping and care. Washington: American Psychological Association. p. 517-543.)

PIETERSE, H.J.C. 1993. Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie. Pretoria: RGN-Uitgewers in Praktiese Teologie.

PIETERSE, H.J.C. 1994. Metateorie as wetenskapsbenadering in die Praktiese Teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 9(1):93-100.

PIETERSE, M.E. 2006. Die verband tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en verwerping deur hulle ouers in die kinderjare. ‘n Verkenning met die oog op Pastorale Bediening. P.U. vir C.H.O. (Verhandeling – M.A. graad in Pastoraal).

PIIRTO, J. 1992. Understanding those who create. Ohio: Ohio Psychology Press.

PITCH, J.J. 1981. Wellness. Your invitation to full life. Minneapolis: Winston Press, Inc.

POWLISON, D. 2003. Seeing with new eyes. Counseling and the human condition through the lens of Scripture. Phillipsburg: P & R Publishing Company.

PRETI, A. & MIOTTIO, P. 1999. Suicide among eminent artists. *Psychological Report*, 84:291-301.

PREUS, H.A. 1977. A Theology to live by. Missouri: Concordia.

PRINGLE, M.K. 1985. The needs of children. London: Hutchinson.

RAMIREZ-ESPARZA, N. & PENNEBAKER, J.W. 2006. Do good stories produce good health? Exploring words, language and culture. *Narrative Inquiry,* 6(1):211-219.

RICHARDSON, J. 1991. A life of Picasso. Vol I: 1881-1906. New York: Random House.

RICOEUR, P. 1995. Figuring the sacred. Religion, narrative and imagination. Minneapolis: Fortress Press.

ROCKEY,N. & ROCKEY, R. 1998. Belonging. Overcoming rejection and finding the freedom of acceptance. Oshawa: Pacific Press Publishing Association.

ROOKMAKER, H.R. 1985. Christianity and art. Wetenskap Bydraes van die PU vir CHO. Reeks F 1: IRS-studiestukke. Studiestuk Nr. 210. Potcefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. p.1-9.

ROPER, D.L. 1979. Our Christian task in the arts. Some preliminary considerations. Wetenskap bydraes vir PU vir CHO. Reeks F: IBC studiestukke Nr. 138. Potchefsroom: Instituut vir die bevor-dering van Calvinisme.

ROSE, G.J. 1987. Trauma and mastery in life and art. New Haven: Yale University Press.

ROTHENBERG, A. 1990. Creativity and madness. New findings and old stereotypes. Baltimore: The John Hopkins University Press.

ROUSSEAU, L. 1979. Die groot verlange. Die verhaal van Eugène N. Marais. Kaapstad: Human & Rousseau.

ROZENBERG, M.S. & ZLOTOWITZ, B.M. 1999. The Book of Psalms. Northvale: Jason Aronson, Inc.

RUBIN, J.A. 2010. Introduction to art therapy. Sources and resources. New York: Routledge.

RUDMAN, M. 1983. Robert Lowell. An introduction to the poetry. New York: Columbia University Press.

RUNCO, M.A. 1998. Suicide and creativity: the case of Sylvia Plath. *Death studies*, 22:637-654.

RUSS, S.W. 1993. Affect and Creativity. Hillsdale: Lawrence Erlbaum Associates, Publishers.

RYKEN, L., ed. 1981. (*In* Ryken, L. The Christian imagination. Essays on literature and the arts. Grand Rapids: Baker Book House. p. 55-67.)

SANDBLOM, P. 1982. Creativity and disease. How Illness affects literature, art and music. Philadelphia: George F. Stickley Co.

SANTOSA, C.M., STRONG, C.M., NOWAKOWSKI, C., WANG, Po W, RENNICKE, C.M. & KETTER, T.A. 2007. Enchanced creativity in biopolar disorder patients: a controlled study. *Journal of Affective Disorders*, 100 (1-3):31-39, Jun.

SAUL, L.J. 1979. The childhood emotional pattern and maturity. New York: Van Nostrand Reinhold Co.

SAUNDERS, C. & MCNAUGHTON, J., eds. 2005. Madness and creativity in literature and culture. New York: Palgrave MacMillan.

SAUNDERS, C. & MCNAUGHTON, J., eds. 2005. (*In* Saunders, C. & McNaughton, J. Introduction. New York: Palgrave MacMillan. P.1-15.)

SAVARD, L. 2005. Beyond shattered strongholds. Gainesville: Bridge-Logos.

SAWYER, R.K. 2006. Explaining creativity. The science of human innovation. Oxford: Oxford University Press.

SCHAEFFER, F.A. 1979. Art and the Bible. Two essays. Downers Grove: InterVarsity Press.

SCHAEFFER, F.A. 1981. Some perspectives on art. (*In* RYKEN, L. The Christian imagination. Essays on literature and the arts. Grand Rapids: Baker Book House. p.82-97.)

SCHILDKRAUT, J.J., HIRSHFELD, A.J. & MURPHY, J.M. 1994. Mind and mood in modern art, II: depressive disorders, spirituality and early death in the abstract expressionistic artists of the New York School. *The American Journal of Psychiatry*, 151:482-488.

SCHMIDT, W.S. 1989. A Biblical paradigm of selfhood. *The Journal of Pastoral Care*, 60(4):337-352.

SCHNEIDEMAN, E.S. 1996. The suicidal mind. New York: Oxford University Press.

SCHULMAN, S., ed. 1995. Human development. Vol. 7. Norwood: Ablex Publishing Corporations.

SCHULZE, L.F. 1981. Calvyn en die Skrifgesag. *In die Skriflig*, 14(56):27-37.

SCOTT, J. 1998. New International Biblical Commemtary. 2 Corinthians. Peabody: Hendrickson Publishers.

SEAMANDS, D.A. 1998. Emosionele pyn kan genees. Springs: V.G. Uitgewers.

SEAMANDS, D.A. 2002. Redeeming the past. Recovering from the memories that cause our pain. Colorado: Victor Books.

SEAMANDS, S. 2003. Wounds that heal. Bringing our hurts to the cross. Downers Grove: InterVarsity Press.

SEERVELD, C. 1963. A Christian critique of art. Christian perspectives. St. Catharines: The Association for Reformed Scientific Studies.

SEERVELD, C. 1964. A Christian critique of literature. Hamilton: The Association for Reformed Scientific Studies.

SEERVELD, C. 1980. Rainbows for the fallen world. Aesthetic life and artistic task. Ontario: Toronto Tuppence Press.

SEERVELD, C. 1994. Relating Christianity to the arts. (*In* Venster op die kunste. Christelike perspektiewe. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. p. 1-7.)

SEERVELD, C. 1995. A Christian critique of art and literature. Sloux Center: Dordt College Press.

SEERVELD, C. 2000. Bearing fresh olive leaves. Alternative steps in understanding art. Ontario: Toronto Tuppence Press.

SEIDMAN, I. 2006. Interviewing as qualitative research. A guide for researchers in education and the social sciences. New York: Teachers College Press.

SEXTON, A. 1966. Live or die. Boston: Houghton Mifflin Co.

SEXTON, A. 1974. The death notebooks. Boston: Houghton Mifflin Co.

SEXTON, L., ed. 1976. Anne Sexton. 45 Mercy Street. London: Secker & Warburg.

SHADDOCK, D. 2006. My terrible muse: cohesion and fragmentation in the creative self. *Psychoanalytic Inquiry*, 26(3):421-441.

SHAW, M.P. & RUNCO, M.A. 1994. Creativity and affect. Norwood: Ablex Publishing Corporation.

SHERRY, P. 2003. Images of redemption. Art, literature and salvation. London: T & T. Clark.

SILVERMAN, D. 1993. Interpreting qualitative data. Methods for analysing talk, text and interaction. London: Sage Publishings.

SILVERMAN, D. 2000. Doing qualitative research. A practical handbook. London: Sage Publications.

SMITH, S.M., WARD, T.B. & FINKE, R.A., red. 1995. The Creative cognition approach. Cambridge: The MIT Press.

SMITH, S.W. 2006. Embracing soul care. Making space for what matters most. Grand Rapids: Kregel Publications.

SPENDER, S., ed. 1973. D.H. Lawrence. Novelist, poet, prophet. London: Weidenfeld & Nicolson.

STANLEY, P. 2006. When scriptotherapy fails: The life and death of Sylvia Plath and Adelheid Duvanel. *Journal of Germanic Studies*, 42(4):395-411.

STEIN, E.V. 1977. Fathering. Fact / fable? Nashville: Abingdon.

STEINKRAUS, W.E. 1974. Philosophy and art. Beverley Hills: Benzinger Bruce & Glencoe, Inc.

STERN, D. 1977. The first relationship. Infant and mother. London: Open Books.

STERNBERG, R.J. 1999. Handbook of creativity. New York: Cambridge University Press.

STEVENSON, A. 1989. Bitter fame. A life of Sylvia Plath. Boston: Houghton Mifflin.

STEYN, J.D.J. 1973. Enkele gedagtes oor die kuns. K.V.V. studiestuk nr.11. Potchefstroom: Korps Veritas Vincet.

STILLION, J., MCDOWELL, E.E. & MAY, J.H. 1989. Suicide across the lifespan. Prenature exists. New York: Hemisphere Publishing Corporation.

STILLION, J., MCDOWELL, E.E. 1996. Suicide across the lifespan. New York: Taylor & Francis.

STOKER, H.G. 19cf. Die Calvinisme en die leer van die wetskringe (geen besonderhede van uitgewers – herbinde boek).

STORKEY, A. 1996. Marriage and its modern crisis. Repairing married life. London: Hodder & Stoughton.

STORR, A. 1993. The dynamics of creation. New York: Ballantine Books.

STRAUS, D.F.M. 1979. Die Skrif: Die lig vir alle wetenskappe. *Koers*, 44(1):38-49.

STROEBE, M.S.; HANSON, O.; STROEBE, W. & SCHUT, H. ,eds. Handbook of bereavement research. Consequences, coping and care. Washington: American Psychological Association.

STRONG, P. 2001. Die gebruik van filmterapie in Pastorale Berading. PU vir C.H.O. (Verhandeling – MA. Graad in Pastoraal.)

SWEDE, G. 1993. Creativity. A new psychology. Toronto: Wall & Emerson, Inc.

SYKES, S. 2005. Wonders in the deep: Cowper, melancholy and religion. (*In* Saunders, C. & McNaughton, J., eds. Madness and creativity in literature and culture. New York: Palgrave MacMillan. p. 104-120.)

TALERICO, C.L. 1986. The expressive arts and creativity as a form of thearapeutic experience in the field of mental health. *Journal of Creative Behaviour*, 20(4): 229-247.

TALJAARD, J.A.L. 1976. Polished lenses. Human Sciences Research Publication. Series no.60. Potchefstroom: Pro Rege Pers Beperk.

TAYLOR, S.J. & BOGDAN, R. 1994. Introduction to qualitative research methods. The search for meanings. New York: John Wiley & Sons.

TERRE-BLANCHE, M. & KELLY, K. 2004. Interpretive methods. (*In* Terreblanche, M. & Durrheim, K., eds. Research in Practise. Applied methods for the social sciences. Cape Town: Univerity of Cape Town Press. p. 123-146.)

TESSMAN, L.H. 1982. A note on the father's contribution to the daughter's ways of loving and working. (*In* Cath, S.H., Gurwitt, A.R. & Ross, J.M., eds. Father and child. Boston: Little, Brown & Co. pp. 219-241.)

THURMAN, C. 1999. The lies we believe. Nashville: Thomas Nelson Publishers.

TURNER, S. 2001. Imagine. A vision for Christians in the arts. Downers Grove: InterVarsity Press.

TWOMBLEY, K. 1998. Waar was God toe dit seergemaak het? Springs: V.G. Uitgewers.

TYSON, P. 1982. The role of the father in gender, urethral erotism and phallic narcissism. (*In* Cath, S.H., Gurwitt, A.R. & Ross, J.M. Father and child. Boston: Little, Brown & Co. p. 175-187.)

ULANOV, A. 1991. The healing imagination. The meeting of psyche and soul. New York: Paulist Press.

VAN DEN BERG, H.P. & DREYER, T.F.J. 1995. Die invloed van meta-teorieë op basisteorieë in die beoefening van die Praktiese Teologie. *Hervormde Teologiese Studies*, 51(1):207-223.

VAN DER STAP, T. 1991. Over het religieuse in de kunst. (*In VAN SPEYBROECK, D*. Kunst en religie. Sporen van reële aanwezigheid. Baarn: Ambo p.88-99.)

VAN DER VEN, J. 1994. Empirical methology in practical theology: why and how? *Praktiese Teologie in S.A.*, 9(1):29-44.

VAN DER WALT, P.D. 19cf. Die Calvinis en die kuns. Potchefstroom: Instituut vir die bevordering van Calvinisme.

VAN DER WALT, B.J. 1979. Die Woord van God: Lig vir alle wetenskap. *Koers*, 44(1):50-69.

VAN DER WALT, J.J. 1982. Die skeiding tussen Christelike wetenskap en nie-Christelike wetenskap. *In die Skriflig,* 61(6):46-51.

VAN SPEYBROECK, D., red. 1991. (*In* Kunst en religie. Sporen van reële aanwezigheid. Baarn: Ambo p. 7.)

VAN WYK, I.W.C. 1998. Die Woord van God by Luther. *Hervormde Teologiese Skrif*, 54(1 & 2):161-182.

VAN WYK, J. 2003. Sien jouself in Ingrid Jonker. *Insig*, Mei:58-59.

VAN WYK, N. 2007. Liefde seëvier oor waansin. *Konteks*, 18(3):8-9.

VENTER, C.J.H. 1993. Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. *In die Skriflig*, 27(2):247-260.

VON BALTHASAR, H.U. 1964. Word and revelation. Essays in theology 1. New York: Herder & Herder.

VOS, C. 1988. Op soek na die sin van die lewe. Kaapstad: Orion.

VOSLOO, W. & VAN RENSBURG, F.J. 1993. Die Bybel in praktyk. Vereeniging: CUM.

WALKER, A.M.; KOESTNER, R. & HUM, A. 1995. Personality correlates of depressive style in autobio-graphies of creative acheivers. *Journal of Creative Behaviour*, 29 (2):75-94.

WALLACE, D.B. & GRUBER, H.E. 1989. Creative people at work. Twelve cognitive case studies. New York: Oxford University Press.

WALTHER, I.F. & METZGER, R. 1993. Van Gogh. The complete paintings. Vol. 2. Hohenzollering: Benedikt Taschen.

WARD, T. 1999. Overcoming your emotional tigers. Leicester: InterVarsity Press.

WARREN, C.A.B. & KARNER, T.Y. 2010. Discovering qualitative methods, field research, interviews and analysis. New York: Oxford University Press.

WEINER, E. 1975. Art and human emotions. Springfield: Charles C. Thomas Publishers.

WEINER, R.P. 2000. Creativity and beyond, values and change. Albany: State University of New York.

WEISBERG, R.W. 2006. Creativity. Understanding innovation in problem solving, science, invention, and the arts. New York: John Wiley & Sons, Inc.

WEISMANN, D.L. 197? Visual Arts as human Experience. Englewood Cliffs: Prentice-Hall, Inc.

WELCH, E.T. 2004. Self-injury. When pain feels good. Phillipsburg: P & R Publishing Company.

WHITE, P. 2006. Wees lief vir my. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

WIELENGA, B. 1939. De Bijbel het licht voor de kunst. Kampen: J.H. Kok.

WILSON, J. 1981. One of the richest gifts. Edinburgh: The Handsel Press Ltd.

WILSON, W.P. 2003. There is power wonder-working power. The power of God in therapy. *Christian Counseling Today*, 11(4): 54-58.

WONG, J.B. 2002. Christian Wholism. Theological and clinical implications in the postmodern world. New York: University Press of America.

WRIGHT, H.N. & RENETZKY, L. 2007. Healing grace for hurting people. Ventura: Regal Books.

WUTHNOW, R. 2001. Creative spirituality. The way of the artist. Los Angeles: University of California.

YIN, R.K. 2003. Case study research. Design and methods. London: Sage Publications.

YIN, R.K. 2009. Case study research design and methods. London: Sage Publications.

## ADDENDUM

### ERVARINGSGESKIEDENIS VAN RESPONDENTE

Rekord-datum: 10/3/2010.

Kliënt: B  Ouderdom: 44

**KINDERJARE**

**1. Familie van herkoms**

1.1 Waar is jy gebore? Oos-Londen

1.2 Lewe jou ouers nog? JA / NEE

1.3 Het enige van jou ouers 'n spesifieke probleem? JA / NEE. Indien JA, wat?

Pa-antisosiale gedrag – later gedrink.

1.4 Was jy 'n beplande kind? JA / NEE / WEET NIE

1.5 Wou jou ouers eerder 'n kind van 'n ander geslag gehad het as vir jou? JA / NEE / WEET NIE

1.6 Was jy 'n onegte kind? JA / NEE / WEET NIE

1.7 Is jy 'n aangenome kind? JA / NEE / WEET NIE

1.8 Was / is jou ouers Christene? PA - JA / NEE  MA - JA / NEE

1.9 Hoe sou jy die verhouding tussen jou ouers beskryf?

Liefde-haat

(OH)

1.10.1 Watter tipe persoon is / was jou pa? PASSIEF / LIEFDEVOL / PROMINENT EN MANIPULEREND (OP)

1.10.2 Hoe sou jy jou verhouding met hom in die verlede beskryf? SLEG / SOMTYDS GOED / LIEFDEVOL EN NABY / NEUTRAAL / VERWYDERD

Indien negatief, spesifiseer. (OV)

1.10.3 Hoe sou jy jou verhouding in die hede met hom beskryf?

Beleefde Kontak.

1.11.1 Hoe sou jy jou ma beskryf? PASSIEF / LIEFDEVOL / PROMINENT EN MANIPULEREND (OP2)

1.11.2 Wat was jou verhouding met haar in die verlede? SLEG / SOMTYDS GOED / LIEFDEVOL EN NABY / NEUTRAAL / VERWYDERD (OV2)

Indien negatief, spesifiseer.

1.11.3 Beskryf jou huidige verhouding met haar.

Oppervlakkig (OV2)

OH

1.12 Hoe sou jy die algehele atmosfeer in jou ouerhuis beskryf?

GELUKKIG / ONGELUKKIG / ONTSPANNE / GESPANNE / SLEG / GOED

1.13 Hoe was die kommunikasie in jou ouerhuis?

Tussen ouers: Vurig, aggressief, onstabiel.

Met die kinders (in die algemeen):

Swak, uitbarstings, onstabiel

Met jou: Negatief, dominerend, hard.

(O.H)

1.14 Hoe is konflik in jou ouerhuis hanteer?

Tussen pa en ma: Geskree en aggressie.

Tussen broers en susters: Emosie vol, onvergewensgesind.

Aangaande jou: Onvergewensgesind, hard, afbrekend.

1.15 Watter soort lewensstyl het jy tuis ondervind? GEBALANSEERD / SOSIAAL / STIL / AFGESONDERD

1.16 Hoe is jy grootgemaak? DEMOKRATIES / PERMISSIEF / OUTOKRATIES EN RIGIED

1.17 Wat was jou familie se finansiële posisie toe jy 'n kind was? ARM / SOMTYDS GESUKKEL / MATIGE INKOMSTE / RYK

1.18.1 Het jy broers en susters? JA / NEE

Name en ouderdom: Suster - 43, Suster - 41, Broer - 39.

1.18.2 Is jy die 1ste / 2de / 3de kind? 1e

1.18.3 Hoe was jou verhouding met jou broer(s) en suster(s)?

Broer(s): Swak Sy soek toenadering, maar kry

Suster(s): Swak nie reaksie van hulle.

1.18.4 Is daar ('n) broer(s) / suster(s) met wie jy 'n slegte verhouding gehad het? JA / NEE

Indien JA, wat dink jy was die rede daarvoor?

Met al drie - minimale kommunikasie, alle pogings kom van my kant af - ons is nie geleer om met mekaar klaar te kom nie.

1.19 Het jy gelukkig grootgeword? JA / NEE

Indien NEE, waarom nie?

Eensaam, onvervuld, bang en afgekraak. } VHW-3

**2. Vroegste herinneringe**

2.1 Watter emosies ervaar jy wanneer jy dink aan die slegte dinge (indien enige) in jou kinderjare?

Hartseer. (VUW-3)

2.2 Het jy ooit in jou kinderjare gevoel dat jy waardeloos is? JA / NEE

Indien JA, verduidelik waarom.

As indiwidu (as mens) wel, maar d. talent het iets darem bygedra (VUW-3)

2.3 Toe jy 'n kind was, was jy bang om op ander staat te maak? JA / NEE

2.4 As kind, het jy gevoel dat jy niks kon doen om jou lewe te verander nie? JA / NEE

Indien JA, noem hoe dit jou laat voel het.

Magteloos, hopeloos, opstandig (kwaad.) (VUW-3.)

2.5 Is daar dinge in jou kinderjare wat jy sou wou verander? JA / NEE.

Indien JA – watter?

Dat my ouers moes aandag gee aan wie ek was, my intelligensie en kreatiwiteit erken

2.6 Watter ander (indien enige) negatiewe emosies het jy in jou kinderjare ondervind?

Verwarring, vrees, onsekerheid, ek's 'n fout, woede teenoor God. VUW-3

2.7 Laat die herinneringe uit jou kinderjare jou nikswerd voel? JA / NEE

Ek kon darem kosmaak – pa beïndruk

2.8 Het mense in jou kinderjare ooit vir jou vertel dat jy dom en waardeloos is? JA / NEE

Indien JA, noem wie dit gesê het en hoe dit jou laat voel het.

My pa, d. sendeling by sendingstasie, d. predikant – ellendig, kwaad, verwerp.

2.9.1 Het skoolkinders / ander mense jou name genoem? JA / NEE. Indien JA, wat?

Dikklip, Snorretjie, Vetgat.

2.9.2 Hoe het jy daaroor gevoel?

Verneder, verwerp

2.10 Dink aan jou foto's. Voel dit vir jou asof jy alleen en verstote was? JA / NEE

**3. Kinderjare ervarings**

Min mense kan sê dat hulle kinderjare altyd gelukkig was. Byna elkeen ondervind 'n gevoel / emosie wat onaangenaam was (een of ander tyd).

3.1 As kind, is jy geleer om stil te bly wanneer jy nie iets goeds omtrent ander kon sê nie? JA / NEE

3.2 As kind in jou ouerhuis, het jy altyd gevoel dat jy die vrede moet bewaar? JA / NEE

(OO) 3.3 As kind, het jy ooit ondersteuning gekry vir jou skoolprestasies? JA / NEE

3.4 Het jou ouers skoolaktiwiteite soos konserte, oueraande, ens. bygewoon? JA / NEE

3.5 Wie was die naaste aan jou toe jy klein was? My ma

3.6 Het jou ouers sportaktiwiteite bygewoon en jou daarin ondersteun? JA / NEE

3.7 Het jy gevoel dat jou broer(s) / suster(s) meer voorregte in die huis gehad het as jy? JA / NEE } OO.

Indien JA, motiveer jou antwoord.

My broer - hy is aangejaag na alles, ondersteun en aangemoedig mbt. al sy belangstellings

3.8 Het jy soene en drukkies van jou ouers ontvang? JA / NEE - gevoel pa s'n was onegl

3.9 As kind, het jy jouself ooit aan die slaap gehuil? JA / NEE } Vals-twv. Slyn

3.10 As kind, het jy ooit gevoel dat niemand jou liefhet nie? JA / NEE } VUW-1

3.11. As kind, het jy nikswerd en misbruik gevoel? JA / NEE } Ongeliefd.

(OO) { Soos 'n slaaf gewerk, geen dank ontvang, voor mense sleg behandel.

3.12 As tienerjarige, het jy lus gevoel om van die huis weg te loop? (JA) / NEE

Indien JA, waarom?

Ek was in 'n hoek vasgekeer met geen uitkoms

(VUW-1) 3.13 Op watter manier (indien enige) het jou ouers getoon dat hulle jou liefhet?

My ma sou klas gee, pa drukkies.

3.14 As kind, het jy somtyds gewonder waarom jy ooit gebore is? (JA) / NEE

3.15 Het jou ma ooit gesê: "As dit nie vir die kinders was nie"? JA / (NEE)

3.16 As kind, het jy onwelkom gevoel of het iemand dit vir jou gesê? (JA) / NEE (VUW-1)

3.17 As kind, het jou ouers jou gevoelens gerespekteer? JA / (NEE)

(00) 3.18 As kind, het jou ouers geluister na wat jy te sê gehad het / wou vertel?

Pa - JA / NEE soms Ma - (JA) / NEE

3.18.1 As kind, het jy gevoel dat jou opinie die moeite werd was om na te luister?

Pa - JA / (NEE) Ma - JA / (NEE)

3.18.2 Is jy as kind toegelaat om jou opinie teenoor jou ouers te lig?

Pa - JA / (NEE) Ma - JA / (NEE)

3.19 As kind, is waardering getoon vir enige talent/e wat jy gehad het?

Pa - JA / (NEE) Ma - JA / (NEE)

(VUW-1) 3.20 As kind, het jy gevoel dat jou ouers jou aanmoedig (indien hulle het) vir jou eie onthalwe? JA / (NEE)

3.21 As kind, is jy meestal GEPRYS / (GEKRITISEER) vir enige prestasies?

3.22 Het jy as kind ondervind dat jy onregverdig behandel word? (JA) / NEE

Indien JA, spesifiseer.

(00) Veral in vergelyking met my broer. Sy talente is "geboost".

Ek moes loop/fietsry - hy is aangery, "gepamper".

3.23 Het jy as kind ALTYD / SOMTYDS / DIKWELS / NOOIT gevoel dat jy gedruk / ingeforseer word in iets wat jy nie wou doen nie?

(OO)

3.24.1 Wanneer daar argumente tuis was, het jy gevoel dit was jou skuld? JA / NEE

3.24.2 Is daar nóg dinge waaroor jy as kind skuldig gevoel het?

My ouers se rusies, broer en susters se baklei met my, ek kon nie "nee" sê nie

3.25 Waarvoor was jy as kind bang?

Vrees 3 D. dood, toekoms, my pa, God, vir d. donker en mislukking.

**4. OPLEIDING**

**4.1 Skoolloopbaan**

4.1.1 Skryf neer jou akademiese vordering / prestasies.

Grd. 12. - met vrystelling

4.1.2 Hoe is / was jou verhouding met:

(VL)

Vriende: Oppervlakkig - in laerskool vriende met seuns, was 'n "drifter" met meisies - nie maklik maats gemaak.

Gesagsfigure (onderwysers, hoof): → Bang vir hulle, minder vir onderwysers - ek het hulle dikwels "geback-chat" vs vir my pa.

**4.2 Naskoolse opleiding (indien van toepassing)**

4.2.1 Noem die akademiese vordering / prestasies.

Nasionale Sekretariële Diploma - beste student v.d. jaar
Onderwys - 4jr. - HOD - junior primêr.

4.2.2 Wat is / was jou verhouding met:

Mede-studente: Goed. – leierskap het na bowe gekom

(VL) Dosente: Goed, behalwe met dié wat nie van my gehou het nie.

+ (VUW-7)

**4.3 Loopbaan / werk**

4.3.1 Ervaar jy werksbevrediging en –vervulling? JA / NEE

4.3.2 Hoe is / was jou verhouding met:

(VL) Mede-werkers: Goed.

Mense met gesag (werkgewers, toesighouers, ens.): Dit het afgehang v. hulle persoonlikheid, soms het ek "toegemaak".

**5. HUIDIGE DISPOSISIE**

5.1.1 Hoe voel jy oor jou huidige omstandighede?

Soms goed, soms bietjie pessimisties – tóg dankbaar

5.1.2 Hoe voel jy oor die lewe in die algemeen?

Ek kan nie onsekerheid hanteer nie agv. my ouerhuis (VUW-7)

5.1.3 Hoe voel jy oor jou ~~skool~~ / werksituasie?

Dis moeilik om ferm te wees, maar ek doen dit nou; té veel met d. huis-besigheid.

5.1.4 Hoe voel jy oor jou finansiële situasie?

Onseker en gestres – onstabiel.

5.1.5 Hoe voel jy oor die benutting van jou potensiaal?

Kan nog meer Kreatief werk en doen.

5.1.6 Presteer jy volgens jou vermoë? (JA) / NEE. Indien NEE, wat dink jy is die rede?

Nou ja, gladnie lewe

5.1.7 Het jy enige spesifieke probleme in jou geestelike lewe? JA / (NEE) Indien JA, noem watter.

5.1.8 Slaap jy goed? (JA) / NEE. Indien NEE, wat dink jy is die rede daarvoor?

5.1.9 Moet jy medikasie gebruik om snags te slaap? JA / (NEE)

5.1.10 Word jy soms soggens wakker en voel asof dit nie die moeite werd is om op te staan nie?

JA / NEE Soms. – wanneer stres erg is.

5.1.11 Het jy 'n gevoel van: "MY LEWE SAL NOOIT VERANDER NIE"? Soms. JA / NEE

5.1.12 Voel jy dat jou lewe buite beheer is? (JA) / NEE meer soms.

Vroeër – was almal JA. (VUW-3)

5.1.13 Voel jy dikwels gespanne, verward, teleurgesteld, ontmoedig? (JA) / NEE

(Indien dit net een / twee is, onderstreep watter een)

5.1.14 Voel jy soms mismoedig en oorweldig deur negatiewe gedagtes? (JA) / NEE

5.1.15 Merk met 'n kruisie watter (indien enige) op jou van toepassing is, soos jy huidiglik voel en omkring watter in die verlede op jou van toepassing was.

(VUW-3)

| | | |
|---|---|---|
| (PASSIE) ___ | BENODIG DWELMS ___ | SLAPELOOS ___ |
| (SELFMOORDAGTIG) ___ | BENODIG ALKOHOL ___ | (ONGELIEFD) ___ |
| (PESSIMISTIES) X | (OORREAGEER) X | (TERUGGETROKKE) ___ |
| BELANGELOOS ___ | (MISMOEDIG) ___ | (OOREET) ___ |
| VERLORE X | (HOPELOOS) ___ | (LEWENSMOEG) X |

5.1.16 Watter ander gevoelens (nie hierbo genoem) ondervind jy tans?

Frustrasie, onsekerheid (oor finansies)

5.1.17 Sou jy sekere dinge in jou huidige situasie wil verander? JA / NEE.

Indien JA, watter?

Wil 'n rustiger mens wees, minder perfeksionisties

5.1.18 Wat is huidiglik jou grootste begeerte?

Beter naaldwerk doen, my kinders 'n bietjie "magic" en verbeelding laat beleef.

5.1.19 Het jy nog onvervulde drome? JA / NEE. Indien JA, watter?

Ek wil 'n ontwerpkursus doen

5.1.20 Wat is huidiglik jou grootste frustrasie?

Finansiële beheer soms afwesig.

**6. VERHOUDINGS**

6.1.1 Hoe sou jy jou huidige verhouding met God beskryf? GOED / NEUTRAAL / SLEG / VERWYDERD (VERAF)

6.1.2 Hoe sou jy jou verhouding met Hom in die verlede beskryf?

Hy het ver gevoel, wreed en ontevrede wat straf en wag dat ek in "lyn" kom. Ek het tog na 'n God verlang.

6.2 Hoe is jou verhouding met die volgende mense:

Vriende Goed - probeer help met hulle kreatiwiteit.

Gemeenskap Ek is soms te reguit en ondiplomaties.

Jouself Goed.

6.3 Voel jy ALTYD / SOMTYDS / DIKWELS / NOOIT dat kerkmense onopreg is?

6.4 Is dit vir jou moeilik om te aanvaar dat ander mense in jou behoeftes kan voorsien? JA / NEE

6.5 Maak jy oogkontak met mense? JA / NEE

6.6 Vind jy dit moeilik om met mense te praat? JA / NEE

6.7 Vind jy dit moeilik om liefde te aanvaar? JA / NEE – nie deesdae, vroeër wel.

6.8 Waarmee sukkel jy nog huidiglik in jou menseverhoudings?

(VUW-1) Om grense te stel; om geduldig te wees.

6.9 Wat kniehalter jou nog huidiglik in jou menseverhoudings?

My uitgesprokenheid; ondiplomatiesheid

6.10 Voel jy dat mense na jou luister? JA / NEE Indien NEE, motiveer jou antwoord.

Ek luister soms nie (agv. swak kommunikasie in ouerhuis.)

6.11 Voel jy dat jou opinie tel / die moeite werd is? JA / NEE

6.12 Voel jy dat mense jou gevoelens respekteer? JA / NEE

**7. Fisiese Voorkoms**

7.1 Dink jy dat mense opreg is wanneer hulle jou komplimenteer? JA / NEE

7.2 Voel jy soms lelik en wonder hoe iemand jou kan liefhê? JA / NEE

**8. Persoonlike Evaluasie**

8.1 Voel jy emosioneel volwasse? JA / NEE

8.2.1 Wat voel jy oor jouself ( jou selfbeeld)? Onderstreep die woord wat nou op jou van toepassing is.

LAE / GOEIE SELFBEELD    VEILIG / ONVEILIG    HAAT MYSELF / HET MYSELF LIEF

(VUW-3)

(Vuw-3)

| | | |
|---|---|---|
| VEROORDEEL | VRY EN VERGEWE | WAARDELOOS / WAARDEVOL |
| ONGEORDEND | SELFWAARDEREND | SUKSESVOL / MISLUKKING |
| MINDERWAARDIG | SUPERIEUR | |

8.2.2 Indien dit nou positief is en in die verlede meesal negatief was, verduidlik die verandering.

Die negatiewe wat vir my gesê is, die manier waarop slegs ek behandel is wat my waardeloos, onwelkom laat voel het.
Verandering - God het my lief.

8.3 Was / is jy eensaam as:

KIND JA / NEE

TIENER JA / NEE

EN NOU JA / NEE - net as my man laat werk.

8.4 Het jy enige probleme as kind / volwassene met die volgende gehad? Sirkel die waarmee jy in die verlede 'n probleem gehad het. Maak 'n kruise langs die waarmee jy nog huidiglik 'n probleem het. (Vuw-3)

| | | | |
|---|---|---|---|
| WANHOOP | SLAPELOOS | FRUSTRASIE X | SLAPERIG |
| HUMEUR X | TWYFEL | VLOEK | STEEL |
| OOR-KRITIES X | ONGEDULD | OORSENSITIEF X | ANGS |
| WOEDE X | VOORGEE | INTROVERTIES | STRES |
| SELFSUGTIG | HALSTARRIG | ONTTREKKING | VREES |
| JALOESIE | BESITLIK | EGOÏSME | APATIES |
| DOMINERING | WANTROUIG | HARDKOPPIG | TWISGIERIG |
| VERWERPING | MORBIED | VERWARRING | PASSIEF |
| AFSYDIG | HOPELOOS | SENUWEEAGTIG | SKEPTIES |
| ONGELOOF | GERESERVEERD | ARMOEDE X | EENSAAM |
| SKULD | VERGEETAGTIG | HIPERAKTIEF | LUI |

(VUW-3).

| | | | |
|---|---|---|---|
| BESLUITELOOS | UITSTEL | GEWELDDADIG | TROTS |
| ONTEVREDE | REBELS | GELDGIERIG | SKINDER |
| MEDEDINGING | LUSTELOOS | GULSIG | FANTASEER |
| GEÏRRITEERD | SELFGESENTREED | MOEG | ONSENSITIEF |
| SKAAM | SELFMOORD | TRANERIG | DEPRESSIEF |
| FOUTVINDERIG | SELFVEROORDELING | BEKOMMERD X | PARMANTIG |
| WELLUS | LIEG | MOORDADIG | |

8.5 Is jy meer van 'n perfeksionis as wat jy behoort te wees? JA / NEE (VHAN-2)

8.6.1 Is / was jou familie trotse mense? JA / NEE

8.6.2 Is jy 'n trotse persoon? JA / NEE

8.7 Ondervind jy bitterheid, haat, wraak / onvergewensgesindheid teenoor sekere mense? JA / NEE

8.8.1 Verdedig jy jouself vinnig en heftig wanneer iemand jou kritiseer? JA / NEE (VHAN-2).

8.8.2 Is dit vir jou moeilik om skuld te aanvaar wanneer iets verkeerd gegaan het? JA / NEE

8.8.3 Voel jy lank sleg wanneer jy 'n fout gemaak het? JA / NEE

8.8.4 Vind jy dit moeilik om te sê jy is jammer wanneer jy fouteer het? JA / NEE

8.8.5 Watter dinge laat jou skuldig voel?

Wanneer ek soms beheer met my kinders verloor en wonder of ek hulle reg groot maak. (VUW-7)

8.9.1 Ondervind jy nagmerries? JA / NEE. Indien JA, waaroor droom jy?

Weet nie as ek wakker word nie

8.9.2 Dagdroom jy? JA / NEE. Indien JA, hoe dikwels?

Oor goed wat ek gaan maak – maar minder as in d. verlede.

8.9.3 Ly jy aan slapeloosheid? JA / NEE. Indien JA, hoe dikwels?

8.10.1 Hoe sou jy jouself in tenminste 3 woorde beskryf, bv. persoonlikheid, eienskappe, kwaliteite.

Liefdevol, dienend, betroubaar, opgewek, 'n vasbyter.

8.10.2 Het jy verander sedert jy 'n kind was? JA / NEE. Indien JA, hoe en waarom?

God verander my daagliks. Ek is nou medelydsaam, voel innerlik veiliger en klou nie meer vas aan onsekerh.

Beter besluitneming, mense buit my minder uit.

8.10.3 Is daar enige van jou persoonlikheidseienskappe wat jy verloor het? JA / NEE. Indien JA, watter en waarom?

My naïwiteit - wysh. geleer en ondervind; my behoefte aan (baie) sosiale verkeer; my afhanklikheid v/n "maat" waar met wie ek moet kreatief wees.

8.11.1 Laat jy jouself ooit toe om kwaad te word? JA / NEE

8.11.2 Voel jy dat ongekontroleerde woede 'n probleem in jou lewe is? JA / NEE. Soms. Is daar enige ander ongekontroleerde emosies wat jy voel 'n probleem in jou lewe is? JA / NEE. Indien JA, noem watter.

Vuw-3.) My geïrriteerde stemtoon as ek meer as 1x gepraat het. As iets my ontstel gaan ek 'n[illegible] "af".

8.11.3 Wanneer het jy vir die eerste keer as kind kwaadgeword?

Vir my pa op 5jr.

8.11.4 Kon jy vir iemand vertel jy is kwaad? JA / NEE

8.11.5 Kon jy / het jy aan hierdie woede uiting gegee? JA / NEE - 'is nie toegelaat, maar ek het later as tiener.

100

8.11.6 Watter dinge maak jou in volwassenheid kwaad?

As my kinders nie luister nie, aanhou mor, stres.

8.11.7 Is jy kwaad vir jou ouers? JA / NEE. Indien JA, waaroor?

Nie meer nie, net hartseer.

8.12.1 Voel jy: "Ek wil dinge doen soos ek voel." JA / NEE

8.12.2 Voel jy huidiglik dat jy gedurig gedwing word om dinge teen jou sin te doen?

ALTYD / SOMTYDS / DIKWELS / NOOIT

8.13.1 Vind jy dit MAKLIK / MOEILIK om jou gevoelens te wys / uit te druk?

8.13.2 Hou jy eerder jou gevoelens vir jouself? JA / NEE

8.13.3 Krop jy jou gevoelens binnekant op? JA / NEE Indien JA, hoe dikwels?

ALTYD / SOMTYDS / DIKWELS

8.13.4 Wanneer jy diep emosies met iemand bespreek, vind jy dit moeilik om oogkontak te maak?

JA / NEE

8.14.1 Waarvoor is jy in volwassenheid bang?

Finansiële ineenstorting

8.14.2 Waaroor voel jy in volwassenheid skuldig?

My oor-reaksies wat soms nog voorkom en waaraan ek en God moet werk.

8.14.3 Watter dinge laat jou geïrriteerd voel?

Harde klanke, ongekontroleerde bewegings, mense wat "slapgat" is, ongedissiplineerdheid, wanneer ek oor en oor moet vra/sê.

8.14.4 Watter dinge laat jou verneder voel?

Wanneer ek op my "swak" punte gewys word.

8.14.5 Watter dinge frustreer jou?

Chaos, onuitgesorteerde dinge.

8.15.1 Wat beskou jy as negatiewe dinge in jou lewe?

Ek mis 'n normale familie en grootouers vir my kinders.

8.15.2 Wat beskou jy as positiewe dinge in jou lewe?

My kinders se uitstaande uitlewing v. kreatiwiteit, hulle goeie lewensaanpassing, my liefdevolle man, d. genot v. eenvoudige dinge.

**9. Spiritualiteit**

9.1 Huidiglik:

9.1.1 Voel jy ALTYD / SOMTYDS / NOOIT / DIKWELS dat God ver voel?

9.1..2 Voel jy ALTYD / SOMTYDS / NOOIT / DIKWELS dat jou gebede vrugteloos is?

9.1.3 Voel jy onwaardig vir God se liefde? JA / NEE

9.1.4 Is dit vir jou moeilik om te glo dat God jou onvoorwaardelik liefhet? JA / NEE

9.1.5 Voel jy somtyds dat jy God se genade moet verdien? JA / NEE

9.1.6 Voel jy dat jy vir God onaanvaarbaar is? JA / NEE

9.1.7 Is dit vir jou moeilik om met God te praat wanneer jy 'n fout gemaak het? JA / NEE

9.1.8 Wonder jy soms of God jou sondes vergewe? JA / NEE

9.1.9 Voel jy dat God onbetroubaar is? JA / NEE

9.1.10 Dink jy dat God jou sal straf as jy misluk / fouteer? JA / NEE

9.2 Indien jy in die hede 'n positiewe beskouing van God het, maar in die verlede 'n negatiewe beskouing van Hom gehad het, verduidlik die verandering. Ek het ná God gedraai; God het my Pappa geword; ek vertrou Hom; ek weet ek is 'n God-geskapene met 'n goddelike taak.

## 10. TOEKOMS

10.1 Hoe voel jy met betrekking tot die toekoms? ONSEKER/ BEKOMMERD / BANG / POSITIEF

(Jy mag al vier omkring indien van toepassing)

10.2 Hoekom het jy hierdie gevoelens?

Die finansiële probleme veroorsaak bekommernis, maar God voorsien.

10.3 Wat is jou verwagtings van die toekoms?

Ek wil kinderstories skryf en illustreer, en publiseer, maar God sal lei.

**NOTAS**

**HOOFSTUK 2**

p. 38: Fig. 2 (http://en.wikipedia.org/wiki/The_Sacrament of_the_Last_Supper)

p. 38: Fig. 3 (http://www.1st-art-gallery.com/Rembrandt-Van-Rijn)

**HOOFSTUK 3**

p. 202: Fig. 6a-6b (Walther & Metzger, 1993:547)

p. 202: Fig. 6c-6d (Walther & Metzger, 1993:551)

p. 204: Fig. 7a-b (Walther & Metzger, 1993:669, 675)

p. 204: Fig. 8a (http://www.vangoghgallery.com/painting)

p. 205: Fig. 8c-8d (Walther & Metzger, 1993:693)

p. 208: Fig. 11a (Walther & Metzger, 1993:431)

p. 208: Fig. 11b (Walther & Metzger, 1993:525)

p. 216: Fig. 13a (Hughes, 2003:57)

p. 216: Fig. 13b (Hughes, 2003:47)

p. 216: Fig. 13c-13d (Hughes, 2003:53)

p. 217: Fig. 14 (http://www.abcgallery.com/P/picasso)

p. 218: Fig. 15 (http://www.abcgallery.com/P/picasso)

p. 219: Fig. 16a-16b (Hughes, 2003:74)

p. 220: Fig. 17a-17b (Hughes, 2003:218)

p. 221: Fig. 18 (http://www.abcgallery.com/P/picasso)

p. 222: Fig. 19a-19b (Hughes, 2003:264, 287)

p. 222: Fig. 20a-b (Hughes, 2003:258-259)

p. 223: Fig. 21a (Hughes, 2003:265)

p.223: Fig. 21b (Hughes, 2003:304)

p. 225: Fig. 22a (Hughes, 2003:99)

p. 225: Fig. 22b (Hughes, 2003: 411)